'n Eksposisie

van die

Sewe Kerkeeue

William Marrion Branham

All regte in hierdie boek voorbehou. Hierdie boek kan nie verkoop, herdruk, vertaal word in ander tale, of gebruik word vir die verkryging van fondse sonder die uitdruklike skriftelike toestemming van die uitgewer of die sekretaris van die William Branham Evangelistiese Vereniging nie.

'n Eksposisie van die Sewe Kerkeeue
(*An Exposition Of The Seven Church Ages*)

Broer William Marrion Branham het 'n reeks dienste gehou op 4–11 Desember 1960, om inspirasie te ontvang vir die Boodskap wat hy in hierdie boek geskryf het, en daarna het hy hierdie boek baie maal persoonlik geredigeer gedurende die vyf jaar voor dit versprei is op 4 Desember 1965.

Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk in 1997 deur:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.

’N EKSPOSISIE VAN DIE SEWE KERKEEUE

Synde ’n breedvoerig uiteengesitte studie van die Sewe Kerkeeue en die verskillende hoofleringe soos vervat in Openbaring, Hoofstukke Een tot Drie.

William Marrion Branham

WILLIAM MARRION BRANHAM


PAULUS
IRENAEUS
MARTIN
COLUMBA
LUTHER
WESLEY
ÉFESE 53–170
SMIRNA 170–312
PÉRGAM. 312–606
THIATHÍRE 606–1520
SARDIS 1520–1750
FIL. 1750–1906
LAODICÉA 1906–
7 KERKEEUE

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk *Bladsy*

INLEIDING

1. Die Openbaring van Jesus Christus 1

2. Die Patmos Visioen 31

3. Die Efésiese Kerkeeu 53

4. Die Smirniese Kerkeeu 95

5. Die Pérgameense Kerkeeu 141

6. Die Thiatíriese Kerkeeu 193

7. Die Sardiese Kerkeeu 221

8. Die Filadelfiese Kerkeeu 265

9. Die Laodicense Kerkeeu 295

10. ’n Samevatting van die Eeue 341

INLEIDING

Alhoewel hierdie boek gemoeid sal wees met verskeie van die belangrikste leringe (soos die Godheid, Waterdoop, ens.) soos aangetref in Openbaring, hoofstukke Een tot Drie, is die hooftema daarvan die uiteensetting van ’n gedetailleerde studie van die Sewe Kerkeeue. Dit is nodig ten einde die res van die Openbaring te bestudeer en te verstaan, want uit die Eeue kom die Seëls, en uit die Seëls kom die Basuine, en uit die Basuine kom die Skale. Soos die eerste uitbarsting van ’n Romeinse kers, het die Kerkeeue met ’n geweldige aanvanklike lig begin, waarsonder daar geen verdere lig kon wees nie. Maar sodra die verheldering van die Sewe Kerkeeue gegee is deur Goddelike openbaring, volg lig op lig, totdat die hele Openbaring wyd oopgaan voor ons verwonderde oë, en, opgebou en gesuiwer deur die Gees, word ons voorberei op Sy glorieryke verskyning, ons Heer en Saligmaker, Een Ware God, Jesus Christus.

Hierdie samestelling is in die eerste persoon geskryf, aangesien dit ’n boodskap uit my hart is aan die harte van die mensdom.

Besondere moeite is gedoen om alle name en titels, naamwoorde en voornaamwoorde, ens., wat op die Godheid betrekking het, met hoofletters te skrywe, en ook woorde soos Bybel, Skrif, en die Woord, aangesien ons van mening is dat dit net behoorlik is in verwysing na die majesteit en Persoon van God en Sy Heilige Woord.

Ek bid die seën van God op elke leser; en mag verligting deur die Gees van God elkeen se spesiale bedeling wees.

William Marrion Branham

HOOFSTUK EEN

DIE OPENBARING

VAN

JESUS DIE CHRISTUS

1. Die Openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan Sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van Sy engel aan Sy dienskneg Johannes te kenne gegee het,

2. wat getuig het van die Woord van God en die getuienis van Jesus Christus-alles wat hy gesien het.

3. Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.

4. Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom Wat Is, Wat Was en Wat Kom, en van die sewe Geeste Wat voor Sy troon is,

5. en van Jesus Christus, die Getroue Getuie, die Eersgeborene Uit Die Dode en die Owerste oor die Konings van die Aarde! Aan Hom Wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in Sy eie bloed

6. en ons gemaak het tot konings en priesters vir Sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.

7. Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!

8. Ek is die Alfa en die Oméga, die Begin en die Einde, sê die Here, Wat Is, Wat Was en Wat Kom, die Almagtige.

9. Ek, Johannes, julle broer en deelgenoot in die verdrukking en in die koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus, was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die Woord van God en om die getuienis van Jesus Christus.

10. Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my ’n groot stem gehoor, soos van ’n basuin,

11. wat sê: Ek is die Alfa en die Oméga, die Eerste en die Laaste, en skrywe Wat jy sien in ’n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía en Laodicéa.

12. Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars,

13. en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die Mens met ’n kleed aan wat tot die voete hang, en gegord om die bors met ’n goue gordel.

14. Sy hoof en hare was wit soos wol, soos sneeu, en Sy oë soos ’n vuurvlam,

15. en Sy voete soos blink koper wat gloei soos in ’n oond, en Sy stem soos die stem van baie waters.

16. En in Sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en ’n skerp tweesnydende swaard het uit Sy mond uitgegaan, en Sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag.

17. En toe ek Hom sien, val ek soos ’n dooie aan Sy voete; en Hy het Sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie: Ek is die Eerste en die Laaste,

18. en die Lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.

19. Skryf die dinge wat jy gesien het, die wat is sowel as die wat gaan gebeur;

20. die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in My regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes.

INLEIDING TOT HOOFSTUK EEN

Openb. 1:1-3. “Die Openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan Sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur en wat Hy deur die sending van Sy engel aan Sy dienskneg Johannes te kenne gegee het, wat getuig het van die Woord van God en van die getuienis van Jesus Christus—alles wat hy gesien het. Salig is hy wat die Woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.”

Die skrywer (nie die outeur nie) van hierdie boek is Johannes die heilige. Historici stem saam dat hy die laaste gedeelte van sy lewe in Éfese deurgebring het, alhoewel hy ten tye van die skrywe van dié boek op die eiland Patmos was. Dit is nie Johannes se lewensverhaal nie, maar dit is die Openbaring van Jesus Christus in die toekomstige kerkeeue. In vers drie word dit ’n profesie genoem, en dit is wat dit inderdaad is.

Dié boek word gewoonlik die Openbaring van Johannes die heilige genoem, maar dit is onjuis. Dit is die Openbaring van Jesus Christus gegee aan Johannes vir Christene van *alle* eeue. Dit is die enigste boek in die hele Bybel wat deur Jesus Self geskryf is, deur persoonlike verskyning aan ’n skrywer.

Dit is die laaste boek van die Bybel, nogtans spreek dit van die begin en die einde van die bedelings van die Evangelie.

Nou die Griekse woord vir openbaring is "apokalupsis", wat "onthulling" beteken. Dié onthulling word perfek weergegee in die voorbeeld van 'n beeldhouer wat sy beeldhouwerk onthul, en dit aan die toeskouer vertoon. Dit is 'n blootlegging, openbaarmaking van wat voorheen bedek was. Nou is die blootlegging nie slegs die openbaring van die Persoon van Christus nie, maar dit is DIE OPENBARING VAN SY TOEKOMSTIGE WERKE IN DIE KOMENDE SEWE KERKEEUE.

Die belangrikheid van openbaring deur die Gees aan 'n ware gelowige kan nooit oorbeklemtoon word nie. Openbaring is van groter betekenis vir u as wat u miskien besef. Ek praat nou nie van hierdie Boek Openbaring en uself nie. Ek praat van ALLE openbaring. Dit is geweldig belangrik vir die kerk. Onthou u in Matthéüs 16 waar Jesus die dissipels hierdie vraag gevra het: "Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die Mens, is? En hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elia, en ander Jeremia of een van die profete. Hy sê vir hulle; wie sê julle, is Ek? En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom; Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader Wat in die hemele is. En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek My gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie." Die Rooms-Katolieke sê dat die kerk op Petrus gebou is. Dit is nou werklik vleeslik. Hoe kon God die kerk op 'n man bou wat so onstabiel was dat hy die Here Jesus kon verloën en boonop gevloek het terwyl hy dit doen? God kan nie Sy kerk bou op enige mens wat in sonde gebore is nie. En dit was nie 'n rots wat daar gelê het asof God die grond op daardie plek geheilig het nie. En dit is nie soos die Protestante beweer dat die kerk op Jesus gebou is nie. Dit was op die OPENBARING. Lees dit soos dit geskrywe staan: "Vlees en bloed het dit nie GEOPENBAAR nie, MAAR MY VADER HET DIT GEOPENBAAR, en OP HIERDIE ROTS (OPENBARING) SAL EK MY KERK BOU." Die kerk is op Openbaring gebou, op die "So Spreek die Here".

Hoe het Abel geweet wat om te doen ten einde 'n behoorlike offer aan God te bring? Deur die geloof het hy die openbaring van die bloed ontvang. Kain het nie so 'n openbaring ontvang nie (hoewel hy 'n gebod ontvang het), dus kon hy nie die regte offer bring nie. Dit was 'n openbaring van God wat die verskil gemaak het en aan Abel die ewige lewe gegee het. Nou u kan aanvaar wat die pastoor sê, of wat in die kweekskool geleer word, en hoewel dit op met welsprekendheid aan u geleer mag word, sal u nooit die ewige

lewe verkry totdat God aan u openbaar dat Jesus die Christus is en dat dit die bloed is wat u reinig, en dat God u Saligmaker is nie. Dit is die Geestelike openbaring wat dit doen.

Nou ek het gesê dat die Boek Openbaring die openbaring van Jesus is en wat Hy in die kerke vir daardie sewe eeue doen. Dit is 'n openbaring omdat die dissipels self nie geweet het van hierdie opgetekende waarhede nie. Dit was nie voorheen aan hulle geopenbaar nie. Onthou u, in die boek Handelinge, dat hulle na Jesus gekom en Hom gevra het: "Gaan U in hierdie tyd die koninkryk van Israel weer oprig?" En Hy antwoord hulle: "Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet nie." Daardie manne het nog steeds gedink dat Jesus 'n aardse koninkryk sou hê. Maar dit was 'n geestelike koninkryk wat Hy sou oprig. Selfs Hy kon hulle nie van Sy plek daarin vertel nie, want die Vader het dit nie aan Hom geopenbaar nie. Maar nou na Sy dood en opstanding, en op hierdie spesifieke tydstip in Sy middelaars bediening, is Hy in staat om hier in hierdie openbaring van Homself aan Johannes, uiteen te sit wat Sy glorie en teenwoordigheid in die kerk sou beteken en verrig.

In hierdie openbaring vertel Hy ons wat die einde van die duiwel is. Hy vertel hoe Hy met die duiwel gaan afreken en hom in die poel van vuur gaan werp. Hy openbaar die einde van die goddeloses wat Satan volg. En Satan haat dit.

Het u al ooit opgemerk hoe Satan twee boeke in die Bybel meer as al die ander haat? Deur liberale teoloë en pseudowetenskaplikes val hy altyd die Boek Génesis en die Boek Openbaring aan. In beide dié boeke vind ons Satan se oorsprong, sy afskuwelike weë en sy vernietiging. Dit is waarom hy hulle aanval. Hy haat dit om ontmasker te word, en in daardie boeke word hy ontbloot presies vir wie hy is. Jesus het aangaande Satan gesê: "Hy het geen deel aan My nie en Ek het geen deel aan hom nie." Die duiwel sou graag wou bewys dat dit anders is; maar hy kan nie, daarom doen hy alles in sy vermoë om vertroue in die Woord te vernietig. Maar as die kerk Satan nie glo nie en die Gees se openbaring van die Woord glo, kan die poorte van die hel nie oor haar heers nie.

Laat my net hier iets vertel uit my eie bediening, as u nie omgee nie. U weet almal dat hierdie gawe in my lewe bonatuurlik is. Dit is 'n gawe waardeur die Heilige Gees in staat is om siektes, die gedagtes in die harte van mense, en ander verborge dinge te onderskei wat God alleen kon weet en dan aan my openbaar. Ek wens u kon by my staan en die gesigte van mense sien wanneer Satan weet dat hy ontmasker gaan word. Dit is nou nie die mense van wie ek praat nie. Dit is dat Satan deur die sonde, onverskilligheid en siekte 'n houvas op hulle lewens gekry het. Maar julle behoort hul gesigte te sien. Satan weet dat hy ontmasker gaan word en die eienaardigste veranderinge kom oor die mense se gesigte.

Satan is bang. Hy weet dat die Gees van God op die punt is om sy werke aan die mense bekend te maak. Daarom haat hy hierdie byeenkomste so. Wanneer name uitgeroep en siektes aan die lig gebring word, haat Satan dit. Wat is dit? Dit is nie gedagtelesery nie, ook nie telepatie of towery nie. Dit is ’n OPENBARING deur die Heilige Gees. Dit is die enigste manier waarop ek dit kan weet. Natuurlik sal die vleeslike verstand dit alles behalwe die Heilige Gees noem.

Laat my u nog ’n rede toon waarom Satan hierdie Boek van Openbaring van Jesus Christus in die kerk haat. Hy weet dat Jesus Christus gister, vandag en vir altyd is, en Hy nie verander nie. Hy weet dit heelwat beter as negentig persent van die teoloë. Hy weet dat aangesien God onveranderlik van aard is, Sy weë net so onveranderlik is. Dus weet Satan sekerlik dat die oorspronklike kerk by Pinkster met die krag van God (Markus Sestien in aksie) die Ware Kerk is wat Jesus as Sy eie verklaar. Die res is vals. Dit moet wees.

Onthou nou. Christus in die Ware Kerk is ’n voortsetting van die Boek Handelinge. Maar die Boek Openbaring toon hoedat die gees van die antichris die kerk sou binnedring en dit besoedel, dit lou, formeel en magteloos maak. Dit ontmasker Satan, openbaar sy werke (die gepoogde vernietiging van die volk van God en die diskreditering van God se Woord) tot op die tydstip dat hy in die poel van vuur gewerp word. Hy beveg dit. Hy kan dit nie verduur nie. Hy weet dat, indien die mense die WARE OPENBARING van die WARE KERK ontvang, en wat sy is, waarvoor sy staan en dat SY DIE GROTER WERKE KAN DOEN, sy ’n onoorwinlike leër sal wees. Indien hulle ’n ware openbaring kry van die twee geeste binne die raamwerk van die Christelike kerk, en deur die Gees van God die gees van die antichris kan onderskei en weerstaan, sal Satan magteloos voor haar staan. Hy sal net so beslis gedwarsboom word vandag as toe Christus al sy pogings om in die woestyn die oorhand oor Hom te kry, weerstaan het. Ja, Satan haat openbaring. Maar ons het dit lief. Met die ware openbaring in ons lewe kan die poorte van die hel nie oor ons heers nie, maar ons sal oor hulle heers.

U sal onthou dat ek aan die begin van hierdie boodskap gesê het dat hierdie Boek wat ons bestudeer in werklikheid die openbaring van Jesus Self in die kerk is, asook Sy werk in die toekomstige eeue. Toe het ek gemeld dat dit die Heilige Gees neem om ons ’n openbaring te gee anders sal ons faal om dit te kry. Bring ons die twee gedagtes bymekaar, sal u sien dat dit meer as net gewone studie en dinkwerk vereis om hierdie Boek ’n werklikheid te maak. Die werking van die Heilige Gees gaan nodig wees. Dit beteken dat hierdie Boek aan niemand behalwe ’n spesiale groep mense geopenbaar kan word nie. Dit sal een met profetiese insig verg. Dit sal die vermoë om van

God te hoor, vereis. Dit sal bonatuurlike instruksie verg, nie net die vergelyking van vers met vers deur ’n student nie, hoewel dit goed is. Maar ’n geheimenis vereis die onderrig van die Gees, anders word dit nooit duidelik nie. Hoe nodig is dit tog nie vir ons om van God te hoor en onsself oop te stel en oor te gee aan die Gees, ten einde te hoor en te weet nie.

Soos ek reeds gesê het, is hierdie Boek (Openbaring) die vervolmaking van die Skrif. Dit is presies reg geplaas in die kanon van die Skrif; aan die einde. Nou kan u weet waarom dit sê dat elkeen wat dit lees of selfs hoor, salig is. Dit is die openbaring van God wat u mag oor die duiwel sal gee. En u kan sien waarom diegene wat daartoe sou byvoeg of daarvan sou wegneem, vervloek sou wees. Dit sou so moet wees want wie kan byvoeg of wegneem van die volmaakte openbaring van God en die vyand oorwin? Dis so eenvoudig. Daar is niks met so ’n standhoudende krag as die openbaring van die Woord nie. Kyk, in vers drie is daar ’n saligspreking oor diegene wat spesiale aandag aan hierdie Boek skenk. Ek dink dit verwys na die Ou-Testamentiese gebruik van die priesters wat soggens die Woord aan die gemeente voorgelees het. U sien, baie kon nie lees nie, dus moes die priester aan hulle voorlees. Solank dit die Woord was, was die seën daar. Dit het nie saak gemaak of dit gelees of gehoor was nie.

“Die tyd is naby.” Die tyd was voorheen nie naby nie. In die wysheid en ekonomie van God kon dié magtige openbaring van God (hoewel volkome aan God bekend) nie tot nou toe tevoorskyn kom nie. Hier leer ons onmiddelik ’n beginsel - *die openbaring van God vir elke eeu kan slegs in daardie eeu en op ’n bepaalde tydstip geskied.* Kyk na die geskiedenis van Israel. God se openbaring aan Moses het slegs in ’n bepaalde tydvak in die geskiedenis geskied, en selfs meer bepaald het dit plaasgevind toe die mense tot God geroep het. Jesus Self het in die volheid van die tyd gekom, Hy wat die volle Openbaring van die Godheid is. En in hierdie eeu (Laodicéa) sal die openbaring van God te geleëner tyd kom. Dit sal nie te vroeg of te laat wees nie. Dink hieroor na en slaan deeglik ag daarop, want ons is vandag in die endtyd.

DIE BEGROETING

Openb. 1:4-6. “Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom Wat Is en Wat Was en Wat Kom, en van die sewe Geeste wat voor Sy troon is, en van Jesus Christus, Die Getroue Getuie, die Eersgeborene uit die Dode en die Owerste oor die Konings van die Aarde! Aan Hom Wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in Sy eie bloed, en ons gemaak het konings en priesters vir Sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.”

Die woord Asië, is eintlik Klein-Asië. Dit is 'n klein stukkie land ongeveer die grootte van Indiana. Die sewe gemeentes daar was spesiaal uitgesoek uit al die ander gemeentes weens hul eienskappe, welke eienskappe gevind sou word in die opeenvolgende eeue, eeue later.

Die sewe Geeste voor die troon is die Gees Wat in elk van die sewe boodskappers was, en aan elke boodskapper sy bediening in die eeu waarin hy geleef, gegee het.

Nou al hierdie uitdrukkings: 'Hy Wat Is,' en 'Hy Wat Was,' en 'Hy Wat Kom,' en 'Getroue Getuie,' en 'Eersgeborene Uit die Dode,' en 'Owerste oor die Konings van die Aarde,' en 'Die Alfa en Oméga,' en 'Die Almagtige,' is titels en beskrywings van EEN EN DIESELFDE PERSOON, Wat die Here Jesus Christus is, Wat ons gereinig het van ons sonde in Sy eie bloed.

Die Gees van God in Johannes spreek aldus ten einde die Allerhoogste Godheid van Jesus Christus uiteen te sit en om die Godheid as EEN God te openbaar. Vandag is daar 'n groot dwaling. Dit is dat daar drie Gode is in plaas van een. Hierdie openbaring soos aan Johannes deur Jesus Self gegee, korrigeer daardie fout. Dit is nie dat daar drie Gode is nie, maar een God met drie hoedanighede. Daar is EEN God met drie titels, Vader, Seun, en Heilige Gees. Hierdie magtige openbaring is wat die vroeë kerk gehad het, en dit moet in hierdie laaste dae herstel word tesame met die korrekte formule van waterdoop.

Nou sal moderne teoloë nie met my saamstem nie, want hier volg wat in 'n belangrike Christelike tydskrif geskrywe staan. "Daardie leerstelling (betreffende die Drie-eenheid) lê inderdaad aan die hart en kern van die Ou Testament. In dieselfde mate lê dit aan die hart en kern van die Nuwe Testament. Die Nuwe Testament is net soveel as die Ou Testament gekant teen die gedagte dat daar meer as een God is. Nogtans leer die Nuwe Testament net so duidelik dat die Vader God is, en die Seun God is, en die Heilige Gees God is, en dat dié drie NIE drie aspekte van dieselfde Persoon is nie, maar drie persone wat in 'n werklike persoonlike verhouding tot mekaar staan. Daar het ons die groot leerstelling van die Drie Persone maar een God."

Hulle sê ook: "Volgens die Bybel is God nie net een persoon nie, maar Hy is drie persone in een God. Dit is die groot geheimenis van die Drie-eenheid."

Dit is werklik. Hoe kan drie persone in een God wees? Nie alleen is daar geen Bybel daarvoor nie, maar dit toon selfs 'n gebrek aan intelligente redenasievermoë. Drie onderskeie persone, hoewel identies in wese, maak drie gode, anders het taal alle betekenis verloor.

Luister net weer na hierdie woorde: "Ek is die Alfa en die Oméga, die Begin en die Einde, sê die Here Wat Is, en Wat Was, en Wat Kom, die Almagtige." Hierdie is Godheid. Dit is nie net 'n profeet, 'n man nie. Dit is God. En dit is nie 'n openbaring van drie Gode nie, maar van EEN God, die Almagtige.

Hulle het nie in drie Gode geglo by die ontstaan van die kerk nie. U kan nie daardie soort geloof onder die apostels vind nie. Hierdie teorie het ná die apostoliese tydperk ontstaan en het werklik 'n twispunt en kardinale leerstelling geword by die Niceense Raad. Die leerstelling van die Godheid het 'n tweeledige skeuring by Nicea veroorsaak. En uit daardie skeuring het twee uiterstes na vore gekom. Een het inderdaad oorgegaan in politeïsme, geloof in drie Gode, en die ander in unitarisme. Dit het natuurlik nie onmiddelik gebeur nie, maar dit het, en ons het dit vandag nog. Maar die Openbaring van die Gees deur Johannes aan die kerke was: "Ek is die Here Jesus Christus, en Ek is ALLES. Daar is geen ander God nie." En Hy het Sy seël op hierdie Openbaring geplaas.

Oorweeg die volgende: Wie was die Vader van Jesus? In Matt. 1:18 staan daar: "Sy is swanger bevind uit die Heilige Gees." Maar Jesus self het aanspraak gemaak dat God Sy Vader was. God die Vader en God die Heilige Gees, soos ons dikwels dié terme uitdruk, maak die Vader en die Gees EEN. Hulle is inderdaad of anders het Jesus twee Vaders gehad. Maar let daarop dat Jesus gesê het dat Hy en Sy Vader Een was—*nie* twee nie. Dit maak EEN God.

Aangesien dit geskiedkundig en volgens die Skrif waar is, wonder mense waar die drie vandaan kom. Dit het 'n fundamentele leerstelling geword by die Niceense Raad in 325 nC. Hierdie drie-eenheid ('n totaal onskriftuurlike woord) was gebaseer op die talle gode van Rome. Die Romeine het baie gode gehad tot wie hulle gebid het. Hulle het ook tot hul voorvaders as middelaars gebid. Dit was slegs 'n verdere stap om name aan ou gode te gee, dus het ons heiliges om dit meer Bybels te maak. So het ons, in plaas van Jupiter, Venesië, Mars, ens., Paulus, Petrus, Fatima, Christophorus, ens., ens. Hulle kon nie hul heidense godsdiens laat uitwerk met net een God nie, toe deel hulle Hom in drie, en hulle het middelaars van die heiliges gemaak net soos hulle middelaars van hul voorouers gemaak het.

Sedertdien het mense nie besef dat daar slegs een God met drie hoedanighede of manifestasies is nie. Hulle weet daar is een God volgens die Skrif, maar hulle probeer om die fantastiese teorie te maak dat God soos 'n tros druiwe is; drie persone met dieselfde Godheid, gelykop onder almal verdeel. Maar dit word hier in Openbaring duidelik gestel dat Jesus "Dit Wat Is", "Dit Wat Was", en "Dit Wat Kom," is. Hy is die Alfa en Oméga, wat beteken Hy is die "A tot Z" of die ALLES

DAARVAN. Hy is alles-die Almagtige. Hy is die Roos van Saron, die Lelie van die Dale, die Blink Môrester, die Regverdige Spruit, die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Hy is God, Almagtige God. EEN GOD.

1 Tim. 3:16 sê: "En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die Heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in Heerlikheid." Dit is wat die Bybel sê. Dit sê niks omtrent 'n eerste of tweede of derde persoon hier nie. Dit sê God is geopenbaar in die vlees. Een God. Daardie EEN GOD is in die vlees geopenbaar. Dit behoort dit af te handel. God het in menslike vorm gekom. Dit het nie van Hom 'n ANDER GOD gemaak nie. HY WAS GOD, DIESELFDE GOD. Dit was toe 'n openbaring, en dit is nou ook 'n openbaring. Een God.

Kom ons gaan terug in die Bybel en kyk wat Hy in die begin was volgens die openbaring wat Hy van Homself gegee het. Die groot Jehova het in 'n vuurkolom aan Israel verskyn. As die Verbondsengel het Hy in daardie vuurkolom gewoon en Israel daagliks gelei. By die tempel het Hy Sy koms met 'n groot wolk aangekondig. Toe is Hy eendag in 'n maagdelik gebore liggaam wat vir Hom voorberei was, gemanifesteer. Die God wat bokant die tente van Israel soos in 'n tabernakel vertoef het, het nou self 'n tent van vlees aangeneem as Sy tabernakel om as mens onder die mense te woon. Maar Hy was DIESELFDE GOD.

Die Bybel leer dat GOD IN CHRISTUS WAS. Die LIGGAAM was Jesus. In Hom het al die volheid van die Godheid gewoon, LIGGAAMLIK. Niks kan duideliker as dit wees nie. Verborgenheid, ja. Maar werklike waarheid—duideliker kan dit nie wees nie. As Hy dus nie toé drie persone was nie, kan Hy nie nou drie wees nie. EEN GOD: En hierdie selfde God het vlees geword.

Jesus het gesê: "Ek het van God uitgegaan en ek gaan (terug) na God." Joh. 16:27-28. Dit is presies wat gebeur het. Hy het van die aarde verdwyn deur Sy dood, begrafnis, opstanding en hemelvaart. Toe het Paulus Hom ontmoet op die weg na Damaskus en Hy het met Paulus gespreek en gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" Paulus het gesê: "Wie is U Here?" Hy het gesê: "Ek is Jesus." Hy was in 'n vuurkolom, 'n verblindende lig. Hy het teruggekeer, presies soos Hy gesê het Hy sou. Terug na dieselfde vorm wat Hy was voordat Hy 'n tabernakel van vlees aangeneem het. Dit is presies soos Johannes dit gesien het. Joh. 1:18. "Niemand het ooit God gesien nie: die eniggebore Seun Wat in die boesem van die Vader *is*, Dié het Hom verklaar." Let op waar Johannes sê waar Jesus IS. Hy is IN die boesem van die Vader.

Lukas 2:11 sê: "Dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker, Wat Christus die Here is." Hy was gebore die Christus en agt dae later toe Hy besny is, is Hy Jesus genoem, net soos die engel hulle vertel het. Ek is 'n Branham gebore. Toe ek gebore is, het hulle my die *naam* William gegee. Hy was CHRISTUS, maar aan Hom is 'n naam hier onder die mense gegee. Daardie uiterlike tabernakel wat die mense kon sien, is Jesus genoem. Hy was die Here van Heerlikheid, die Almagtige, wat in die vlees verskyn het. Hy is God die Vader, Seun, en Heilige Gees. Hy is dit alles.

Vader, Seun, Heilige Gees, is net titels. Hulle is nie name nie. Dit is waarom ons in die Naam van die Here Jesus Christus doop, want dit is 'n naam, nie 'n titel nie. Dit is die naam van daardie titels, net soos u 'n pasgebore babaseun neem en hom 'n naam gee. Baba is wat dit is, seun is die titel, dan gee u hom 'n naam, John Henry Brown. U doop nie net in die 'Naam van Jesus' nie. Daar is duisende Jesusse op aarde en so was daar selfs voor Jesus, ons Saligmaker. Maar net Een van hulle is die Christus gebore, die "Here Jesus Christus".

Die mense praat van Jesus as die Ewige Seun van God. Is dit nou nie 'n weerspreking nie? Wie het al ooit daarvan gehoor dat 'n "*Seun*" ewig is? Seuns het 'n begin, maar dit wat ewig is, het nooit 'n begin gehad nie. Hy is die Ewige God (Jehova) wat in die vlees geopenbaar is.

In die Evangelie van Johannes sê dit: "In die Begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon." Hy was die Ware en Getroue Getuie van die Vader se ewige Woord. Hy was 'n Profeet en kon spreek wat die Vader Hom beveel het om te sê. Hy het gesê: "My Vader is in My". Dit is wat Jesus, die tabernakel, gesê het: "My Vader is in My".

God het baie titels: 'Ons Geregtigheid', en 'Ons Vrede', en 'Alomteenwoordige', en 'Vader' en 'Seun' en 'Heilige Gees'; maar Hy het slegs een mensenaam en daardie naam is Jesus.

Moenie verwar word omdat Hy drie hoedanighede het of omdat Hy 'n drievoudige manifestasie het nie. Op aarde was Hy 'n Profeet; in die hemel is Hy die Priester; en, wanneer Hy terugkeer na die aarde, is Hy die Koning van die Konings. "Hy Wat Was"—Dit is Jesus, die Profeet. "Hy Wat Is"—Dit is Hy, die Hoëpriester, wat as middelaar optree—Een Wat medelye met ons swakhede kan hê. "Wat Kom"—Dit is die Koning Wat kom. Op aarde was Hy die Woord—die Profeet. Moses het van Hom gesê: "Die Here jou God sal 'n Profeet verwek net soos ek is en die siel wat nie luister na die woorde van daardie Profeet nie, sal uit die volk uitgeroei word."

Let op hierdie feite omtrent Jesus. Op aarde was Hy Profeet, Lam, en Seun. Dit het nie van Hom drie gemaak nie. Dit was slegs manifestasies of hoedanighede van die Een Persoon, Jesus.

Nou daar is een groot gunsteling Skrifgedeelte van die trinitariërs wat na hulle mening hul punt bewys dat die Godheid uit meer as een werklike Persoon bestaan. Dit is Openb. 5:6-8: "En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde. Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom Wat op die troon sit; en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is." Dit kom inderdaad voor of hierdie verse, op hul eie beskou, hulle punt bewys. U let op, ek het gesê hierdie verse OP HULLE EIE BESKOU. Maar lees Openb. 4:2-3 en 9-11: "En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en EEN sit op die troon. En Hy Wat daarop sit, het in Sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was 'n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag. En elke keer as die lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee aan Hom Wat op die troon sit, Wat tot in alle ewigheid lewe, val al vier-en-twintig ouderlinge neer voor Hom Wat op die troon sit, en aanbid Hom Wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê: U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur U wil bestaan hulle en is hulle geskape." Let noukeurig daarop in vers twee staan daar "EEN" (nie twee of drie nie, maar EEN) sit op die troon. In vers drie staan daar "HY" (NIE *hulle* NIE) het in Sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis. In vers nege staan daar dat die lewende wesens eer aan "HOM" (nie *hulle* nie) gee. In vers tien staan daar dat die ouderlinge voor "HOM" neergeval het (nie *hulle* nie). In vers elf staan daar dat hulle uitgeroep het: "U is waardig, O HERE" (nie *Here's* nie). Ook in vers elf staan daar dat hierdie EEN op die troon die "Skepper" was, Wat Jesus is (Johannes 1:3); Wat Jehova-Gees-God is van die Ou Testament(Gen. 1:1).

Maar laat ons nie daar ophou nie. Lees nou in Openb. 3:21: "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit in My troon, soos Ek ook oorwin het en saam met My Vader in Sy troon gaan sit het." Lees ook Heb. 12:2: "Die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof. Wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterhand van die troon

van God gaan sit het." Let op dat, volgens Jesus Self, Wat die Openbaring geskryf het, Hy gaan sit MET die Vader. Die Gees in Paulus (Welke Gees die Gees van Christus is, want Dit is die Gees van Profesie waardeur die Woord kom) sê Hy het aan die REGTERHAND van God gaan sit. Maar toe Johannes opgekyk het, het hy slegs "*EEN*" op die troon gesien. En dis eers in Openb. 5:6–8 (wat in tydsvolgorde Openb. 4:2–3 volg) dat ons die "Lam" sien wat die Boek by "HOM" neem Wat op die troon gesit het, soos aangedui in Openb. 4:2–3 en 9–10. Wat is dit? Dit is die verborgenheid van "EEN GOD". Hy (Jesus), het uit God gekom, is in die vlees geopenbaar, het gesterf en weer opgestaan, en teruggekeer tot die "Boesem van die Vader". Soos Johannes gesê het: "Die eniggebore Seun Wat IN die boesem van die Vader is, Hy het Hom verklaar." Johannes 1:18. Die tyd het nou aangebreek vir God (Messias) om terug te keer en Sy bruid op te eis en dan Homself voor te stel (Homself bekend te maak) aan Israel. So sien ons God weer na vore tree om in 'n fisieke verhouding met die mens om te gaan as die "Seun van Dawid, Koning van die Konings, Here van die Here, en Bruidegom van die Heidenbruid." Dit is *NIE* "Twee" Gode nie, maar slegs EEN GOD wat Sy magtige drie-enige hoedanighede en titels manifesteer.

Die mense het geweet dat Hy 'n Profeet was. Hulle het die teken van die Messias geken wat slegs deur die profeet kon kom. Johannes 1:44–51: "En Filippus was van Betsáida uit die stad van Andréas en Petrus. Filippus het Natánael gekry en vir Hom gesê: Ons het Hom gevind van Wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Jesus van Nasaret, die seun van Josef. En Natánael sê vir hom: Kan daar uit Násaret iets goeds wees? Filippus antwoord hom: Kom kyk. Daarop sien Jesus Natánael na Hom toe kom en sê vir hom: Hier is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie! Natánael sê vir Hom: Waarvandaan ken U my? Jesus antwoord en sê vir hom: Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien. Natánael antwoord en sê vir Hom: Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel. Jesus antwoord en sê vir hom: Glo jy omdat Ek vir jou gesê het: Ek het jou onder die vyeboom gesien? Jy sal groter dinge sien as dit. En Hy sê vir hom: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, van nou af sal julle die hemel geopen sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die Mens." Die vermoë om die hartsgedagtes in die mens te onderskei, het gemaak dat die uitverkorenes van God begryp het dat hierdie die Messias was, die Gesalfde Woord van God. Heb. 4:12: "Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart."

Toe die vrou by die put hoor hoe Hy haar hartsgedagtes onderskei, het sy Hom as 'n profeet begroet en gesê dat die Messias aan daardie groot vermoë herken sou word. Johannes 4:7-26: "Daar kom 'n vrou uit Samaria om water te skep. Jesus sê vir haar: Gee vir My water om te drink (want Sy dissipels het na die stad gegaan om voedsel te koop). En die Samaritaanse vrou sê vir Hom: Hoe is dit dat U wat 'n Jood is, van my vra om te drink terwyl ek 'n Samaritaanse vrou is? Want die Jode hou geen gemeenskap met die Samaritane nie. Jesus antwoord en sê vir haar: As jy die gawe van God geken het en geweet het Wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het. Die vrou sê vir Hom: Here, U het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep; waarvandaan kry U die lewende water? U Is tog nie groter as ons vader Jakob nie, wat die put aan ons gegee het en self daaruit gedrink het en sy seuns en sy vee? Jesus antwoord en sê vir haar: Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe. Die vrou sê vir Hom: Here, gee my daardie water, sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom skep nie. Jesus sê vir haar: Gaan roep jou man en kom hier. Die vrou antwoord en sê: Ek het nie 'n man nie. Jesus sê vir haar: Jy het reg gesê: Ek het nie 'n man nie; want jy het vyf mans gehad; en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Dit het jy met waarheid gesê. Die vrou sê vir Hom: Here, ek sien dat U 'n profeet is. Ons vaders het op hierdie berg aanbid, en julle sê dat die plek waar ons behoort te aanbid, in Jerusalem is. Jesus sê vir haar: Vrou, glo My, daar kom 'n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie. Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode. Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in Gees en in waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom so aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet Hom in Gees en waarheid aanbid. Die vrou sê vir Hom: Ek weet dat die Messias kom, Hy wat Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig. Jesus sê vir haar: Dit is Ek wat met jou spreek!"

In Openb. 15:3 sê dit: "En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die LAM, en gesê: Groot en wonderlik is U werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is U weë, U Koning van die Heiliges!" Kan u dit sien? Die LAM, die Hoëpriester wat Sy bloed hou as versoening vir ons sondes op die genadetroon is die Here God Almagtig. Dit is Sy huidige amp. Dit is wat Hy nou doen, pleit met Sy bloed vir ons sondes. Maar eendag sal daardie Lam die Leeu van die Stam van Juda word. Hy sal voortkom in krag en

heerlikheid en Sy reg uitoefen om as Koning te regeer. Hy is die Koning wat kom, van hierdie aarde. Dit sê natuurlik nie dat Hy nie nou Koning is nie. Want Hy is ons Koning, Koning van die Heiliges. Tans is dit ’n geestelike koninkryk. Dit is nie van hierdie wêreldstelsel nie, net soos ons nie van hierdie wêreld is nie. Dit is waarom ons optrede anders as dié van die wêreld is. Ons burgerskap is in die hemel. Ons weerspieël die Gees van die wêreld van ons wedergeboorte waar Jesus die Koning is. Dit is waarom ons vroue nie mansklere aantrek of hul hare sny of al daardie grimeermiddels en ander dinge gebruik wat die wêreld so van hou nie. Dit is waarom ons mans nie drink of rook en in sonde voortleef nie. Ons heerskappy is die heerskappy oor die sonde en dit bestaan in die krag wat in die Gees van Christus is Wat in ons woon. Elke koninkryk op aarde sal afgebreek word, maar ons s’n sal voortbestaan.

Ons het nou gepraat oor die hoedanighede en manifestasies van die een ware God terwyl ons Sy heerlikheid deur bestudering van die Skrif aanskou. Maar Hy is nie veronderstel om intellektueel geken te word nie. Hy word Geestelik geken; deur Geestelike openbaring. Hierdie selfde Een Wat as Jesus bekend was in die vlees, het teruggekeer tot die vuurkolom. Maar Hy het belowe dat Hy weer sal kom en deur die Gees onder Sy mense sal woon. En op die dag van Pinkster het daardie vuurkolom neergedaal en verdeel in tonge van vuur op elkeen van hulle. Wat was God besig om te doen? Hy was besig om Homself binne-in die kerk te verdeel, om al daardie mans en vroue ’n deel van Homself te gee. Hy het Homself onder Sy kerk verdeel, net soos Hy gesê het Hy sou. Johannes 14:16-23: “En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ’n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die Waarheid Wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek sal weer na julle toe kom. Nog ’n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My, omdat Ek lewe sal julle ook lewe. In die dag sal julle weet dat Ek in My Vader is, en julle in My, en Ek in julle. Wie My gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hom sal My Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en Myself aan hom openbaar. Judas, nie die Iskáriot nie, sê vir Hom: Here, hoe is dit dat U aan ons Uself sal openbaar en nie aan die wêreld nie? Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy My Woord bewaar, en My Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en Ons sal by hom woning maak.” Hy het gesê dat hy tot die Vader sal bid Wat ’n ander Trooster sou stuur Wat reeds MET hulle (die dissipels) was maar NIE *IN* hulle nie. Dit was Christus. Dan, in vers drie-en-twintig, waar Hy praat van Homself en die Vader, sê Hy dat *ONS* sal kom. Daar is dit:

"Die Gees kom, *Dieselfde* Gees van God wat gemanifesteer het as die Vader, en as die Seun, en nog sal manifesteer in vele"—EEN GOD, Wat Gees is.

Dit is waarom geen mens ooit kan kom en sê die heilige man is 'n pous, of die heilige man is 'n biskop of priester nie. Die HEILIGE MAN is Christus, die Heilige Gees, in ons. Hoe durf die hiërargie verklaar dat die lekedom geen woord te sê het nie? Elkeen het iets om te sê. Elkeen het 'n taak, elkeen het 'n bediening. Die Heilige Gees het op Pinksterdag gekom en Homself op elkeen verdeel, sodat vervul kon word wat Christus gesê het: "In dié dag sal julle weet dat Ek in My Vader is, en julle in My, en Ek in julle." Johannes 14:20.

Die Groot Ek Is, die Almagtige God, het as Gees gekom om Sy ware kerk te vul. Hy het die reg om te beweeg waar Hy wil en op wie Hy wil. Ons maak nie enige "heilige manne" onder ons nie, maar die hele ware gemeente van die Here is heilig vanweë die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Dit is Hy, die Heilige Gees, wat heilig is, nie die vergadering op sigself nie.

Nou dit is die openbaring: Jesus Christus is God. Die Jehova van die Ou Testament is die Jesus van die Nuwe. Hoe hard u ookal probeer, u kan nie bewys dat daar DRIE Gode is nie. Maar dit vereis ook 'n openbaring deur die Heilige Gees om u die waarheid te laat verstaan dat Hy Een is. Dit vereis 'n openbaring om te sien dat die Jehova van die Ou Testament die Jesus van die Nuwe is. Satan het die kerk binnegesluip en die mense vir dié waarheid verblind. En nadat hulle hiertoe verblind was, het dit nie lank geneem voordat die Kerk van Rome opgehou het om in die Naam van die Here Jesus Christus te doop nie.

Ek erken dat dit 'n ware openbaring van die Heilige Gees verg om deesdae die waarheid aangaande die Godheid in te sien waar ons te midde van die verdraaiing van soveel van die Skrif staan. Maar die kerk wat staande bly en oorwin, is op openbaring gebou, dus kan ons verwag dat God Sy waarheid aan ons sal openbaar. Mens het egter nie eintlik 'n openbaring oor die waterdoop nodig nie. Dit is daar en staar mens in die gesig. Sou dit vir een oomblik vir die apostels moontlik gewees het om af te dwaal van 'n direkte bevel van die Here om te doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees net om hulself in doelbewuste ongehoorsaamheid te bevind? Hulle het geweet wat die Naam was, en daar is nie een plek in die Skrif waar hulle op enige ander manier gedoop het as in die Naam van die Here Jesus Christus nie. Gesonde verstand behoort u te vertel dat die Boek Handelinge die kerk in aksie is, en as hulle op daardie wyse gedoop het, dan is dit die wyse om te doop. As u dink dit is sterk gestel, wat dink u hiervan? Enigiemand wat nie in die Naam van die Here Jesus gedoop was nie, moes oorgedoop word.

Handelinge 19:1-6: "En terwyl Apollos in Korinthe was, het Paulus die boonste landstreke deurgereis en in Éfese gekom; en daar het hy sommige dissipels gevind en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang sederte julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie. En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes. Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een Wat na hom kom, dit is in Christus Jesus. En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus. En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer." Daar is dit. Daardie goeie mense in Éfese het gehoor van die Messias wat sou kom. Johannes het Hom verkondig. Hulle is gedoop tot bekering van sonde, om VOORUIT te kyk na geloof in Jesus. Nou was dit die tyd om TERUG te kyk na Jesus en om gedoop te word tot VERGEWING van sonde. Dit was tyd om die Heilige Gees te ontvang. En toe hulle in die Naam van die Here Jesus Christus gedoop is, het Paulus hulle die hande opgelê en die Heilige Gees het op hulle gekom.

O, daardie liewe mense in Éfese was goeie mense; en as enigeen die reg gehad het om versekerd te voel, was dit hulle. Kyk net hoe ver het hulle gevorder. Hulle het al die pad gekom tot by die aanvaarding van die Messias Wat sou kom. Hulle was gereed vir Hom. Maar sien u nie dat, ten spyte daarvan, hulle Hom misgeloop het nie? Hy het gekom en gegaan. Hulle het nodig gehad om in die Naam van die Here Jesus Christus gedoop te word. Hulle het nodig gehad om vervul te word met die Heilige Gees.

As u gedoop is in die Naam van die Here Jesus Christus, sal God u met Sy Gees vervul. Dit is die Woord. Handelinge 19:6 wat ons lees was die vervulling van Handelinge 2:38: "Bekeer julle, en laat *elkeen* van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." Sien, Paulus, deur die Heilige Gees, het presies gesê wat Petrus deur die Heilige Gees gesê het. En wat gesê is, KAN NIE verander word nie. Dit moet dieselfde bly van Pinkster af totdat die heel laaste uitverkorene gedoop is. Gal. 1:8: "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met dié wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees."

Nou sommige van julle Eenheid-mense doop verkeerd. Julle doop vir wedergeboorte, asof onderdompeling in water julle gered het. Wedergeboorte vind nie deur water plaas nie; dit is 'n werk van die Gees. Die man wat deur die Heilige Gees die bevel gegee het: "Bekeer julle, en laat elkeen gedoop word in die Naam van die Here Jesus" het nie gesê dat wedergeboorte deur

water plaasvind nie. Hy het gesê dat dit slegs 'n teken was van 'n "goeie gewete voor God". Dit was al. I Pet. 3:21: "Waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, (nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete) deur die opstanding van Jesus Christus." Dit glo ek.

As enigeen enige valse idees het dat die geskiedenis die waterdoop kan bewys op enige ander wyse as in die Naam van die Here Jesus Christus, sal ek hom aanraai om die geskiedenisse te lees en self uit te vind. Die volgende is 'n ware rekord van 'n Doop wat in Rome plaasgevind het in die jaar 100 nC en het verskyn in die Tydskrif TIME, 5 Desember 1955. "Die diaken het sy hand opgehef en Publius Decius het ingekom by die deur van die doopkapel. Marcus Vasca, die houthandelaar, het tot by sy middel in die poel gestaan. Hy het geglimlag terwyl Publius in die water tot langs hom geloop het. 'Credis?' het hy gevra. 'Credo,' het Publius geantwoord. 'Ek glo dat my redding kom van Jesus die Christus, Wat gekruisig is onder Pontius Pilatus. Met Hom het ek gesterf sodat ek met Hom die Ewige Lewe kan hê.' Toe het hy gevoel hoedat sterk arms hom ondersteun terwyl hy homself laat terugval in die poel, en hy het Marcus se stem in sy oor gehoor—'Ek doop jou in die Naam van die Here Jesus'—terwyl die koue water oor hom gesluit het."

Totdat die waarheid verlore gegaan het (en nie teruggekeer het tot hierdie laaste eeu nie—d.w.s. van Nicea af tot by die draai van hierdie eeu) het hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus Christus. Maar dit het teruggekeer. Satan kan nie die openbaring onderdruk as die Gees dit wil gee nie.

Ja, as daar drie Gode was, kon mens wel gedoop het in die Naam van 'n Vader, 'n Seun, en 'n Heilige Gees. Maar die OPENBARING AAN JOHANNES GEGEE, was dat daar EEN GOD is en Sy Naam is HERE JESUS CHRISTUS, en jy doop vir EEN God en net een. Dit is waarom Petrus gedoop het soos hy wel het, by Pinkster. Hy moes getrou bly aan die openbaring, naamlik, "Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom HERE EN CHRISTUS gemaak het, HIERDIE JESUS wat julle gekruisig het." Daar is Hy "Die HERE JESUS CHRISTUS."

As Jesus 'BEIDE' Here en Christus is, dan is en kan Hy (Jesus), niemand anders wees as die "Vader, Seun, en Heilige Gees" in EEN Persoon in die vlees geopenbaar nie. Dit is *NIE* "God in drie persone, geseënde drie-eenheid" nie, maar EEN GOD, EEN PERSOON met drie hooftitels, met drie hoedanighede wat in daardie titels geopenbaar word. Luister weereens. Hierdie selfde Jesus is 'BEIDE' Here en Christus. Here (Vader) en Christus (Heilige Gees) is Jesus, want Hy (Jesus) is hulle ALBEI (Here en Christus).

As dit ons nie die ware openbaring van die Godheid aantoon nie, sal niks dit doen nie. Here is NIE nog 'n ander nie; Christus is NIE nog een nie. Hierdie Jesus is die Here Jesus Christus—EEN GOD.

Filippus het eendag vir Jesus gesê: "Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg." Jesus sê vir hom: "Ek is so lankal by julle en julle ken My nie? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien, so waarom sê jy: Toon ons die Vader? Ek en My Vader is Een." Ek het dit eenkeer aangehaal en 'n dame het gesê: "Net 'n oomblik, Mnr. Branham, jy en jou vrou is een."

Ek het gesê: "Nie daardie soort nie."

Sy het gesê: "Ekskuus?"

Toe het ek vir haar gesê: "Sien jy my?"

Sy het gesê: "Ja."

Ek het gesê: "Sien jy my vrou?"

Sy het gesê: "Nee."

Ek het gesê: "Dan is daardie eenheid 'n ander soort, want Hy het gesê: As jy My sien, sien jy die Vader."

Die profeet het gesê dat dit lig sou wees in die aand. In die lied staan daar:

"Dit sal lig wees in die aandtyd,
Die weg na glorie sal u verseker vind.
In die waterweg, dis die lig vandag,
Begrawe in die dierbare Naam van Jesus.
Jonk en oud, bekeer van al u sonde,
Die Heil'ge Gees sal seker inkom
Die aandlig het gekom—
Dis 'n feit dat God en Christus een is."

Nie te lank gelede nie, het ek met 'n Joodse Rabbi gesels. Hy het vir my gesê: "Julle Heidene kan nie God in drie stukke sny en Hom vir 'n Jood gee nie. Ons weet van beter."

Ek het vir hom gesê: "Dis presies so Rabbi, ons sny God nie in drie stukke nie. U glo die profete, dan nie?"

Hy het gesê: "Sekerlik."

"Glo u Jesaja 9:5?"

"Ja."

"Van wie het die profeet gepraat?"

"Die Messias."

Ek het gesê: "In watter verhouding sal die Messias tot God staan?"

Hy het gesê: "Hy sal God wees."

Ek het gesê: "Dis reg." Amen.

Jy kan nie God in drie persone plaas of in drie deel nie. Jy kan nie aan ’n Jood vertel dat daar ’n Vader en ’n Seun en ’n Heilige Gees is nie. Hy sal jou sommer gou-gou vertel waar daardie idee vandaan kom. Die Jode weet dat hierdie geloofsbelydenis by die Niceense Raad ontstaan het. Geen wonder dat hulle ons verag as heidene nie.

Ons praat van ’n God wat nie verander nie. Die Jode glo dit ook. Maar die kerk het sy onveranderlike God verander van EEN na DRIE. Maar die lig keer terug in die aanduur. *Hoe treffend is dit dat hierdie waarheid kom in die tyd waarin die Jode na Palestina terugkeer*. God en Christus is EEN. Hierdie Jesus is BEIDE HERE EN CHRISTUS.

Johannes het die openbaring gehad, en JESUS was die Openbaring, en Hy het Homself hier in die Skrif getoon—“EK IS Hy Wat Was, Wat Is en Sal Kom, die Almagtige. Amen.”

As openbaring buite u bereik is, kyk op en soek dit van God. Dit is die enigste manier waarop u dit ooit gaan vind. ’n Openbaring moet van God kom. Dit kom nooit deur menslike of natuurlike begaafdheid nie, maar deur Geestelike gawe. U kan selfs die Skrif memoriseer, en alhoewel dit wonderlik is, sal dit nie werk nie. Dit moet ’n openbaring van God wees. Dit staan in die Woord dat niemand kan sê dat Jesus die Christus is nie, behalwe deur die Heilige Gees. U moet die Heilige Gees ontvang en dan, en dan alleen kan die Gees u die openbaring gee dat Jesus die Christus is: God, die Gesalfde.

Niemand ken die dinge van God nie behalwe die Gees van God en hy aan wie die Gees van God dit openbaar. Dit is nodig dat ons God aanroep vir openbaring meer as enigiets anders in die wêreld. Ons het die Bybel aanvaar, ons het die groot waarhede daarvan aanvaar, maar dit is nog vir meeste mense nie ’n werklikheid nie, omdat die openbaring deur die Gees nie daar is nie. Die Woord is nie lewendig gemaak nie. Die Bybel sê in 2 Kor. 5:21 dat ons die geregtigheid van God geword het deur ons eenwording met Jesus Christus. Het u dit begryp? Dit sê dat ONS DIE GEREGTIGHEID VAN GOD SELF IS deur IN CHRISTUS te wees. Dit sê dat Hy (Jesus) SONDE geword het vir ons. Dit sê nie dat Hy sondig geword het nie, maar het SONDE vir ons geword sodat ons deur ons eenwording met Hom die GEREGTIGHEID van God kan word. As ons die feit aanvaar (en ons moet dit doen) dat Hy letterlik SONDE vir ons geword het deur Sy plaasvervanging van ons, dan moet ons ook die feit aanvaar dat, deur ons eenwording met Hom, ons die EINSTE GEREGTIGHEID van God geword het. Om die een te verwerp is om die ander te verwerp. Om die een te aanvaar is om die ander te aanvaar. Nou ons weet dat die Bybel dit sê. Dit kan nie ontken word nie. Maar die openbaring daarvan ontbreek. Vir die meerderheid van God se kinders is dit nie

werklikheid nie. Dit is slegs ’n goeie vers in die Bybel. Maar dit is nodig dat dit vir ons LEWEND gemaak word. Dit verg ’n openbaring.

Laat my nou iets sê wat u beide gaan verstom en help. Daar is skaars ’n student wat nie glo dat die Nuwe Testament oorspronklik in die Griekse taal geskryf is nie. Al ons groot Bybelstudente het gesê dat God aan die wêreld drie groot nasies gegee het met drie groot bydraes ter wille van die Evangelie. Hy het die Grieke gegee wat ’n universele taal verskaf het. Hy het ons die Jode gegee wat ons die ware godsdiens en ware kennis van God gegee het deur die Saligmaker. Hy het ons die Romeine gegee wat aan ons ’n verenigde ryk gegee het met wette en ’n stelsel van hoofweë. Sodoende het ons ware godsdiens, die taal om dit aan vele volkere oor te dra, en die regering en paaie om dit fisies te versprei. Geskiedkundig gesproke, kom dit heeltemal reg voor. Vandag sê ons Griekse kenners dat die Griekse taal van die dae van die Bybel so perfek en presies is dat die student van die Grieks, indien hy ’n verfynde en akkurate grammatikus is, hy waarlik presies kan weet wat die Nuwe Testamentiese Woord leer. Maar is dit nie slegs ’n teorie nie? Is dit waar? Is dit nie so dat elke Griekse kenner van aansien van een denominasie, debatteer met ’n ander student van ’n ander denominasie, en is dit nie so dat hul argumente op identiese Griekse woorde en identiese Griekse grammatika-reëls gebaseer is nie? Dit is sekerlik so. Selfs destyds, tydens die Pergameense Eeu, net voor die Raad van Nicea in 325, was daar twee groot studente, Arius en Athanasius, wat in ’n twis oor leerstelling geraak het oor ’n Griekse woord. So intens en so uitgebrei het hul debat geraak dat historici gesê het dat die wêreld verdeeld was oor ’n diftong (die klank van twee klinkers in een lettergreep). Nou as die Grieks dan so perfek is en deur God beskik is, waarom was daar so ’n dispuut? Sekerlik het God nie bedoel dat ons almal Grieks moet ken nie? Vandag nog het ons argumente oor die Grieks. Neem byvoorbeeld die boek, “Christ’s Paralyzed Church X-rayed” deur Dr. McCrossan. Daarin gee hy talryke aanhalings van baie bekende Griekse grammatici en bewys tot sy eie bevrediging dat die onveranderlike reëls van die Griekse grammatika onteenseglik bewys dat die Bybel leer dat ’n mens met die Heilige Gees gedoop word na wedergeboorte. Hy stel dit ook prontuit dat vroue die preekstoel kan oorneem omdat die woord profeteer “preek” beteken. Maar het hy ander studente van Grieks, wat net so bekwaam as hy is, oortuig? Nooit. Al wat u hoef te doen is om die geskrifte van daardie studente wat die teenoorgestelde mening huldig te lees en hul geleerde aanhalings te hoor.

Nie alleen is dit waar wat ek nou net gesê het nie, maar kom ons gaan ’n stap verder. Vandag is daar sommige studente

wat beweer dat die oorspronklike manuskripte in Aramees geskryf was, die taal van Jesus en die mense van Sy tyd. Dit word deur hulle beweer dat die mense nie Grieks gepraat en geskryf het soos algemeen veronderstel word nie. En die feit bly dat ons historici daaroor verdeeld is. Dr. Schonfield, byvoorbeeld, 'n uiters briljante student, het uit navorsing tot sy eie bevrediging bewys dat die Nuwe Testament geskryf was in die volkstaal van die Griekssprekende volke van daardie tyd. Hy stel 'n uitstekende saak vir sy idees, gebaseer op die verskillende dokumente tot sy beskikking. Maar aan die ander kant het ons 'n ander beroemde student, Dr. Lamsa, wat oortuig is dat die Nuwe Testament in Aramees geskryf is en hy het niemand anders as die briljante geskiedkundige, Toynbee, om hom te steun in sy stelling dat Aramees, EN NIE GRIEKS NIE, die taal van die volk was, en so blyk dit moontlik te wees dat die Nuwe Testament eers in Aramees geskryf is.

Nietemin, voordat ons te diep betrokke raak hierin, laat ons beide die King James-weergawe en Dr. Lamsa se vertaling lees. Tot ons voldoening vind ons die woorde in beide verbasend dieselfde, sodat daar werklik geen verskil is wat inhoud of leer betref nie. Ons kan selfs aflei dat God toegelaat het dat hierdie nuut-ontdekte manuskripte en onlangse publikasies van reeds bekende geskrifte te voorskyn kom ten einde die betroubaarheid van dit wat ons reeds het, te bewys. En ons vind dat, hoewel vertalers mekaar mag beveg, geskrifte dit nie doen nie.

Nou kan u sien dat mens nie uitlegging kan baseer op die diepgaande kennis wat studente het van die taal waarin die Bybel geskryf is nie. Maar as u dit nog nie kan sien nie omdat tradisie u verstand versluier het, is hier nog een laaste illustrasie. Niemand kan dit betwyfel dat die Skrifgeleerdes en die Fariseërs en die groot geleerdes in die jaar 33 nC die presiese taalreëls en die presiese betekenis van die woorde waarin die Ou Testament geskryf was, geken het nie; maar nieteenstaande al hul voortreflike kennis het die openbaring van God se beloofde Woord gemanifesteer in die Seun, by hulle verbygegaan. Daar was Hy verklaar van Génesis tot Maleági, het hele hoofstukke gewy aan Hom en Sy bediening, en tog het hulle, behalwe vir 'n paar wat deur die Gees verlig was, Hom heeltemal misgeloop.

Ons kom nou tot 'n slotsom, 'n slotsom soos ons reeds in die Woord gevind het. Hoeveel ons ookal daarin glo dat ons die oudste en die beste manuskripte moet vind om die beste moontlike weergawe van die Woord te kry, sal ons nooit die ware betekenis daarvan deur studie en vergelyking van Skrifte kry nie, hoe opreg ons ookal is. DIT SAL 'N OPENBARING VAN GOD VERG OM DIT TEVOORSKYN TE BRING. DIT IS PRESIES WAT PAULUS GESÊ HET: "DAARVAN SPREEK

ONS OOK, NIE MET WOORDE WAT DIE MENSLIKE WYSHEID LEER NIE, MAAR MET DIÉ WAT DIE HEILGE GEES LEER." I Kor. 2:15. Die ware openbaring is God wat Sy eie Woord uitlê deur te volbring wat belowe is.

Nou laat niemand mislei word deur wat ek gesê het nie en dink dat ek nie in die akkuraatheid van die Woord soos ons dit nou het, glo nie. Ek glo hierdie Bybel is akkuraat. Jesus het die Ou Testament heeltemal bevestig toe Hy hier op aarde was en dit is saamgestel presies soos wat ons Nuwe Testament saamgestel is. Dit ly geen twyfel dat ons vandag die onfeilbare Woord van God het nie en geen mens durf daarvan wegneem of byvoeg nie. Maar ons het dieselfde Gees wat dit gegee het nodig om dit aan ons te leer.

O, hoe nodig het ons 'n openbaring deur die Gees. Ons het nie 'n nuwe Bybel nodig nie, ons het nie 'n nuwe vertaling nodig nie, alhoewel sommige baie goed is en ek nie teen hulle gekant is nie, MAAR ONS HET DIE OPENBARING VAN DIE GEES NODIG. En dank God, ons kan kry wat ons nodig het, want God wil Sy Woord aan ons deur Sy Gees openbaar.

Mag God deur Sy Gees begin om ons voortdurende lewegewende en standhoudende openbaring te skenk. O, as die kerk maar net 'n nuwe openbaring kon ontvang en daardeur die lewende gemanifesteerde Woord word, sou ons die groter werke kon doen en God ons Vader in die hemel verheerlik.

BEVRY VAN DIE SONDE

Openb. 1:5, "Aan Hom Wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in Sy eie bloed". Die woord "was" is eintlik "bevry"—"en ons van ons sondes bevry het in Sy eie bloed". Is dit nie wonderlik nie? Maar is u geestelik ingestel? Begryp u dit? Dit was Sy EIE bloed wat ons heeltemal van ons sondes bevry het. Dit was nie mensebloed nie. Dit was die bloed van God. Petrus het dit die bloed van Christus genoem. Paulus het dit die bloed van die Here genoem, en die bloed van Jesus. Nie drie persone nie, maar EEN persoon. Daar is daardie openbaring weer, EEN God. Die almagtige Jehova God het neergedaal en Homself 'n liggaam berei deur middel van die maagdelike geboorte en daarin gaan woon, sodat dit die bloed van God kon wees wat ons sou vry maak (ons heeltemal bevry) van ons sondes en ons vlekkeloos voor Homself kon stel met uitermate groot blydskap.

Verlang u 'n Ou-Testamentiese tipe? Laat ons teruggaan na die Tuin van Eden. Toe die eerste nuus die heerlikheid bereik het dat die seun, Adam, verlore was, het God 'n engel gestuur? Het Hy 'n seun gestuur? Het Hy 'n ander een, soos ons, gestuur? Nee, Hy het SELF gekom om daardie verlore seun te red.

Halleluja! God het nie Sy reddingsplan aan iemand anders toevertrou nie. Hy het slegs Homself vertrou. God het vlees geword en onder ons kom woon en ons vir Homself verlos. Ons is gered deur die "bloed van God". Die Ewige God het in 'n menslike liggaam kom woon ten einde sonde weg te neem. Hy het die Lam geword ten einde Sy bloed te vergiet en daarmee die voorhangsel binne te gaan.

Dink hieroor na. Aangesien dit die bloed van God is, is dit volmaakte bloed; en as die volmaakte bloed ons bevry van die mag en slawerny en besoedeling van sonde, dan is die bevryding volmaak en volkome. Daar is dus nou geen veroordeling nie. "Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? Dit is God wat regverdig maak (ons regverdig verklaar). Wie is hy wat veroordeel? Dit is Christus wat gesterf het. . . " Rom. 8:33–34. Daar is dit, Sy dood het ons die bloed geskenk. Die bloed het ons verlos. Daar is nou geen veroordeling nie. Hoe kan daar wees? Daar is niks om oor veroordeel te word nie, want die bloed het ons van die sonde verlos. Ons is vry, sonder skuld. Moenie na 'n mens luister nie, luister na die Woord. U is verlos deur die bloed.

Moet nou nie weer vasgevang raak deur tradisies en geloofsbelydenisse en organisasies nie. Moenie mislei word deur te luister na diegene wat die krag van die Woord ontken en ontken dat Jesus red, genees, en vervul met die Heilige Gees en krag nie. U is vry mense van God, verlos deur Sy eie bloed. As u nog glo in en vaskleef aan geloofsbelydenisse en kerkgenootskappe, is dit seker deur dié bewys dat u geloof in die Woord verloor het.

KONINGS EN PRIESTERS

Openb. 1:6: "En Hy het ons konings en priesters gemaak vir Sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid. Amen."

"Hy het ons gemaak!" O, daar is sekere waarhede wat ons moet beklemtoon. Hierdie is een van hulle. HY! HY HET ONS GEMAAK! Redding is Sy toedoen. Redding is van die Here. Alles genade. Hy het ons met 'n doel gered. Hy het ons vir 'n doel gekoop. Ons is konings, geestelike konings. O, ons gaan konings op die aarde wees met Hom wanneer Hy op Sy troon sit. Maar nou is ons geestelike konings en regeer ons oor 'n geestelike koninkryk. Daar staan in Rom. 5:17: "Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus." En in Kol. 1:13: "Wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk (heerskappy) van die Seun van Sy liefde." Op hierdie oomblik

regeer ons met Christus en voer ons heerskappy oor die sonde, die wêreld, die vlees, en die duiwel. Wat Sy lof en heerlikheid vertoon; HOMSELF vertoon, want dit is Christus in ons wat wil en doen na Sy welbehae. Ja, inderdaad, selfs nou sit ons in hemelse plekke in Christus Jesus.

"*En ons priesters gemaak.*" Ja, priesters vir Homself, wat as offer bring die geestelike lof van geheiligde lippe. Ons lewens as 'n lieflike offer aan Hom wy. Hom in Gees en in waarheid aanbid. Pleit en voorbidding doen. Priesters en konings vir onse God. Geen wonder dat die wêreld vir ons geen bekoring het nie en dat ons 'n sonderlinge volk is, ywerig om goeie werke te doen. Ons is in Hom herskape tot kinders gelykvormig aan ons Vader.

DIE GOD WAT KOM

Openb. 1:7. "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!"

Hy kom. Jesus kom. God kom. Die Profeet kom. Die Priester en Koning kom. Die ALLES in ALLES kom. Ja kom, Here Jesus, kom gou. Amen.

Hy kom. Hy kom in die wolke, wolke van heerlikheid soos toe Hy gesien is op die Berg van Verheerliking en Sy klere geblink het terwyl die krag van God Hom omvou het. En ELKE oog sal Hom sien. Dit beteken dat dit nie die Wegraping is nie. Dit is wanneer Hy kom om Sy regmatige plek as Wêreldheerser oor te neem. Dit is wanneer diegene wat Hom met hul geloofsbelydenisse en kerklike leerstellings deurboor het, sal rou bedryf en al die mense sal weeklaag in vrees vanweë Hom Wat die Woord is.

Hierdie is die openbaringsverhaal van Sagaria 12:9–14. Sagaria het dit ongeveer 2500 jaar gelede geprofeteer. Dit is op die punt om plaas te vind. Luister. "Ook sal Ek in dié dag soek om al die nasies wat teen Jerusalem aankom, te verdelg. Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir Wie hulle deurboor het. . . " Nou, wanneer keer die Evangelie na die Jode terug? Wanneer die dag van die Heidene vervul is. Die Evangelie is gereed om na die Jode terug te keer. O, as ek u tog net iets kon vertel van wat nou in ons tyd aan die gebeur is. Hierdie groot ding wat op die punt is om plaas te vind, sal oorgaan na Openbaring 11 en daardie twee getuies optel, daardie twee profete, Moses en Elia, wat die Evangelie sal laat terugkeer na die Jode. Ons is gereed daarvoor. Alles is in orde. Soos die Jode die boodskap aan die Heidene gebring het, so sal die Heidene dit terugneem na die Jode, en die Wegraping sal kom.

Onthou nou wat ons in Openbaring en Sagaria gelees het. Beide volg net na die verdrukking. Die Kerk van die Eersgeborene gaan nie deur die verdrukking nie. Dit weet ons. Die Bybel leer dit.

Dit sê dat God in dié tyd Sy Gees sal uitgiet oor die huis van Israel. Dit is dieselfde Gees wat oor die Heidene in hulle dag uitgegiet is. "En hulle sal opsien na My vir Wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind. In die dag sal die rouklag groot wees in Jerusalem, soos die rouklag van Hadad-Rimmon in die laagte van Megiddo. En die land sal rouklaag by geslagte, elke geslag afsonderlik; die geslag van die huis van Dawid afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; die geslag van die huis van Natan afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik. . . " en elkeen van die huise afsonderlik wanneer Hy kom in wolke van heerlikheid by Sy Tweede Koms. Daardie Jode wat Hom deurboor het sal Hom sien, soos dit in 'n ander Skrif staan: "Waar het U daardie wonde gekry?" en Hy sal sê: "In die huis van My vriende". Dit sal nie net 'n tyd van roubedryf vir die Jode wees wat Hom as Messias verwerp het nie, maar dit sal ook 'n tyd van roubedryf wees vir daardie oorgeblewe Heidene wat Hom as die Saligmaker van hierdie dag verwerp het.

Daar sal geween en geweeklaag wees. Die slapende maagde sal weeklaag. Hulle verteenwoordig die kerk wat geweier het om olie (simbool van die Heilige Gees) in hul lampe (simbool van die liggaam of oliehouer) te ontvang totdat dit te laat was. Dit is nie dat hulle nie goeie mense was nie. Hulle was maagde, en dit dui op 'n hoë morele toestand. Maar hulle het nie olie in hul lampe gehad nie en dus is hulle uitgewerp waar daar 'n geweeklaag en gekners van tande was.

Laat ons dit alles tipeer in Génesis, hoofstuk 45, waar Josef sy broers in Egipte ontmoet en homself aan hulle openbaar. Génesis 45:1–7: "Toe kon Josef hom nie langer bedwing voor almal wat by hom gestaan het nie, en hy roep: Laat almal van my af weggaan! En daar het niemand by hom gestaan toe Josef hom aan sy broers bekend gemaak het nie. Daarop bars hy in trane uit, sodat die Egiptenaars en ook die huis van Farao dit gehoor het. En Josef sê vir sy broers: Ek is Josef! Leef my vader nog? Maar sy broers kon hom nie antwoord nie, want hulle was verskrik voor hom. Verder sê Josef vir sy broers: Kom tog nader na my. En toe hulle nader kom, sê hy: Ek is julle broer Josef vir wie julle aan Egipte verkoop het. Maar wees nou nie bedroef nie, en laat daar geen ontstemming by julle wees dat julle my hierheen verkoop het nie. Want om lewens te behou, het God my voor julle uitgestuur. Want daar was nou twee jaar hongersnood in die land, en daar is nog vyf jaar waarin nie geploeg of geoes sal

word nie. Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel op die aarde te verseker en om julle in die lewe te hou tot 'n groot verlossing."

Vergelyk dit nie nou pragtig met Sag. 12 nie? Met die saamvoeging van die twee behoort ons dit presies reg te kry.

Toe Josef baie jonk was, was hy deur sy broers gehaat. Waarom was hy deur sy broers gehaat? Dit was omdat hy Geestelik was. Hy kon dit nie verhelp om daardie gesigte te sien nie en ook nie om drome te droom en uit te lê nie. Dit was in hom. Hy kon niks anders wys behalwe dit wat in hom was nie. Daarom, toe sy broers hom gehaat het, was dit sonder rede. Maar hy was die geliefde van sy vader. Sy vader was 'n profeet en het verstaan. Dit maak 'n volmaakte tipe van Christus. God die Vader het die Seun liefgehad, maar die broers (Skrifgeleerdes en Fariseërs) het Hom gehaat omdat hy siekes kon genees, wonderwerke verrig en die toekoms voorspel, gesigte kon sien en hulle uitlê. Daardie was geen rede om Hom te haat nie, maar hulle het, en soos Josef se broers, het hulle Hom sonder rede gehaat.

Onthou nou hoe daardie seuns van Jakob vir Josef behandel het. Hulle het hom in 'n put gewerp. Hulle het sy kleed met baie kleure, wat sy vader vir hom gegee het, geneem en dit in bloed gesteek om sy vader te laat dink dat die kind deur een of ander dier gedood is. Hulle het hom aan sekere slawehandelaars verkoop wie hom na Egipte geneem het, en daar is hy weer aan 'n hofdienaar verkoop. Deur die toedoen van die hofdienaar se vrou is hy valslik in die gevangenis gewerp, maar na 'n tyd het sy vermoë as profeet hom onder die aandag van Farao gebring en is hy verhef tot die regterhand van Farao met soveel gesag dat niemand na Farao kon gaan alvorens hy eers deur Josef gekom het nie.

Laat ons nou Josef se lewe terwyl Hy in Egipte was ondersoek, want dit is hier waar ons hom sien as die volmaakte tipe van Christus. Terwyl hy in die huis van die hofdienaar was, is hy valslik beskuldig, gestraf en in die gevangenis gewerp sonder rede, net soos hulle met Jesus gemaak het. Daar in die tronk het hy die droom van die skinker en die bakker, wat ook saam met hom gevangenes was, uitgelê. Die skinker was herstel tot die lewe, maar die ander een is ter dood veroordeel. Christus was 'n gevangene aan die kruis, deur God en mens verlaat. Aan elke kant van Hom was 'n misdadiger-een het gesterf, geestelik, maar aan die ander was lewe geskenk. En let op, nadat Jesus van die kruis afgehaal was, was Hy verhef tot in die hemel en sit nou aan die regterhand van die groot Gees van Jehova; en geen mens kan na God gaan behalwe deur Hom nie. Daar is EEN middelaar tussen God en die mens, en Hy is al wat u nodig het. Daar is geen Maria's of heiliges nie, slegs Jesus.

Voer ons die tipe van Josef verder, is dit opmerklik hoedat alles wat hy in Egipte gedoen het, voorspoedig was. Hy was voorspoedig in sy eerste werk by die hofdienaar. Selfs die gevangenis was voorspoedig. Wanneer Jesus terugkeer sal die wildernis bloei soos 'n roos. Hy is die "Seun van Voorspoed". Net soos geen eeu ooit so voorspoedig was as die een onder Josef nie, sal daar 'n tyd van sulke seën op die aarde kom soos die wêreld nog nooit geken het nie. Elkeen van ons kan onder ons eie vyeboom sit en lag en ons verheug en ewig leef in Sy teenwoordigheid. In Sy teenwoordigheid is volmaakte vreugde en aan Sy regterhand is daar genot vir ewig en altyd. Loof die Here.

Let nou op dat, oral waar Josef gegaan het, is 'n basuin geblaas om sy aankoms aan te kondig. Die mense het uitgeroep: "Buig die knie vir Josef!" Ongeag wat iemand besig was om te doen, as die basuin geblaas het, het hy die knie gebuig. Hy kon besig gewees het om iets in die straat te verkoop, besig om sy hand uit te steek vir sy geld, maar wanneer die basuin geblaas het, moes hy stop en die knie buig. Selfs al was hy 'n verhoogkunstenaar of 'n akteur, moes hy sy toneel stop en sy knie vir Josef buig wanneer sy teenwoordigheid aangekondig was deur die basuingeklank. En een van die dae sal alles in tyd stilstaan wanneer die basuin van God weerklink en diegene wat in Christus ontslaap het, opstaan en die môre sal vir ewig aanbreek, helder en skoon. Alles sal dan die knie buig, want daar staan geskrywe: "Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig *elke knie* van die wat in die hemel, en die wat op die aarde, en die wat onder die aarde is; en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader." Fil. 2:9–11.

Maar let op nog 'n ander heerlike openbaring in hierdie tipe van Josef. Terwyl Josef in Egipte was, was aan hom 'n Heidenbruid gegee en deur haar het hy 'n gesin van twee seuns verkry, Efraim en Manasse. Josef het sy vader gevra om die twee seuns te seën. Hy het hulle voor Jakob geplaas sodat Manasse, die eersgeborene, regs van Jakob en Efraim links sou wees. Net toe Jakob hulle wou seën, het hy sy hande gekruis sodat sy regterhand op die jongste geval het. Josef het uitgeroep: "Nie so nie, my vader; hierdie een is die eersgeborene, aan u regterkant." Maar Jakob het gesê: "God het my hande gekruis." In hierdie voorbeeld sien ons dat die seën wat na die eersgeborene (die Jood) moes gaan, na die jongere (die Heiden) gegaan het, deur die kruis (oorkruisde hande) van die Here Jesus Christus. Die seën kom deur die kruis. Gal. 3:13–14: "Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word, want daar is

geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ’n hout hang sodat die seën van Abraham na die Heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.” Die seën van Abraham het deur die kruis tot die Heidene gekom. Die Jode het die kruis verwerp; daarom het Jesus die Heidenbruid gekry.

Om nou terug te keer tot die verhaal van Josef waar hy sy broers ontmoet. U sal onthou dat nie al die broers gekom het nie. Josef het dit geweet en het daarop aangedring dat al die broers voor hom verskyn, anders kon hy hom nie aan hulle bekend maak nie. Uiteindelik het hulle die een wat ontbreek het, klein Benjamin, gebring. Dit was klein Benjamin, Josef se ware broer, wat sy siel laat ontbrand het. En wanneer ons Josef, naamlik Jesus, na die mense kom wat die gebooie van God gehou het en wat na Palestina teruggekeer het, sal Sy siel ontbrand. Klein Benjamin tipeer die 144,000 Israeliete van oor die hele aarde wat na Palestina teruggegaan het vir hulle verlossing. Hulle sal daar gereedstaan om Hom te ontvang, Wie, deur Hom tereg te ken, die ewige Lewe is. Hulle sal sê: “Dit is onse God vir Wie ons gewag het.” Dan sal hulle Hom vir Wie hulle deurboor het, sien. En hulle sal ontsteld uitroep: “Waar het daardie vreeslike wonde vandaan gekom? Hoe het dit gebeur?” En hulle sal weeklaag en ween, elke gesin afsonderlik, elkeen afsonderlik in angsvolle verdriet.

Nou waar sal die Heidense Kerk wees terwyl Jesus Homself aan Sy broers bekend maak? Onthou dat die bruid van Josef met die twee kinders in die paleis was, want Josef het bevel gegee: “Laat almal van my af weggaan; laat hulle almal voor my verwyder word”. Die Heidense bruid was dus verskuil in die paleis van Josef. Waarheen sal die Heidense Kerk gaan in die wegraping? In die paleis in. Die bruid sal van die aarde weggeneem word. Sy sal opgeneem word voor die groot verdrukking om haar Heer in die lug te ontmoet. Vir drie-en-’n-half jaar lank, terwyl die vergeldende wraak van God uitgegiet word, sal sy die groot Bruilofsmaal van die Lam bywoon. Dan sal Hy terugkeer en Sy bruid in die “huis van Sy Vader” laat terwyl Hy Homself aan Sy broers bekend maak. Terselfdertyd sal die antichristelike verbond wat die Jode met Rome gesluit het, verbreek word. Rome en haar bondgenote sal dan hulle troepe stuur om al die Godvresende, Woordgehoorsame Jode te vernietig. Maar wanneer hulle teen die stad opruk om dit te vernietig, sal daar in die hemele die teken van die koms van die Seun van die Mens met Sy magtige leërs verskyn om hulle wat die aarde vernietig, te verdelg. Met die vyand teruggedryf, sal Jesus dan kom en Hom aan die 144,000 vertoon. By aanskouing van Sy magtige verlossingswerke, het hulle Sy krag leer ken. Maar ook die aanskouing van Sy wonde, en die wete dat hulle Hom verwerp

het selfs tot op daardie oomblik, veroorsaak dat hulle uitroep in die angs van verskrikking en vrees, net soos hulle broers van ouds toe hulle voor Josef gestaan het, in groot vrees dat hulle gedood sou word. Maar soos Josef gesê het: "Laat daar geen ontstemming by julle wees nie. Alles is reg. God was in dit alles. Hy het dit gedoen om lewens te behou". Net so sal Jesus in vrede en liefde met hulle praat.

Waarom het die Jode Jesus verwerp? God was in dit alles. Dit was die enigste manier waarop Hy die Heidense bruid te voorskyn kon bring. Hy het aan die kruis gesterf om die lewe van die Heidense Kerk te bewaar.

Nou hierdie 144,000 is nie in die bruid nie. In Openb. 14:4 word hulle maagde genoem en hulle volg die Lam waar Hy ookal heengaan. Die feit dat hulle hulself nie met vroue besoedel het nie, toon dat hulle eunugs is (Matt. 19:12). Die eunugs was die bewaarders van die bruidskamers. Hulle was oppassers. Let op dat hulle nie in die troon sit nie, maar voor die troon is. Nee, hulle is nie in die bruid nie, maar hulle sal in die heerlike millennium wees.

Ons sien dan dat wanneer hierdie laastes van Israel in liefde met die Here verenig en die vyand vernietig is, dat God Sy heilige berg, Sy nuwe Tuin van Eden sal voorberei vir die bruid en vir Sy en haar gevolg in die duisendjarige wittebrood op die aarde. Soos wat Adam en Eva in die Tuin was en nie die duisend jaar deurgesien het nie, sal Jesus ons laaste Adam, en Sy Eva (Ware Kerk) die hele plan van God tot vervulling bring.

O, hoe herhaal die Bybel homself. Die toneel van Josef en sy broers is op die punt om herhaal te word, want Jesus kom binnekort.

Waar ons nou afstap van Josef as 'n tipe, is daar nog een ding wat ek onder u aandag wil bring aangaande hierdie endtyd. U sal onthou dat terwyl Josef voor sy broers gestaan het, toe Benjamin nie by hulle was nie, hy deur middel van 'n tolk met hulle gepraat het, hoewel hy Hebreeus goed verstaan het. Hy het in 'n ander taal met sy broers gepraat. Het u geweet dat die eerste Heidense Eeu (die hoof van goud, die Babiloniese Eeu) ten einde geloop het met 'n boodskap in tale geskryf op 'n muur? Hierdie eeu gaan ook so ten einde loop. Die menigte van tale vandag dien as verdere bewys dat die Tye van die Heidene verby is en dat God terugkeer na Israel.

Hy kom binnekort. Die Alfa en Omega, die Profeet, Priester en Koning, die Alles in Alles, Here God van die Leërskare, kom binnekort. Ja, Here Jesus, die Een en Enigste Ware God, kom gou!

HOOFSTUK TWEE

DIE PATMOS VISIOEN

Openbaring 1:9–20

Johannes op Patmos

Openb. 1:9: "Ek, Johannes, julle broeder en deelgenoot in die verdrukking en in die koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus, was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die Woord van God en om die getuienis van Jesus Christus."

Hierdie reeks visioene van die Openbaring van die Persoon van Jesus Christus was aan Johannes gegee terwyl hy in ballingskap op die eiland Patmos was. Die eilandjie lê dertig myl van die kus van Klein-Asië af, in die Egeïese See. Rotsagtig en vervuil van slange, akkedisse en skerpioene, het dit geringe kommersiële waarde gehad en was dit deur die Romeinse Ryk as 'n strafkolonie gebruik waar die meer roekelose misdadigers, politieke gevangenes, ens., in bewaring was.

U sal opmerk dat Johannes hom as 'n broeder in die verdrukking, tot die Christene rig. Dit was in daardie tyd dat die vroeë kerk deur swaar vervolgings gegaan het. Nie net was hulle geloof "oral beswadder" nie, maar die mense self was gevange geneem en doodgemaak. Johannes, soos menigte ander, was nou in gevangenisskap ter wille van die Woord van God en die getuienis van Jesus Christus. Nadat hy gearresteer is, het hulle tevergeefs probeer om hom dood te maak deur hom vir vier-en-twintig uur in olie te kook. Die woedende en magtelose amptenare het hom toe gevonnis vir heksery en na Patmos verban. Maar God was met hom en sy lewe is gespaar en hy het die eiland verlaat en na Éfese teruggekeer waar hy weer as pastoor voortgegaan het tot sy dood.

Die visioene wat Johannes ontvang het, het 'n tydperk van twee jaar gedek, 95–96 nC. Hulle is die merkwaardigste van al die visioene in die Woord. Die hele boek bestaan uit simbole en is dus die skyf van baie kritiek en redetwis. Nogtans rus die seël van God daarop. Dit maak dit geloofwaardig en van geweldige waarde vir almal wat die heilige bladsye lees of daarna luister.

IN DIE GEES OP DIE DAG VAN DIE HERE

Openb. 1:10: "Ek was in die Gees op die Dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin."

"Ek was in die Gees." Is dit nie pragtig nie? Goeiste, dis wonderlik vir my. 'n Mens kon net daardie woorde: "Die hele

Christelike lewe" noem. As ons as Christene wil leef, moet ons in SY Gees wees. Johannes het nie gepraat van om in sy eie gees te wees nie. Dit sou nie hierdie visioene voortgebring het nie. Dit moes die Gees van God gewees het. Met ons moet dit ook die Gees van God wees of al ons pogings is tevergeefs. Paulus het gesê: "Ek sal in die Gees bid, ek sal in die Gees sing, ek sal in die Gees lewe." As enigiets goeds na my toe sal kom, sal dit deur die Gees moet geopenbaar word, deur die Woord bevestig, en gemanifesteer word ten gevolge daarvan. Net so seker soos Johannes in die Gees moes gewees het om hierdie geweldige openbaringe van Jesus te ontvang, moet ons ook in die Gees wees om die openbaringe te verstaan wat God ons in Sy Woord gegee het om volgens te lewe, want dit is dieselfde Gees.

Sien dit so. Te veel mense lees in die Bybel waar daar in Handelinge 2:38 staan: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang", maar lees daar bo-oor. Hulle sien dit nie. As hulle dit sou sien, deur in die Gees te kom, sou hulle weet dat indien hulle die Heilige Gees wil ontvang, hulle nodig het om hul te bekeer en te laat doop in die Naam van die Here Jesus; en God sal dan gebonde wees om Sy Woord te volbring deur hulle met die Heilige Gees te vervul. Hulle kom nooit in Sy Gees nie of daar sou presies met hulle gebeur soos wat die Woord sê. Bid tot God om 'n openbaring deur Sy Gees. Dit is die eerste stap. Kom in die Gees.

Laat my toe om nog 'n voorbeeld te gebruik. Gestel u het genesing nodig. Wat sê die Woord? Wel, ons het dit al ontelbare kere gelees, maar het nie in die Gees gekom terwyl ons dit gelees het nie. Het ons God gevra dat Sy Gees ons die werklike waarheid daaromtrent moet leer? As ons dit gedoen het, sou ons die ouderlinge geroep het, ons sondes bely het, ons laat salf het en vir ons laat bid het, en dit sou genoeg wees. Dit sal miskien nie dadelik plaasvind nie, maar in Sy Gees is dit alles volbring. Daar is geen hoër gesag nie. God sal Sy Woord volbring. O, ons moet in die Gees kom, en dan sal dinge gedoen word. MOENIE EERS DIE HANDELING VERRIG NIE. KOM IN DIE GEES EN VERRIG DAN DIE HANDELING EN KYK WAT GOD SAL DOEN.

Het u al ooit opgemerk hoe die wêreld in die gees van wêreldse dinge kom? Hulle gaan na hul rugbywedstryde, hul sportbyeenkomste en hul danspartye. Hulle kom in die gees daarvan. Hulle sit nie net daar soos muurblomme, droë ou knolle nie. Hulle doen mee in die gees van die geleentheid en word deel van alles. Maar o, hoe haat hulle die Christene omdat dié in die Gees van God se Woord kom. Hulle noem ons dwepers en fanatici. Hulle sal enigiets doen om hul haat en

afkeur aan te toon. Maar ignoreer dit. Julle kan dit verwag omdat julle weet waar dit vandaan kom. Gaan net voort en kom in die Gees van aanbidding.

Ons gees is skoon. Dit is vars. Dit is eg. Dit is nugter en ernstig maar nogtans vol van die vreugde van die Here. Die Christen behoort net so uitbundig en met genot in die Here vervul te wees soos wat die wêreld is wanneer dié sy genot smaak en daarin vreugde vind. Beide Christene en die wêreld is menslik; beide het emosies. Die verskil lê daarin dat die hart en emosies van die Christen suiwer op die Here van die Heerlikheid en Sy liefde toegespits is, terwyl die wêreld die vlees bevredig.

Nou staan daar geskrywe dat Johannes in die Gees was op die Dag van die Here.

O, goeiste, hier is ’n vers wat regtig onenigheid veroorsaak. Nie dat dit hoef nie, of behoort te nie, maar sommige sien net nie wat die Woord werklik sê nie.

Ten eerste vind ons eerbare mense wat die Dag van die Here, die Sabbat Dag noem, wat vir hulle Saterdag is. Dan is daar diegene wat die Dag van die Here, Sondag noem, die eerste dag van die week. Maar hoe kan dit enigeen van die twee dae wees, of selfs die twee saam, want Johannes was in die Gees en het gedurende ’n tydperk van twee jaar daardie visioene ontvang. Wat eintlik gebeur het was dat Johannes in die Gees opgeneem was en in die Dag van die Here, wat nog moet kom, verplaas is. In die Bybel word gepraat van die Dag van die Here wat in die toekoms is, en Johannes sien nou die dinge van daardie toekomstige dag. Maar intussen, net om ons tevrede te stel, kom ons vind uit wat die Sabbat vandag is.

Die Sabbat, soos ons dit uit die Nuwe Testament leer ken, is NIE die onderhouding van ’n bepaalde dag nie. Ons het geen gebod hoegenaamd om Saterdag as ’n Sabbat te vier nie, nog het ons enige gebod om die eerste dag van die week, wat Sondag is, te hou nie. Hier is die waarheid van die Sabbat, wat “rus” beteken. Heb. 4:8: “Want as Jesus aan hulle rus (of ’n rusdag) gegee het, sou hy nie van ’n ander dag daarna spreek nie. Daar bly dus ’n rus oor (die hou van die Sabbat) vir die mense van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van Syne.” Het julle die sleutel sinsnede gehoor in die laaste gedeelte van die vers? “God het van Sy eie werke gerus.” God het aan Israel die sewende dag as hul Sabbat gegee, ter herdenking van Sy eie werke toe Hy die wêreld en alles wat daarin was geskape het, en daarna opgehou het om te skep. Hy het opgehou met Sy werke. Hy het gerus. Nou was dit goed om ’n Sabbatsrus aan ’n mensdom te gee wat almal op dieselfde tydstip op dieselfde plek was, sodat hulle

almal ’n bepaalde dag kon gedenk. Vandag, is die een helfte van die wêreld in lig, die ander helfte in donkerte, so dit sal glad nie werk nie. Maar dit is net ’n redenasie uit ’n natuurlike oogpunt.

Kom ons kyk wat die Bybel ons leer aangaande hierdie Sabbatsrus. “Want wie in sy rus ingegaan het”. Hierdie ingaan is nie net binnegaan nie, maar om binne in die rus te bly. Dit is ’n ‘ewige rus’ waarvan die sewende dag maar net ’n tipe is. ‘Sewe’ is voltooiing. ‘Agt’ is weer die ‘eerste’ dag. Jesus se opstanding was op die eerste dag van die week en skenk ons ewige lewe en ewige Sabbatsrus. Dus sien ons waarom God ons nie enige bepaalde dag van die week as ’n Sabbat (rus) kon gee nie. Ons het ‘ingegaan in’ en ‘bly in’ ons rus, wat Israel *nie* kon gedoen het nie, aangesien hulle slegs ’n skadubeeld gehad het van die ware werklikheid wat ons geniet. Waarom teruggaan na ’n skadubeeld terwyl ons nou die werklikheid het?

Hoe ons hierdie rus of voortdurende Sabbat ontvang, is op uitnodiging van Jesus. In Matt. 11:28, 29 het Hy gesê: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My; . . . en julle sal rus vind (of die onderhouding van die Sabbat, nie ’n dag nie, maar die ewige lewe, Sabbat) vir julle siele.” Maak nie saak hoe lank u al gebuk gaan onder u las van sonde nie, of dit nou tien jaar, dertig jaar, of vyftig jaar is, of langer, kom met u moeë, uitgeputte lewens en u sal Sy rus vind (die ware Sabbat). Jesus sal u rus gee.

Wat is nou presies daardie rus wat Jesus sal gee? Jes. 28:8–12: “Want al die tafels is vol walglike uitbraaksel, sodat daar geen skoon plek is nie. Vir wie wil Hy dan kennis leer, en vir wie wil Hy die openbaring verstaanbaar maak? Vir die wat van die melk gespeen, wat van die moederborste weggeneem is. Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier ’n bietjie, daar ’n bietjie. Ja, Hy sal deur lippe wat hakkel, en deur ’n vreemde tong met hierdie volk spreek, Hy wat aan hulle gesê het: Hierdie is die rus (Sabbat), waarmee julle die vermoeides kan laat rus (of onderhouding van Sy Sabbat); en dit is die verkwikking. Maar hulle wou nie luister nie.” Hier is dit geprofeteer, reg hier in Jesaja. En dit het ongeveer 700 jaar later gebeur, by Pinkster, toe hulle almal met die Heilige Gees vervul is, presies soos daar gesê is dat hulle sou wees. Dit is die ware Sabbat wat belowe is. Dus, toe hulle met die Heilige Gees vervul is, het hulle opgehou met hul wêreldse werke, hul wêreldse handelinge, hul bose weë. Die Heilige Gees het hulle lewens oorgeneem. Hulle het die rus binnegegaan. Daar is u rus. Daardie is u Sabbat. Dit is nie ’n dag, of ’n jaar nie, maar die ewigheid van vervul en geseën te wees in die Heilige Gees. Dit is u wat ophou en God wat doen. Dit is God in u wat wil en Sy welbehae uitvoer.

Laat my nog een punt noem omtrent die Sabbatariërs wat aanvoer dat ons op die verkeerde dag van die week byeenkom wanneer ons op Sondag, die eerste dag, vergader. Luister wat Justinus in die tweede eeu gesê het: "Op 'n Sondag word 'n byeenkoms gehou van almal wat in stede en dorpies woon, en 'n deel uit die gedenkskrifte van die apostels en die geskrifte word gelees so lank as wat die tyd dit toelaat. Wanneer daar klaar gelees is, vermaan en spoor die voorsitter hulle aan om daardie goeie dinge na te volg. Daarna staan ons almal op om saam te bid. Na die gebed, soos ons beskrywe het, word brood en wyn voor ons geplaas; daar word gedank, en die gemeente antwoord: "Amen". Dan word die elemente aan elkeen uitgedeel, aan almal wat deelneem daaraan, daarna word dit deur die diakens na die huise van die afwesiges geneem. Die rykes en gewilliges gee dan vrywillige bydraes en hierdie kollekte word by die voorsitter gelaat wat daarmee wese, weduwees, gevangenes en behoeftige vreemdelinge versorg." Ons sien dus dat diegene wat aanvoer dat die vroeë kerk die Judaiëse tradisie om op die laaste dag van die week byeen te kom voortgesit het, grootliks onkundig is oor wat die geskiedenis werklik verklaar, en is derhalwe nie die vertroue waardig nie.

Ag, dat mense tog na Hom mag kom en daardie rus vind. Daar is versugting in alle harte na daardie rus, maar die meerderheid ken nie die antwoord nie. Derhalwe probeer hulle die hunkering stil deur 'n godsdienstige proses waarvolgens hulle sekere dae nakom of deur kerklike geloofsbelydenis en leerstellings aan te neem. Maar wanneer hulle daarin misluk wend talle hulle na drank en fuiwery, en om hulle liggaamlik te buite te gaan omdat hulle dink dat daar in wêreldse genot 'n mate van tevredenheid is. Maar hierin is daar geen rus nie. Hulle rook en drink pille om hul senuwees te kalmeer. Maar daar is geen rus in wêreldse middels nie. Hulle het Jesus nodig. Hulle het die hemelse geneesmiddel nodig, die rus van die Gees.

Dan gaan meeste van hulle kerk toe op Sondag. Dit is goed, maar selfs daar het hulle geen benul van hoe om God te nader en hoe om Hom te aanbid nie. Jesus het gesê dat ware aanbidding in Gees en in waarheid is, Johannes 4:24. Maar watter soort aanbidding kan u vind in 'n kerk wat so min van God weet dat dit Kersfees met 'n Sinterklaas en die Pase met hasies vier? Waar het hulle daaraan gekom? Hulle het dit van die heidene gekry en dit deel van die kerkleer gemaak. Maar wanneer iemand hom tot die Here wend en vervul word met die Heilige Gees, laat hy al sulke dinge vaar. Hy het 'n rus in sy siel. Hy begin dan werklik te lewe, God lief te hê om Hom te aanbid.

Kom ons gaan nou terug na ons Skrif. Ons weet nou wat die Dag van die Here nie is nie. As dit nie Saterdag of Sondag is nie, wat is dit dan? Wel, laat ons dit so stel. Vandag is

sekerlik nie die Dag van die Here nie. Dit is die dag van die mens. Dit is die mens se doenighede, die mens se werk, die mens se kerk, die mens se opvattings oor aanbidding, alles van die mens, want dit is die mens se wêreld (kosmos). MAAR DIE DAG VAN DIE HERE KOM. Ja, dit is so. Dit is net dat teen hierdie tyd van die Openbaring van Jesus Christus, Johannes opgeneem was deur die Gees en deur die Gees verplaas was na daardie Groot Dag wat kom. Die Dag van die Here kom wanneer die dae van die mens verby is. Die koninkryke van die wêreld sal dan die koninkryke van ons God word. Die dag van die Here is wanneer die oordele val, en daarna volg die millennium. Op hierdie tydstip doen die wêreld net wat hy wil met die Christen. Hy skel hom uit met allerhande bose name. en spot met hom. Maar daar kom daardie groot en merkwaardige dag wanneer hulle sal weeklaag en huil, want die Lam kom in toorn om die wêreld te oordeel. Dit is wanneer die regverdiges hulle dag met die Here sal hê, want die goddelose sal brand en die regverdiges sal oor hulle as stap in die millennium. Maleági 4:3: "En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die Here van die leërskare."

DIE STEM SOOS VAN 'N BASUIN

Openb. 1:10: ". . . en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin." Johannes was in die Gees, en terwyl hy in die Gees was, het hy die groot en wonderlike dag van die Here Jesus in al Sy heilige mag gesien. Die toekoms was op die punt om te ontvou want God was op die punt om hom te onderrig. Johannes het nie gesê dit was 'n basuin nie. Dit was soos 'n basuin. Nou wanneer 'n basuin geblaas word, is daar 'n dringendheid aan verbonde. Dit is soos die voorloper, die boodskapper van die koning, wat na die volk toe kom. Hy blaas op 'n basuin. Dit is 'n dringende oproep. Die volk kom bymekaar om te luister. (Israel was altyd byeengeroep deur die geblaas van 'n basuin.) Iets belangriks lê voor die deur. "Luister daarna." So het hierdie stem dieselfde dringende wekroep gehad as die basuin. Hard en helder was dit, skrikwekkend en opwekkend. Ag, dat ons vandag die stem van God soos van 'n basuin kan hoor, want dit is die 'Evangeliebasuin' wat die 'Profetiese Woord' uitbasuin, om ons bewus te maak, en voor te berei op wat oor die aarde sal kom.

DIE BEVEL OM TE SKRYF

Openb. 1:11: "Wat sê: Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, en skryf Wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Éfese en Smirna en

Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía en Laodicéa." Hier is dit. Die Eerste en die Laaste, die Alfa en die Omega: dis ALLES daarvan. Die een ware God. Die Stem en Woord van God. Werklikheid en waarheid is op hande. Wat 'n ondervinding om in die Gees te wees. O, om in die teenwoordigheid van God te wees en van Hom te hoor... "Skryf Wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes." Die stem wat Sy Woord gespreek het in die Tuin van Eden en op die Berg Sinai, welke stem ook gehoor is in voortreflike heerlikheid van die Berg van Verheerliking, het weer voortgekom, en dié keer tot die sewe gemeentes met 'n volkome en finale openbaring van Jesus Christus.

"Skryf die visioene neer, Johannes. Maak 'n verslag daarvan vir die eeue wat gaan volg, want hulle is die ware profesieë wat *MOET* gebeur. Skryf dit neer en stuur dit uit, maak hulle bekend."

Johannes het daardie stem herken. O, u sal daardie stem herken wanneer Hy roep, as u een van Syne is.

DIE GOUE LAMPSTAANDERS

Openb. 1:12: "Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars." Johannes sê nie dat hy omgedraai het om die een te sien wie se stem hy gehoor het nie maar hy het omgedraai om die stem te sien. O, ek hou daarvan. Hy het omgedraai om die stem te sien. Die stem en die persoon is een en dieselfde. Jesus is die WOORD. Joh. 1:1-3: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie." As u ooit werklik die Woord kan sien, sal u Jesus sien.

Toe Johannes omgedraai het, het hy sewe goue kandelare gesien. In werklikheid was hulle lampstaanders. En volgens vers 20, is hulle die sewe gemeentes: "die sewe kandelare wat jy gesien het, is die sewe gemeentes." Om die gemeentes voor te stel, kon hulle nie eintlik kerse gewees het nie. 'n Kers brand immers net vir 'n tydjie en brand dan uit. Dit gaan dood. Daar bly niks verder oor nie. Maar lampstaanders besit 'n blywende gehalte wat nie by kerse aangetref word nie.

As u 'n pragtige beeld van die lamp wil hê, lees daaroor in Sagaria 4:1-6: "En die engel wat met my gespreek het, het teruggekom en my gewek soos 'n man wat uit die slaap opgewek word. En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor hom en sy sewe lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is. Ook

twee olyfbome langs hom, een aan die regterkant van die oliekan en een aan die linkerkant daarvan. Daarop het ek begin spreek en aan die engel wat met my gespreek het, gesê: Wat beteken dit, my Heer? En die engel wat met my gespreek het, antwoord en sê vir my: Weet jy dan nie wat dit beteken nie? En ek het gesê: Nee, my Heer. Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die Woord van die Here aan Serubbábel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My 'Gees,' sê die Here van die Leërskare." Hier is nog 'n lamp van suiwer goud. Dit brand helder omdat dit baie olie het, afkomstig van die twee olyfbome wat weerskante staan. Die twee bome stel die Ou en die Nuwe Testament voor, en die olie is natuurlik die Heilige Gees Wat alleen die lig van God aan die mens kan gee. Die engel wat met Sagaria gepraat het, het feitlik net gesê: "Dit wat jy sien, beteken dat die kerk niks deur sy eie mag of krag kan verrig nie, maar slegs deur die Heilige Gees."

Ondersoek nou hierdie lampstaander. U sal opmerk dat dit 'n groot bak, of reservoir het, wat in die middel is van sewe arms wat daaruit kom. Die bak is met olyfolie gevul wat deur sewe pitte vloei wat in die sewe arms geplaas is. Dit is *dieselfde* olie wat brand en lig maak op die punte van die sewe pype. Die lig het nooit doodgegaan nie. Die priesters het net altyddeur olie in die bak gegooi.

Die lamp is op 'n spesiale wyse aangesteek. Eers het die priester vuur van die heilige altaar wat oorspronklik deur die vuur van God aangesteek is geneem. Dan het hy eerste die lamp aangesteek wat bo-op die bak was. Hy het dan die tweede lamp met die vlam van die eerste aangesteek. Die derde lamp het dan sy vlam van die tweede lamp gekry, soos die vierde syne van die derde ontvang het, en so aan, totdat al sewe lampe gebrand het. Hierdie heilige vuur van die altaar, wat van lamp tot lamp oorgebring is, is 'n wonderlike tipe van die Heilige Gees in die sewe Kerkeeue. Die oorspronklike uitstorting van Pinkster (welke uitstorting direk gekom het van Jesus op die Genadetroon), voorsien Sy Kerk deur al die sewe eeue en toon op volmaakte wyse dat Jesus Christus gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is, die onveranderlike God in Sy wese en Sy weë.

In Johannes 15, het Jesus gesê: "Ek is die Wynstok, julle die lote." Hy is die Hoofwynstok, wat uit die oorspronklike wortel kom, van die oorspronklike saad, waarin die lewe is. Die wynstok dra nie vrugte nie; dit is die lote wat dit doen. Let op die volgende: Jy kan 'n sitrusboom soos 'n lemoenboom neem en daarop 'n pomelotak, of 'n suurlemoentak, of 'n nartjietak, en ander soorte van variëteite ent, en al daardie takke sal groei. Maar daardie oorgeënte takke sal nie lemoene dra nie. O nee. Die suurlemoentak sal suurlemoene dra, die pomelotak sal pomelos dra, en so aan. Tog sal daardie takke geil groei op die

lewe van die boom. Maar as daardie boom ooit nog ’n tak van sy eie voortbring, sal dit ’n lemoentak wees en lemoene dra. Waarom? Omdat die lewe in die tak en die lewe in die boomstam identies is, terwyl dit nie die geval met die geënte takke is nie. Daardie oorgeënte takke het hul oorsprong in ander soorte lewe van ander bome verkry, van ander wortels, van ander saad. O, hulle sal wel vrugte dra, maar hulle sal nie lemoene dra nie. Hulle kan nie, want hulle is nie die oorspronklike nie.

Dit is soos die kerk is. Die wynstok is verdeel en takke is daarop oorgeënt. Hulle het Baptiste-lote daarop geënt, Metodiste-lote, Presbiteriaanse lote, en Pinkster-lote. En daardie lote dra Baptiste-, Metodiste-, Pinkster-, en Presbiteriaanse vrugte. (Denominasiesade waaruit hulle hul vrugte voortbring.) Maar indien die wynstok ooit nog ’n eie tak sou voortbring, sal daardie tak presies soos die wynstok self wees. Dit sal dieselfde soort tak wees as wat op die dag van Pinkster voortgebring is. Dit sal in tale spreek, profeteer, en die krag en tekens van die opgewekte Jesus Christus daarin hê. Waarom? Omdat dit floreer op die natuurlike bronne van die wynstok self. Sien u, dit was nie op die wynstok oorgeënt nie; dit was in die wynstok GEBORE. Toe daardie ander takke oorgeënt was, was dit net in staat om hul eie vrugte te dra, want hulle was nie uit daardie wynstok gebore nie. Hulle weet nie van daardie oorspronklike lewe en oorspronklike vrug nie. Deurdat hulle nie daaruit gebore is nie kan hulle nie weet nie, maar as hulle daaruit gebore was, sou daardie selfde lewe wat in die oorspronklike stam (Jesus) was deur hulle gekom het en deur hulle gemanifesteer het. Johannes 14:12: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na My Vader gaan.”

Denominasies wat deur die mens gerig word, kan nie uit God gebore wees nie; want dit is die Gees wat die lewe gee, NIE DIE MENS NIE.

Hoe aangrypend om te dink aan daardie sewe lampe wat lig en lewe uit die bron van die hoofbak put omdat hulle pitte daarin gedoop is. Elke kerkeeu-boodskapper word hier uitgebeeld. Sy lewe is aan die brand met die Heilige Gees. Sy pit (lewe) is versonke in Christus. Deur daardie pit trek hy die einste lewe van Christus in en daardeur gee hy lig aan die kerk. Watter soort lig gee hy? Die einste selfde lig wat in die eerste lamp was wat aangesteek was. En reg af deur die eeue tot die huidige tyd van die laaste dag se boodskapper, word dieselfde lewe en dieselfde lig gemanifesteer deur ’n lewe wat verborge is met Christus in God.

Nie alleen kan ons só van die boodskappers praat nie, maar elke ware gelowige word dramaties hier uitgebeeld. Hulle put

almal uit dieselfde bron. Hulle is almal in dieselfde bak gedoop. In sigself is hulle dood en is hul lewens verborge met Christus in God. Hulle is verseël deur die Heilige Gees. Efésiërs 4:30: "En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing." Geen mens kan hulle uit Sy hand ruk nie. Daar kan nie met hul lewens gepeuter word nie. Die sigbare lewe brand en skyn, en gee lig en openbaar die Heilige Gees. Die innerlike, onsigbare lewe is verborge in God en word gevoed deur die Woord van die Here. Satan kan hulle nie skaad nie. Selfs die dood kan hulle nie skaad nie, want die dood het sy angel verloor; die graf het sy oorwinning verloor. Dank God, hulle bereik hierdie oorwinning in en deur die Here Jesus Christus. Amen en amen.

NIE MEER DIE PRIESTER NIE

Openb. 1:13: "En tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die Mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel."

Daar staan Hy, Een soos die Seun van die Mens. Net soos die juweel se prag vergroot word deur die montering van die ring, so word Hy verheerlik in hierdie omringende kerke. Dit is die dag van die Here; want Johannes sien Hom daar staan, nie as 'n priester nie, maar as die Regter wat kom. Die goue gordel is nie meer om Sy middel gegord waar die priester dit moes dra terwyl hy diens verrig aan God in die Allerheiligste nie; dit is nou om Sy skouers, want nou is Hy nie meer die priester nie, maar die REGTER. Johannes 5:22 is nou volbring: "Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee." Sy diens is verrig. Die priesterskap is afgehandel. Die dae van die profesie is afgehandel. Hy staan omgord as die REGTER.

DIE SEWEVOUDIGE HEERLIKHEID VAN SY PERSOON

Openb. 1:14–16: "Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en Sy oë soos 'n vuurvlam, en Sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en Sy stem soos die stem van baie waters. En in Sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit Sy mond uitgegaan, en Sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag."

Hoe diep ontroerend en inspirerend was die verskyning van Jesus aan Johannes, wat in ballingskap was ter wille van die Woord en kyk, die Lewende WOORD staan nou voor hom. Hoe insiggewend is die visioen nie, want elke beskrywende kenmerk is van betekenis. Wat 'n openbaring van Sy heerlike Wese.

1. *Sy Hare Wit soos Sneeu*

Eers merk en noem Johannes die witheid van Sy hare. Dit was wit, en helder soos sneeu. Dit was nie vanweë Sy ouderdom nie. O, nee. Die skitterende wit hare dui nie op ouderdom nie, maar op ervaring, rypheid, en wysheid. Die Ewige Een word nie oud nie. Wat beteken tyd vir God? Tyd is van min betekenis vir God, maar wysheid beteken baie. Dit is soos toe Salomo tot God geroep het om wysheid om *regspraak* uit te oefen oor die volk Israel. Nou kom Hy, die Regter van die hele aarde. Hy sal gekroon wees met wysheid. Dit is wat die wit en glinsterende hare aandui. Lees Dan. 7:9–14: "Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; Sy kleed was wit soos sneeu en die hare van Sy hoof soos skoon wol; Sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan; die Gereg het gaan sit, en die boeke is geopen. Ek het toe bly kyk vanweë die stem van die groot woorde wat die horing gespreek het; ek het bly kyk totdat die dier gedood en sy liggaam vernietig en aan die verbranding deur vuur oorgegee is. Ook aan die ander diere is hulle heerskappy ontneem, en verlenging van die lewe is aan hulle gegee tot op tyd en uur. Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van die Mens, en Hy het gekom tot by die Oue van Dae, en hulle het Hom nadergebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en Sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie." Daar is dit. Daniël het Hom met daardie wit hare gesien. Hy was die Regter wat die boeke geopen en daaruit geoordeel het. Daniël het Hom gesien kom in wolke. Dit is presies wat Johannes gesien het. Hulle het Hom albei presies dieselfde gesien. Hulle het die Regter gesien met Sy geregsgordel oor Sy skouers, wat staan, suiwer en heilig, vol wysheid, ten volle bevoeg om die wêreld in regverdigheid te oordeel. Halleluja.

Selfs die wêreld verstaan hierdie simboliek, want in die ou tyd het die regter verskyn en die hof byeengeroep, geklee in 'n wit pruik en lang kleed (van die hoof tot by die voete) wat op sy volkome gesag om regspraak te lewer, gedui het.

2. *Sy Oë soos 'n Vuurvlam*

Dink daaraan. Daardie oë wat eenmaal verdof was deur trane van smart en medelye. Daardie oë wat in meegevoel gehuil het by die graf van Lasarus. Daardie oë wat nie die kwaad in die moordenaars wat Hom aan 'n kruis gehang het, gesien het nie, maar in smart uitgeroep het: "Vader, vergewe hulle." Nou is daardie oë 'n vuurvlam, die oë van die Regter Wat sal vergeld diegene wat Hom verwerp het.

Hy het dikwels geween, en hierdie menslike emosie het Hy meer as enige ander emosie geopenbaar toe Hy as die Seun van die Mens verskyn het. Nogtans agter die geween en die smart was dit steeds God.

Daardie selfde oë het visioene gesien. Hulle het diep gekyk in die harte van mense en hul diepste gedagtes gelees en al hul verskillende weë geken. Uit sterflike oë het God gegloei, Wat uitgeroep het tot hulle wat Hom nie geken het vir wat Hy was nie, "... As julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe." Johannes 8:24. "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet julle My nie glo nie; maar as Ek dit (die werke van My Vader) doen, al glo julle My nie, glo die werke..." Johannes 10:37,38. Soos Jeremia van ouds, was Hy die wenende profeet, want die mense het nie die Woord van God aanvaar nie en het die openbaring verwerp.

Daardie vurige, vlammende oë van die Regter is selfs nou besig om die lewe van elke mens op te teken. Turende heen en weer oor die aarde, is daar niks wat Hy nie weet nie. Hy ken die begeertes van die hart en wat elkeen van plan is om te doen. Daar is niks verborge wat nie geopenbaar sal word nie, want alle dinge is ontblote voor Hom met Wie ons te doen het. Dink daaraan, selfs nou weet Hy wat u dink.

Ja, Hy staan daar as Regter met vlammende oë om die oordeel te bring. Die dag van genade is verby. Ag, as die mense hulle maar net sal bekeer en Sy aangesig soek in regverdigheid terwyl daar nog tyd is. As hulle maar net Sy boesem as rusplek sal aanneem voordat die wêreld in vuur opgaan.

3. *Die Voete soos Koper*

"En Sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond." Koper is bekend vir die merkwaardige hardheid daarvan. Daar is niks bekend wat mens daarby kan voeg om dit te temper nie. Maar hierdie koper wat Sy voete beskrywe is selfs meer merkwaardig, aangesien dit die toets van die vuuroond deurstaan het, 'n toets wat niemand anders deurgemaak het nie, en dit is presies reg: want koper dui op die Goddelike Oordeel; 'n oordeel wat God neergelê en tot uitvoer gebring het. Johannes 3:14–19: "En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die Mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het Sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. En dit is die

oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos." Num. 21:8,9: "Daarop sê die Here aan Moses: Maak vir jou 'n giftige slang en sit dit op 'n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe. Toe het Moses 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal gesit: en as 'n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang, het hy in die lewe gebly." Israel het gesondig. Die sonde moes geoordeel word. Daarom het God Moses beveel om 'n koperslang op 'n paal te plaas, en hy wat gekyk het, is gered van die straf van sy sonde.

Die koperslang aan die paal het die sonde van die Tuin van Eden gesimboliseer, waar die slang Eva verlei het en haar laat sondig het. Koper dui oordeel aan, soos gesien word in die koperaltaar waar die straf van die sonde vereffen was in die offer op die altaar. Toe God in die dae van Elia die oordeel oor Israel gebring het, het Hy die reën teruggehou en die vurige hemele het soos koper geword. Nou in hierdie illustrasie sien ons dat die slang aan die paal sonde reeds geoordeel verteenwoordig, want dit is van koper gemaak, en toon dat die Goddelike oordeel reeds oor die sonde gevel is. Wie dan ook na die slang aan die paal gekyk en die betekenis daarvan aanvaar het, is gesond gemaak, want dit was die werk of redding van die Here.

Die slang aan die paal is 'n tipe van wat Jesus kom vervul het op aarde. Hy is vlees gemaak sodat Hy op Homself die oordeel van God vir die sonde kon neem. Die fondament van die offeraltaar was soliede koper en tipifeer die Lam wat geslag is reeds voor die grondlegging van die aarde. Die oordeel oor Hom was alreeds gevel toe daar nog nie eens sondaars was nie. Aangesien redding slegs van die Here kom, het Hy die parskuip van die grimmigheid van God alleen getrap. Sy klere was rooi gekleur met Sy eie bloed. Die vuuroond van die regverdige oordeel en die grimmigheid van God was Sy deel. Hy het gely, die regverdige vir die onregverdige. "U is waardig, o Lam van God, want U het ons met U eie bloed gekoop." Terwille van ons oortredings is Hy deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel: die straf wat vir ons vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Die Here het ons ongeregtighede op Hom geplaas. Hy het gely soos geen ander mens ooit gely het nie. Selfs voor die kruisiging het Hy van Sy liggaam groot druppels soos bloed gesweet soos in die intense wroeging van die beproewing wat voorgelê het, selfs die bloed in Sy are het geskei. Lukas 22:44: "En toe Hy in 'n ware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en Sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val."

Maar eendag sal daardie voete van koper op die aarde staan. En die Regter van die hele aarde sal Hy wees, en met

regverdigheid en volmaaktheid sal Hy die mens oordeel. Dit sal nie moontlik wees om daardie oordeel vry te spring nie. Geen afwending van daardie geregtigheid nie. Daar sal geen versagting wees nie. Hy wat onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en hy wat vuil is, laat hom nog vuiler word. Die Onveranderlike Een, sal nie dan verander nie, want Hy het nog nooit en Hy sal ook nooit verander nie. Daardie voete van koper sal die vyand vergruis. Hulle sal die antichris vernietig, die dier en die beeld en alles wat afskuwelik is in Sy oë. Hy sal die kerkstelsels vernietig wat Sy Naam geneem het, net om die glans daarvan te bederf, en hulle saam met die antichris verbrysel. Al die goddelose, die ateïste, die ongelowiges, die moderniste, die liberales, hulle almal sal daar wees. Die dood, die hel, die graf sal daar wees. Ja, hulle sal. Want wanneer Hy kom, sal die boeke geopen word. Dit is wanneer ook die louwarm kerk en die vyf dwase maagde sal verskyn. Hy sal die skape van die bokke skei. Wanneer Hy kom sal Hy die koninkryk oorneem, want dit is Syne, en saam met Hom sal wees die duisende maal tienduisende, Sy Bruid, wat kom om Hom te dien. Eer aan God! O, dit is nou of nooit. Bekeer voor dit te laat is. Ontwaak tussen die dode en soek God om vervul te word met Sy Gees, of u sal die ewige lewe misloop. Doen dit terwyl daar nog tyd is.

4. *Sy Stem Was soos die Stem van Baie Waters*

Nou wat verteenwoordig die waters? Hoor dit in Openb. 17:15: “. . . die waters wat jy gesien het, . . . is volke en menigtes en nasies en tale.” Sy stem was soos die stem van menigtes wat praat. Wat is dit? Dit is die oordeel. Want hierdie is die stemme van die menigtes van getuies wat deur die Heilige Gees regdeur al die eeue vir Christus getuig en Sy Evangelie verkondig het. Dit sal die stem van elke mens wees wat opgaan tot veroordeling van die sondaar wat nie ag op waarskuwing geslaan het nie. Die stemme van die sewe boodskappers sal hard en duidelik gehoor word. Daardie getroue predikers wat die reddingskrag van Jesus verkondig het, wat die waterdoop in Jesus se Naam verkondig het, wat die vervulling en krag van die Heilige Gees verkondig het, wat by die Woord gestaan het meer as by hul eie lewens; hulle almal was die stem van Jesus Christus deur die Heilige Gees regdeur die eeue. Johannes 17:20: “Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo.”

Het u al ooit daaraan gedink hoe skrikwekkend dit is vir ’n mens wat hulpeloos na ’n waterval dryf? Dink nou aan daardie gedreun terwyl hy ’n gewisse dood tegemoet gaan. En presies net so kom die oordeelsdag wanneer die gedreun van die menigte stemme u verdoem omdat u nie ag geslaan het voordat dit te laat was nie. Gee hierdie selfde uur ag. Want op hierdie oomblik word u gedagtes in die hemel opgeteken. Daar spreek

u gedagtes luider as u woorde. Soos die Fariseër wat voorgegee het met sy mond maar nie na die Here geluister het nie, wie se hart bedorwe en boos geword het totdat dit te laat was. Dit kan nou u laaste kans wees om na die Woord te luister en daardeur die ewige lewe te ontvang. Wanneer u die gedreun van die menigte stemme van oordeel en verdoemenis nader, sal dit te laat wees.

Het u al egter ooit opgelet hoe lieflik en rustig die geluid van water kan wees? Ek hou van visvang, en ek hou daarvan om ’n plekkie te vind waar die water al kabbelend fluister. Ek kan net terugleun en luister hoe dit in vrede en vreugde en voldaanheid tot my hart spreek. Hoe bly is ek om geanker te wees in die hawe van rus waar die stem van die Here vrede spreek, soos die Woord van die waters van skeiding verklaar het. Hoe dankbaar moet ons wees om Sy stem van liefde en sorg en leiding en beskerming te hoor. En eendag sal ons daardie selfde soet stem hoor spreek, nie in oordeel nie, maar om ons te verwelkom wie se sondes deur Sy bloed uitgewis is, wie se lewens gevul is met die Gees, en wie in die Woord gewandel het. Wat kan kosbaarder wees as om die menigte verwelkomende stemme te hoor en om omring te wees deur daardie menigtes wat geglo het tot die ewige lewe? O, daar is niks wat daarmee vergelyk kan word nie. Ek bid dat u Sy stem sal hoor en nie u hart verhard nie maar Hom as u Koning sal aanneem.

O, as u dit net sal insien. Dit was die waters wat die wêreld vernietig het, maar dit was dieselfde waters wat Noag gered het en ook die hele aarde vir Noag gered het. Luister na Sy stem, die stem van Sy dienaars, soos dit roep tot bekering en lewe.

5. *In Sy Regterhand Was Sewe Sterre*

“En in Sy regterhand het Hy sewe sterre gehou.” Nou natuurlik weet ons reeds uit vers 20 wat die sewe sterre werklik is. “Die verborgenheid van die sewe sterre is die engele (boodskappers) van die sewe gemeentes.” Ons kan onmoontlik hier ’n fout maak, aangesien Hy dit vir ons verklaar. Daardie sewe sterre is die boodskappers na die sewe opeenvolgende kerkeeue. Hulle word nie by name genoem nie. Hulle word net getel as sewe, een vir elke eeu. Van die Efésiese Eeu tot op hierdie Laodicense Eeu het elke boodskapper die boodskap van die waarheid vir die mens gebring, en nooit misluk om dit die Woord van God vir daardie bepaalde kerkeeu te hou nie. Elkeen het daarby gebly. Hulle was onwankelbaar in hul lojaliteit teenoor die oorspronklike lig. Soos elke kerkeeu van God afvallig geword het, het Sy getroue boodskapper daardie eeu laat terugkeer tot die Woord. Hulle krag was uit die Here, of hulle sou nooit die gety kon keer nie. Hulle was veilig in Sy sorg, want niks kon hulle uit Sy hand ruk nie, nog kon enigiets

hulle skei van die liefde van God, of dit nou siekte, gevaar, naaktheid, hongersnood, die swaard, lewe of dood was. Hulle was waarlik aan Hom oorgegee en is gesteun deur Sy alvermoë. Hulle was nie besorg oor die vervolging wat hulle weg langs gekom het nie. Pyn en bespotting was vir hulle slegs rede om God te loof omdat hulle waardig geag is om vir Hom te ly. En in dankbaarheid vir Sy saligmaking het hulle gegloei met die lig van Sy lewe en het Sy liefde, geduld, sagmoedigheid, selfbeheersing, vriendelikheid en getrouheid weerspieël. En God het hulle gerugsteun met wonders, tekens en wonderwerke. Hulle is daarvan beskuldig dat hulle fanatici en dwepers was. Hulle is afgekeur deur organisasies en bespot, maar het getrou gebly aan die Woord.

Nou dit is nie moeilik om 'n stand te neem vir 'n geloofsbelydenis en daaraan getrou te bly nie. Dit is maklik, want die duiwel is daaragter. Maar dit is geheel iets anders om getrou te bly aan God se Woord en om terug te gaan na wat die Woord oorspronklik opgelewer het na Pinkster.

Nie lank gelede nie het 'n man vir my gesê dat die Rooms-Katolieke kerk die ware kerk moet wees aangesien dit getrou gebly het aan dit wat hulle deur al die jare geglo het, en steeds gegroei het sonder om te verander. Dit is glad nie so nie. Enige kerk wat deur die regering gesteun word en wat sy eie geloofsbelydenis het, wat glad nie die Woord is nie, en sonder 'n bekragtigde bediening is wat veroorsaak dat die duiwel nie onthuts raak nie, kon sekerlik voortgaan. Dit is nie 'n maatstaf nie. Maar as u dink aan daardie klein groepie wat opgesaag was en vir die leeus gevoer is, wat vervolg en van bakboord na stuurboord gejaag is, en nogtans aan die Woord getrou gebly het—nou dit sou definitief God *moes* wees. Hoe hulle hul geloofstryd kon oorleef en nogtans voortgegaan het: DIT is die wonderwerk.

En hierdie troos is nie net vir die sewe kerkeeu-boodskappers alleen nie. Elke ware gelowige is in die hand van God en kan put van Sy liefde en krag, en die volle voordeel ontvang van alles wat God vir die gelowige is. Wat God aan die boodskapper gee en hoe Hy die boodskapper gebruik en seën, dien as voorbeeld van Sy goedheid en sorg vir alle gelowiges en ALLE lede van Sy liggaam. Amen.

6. *Die Tweesnydende Swaard*

"En 'n skerp tweesnydende swaard het uit Sy mond uitgegaan." Dit sê in Hebreërs 4:12: "Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart." Uit Sy mond het die skerp tweesnydende swaard uitgegaan, wat die WOORD VAN GOD is. Openb. 19:11–16.

"Toe het ek die hemel geopen gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En Sy oë was soos 'n vuurvlam, en op Sy hoof was baie krone; en Hy het 'n naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy Self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en Sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit Sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op Sy kleed en op Sy heup die Naam wat geskrywe is: DIE KONING VAN DIE KONINGS EN DIE HERE VAN DIE HERE."

Johannes 1:48: "Natánael sê vir Hom: Waarvandaan ken U my? Jesus antwoord en sê vir hom: Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien." Daar is dit. Wanneer Hy kom, sal daardie Woord kom teen alle nasies en mense. En niemand sal dit kan weerstaan nie. Dit sal openbaar wat in elke hart was, soos Hy met Natánael gedoen het. Die Woord van God sal toon wie die wil van God gedoen het en wie nie. Dit sal die geheime dade van elke mens blootlê en waarom hy dit gedoen het. Dit sal van mekaar skei. Dit is wat daar staan in Rom. 2:3 "En meen jy, o mens wat hulle oordeel wat sulke dinge doen, en dit self doen, dat jy die oordeel van God sal ontvlug?" Dit gaan dan voort om te sê hoe God die mens sal oordeel. Hier is dit in vers 5 tot 17. Die verharde, onboetvaardige hart sal geoordeel word. Die werke sal geoordeel word. Die motiewe sal geoordeel word. Daar sal geen aanneming van die persoon by God wees nie; maar almal sal volgens daardie Woord geoordeel word, niemand sal ontkom nie. Diegene wat gehoor het en nie wou luister nie, sal geoordeel word volgens wat hulle gehoor het. Diegene wat stil gesit het en gesê het dat hulle glo, maar dit nie uitgeleef het nie, sal geoordeel word. Elke geheim sal aan die lig gebring word en van die dakke verkondig word. O, dan sal ons waarlik die geskiedenis verstaan. Daar sal geen geheim uit al die eeue oorbly nie.

Maar weet u dat Hy die hartsgeheime van manne en vroue openbaar in *hierdie* eeu waarin ons leef? Wie anders as die Woord Self kan die geheime van die hart openbaar? Heb. 4:12: "Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart." Dit is die Woord. Dit verrig nou waarvoor Dit gestuur is, want Dit (die Woord) is vol krag. Dit is dieselfde Gees wat in Jesus (die Woord) was, wat nou weer in die kerk teenwoordig is, in hierdie laaste eeu as 'n

laaste teken om die mens weg te lei van die oordeel af, want hulle wat Hom (die Woord) verwerp, word nou reeds geoordeel omdat hulle Hom opnuut kruisig. Heb. 6:6: "En afvallig geword het om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak."

Nou Paulus het gesê dat die Woord in krag sowel as stem gekom het. Die verkondigde Woord het homself in werklikheid bewys. Soos 'n vlammende, snydende swaard het dit tot die gewete van die mens deurgedring en soos die mes van 'n snydokter het dit siektes uitgesny en gevangenes bevry. Oral waar daardie vroeë gelowiges gegaan het, "het hulle die Evangelie (Woord) verkondig en God het die Woord bevestig met tekens". Siekes is gesond gemaak, duiwels is uitgedryf, en hulle het in nuwe tale gespreek. Dit was die Woord in aksie. Daardie Woord het nog nooit in die mond van gelowige Christene gefaal nie. En in hierdie laaste eeu is dit hier, sterker en groter as ooit in die ware Woordbruid. O, klein kudde, julle klein minderheid, hou vas aan die Woord, vul u mond en hart daarmee, en eendag sal God aan u die koninkryk skenk.

7. *Sy Aangesig soos die Son*

"En Sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag."

Matthéüs 17:1–13: "En na ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes, sy broer, saamgeneem en hulle op 'n hoë berg in die eensaamheid gebring. En Hy het voor hulle van gedaante verander, en Sy aangesig het geblink soos die son, en Sy klere het wit geword soos die lig. En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elia in gesprek met Hom. Toe begin Petrus vir Jesus te sê: Here, dit is goed dat ons hier is; as U wil, laat ons hier drie hutte maak: vir U een en vir Moses een en een vir Elia. Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom! En toe die dissipels dit hoor, het hulle op hul aangesigte geval en was baie bevrees. En Jesus het nader gekom en hulle aangeraak en gesê: Staan op en moenie vrees nie. Toe slaan hulle hul oë op en sien niemand meer nie, behalwe Jesus alleen. En onderwyl hulle van die berg afklim, het Jesus hulle bevel gegee en gesê: Julle moet vir niemand iets van die gesig sê voordat die Seun van die Mens uit die dode opgestaan het nie. En sy dissipels vra Hom en sê: Waarom sê die skrifgeleerdes dan dat Elia eers moet kom? En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dis waar, Elia kom eers en sal alles herstel; maar Ek sê vir julle dat Elia al gekom het, en hulle het hom nie erken nie, maar aan hom alles gedoen wat hulle wou. So sal die Seun van die Mens ook deur hulle ly. Toe verstaan die dissipels dat Hy met hulle van Johannes die Doper gespreek het."

Nou in Matthéüs 16:28, wat Matthéüs 17:1–13 voorafgaan, het Jesus gesê: "... daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die Seun van die Mens in Sy koninkryk sien kom het nie." En die drie apostels het dit inderdaad net so gesien — die orde van Sy tweede koms. Hulle het Hom daar gesien, verheerlik op die berg. Sy gewaad was skitterwit en Sy aangesig het geblink soos die son in sy krag. En daar toe Hy verskyn het, het Moses en Elia weerskante van Hom gestaan. Dit is presies soos Hy weer sal kom. Elia sal sekerlik eerste kom en die hart van die kinders (bruid) terugbring na die vaders se Apostoliese Leer van die Woord. Maleági 4:5,6: "Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie."

Israel is reeds 'n nasie. Sy is nou gevestig met haar leërs, vloot, posstelsel, vlag, en alles wat op nasieskap betrekking het. Maar die Skrif moet nog vervul word wat sê: "... Of word 'n nasie met een slag gebaar?..." Jes. 66:8 Daardie dag kom spoedig. Die vyeboom het gebot. Die Israeliete wag op die Messias. Hulle verwag Hom en hul verwagting is op die punt om vervul te word. Israel sal Geestelik wedergebore word, want haar Lig en Lewe is op die punt om aan haar geopenbaar te word.

In Openb. 21:23: "En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp." Dit is die nuwe Jerusalem. Die Lam sal in daardie stad wees en vanweë Sy teenwoordigheid sal daar geen lig nodig wees nie. Die son sal nie daar opkom en skyn nie, want Hy Self is die Son en Lig daarvan. Die nasies wat daarin kom sal in Sy lig wandel. Is u nie bly dat die dag naby is nie? Johannes het die dag gesien kom. Ag, Here Jesus, kom gou!

Maleági 4:1–3: "Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die Leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie. Maar vir julle wat My Naam vrees, sal die Son van Geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder Sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal. En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die Here van die Leërskare." Daar is dit weer. Die SON wat skyn in al sy krag. O, die krag van die Seun van God wat skyn te midde van die sewe goue kandelare. Daar staan Hy, die Regter, die Een wat vir ons gely en gesterf het. Hy het die toorn van die Goddelike oordeel op Hom geneem.

Hy trap die parskuip van die toorngloed van die grimmigheid van God alleen. Soos ons reeds gesê het, vir die sondaar is Sy stem soos die klank van die waterval of die branders wat in doodsgolwe op die rotsagtige kus aanslaan. Maar vir die heilige is Sy stem soos die klank van die murmelende waterstroompie wanneer jy daar lê en rus, tevrede in Christus. Hy skyn op ons met Sy warm strale van liefde en sê: "Moenie vrees nie, Ek is Hy Wat Was, Wat Is, Wat Kom: Ek is die Almagtige. Buiten My is daar geen God nie. Ek is die Alfa en die Omega, die ALLES daarvan." Hy is die Lelie van die Dale, die Blinkende Môrester. Hy is die mooiste uit tienduisend vir my siel. Ja, daardie dag is gereed om aan te breek, en die Son van Geregtigheid sal kom met genesing onder Sy vleuels.

DIE SEËVIERENDE CHRISTUS

Openb. 1:17,18: "En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan Sy voete; en Hy het Sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die Eerste en die Laaste, en die Lewende; en Ek was dood en kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood."

Geen mens kon die volle effek van daardie gesig verduur nie. Met sy krag totaal uitgeput, het Johannes soos 'n dooie aan Sy voete geval, maar die hand van die Here het hom in liefde aangeraak en die stem van seën het gesê: "Moenie vrees nie; moenie bang wees nie. Ek is die Eerste en die Laaste, en Die Lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid." Wat is daar om te vrees? Die oordeel wat oor Hom gevel was aan die kruis, by die graf, en toe Hy neergedaal het, was vir ons. Hy het die volle geweld van die skok van die wond van die sonde geabsorbeer en daar is dus nou geen veroordeling meer vir hulle wat in Christus Jesus is nie. Sien met sekerheid dat ons "Voorspraak" ook ons "Regter" is. Hy is beide "Voorspraak" en "Regter". As Regter is "die saak beslis" — dit is afgehandel. Daar is dus nou geen veroordeling meer nie. Waarom sou die kerk vrees? Watter belofte het Hy nagelaat om in ons midde te manifesteer? Waarom sou dit straf of die dood vrees? Dit is alles te bowe gekom. Hier is die magtige oorwinnaar. Hier is die Een Wat beide wêrelde van die sigbare en onsigbare oorwin het. Nie soos Alexander nie, wat op die ouderdom van drie-en-dertig die wêreld oorwin het, maar niks meer gehad het om te oorwin nie en toe gesterf het, die slagoffer van die sonde en losbandige leefwyse. Nie soos Napoleon, wat die hele Europa oorwin het, maar by Waterloo verslaan is en na Elba verban is net om homself as oorwonne te bevind nie. Maar niks kon Christus oorwin nie. Hy wat neergedaal het, het nou opgevaar bokant alles, en aan Hom is

’n Naam gegee wat bokant elke naam is. Ja, Hy het die dood, die hel en die graf oorwin, en het die sleutels daarvan. Wat Hy ontbind is ontbonde, en wat Hy bind, is gebonde. Dit kan nie verander word nie. Daar was geen oorwinnaar voor Hom nie, en daar is geeneen behalwe Hy nie. Hy alleen is die Saligmaker, Verlosser. Hy is die ENIGSTE God: en “Here Jesus Christus” is Sy Naam.

“Moenie vrees nie, Johannes. Moenie vrees nie, klein kudde. Julle is die erfgenaam van alles wat Ek is. Al my krag behoort aan julle. My alvermoë is julle s’n soos ek in jul midde staan. Ek het nie gekom om vrees en mislukking te bring nie, maar liefde en moed en bekwaamheid. Alle mag is aan My gegee en dit is julle s’n om te gebruik. Julle spreek die Woord en Ek sal dit ten uitvoer bring. Dit is My verbond en dit kan nooit faal nie.”

DIE SEWE STERRE EN KANDELAARS

Openb. 1:20: “Die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in My regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele (boodskappers) van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes.”

Ons het alreeds die waarheid van hierdie twee geheime ontdek. O, ons het nie openbaar wie die sewe boodskappers was nie, maar met God se hulp sal ons dit doen en sal daardie geheim opgelos word. Ons ken die sewe eeue. Hulle word in die Woord gelys en ons sal elkeen behandel om sodoende te kom by hierdie laaste eeu waarin ons leef.

Met een laaste vlugtige blik op hierdie hoofstuk, sien ons Hom soos Hy daar staan tussen die goue kandelaars met die sewe sterre in Sy regterhand. O, dit is asemrowend om Hom daar te sien staan in Sy Allerhoogste Goddelikheid. Hy is die Regter, die Priester, die Koning, die Arend, die Lam, die Leeu, die Alfa, die Omega, die Begin en die Einde, die Vader, Seun, Heilige Gees, Hy Wat Was, Wat Is, Wat Sal Kom, die Almagtige, die ALLES IN ALLES. Daar is Hy, die Leidsman en die Voleinder. Waardig is daardie Lam! Hy het Sy waardigheid bewys toe Hy ons redding deur Homself gekoop het. Nou staan Hy in al Sy mag en Sy glorie met alle dinge aan Hom as Regter toevertrou.

Ja, daar staan Hy tussen die kandelaars, met die sterre in Sy hand. Dit is nag, want dit is dan dat ons lampe vir lig gebruik, en dit is dan wanneer die sterre gesien word, skitterend, weerspieëlend die lig van die son. En dit is donker. Die kerk wandel deur die geloof in die duisternis. Haar Here het die aarde verlaat maar die Heilige Gees skyn nog deur die

kerk en verskaf lig aan hierdie ou sondevervloekte wêreld. En daardie sterre weerkaats ook Sy lig. Die enigste lig wat hulle het, is Sy lig. Hoe donker is dit — hoe geestelik koud. Tog wanneer Hy in die midde daarvan kom is dit lig en warm, en die kerk ontvang krag en deur Hom doen hulle die werke wat Hy gedoen het.

O, as ons Hom maar, soos Johannes, vlugtig kon gesien het. Watter soort mense behoort ons te wees, wanneer ons op daardie dag voor Hom verskyn!

As u nog nie u lewe aan Hom gegee het nie, mag u op hierdie oomblik u hart tot God rig, en kniel net waar u is, en vra Hom om vergifnis van u sondes, en gee u lewe aan Hom oor. Dan sal ons probeer om die Sewe Kerkeeue saam te benader; en terwyl ons dit doen bid ek tot God om hierdie onwaardige dienskneg te help om Sy Woord aan u te openbaar.

HOOFSTUK DRIE

DIE EFÉSIESE KERKEEU

Inleiding tot die Kerkeeu

Ten einde u 'n volledige begrip van die boodskap van die Kerkeeue te gee, wil ek graag die verskillende beginsels verduidelik wat my in staat gestel het om die name van die boodskappers, die duur van die eeue en ander faktore daarby betrokke, vas te stel.

Aangesien hierdie studie die ernstigste sou wees wat ek tot dusver onderneem het, het ek vir vele dae die aangesig van God gesoek vir die inspirasie van die Heilige Gees. Toe eers het ek die Skrif oor die Kerkeeue gelees en die talle kerkgeskiedenisse bestudeer wat geskryf is deur die mees onbevooroordeeldste geskiedskrywers wat ek kon vind. God het my gebede verhoor, want terwyl ek die Woord en die geskiedenis gelees het, is ek deur die Heilige Gees in staat gestel om 'n patroon te sien ontvou wat regdeur die eeue heen loop tot in die huidige, laaste dag.

Die sleutel deur die Here aan my gegee en wat my in staat gestel het om die boodskapper vir elke eeu te bepaal, is 'n suiwer Skriftuurlike een. Dit kan inderdaad die Hoeksteen van die Bybel genoem word. Dit is die openbaring dat God nooit verander nie, en dat Sy weë net so onveranderlik is as Hy. In Heb. 13:8 staan daar: "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid." Pred. 3:14,15: "Ek het ingesien dat alles wat God doen, vir ewig sal bestaan: daar kan niks bygevoeg en daar kan niks van weggeneem word nie; en God het dit so gemaak dat hulle moet vrees voor Sy aangesig. Alles wat is, was alreeds; en wat sal wees, was alreeds; en God soek weer op wat verbygegaan het." Hier is dit: 'n onveranderlike God met onveranderlike weë. Wat Hy aan die BEGIN gedoen het, sal Hy doen tot dit vir die LAASTE keer gedoen is. Daar sal nooit 'n verandering wees nie. Pas dit nou op die Kerkeeue toe. Die soort man wat God vir die eerste eeu gekies het, en hoe God Hom in daardie man se bediening manifesteer het, sal die voorbeeld vir al die ander eeue wees. Wat God in die eerste kerkeeu gedoen het, is wat Hy in al die ander eeue wil doen.

Nou weet ons presies uit die Woord, wat deur die Heilige Gees opgeteken is, hoe die eerste, of oorspronklike kerk gestig is en hoe God Hom in daardie kerk haar gemanifesteer het. Die Woord kan nie verander of verander word nie, want die Woord is God. Johannes 1:1: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." Om een woord daarvan te verander, soos Eva gedoen het, bring sonde en dood, soos daar in Openb. 22:18,19 geskrywe staan: " . . . As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg

waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woord van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die Boek van die Lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is." Wat die kerk dus by Pinkster was, vorm die standaard. Dit is die patroon. Daar is geen ander patroon nie. Ongeag wat die geleerdes sê, God het NIE daardie patroon verander nie. Wat God by Pinkster gedoen het, moet Hy aanhou doen totdat die kerkeeue tot 'n einde kom.

Alhoewel die geleerdes u mag vertel dat die apostoliese eeu verby is, moet u dit nie glo nie. So 'n stelling is in twee opsigte verkeerd. Ten eerste is dit verkeerd om te veronderstel dat daar nie meer apostels is, net omdat die oorspronklike twaalf dood is nie. Apostel beteken ''n gesant'; en daar is vandag baie gesante, maar hulle word sendelinge genoem. Solank mense geroep en uitgestuur word met die Woord van die Lewe, is daar 'n apostoliese eeu aan die gang. Ten tweede, hulle verwys na 'n tydperk, van 'gemanifesteerde krag van die Heilige Gees' wat verby sou wees aangesien die Bybel voltooi is. Dit is onwaar. Daar is nie eers een Skriftuurlike aanduiding daarvoor nie; maar daar is talle wat beslis op die teenoorgestelde dui. Hier is ons bewys dat beide hierdie aantygings verkeerd is. Handelinge 2:38,39: "En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep." Die belofte van krag waarmee die apostels by Pinkster aangedoen was, is vir "julle (Jode), en julle kinders (Jode) en almal wat daar ver is (Heidene), die wat die Here onse God na Hom sal roep (beide Jode en Heidene)." Totdat Hy ophou om te roep, sal die Pinksterboodskap en krag NIE EINDIG NIE.

Wat die kerk by Pinkster ontvang het, is haar onvervreembare reg. Sy het oorspronklik die suiwer Woord van God gehad. Sy het die krag van die Gees gehad, gemanifesteer in 'n verskeidenheid van tekens en wonders en gawes van die Heilige Gees. Heb. 2:1-4: "Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie. Want as die Woord deur engele gespreek, onwankelbaar was, en elke oortreding en ongehoorsaamheid (aan die Woord) regverdige vergelding ontvang het, hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid verontagsaam wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur die wat dit gehoor het, terwyl God ook nog saam getuig het deur tekens en wonders en allerhande kragtige dade en bedelinge van die Heilige Gees volgens Sy wil?" Daardie oorspronklike kerk is nie deur mense georganiseer nie. Dit is deur die Heilige Gees gelei. Dit was nie baie groot nie. Dit was gehaat en verag. Dit

was verdruk. Dit was tot die dood toe vervolg. Maar dit het aan God getrou gebly. Dit het gehou by die oorspronklike Woordpatroon.

Moet nou nie hier mislei word nie. Toe ek gesê het dat God Sy weë nooit verander nie, het ek nie gesê dat die kerk en sy boodskappers nie kan verander nie. Die kerk is nie God nie. Dus kan sy verander. Maar wat ek gesê het was, dat, omdat God en Sy weë onveranderlik is, ons kan teruggaan na die begin en kyk na die eerste en perfekte handelinge van God en dan volgens daardie standaard oordeel. Dit is hoe dit gedoen word. Die Ware Kerk sal altyd poog om te wees soos die oorspronklike by Pinkster. Die Ware Kerk van vandag sal poog om daardie vroeë, eerste een na te volg. En die boodskappers aan die kerke, met dieselfde Gees van God in hulle, sal die apostel Paulus probeer navolg. Hulle sal nie presies soos hy wees nie; maar die ware boodskappers sal diegene wees wat die naaste aan Paulus kom, wat vry was van alle mense, hulle aan God oorgegee het en slegs die Woord van God voortgebring het, en die Heilige Gees in krag gemanifesteer het. Niemand anders sou geskik wees nie. Jy moet van die oorspronklike af werk. Net soos elke soort van sy eie soort voortbring, so sal die Ware Kerk altyd die een wees wat poog om in die voetspore van die grondleggers by Pinkster te volg, en haar boodskappers sal die apostel Paulus navolg, die eerste boodskapper na die eerste kerkeeu. So eenvoudig is dit, en so wonderlik.

Met hierdie sleutel, so eenvoudig maar tog so wonderlik, was ek, met die hulp van die Heilige Gees, in staat gestel om die Boek Openbaring en die geskiedenis te lees en om daarin elke kerkeeu, elke boodskapper, die duur van elke kerkeeu, en die rol wat elkeen in die voorneme van God gespeel het, te vind vanaf Pinkster tot aan die einde van daardie eeue.

Aangesien u nou begryp hoedat ons kan oordeel hoe die Ware Kerk daar uitgesien het (wat sy by Pinkster was en wat sy in die apostoliese eeu was soos uiteengesit in die Woord, in die Boek Handelinge), kan ons dieselfde reël toepas om vir ons te toon hoe die kerk gefaal het. Die basiese dwaling, of dwalings, wat by die eerste kerk ingesluip het en wat in die Boeke Handelinge en die Openbaring asook in die Sendbriewe geopenbaar word, sal meer en meer merkbaar word in elke daaropvolgende eeu, totdat ons kom by ’n totale verduistering van die waarheid in die laaste, of Laodicenciese Eeu.

Nou, uit hierdie eerste sleutel wat ons van die Here ontvang het, kom daar ’n ander en effens minder wonderlike waarheid. Ek het gesê dat die Ware Kerk altyd sou poog om te wees soos dit was in die Boek Handelinge. Dit is presies reg. Maar ons het ontdek dat die Woord ook leer van ’n binnedringing van dwaling totdat daar ’n algehele verduistering van die waarheid sal wees in die laaste dag

wanneer die Here op die punt is om te verskyn. Nou ontstaan die vraag in ons gedagte: Sal God Sy eie versaak en laat verval in ’n staat van algehele misleiding? Geensins, want die Skrif sê baie duidelik in Matt. 24:24 dat die ‘Uitverkorenes’ NIE verlei kan word nie: “Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, AS DIT MOONTLIK WAS, ook die uitverkorenes te mislei.” Wat dan? Die antwoord is duidelik voor ons. Daar is ’n Ware Kerk en ’n *valse kerk*. Daar is ’n Ware Wynstok en ’n valse wynstok. Maar natuurlik sal daardie valse kerk, die valse wynstok liggaam, altyd probeer om haar die posisie van die Ware Kerk toe te eien en sal sy aanvoer dat sy, en nie die Uitverkorene nie, die ware en egte kerk is. Die valse sal probeer om die Ware dood te maak. Dit is hoe dit was in die Boek Handelinge, dit is soos dit vorendag gekom het in die sewe eeue, en dit is hoe dit in die verskillende Sendbriewe uiteengesit word. Dit is hoe dit was. Dit is hoe dit *nou* is. Dit is hoe dit *sal wees*. Dit kan nie verander nie.

Laat ons nou baie versigtig wees dat ons nie op hierdie punt verwar raak nie. Ons sal dus die Woord nagaan om ons bewering te staaf. Kom ons gaan terug na die Boek van die begin, Génesis. Daar was TWEE bome in die Tuin van Eden. Een was goed; die ander een boos. Een het die LEWE voortgebring; die ander een het Dood voortgebring. Daar was twee kinders wat oorspronklik offerandes aan God gebring het. Laat my dit herhaal, hulle ALBEI het offerandes aan God geoffer. Gen. 4:3–5: “En na verloop van tyd het Kain van die vrugte van die land aan die Here ’n offer gebring. En Abel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring en van hulle vet. En die Here het Abel en sy offer genadig aangesien, maar Kain sy offer nie aangesien nie. . . ” Maar een (Kain) was boos, afkomstig van sy vader (daardie Bose Een), terwyl Abel regverdig was voor die Here. Weereens, daar was twee kinders uit die vlees gebore van dieselfde ouers. Hulle was die tweeling van Isak en Rebekka. Een was die uitverkorene van God en die ander een was ’n verworpeling. Beide het God aanbid. In elke afsonderlike geval was aanbidding van God betrokke. In elke geval het die goddelose een die regverdige een gehaat en hom vervolg. In sommige gevalle het die bose die regverdige vernietig. Maar let hierop. Hulle is saam verwek. Hulle het saam geleef. Hulle albei het hulle op God beroep en God aanbid.

Hierdie illustrasies beskrywe volkome die gelykenis van die Here Jesus Christus toe Hy gesê het dat die koninkryk van die hemele soos ’n man is wat goeie saad gesaai het, slegs om te vind dat die vyand onkruid tussen die goeie saad gesaai het. God het nie die onkruid geplant nie. Satan het daardie onkruid geplant, *tussen die goeie saad van God*. Daardie twee soorte

plante (mense), uit twee verskillende sade, het saam opgegroei. Hulle het hul voedingskrag uit dieselfde grond geput, hulle het dieselfde son, reën en ander voordele benut, en beide is om die beurt geoes. Sien u dit ? Moet nooit hierdie waarhede vergeet terwyl ons die kerkeeue en later die seëls bestudeer nie. Bowenal moet u nie vergeet dat dit in hierdie laaste kerkeeu is, wanneer die onkruid saamgebind word om gebrand te word, dat hulle die koring sal uitdruk wat deur die Here versamel sal word nie.

Ek wil hierdie gedagte heelpad deurvoer; kom ons gaan dus ’n stappie verder. Het u ooit die geskiedenis van herlewings bestudeer? Nou ’n herlewing dui op ’n beweging deur God in krag. En elke keer as God beweeg, is Satan ook daar om te beweeg. Dit faal nooit nie. In die tyd van die groot Walliese herlewing (en meeste mense weet nie hiervan nie) het die sielsieke-inrigtings gou vol geword, en was daar ’n groot tentoonstelling van duiwelse mag om die aandag van God af weg te trek. Daar is geskryf dat in Wesley se dae die mense die eienaardigste dinge, wat beslis van die Satan was, gedoen het in ’n poging om die goedheid en krag van God ’n bespotting te maak. Daar word vertel dat in die tyd van Luther die wonder van sy bediening nie soseer geleë was in die feit dat hy op geslaagde wyse teen die Roomse Kerk in opstand gekom het nie, maar dat die wonder daarin gelê het dat hy daarin kon slaag om normaal en ongeskonde te bly tussen die fanatici wat dikwels vervul was met en gelei is deur verkeerde geeste. En as u bewus was van die bediening in hierdie laaste dae sou u dieselfde binnedringing deur valse en bose geeste agtergekom het. Dit moet so wees. Nou hoop en vertrou ek dat u geestelik genoeg ingestem is om dit te begryp en daaruit voordeel te trek.

Net om hierdie punt aangaande die vermenging van die Ware en valse wynstokke en om die twee werkende geeste te demonstreer, laat ons kyk na 1 Johannes 4:1-4 en Judas 3,4,12. “Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en HY IS NOU AL in die wêreld . Julle is uit God, my kinders, en het hulle (die gees van die Antichris) oorwin, omdat Hy (die Gees van God) wat in julle is groter is as hy wat in die wêreld is.” Judas 3,4,12: “Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die HEILIGES oorgelewer is. Want SEKERE MENSE (nie Heiliges

nie) het ingesluip (hulle het nie in die kudde ingekom deur die DEUR nie en hulle is dus rowers) wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel. GODDELOSE mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën. Hulle is skandvlekke in julle liefdemaaltye, wat sonder vrees SAAM fees hou en hulleself voer. . . " In die lig van hierdie Skrifte kan daar nie ontken word dat die Ware Kerk en die valse kerk verstrengel is nie, saam geplant, maar uit verskillende saad.

Nou is daar nog iets wat ek dink u behoort te weet. Die sewe kerke wat deur Johannes aangespreek word, is in Klein-Asië en was almal Heidense kerke. Hy spreek nie tot die kerk in Jerusalem nie, wat hoofsaaklik Joods was met moontlik net 'n paar Heidene daarin nie. Die rede is dat God weggedraai het van die Jode en Hom tot die Heidene gewend het. Dus is al die kerkeeue die handeling van God met die Heidene, en die uitroep van 'n heidense Bruid vir Homself. Dit maak die 'Kerkeeue' en 'Die volheid van die Heidene' een en dieselfde ding. Handelinge 13:44-48: "En op die volgende sabbatdag het byna die hele stad saamgekom om die Woord van God te hoor. Maar toe die Jode die skare sien, is hulle met nydigheid vervul en het met lasterlike woorde weerspreek wat deur Paulus gesê is. Maar Paulus en Barnabas het vry uit gespreek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die Woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julle self die ewige lewe nie waardig ag nie, kyk, ons wend ons tot die Heidene. Want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het U 'n lig van die nasies gemaak, sodat U tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde. En toe die Heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die Woord van die Here geprys: en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe." Rom. 11:1-8: "Ek vra dan: Het God miskien Sy volk verstoot? God verhoede dit! Want ek is ook 'n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin. God het Sy volk wat Hy vooruit geken het, nie verstoot nie. Of weet julle nie wat die Skrif in die gedeelte oor Elia sê nie? hoe hy by God optree teen Israel en sê: Here, hulle het U profete gedood en U altare het hulle afgebreek, en ek het alleen oorgebly, en hulle soek my lewe. Maar wat sê God se antwoord aan hom? Ek het vir Myself seweduisend manne laat oorbly wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie. Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die uitverkiesing van die genade. En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is genade geen genade meer nie. Maar as dit dan werke is, dan is dit nie meer genade nie: anders is werke geen werke meer nie. Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkiesing het dit verkry, en die ander is verblind. (Soos geskrywe is, God het hulle gegee 'n gees van diepe slaap, oë om nie te sien nie en ore om nie te hoor nie,) tot vandag toe."

Rom. 11:25-29: "Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die blindheid ten dele oor Israel gekom het totdat die Volheid van die Heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend; en dit is van My kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem. Wat die Evangelie betref, is hulle wel vyande terwille van julle; maar wat die uitverkiesing betref, bemindes terwille van die vaders. Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik."

Hierdie sewe kerke wat in Klein-Asië geleë was, het in daardie vroeë tyd sekere eienskappe besit wat die rype vrug van latere kerkeeue geword het. Dit wat toe net saadplantjies was het later in 'n ryp oes uitgekom, net soos Jesus gesê het: "Want as hulle dit doen aan die groen hout, was sal met die droë hout gebeur?" Lukas 23:31

DIE BOODSKAP AAN DIE EFÉSIESE KERKEEU

Openbaring 2:1-7

Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dit sê Hy wat die sewe sterre in Sy regterhand hou, Wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:

Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het;

En dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en terwille van My Naam gearbei en nie moeg geword het nie.

Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.

Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.

Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat.

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die Boom van die Lewe wat binne-in die paradys van God is.

DIE BOODSKAPPER

Die boodskapper (engel) aan die gemeente van Éfese was die apostel Paulus. Dat hy die boodskapper aan die eerste eeu

van die Heidense era was, kan nie ontken word nie. Hoewel die outoriteit om die deure vir die Heidene te open, aan Petrus gegee is, is dit aan Paulus gegee om hulle apostel en profeet te wees. Hy was die Profeet-Boodskapper aan die Heidene. Sy profetiese amp, waardeur hy die volle openbaring van die Woord vir die Heidene ontvang het, het hom bekragtig as hulle apostoliese boodskapper. Die ander apostels in Jerusalem het hiermee saamgestem. Gal. 1:12-19: "Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus. Want julle het gehoor van my lewenswandel vroeër in Jodedom, dat ek die gemeente van God uitermate vervolg en dit verwoes het; en dat ek in die Jodedom vooruitgegaan het bo baie van my leeftyd onder my stamgenote, terwyl ek veral 'n yweraar was vir die oorleweringe van my voorvaders, maar toe dit God behaag het, Wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur Sy genade geroep het, om Sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die Heidene sou verkondig, het ek dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie, en ook nie na Jerusalem opgegaan na die wat voor my apostels was nie, maar na Arabië vertrek en weer teruggekom na Damaskus. Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly; en ek het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here." Gal 2:2: "Maar ek het opgegaan op grond van 'n openbaring en hulle die Evangelie voorgelê wat ek onder die Heidene verkondig; en afsonderlik aan die wat in aansien was, dat ek nie miskien tevergeefs sou loop of geloop het nie." Gal 2:6-9: "Maar van die wat in aansien was wat hulle vroeër was, maak by my geen verskil nie; God neem die persoon van die mens nie aan nie—hulle dan wat in aansien was, het my niks meer opgelê nie. Maar, inteendeel, toe hulle sien dat aan my die Evangelie vir die onbesnedenes toevertrou is, net soos aan Petrus die Evangelie vir die besnedenes—want Hy Wat Petrus bekragtig het met die oog op apostelskap vir die besnedenes, het my ook bekragtig met die oog op die Heidene-en toe hulle merk die genade wat aan my gegee is, het Jakobus en Céfas en Johannes, wat as pilare geag is, aan my en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee, sodat ons na die heidene en hulle na die besnedenes kon gaan." Rom. 11:13: "Want aan julle Heidene sê ek: Vir sover as ek 'n apostel van die Heidene is, verheerlik ek my bediening."

Paulus het die kerk van Éfese om en by die middel van die eerste eeu gestig. Dit stel ons in staat om die datum van die begin van die Efésiese Kerkeeu te stel op ongeveer 53 n.C.

Die wyse waarop hy sy bediening waargeneem het, het die patroon gestel waarna alle toekomstige boodskappers sou streef, en stel inderdaad die patroon vir elke ware leraar van

God, hoewel hy, wat die profetiese aspek betref, nie dieselfde hoogtepunte as Paulus sou kon bereik nie. Paulus se bediening het 'n drievoudige hoedanigheid gehad, en was soos volg:

Eerstens was Paulus absoluut getrou aan die Woord. Hy het nooit daarvan afgewyk nie, wat dit ook al gekos het. Gal. 1:8–9: "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees. Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees!" Gal. 2:11,14: "Maar toe Petrus in Antiochië gekom het, het ek hom openlik teëgestaan, omdat hy veroordeeld gestaan het." "Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die Evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat 'n Jood is, soos 'n Heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die Heidene om soos Jode te lewe?"

I Kor. 14:36,37: "Of het die Woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom? As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die Here is."

Let daarop dat Paulus ongeorganiseerd, maar deur die Gees gelei was, soos toe God Moses beweeg het om Israel uit Egipte uit te lei. Die raad in Jerusalem het nie vir Paulus uitgestuur nie, nòg het dit enige mag of jurisdiksie oor hom gehad. God en God alleen, het hom gestuur en gelei. Paulus was nie van mense nie, maar van God. Gal. 1:1: "Paulus, 'n apostel nie vanweë mense of deur 'n mens nie, maar deur Jesus Christus en God die Vader wat Hom uit die dode opgewek het." Gal. 2:3–5 "Maar self is Titus, wat by my was, nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy 'n Griek is; en dit vanweë die ingesmokkelde valse broeders wat ingesluip het om ons vryheid te bespied wat ons in Christus Jesus het, sodat hulle ons in diensbaarheid kon bring; aan wie ons self nie 'n oomblik in onderworpenheid toegegee het nie, sodat die waarheid van die Evangelie by julle bestendig sou bly."

Tweedens was sy bediening in die krag van die Gees en daardeur is die gesproke en geskrewe Woord gedemonstreer. I Kor. 2:1–5: "En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie, want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en in veel bewing; en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van Gees en krag, sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God." Handelinge 14:8–10: "En in Listre het daar 'n man gesit wat magteloos was aan sy

voete, kreupel van sy geboorte af, en hy het nooit geloop nie. Hy het geluister terwyl Paulus spreek; en Paulus het die oë op hom gehou, en, toe hy sien dat hy geloof het om gesond te word, met 'n groot stem gesê: Staan regop op jou voete! En hy het opgespring en begin rondloop." Handelinge 20:9–12: "En 'n sekere jongman met die naam van Eútichus het in die venster gesit en weggesink in 'n diepe slaap; en toe Paulus nog lank gepreek het, is hy oorweldig deur die slaap en het van die derde verdieping afgeval en is dood opgetel. Toe gaan Paulus ondertoe en val op hom en slaan sy arms om hom en sê: Moenie so te kere gaan nie, want sy lewe is in hom. En hy het boontoe gegaan en brood gebreek en geëet; en nadat hy nog 'n geruime tyd gespreek het tot dagbreek toe, het hy vertrek. En hulle het die seun lewendig huis toe weggebring en was uitermate getroos." Handelinge 28:7–9: "Nou het die hoof van die eiland, wie se naam Publius was, in die omgewing van daardie plek 'n stuk grond gehad, en hy het ons ontvang en drie dae lank vriendelik geherberg. En die vader van Publius het siek gelê aan koors en buikloop. En Paulus het ingegaan na hom toe, en nadat hy gebid het, hom die hande opgelê en hom gesond gemaak. En hierna het ook die ander wat siektes gehad het op die eiland, na hom gekom en is genees." 2 Kor. 12:12: "Die kentekens tog van 'n apostel is onder julle verwerklik met alle volharding deur tekens en wonders en kragtige dade."

Derdens het hy die klaarblyklike vrug van sy Godgegewe bediening gehad. 2 Kor. 12:11: "Al roemende het ek dwaas geword. Julle het my daartoe genoodsaak. Want ek moes deur julle aanbeveel geword het; want ek het niks by die uitnemende apostels agtergestaan nie, al is ek niks nie." I Kor. 9:2: "As ek vir ander geen apostel is nie, is ek dit tog sekerlik vir julle, want julle is die seël op my apostelskap in die Here." 2 Kor. 11:2: "Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel." Paulus het die vermoë gehad om 'n menigte van Heidense skape in te bring; hy het hulle gevoed en hulle versorg, totdat hulle regverdige vrugte voortgebring het en voorbereid was om die Here te ontmoet as deel van die Heidenbruid.

Ten tye van die gee van die Openbaring, volgens tradisie, het Paulus reeds as 'n martelaar gesterf, maar Johannes was besig om in sy plek voort te gaan presies soos Paulus gedoen het in die dae van sy bediening. Die dood van Paulus, voor die Openbaring gegee was, doen geheel en al nie weg met die feit dat hy die boodskapper aan die Efésiese Kerkeeu was nie, want die boodskapper vir elke eeu, ongeag van wanneer hy kom of gaan, is die persoon wat deur middel van 'n Woord-gemanifesteerde bediening daardie eeu vir God beïnvloed. Paulus was daardie man.

DIE STAD ÉFESE

Die stad Éfese was een van die drie grootste stede in Asië. Dit was dikwels die derde stad van die Christelike geloof genoem, met Jerusalem as die eerste en Antiochië die tweede. Dit was 'n baie ryk stad. Die regering was Romeins, maar die taal was Grieks. Historici glo dat Johannes, Maria, Petrus, Andréas en Filippus almal in hierdie pragtige stad begrawe is. Paulus, wat die ware geloof in die stad gegrondves het, het slegs ongeveer drie jaar daar gearbei; maar, wanneer hy weg was van die gemeente was hy gedurig en biddend gedagtig aan hulle. Timótheüs was die eerste opsiener daarvan. I Tim. 1:1–3: "Paulus, 'n apostel van Jesus Christus, volgens die bevel van God, ons Verlosser, en van die Here Jesus Christus, ons Hoop, aan Timótheüs, my ware kind in die geloof: Genade, barmhartigheid, vrede van God onse Vader en Christus Jesus, onse Here. Soos ek jou versoek het toe ek na Macedónië op reis was, moet jy in Éfese wag om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie."

Die naam self, Éfese, het 'n eienaardige, samegestelde betekenis, "Gemik op" en "Ontspanne". Die hoë strewes van hierdie eeu wat begin het met die volheid van die Gees, "die diepte van God", waardeur hulle gemik het op die hoë roeping van God, het begin swig voor 'n minder waaksame houding. 'n Minder vurige navolging van Jesus Christus is begin openbaar as voorteken dat in die toekomstige eeue die fisiese draer, wat die kerk genoem word, sou sink tot die verskriklikheid van die "diepte van Satan". Dit het ontspanne geraak en begin wegdryf. Die eeu was reeds besig om afvallig te word. Dit het sy eerste liefde verlaat. Die klein saadjie wat in daardie Efésiese Eeu geplant is, sou eendag groei in die gees van dwaling totdat alle bose voëls van die lug in sy takke sou nes maak. Daardie klein plantjie sou so onskuldig vir die menslike redenasievermoë voorkom dat daardie Nuwe Eva (die Nuwe Kerk) weer deur die Satan mislei sou word. Die Efésiese Eeu het aan haar die geleentheid tot God se beste gebied, en vir 'n tydlank het sy volhard, maar toe ontspan, en in daardie onbewaakte oomblik het Satan die saad van algehele vernietiging geplant.

Die godsdiens self van Éfese is 'n perfekte voorbeeld van hierdie eerste eeue en dui op die verloop van die kerkeeu wat sou volg. In die eerste plek het die manjifieke tempel van Diana, waarvan die bouwerk oor soveel jare gestrek het, in sy heilige binnehowe die mees glanslose en onopvallendste beeld van Diana gehuisves wat mens jou kon voorstel. Sy was totaal anders as enige van haar ander beelde geplaas in die ander tempels opgedra aan haar. Sy was eenvoudig 'n byna vormlose vroulike figuur uiteindelik gesonke binne-in die blok hout waaruit sy gesny was. En haar twee arms was gevorm uit twee eenvoudige ysterstawe. Hoe volmaak skets dit die gees van die

antichris wat in die eerste eeu losgelaat is. Hy was daar losgelaat tussen die mense, maar het nog geen vorm aangeneem om die mense te verontrus nie. Tog het die twee arms van ysterstawe getoon dat dit sy oogmerk was om die werk van God te vernietig namate hy inbreuk maak. Niemand het hom of wat hy besig was om te doen, opgemerk nie. Op 'n dag sou hulle agterkom, wanneer met daardie arms van yster sy 'dade' 'n 'leerstelling' word en sy leerstelling die wet van 'n ryk.

Die orde van die tempeldiens is ook baie onthullend. Ten eerste was daar priesters wat eunugs was. Hierdie onvrugbare priesterdom het die onvrugbaarheid voorspel van 'n mensdom wat sou afdwaal van die Woord, want 'n mensdom wat daarop aanspraak maak dat hulle God apart van die Woord ken, is net so sonder lewe as 'n onvrugbare eunug. Ten tweede het die tempel binne sy grense die maagdelike priesteresse gehuisves wat die godsdienstige handelinge van die tempel verrig het. Dit het gedui op die dag dat seremonie en vorm, ritueel en werke, die plek van die Heilige Gees sou inneem en charismatiese manifestasie nie meer die tempel van God sou vul nie. Oor hulle almal was daar die hoëpriester gestel, 'n man met politieke mag en openbare invloed, wat gedui het op iets wat reeds aan die gang maar nie te ooglopend was nie, naamlik dat die kerk binnekort oorgegee sou word aan die leierskap van die mens met planne van mense en ambisies van mense, en dat "so spreek die Heilige Gees" nie meer 'n lewende werklikheid sou wees nie. En onder hulle almal was die tempelslawe wat geen keuse gehad het maar om onderdanig te wees aan die geestelike hiërargie nie. Wat anders kan dit beteken behalwe dat die dag sou kom wanneer die gevestigde geestelikes, deur politieke maneufreerdery, staatshulp, en die vervanging van Woord en Gees met geloofsbelydenisse, dogmas, en menslike leierskap, die lekedom sou verslaaf; terwyl die leiers weelderig deur onregmatige rykdom sou leef en hulle vuil plesiere geniet en die arm mense wat volgens God gedien moes word, het nou die bediendes geword.

JESUS, SY BOODSKAPPER EN SY KERKE

Openb. 2:1 ". . . Dit sê Hy Wat die sewe sterre in Sy regterhand hou, Wat wandel tussen die sewe goue kandelaars." Dit is Hy van Wie gesê word, 'Dieselfde Jesus is BEIDE Here en Christus.' Daar is Hy, die Enigste Here God Almagtig, en buiten Hom is daar geen ander nie. Daar is Hy, die Saligmaker (". . .Die heil behoort aan die Here", Jona 2:9) Wat tussen die kerke regdeur die sewe eeue wandel. Wat Hy in die eerste eeu was, is Hy in alle eeue. Vir elke gelowige is Hy Jesus Christus, dieselfde gister en vandag en vir altyd. Wat Hy eens gedoen het, doen Hy steeds, en sal altyd doen.

U sal opmerk dat Jesus alleen wandel tussen Sy kerke. Daar is niemand saam met Hom nie. Nog kan daar inderdaad wees, want Hy alleen het haar verlossing bewerkstellig en deur haar met Sy eie bloed te koop besit Hy haar. Hy is haar Heer en Meester. Sy gee Hom al die heerlikheid en daardie heerlikheid sal Hy met niemand deel nie. Daar is geen pous by Hom nie. Daar is geen aartsbiskop by Hom nie. Maria, die moeder van Sy aardse liggaam is nie by Hom nie. Hy spreek nie en wend Hom dan tot 'n Vader nie, want Hy is die Vader. Hy wend Hom nie om bevele te gee aan 'n Heilige Gees nie, want Hy is God, ewige Gees, en dit is Sy Lewe wat deur die kerk vloei en pols en haar lewe gee en sonder Hom sou daar geen lewe wees nie. Verlossing is van die Here.

Daar was niemand by Hom toe Hy die geweldigheid van die grimmigheid van die vuuroond getrotseer het nie. Dit was nie iemand anders nie, behalwe Hy Wat aan die kruis gehang en Sy bloed gegee het. Hy is die Leidsman en Voleinder van ons geloof. Hy is die Alfa en die Oméga van ons verlossing. Ons is aan Hom verloof en nie aan 'n ander nie. Ons behoort nie aan die kerk nie. Ons behoort aan Hom. Sy Woord is wet. Geloofsbelydenisse, dogmas, verordeninge en konstitusies het geen uitwerking op ons nie. Ja, dit is Jesus ALLEEN Wat tussen die kerke wandel. Dit is God in haar wat wil en werk volgens die welbehae van sy wil. Moet dit nooit vergeet nie. U het slegs een verwantskap met God en God het slegs een verwantskap met u—dit is JESUS en JESUS ALLEEN.

Daar is Hy met die sewe sterre in Sy regterhand. Die regterhand of arm dui op die mag en gesag van God. Psalm 44:3: "Want hulle het die land nie deur hul swaard in besit geneem nie, en hul *arm* het hulle nie die oorwinning gegee nie, maar U *regterhand* en U *arm* en die lig van U aangesig, omdat U 'n welbehae in hulle gehad het." In daardie magtige regterhand is sewe sterre wat, volgens Openb. 1:20 die sewe kerkboodskappers is. Dit dui daarop dat die ware mag en gesag van God Sy boodskappers in elke eeu steun. Hulle gaan uit met die Woord in die vuur en krag van die Heilige Gees. Hulle is sterre want hulle weerkaats lig. Die lig wat hulle weerkaats is Sy lig. Hulle het geen lig van hulle eie nie. Hulle steek nie hulle eie vuur aan sodat mense in die lig van hul vonke kan wandel nie. Jes. 50:11. Dit is nag, want dit is dan wanneer die sterre uitkom. Dit is die nag van die donkerheid van die sonde, want almal (selfs die hele wêreld) het gesondig en altyddeur ontbreek dit hulle aan die heerlikheid van God. Rom. 3:23.

Hierdie sewe boodskappers stel God by die mense bekend. Hy wat hulle ontvang, ontvang Hom Wat hulle gestuur het. Johannes 13:20. Hulle spreek en handel op Sy gesag. Hy staan agter hulle met al die mag van die Godheid. Matt. 28:18–20: "En

Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee ALLE MAG in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, EK IS MET JULLE AL DIE DAE tot aan die voleinding van die wêreld (die voltooïng van die eeue)." Daar is hulle dus, vol van die Heilige Gees en geloof, brandende met die vuur van God, verkondigende die Woord van die waarheid, en daar staan Hy om hulle te rugsteun. En dink daaraan, nie een gelowige van enige eeu hoef ooit in sy hart uit te roep nie: "O, as ek maar in daardie tyd kon wees daar in die eerste eeu toe die apostels uitgestuur is." Dit is NIE nodig om terug te kyk nie. KYK OP! Aanskou Hom Wat nog steeds tussen die kerke deur al die eeue heen wandel. Aanskou Hom Wat dieselfde is, gister en vandag en vir altyd; en Wat nooit in wese verander of in Sy weë nie. Waar twee of drie in Sy Naam byeenkom, daar is Hy in hulle midde! En Hy is nie slegs in hulle midde as 'n selfvoldane waarnemer nie, of as die opname-engel nie; maar daar staan Hy en openbaar presies wat Hy is — die Lewe en Onderhouer en Gewer van alle goeie gawes aan die kerk. Halleluja!

"*Wat wandel tussen die sewe goue kandelaars.*" Hoe betekenisvol is daardie woorde wanneer dit beskou word in die lig van die Skrif, wat Hom beskryf as "Christus, wat ons Lewe is." Want Christus is, inderdaad, die lewe van die kerk. Sy het geen ander lewe nie. Sonder Hom is sy eenvoudig net 'n godsdienstige vereeniging, 'n klub, 'n betekenislose byeenkoms van mense. Nes 'n lyk, vol juwele en geklee, steeds 'n lyk is, só is die kerk, wat haar programme en deugsame pogings ook al mag bereik, is sy ook maar net 'n lyk sonder Christus. Maar met Hom in haar midde, met Hom om haar te motiveer, word sy tot verwondering van almal, "Sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul." In hierdie uur wandel Hy in die midde van die laaste eeu se goue kandelaar. Wat Hy was toe Hy in die eerste eeu gewandel het, is Hy ook nou in hierdie laaste eeu. Jesus Christus, DIESELFDE GISTER, VANDAG en vir ALTYD.

"*Sewe goue kandelaars*." In Eks. 25:31 staan daar: "Maak ook 'n kandelaar van SUIWER goud. Van DRYFWERK (geslae goud) moet die kandelaar, sy voetstuk en sy stam gemaak word; sy kelkies, sy knoppe en sy blomme moet, daarmee saam, uit een stuk wees." Die ware kerk van Jesus Christus, die bruid, word vergelyk met SUIWER goud. Haar regverdigheid is SY regverdigheid. Haar hoedanighede is SY eie heerlike hoedanighede. Haar identiteit word in Hom gevind. Wat Hy is, moet sy weerspieël. Wat Hy het, moet sy manifesteer. Daar is geen fout in haar nie. Sy is vol heerlikheid van binne en buite. Van begin tot end is sy die werk van haar Here, en al Sy werke

is volmaak. Inderwaarheid, is in haar die ewige wysheid en doel van God opgesom en gemanifesteer. Hoe kan mens dit peil? Hoe kan mens dit verstaan? Hoewel ons dit nie kan doen nie, kan ons dit in geloof aanvaar, want God het dit gespreek.

Maar die kandelaar is nie slegs van goud gemaak nie, dit is van GESLAE goud. Met die hand gemaak van geslae goud, volgens haar ontwerpplan wat deur die Gees gegee is. Buiten haar Here en Meester, Jesus Christus, was daar ooit 'n groep mense so gehamer en gesuiwer as die bruid van Jesus Christus? Sekerlik volbring sy die lyding wat Christus agtergelaat het. Haar goed word geplunder. Haar lewe is in gevaar. Sy word geag as skape vir die slagting. Sy word heeldag om die lewe gebring. Sy ly veel, maar desnieteenstaande neem sy nie weerwraak nie, nog veroorsaak sy dat andere ly. Waardig van die Evangelie is hierdie lieflike bruid van Christus, en soos goud pletbaar is, waar koper sal breek as dit gedryf word, sal hierdie goud van God haar lyding vir die Here verdra nie gebuig of gebreek, of vernietig word nie, maar gevorm word soos 'n voorwerp van skoonheid en 'n vreugde vir altyd deur die beproewinge en toetse van hierdie lewe.

CHRISTUS PRYS SY EIE

Openb. 2:2,3: "Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy die op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het; en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van My Naam gearbei en nie moeg geword het nie."

Hoe pragtig prys en loof die Saligmaker Sy kinders. Hy neem hul edel geesteshouding en gedrag ten volle in aanmerking. Hy weet dat daar swakheid onder hulle is, tot nog toe het Hy Hom nie daarteen uitgespreek nie. Is dit nie net soos die Here is nie? Hy weet hoe om ons in die regte dinge aan te moedig en hoe om ons in die verkeerde dinge te ontmoedig. Ons kan almal hier 'n goeie les leer oor hoe om die kerk en ons gesinne te bestuur. En nog beter, ons kon almal 'n goeie les leer, hierin dat God met elkeen van ons op presies hierdie manier handel. Moet nooit ontmoedig wees nie, Heilige van God, want God is nie ongenadig om u liefdesarbeid te vergeet nie. Wat ons ook al doen, selfs om 'n glas koue water aan iemand te gee, het 'n beloning en seën van die Here.

"*Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid.*" Soos Hy wandel te midde van Sy kerk is Hy bewus van die lyding van Sy mense en gee Hy om. Soos in die dae van die gevangeneskap in Egipte toe Hy hulle roepstem gehoor het, hoor Hy Wat nooit verander nie nog die roepstem van die verdruktes soos Hy tussen hulle wandel. Die woord arbeid self

dui op vermoeidheid as gevolg van verdrukkking. God se mense werk nie slegs vir Hom in liefdesarbeid nie, hulle ly ook met vreugde vir Hom. Hulle dra die juk geduldig. Hierdie eerste eeu het geweldige vervolging geken. Dit moes hard werk om die Evangelie te preek en die waarheid te verkondig. Hul hoë roeping in die lewe was om God te dien en wanneer hulle hoop in die lewe tot niks gekom het nie, het hulle geduldig gebly en alles toevertrou aan Hom Wat 'n ewige vergoeding in die hemel beloof het vir alles wat hulle op aarde vir Hom opgeoffer het.

Ek dink ons behoort hier stil te staan en die gedagte te ondersoek dat God se mense nog altyd vervolg is en altyd sal wees. U weet dat Génesis die boek van oorsprong is, en dit wat u vind wat daar begin het, sal deurlopend wees deur die Openbaring en nooit verander nie. Ons sien daar dat Kain vir Abel vervolg en doodgemaak het omdat laasgenoemde God se guns ontvang het. Dan sien ons 'n perfekte beeld in Abraham se seun van die vlees, Ismael, wat Isak, die seun van belofte, geterg en teen hom geveg het. En daar was Esau, wat vir Jakob gehaat het en hom sou doodgemaak het, as God nie tussenbeide getree het nie. In die Nuwe Testament vind ons Judas wat vir Jesus verraai, terwyl die godsdienstige ordes van die eerste eeu gepoog het om die vroeë gelowiges te vernietig. Die kinders van hierdie wêreld, beheer deur die duiwel, haat die kinders van God wat deur die Gees beheer word.

Maak geen saak hoe regverdig en opreg 'n Christen voor die publiek is nie, en hoe hoflik hy teenoor sy medemense optree nie, en niks doen behalwe goed nie; laat hom net vir Christus as sy Saligmaker bely en die werkinge van die gawes van die Heilige Gees erken in die spreek van tale, profesië, genesing en wonders, en hy sal veroordeel word. Die gees van dié wêreld haat die Gees van God, en omdat dit nie die Gees van die Here kan oorwin nie, probeer dit om die houer waarin die Gees van Waarheid woon, te vernietig.

Vervolging en beproewinge is 'n natuurlike, normale deel van die Christelike lewe. Daar is net een ding wat u daaromtrent kan doen. Vertrou dit alles aan God toe, moenie oordeel nie, en laat die uitwerking daarvan en die finale oordeel aan Hom oor.

"*Dat jy slegte mense nie kan verdra nie;* en dat jy die op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het." Hierdie Efésiërs het geglo dat God se mense heilig moet wees. Volgens dié verse het hulle stappe gedoen om die liggaam ongesuurd van sonde te hou. Dit is klaarblyklik dat die afvalligheid reeds begin het. Die sonde het die kerk binnegedring. Maar hulle was gehoorsaam aan die woorde van Paulus toe hy gesê het dat hulle moet wegdoen met die goddelose mense onder hulle. Hulle was afgesonderde

mense; hulle het uitgekom uit die wêreld en sou nou nie toelaat dat die wêreld weer in hulle midde kom nie. Hulle sou nie sonde in die kerk duld nie. Vir hulle was heiligheid nie net 'n frase of beeldspraak nie; dit was 'n lewenswyse.

"*Dat jy die op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het.*" Goeiste, dit is 'n onomwonde stelling. "Jy het dié op die proef gestel wat sê dat hulle apostels is." Is dit nie aanmatigend nie? Watter reg het sekere mense om diegene op die proef te stel wat hulself apostels noem? En hoe stel hulle diegene op die proef? O, ek hou hiervan. Hier is dit in Gal. 1:8: "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle (reeds) verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!" Dit was die apostels wat die oorspronklike Woord aan die mense gebring het. Daardie oorspronklike Woord kon nie verander nie, selfs nie 'n punt of streep daarvan nie. Paulus het geweet dat dit God was Wat met hom gespreek het, dus het hy gesê: "Selfs as ek sou kom en probeer om 'n tweede openbaring te gee, probeer om een klein verandering aan te bring in wat ek aanvanklik gebring het, laat my vervloek wees." Sien julle, Paulus het geweet dat die eerste openbaring korrek was. God kan nie 'n eerste openbaring gee, dan 'n tweede openbaring nie. As Hy sou, sou Hy Sy gedagtes verander. Hy kan 'n openbaring gee en dan daar byvoeg, soos Hy gedoen het in die Tuin van Eden toe Hy die Saad aan die vrou belowe het en toe later bepaal het dat daardie Saad deur Abraham moes kom, en toe later gesê het dit sou deur dieselfde bloedlyne kom in Dawid. Maar dit was dieselfde openbaring. Dit het die mense slegs meer inligting gegee om hulle te help om dit te ontvang en verstaan. Maar God se Woord kan nie verander nie. Die Saad het gekom net soos geopenbaar is. Halleluja. En kyk wat het daardie valse apostels gedoen. Hulle het met hul eie woord gekom. Daardie Efésiërs het die Woord geken soos Paulus dit geleer het. Hulle was vol van die Heilige Gees deur die oplegging van Paulus se hande. Hulle het daardie valse apostels in die oë gekyk en gesê: "Julle sê nie wat Paulus gesê het nie. Julle is dus vals." O, dit steek my hart aan die brand. Keer terug tot die Woord. Dit is nie u wat die apostel, en profeet en leermeester op die proef stel nie, DIT IS DIE WOORD WAT HULLE OP DIE PROEF STEL. Een van die dae gaan daar 'n profeet na die Laodicense Kerkeeu kom en u sal weet of hy die ware een is, deur God gestuur of nie. Ja, u sal, want as hy van God is, SAL HY IN DAARDIE WOORD WEES PRESIES SOOS GOD DIT AAN PAULUS GEGEE HET. HY SAL VIR GEEN OOMBLIK VAN DAARDIE WOORD AFWYK NIE. NIE MET EEN JOTA NIE. In daardie laaste eeu, wanneer daar vele valse profete sal verskyn, hou dop en kyk hoe hulle sal aanhou om u te vertel dat as u nie in hulle glo en in wat hulle sê nie, u verlore sal wees; maar wanneer daardie PROFEET VAN DIE LAASTE

DAE op die toneel verskyn sal hy, as hy werklik daardie profeet is, uitroep: "Keer terug tot die Woord, of u is verlore." Hy sal nie bou op 'n private openbaring of interpretasie nie, maar op die Woord. Amen, en Amen!

Hierdie valse apostels is die wrede wolwe waarvan Paulus gepraat het. Hy het gesê: "Nadat ek weg is sal hulle kom en probeer om op 'n gelyke openbaring aanspraak te maak; maar hulle doelstelling is nie om julle te help nie, maar om julle te vernietig." Handelinge 20:27-32: "Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie. Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur Sy eie bloed verkry het. Want ek weet dit, dat na my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat (hulle eie woord en idees, nie God s'n nie) om die dissipels weg te trek agter hulle aan. Daarom moet julle waak en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om elkeen met trane te vermaan nie. En nou, broeders, dra ek julle op aan God en aan die Woord van Sy genade, wat by magte is om julle op te bou en julle 'n erfdeel te gee onder al die geheiligdes."

Johannes het ook van hulle geweet, want hy sê in I Johannes 4:1 " . . . baie valse profete het (alreeds) in die wêreld uitgegaan." Daardie antichristiese gees was reeds besig om die kerk te infiltreer en het dit gedoen deur teen die Woord te gaan. Wel, hier is waar dit alles begin het. Reg hier in die eerste kerkeeu. Hulle het reeds die Woord verloën en hulle eie leerstellings en filosofieë opgestel in die plek van die Woord. Dit is antichristies, want Jesus is die Woord. Om anti-Woord te wees is om anti-Jesus te wees. Om anti-Woord te wees is om antichristies te wees, want die Gees en die Woord is EEN. As u anti-Woord is, moet u antichristies wees. EN AS DIT IN DIE EERSTE KERKEEU BEGIN HET, MOET DIT GROEI TOT DIE EINDE TOE WANNEER DIT OORNEEM. En dit is presies wat u sal sien namate ons al die eeue dek. Dit begin heel klein in die Efésiese Eeu en dit groei in elke eeu totdat die anti-Woordse, antichristiese sisteem heeltemal oorneem en die onfeilbaarheid van die Woord deur die valse apostels van die valse kerk verwerp word.

Dit is maklik om nou 'n verkeerde indruk te kry van dit wat ons bespreek, omdat ek dit so sterk stel. Dit kon vir u klink asof hierdie anti-Woordse, antichristiese gees 'n algehele verwerping van die Woord is, 'n ontkenning van die Bybel wat in die verwerping daarvan sy hoogtepunt bereik. O nee. Dis nie dit nie. Wat dit is, is Openb. 22:18,19: "Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die

plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die Boek van die Lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is." Dit is die verandering van selfs net EEN woord deur daarvan weg te neem of daarby te voeg. Dit is die oorspronklike skelmstreek van Satan in die Tuin van Eden. Hy het slegs een klein woordjie gevoeg by wat God gesê het. Dit het dit gedoen. Dit het dood en vernietiging gebring. En in Éfese was dit dieselfde. Net 'n woord bygevoeg, net 'n woord weggeneem, en die anti-Woordse, antichristiese gees het begin floreer.

Begryp u dit nou? Daar is daardie tweeling weer. Daar is daardie twee bome weer, wat sy aan sy groei in dieselfde aarde, deel in dieselfde voedsel, dieselfde reën indrink, bevoordeel word deur dieselfde son. Maar hulle kom uit VERSKILLENDE sade. Een boom is VIR die Woord van God, presies soos God dit gegee het, en het dit lief en gehoorsaam dit. Die ander boom is uit die saad wat teen die Woord van God is en dit verander waar dit wil. Dit stel sy eie geloofsbelydenisse en dogmas in die plek van die lewende, ware Woord, net soos Kain gedoen het, en op die ou end vir Abel doodgeslaan het. Maar moenie vrees nie, klein kudde. Bly by die Woord. *Hou daardie Woord tussen u en die duiwel.* Eva het dit nie gedoen nie, en sy het gefaal. En wanneer die kerk nalatig is op die Woord, gaan sy tot in die dieptes van die duisternis van die Satan.

"*En dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en terwille van My Naam gearbei en nie moeg geword het nie.*" Dit is amper dieselfde as wat in vers twee staan. Maar in vers twee kom die werke, arbeid en lydsaamheid uit die bewaking van die heilige Woord wat aan hulle toevertrou is. Hoe het hulle tog die teenstanders op 'n afstand gehou. Watter eer was hulle nie vir Paulus nie. Maar in hierdie vers is hul vervolginge en beproewinge en lydsaamheid ter wille van die heilige Naam van Jesus.

U weet dat dit glad nie eienaardig is nie, want dit is die Woord en die Naam wat die vyand soos 'n vloedwater agter ons laat afstuur. Daardie magtige Woord wat gemanifesteer was in genesings, tekens, wondere en ander demonstrasies, het die Fariseërs laat uitskree vir die dood van die ware gelowiges. En nou word daardie Naam, deur die Jode gehaat en verag, deur die geletterdes bespot soos hulle lag om te dink dat enigeen so dwaas kan wees om te glo in 'n man wat gesterf het en opgestaan het en nou in die hemel sit. So hier was die godsdienstige vervolgers, die Jode, wat hierdie Jesus gevloek het, Wie vir hulle 'n valse Messias was; en hier was die ander wat met genoeë gelag het en op sarkastiese wyse die Naam van 'n nuwe god bespot het, Wie vir hulle glad nie 'n god was nie.

Hier is nou nog iets wat in daardie eeu begin het en sal aanhou deur al die eeue, en dieper en donkerder word. Dit is, dat mense daardie Naam verwerp het. Dit was nie die ware Efésiese Kerk wat dit gedoen het nie. O nee. Dit was die valse apostels. Dit was die buitestaander wat probeer het om in te dring en die gelowiges te besoedel. Die Efésiërs het daardie Naam geken en dit liefgehad. Onthou die oorsprong van daardie Éfesiese Kerk. 'n Klein groepie mense wat op die uitkyk was vir die koms van die Messias, het gehoor dat 'n profeet wat homself die voorloper van die Messias genoem het, in die woestyn in Palestina verskyn het en mense gedoop het tot bekering van sonde. Hulle het toe die doop van Johannes ontvang. Maar toe Paulus na hulle toe gekom het, het hy hulle gewys dat die profeet dood was en dat Jesus gekom het en Sy lewe opgeoffer het as 'n offer vir die sonde, en dat die Heilige Gees NOU gekom het en alle ware gelowiges in Jesus, die Messias, sou binnegaan en vervul. Toe hulle dit gehoor het, IS HULLE GEDOOP IN DIE NAAM VAN DIE HERE JESUS, en toe Paulus sy hande op hulle gelê het, is hulle vervul met die Heilige Gees. Hulle het geweet wat dit beteken om die Woord gehoorsaam te wees, om in Sy Naam (Here Jesus Christus) gedoop te word, en daardeur het hulle geweet dat hulle met die Heilige Gees vervul sou word. U sou daardie mense nie kon laat verander nie. Hulle het die waarheid geken. Handelinge 19:1–7

Hulle het die krag van daardie Naam geken. Hulle het gesien dat daardie Naam so magtig was dat selfs voorskote wat van die liggaam van Paulus geneem is en in Jesus se Naam aan siekes gestuur is, die siekes van allerhande krankhede kon genees en bose geeste kon uitdryf. So gemanifesteerd wonderlik het daardie Naam gehandel dat sekere slegte Jode in Éfese probeer het om dit te gebruik in hul duiwelbesweerdery. Handelinge 19:11–17: "En God het buitengewone kragte deur die hande van Paulus gedoen, sodat selfs wanneer doeke of voorskote wat aan sy lyf was, op die siekes gelê is, die siektes van hulle gewyk en die bose geeste van hulle uitgegaan het. En sommige van die rondtrekkende Jode, duiwelbesweerders, het dit gewaag om die Naam van die Here Jesus te noem oor die wat bose geeste gehad het, en te sê: Ons besweer julle by die Jesus Wat Paulus verkondig! Dit was sekere sewe seuns van Skeva, 'n Joodse owerpriester, wat dit gedoen het. Maar die bose gees het geantwoord en gesê: Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle? Toe spring die man in wie die bose gees was, op hulle en oormeester en oorweldig hulle, sodat hulle naak en gewond uit daardie huis gevlug het. En dit het bekend geword aan al die Jode en Grieke wat in Éfese woon, en vrees het op hulle almal geval, en die Naam van die Here Jesus is groot gemaak."

Hulle het die regverdige lewe geken wat saamgaan met die dra van daardie Naam, want laat elkeen wat die Naam van Here noem, afstand doen van die ongeregtigheid. Wees julle heilig, draers van die heilige voorwerpe van die Here. Julle sal die Naam van die Here julle God nie tevergeefs dra nie. Daardie Efésiërs was CHRISTENE. Hulle het 'n Naam gedra, daardie Naam was Christus, Wat die Gees van God in hulle was, en Wat een van die drievoudige Name van hul Heer was.

"*. . . En ter wille van My Naam gearbei en nie moeg geword het nie.*" Daardie gelowiges het nie vir Paulus, of vir 'n organisasie gewerk nie. Hulle was nie verbonde aan programme en instellings waardeur hulle waardevolle besittings kon opbou nie. Hulle het vir die Here gewerk. Hulle was Sy dienaars, nie die pionne van organisasie nie. Hulle het nie Sondae kerk toe gegaan en van daardie Naam gepraat en dit dan vir die res van die week vergeet nie. Hulle het nie lippediens gebring aan daardie Naam nie. O nee. Dit was hulle lewens wat hulle gegee het.

Alles wat hulle gedoen het, het hulle gedoen in daardie Naam. Hulle het in daardie Naam opgetree en gehandel, maar as hulle nie in daardie Naam kon handel nie, dan het hulle nie gehandel nie. Hierdie was hemelsgeplaasde Christene wie se gedrag in die Here was.

Daardie valse wynloot-groep, wat daardie Naam wou besoedel, het soos loerende wolwe in die donker rondgesluip, wagtende om in te kom en te verskeur. Maar die heiliges het die toets deurstaan en vasgehou aan die Woord en die Naam.

DIE KLAGTE VAN GOD

Openb. 2:4: "Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het." Om dit te verstaan moet u besef dat die Gees nie slegs tot die oorspronklike heiliges van Éfese spreek nie. Hierdie boodskap is vir die hele eeu, wat ongeveer 120 jaar lank geduur het. Hierdie boodskap, dan, spreek tot al die geslagte in daardie tydperk. Nou geskiedenis hou aan om homself te herhaal. In die geslagte van Israel sien ons 'n herlewing in een geslag, net om te aanskou hoe die vure in die volgende geslag verdof word. In die derde geslag kan die kole nog effens gloei, maar in die vierde geslag kan daar geen teken hoegenaamd wees van daardie oorspronklike vlam nie. Dan steek God weer die vuur aan en dieselfde proses word herhaal. Dit is eenvoudig die openbaring van die waarheid dat God geen kleinkinders het nie. Redding word net so min deur natuurlike geboorte oorgedra as wat daar waarheid is in apostoliese opvolging. Dit is nie in die Woord nie. Jy begin met ware wedergebore gelowiges en wanneer die volgende geslag kom is hulle nie langer net gewone Christene nie, maar het hulle nou 'n denominasienaam aanvaar en is hulle

nou Baptiste, Metodiste, ens. Dit is ook presies wat hulle is. Hulle is nie Christene nie. U moet gebore word uit die wil van God, nie uit die wil van 'n mens nie, om gered te word. Maar al hierdie mense kom nou bymekaar deur die wil van die mens. Ek sê nie dat sommige van hulle nie reg met God is nie Ek sê dit vir geen oomblik nie, maar die oorspronklike vuur het uitgesterf. Hulle is nie meer dieselfde nie.

Die brandende begeerte om God te behaag, te stel, die hartstog om Sy Woord te ken, die uitroep om in die Gees uit te reik, begin alles vervaag en in plaas daarvan dat daardie kerk brand met die vuur van God het dit nou afgekoel en bietjie formeel geword. Dit is wat besig was om destyds met die Efésiërs te gebeur. Hulle het 'n bietjie formeel geword. Die oorgawe aan God het verflou en die mense was nie meer so bekommerd oor wat God van hulle gedink het nie namate hulle begin bekommerd raak het oor wat die wêreld van hulle gedink het. Daardie tweede geslag wat gevolg het, was net soos Israel, en hulle het aangedring op 'n koning om soos ander nasies te wees. Toe hulle dit gedoen het, het hulle God verwerp. Maar hulle het dit nogtans gedoen. Dit is die geskiedenis van die kerk. Wanneer die kerk dink om meer gelykvormig te raak aan die wêreld, instede van gelykvormig te raak aan God, dan neem dit nie lank voordat mens hulle sien ophou dinge doen wat hulle gewoond was om te doen, en begin dinge te doen wat hulle aanvanklik nie sou doen nie. Hulle verander hul kleredrag, hul houding en hul gedrag. Hulle word laks. Dit is wat "Éfese" beteken: ontspanne—drywend.

Daardie kringloop van herlewing en dood het nog nooit gefaal nie. Al wat u hoef te doen, is om in herinnering te roep hierdie laaste beweging van God in die Gees toe manne en vroue soos Christene aangetrek het, kerk toe gegaan het, die hele nag gebid het, op straathoeke gestaan het en nie skaam was vir die manifestasies van die Gees nie. Hulle het hul ou dooie kerke verlaat en in wonings aanbid, of in ou winkelgeboue. Hulle het werklikheid besit. Maar dit was nie lank voordat hulle genoeg geld begin kry het om pragtige nuwe kerke te bou nie. Hulle het 'n koor daargestel in plaas daarvan om self tot God te sing. Hulle het mantels om die koorlede gehang. Hulle het 'n beweging georganiseer en dit deur mense bestuur. Hulle het gou begin om boeke te lees wat nie geskik was om te lees nie. Hulle het die versperrings neergelaat en bokke het ingekom en oorgeneem. Die vreugdekreet het verdwyn. Die vryheid van die Gees was weg. O ja, hulle het voortgegaan met die vorm, maar die vuur het uitgesterf en die swart kleur van as is omtrent al wat oor is.

Ek het netnou gesê dat Johannes verstaan het wat dit beteken het om God lief te hê. Daardie groot apostel van die liefde sou sekerlik agterkom wanneer die kerk begin om daardie

eerste liefde van God te verloor. In I Johannes 5:3 sê hy: "Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy gebooie (Sy Woord) bewaar." Een geringe afwyking van daardie Woord was 'n stap weg van Christus af. Mense sê dat hulle God liefhet, hulle gaan kerk toe, en hulle sal selfs skreeu en juig en sing en 'n heerlike emosionele tyd hê. Maar wanneer dit alles verby is, kyk bietjie of hulle in die WOORD is, daarin wandel en daarin lewe. As hulle al hierdie ander dinge doen en ervaar en hulle wandel nie in daardie Woord nie, kan hulle sê dat hulle God liefhet, maar hul lewens sal 'n ander verhaal vertel. Ek wonder of Johannes nie baie hiervan gesien het voordat hy dood is nie; mense wat sê dat hulle God liefhet maar nie Sy Woord gehoorsaam nie. O, Efésiese Kerk, iets is besig om met jou te gebeur. Iemand probeer of om by daardie Woord by te voeg of om daarvan weg te neem. Maar hulle doen dit so subtiel dat u dit nie kan sien nie. Hulle het nie so 'n groot skuif gemaak dat u dit openlik kon sien nie. Dit is onder 'n dekmantel en hulle bring dit in by wyse van redenasie en die menslike begrip; en dit sal oorneem tensy u dit weier. Keer terug tot Pinkster voor dit te laat is!

Maar soos gewoonlik slaan mense nie ag op God se waarskuwing nie. Daardie vuur van herlewing wat gebou is op die heilige Woord, is so wonderbaarlik, en die openbaring van die Gees so geseënd, dat 'n bietjie vrees die hart binnesluip en fluister: "Hoe kan ons hierdie waarheid wat ons besit beskerm? Wat kan ons doen om toe te sien dat hierdie herlewing voortgaan?" Dit is wanneer die "antichrisgees" inkom en fluister: "Kyk, u besit nou die waarheid, sien toe dat dit nie verlore gaan nie. Organiseer en stel u belydenis op van dit wat u glo. Plaas dit alles in 'n kerkhandboek". En hulle doen dit. Hulle organiseer. Hulle voeg by by die Woord, en hulle sterf, net soos Eva, deur die aanvaarding van *Een* verkeerde woord. Dit is God se Woord wat lewegewend is. En dit is nie wat *ons* omtrent die Woord sê wat tel nie, maar wat God *gesê het*.

GOD SE WAARSKUWING

Openb. 2:5 "Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie."

God beveel hulle om te ONTHOU. Klaarblyklik het iets hulle verstand ontgaan. Hulle het iets vergeet. Hy het vir hulle gesê om in hul denke terug te keer tot hul punt van oorsprong. Die oorsprong van die eerste eeu was Pinkster. Hulle het daarvan afgedwaal. Hulle het die glorie en die wonder daarvan vergeet. Dit was tyd om terug te keer in denke en dan in werklikheid. Terug tot waar hulle kon sê: "Vir my om te lewe is Christus." Terug tot daardie suiwerheid toe daar met Ananías

en Saffíra afgereken is. Terug tot die Skone Poort. O, wat 'n skande is dit om weg te dryf van God af en om daardie handeling te steun wat Sy Naam onteer. Laat diegene wat Sy Naam noem afstand van ongeregtigheid doen en hul houers suiwer hou vir God. Kyk na wat u eens was in u hart en in u gedagtes en in u lewe. Keer dan daartoe terug.

En wat is die weg terug? Die weg is die weg van bekering. As 'n sondaar tot God gekom het deur berou, dan sal die louwarm of teruggevallene hulle soveel te meer moet bekeer. Bekeer! Bring vrugte voort wat by die bekering pas. Bewys dit deur u lewe. "As jy jou nie bekeer nie," het God gesê, "sal ek jou kandelaar van sy plek verwyder." Sekerlik. 'n Kerk in daardie toestand kan nie lig aan die wêreld gee nie. Sy lig het duisternis geword. God sal dan sy getroue boodskapper en sy getroue herders wegneem en hulle alleen laat, en hulle sal voortgaan om van die Christelikheid te praat, maar dit sal van hulle ontneem wees.

Bekeer gou! Moenie aarsel nie! Éfese het klaarblyklik geaarsel, want haar lewensduur was nie baie lank gewees nie. Die glorie van God het baie vinnig afgeneem. Dit was nie lank voor die stad in puin was nie. Sy glorieryke tempel het 'n vormlose massa geword. Die land het 'n vlei geword, bewoon deur watervoëls, die bevolking het verdwyn, behalwe vir 'n paar ongelowiges in 'n smerige dorpie. Selfs nie eers EEN Christen het oorgebly nie. Die kandelaar was uitgeruk van sy plek.

Dit beteken nie dat sy haar nie kon bekeer nie. Dit beteken nie dat ons ons nie kan bekeer nie. Ons kan, maar dit moet vinnig wees. Dit moet 'n uitroep tot God wees uit 'n opreg berouvolle hart, en dan sal God ons herstel. Die heerlikheid sal weer kom.

DIE SAAD VAN DIE NIKOLAITISME

Openb. 2:6: "Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat."

Nou daar is twee denkrigtings oor wie die Nikolaïete was. Daar word gesê deur sommiges dat hulle 'n groep afvalliges was wie se stigter Nikolaas van Antiochië was, 'n bekeerling, wat een van die sewe diakens by Jerusalem geword het. Hulle het heidense feeste gevier en was mees onkuis in hul gedrag. Hulle het geleer dat, ten einde sensualiteit te bemeester, mense eers deur ondervinding die hele omvang daarvan moet ken. Natuurlik, het hulle hulself oorgegee aan losbandigheid in so 'n mate dat hulle volkome versleg het. Sodoende is die twee Ou Testamentiese name wat sulke buitensporighede simboliseer, op hulle van toepassing gemaak: Bileam en Isébel. Aangesien Bileam die volk verlei en hulle sodoende oorwin het, is gesê dat Nikolaas dieselfde gedoen het. Daar is veronderstel dat hierdie groep uit Éfese gedryf is en in Pérgamus 'n tuiste gevind het.

Die probleem egter met hierdie siening is dat dit nie waar is nie. Daar bestaan absoluut geen geskiedenis hiervoor nie. Dit is ten beste tradisie. Om so 'n siening te aanvaar sou die Efésiese kerkeeu slegs histories maak sonder enige betrekking op vandag. Dit is nie waar nie, want wat ook al in die vroeë kerk 'n aanvang neem, moet voortgaan in elke eeu totdat dit uiteindelik deur God geseën en verhef word, of as 'n onreine ding in die poel van vuur vernietig word. Dat hierdie tradisie in werklikheid indruis teen die Skrif, let bloot op dat in Openb. 2:2. die Kerk van Éfese NIE slegte mense KON verdra nie. Hulle moes hulle dus uitskop, anders sal dit nie sin maak om te sê dat hulle hulle nie kon verdra nie. As hulle hulle nie verwerp het nie, het hulle hulle verdra. Nou in vers ses staan daar dat hulle hul werke gehaat het. Dus het hierdie Nikolaïete groep 'n deel van die eerste eeu gebly en hul werke verrig. Die werke was gehaat, maar die mense is nie skadeloos gestel nie. Dus sien ons die saad in Éfese wat sal voortgaan en leerstellings word wat sal voortgaan tot in die poel van vuur.

Wat is hierdie Nikolaïete? Die woord kom van twee Griekse woorde. Nikao, wat beteken *om te onderwerp,* en Laos, wat *die lekedom* beteken. In der waarheid was iemand in daardie vroeë kerk besig om iets te doen om die lekedom te onderwerp. As die lekedom besig was om onderwerp te word, moes daar een of ander "gesag" gewees het wat dit gedoen het.

Wat was dit wat in daardie kerk besig was om te gebeur wat God gehaat het? Wat toe aan die gang was en wat ook vandag aan die gang is, is presies wat die woord Nikolaïtisme beteken. Die volk was besig om onderwerp te word op 'n wyse absoluut teenstrydig met die Woord van God.

Nou ten einde tot die ware betekenis te kom van wat ons nou gaan bespreek, moet ek julle maan om altyd in gedagte te hou dat godsdiens (geestelike sake, as u wil), saamgestel is uit twee dele wat ineengestrengel is maar net so teenoorgesteld is van mekaar as wit en swart. Godsdiens en die geestelike wêreld bestaan uit daardie twee bome wat hul wortels in Eden gehad het. Beide die Boom van die Lewe en die Boom van Kennis van Goed en Kwaad het in die middel van die Tuin gestaan en selfs hul takke was ongetwyfeld ineengestrengel. So is daar dieselfde paradoks in die Efésiese Kerk. Die kerk bestaan uit goed en kwaad. Twee wingerdstokke maak die kerk uit. Hulle is soos die koring en die onkruid wat langs mekaar groei. Maar die een is die WARE. Die ander is die VALSE. God sal nou TOT beide spreek en Hy sal VAN elkeen spreek. Hy sal hulle die kerk noem. En net die uitverkorenes sal werklik weet watter die ware Gees is. Slegs die uitverkorenes sal nie mislei word nie. Matt. 24:24: "Want daar sal valse Christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei." Dus vind

ons hierdie dade van die Nikolaïete vér terug in die vroeë kerk (’n baie kort tydperk na Pinkster) toe die valse wingerdstok homself om die Ware Wingerdstok gevleg het. Daardie gees sal aangetref word, in stryd gewikkel met die Ware Wingerdstok, totdat dit deur God vernietig word. Begryp u dit nou?

Reg. Nou wat was die geestelike klimaat van daardie kerk? Dit het sy eerste liefde verlaat. Die verlating van haar eerste liefde van die Woord van God is aan ons geopenbaar as die verval vanaf haar oorsprong, wat Pinkster was. In eenvoudige taal beteken dit dat hierdie kerk die gevaar geloop het om weggeneem te word van die leiding van die Heilige Gees, die beheer van die Gees. Dit is presies wat gebeur het nadat Moses Israel uit Egipte gelei het. God se metode was om hulle te lei deur die wolk van vuur, profetiese uitsprake, wonders en tekens, en Godgegewe wonders. Dit sou gedoen word deur ‘God gekeurde’ en ‘God verordineerde’ en deur ‘God toegeruste’ en ‘God gestuurde’ manne, met die hele kamp oorheers deur ’n Heilige Gees beweging. Hulle het gerebelleer en wou ’n stel reëls en geloofsbelydenisse hê waarvolgens hulle kon leef. Toe wou hulle ’n koning gehad het, en toe wou hulle presies soos die wêreld wees, en hulle het oorgegaan tot algehele afvalligheid en in vergetelheid beland. Dit is presies hoe die eerste kerkeeu begin het, en dit sal erger en erger word totdat die Heilige Gees heeltemal verwerp is en God die mens moet vernietig.

Kyk hoe het dit in die vroeë kerk begin. Dit was dade genoem. Toe het dit ’n leerstelling geword. Dit het die standaard geword. Dit het die onwrikbare weg geword. Uiteindelik het dit oorgeneem en is God opsy gestoot. O dit het so klein, so stilweg, so onskuldig begin. Dit het so goed gelyk. Dit het so standvastig voorgekom. Dit het ’n houvas gekry en, soos ’n luislang, die asem uitgedruk en alle geestelikheid wat daar in die kerk was, gedood. O, daardie valse wynstok is so subtiel. Dit is soos ’n engel van die lig totdat dit ’n houvas op u kry. Ek wil hier net sê dat ek glo in leierskap. Maar dit is nie die leierskap van mense waarin ek glo nie. Ek glo in die leierskap van die Heilige Gees wat deur die Woord kom. Ek glo ook dat God manne in die kerk geplaas het, manne wat deur die Gees begaafd is, en hulle sal die kerk in orde hou. Dit glo ek. Ek glo ook dat die kerk regeer word deur manne wat deur God gestuur word om in bevel te staan. Daardie regering is DEUR DIE WOORD, sodat dit nie werklik manne is wat regeer nie, maar DIE GEES VAN GOD, want die Woord en die Gees is EEN. Heb. 13:7: “Gedenk julle voorgangers (wat oor julle heers) wat die Woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.”

Kyk maar wat was besig om daar te gebeur. Daardie valse wynstok was besig om ’n houvas te kry en het verkondig dat

heerskappy deur die mens reg was. Dit het verkondig dat die kerk regeer moes word. Dit het verkondig dat daar beheer oor die mense moes wees, maar in plaas daarvan om dit op God se manier te doen, het hulle eenvoudig die gesag oorgeneem en alle geestelike magte in hul eie hande laat setel en vorendag gekom met ’n heilige priesterdom wat tussen God en die mense gestaan het. Hulle het heeltemal teruggegaan tot die ou Aäroniese stelsel. Hulle het antichristies geword want hulle het weggedoen met Sy middelaarskap en hul eie ingestel. God het dit gehaat. Die Efésiërs het dit gehaat, en elke ware gelowige sal dit ook haat. Ons moet stokblind wees om nie te sien hoe dieselfde ding deur al die eeue plaasvind nie; en tans is dit erger as ooit tevore. Wat dit was, was organisasie. Dit het die mense verdeel. Die mense van God is veronderstel om een te wees. Deur EEN Gees is hulle ALMAL gedoop in een liggaam en ELKEEN word beweeg deur die Heilige Gees en ELKEEN moet deelneem aan die aanbidding van God. Maar die mense wou voorrang geniet en daarom het hulle beheer oorgeneem, en biskoppe het aartsbiskoppe geword, en met imponerende titels het hulle die Woord van God omseil en hul eie leerstellinge verkondig. Hulle het die volk sover gekry om hulle te gehoorsaam tot die tyd gekom het dat hul manier van aanbidding glad nie ooreenstemming getoon het met die in die vroeë dae na Pinkster nie. Hierdie dade was die begin van apostoliese opvolging. Van apostoliese opvolging was dit ’n maklike en vinnige stap na “kerklidmaatskap” as ’n middel tot reddende genade. Dit Woord is afgewater tot ’n geloofsbelydenis. Antichris het deur sy gees die kerk oorheers.

Kyk daarna vandag. As jy Handelinge 2:4 lees soos sommige dit lees, kan jy dit so lees: “Nou toe die dag van die Pinksterfees aangebreek het, het ’n priester gekom met ’n dun beskuitjie en gesê:”Steek uit jou tong,’ en hy het die dun beskuitjie daarop gelê, en hy het self bietjie wyn gedrink en gesê: ‘Jy het nou die Heilige Gees ontvang.’” Ongelooflik? Dit is presies wat Nikolaïtisme geword het. Hulle sê: “Dit maak nie saak wat die Woord van God sê nie. Julle kan dit nie verstaan nie. Ons moet dit vir julle interpreteer. Verder is die Bybel nie voltooi nie. Dit moet met die tye verander en ons sal julle vertel wat die veranderinge is.” Hoe teenstrydig is dit nie met die Woord van God wat nadruklik verklaar: “Laat God waar wees maar elke mens ’n leuenaar”, wanneer daar ookal konflik met die waarheid is. Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar NIE EEN WOORD van God sal faal nie. So die mense word gelei deur persone wat hulle aanmatig om te wees wat hulle nie is nie. Hulle sê hulle is die plaasvervangers van Christus, maar wat hulle is, is antichris.

Hier is nog ’n treurige verhaal. Dit is die verhaal van die waterdoop. In die tyd van Jesus en na Pinkster is hulle in water

onderdompel. Niemand kan dit ontken nie. Geleerde mense sê dat al wat hulle gedoen het was om water op hulle te gooi omdat dit maklik was om klein poeletjies water op baie plekke te vind. En wanneer hulle water op hulle gooi, doen hulle dit in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, asof daardie titels werklike name was, en asof daar drie Gode was in plaas van net een. Maar bly in daardie organisasie en probeer om die waarheid van onderdompeling in die Naam van die Here Jesus Christus te verkondig en u sal uitgeskop word. U kan nie deur God gelei wees en daarbinne bly nie. Dit is onmoontlik.

Nou Paulus was 'n profeet, geleer deur dit Heilige Gees. As Paulus gedoop het in die Naam van die Here Jesus Christus en gesê het dat elkeen wat anders gedoen het as wat hy gepreek het, vervloek was, dan is dit tyd om wakker te word en raak te sien dat die kerk nie meer deur die Heilige Gees beheer word nie, maar beheer word deur die Nikolaïete. Handelinge 20:27–30: "Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie. Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur Sy eie bloed verkry het. Want ek weet dit, dat na my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan."

Paulus het dit gesien kom. Maar hy het hulle gewaarsku teen die subtiele priesterskap wat sou kom en oorneem met sy valse leerstellings. Hy het geweet dat hulle 'n wyse van aanbidding sou implementeer wat die volk sou uitsluit uit enige deel van 'n bediening van die Heilige Gees. Selfs vandag, onder diegene wat daarop aanspraak maak dat hulle vry is en vol van die Gees, is daar nie te veel vryheid onder die lekedom nie; en die beste wat ons kan sien is 'n paar predikers met geïnspireerde boodskappe terwyl die kudde net daar sit en dit probeer inneem. Dit verskil grootliks van wat Paulus gesê het dat wanneer almal bymekaar gekom het, hulle almal die leiding van die Gees gehad het en almal deelgeneem het in Geestelike aanbidding.

En die kerkliggaam het nooit hierdie les uit die Skrif of uit die geskiedenis geleer nie. Elke keer as God 'n besoek deur die Heilige Gees meebring en mense vry word, verbind hulle hulself na 'n tydjie weer aan die einste ding waaruit hulle gekom het. Nadat Luther uit Katolisisme gekom het, het die mense vir 'n tyd lank vry gebly. Maar na hy gesterwe het, het die mense eenvoudig dit wat hulle gedink het hy geglo het, georganiseer en hul eie geloofsbelydenisse en idees opgestel en almal verwerp wat die teenoorgestelde gesê het as hulle. Hulle

het reguit terug na Katolisisme gegaan met ’n effens ander vorm. En vandag ook is baie Lutherane gereed om heeltemal terug te keer.

O ja! In Openbaring 12, het daardie ou hoer baie dogters gehad. Hierdie dogters is net soos moeder. Hulle het die Woord opsy geskuif, ontken die werk van die Gees van God, onderwerp die lekedom, en maak dit onmoontlik vir die lekedom om God te aanbid tensy hulle dit deur hulle of deur hulle patroon doen, wat niks anders is as ’n ontwerpplan van ongeloof van die Satan self nie.

Waar, o waar verkeer ons geestelik? Ons is in ’n woestyn van duisternis. Hoe ver het ons afgedwaal van die eerste kerk. Pinkster is nêrens te sien nie en die Woord kan nie gevind word nie. Apostoliese opvolging wat vandag volop is, word nie in die Woord aangetref nie. Dit is ’n mensgemaakte ding. Dit neem op onwettige wyse die plek van die waarheid in dat GOD, NIE DIE MENSE NIE, Sy leiers in die kerk geplaas het. Petrus was nie eers in Rome nie. Nogtans lieg hulle en sê dat hy was. Geskiedenis bewys dat hy nie was nie. Daar is mense wat die geskiedenis lees maar dan hulle skouers ophaal en terugkeer en die leuen glo. Waar kan u die ‘plaasvervanger van Christus’ in die Woord vind? Niemand neem Sy plek nie, nogtans is dit gedoen en mense aanvaar dit. Waar kan u vind dat ‘bykomstige openbaring’ deur God aanvaar word, veral openbaring in stryd met wat reeds geopenbaar is? Nogtans aanvaar hulle dit en berus daarby. Waar vind u ’n ‘vagevuur’? Waar vind u ’n ‘mis’? Waar vind u ‘om geld te betaal om uit die hel te kom’? Dit is nie in die Woord nie, maar die mens het dit in hulle eie boek geplaas en daardeur die mense oorheers en deur vrees regeer. Waar vind u ‘die mens het mag om ons te vergewe asof hy God is’? “Wrede wolwe”, is kwalik sterk genoeg om hulle te beskrywe. Nikolaïtisme. Organisasie. Mens oor mens.

Keer terug tot God. Bekeer voor dit te laat is. Sien die skrif aan die muur. Dit skryf die oordeel uit. Soos die heilige voorwerpe ontheilig is en sodoende die grimmigheid van God meegebring het, word die heilige Woord nou ontheilig en die Gees bedroef, en die oordeel is hier, ja, voor die deur. Bekeer! Bekeer! Keer terug na Pinkster! Terug na die leierskap van die Heilige Gees. Terug na die Woord van God, want waarom wil u sterf?

DIE STEM VAN DIE GEES

Openb. 2:7: “Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die Boom van die Lewe wat binne-in die paradys van God is.”

"*Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.*" Dit kan wees dat miljoene mense hierdie woorde sal hoor of dit lees. Maar hoeveel sal daarop ag slaan? Dit weet ons nie. Maar hy wat sy oor wil neig en die woorde van waarheid wil ken, sal vind dat die Gees van God hom sal verlig. As u oor oop is vir die Woord, sal die Gees van God die Woord vir u werklikheid maak. Nou dit is 'n werk van die Gees. Ek kan u die waarheid leer, maar as u nie u oor oopmaak om dit te hoor en u hart om dit te ontvang nie, sal u nie die openbaring ontvang nie.

Nou let op, dit sê dat die Gees tot die gemeentes spreek. Dit is in die meervoud, nie enkelvoud nie. Die Gees het Johannes dit nie laat neerskryf net vir 'n plaaslike Efésiese kerk nie, of net vir die eerste eeu nie. Dit is vir alle kerkeeue. Maar hierdie is die kerk van oorsprong. En dus is dit soos die Boek Génesis. Wat in Génesis begin het bly van krag deur die hele Woord en sluit finaal af in Openbaring. So, hierdie kerk se begin in Handelinge is God se volmaakte plan vir alle eeue tot haar afsluiting in die Laodicense Eeu. Hou dit versigtig dop. Laat elke eeu ag slaan, want wat hier gebeur is slegs die begin. Daardie klein boompie wat geplant is, gaan groei. Dit gaan deur die eeue groei. Dit, dan, is 'n boodskap vir elke Christen deur elke eeu totdat Jesus kom. Ja, dit is, want dit is die Gees wat spreek. Amen.

DIE BELOOFDE BELONING

Openb. 2:7: " . . . Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die Boom Van Die Lewe wat binne-in die paradys van God is." Hierdie is die toekomstige beloning aan alle oorwinnaars van alle eeue. Wanneer die laaste oproep tot oorlog verby is en ons wapentuig neergelê is, dan sal ons rus in die paradys van God en ons deel sal wees die Boom Van Die Lewe, vir altyd.

"*Die Boom Van Die Lewe.*" Is dit nie pragtige beeldspraak nie? Dit word drie keer in die Boek van Génesis gebruik en drie keer in die Boek Openbaring. Op al ses plekke is dit dieselfde boom en simboliseer presies dieselfde ding.

Maat wat is die Boom Van Die Lewe? Wel, ten eerste moet ons weet wat die boom self simboliseer. In Num. 24:6, in Bileam se beskrywing van Israel, sê hy hulle was "soos alewees wat die Here geplant het." Deurgaans in die Bybel simboliseer bome mense, soos in Psalm 1. Dus moet die Boom Van Die Lewe die Persoon van die Lewe wees, en dit is Jesus.

Nou in die middel van die Tuin van Eden het daar twee bome gestaan. Een was die Boom Van Die Lewe, die ander die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad. Die mens moes gelewe het van die Boom Van Die Lewe; maar hy moes nie die ander boom aanraak nie, of hy sou sterf. Maar die mens het

geneem van die ander boom en toe hy dit gedoen het, het die dood hom deur sy sonde binnegegaan en het hy verwyder geraak van God.

Nou daardie Boom daar in Eden, daardie Boom wat die bron van die lewe was, was Jesus. In Johannes, hoofstuk ses tot agt, verduidelik Jesus dat Hy die bron van die ewige lewe is. Hy het Homself die Brood uit die hemel genoem. Hy het gesê dat Hy Homself gee en dat hulle wat van Hom eet, nooit sal sterf nie. Hy het geprofeteer dat Hy Abraham geken het en dat Hy WAS voordat Abraham was. Hy het voorspel dat Hy Self aan hulle lewende water sou gee en dat hulle wat daarvan drink, nooit weer dors sou kry nie, maar vir ewig sou lewe. Hy het Homself getoon as die GROOT EK IS. Hy is die Brood Van Die Lewe, die Bron Van Die Lewe, die Ewige Een, die BOOM VAN DIE LEWE. Hy was daar in Eden in die middel van die tuin gewees net soos Hy in die middel van die paradys van God sal wees.

Sommige mense het die idee dat die twee bome in die tuin maar net nog twee bome was soos al die ander wat God daar geplaas het. Maar versigtige studente weet dat dit nie so was nie. Toe Johannes die Doper uitgeroep het dat die byl al teen die wortel van die bome lê, het hy nie van gewone, natuurlike bome gepraat nie, maar van geestelike beginsels. In I Johannes 5:11 sê dit: "En dit is die GETUIENIS: dat God ons die ewige lewe gegee het, en die lewe is in Sy Seun." In Johannes 5:40 sê Jesus: "En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie." Dus stel die getuienis, God se Woord, dit duidelik en onomwonde dat LEWE, EWIGE LEWE, in die Seun is. Dit is nêrens anders nie. I Johannes 5:12: "Hy wat die Seun het, het DIE LEWE: wie die Seun van God nie het nie, het NIE die Lewe nie." Omdat die getuienis nie kan verander nie, daar nie van weggeneem of bygevoeg kan word nie, staan die getuienis dan vas dat DIE LEWE IN DIE SEUN IS . . . Aangesien dit so is, MOET DIE BOOM IN DIE TUIN, JESUS WEES.

Reg. As die Boom Van Die Lewe 'n persoon is, dan is die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad OOK 'n persoon. Dit kan nie anders nie. Dus het die Regverdige Een en die Bose Een langs mekaar gestaan daar in die middel van die Tuin van Eden. Eség. 28:13: "Jy (Satan) was in Eden, die tuin van God."

Hier is waar ons die ware openbaring van die 'Slang se saad' ontvang. Hier is wat werklik in die Tuin van Eden gebeur het. Die Woord sê dat Eva deur die slang bedrieg is. In der waarheid is sy deur die slang verlei. In Gen. 3:1 sê dit: "Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het." Hierdie dier was so na aan 'n menslike wese (en tog suiwer dier) dat hy kon praat en redeneer. Hy was 'n regop kreatuur iewers tussen 'n sjimpansee en 'n man, maar nader aan 'n man. Hy was so na aan 'n mens dat sy saad kon,

en dit het met die van die vrou vermeng en veroorsaak dat sy swanger geword het. Toe dit gebeur het, het God die slang vervloek. Hy het elke been in die slang se liggaam verander sodat hy moes seil soos ’n slang. Die wetenskap kan probeer net soos hy wil, maar sal nie die vermiste skakel vind nie. God het daarvoor gesorg. Die mens is slim en kan ’n verhouding tussen mens en dier raaksien en hy probeer om dit te bewys deur middel van evolusie. Daar is geen evolusie nie. Maar mens en dier het vermeng geraak. Dit is een van die geheimenisse van God wat verborge gebly het, maar hier word dit geopenbaar gemaak. Dit het gebeur, daar in die middel van Eden, toe Eva haar weggedraai het van die Lewe om die Dood te aanvaar.

Let op wat God vir hulle in die Tuin gesê het. Gen. 3:15: “En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar Saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal Hom in die hakskeen byt.” As ons die Woord aanvaar dat die vrou ’n Saad gehad het, dan moes die slang sekerlik ook ’n saad gehad het. As die Saad van die vrou ’n manlike kind was, sonder toedoen van die man, dan moet die saad van die slang dieselfde patroon hê, naamlik dat ’n ander manlike kind gebore moet word *sonder die toedoen van die menslike man.* Daar is geen student wat nie weet dat die Saad van die vrou die Christus was, wat gekom het deur die bemiddeling van God, sonder menslike gemeenskap nie. Dit is verder net so bekend dat die voorspelling van die vermorseling van die slang se kop in der waarheid ’n profesie was van wat Christus aan die kruis teen die Satan sou verrig. Daar aan die kruis sou Christus die kop van die Satan vermorsel, terwyl Satan die Here aan die hakskeen sou byt.

Hierdie gedeelte van die Skrif is die openbaring van hoe die letterlike saad van die slang op aarde gesaai is, net soos ons die weergawe in Lukas 1:26–35 het van presies hoe die Saad van die vrou in die vlees gemanifesteer is sonder bemiddeling van die menslike man. “En in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na ’n stad in Galiléa met die naam van Násaret, na ’n maagd wat verloof was aan ’n man met die naam Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria. En die engel het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue. En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daaroor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken. En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en ’n Seun baar, en jy moet Hom JESUS noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid

en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie. Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie? En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word." Soos die Saad van die vrou letterlik God was wat Hom in die menslike vlees voortgeplant het, so is die saad van die slang die letterlike wyse waarop Satan gevind het dat hy in staat was om vir homself die deur tot die menslike ras te open. Dit was onmoontlik vir die Satan gewees (want hy is slegs 'n GESKAPE geeswese) om hom voort te plant op dieselfde wyse as wat God Homself voortgeplant het, dus vertel die verhaal van Génesis van hoe hy sy saad geproduseer en homself ingebring of ingeforseer het in die menslike ras. Onthou ook dat die Satan die 'slang' genoem word. Dit is sy saad of indringing in die menslike ras waarvan ons praat.

Voordat Adam ooit enige vleeslike gemeenskap van Eva gehad het, was die slang hom voor in daardie gemeenskap, en die een wat daaruit gebore is, was Kain. Kain was uit (gebore uit, verwek deur) die 'Bose'. I Johannes 3:12. Die Heilige Gees in Johannes kon nie op een plek vir Adam as die 'Bose' (want dit is wat hy sou wees as hy die vader van Kain was) beskryf en hom op 'n ander plek die "Seun van God" noem wat hy deur die skepping was nie. Lukas 3:38. Kain het in karakter uitgedraai soos sy vader, 'n voortbringer van die dood, 'n moordenaar. Sy algehele uitdaging van God toe hy deur die Almagtige gekonfronteer is in Gen. 4:5,9,13,14, toon hom in karaktertrekke geheel en al nie-menslik te wees, op die oog af oortref dit selfs enige weergawe wat ons in die Skrif het aangaande 'n konfrontasie van Satan deur God. "Maar Kain en sy offer nie aangesien nie. Toe word Kain baie kwaad, en hy het sy hoof laat hang." "Toe sê die HERE vir Kain: Waar is jou broer Abel? En hy antwoord: Ek weet nie. Is ek my broer se wagter?" "Daarop sê Kain vir die HERE: My skuld is te groot om dit te dra. Kyk, U verdryf my nou uit die land uit, en ek moet my verberg vir u aangesig: 'n swerwer en vlugteling sal ek op die aarde wees, en elkeen wat my kry, sal my doodslaan."

Let op die presiese wyse waarop die rekord van God 'n uiteensetting gee van die geboortes van Kain, Abel en Set. Gen. 4:1,2: "En die mens het sy vrou Eva beken, en sy het swanger geword en Kain gebaar en gesê: Ek het 'n man verkry met die hulp van die Here. Daarna het sy ook sy broer Abel gebaar. . . " Gen. 4:25: "En Adam het sy vrou beken, en sy het 'n seun gebaar en hom Set genoem. . . " Daar is DRIE seuns gebore uit TWEE vleeslike gemeenskapsdade deur Adam. Aangesien die Bybel die presiese en volmaakte Woord van God is, is hierdie geen fout nie maar 'n verslag vir ons tot insig. Aangesien DRIE seuns gebore is uit TWEE handelinge van

Adam, weet u BESLIS dat EEN van die drie NIE die seun van Adam was nie. God het dit op hierdie presiese wyse laat opteken om vir ons iets te wys. Die waarheid van die saak is dat Eva TWEE seuns ('n tweeling) in haar skoot gehad het afkomstig van AFSONDERLIKE bevrugtings. Sy het 'n tweeling gedra, met Kain se bevrugting een of ander tyd voor die van Abel. Let weer op daardie TWEELING. 'n Perfekte tipe soos altyd. Laat diegene wat dink dat dit nie moontlik is nie, kennis neem dat daar talle gevalle in die mediese verslae opgeteken is waar vroue tweelinge gedra het wat uit aparte ova was en afsonderlike inseminasie, met die bevrugting van die ovum dae uit mekaar en DIT IS NIE AL NIE, maar sommige van die gevalle toon dat die tweelinge deur verskillende mans verwek is. Onlangs is wêreldwye publisiteit verleen aan 'n Noorweegse moeder wat haar man gedagvaar het vir onderhoud vir haarself en haar tweeling waarvan die een swart en die ander wit was. Sy het erken dat sy 'n Negerminnaar gehad het. Die twee bevrugtings het omtrent drie weke uit mekaar plaasgevind. In 1963, in Beaumont, Texas, het die verslae weereens 'n veelvoudige geboorte aangetoon waarin swangerskappe baie dae uit mekaar plaasgevind het, in so 'n mate dat tydens die geboorte die vrou en een van die kinders amper gesterf het.

Nou waarom moes dit so wees? Waarom was dit dat die saad van die slang op die wyse moes kom? Die mens is vir God geskape. Die mense sou die tempel van God wees. *Die plek van God se rus* (die Heilige Gees) *was die mens, die tempel.* Handelinge 7:46–51: "Wat genade gevind het voor God en gevra het om 'n woonplek vir die God van Jakob te verkry. En Salomo het 'n huis vir Hom gebou. Maar die Allerhoogste woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie, soos die profeet sê: Die Hemel is My troon en die aarde die voetbank van My voete. Watter soort huis sal julle vir my bou, sê die Here, of *hoedanig is die plek van My rus?* Het My hand nie al hierdie dinge gemaak nie? Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle." Satan het dit nog altyd geweet. Hy wil ook in die mens woon, soos God. Maar God het vir Homself daardie reg voorbehou. Satan kan dit nie doen nie. God alleen het in menslike vlees verskyn. Satan kon dit nie en kan dit nie doen nie. Hy het nie skeppende kragte nie. Die enigste manier waarop Satan sy doel kon bereik was om in die slang in Eden in te gaan, net soos hy deur die bose geeste in die varke by Gadara gevaar het. God vaar nie in diere in nie; maar Satan kan en sal dit doen ten einde sy doel te bereik. Hy kon nie regstreeks by Eva 'n kind gehad het soos God by Maria nie, dus het hy die slang binnegevaar en sodoende vir Eva mislei. Hy het haar verlei en by haar het Satan deur 'n plaasvervanger 'n kind gehad. Kain het al die geestelike eienskappe van die

Satan besit asook die dierlike (sensuele, vleeslike) eienskappe van die slang. Geen wonder die Heilige Gees het gesê dat Kain uit die bose een was nie. Hy was.

Nou wil ek bietjie ingaan op sekere besliste bewyse wat ons het dat daar ’n definitiewe verwantskap tussen mens en dier bestaan. Dit is fisies van aard. Het u geweet dat u die embrioselle van ’n ongebore fetus kan neem en hulle in menslike wesens inspuit? Dan gaan daardie skildklierselle direk na die menslike skildklier, die nierselle direk na die menslike niere. Besef u hoe verbasend dit is? Een of ander intelligensie lei daardie dierselle presies na die regte plek. Daardie intelligensie aanvaar daardie selle en plaas hulle presies op die regte plek. Daar is ’n verwantskap tussen mens en dier. Hulle kan nie vermeng en reproduseer nie. Dit is al probeer. Destyds in die tuin van Eden het daardie vermenging plaasgevind en die chemiese verwantskap wat nog bestaan, bewys dit. Daar in Eden was die slang ’n regop wese. Hy was na aan ’n mens. Hy was amper mens. Satan het die slang se fisiese eienskappe benut en hom gebruik om Eva te verlei. Toe het God daardie vorm van die slang vernietig. Geen ander dier kan met die mens vermeng nie. Maar die verwantskap is daar.

Nou dat ons so ver gekom het, laat my probeer om u gedagtes op hierdie onderwerp te kristaliseer sodat u kan sien hoe noodsaaklik dit is om die ‘leerstelling van die saad van die slang’ te ondersoek, soos wat ek gedoen het. Ons begin met die feit dat daar TWEE bome in die middel van die tuin was. Die Boom van die Lewe was Jesus. Die ander boom is beslis die Satan as gevolg van dit wat voortgekom het uit die vrugte van daardie boom. Nou dan, ons weet dat beide daardie bome ’n verwantskap met die mens gehad het, anders sou hulle nooit daar geplaas gewees het nie. Hulle moes ’n deel gehad het in die soewereine plan en doel van God, in hul verwantskap met die mens en met Homself, anders sou ons nooit alwetenheid aan God kon toeskryf nie. Tot dusver is alles waar, is dit nie? Nou stel die Woord dit baie beslis dat dit nog VOOR die grondlegging van die wêreld die doel van God was om Sy Ewige Lewe met die mens te deel. Ef. 1:4–11: “Soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as Sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van Sy wil, tot lof van die heerlikheid van Sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde. In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van Sy genade, wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand, deurdat Hy aan ons die verborgenheid van Sy wil bekend gemaak het na Sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het, om die volheid van die tye te reël,

met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig—in Hom in Wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van Sy wil." Openb. 13:8 "En al die bewoners van die aarde sal hom (Satan) aanbid, almal wie se name nie van die *grondlegging van die wêreld af in die Boek van die Lewe van die Lam wat geslag is*, geskrywe is nie." Daardie Lewe kon nie, en sou nie, gedeel word op enige wyse as deur die weg van "God in die vlees geopenbaar" nie. Dit was 'n deel van Sy ewige en voorbestemde doel. Hierdie plan sou tot die lof van die heerlikheid van Sy genade wees. Dit was die Verlossingsplan. Dit was die plan van Saligheid. Luister nou mooi. "Omdat God 'n Saligmaker is, was dit nodig dat Hy 'n mens sou voorbestem wat redding sou nodig hê ten einde Hom 'n rede en doel vir bestaan te gee." Dit is absoluut korrek en daar is talle bewysplase in die Skrif wat dit bevestig, soos die besonder duidelike vers, Rom. 11:36: "Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is ALLE DINGE. Syne is die HEERLIKHEID tot in ewigheid. Amen." Die mens kon nie direk kom en deel hê van daardie Boom Van Die Lewe in die middel van die tuin nie. Daardie Ewige Lewe van die Boom moes eers vlees word. Maar voordat God 'n sondaar kon opwek en red, moes Hy eers 'n sondaar gehad het om te kon opwek en red. Die mens moes val. Die val, wat deur Satan veroorsaak sou word, moes vlees hê om te kon val. Satan moes ook deur die vlees gekom het. Maar Satan kon nie deur menslike vlees kom om die val te bewerkstellig soos Christus in die menslike vlees sou kom om die gevallenes te herstel nie. Maar daar was 'n dier, die slang, so na aan 'n mens dat die Satan by daardie dier kon kom, en deur daardie dier kon hy tot die menslike vlees kom en die val veroorsaak en homself daardeur in die mensdom indring, net soos Jesus self eendag sou kom en in die mensdom sou kom inwoon, in menslike liggame, tot die uiteindelike omvang van 'n opstanding waarin ons liggame sou hê soos Sy verheerlikte een. Dus was dit wat God hier in die tuin uitgewerk het, Sy voorbestemde plan. Toe die Satan dit wat vir God se doel nodig was, teweeggebring het, kon die mens nie by die Boom Van Die Lewe in die tuin kom nie. Beslis nie. Dit was nie die tyd nie. Maar 'n dier ('n dier het die val veroorsaak, is dit nie? laat diere bloed vergiet word) is geneem en sy bloed is gestort en toe het God weer met die mens gemeenskap gehad. Daarna sou daar 'n dag kom waarop God in die vlees sou verskyn en deur middel van Sy vernedering sou Hy die gevalle mens herstel en hom 'n deelgenoot van die Ewige Lewe maak. As u dit insien, kan u die saad van die slang verstaan en weet dat dit nie 'n appel was wat Eva geëet het nie. Nee, dit was die verlaging van die mensdom deur die vermenging van die saad.

Nou weet ek dat, deur een vraag te beantwoord, 'n ander vraag stellig sal opkrop, en mense vra my: "As Eva só tot 'n val gekom het, wat het Adam gedoen, want God werp die skuld op Adam?" Dit is eenvoudig. Die Woord van God is vir ewig in die hemel vasgestel. Voordat een krieseltjie kosmiese stof geskep is, was daardie Woord (die wet van God) daar gewees, PRESIES SOOS DIT IN ONS BYBEL GESKRYWE STAAN. Nou leer die Woord ons dat as 'n vrou haar man verlaat en met 'n ander man saamgaan, sy 'n owerspeelster is en nie meer getroud is nie, en dat die man haar nie moet terugneem nie. Daardie Woord was waar in Eden net soos dit was toe Moses dit in die wet geskryf het. Die Woord kan nie verander nie. Adam het haar teruggeneem. Hy het presies geweet wat hy doen maar het dit in elk geval gedoen. Sy was 'n deel van hom en hy was gewillig om haar verantwoordelikheid op hom te neem. Hy wou haar nie laat gaan nie. Dus het Eva deur hom swanger geraak. Hy het geweet dat sy sou. Hy het presies geweet wat met die mensdom sou gebeur en hy het die mensdom aan die sonde verkoop sodat hy vir Eva kon hê, want hy het haar liefgehad.

En so is daardie twee seuns gebore. Seuns wat die vaders van die mensdom sou wees, wat selfs toe al besoedel was. En wat vertel die rekord ons van hulle? Lees die rekord. Judas 14: "En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer. . . " Génesis 5 is die hoofstuk van die stamboom van Henog. Dit verstrek daardie stamboom soos volg: 1. Adam, 2. Set, 3. Enos, 4. Kenan, 5. Mahalálel, 6. Jered, 7. Henog. Let daarop dat Kain nie vermeld word nie. Die lyn van Adam gaan deur Set. As Kain die seun van Adam was, sou die wet van die geboortereg vir Kain die reg tot die stamboom gegee het. Daar moet ook versigtig daarop gelet word dat in Génesis 5:3 staan: "toe Adam honderd-en-dertig jaar oud was, het hy 'n seun verwek na sy gelykenis, na sy ewebeeld, en hom Set genoem." Nêrens staan daar dat Kain die ewebeeld van Adam was nie, maar tog sou hy na hom moes gelyk het as hy sy seun was, want die wet van voortplanting lui beslis dat elk voortbring na sy gelykenis. Ons moet ook kredietwaardigheid gee aan die feit dat in beide stamregisters, die van Génesis en Lukas, Kain vermis word. As Kain die seun van Adam was, sou daar êrens van hom gesê gewees het: "Kain, die seun van Adam, die seun van God." Dit sê dit nie, want dit KAN dit NIE sê nie.

Natuurlik stel studente dit lank reeds dat daar twee mensgeslagte is: die een, die godvrugtige geslag uit Set en die ander, die goddelose geslag uit Kain. Dit is raar, maar waar, dat dieselfde studente ons nooit vertel het hoe dit gekom het dat Kain die soort mens was wat hy wel was nie, terwyl Abel en Set van die geestelike, godvrugtige geslag was. Feite gewys, moes Kain geestelik gewees het en Abel minder geestelik, en Set nog

minder, en so met die ry af omdat elke daarop volgende geslag altyd verder van God verwyder geraak het. Nee, maar Kain kom voort so goddeloos as wat geen mens nog ooit beskryf was nie, want hy weerstaan God en die Woord met geweld.

Laat dit nou bekend wees: Die Skrif speel nie met woorde nie. Wat ook al in die Rekord staan is daar vir die gesalfde oë om te sien. Dit is daar met 'n doel. In daardie Woord sê dit, Gen. 3:20: "En die mens het sy vrou Eva genoem, omdat sy moeder geword het van alles wat lewe." Dit staan nêrens in die Skrif dat Adam die vader is van alles wat lewe nie. As daar nie hierdie bybetekenis is om op Gen. 3:20 te plaas nie, waarom sal daar genoem word dat Eva die moeder van alles is, maar geen woord van Adam gerep word nie? Die feit is dat, hoewel Eva die moeder van alles wat lewe was, Adam nie die vader was van alles wat lewe nie.

In Gen. 4:1 sê Eva: "Ek het 'n man verkry met die hulp van die Here." Sy skryf nie die vaderskap van Kain aan Adam toe nie. Maar in Gen. 4:25 sê sy: " . . . want God het my 'n ANDER kind (saad) geskenk *(aangewys)* in DIE PLEK VAN ABEL, omdat Kain hom doodgeslaan het." Sy sê nie dat God vir haar 'n ander saad GEGEE het nie — dit sou Christus gewees het, want Hy is GEGEE. Hierdie seun, Set, is AANGEWYS in die plek van Abel. Sy erken haar seun wat deur Adam gekom het; sy erken nie nou vir Kain nie, want hy het deur die slang gekom. Wanneer sy sê 'n ANDER KIND (SAAD) in die plek van Abel, sê sy dat Kain anders as Abel was, want as hulle dieselfde vader gehad het, sou sy moes sê: "Aan my is nog MEER KINDERS (SAAD) geskenk."

Ek glo nie alles wat ek lees nie, maar dit is tog eienaardig dat in die uitgawe van LIFE (1 Maart 1963) rapporteer psigiaters presies dieselfde ding as wat ons nou bespreek. Ek weet nou dat alle psigiaters nie met melcaar saamstemnie, maar hier is dit. Die vrees vir slange is nie 'n bewuste walging nie, maar onbewus. As dit 'n natuurlike vrees was, sou mense net so bekoor gewees het voor die leeu- of gorillahokke. Hul onbewuste gedagtes bind hulle om na slange te staar. Daardie aanloklikheid van die slang is, onbewustelik, seksueel. Dat dit deur die eeue so was, is duidelik daarin te bespeur dat mense van geslag tot geslag dieselfde ding deurmaak. Slange was altyd op weersinwekkende wyse aantreklik en sal altyd wees. Die slang simboliseer nog altyd *beide goed en kwaad.* Dit was deur die eeue 'n falliese simbool gewees. Presies soos in die beskrywing van die Tuin van Eden, vind ons die slang as personifikasie van harstogtelike kwaad.

Dit is feitlik universeel onder die verskillende ongekultureerde stamme dat die slang met seks geassosieer word en dikwels daarmee saam aanbid word. Die studie van seksologie bring dit in baie gevalle na vore. Nou ek sou nou

graag wou weet waar hierdie mense dit vandaan gekry het, siende dat hulle ongeletterd is en nooit die Bybel gelees het nie. Maar net soos die storie van die sondvloed oor die hele wêreld bekend is, so is hierdie waarheid van die sondeval van die mens bekend. Hulle het geweet wat daar in Eden gebeur het.

Net hier gaan iemand my nou hierdie vraag vra: Het God vir Eva gewaarsku om versigtig te wees vir die slang omdat hy haar sou verlei? Luister nou, God het nie nodig gehad om enige iets te sê aangaande wat sou gebeur nie. Kry net die punt van die storie. Hy het eenvoudig die Woord gegee. Hy het gesê hulle moet nie deel hê aan KENNIS nie, maar aan LEWE. LEWE WAS DIE WOORD VAN GOD. DIE DOOD WAS ENIGE IETS WAT NIE DIE WOORD VAN GOD WAS NIE. Net toe sy toegelaat het dat EEN WOORD verander word het Satan haar gehad. God kon gesê het: "Moenie meer vrugte van die bome af pluk as wat jy kan eet nie." Satan kon sê: "Kyk, dit is heetemal reg. Sien, as jy te veel pluk, sal dit bederf. Maar hier is 'n metode om die vrugte te bewaar en terselfdertyd kan jy pluk so veel as wat jy wil hê. Sien jy dus, jy kan jou wil en God se wil terselfdertyd uitvoer." Net daar sou die duiwel haar gehad het. Hy wat in EEN opsig aan die wet skuldig is, het die HELE wet oortree. Moenie met daardie Woord gekskeer nie. Dit is presies wat in die Efésiese Eeu gebeur het voordat dit in ongeveer 170 nC tot 'n einde gekom het.

En wat het daardie boom voortgebring? Die Boom van Kennis het die dood voortgebring. Kain het sy broer Abel doodgemaak. Die bose het die regverdige om die lewe gebring. Dit het 'n patroon daargestel. Dit sal daardie patroon behou tot die herstel van alle dinge, soos gespreek deur die profete.

Die Boom van Kennis het slim manne opgelewer, manne van naam. Maar hulle weë is die weë van die dood. God se mense is eenvoudig maar geestelik gesind en neig tot God en die natuur; kalm bewerk hulle die grond, gee meer om vir die waarheid as vir rykdom. Die saad van die slang het geweldige handel meegebring, wonderbaarlike uitvindsels, maar saam met dit alles kom die dood. Hul buskruit en atoombomme maak dood in oorlog; en in vredestyd maak hul meganiese uitvindsels, soos die motor, selfs meer mense dood as wat die uitvindsels vir oorlog in tye van onrus mense om die lewe bring. Dood en vernietiging is die vrugte van haar arbeid.

Maar hulle is godsdienstig. Hulle glo in God. Hulle is soos hul vader, die duiwel, en hul voorvader, Kain. Albei van hulle het in God geglo. Hulle gaan kerk toe. Hulle meng met die regverdiges soos onkruid met die koring. Sodoende verrot hulle en produseer hulle 'n Nikolaïtiese godsdiens. Hulle versprei hul gif in elke poging om die saad van God te vernietig, net soos Kain vir Abel doodgemaak het. Daar is geen vrees vir God voor hulle oë nie.

Nogtans verloor God nie een van Sy eie nie. Hy behou hulle, self in die dood, en het belowe dat Hy hulle in die laaste dag sal opwek.

SLOTSOM

". . . Aan hom wat oorwin sal Ek gee om te eet van die Boom Van Die Lewe Wat binne-in die paradys van God is." Wat 'n aangrypende gedagte is hierdie. Daardie Boom Van Die Lewe in die Tuin van Eden Wat nie genader kan word nie, as gevolg van die val van Adam, word nou aan die oorwinnaar gegee. Die vlammende swaard van die wakende gérubs is in die skede teruggeplaas. Maar dit is nie in die skede teruggeplaas voordat sy lem bebloed was met die bloed van die Lam nie. Laat ons hierdie waarheid 'n rukkie bepeins terwyl ons oorweeg waarom die Boom vir Adam en sy afstammelinge ontsê is, maar nou weer toegelaat is.

God se doel vir Sy skepping, die mens, is om uitdrukking te gee aan Sy Woorde. In Génesis is die Woord aan Adam gegee om daarvolgens te leef. 'n Lewe wat volgens die Woord gelewe word sou 'n uitdrukking van die Woord wees. Dit is waar is dit nie? Het Adam volgens daardie Woord gelewe? Nee, want hy moes volgens ELKE Woord lewe en hy het nagelaat om op *elke* Woord ag te slaan. Toe het Moses op die toneel verskyn. Wat 'n groot en magtige man was hy nie. Hy het ook in gebreke gebly om volgens elke Woord te lewe en daardie profeet, 'n tipe van die Groot Profeet wat sou kom, het in woede nagelaat om die Woord te gehoorsaam. Ook was daar Dawid, die groot koning van Israel, 'n man na God se hart. Hy het gefaal deur owerspel, toe hy versoek was. Maar uiteindelik, in die volheid van die tyd, het daar Een gekom, die Hoof naamlik Jesus, Wat ook versoek moes word om te sien of Hy volgens ELKE Woord wat uit die mond van God voortgekom het sou lewe. Toe het die Satan die onderspit gedelf, want hier was Een Wat geleef het volgens "Daar is geskrywe"; en daardie Meesterstuk van God het oorwin deur God se Woord te weerspieël. Toe is hierdie gemanifesteerde Volmaakte Een aan die kruis oorgegee as die Volmaakte Lam van God vir die volmaakte offerande. En aan die "boom" het Hy die sterwenswonde ontvang sodat ons, deur Hom en vanweë Hom, mag eet van die Boom Van Die Lewe; en dan sal daardie Lewe, wat vrylik gegee is, ons in staat stel om te oorwin en uitdrukking te gee aan die Woord van God.

Aan hierdie Seuns van God wat deur Hom oorwin het is gegee die voorreg van die paradys van God en die ewigdurende gemeenskap van Jesus Christus. Daar sal nooit weer enige skeiding van Hom wees nie. Waar Hy ookal gaan, sal Sy bruid gaan. Wat Syne is, deel Hy met Sy geliefde in 'n mede-erfgenaam verhouding. Die geheime dinge sal openbaar word.

Die duister dinge sal duidelik gemaak word. Ons sal ken soos ons geken is. En ons sal wees soos Hy is. Die is die erfenis van die oorwinnaar wat oorwin het deur die bloed van die Lam en die Woord van getuienis van Jesus Christus.

Hoe verlang ons na daardie dag wanneer al die krom paaie reguit gemaak sal wees en ons vir ewig by Hom sal wees. Mag daardie dag spoedig aanbreek en mag ons ons haas om Sy Woord te gehoorsaam en daardeur bewys dat ons waardig is om Sy heerlikheid te deel.

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê." Hoe tragies is dit dat hierdie eerste eeu nie na die Gees geluister het nie. In plaas daarvan het dit na die mens geluister. Maar dank God, in die laaste kerkeeu sal 'n groep verrys, die Ware Bruid van die laaste dag, en sy sal na die Gees luister. In daardie dag van totale duisternis sal die lig terugkeer deur die suiwer Woord en sal ons terugkeer na die krag van Pinkster om die Here Jesus Christus terug te verwelkom.

HOOFSTUK VIER

DIE SMIRNIESE KERKEEU

Openbaring 2:8–11

"En skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Dit sê die Eerste en die Laaste, Wat dood en lewend geword het:

Ek ken jou werke en verdrukking en armoede—maar jy is ryk—en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan.

Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie."

INLEIDING

Ten einde u geheue te verfris, wil ek weereens verduidelik hoe ons die name van die boodskappers aan die verskillende eeue gevind het. God, in Sy soewereine wil, het toegesien dat die geskiedenis van die Nuwe Testamentiese kerk nie verlore raak nie, net soos Hy toegesien het dat die geskiedenis van Israel nie verlore gaan nie, deur dit in die Bybel te plaas en dit vandag te bevestig deur middel van talle perkamentrolle, erdekruike en ander kunswerke van die mens wat argeoloë ontdek en ontsyfer het. In der waarheid besit ons 'n lopende kommentaar oor die Bybelgeskiedenis van die eerste bladsy af tot nou. So kan ons, deur die geskiedenis te lees, uitvind watter man of manne gedurende die verskillende eeue die naaste gekom het aan God se oorspronklike patroon, die Apostel Paulus. Diegene wat God gebruik het om Sy volk tot die Woord van Waarheid terug te bring, is wie ons moet ondersoek. Uit hulle sal daar dan slegs een vir elke eeu wees wat die duidelikste sal uittroon as die naaste aan die Woordpatroon en krag. Daardie een sou die boodskapper wees. Die eeue word ook gevind deur 'n studie van die geskiedenis. 'n Mens het eenvoudig net nodig om die eeue te lees soos dit in Openbaring gevind word en die patroon val perfek saam met die geskiedenis, soos DIT INDERDAAT MOET. Aangesien die kerkeeue vooraf deur God aangekondig is en hul einste omstandighede geopenbaar is, moet die geskiedenis wat sou volg noodwendig wees soos die Bybel dit uiteensit. So eenvoudig is dit—maar dan is eenvoud ook die sleutel tot die Woord. Nou met dit alles was ek nie slegs 'n student en 'n

geskiedkundige nie, maar het ek ook probeer om ’n Geestelik-gesinde mens te wees, en dit is slegs met die besliste goedkeuring van die Gees van God dat ek die manne gekies het wat ek wel uitgekies het. God ken my hart dat dit waar is.

DIE BOODSKAPPER

Deur gebruik te maak van ons Godgegewe maatstaf om die boodskapper vir elke eeu te kies, kan ons sonder aarseling verklaar dat Irenaeus deur die Here tot hierdie boodskapper posisie verhef is. Hy was die dissipel van daardie vername heilige en vegter van die geloof, Polycarp. En dit ly geen twyfel dat, terwyl hy aan die voete van daardie vername man gesit het, het hy die Christelike goedertierenhede ervaar het, wat van sy toegewyde lewe uitgevloei het nie, want Polycarp was een van die werklik uitstaande heiliges van alle tye wanneer hy beskou word in die lig van ’n onberispelike lewe. U sal uit u eie leeswerk onthou dat Polycarp gemartel was. Omdat hy te oud was om te vlug en te opreg om toe te laat dat iemand hom versteek en daarvoor gestraf word, het hy homself oorgegee om te sterf. Maar voordat hy egter om die lewe gebring is het hy versoek, en sy versoek is toegestaan, om vir twee ure lank vir sy broeders in die Here te bid, sowel as vir die goewerneur, vir sy vyande en vir sy gevangenemers. Soos die groot heiliges van alle eeue, en met verlange na ’n beter opstanding, het hy vas gestaan en geweier om die Here te verloën, en met ’n vry gewete gesterf. Hy is op die brandstapel geplaas (op sy eie versoek nie vasgebind nie) en die vuur is aangesteek. Die vuur het weggeskram van sy liggaam en verseg om hom aan te raak. Hy is hierna met ’n swaard deurboor. Toe dit gebeur, het water uit sy sy gespuit en die vlamme geblus. Inderdaad is daar gesien dat sy gees sy liggaam verlaat het in die vorm van ’n wit duif wat uit sy boesem losgelaat is. Ten spyte van hierdie geweldige getuienis was hierdie student van Johannes die Openbaarder, nie militant teen die Nikolaïtiese stelsel nie, want hyself het tot organisasie geneig, sonder om te besef dat die begeerte na gemeenskap en wat selfs ’n goeie plan gelyk het om die werk van God te bevorder, in der waarheid ’n set van die vyand was.

Met Irenaeus was dit nie die geval nie. Hy was militant teen enige vorm van organisasie. Ook sy lewensgeskiedenis, waarin hy die Here gedien het, was een van vele manifestasies in die Heilige Gees, en die Woord is met buitengewone duidelikheid en ooreenkomstig die oorspronklike beginsels deur hom verkondig. Dit was bekend dat sy kerke in Frankryk die gawes van die Gees onder hulle gemanifesteer het, want die heiliges het in tale gespreek, geprofeteer, die dode opgewek en siekes gesond gemaak deur die gebed van die geloof. Hy het die

gevaar ingesien van enige vorm van georganiseerde broederskap onder die ouderlinge, pastore, ens. Hy het onbeweeglik vasgestaan vir 'n verenigde, Gees-gevulde, gawe-manifesterende plaaslike kerk. En God het hom vereer want die krag van God is onder die heiliges gemanifesteer.

Hy het ook 'n duidelike begrip van die Godheid gehad. Aangesien hy 'n dissipel van Polycarp was , wat op sy beurt 'n dissipel van Johannes was, kan ons met sekerheid weet dat hy die volmaakste moontlike lering aangaande hierdie onderwerp gehad het. In Vol. 1, bl. 412 van die "Ante Nicene Fathers" vind ons hierdie stelling deur hom aangaande die Godheid: "Net so bring al die ander uitdrukkings die titel van een en dieselfde wese, die Here van Krag, die Here, die Vader van Almal en Alles, Almagtige God, die Opperwese, Skepper, Maker, en so aan; hierdie is nie die name en titels van 'n opeenvolging van verskillende wesens nie, maar van een en dieselfde." Hy het duidelik daarop gewys dat hierdie slegs titels is, net soos die Roos van Saron, die Blink Môrester, die Skoonste uit Tienduisend, ens. Daar is net EEN God. Sy Naam is Here Jesus Christus.

Dus, met sy strenge vasklewing aan die Woord, sy wonderbaarlike begrip van die Skrif, en die aanwesigheid van die krag van God in sy bediening, is hy die regte keuse vir die eeu. Dit is werklik ongelukkig dat die ander eeue nie in hul boodskappers so 'n balans van vrug, krag en leierskap in die Heilige Gees en die Woord gehad het nie.

SMIRNA

Die stad Smirna was effens noord van Éfese geleë aan die monding van die Golf van Smirna. As gevolg van sy uitstekende hawe was dit 'n handelsentrum bekend vir sy uitvoer. Verder was dit ook beroemd vir sy skole van redevoering, wysbegeerte, geneeskunde en wetenskap en pragtige geboue. Daar het baie Jode gewoon en hulle was bitterlik gekant teen die Christendom, selfs meer as die Romeine. Polycarp, die eerste biskop in Smirna, is inderdaad deur die Jode gemartel en daar word vertel dat die Jode hul heilige dag (Saterdag) ontheilig het deur hout vir sy brandstapel aan te dra.

Die woord Smirna beteken "bitter" en is afkomstig van die woord "mirre". Mirre was gebruik in die balsemingsproses van die dode. So vind ons 'n dubbele betekenis in die naam vir hierdie eeu. Dit was 'n bittere eeu, gevul met dood. Die twee wynstokke in die raamwerk van die kerk was besig om verder van mekaar verwyder te raak deur toenemende bitterheid aan die kant van die valse wynstok teenoor die ware wynstok. Die dood was nie slegs die saad van die valse wynstok nie; selfs in

die ware wynstok was daar ’n toenemende verlamming en magteloosheid omdat hulle reeds vervreemd geraak het van die suiwer waarheid van die eerste klompie jare na Pinkster, en geen ware gelowige is sterker en geestelik gesonder en lewend as sy kennis van en getrouheid aan die suiwer Woord van God nie, soos uit talle voorbeelde in die Ou Testament gesien kan word. Organisasie het vinnig gegroei en het dood van die lidmaatskap bevestig en laat toeneem, want die leierskap van die Heilige Gees is tot niet gemaak en die Woord is vervang met geloofsbelydenisse, dogma en mensgemaakte gebruike.

Nadat Israel ’n onwettige verbond met die wêreld gesluit het en vriendskapsbande deur huwelike gesluit het, het die dag uiteindelik aangebreek dat die wêreld oorgeneem het en Babilon die volk van God in gevangeneskap weggevoer het. Nou toe hulle in gevangeneskap gegaan het, het hulle ’n priesterdom, ’n tempel en die Woord gehad. Toe hulle teruggekeer het, het hulle rabbi’s gehad; ’n teologiese orde van Fariseërs; ’n sinagoge; en die Talmoed. Met die koms van Jesus was hulle so bedorwe dat Hy gesê het dat hulle van hul vader die duiwel is, en dit ten spyte van die feit dat hulle in die vlees nakomelinge van Abraham was. In hierdie eeu sien ons dieselfde ding plaasvind. Net soos die hele ‘Israel’ nie almal *Israel* was nie, maar slegs ’n klein groepie ware Geestelike Israeliete was, so sal daar altyd ’n klein groepie ware Christene wees, die bruid van Christus, totdat Hy Sy eie kom haal het.

In hierdie stad was daar twee beroemde tempels. Een was die tempel wat opgerig is ter aanbidding van Zeus en die ander is opgerig vir Cybele. En reg tussen hierdie twee tempels was die pragtigste straat van daardie tyd, genoem die Goue Straat. Vir my dui dit op ’n verdere breuk deur die heidendom wat reeds in die eerste eeu begin het, maar wat bekend was dat dit alleen in Rome bestaan het. Die samevoeging van die twee tempels van ’n god en godin is die saad van Maria-aanbidding waarin Maria die moeder van God genoem word en titels en eer en magte ontvang wat haar gelykwaardig met Jesus Christus stel. Die Goue Straat wat hulle saamvoeg is kenmerkend van die gierigheid wat die Nikolaïtiese organiseerders daartoe gebring het om die staat en kerk te laat saamsmelt omdat hulle geweet het van die rykdom en mag wat dit hulle gebied het. Soos die Efésiese Eeu maar net die saadbedding was vir die tragiese Pérgameense Eeu wat nog in die toekoms gelê het , was hierdie Smirniese Eeu die reën, die son, en die voedingskrag wat die afskuwelike bedorwenheid verseker het wat die kerk sou bevestig in afgodediens, wat geestelike owerspel is, waaruit sy nooit sou opstaan nie. Die dood het haar deurdring van wortel tot tak en hulle wat daaraan deel gehad het, het deel gehad in bitterheid en dood.

Hierdie eeu het geduur van 170 to 312 nC.

DIE BEGROETING

Openb. 2:8: "Dit sê die Eerste en die Laaste, Wat dood was en lewend geword het.""

"*Die Eerste en die Laaste Wat dood was en lewend geword het.*" Nou hierdie is nie die woorde van 'n mens nie. 'n Blote mens (as hy uit die graf sou kon spreek) sou gesê het: "Ek is die eerste en die laaste, *wat lewend was en nou dood is.*" Die eerste ding wat met 'n mens gebeur is dat hy gebore word (lewend is) en die laaste wat gebeur is dat hy sterf. So hierdie is nie 'n mens wat praat nie. Hierdie is die Godheid. Die mens (Adam) het lewe geneem en dit verander in dood. Maar hierdie MENS (Jesus) het die dood geneem en dit in die lewe verander. Adam het onskuld geneem en dit in skuld verander. Hierdie Een het skuld geneem en dit in regverdigheid verander. Adam het 'n paradys geneem en dit in 'n verlate huilende woesteny verander; maar hierdie Een sal terugkeer om 'n wêreld wat wankel en skud onder verderwing, weereens te verander in 'n Eden. Adam het 'n lewe van gemeenskap en vreugde met God geneem en dit omskep in 'n woestyn van geestelike donkerte wat alle sonde, morele verval, pyn, lyding, dwaling en bederwing voortgebring het wat stryd voer in die siel van die mens. Maar hierdie Een, het uit die tragiese dood en skande wat die mensdom vervul het, 'n lewe voortgebring van regverdigheid en skoonheid sodat, net soos die sonde eens tot die dood toe regeer het, die mens nou in regverdigheid kan heers deur Een, Christus Jesus; en nie soos die oortreding was nie, alhoewel dit werklik verskriklik was, maar nou veel meer is Sy gawe tot die ewige lewe.

En hier is Hy, wandelende tussen hulle wie Hy verlos het, Sy kerk. Wat was diegene wat verlos is? Was daar nie baie soos Paulus, moordenaars en mense wat verderwing gesaai het nie? Was baie nie soos die sterwende dief, rowers en mensmoordenaars nie? Almal trofeë van Sy genade. Almal teruggebring uit die dood. Almal LEWEND gemaak in Christus Jesus, die Here.

Ek wonder of u opgelet het na die begroeting aan die eerste eeu en dan gelet het op die een aan hierdie eeu, Plaas hulle net bymekaar. "Dit sê Hy Wat die sewe sterre in Sy regterhand hou, Wat wandel tussen die kerke. Dit sê die Eerste en die Laaste, Wat dood was en lewend geword het." Hierdie is een en dieselfde persoon. En Hy laat ons weet dat die kerk Syne is. Soos die saad van die vrug in die middel van die vrug is, so is Hy, die Koninklike Saad, in die middel van die kerk. Soos die saad alleen die lewe in hom het, so is Hy die gewer van die lewe aan die kerk. Sy wandeling dui op Sy onvermoeide sorg daarvoor. Hy is Hoofherder wat waghou oor Sy eie. Dit is Sy reg, want Hy het daardie kerk met Sy eie bloed gekoop.

Daardie bloed is die bloed van God. Die Een Wat daardie kerk besit, is God, ware God. Hy is die 'Eerste en die Laaste'. Daardie titel spel die ewigheid. Hy was dood en is lewend. Hy het die prys betaal dus het Hy alleen eiendomsreg van die tempel van God. Hy regeer dit. Hy word daarin aanbid. Hy neem enigeen kwalik wat Sy heerskappy en gesag oorneem. Die rede waarom Hy Hom in elke eeu as Godheid bekendstel is ongetwyfeld om die mense te waarsku en te troos. Hy waarsku die valse wynstok en Hy troos die ware wynstok. Hierdie is die EEN WARE ALMAGTIGE GOD. Luister na Hom en lewe.

DIE TOESTANDE VAN DIE KERKEEU

Openb. 2:9: "Ek ken jou werke en verdrukking en armoede—maar jy is ryk—en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan."

Dit is duidelik dat die sleutel tot hierdie eeu verdrukking is. As daar verdrukking in die eerste eeu was, word daar nou 'n intensiewer verdrukking deur die hele tweede eeu voorspel. Dit ly geen twyfel nie dat die volgende woord van Paulus van toepassing is op die meeste van die Christene waar hulle ookal in die wêreld was, en in elke eeu. Heb. 10:32-38: "maar onthou die vorige dae waarin julle, toe julle verlig geword het, 'n groot lydensworsteling deurstaan het, gedeeltelik omdat julle deur smaad en verdrukkkinge 'n skouspel geword het, gedeeltelik omdat julle deelgenote geword het van die wat in so 'n toestand verkeer het. Want julle het ook saam met my gevoel in my boeie, en julle het die berowing van julle goed met blydskap aanvaar, omdat julle geweet het dat julle in julself 'n beter en blywende besitting in die hemele het. Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Want nog 'n klein tydjie, en Hy Wat kom sal kom en nie versuim nie. Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie."

Die blote omgang van goedhartige mense met die ware gelowige kan wel die dood meebring in ruil vir hul goedhartigheid.

Nou sê die Here God Almagtig: "EK KEN." Daar is Hy, wandelende tussen Sy mense. Daar is Hy, die Hoofherder van die kudde. Maar hou Hy die vervolging terug? Keer Hy die verdrukking? Nee. Hy doen dit nie. Hy sê eenvoudig: "EK KEN jou verdrukking — Ek is glad nie onbewus van jou lyding nie." Wat 'n struikelblok is dit vir so baie mense. Net soos Israel, wonder hulle of God hulle werklik liefhet. Hoe kan God regverdig en liefdevol wees as Hy net staan en toekyk hoe Sy mense ly? Dit is wat hulle gevra het in Mal. 1:1-3: "Die Woord

van die Here aan Israel deur die diens van Maleági. Ek het julle liefgehad, sê die Here. Nogtans vra julle: Waarin het U ons liefgehad? Is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek die Here. Tog het Ek Jakob liefgehad, maar Esau het Ek gehaat en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee." Sien u, hulle kon nie God se liefde peil nie. Hulle het gedink liefde beteken geen lyding nie. Hulle het gedink liefde beteken 'n baba wat deur sy ouers vertroetel word. God het gesê dat Sy liefde "verkiesings" liefde is. Die bewys van Sy liefde, is UITVERKIESING — dat, ongeag wat gebeur het, Sy liefde waarlik bewys is deur die feit dat hulle uitverkies is tot saligheid (omdat God u uitverkies het tot saligheid deur heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid). Hy mag u aan die dood oorgee soos Hy met Paulus gedoen het. Hy mag u aan lyding oorgee, soos met Job. Dit is Sy voorreg. Hy is soewerein. Maar dit is alles met 'n doel. As Hy nie 'n doel daarmee gehad het nie, sou Hy die bewerker van frustrasie wees en nie van vrede nie. Sy doel is dat, nadat ons 'n tydlank gely het, ons volmaak gemaak sal word, gevestig word, versterk word en tot rus kom. Soos Job gesê het: "Hy sit krag in ons" (Job 23:6b) U sien, Hy het Self gely. Hy het gehoorsaamheid geleer deur die lyding wat Hy deurgemaak het. Hy is in der waarheid volmaak gemaak deur die dinge wat hy gely het. Heb. 5:8-9: "Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword." Eenvoudig gestel: Jesus se karakter is vervolmaak deur lyding. Volgens Paulus het Hy aan Sy kerk 'n mate van lyding gelaat sodat hulle ook deur hul geloof in God en terwyl hulle vir Hom ly, sou kom tot 'n plek van volmaaktheid. Waarom wou Hy dit gehad het? Jak. 1:2-4: "Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie."

Waarom staan Hy by? Die rede is in Rom. 8:17-18: "en as ons kinders is, dan ook erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word. Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie." Tensy ons nie met Hom ly nie, kan ons nie met Hom regeer nie. Jy moet ly om te kan regeer. Die rede hiervoor is eenvoudig dat karakter nie sonder lyding gebou word nie. Karakter is 'n OORWINNING, nie 'n gawe nie. 'n Man sonder karakter kan nie heers nie omdat krag sonder karakter van die Satan is. Maar krag met karakter is geskik om te regeer. En aangesien dit Sy wens is dat ons Sy troon deel op dieselfde basis soos Hy oorwin het en in Sy Vader

se troon sit, moet ons dan oorwin om saam met Hom te kan sit. En die bietjie tydelike lyding wat ons nou ondergaan is nie waardig om vergelyk te word met die geweldige heerlikheid wat in ons openbaar sal word wanneer Hy kom nie. O, watter skatte wag daar nie op hulle wat gewillig is om deur groot verdrukking Sy koninkryk binne te gaan nie.

"Verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging wat tot julle beproewing dien nie." Dit is wat Petrus gesê het. Is dit vreemd dat God wil hê dat ons 'n Christelike karakter moet ontwikkel wat deur lyding kom? O nee! En ons almal het beproewinge. Ons word almal soos seuns beproef en getugtig. Niemand spring dit vry nie. Die kerk wat nie ly nie, en nie beproef word nie, het dit nie, dit is nie van God nie. Heb. 12:6: "Want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. As julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie."

Nou hierdie spesiale toestand in Smirna moet op elke eeu toegepas word. Daar is geen eeu vry daarvan nie. Daar is geen ware gelowige wat vry is daarvan nie. Dit is van God. Dit is die wil van God. Dit is nodig. Ons het die Here nodig om ons die waarheid te leer dat ons moet ly en soos Christus moet wees wanneer ons dit ondergaan. "Die liefde is lankmoedig en vriendelik." Matt. 5:11-12: "Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. Verbly en verheug julle, omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het."

Die bewolkte hemel en storms van die lewe is nie tekens van God se afkeuring nie. Nóg is die helder lug en stille waters tekens van Sy liefde en goedkeuring. Sy goedkeuring van enigeen van ons is slegs IN DIE GELIEFDE. Sy liefde is keurend en Hy het dit vir ons gehad nog voor die grondlegging van die wêreld. Het Hy ons lief? O, ja. Hoe sal ons dit weet? Ons sal weet omdat HY SO GESÊ HET, en gemanifesteer het dat Hy ons liefgehad het deurdat Hy ons tot Homself gebring het en Sy Gees aan ons geskenk het en ons geplaas het as seuns. En hoe sal ek my liefde aan Hom bewys? Deur te glo wat Hy gesê het en deur my met vreugde onder die vervolging wat Hy in Sy wysheid toegelaat het, te gedra.

"*Ek ken jou armoede (maar jy is ryk.)*" Daar is dit weer. Kyk hoe Hy op en af wandel in die midde van Sy Kerk. Soos 'n vader kyk Hy neer op Sy gesin. Hy is die Hoof van Sy huis. Hy is die voorsiener. Hy is die beskermer. Tog kyk Hy toe op hulle armoede. O, hoe struikel die oningeligte gelowige hier. Hoe kan God verdra om toe te kyk op Sy eie in 'n tyd van nood en dit nie net alles stopsit en net ingee en alle materiële dinge op hulle uitstort nie?

Dit is hier waar u weer in die liefde moet glo, en in die goedheid en wysheid van God. Dit, ook, is nodig. Onthou, hy het vermaan: "Moenie julle kwel oor môre nie, wat julle sal eet of wat julle sal aantrek nie; want julle Hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Hy Wat die lelies van die veld en die mossie sy kos gee, sal baie meer vir u doen. Hierdie fisieke dinge is nie die ware basiese noodsaaklikhede van u lewe nie, want 'n mens se lewe bestaan nie uit die dinge wat hy besit nie. Soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid en al die materiële noodsaaklikhede sal vir julle bygevoeg word." God se mense is nie materialisties gesind nie. Hulle is Christusgesind. Hulle soek nie na skatte wat hier benede is nie; hulle soek die skatte daarbo. Dit is absoluut waar dat die meerderheid van Christene NIE welgesteld is nie. Hulle is eerder aan die arm kant. So was dit in die tyd van Jesus. Dit was waar in die tyd van Paulus; en behoort vandag ook waar te wees. Maar o, dit is nie vandag werklik die waarheid nie, want die Laodicense Eeu is een van ontsaglike rykdom waar die maatstaf vir geestelikheid die oorvloed van wêreldsgoed is. Goeiste, hoe ryk is die kerk aan besittings. Maar hoe arm in Gees. "Salig is die armes, want aan hulle behoort die koninkryk van God. Die koninkryk van God is NIE spys en drank nie." Dit is nie materieël nie. Dit is BINNE-IN ons. 'n Ryk man is ryk in God, nie in wêreldsgoed nie.

"O", roep die Gees uit. "Ek sien jou armoede. Ek sien jou behoefte. Jy het weinig of niks om op te roem nie. Wat jy gehad het, is jou ontneem. Jy het met graagte jou aardse besittings laat vaar in ruil vir die ewige dinge. Jy word bespot. Jy word verag. Jy het geen materiële hulpmiddele om op terug te val nie. Maar ten spyte van alles is jy ryk. Jou sekuriteit is in Hom Wie jou skild en uitermate groot beloning is. Jou koninkryk kom nog. Dit sal kom. En dit sal 'n ewigdurende een wees. Ja, ek is gedagtig aan jou beproewinge en sorge. Ek weet hoe moeilik dit is om voort te gaan. Maar ek sal dit alles onthou wanneer ek terugkeer om jou as My eie op te eis, en dan sal Ek jou beloon."

Dit is nou niks teen ryk mense nie, want God kan 'n ryk man red. Sommige van Gods kinders is ryk. Maar geld kan egter so 'n slagyster wees nie net vir hulle wat dit het nie, maar ook vir hulle wat dit nie het nie. Destyds, in die eerste eeu, het Jakobus vir diegene wat na die rykes opgesien het, gesê: "Laat julle geloof in onse Here Jesus Christus nie wees met aanneming van die persoon nie." Die armes daar het probeer om die rykes heuning om die mond te smeer ten einde hulp te verkry, liewer as om op God te vertrou. "Moenie dit doen nie," het Jakobus gesê. "Moenie dit doen nie. Geld is nie alles nie. Geld bied nie die antwoord nie." En vandag bied dit ook nog nie die antwoord nie. Ons besit meer rykdom as wat ons ooit

gehad het en nogtans word daar op Geestelike vlak minder verrig. God werk nie met geld nie. Hy beweeg deur Sy Gees. En daardie beweging van die Gees kom net tot ’n lewe wat aan die Woord gewy is.

DIE SINAGOGE VAN SATAN

Openb. 2:9b: “Ek ken . . . die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar ’n sinagoge van die Satan.”

Hier is ’n skrif wat aansienlik stof tot nadenke bied, nie slegs omdat die inhoud daarvan besonder eienaardig is nie, maar ook omdat feitlik presies dieselfde ding plaasvind in ’n eeu van meer as ’n duisend jaar later.

Openb. 2:9: “Ek ken jou werke en verdrukking en armoede—maar jy is ryk—en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar ’n sinagoge van die Satan.” Om mee te begin, die woord *Jode* beskrywe nie die godsdiens van die Joodse volk nie. Dit verwys slegs na die mense van Juda en het presies dieselfde betekenis soos wanneer ek sou sê dat ek ’n *Ier* van geboorte is. Hierdie mense het verklaar dat hulle werklik Jode was, opregte Jode deur geboorte. Hulle was leuenaars. Hulle was nie gebore Jode nie en hulle was nie Jode volgens geloof nie.

As dit alles waar is, wat was hulle dan? Hulle was ’n misleide groep mense wat alreeds deel van die kerk was. Hulle was deel van die valse wynstok.

Hulle was nie van die ware kerk nie, maar van die valse kerk, want God het gesê: “hulle was die sinagoge van Satan.” Nou die woord vir “sinagoge” is nie dieselfde as wat ons vir kerk gebruik nie. In die Bybel beteken kerk, “die uitverkorenes” of “die opgeroeptes”. Die Psalmdigter het van die uitverkore mense gesê: “Welgeluksalig is hy wat U UITKIES en LAAT naderkom, dat hy kan woon in U voorhowe.” Psalm 65:5. Maar die betekenis van sinagoge is “byeenkoms of vergadering”. Dit kan goed of sleg wees, maar in hierdie geval is dit sleg, want hierdie mense se byeenkoms is nie in God nie maar in hulself. Jesaja het van hulle gesê: “Kyk hulle sal sekerlik versamel in ’n vergadering, maar NIE UIT MY NIE, en wie teen jou bymekaarmaak sal val ter wille van jou.” Jes. 54:15. En aangesien hulle beslis teen die ware wynstok gekant was, sal God eendag met hulle afreken en hulle vernietig.

Nou waarom het ons ’n groep mense binne die raamwerk van die kerk wat hulself Jode noem? Die rede is dit: Aangesien hulle leuenaars was, kon hulle aanspraak maak op wat hulle wou. Hulle kon sê wat hulle wou asof dit ’n feit was, en hulle kon dan vaskleef daaraan. In hierdie geval kon hulle gelieg het

met ’n kragtige bedoeling in gedagte. Was dit nie so dat die vroeë kerk feitlik uitsluitlik, indien nie heeltemal nie, uit Jode bestaan het, wat hulle dan die oorspronklike lede van Sy liggaam gemaak het nie? Die twaalf apostels was Jode en die latere apostels was óf Jode óf bekeerlinge. As mense dus gesweer het dat hulle Jode was, sou dit aan hulle ’n mate van superioriteit gegee het en ’n aanspraak op oorspronklikheid. Vertel ’n leuen. Hou daarby. Vergeet van feite en geskiedenis. Sê dit net en hou dit aan sê vir die mense, en gou sal die mense dit aanvaar.

Nou het u hier iets raakgesien? Is dit nie daardie selfde gees wat vandag in die kerk is nie? Is daar nie ’n groep wat daarop aanspraak maak dat hulle die oorspronklike en ware kerk is nie, en dat redding slegs in haar gevind kan word nie? Maak hulle nie daarop aanspraak dat hulle die sleutels van die koninkryk het, wat hulle van Petrus ontvang het nie? Maak hulle nie daarop aanspraak dat Petrus hul eerste pous was nie en dat hy in Rome gewoon het, terwyl DAAR HOEGENAAMD GEEN HISTORIESE BEWYS HIERVOOR IS NIE? En self haar hoogsgeleerde en kundigste aanhangers glo haar leuens. Die sinagoge van die Satan! En as Satan haar vader is, en hy is die vader van leuens, is die glad nie vreemd dat diegene in sy sinagoge ook leuenaars is nie.

Oorweeg die gedagte van godslastering. Hulle van die Sinagoge van die Satan was nie in hierdie geval besig om God te laster nie, (hoewel dit vanselfsprekend is) maar hulle het die ware kerk belaster. Sekerlik. Soos Kain vir Abel vervolg en doodgemaak het omdat hy (Kain) uit die bose was, en soos die absoluut formele Judaïese volgelinge (Jesus het gesê dat hulle van hul vader, die duiwel, was) gedurende die eerste klompie jare van die eerste eeu probeer het om die Christene te vernietig, wend hier dieselfde groep (die valse wynstok) nou nog ’n groter poging in die tweede eeu aan om die ware gelowiges te vernietig. Daardie antichrisgees groei.

Die groep wat sy weg duim vir duim in die kerk ingewikkel het deur sy DADE (Nikolaïtisme) vrees nie meer ontmaskering nie maar is openlik in ’n groep van sy eie vergadering georganiseer en trek teen die ware kerk op in onverbloemde vyandigheid.

Nou wanneer ek sê dat dit ’n georganiseerde antichris kerk was, dra ek aan u die waarheid oor uit die geskiedenis. Die eerste kerk, wat in Rome gestig is (ons sal sy geskiedenis nagaan in die Pergameense kerkeeu) het reeds God se waarheid in ’n leuen omskakel deur ’n heidense godsdiens met Christelike name en betekenisse in te voer. In die tweede eeu was dit reeds so heidens (hoewel dit daarop aanspraak gemaak het dat dit die ware kerk was) dat Polycarp, wat reeds baie oud was, ongeveer 1500 myl ver gereis het om by hulle te pleit om

om te draai. Hulle wou dit nie doen nie. Hulle het ’n stewige hiërargie en stewige organisasie, gehad, en ’n volslae afwyking van die Woord. Dit, dan, is die Satan se sinagoge, vol godslastering, waarin die saad van die lering van die Nikolaïtisme reeds was en wat binnekort die werklike setel of mag van die Sataniese godsdiens sou wees. En dit is werklik waar want Openb. 2:9b stel dit *NIE* dat hierdie mense *VAN* Satan se sinagoge was nie; maar daar staan geskrywe dat hulle DIE SINAGOGE VAN DIE SATAN *IS*.

Die gees van antichris is nie nuut nie. Dit is nie iets wat sommer net in die kerkeeue ontstaan het nie. Dit is nog al die tyd hier. Om ’n duidelike begrip te kry van hoe dit te werk gaan, hoe dit teen God gaan en hoe dit die kerk oorneem, kyk na die Ou Testament en sien dit daar. Laat ons hierdie gees ondersoek soos die in Israel gemanifesteer was toe hulle uit Egipte getrek het om die kerk in die wildernis te wees.

Net soos die vroeë kerk begin het onder die suiwer bediening van die Heilige Gees met tekens en wonders en manifestasies soos profesie, tale en uitleg van tale, wysheid, kennis en genesing, so was Israel, in die dae toe hulle Egipte verlaat het, onder die leierskap van die Gees van God, met die manifestasie van gawes. God was die leier van die volk. Hy was in der waarheid hul Koning. Hy was ’n Vader-Koning. Hy het vir Israel gesorg soos ’n man vir sy gesin sorg. Hy het hulle gevoed, namens hulle geveg, hul probleme opgelos, en hulle moeilikhede oorbrug. Hy het Homself net met hulle besig gehou. Hulle was die enigste nasie vir wie Hy werklik God was. Maar op ’n dag het hulle begin rondkyk en gesien dat die Filistyne en ander nasies konings oor hulle gehad het. Dit het hulle oog gevang en hulle het besluit dat hulle hul leierskap behoort te vermenslik, so hulle wou ’n koning hê. Nou God sou die leierskap Self vermenslik, in die Persoon van die Here Jesus Christus, maar hulle het Hom voorgespring. Die Satan was bewus van God se plan en het dit dus in die harte van die mense gelê om God (die Woord) vooruit te loop.

Toe hulle Samuel genader en hom vir ’n koning gevra het, was Samuel so ontsteld dat sy hart byna gaan staan het. God het Sy volk gelei deur hierdie geheiligde, Woord-geregverdigde profeet, en hy het gevoel dat hy verwerp was. Hy het die volk byeengeroep en by hulle gepleit dat hulle hul nie moet wegdraai van die God Wat hulle gedra het soos kinders en hulle geseën en voorspoedig gemaak het nie, maar hulle het volhard. Hulle het vir Samuel gesê: “U was nooit verkeerd in u leierskap nie. U was nog nooit oneerlik in u finansiële transaksies nie. U het u bes gedoen om ons in ooreenstemming met die Woord van die Here te hou. Ons waardeer die wonders, wysheid, voorsienigheid en beskerming van God. Ons glo daarin. Ons hou daarvan. En verder wil ons nie daarsonder

wees nie. Dis net dat ons 'n koning wil hê om ons leier te wees in tyd van oorlog. Natuurlik, wanneer ons uittrek na 'n veldslag is dit steeds ons oogmerk dat die priesters vooruit moet gaan met Juda wat volg, en ons sal op die basuine blaas en skreeu en sing. Ons beoog nie om enige van daardie dinge te staak nie. MAAR ONS WIL 'N KONING HÊ, WAT EEN VAN ONS IS, OM ONS TE LEI."

God het toe vir Samuel gesê: "Kyk, hulle het jou nie verwerp nie, maar hulle het MY verwerp om oor hulle te heers."

Hoe tragies was dit nie. Min het hulle besef dat, terwyl hulle God gevra het om hulle soos die res van die wêreld te laat wees, hulle Hom verwerp het, want God het bepaal dat Sy volk anders moet optree as die res van die wêreld. Hulle is nie van die wêreld nie en hulle lyk nie soos die wêreld nie en hulle tree nie op soos die wêreld nie. Hulle is gekruisig vir die wêreld en die wêreld is vir hulle gekruisig. 2 Kor 6:17-18 "Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige."

Sien u, die een verskil tussen Israel en die res van die nasies was God. Sonder God was Israel soos enige ander nasie. Toe Simson sy hare afgesny het, was hy soos enige ander mens. Skuif die leierskap van die Heilige Gees opsy en die kerk is NIKS ANDERS AS DIE WÊRELD, MET GOD SE NAAM DAARAAN VERBONDE NIE. Die wêreld en die kerk is albei deel van dieselfde kluit, net soos Jakob en Esau uit dieselfde ouers was, maar die Gees van God maak die verskil.

Dit maak nie saak as u uself 'n Christen noem nie. Enige een kan dit doen. Die punt is of u die Gees van God in u het of nie, want sonder daardie Gees is u 'n goddelose, u is nie van Syne nie. Amen.

Nie te lank gelede nie vra ek 'n dame of sy 'n Christen is. Sy het geantwoord: "Kyk, meneer, ek brand elke aand 'n kers." Wat op aarde het dit met die saak te doen? Ek is 'n Metodis, ek is 'n Baptis, ek is 'n Pinksterkerk-aanhanger. Dit het niks daarmee te doen nie. Dit is of die Heilige Gees of vergaan.

Wel, destyds nog in die eerste kerk het die mense begin om te dink en te beredeneer hoe om op God te verbeter. Die dade van die Nikolaïte het begin deurskemer. Toe is daar 'n groep gevorm. Hulle het weggedryf van die patroon van die Woord. Al wat dit verg is net die verandering van een woord en daardie klein bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur. Hy wat een jota van die wet oortree, is skuldig aan die hele wet. Eva het slegs een woord verander. Dit sal dit doen.

En toe daardie Satan-gesentreerde groep gevorm was, het dit begin om die ware gelowiges te haat en te beveg en het hulle (die vervreemdes) daarop aangedring dat hulle die kerk van God was.

Let op hoedat organisasie haat uitbroei. Dit vernietig gemeenskap. Dit skep bitterheid. Dit is wat mirre beteken. Dit is waarvan Smirna so vol was. Bitterheid. 'n Wortel van bitterheid besoedel talle. So het meer en meer besoedeling het ingekom. Elke eeu sou die littekens daarvan voel.

Die Smirniese Kerk het ver afgewyk van die oorspronklike. Dit het 'n verbastering geword. Dit het self verbaster net soos Eva dit gedoen het . U weet dat 'n baster verkry word deur twee spesies wat vermeng. Die resultaat is nie meer suiwer soos die oorspronklike nie. Dit is 'n baster. Wel, toe Eva toegelaat het dat die dier sy saad met hare vermeng, het sy 'n wese voortgebring genaamd Kain, wat nie suiwer mens was nie. Hy was uit die BOSE. Let op hoe verskillend hy van Abel was. Let op hoe verskillend hy van Set was. Hy het God gehaat en wou nie die Woord gehoorsaam nie en het die regverdige vervolg en doodgemaak. Hy het homself bo die Woord van God gestel.

Die kerk het ook afgewyk van wat sy oorspronklik was. Sy is 'n baster. Dit wil sê die nominale kerk is 'n baster. Mense sê: "Ek is 'n Baptis." Dit was nie so in die begin nie. "Ek is 'n Metodis." Dit was nie so in die begin nie. In plaas van die suiwer woord van God, in plaas van die Geesvervulde manne in die kerk wat gelei was deur Geesgegewe openbaring, is daar nou allerhande geloofsbelydenisse en kerkwette en die geleerde raaiskote van geleerde manne. Geleerdheid het die plek van openbaring ingeneem. Redenasie het geloof vervang. Programme het die spontane lofprysinge in die Heilige Gees vervang. Dit was nie so in die begin nie. Die hele spesie het verander. Dit het 'n verbasterde kerk geword.

Nou dan, wanneer die kerk verbaster, sal dit suiwer Christene voortbring? Dit kan nie. Die lewe of saad wat Christene tot wedergeboorte bring is nie in hulle aanwesig nie. Soort verwek soort. Die Baptiste bring meer Baptiste voort en hulle tree almal soos Baptiste op. Metodiste bring Metodiste voort en hulle tree almal soos Metodiste op. Niemand word geken deur die krag van God nie; hulle kan nie, want dit is nie daar nie. Hulle word geken aan hul seremoniële aanbidding van God en hul geloofsbelydenisse en dogmas.

Praat van verbastering. Weet u wat die bekendste verbastering in die wêreld is? Dit is reeds eeue lank met ons. Dit is die muil. Dit is 'n kruis tussen 'n donkie en 'n perd. Dit is 'n eienaardige soort van dier. Hy kan homself nie voortplant nie. Hy besit geen lewe wat dit kan doen nie. Maar praat van

werk. Hy kan harder werk as die perd of donkie. Maar let op sy geaardheid. Hy is hardkoppig en mens kan hom nooit vertrou nie. Hy is ’n perfekte prentjie van ’n bastergodsdiens. ’n Kruis tussen waarheid en duisternis, want die perd is ’n simbool van die ware gelowige en die donkie is ’n sinnebeeld van die onregverdige. Meng hulle en u kry ’n steriele, formele godsdiens. Dit besit nie die saad van die lewe nie. Dit is dood. Dit kan oor die waarheid praat maar kan dit nie tevoorskyn bring nie. Dit het God nie in haar midde nie maar tog kom dit byeen en praat van God, terwyl dit al die tyd stelselmatig die krag verloën. Hulle sal selfs in die Naam van die Here die Woord verloën. En daar is nooit enige hoop vir hulle nie. Besef u dat geen georganiseerde godsdiens nog ooit ’n herlewing gehad het nie? Nooit! Sodra hulle georganiseerd geraak het, het hulle gesterf. Hulle kan nooit terugkom nie. O nee. Ek kan u dit aantoon in tipe. In Eksodus 13:13: “Maar elke eersteling van ’n esel moet jy met ’n lam loskoop. En as jy dit nie loskoop nie, moet jy sy nek breek. Maar al die eersgeborenes van mense onder jou seuns moet jy loskoop.” Sien u, die esel kan losgekoop word. Elke arme sondaar kan losgekoop word deur die bloedoffer van Jesus Christus, of deur Christus te verwerp, self verwerp word, maar die muil word nie losgekoop nie. Daar is geen verlossing vir hom nie. Daar is geen verlossing vir hom nie. Daar is geen bloed vir hom nie. Daar kan nie wees nie, want die muil soek redding in die kerk, terwyl die esel redding soek in die bloed. Die muil het “geen saad” in hom wat opgewek kan word nie, maar die esel het saad.

Net ’n paar weke gelede het ek ’n hoofartikel gelees. Ja, dit was ’n hoofartikel deur ’n ongeredde sakeman, nie deur ’n Christen nie. Hy het gesê dat hy verbaas was oor die kerke. Hy kon hulle nie verstaan nie. Hulle het kweekskole vol professore wat in die Woord van God onderrig gee, ten einde dit te vernietig. Nou hierdie man kon dit nie uitwerk nie. Hy is ontstel daardeur. Hy het gesê dat hy kon verstaan dat die ateïs of die kommunis of die vrydenker of iemand dit sou doen. Maar as die kerk self die Woord van God vernietig is dit gelykwaardig aan voorbedagte moord. DAAR IS JOU BASTERGODSDIENS, ONTWAAK AMERIKA, VOORDAT DIT TE LAAT IS.

Wanneer die kerk van die Woord afdwaal, sal dit enigiets glo. Dit is soos Eva. Toe Kain gebore is, het sy gesê: “Ek het ’n man verkry met die hulp van die Here.” Nou besef u dat sy dit werklik bedoel het? Sy het gedink dat sy ’n man van die Here gekry het. Sien u, toe sy eers een maal mislei is om die woord van die Satan te aanvaar in plaas van die Woord van die Here, het sy gedink dat wat sy ookal sê, reg is. As sy sê dat sy ’n man van God het, dan het sy ’n man van God gehad. Maar God het wette neergelê in Sy heelal. ’n Goeie saad kan slegs goeie

vrugte voortbring en die bose saad kan slegs bose vrugte voortbring. Nou elke saad, hoewel verskillend, gebruik dieselfde grond, voedsel, water en sonskyn, maar dit sal voortbring volgens sy soort. Let op die geskiedenis van Kain se nageslag. Let op die geskiedenis van Set se nageslag. Net een verskil tussen hulle — die oorspronklike saad. Niks anders nie.

As u noukeurig kyk na hierdie stelling van Eva, sal u agterkom dat sy meer van 'n begrip gehad het as wat die meeste besef. Sy het nie die seun aan Satan toegeskryf nie, want dit sou hom gelykgestel het met God. Slegs God kon die ovum in Maria se skoot geskep het. Die Satan kon dit nie gedoen het nie. Eva het dit geweet. Satan kan slegs verdraai. Dus het hy haar met die verkeerde saad verlei. Dit was die slang se saad wat Kain voortgebring het. Dit was Adam se saad wat Abel en Set voortgebring het. *Daardie sade het deur presies dieselfde prosesse gegaan, maar die kinders het verskil omdat hulle uit verskillende saad afkomstig was.*

Sy het geglo dat Kain van God was. Sy het die leuen van die duiwel as die waarheid van God aanvaar. Dit is presies die posisie vandag. Kerke doen hulself voor as bronne van waarheid, maar die waarheid is nie in hulle nie; tog sweer hul verwekte kinders by hulle en hulle sal selfs doodmaak om hul fout te handhaaf.

As u dink dit is oordrewe, lees dan die hele hoofstuk 3 van 2 Timótheüs asook die eerste vyf verse van die vierde hoofstuk. 2 Timótheüs 4:1-5: "Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, Wat die lewende en die dode sal oordeel by Sy verskyning en Sy koninkryk; verkondig die Woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening."

Toe die kerk haarself toegelaat het om weg te beweeg van die oorspronklike, soos Adam en Eva, het die dood ingetree.

Daar is geen krag in haar nie. Sy het 'n monstrositeit geword. Die oomblik toe die kerk na vorm en seremonie beweeg het, en na priesterskap deur die predikers in 'n groep te organiseer wat op leierskap besluit het, apart van die Heilige Gees en Sy Woord, het die dood op daardie oomblik ingetree en het sy begin siek word, en namate sy siek geword het, het sy verander in 'n magtelose groep mense wie se enigste wapen redenasie was. Sy kon niks in die Gees voortbring nie, want

haar hoop was gegrondves op program en nie op geloof in Sy Woord nie. Hulle het program gesaai en program gemaai. Hulle het verdorwenheid gesaai en verdorwe kinders gemaai.

Meng in met God en jy sal presies maai wat jy ingebring het. Die mens behoort uit die natuur te leer. Hy het ingemeng met die natuur. Hy het sy eie idees op die natuur oorgeplant en die molekules ens. geherrangskik, en nou maai hulle ’n orkaan. Kyk net hoe het hulle die hoender geteel. Dit is so hoogs geteel dat dit bloot ’n lêmasjien is wat heeltemal uitgewerk raak. Dit beteken niks as voedsel nie; dit is sag en smaak nie lekker nie. Hulle spuit bestanddele in die vleis wat ons eet en as gevolg daarvan is die menslike liggaam besig om so te verander; dat die vroue se heupe smaller word en hulle skouers breër en die mans net die teenoorgestelde. Nou as jy dan met die natuur peuter en dit boemerang en ’n monstrositeit word geskep, wat sal gebeur as mens die waarheid verander in ’n leuen? Die antwoord is dat mens ’n antichristelike, goddelose stelsel van godsdiens sal skep wat so verdraai is dat dit nie sal lyk of voortbring soos die oorspronklike nie. Die enigste antwoord wat God vir so ’n situasie het, is die poel van vuur.

Daardie arme Smirniese Eeu was sterwend. Toe dit gesterf het, het dit nooit weer teruggekeer nie. Geen eeu keer ooit weer terug nie. Geen herlewing kom ooit weer terug nie. Dit kan nie die lewe van God daarin hê deur natuurlike verwekking nie. Dit verg ’n wedergeboorte van bo. Hierdie laaste eeu het begin met die vure van ’n Pinksterherlewing en hulle het dit reguit terug georganiseer. In plaas daarvan dat hulle die Woord aangeneem het, het hulle hul eie idees geneem en daarmee gedoen wat elke eeu gedoen het — die Woord met ’n handboek vervang. Oortree net buitekant daardie handboek en kyk wat gebeur. Uis uit, broer. En hulle sal u vervolg en God daarvoor blameer. En hoe lief het hulle nie hul organisasie nie. Geen wonder. Hulle is tweede geslag Pinksters en aangesien God nie kleinkinders het nie, is hulle net kinders van hul vaders, geken aan hul geloofsbelydenisse en vorm van aanbidding. Hulle kan praat van wat gewees het, maar hulle kan dit nie voortbring nie. Eenmaal het hulle die weerlig besit, maar feitlik al wat oor is, is die donder. Laat hulle maar met u gesels oor die gloriedae van hul beweging. Hulle sal sê: “Ja, meneer, ek wil hê u moet weet dat hierdie beweging nie deur ’n mens aan die gang gesit is nie. Dit het spontaan ontstaan. Die Gees het reg oor die wêreld geval. Ja, meneer, ons besit wat hulle by Pinkster gehad het. Dit was nie uit die mens nie, maar uit God.” WAAROM HET HULLE DIT DAN NIE SO GEHOU NIE? AS GOD DIT BEGIN HET, HOE IS DIT DAN DAT GOD DIT NIE KON INSTAND HOU EN VOLEINDIG NIE? As God nie ’n handboek van geloofsbelydenisse en formules en dogmas geskryf het om dit aan die gang te sit nie, watter reg het hulle om dit te doen? God

het Sy Gees uitgestort op Baptiste, Metodiste, Nasareners, Adventiste, Presbiteriane, 'Brethren', Kerk van God (verskeie sogenaamdes) ens. Al hierdie broeders het grootgeword met verskillende leerstellings, verordeninge, kerkvoorskrifte, ens. God het alles opsy gevee; Hy het hul bedelingsteorieë vernietig en die gawes van die Gees herstel en bewys dat Hy gister en vandag en vir altyd dieselfde is. Maar het daardie Pinksters hul les geleer wat organisasie betref? O nee. Hulle het weer van vooraf begin organiseer en hul eie teksboeke, verordeninge, en kerkvoorskrifte, lidmaatskapboeke, ens; opgestel met slegs een doel voor oë, naamlik om te bewys dat hulle nou oor al die waarheid beskik, dat hulle nou al die antwoorde ken, en dat hulle dus die uitverkorenes van God is wie die weg ken en wat dit vir andere kan aantoon, synde die aangewese gidse van God. Maar hulle het dit nie. Hulle het hulself verbaster net soos die groepe waaruit hulle voortgekom het. Indien hulle in die bruid wil wees sal hulle moet uitkom op presies dieselfde wyse as wat hul voorvaders gedoen het.

Hulle is net soos die res. Die herlewing is verby. Hulle probeer om 'n naam uit te leef maar hulle is dood. Hulle het organisasie aangeneem terwyl hulle al die tyd praat van die Gees van God. Hulle praat van die bewys van die Heilige Gees. Maar hulle vergeet dat die duiwel ook in tale kan spreek. Die uiterste verwarring van Babel is in hulle midde en hulle noem dit die Gees van God. Weereens sien ons die mens vir God voorskryf, in stede dat God vir die mens voorskryf.

U sal nou moontlik voel om my onmiddelik hier te betig vir wat ek gesê het. Reg. Hulle noem hulself Pinkster en Volle Evangelie. Laat hulle dit bewys. Met Pinkster het die vuur in 'n wolk gekom en verdeel oor elk van hulle soos 'n tong en op elkeen neergedaal. Waar is die vuur? Hulle het by Pinkster in tale gespreek en die mense wat na hulle geluister het, het verstaan. Waar is dit? Die gelowige menigte het soos een gesin opgetree. Die Pinksters is net so erg verdeel soos enige groep in die geskiedenis. Geen mens kon waag om homself by die vroeë kerk te voeg nie, net God kon byvoeg. Hulle het soveel bokke tussen hulle as enige ander. Hulle maak aanspraak daarop dat hulle die volle Evangelie is, maar hulle kan dit nie bewys nie. Hul kerke is net so kragteloos as enige van die ander. As hulle volle Evangelie is moet ons liewer erken dat die Bybel fouteer het waar dit die manne van die volle Evangelie by Pinkster beskryf. Hulle sing: "Daar het 'n groot verandering in my plaasgevind." Hulle is reg. Die verandering is egter nie ten goede nie. Dit is tyd om terug te keer tot God. Hulle het 'n naam dat hulle lewe, maar hulle is dood. Tale is nie die bewys van herlewing nie. Dit is die bewys van dood. Tale het bewys gelewer dat die seremoniële godsdiens van die Jode verby was en dat 'n nuwe era begin het. Tale dui vandag op die einde van

die heidense kerkeeue en die Evangelie keer terug na die Jode. Mense praat daarvan dat tale die aankondiging is van ’n groot Geestelike beweging. Hulle het dit mis. Die waarheid is dat dit skryf die einde van al die mens se idees, programme en koninkryke, en dat die koninkryk van God ingelei word. Ontwaak, volk van God. Ontwaak.

As u dink dat dit nie die waarheid is nie, luister net hierna. Oral oor die wêreld, in beide Pinkstergroepe en fundamentele groepe, organiseer hulle die sakemanne. Hulle het die kansel oorgeneem sonder dat hulle deur God geroepe is. Hulle noem hulself vissers van mense en stigters van ’n beweging van God, en hulle voer aan dat die gawe van die bedieninge van Efésiërs 4:10–13 wat God aan die kerk geskenk het, gefaal het, dus neem hulle oor. Hier is ons reg in die midde van die vervulling van profesie, naamlik die verset van Korag, en hulle weet nie eens dat hulle dit vervul het nie. Hulle gaan blindelings voort om ondervinding te verkondig in pleks van waarheid. Mag God met hulle medelye hê. Mag hul oë geopen word voor dit te laat is. O, luister na my. Wanneer het die prestige van geld, sosiale leierskap, sakevernuf, of suiwer breinkrag nog ooit ’n man laat kwalifiseer vir geestelike leierskap, of enige krag verleen aan die Woord van God? En wanneer materialisme of menslike waardes enigsins begin aandag trek as die media waardeur God werk, in plaas van SLEGS die Heilige Gees, dan veg ons teen God, nie vir Hom nie.

Ek wil dit nou hier op rekord stel. Ek praat nie teen ouderlinge in die kerk nie. O nee. En daardie ouderlinge kan so arm wees as wat enige mens nog ooit was, of hy kan die rykste man ter wêreld wees, solank hy ’n ouderling is in hart en daad. Ek sal nie aarsel om enige man, wat die ware Geestelike kwalifikasies het, as diaken of ouderling te bevestig nie, ongeag sy sosiale of finansiële posisie. Maar as u sien dat ’n sosiale of finansiële struktuur in die kerk insluip wat die mense op enige wyse verdeel—is dit nie van God nie. Dit is nog ’n teken van die tyd, in hierdie fisies ryk maar Geestelik verarmde Laodicense Eeu waarin ons leef.

“*Ek ken jou armoede.*” Het u opgelet dat in dieselfde vers word hul armoede gekoppel aan die sinagoge van die Satan? Ja, dit is die ryk, kragtige organisasie wat die rykdom besit en altyd die geringe mense, wat God dien, uitstoot. Wie is dit wat die geboue en eiendom verlaat wanneer die Gees van God in die harte van mense vaardig word? Die klein kudde verloor altyd teen die groot organisasie. En waarheen gaan die mense dan? Hulle aanbid in woonhuise, in ou winkelgeboue, in kelders, net soos hulle gedoen het toe hulle na die katakombes gegaan het.

Hierdie mense was arm aan wêreldsgoed; sekerlik, maar was ryk in die Gees.

"*Ek ken hulle lastering.*" Nou dit is nie die gedagte hier noodwendig dat hierdie leuenaars God belaster nie, hoewel dit vanselfsprekend is. Maar hulle belaster die ware kerk. Dit is altyd so. Die Jode van Jerusalem het die kerk aan die begin belaster. Die heidense politiëste het dit ook gedoen. As daar van enigiemand kwaad gepraat word, sal dit altyd van die ware saad wees. In die dae van Nero is die Christene vir elke ramp geblameer — selfs die verbranding van Rome. In kommunistiese lande is die klein kudde altyd die eerste om uitgewis te word, hoewel eintlik gering in getal. Alhoewel die Christene goeie, lojale mense is wat slegs goed doen, sal hulle altyd vervolg word met die doel om hulle fisies uit te wis.

Die rede hiervoor is omdat hulle 'n teregwysing vir die goddelose is. Hulle is so ooglopend soos 'n oop sweer voor die bose. En hoewel die regverdiges geen kwaad teenoor die bose beoog nie, maar slegs die goeie wil doen, vind hulle hulself sonder uitsondering in stryd gewikkel, soos Johannes die Doper met Herodus. Want Johannes wou nog Herodus nog sy vrou leed aangedoen het; hy wou hulle net red van die wraak van God. Dit was nie alleenlik misverstaan nie en absoluut teengestaan nie, maar dit was waarom Johannes om die lewe gebring was. Nieteenstaande die goeie wat die volk van God verrig, word hulle nog steeds in die openbaar tot skande gemaak en gedood. Daar moet sekerlik een of ander duistere mag in diegene werksaam wees wat so gewetenloos is dat hulle kwaad doen aan diegene wat aan hulle goed doen. Ja, daar is so 'n mag. Dit is die Satan. Die antwoord is in die volgende vers opgesluit.

TIEN JARE VAN VERDRUKKING

Openb. 2:10: "Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die *duiwel* gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee."

Elke keer as die Here daardie woorde "Vrees nie" gebruik, is daar 'n stryd op hande wat veel gevaar en lyding en ontbering sal behels. Nou hy stel dit nie in 'n kortaf, bot manier dat "Verdrukking kom" nie. Dit sal 'n mens vreesbevange maak. Maar soos 'n moeder wat op die punt is om die lig af te skakel en saggies, sodat hy nie bang word nie, vir haar kind sê: "Moet nou nie bang wees nie, want die lig sal uitgedoof word en dit sal donker wees. Maar onthou dat ek hier by jou is." So sê Hy: "Moenie bang wees vir die mens of vir wat hy jou kan aandoen nie. Ek is met jou, en My genade is vir jou genoeg. Wanneer jy deur die waters gaan sal dit jou nie oorstroom nie. Selfs nie in die dood sal jy verslaan word nie. Julle is meer as oorwinnaars."

Die groot apostel, Paulus, het die werklikheid van daardie woorde uit ervaring geken en hy het in Romeine 8:35-39 geskryf: "Wie sal ons skei van die liefde van Christus—verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape, maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie." Nee, ons moet nie vrees nie. Sy liefde verdring alle vrees.

Let nou op na wat Hy sê: "*die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word.*" Die Jode was toe besig om dit te doen. Die heidense priesters was toe besig om dit te doen. Die goewerneurs, wat probeer het om die guns van die publiek te wen, omdat die volk die arena geniet het, het die Christene by die duisende in die dood gewerp en hulle deur leeus en swaardvegters laat vernietig. Wat het die duiwel daarmee te doen? Waarom hom blameer? O ja, maar dis die haat van die duiwel agter alles. Hy is agter dit alles, want hy haat God. Enigiets waarop God Sy hart gevestig het sal die Satan sekerlik probeer om te vernietig. Maar let op. Hier is bietjie verheldering. As die Satan agter die Jode staan wat die Christene in die howe insleep, dan is die Jode nie van God se godsdiens nie, maar van dié van die duiwel. Hulle byeenkoms is ook van die sinagoge van die Satan. As die Rooms-Katolieke Kerk die menigte gelowiges in die Donker Eeue om die lewe gebring het, ja en in alle eeue, dan is hulle van die duiwel en behoort ook aan die Satan.

As u dink dat dit skokkend is moet u net wag tot die profesie van Openbaring 13 volbring word. Dit is die treffende waarheid dat die Verenigde State van Amerika in daardie hoofstuk voorkom. Die einste getal dertien is 'n simbool van hierdie nasie. Dit het begin met dertien kolonìes. Haar vlag het dertien sterre en dertien strepe. En daar is haar bestemming beskryf in die dertiende hoofstuk. Al die goddeloosheid van die dier wat dit voorafgegaan het, sal in hierdie beeld aangetref word wat in hierdie hoofstuk vermeld word. Soos die dier verrys het met die Raad van Nicea, so sal die beeld verrys uit die Wêreldraad van Kerke met al die ongoddelike en Sataniese magte om die woede van die duiwel op die ware wynstok van God los te laat. Dit sal 'n herhaling wees van alle diaboliese geslepenheid en wreedheid.

Diegene wat die nederiges van God beveg en bespot en vernietig — laat hulle dit doen. En hulle sal dit ook doen. Hulle sal alles in die Naam van God en godsdiens doen. Maar hulle

lieg. Hulle is nie van God nie. Hulle is van hul vader, die duiwel. Hulle, deur hulle dade teen ALLE mense, ontbloot hulself vir wat hulle is. Laat hulle organiseer en die klein kudde verwerp. Hulle openbaar maar net verder aan almal dat hulle van die duiwel is. Hulle is die valse wynstok — die wynstok wat moor. Hulle haat bewys wie hulle is. Hulle is die Nikolaïtiese antichristelike kerk.

"*Julle sal in die gevangenis gewerp word.*" Ja, hulle word die hof binnegesleep en valslik beskuldig en veroordeel en in die gevangenis gewerp. En natuurlik word alles gedoen in die naam van godsdiens en ordentlikheid en verontwaardigde onskuld. Alles vir 'n goeie doel gedoen. Dit laat my dink aan die Hooggeregshof se beslissing oor bid en Bybel lees in skole. Wie staan daaragter? Die Satan. Dit is net nog 'n woede-uitbarsting teen God.

"*Julle sal tien dae lank verdrukking hê.*" Hier is 'n profesie. En daarmee saam is daar 'n wyse om die lewensduur van die Smirniese Eeu te bepaal. Diocletian, die wreedste keiser van almal, het 'n skrikbewind teen die heiliges van God geloods wat, as dit nie vir God se genade was nie, alle gelowiges sou uitgewis het. Dit was die wreedste in die geskiedenis en het tien jaar lank geduur (die tien dae van Openbaring 2:10b), van 302 to 312.

"*Wees getrou tot die dood toe.*" Hy sê nie, wees getrou tot *by* die dood nie, maar *tot* die dood toe. Dit mag vir u nodig wees om u getuienis te verseël met u bloed. Duisende, ja miljoene, het omgekom gedurende al die eeue. Hulle het in die geloof gesterf. Soos Antipas, die getroue martelaar, het hulle nie hulle lewens liefgehad *tot* die dood toe nie. Ons dink dikwels dat dit feitlik onmoontlik sou wees om 'n martelaar te wees. Maar dink daaraan dat die geloof wat ons daagliks gebruik om in Jesus Christus te oorwin, dieselfde geloof is wat Polycarp en alle martelare laat volhou het. Die hoogste geloof sal die hoogste genade in die hoogste uur skenk. Geseënd sy God, vir ewig!

"*En Ek sal jou die kroon van die lewe gee.*" Aangesien nie eens 'n glas koue water wat in die Naam van die Here gegee word, nie beloon sal word nie; hoe groot sal die beloning nie wees vir hom wat sy lewe aflê as 'n martelaar vir die Naam van die Here Jesus nie. Miskien kan ons hiervan 'n begrip vorm as ons hierdie kroon vergelyk met 'n kroon wat in 'n wedloop verower word. In I Kor. 9:24 sê Paulus: "Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop so dat julle dit sekerlik kan behaal." 'n Kroon wat aan die wenner op die Olimpiese wedloop gegee was, was 'n segekrans van olyftakkies. Maar die kroon waarvan hier in Openbaring gepraat word, wat aan 'n martelaar gegee word, is die kroon van koningskap. Jesus

noem dit die kroon van die lewe. Die een kroon is vir diegene wat gestry het; die ander vir diegene wat gegee het. Beide krone is onverganklik. Hulle sal nie vergaan nie. Die wenners van die wêreldse wedloop van die lewe sal gou die vreugde verloor van die applous van die wêreld. Hul glorie sal faal. Maar diegene wat hul lewens vir God aflê, of deur hul daaglikse strewe of deur hul bloed te stort as die hoogste offer van hul lewe, sal die kroon van die lewe ontvang.

Gans te min tyd word bestee in die nastreef van die ewige belonings van God. Die vergoeding van God word nie na waarde geskat nie. As ons glo in die werklikheid van die opstanding van die vlees, en ’n ewige koninkryk van substansie, behoort ons in die hemel daardie goeie skatte op te gaar wat vir die getroue heiliges beskikbaar is.

DIE BELONING VIR OORWINNING

Openb. 2:11: “Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.”

Nou spreek die Gees weereens tot alle eeue. Die boodskap is om ons vandag te troos, net soos dit ons broeders in al die ander eeue getroos het. En Hy sê vir ons dat die tweede dood ons nie sal leed aandoen nie.

Ons weet almal dat die tweede dood die poel van vuur is. Openb. 20:14: “En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.” Dit beteken natuurlik dat almal wat daarin was in die poel van vuur gewerp is. Nou dan, hier wil ek nou vir u iets verduidelik. Dit sal, sonder twyfel, mense kommentaar laat lewer oor my eienaardige leer. Maar ek staan hier op die gesag van die Woord van God en ontken dat die ongelowige ’n ewige hel binnegaan en vir ewig daar brand. In die eerste plek is die hel, of die poel van vuur, of wat u dit ook wil noem, nie ewig nie. Hoe kan dit wees as dit ’n begin gehad het? In Matt. 25:41 staan daar dat “die ewige (ewigdurende) vuur berei is vir die duiwel en sy engele.” Nou as dit berei is, was dit nie sonder ’n begin nie. As dit ’n begin gehad het, kan dit nie vir ewig wees nie. U kan natuurlik struikel oor die begrip van die woord ‘ewigdurend’ (eintlik “altyd”). Maar die woord beteken ook “van die eeue tot die eeue” en daar word verskillende betekenisse daaraan geheg. In I Sam. 3:13–14 het God vir Samuel gesê dat Hy die huis van Eli gaan oordeel tot in ewigheid en dat dit tot in ewigheid (ewigdurend) nie versoen sal word nie, en in I Kon. 2:27 het Salomo die laaste afstammeling van Eli uit die priestersamp verdrywe. Dit was ongeveer vier geslagte later. U kan nou sien dat “ewigdurend” nie vergelyk kan word met “ewig” nie, of

met dit wat geen begin of einde het nie. In hierdie geval beteken "ewigdurend", "tot die punt van verdwyning." Dit is wat gebeur het. Hulle het verdwyn.

Kyk na die woord "verderf (verwoesting)", in II Thes. 1:9 "Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige (ewigdurende) verderf (verwoesting)." In Grieks beteken "verwoesting" beslis uitwissing. En die woord verwoesting beteken NIE *vernietiging* nie. Nou "vernietiging" beteken iets wat aan en aangaan in verval. Wat sou ewigdurende uitwissing beteken? Dit beteken nie om aan te hou uitwis nie, anders moet die woord "vernietiging" instede van "verwoesting" wees. Dit beteken om te *vernietig tot die eindpunt*. Dit beëindig.

U mag nou wonder wanneer u die woord "ewig" kan gebruik en dit nie gebruik op die wyse wat ons geleer het nie. Dit is maklik. Wanneer dit op God betrekking het, beteken dit om te wees sonder begin of einde, ewig, sonder ophou. En wanneer u praat van die ewige lewe het u dit in gedagte dat dit die lewe van God is. "En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en die lewe is in Sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe." Nou, dan, slegs seuns van God besit die ewige lewe, daardie soort wat nooit 'n begin gehad het nie, maar altyd was. Dis reg. Binne-in u het u op hierdie oomblik iets wat ewig is — sonder begin of einde. Dit is die Gees van God. Dit is 'n deel van God Self. Dit is die lewe van God.

Nou as 'n sondaar na die hel sou gaan en dan ly, net soos u hemel toe gaan en die hemel geniet, dan het hy dieselfde soort lewe as wat u reeds besit.

Wel, dan kan daar ook diegene wees wat sou sê dat die ewige lewe dui op die welvaart van die kinders van God. Dit is hulle welvaart en genot wat op die spel is. Aan die ander kant gaan die sondaar na sy straf sodat ons die tweede dood kan verklein tot 'n saak van straf en plek. Ewige lewe beteken die Hemel, en die ewige straf beteken die hel. U sal u verbaas hoeveel mense wat as teoloë opgehemel word, dit glo. Weet u wat dit doen? Dit maak die ewige lewe 'n kwessie van plek in plaas van 'n Persoon. Die ewige lewe is God — die Here Jesus Christus. Hoe enigeen so-iets kan glo, dat die ewige lewe 'n kwessie van plek is, gaan my verstand te bowe. Dit verstom my om daaraan te dink.

O nee. Daar is net een soort ewige lewe. God het dit. As ons God het, het ons die ewige lewe in en deur Hom.

U sien dus, daardie woordjie ewig, of ewigdurend, kan verskillend toegepas word, maar wanneer dit op God betrekking het, Hy synde wat Hy is, het dit slegs een betekenis. Dit is die lewensduur van God. U kan dit nie op dieselfde wyse op enigiets anders toepas nie. God alleen is ewig, en omdat Hy lewe, lewe ons met Hom.

Moet nou nie dat iemand sê dat ek nie in die poel van vuur en in straf glo nie. Ek glo daaraan. Ek weet nie hoe lank dit sal duur nie, maar dit sal uiteindelik weggeneem word. In Openb. 21:8 staan daar dat die sondaars daarin vermeld hulle *deel* sal hê in die poel van vuur. Die ware vertolking van die woord is nie 'deel' nie, maar 'tyd'. Sien, daar het u dit.

So sal die goddelose in die hel (Hades of die graf) gewerp word en die hel in die poel van vuur. Verwyderd van God. Wat 'n verskriklike ding sal dit nie wees nie.

Maar met die regverdiges sal dit egter nie die geval wees nie. Hulle hoef nie te vrees nie. Hulle is deur God verlos. Hulle is in Sy boesem. Hulle is die oorwinnaars. En wie is hy wat oorwin? Hy wat glo dat Jesus die Christus is.

Waarom sal hierdie oorwinnaar, hierdie gelowige, ontvlug, en die ryk van ewige lewe en vreugde binnegaan? Omdat Jesus 'n prys betaal het om ons van sonde te verlos. Hy het die kloof van skeiding oorbrug en ons wat vér was, is nou naby gebring deur die bloed.

En hulle sal nooit in die veroordeling kom nie. Hulle sal nooit in daardie poel van vuur wees nie. Hulle kan nooit verlore gaan nie, want Hy sal nie een van hulle verloor nie. Nie een van die verlostes sal op enige ander plek wees behalwe waar Jesus is nie.

Weet u waarom dit so is? Ek sal dit vir u illustreer. Ek het 'n klein seuntjie, Josef. Hy is deel van my, ongeag wat gebeur. As ek 'n ryk man was, sou die ergste wat ek kon doen wees om hom te onterf, maar daar is niks wat ek ooit kan doen om hom te ontken nie. Ek kan nie, want hy is deel van my. Hier, laat ons 'n bloedtoets neem. Kom ons vergelyk sy bloed met myne. Dit sal bewys dat Josef my seun is. Hy is myne.

Dit is die bloedtoets wat aanwys of u aan God behoort of nie.

Ek kan nie help om te dink aan die dae toe ek opregte Hereford-beeste te perd opgepas het in Colorado nie. Ons moes gewoonlik daardie beeste inbring vir regeringsinspeksie as ons hulle op regeringsgrond wou laat wei. Maar hulle het nie een enkele bees toegelaat wat nie die bloedplaatjie aan die oor gehad het nie. Die plaatjie het gewys dat die dier opreg was. Die beamptes wat die diere deurgegaan het, het nie een keer na die brandmerk gekyk nie. Hulle het net na die plaatjie gekyk om te sien of die bloed die regte bloed was. Halleluja. As dit die regte bloed is, moet alles reg wees.

U weet dat God afgekyk en gesê het: "Die siel wat sondig, sal sterf. Dit is van My geskei. Dit kan My nie nader nie." Ons weet dat almal gesondig het en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God. Dit beteken dat almal gesterf het en dat

almal geskei is en dat daar eendag ’n tyd sou kom dat selfs daardie bietjie lewe uitgedoof sou word en alles verby sou wees. Maar God in liefde, het ’n dier geneem en dié se lewe geneem in die plek van die sondaar se lewe.

In die Ou Testament het die sondaar ’n lam gebring. Hy het sy hand op die lam geplaas terwyl die priester die lam keelaf gesny het. Hy het die bloed gevoel en die geblêr gehoor. Hy het gevoel hoe die liggaam verstyf in die dood. Hy het die rook van die gesprinkelde bloed sien opstyg tot God. Hy het geweet dat die lam sy plek geneem het. Hy het geweet dat die lewe van die lam vir sy lewe ingeboet is. Maar die lewe van daardie lam was dierelewe en kon nie op die sondaar terugkeer om hom te reinig nie. So het hy omgedraai met dieselfde begeertes om te sondig. Hy het uitgegaan met sonde in sy gedagtes en het die volgende jaar teruggekeer om vir dieselfde ding weer ’n offer te bring.

Maar in die Nuwe Testament is dit nie so nie. Ons sterwende Lam is die Seun van God Wat Sy bloed gegee het as losprys vir baie. In die geloof stap ons na die Lam en plaas ons ons hande op daardie Lam – ons sien Hom met die bloeiende wonde, die oopgeskeurde rug, die wrede dorings wat Sy hoof verskeur — ons voel Sy pyn en hoor Hom uitroep: “My God, My God, waarom het U My verlaat?” En wat het gebeur? Die lewe wat daardie gebreekte bloedsel verlaat het, het teruggekeer op die berouvolle een. Die lewe wat in Hom was het op ons teruggekeer. Ons gaan terug met geen verdere begeerte om te sondig nie; ons besit nou ’n haat vir die werke en drange van die vlees.

Kyk na ons. Wat is ons lewe? Net een klein selletjie wat van ons vader gekom het. Die vrou besit nie die hemoglobien nie. Sy produseer die eier; sy is die broeikas. Maar die bloed is van die man afkomstig. Dit is waarom die vrou die man se van aanneem. Die kinders kry sy van hom af. Die moeder is die broeikas vir die kinders wat sy vir hom baar.

Dit is wat gebeur het vir ons verlossing. Die Heilige Gees het oor Maria gekom en sy het ’n Seun gebaar en Hom Jesus genoem. Die groot Skepper het neergedaal en ’n offer geword vir ons sonde. Sy bloed was die bloed van God. Dit is presies wat dit was. Daardie bloed van God is vergiet en die Gees het Hom verlaat toe Hy in pyn gesterf het. Toe het daardie SELFDE LEWE (GEES) teruggekeer om by die berouvolle sondaar in te woon en hom vry te maak. Daardie sondaar het nie jaar na jaar teruggekom en offer na offer gebring nie, want dit was nie nodig nie. Deur EEN offer is hy vir eens en altyd vrygemaak van die oorheersing van die sonde en het hy die lewe van Christus ontvang waardeur hy regeer in oorwinning oor die sonde, die wêreld, die vlees en die duiwel.

God het dit gedoen. Hy het dit alles gedoen. Hy het uitgeroep tot die wêreld wat in sonde vervloek was: "Ek sal julle 'n teken gee. 'n Maagd sal swanger word. 'n Maagd sal swanger word en 'n Seun baar. Dit sal u teken wees. Dit sal 'n ewigdurende teken wees. Wat sy voortbring sal Emmanuel wees, God met ons."

God het neergedaal in 'n bloed sel, nie deur 'n man nie, maar deur die Heilige Gees; en 'n tabernakel is in daardie maagd gevorm met die einddoel om te sterf. Die Saad van die vrou het gekom sodat Hy verbrysel kon word om vir ons redding te bring. Toe die Heilige Gees oor Maria gekom het, het Hy in haar die sel geskep wat sou vermeningvuldig en die liggaam van ons Here sou word. Daardie sel was geskape. Dit was die Begin van die Skepping van God. Dit is Wie Jesus is. En daardie Heilige Een was vervul met Heilige bloed, die bloed van God. Daardie tabernakel is gebore. Hy het 'n man geword. Hy het na die Jordaan gegaan en daar is die Offer deur Johannes gewas in die Jordaanrivier. Toe daardie Aanvaarbare Offer uit die water gekom het, het God in Hom kom woon en Hom vervul met die Gees sonder maat. Toe Hy gesterf het en Sy bloed gestort het, is die volmaakte lewe van God vrygestel om terug te keer op die sondaar wat Christus as sy Saligmaker sou aanvaar.

O, hoe treffend is dit. Jehova, gebore, huilende oor 'n mishoop. Jehova, gebore in 'n krip met hooi. Daar is u ewigdurende teken vir die trotse, opgeblase, pseudo intellektueles wat hulle eie teologie ontwikkel het en die waarheid van God verloën het. Jehova God, 'n huilende baba in 'n stinkende stal. Dan dink ons dat ons 'n reg het om trots te wees, om ons te verhef, om te kritiseer en op te tree asof ons in tel is. Hier is u ware teken. Hierdie is die regte een. Jehova, spelend as 'n seun. Jehova Wat werk in 'n timmermanswinkel. Jehova Wat die voete gewas het van vissermanne.

"Ek sal julle 'n teken gee," het God gesê. "Nie 'n teken van 'n witboordjie-priesteramp nie. Nie die teken van rykdom en mag nie. Daar is niks in hierdie teken wat julle sal wil hê of wat julle geskik sal ag nie. Maar dit is 'n ewigdurende teken. Dit is die grootste teken van almal." Jehova, staande in die voorhof, verbrysel, bloeiend, met dorings op Sy hoof en spoeg op Sy gesig; bespot, en nie geag nie. Jehova, verag en verwerp, Wat naak hang aan die kruis, terwyl die skynheiliges Hom bespot en uitdaag om van die kruis af te kom. Jehova, sterwend. Jehova, biddend en niks gebeur nie. Toe het Jehova gesterf. Dit is nou die teken vir alle mense. Daar is nie nog so een nie. Dit is die groot teken.

Daar het toe duisternis oor die aarde gekom. Hulle het Hom in 'n graf geplaas. Daar het Hy daardie drie dae en nagte gelê totdat 'n aardbewing die somberheid van die nag vernietig

en Hy opgestaan het. Jehova het opgestaan. Jehova het opgevaar omhoog. Toe het Jehova teruggekeer om in Sy kerk te kom woon. Jehova het teruggekeer met ’n magtige rukwind en vlamme van vuur. Jehova het teruggekeer om te midde van, en in Sy kerk te wandel en Sy mense krag te gee. Jehova het weer gekom, dié keer om in Sy mense te woon. Weereens maak Jehova die siekes gesond, wek Hy die dode op en manifesteer Hy Hom deur die Gees. Jehova het teruggekeer en in tale gespreek en die antwoord deur uitlegging gegee.

Jehova het neergedaal en Hy het die prostituut opgehef om nie meer te sondig nie. Hy het afgekom na die dronkaard met maaiers op sy gesig soos hy bewusteloos in die sloot lê. Ja, Jehova het in die vlees gekom om Hom deur die vlees te manifesteer. Jehova het gekom — God in ons, die hoop van heerlikheid.

Ja, Jesus het gekom en Sy bloed gestort en die gevangene vrygelaat. Hy het gekom en Sy verlore skape verlos. Hy het aan hulle die ewige lewe gegee en hulle sal nooit vergaan nie. Hy sal nie een van hulle verloor nie, maar sal hulle opwek in die laaste dag.

Halleluja, die tweede dood kan hulle nie skaad nie. Dit het geen gesag oor hulle nie, want hulle behoort aan die Lam en hulle volg Hom waar Hy ookal gaan.

DIE HEILIGE GEES IN ELKE EEU

Openb. 2:11: “Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.” Daar is nie ’n enkele kerkeeu waar hierdie vers nie genoem word nie. Elke enkele eeu het dieselfde vermaning vir die mense van elke eeu. “Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees sê.” Maar dit is egter absoluut onmoontlik vir *alle* mense om te hoor wat die Gees vir die verskillende eeue sê. I Kor. 2:6–16: “Tog spreek ons wysheid onder die volwassenes, maar ’n wysheid nie van hierdie wêreld, of van hierdie wêreld se heersers, wat vergaan nie; maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voortbeskik het tot ons heerlikheid, wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie – want as hulle dit geken het, sou hulle die Here van die heerlikheid nie gekruisig het nie – maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van ’n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom lief het. Maar God het dit aan ons deur Sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God. Want wie van die mense weet wat in ’n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die

Gees Wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het. Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met die wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk. Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit Geestelik beoordeel word. Maar die Geestelike mens beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie. Want wie het die sin van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die sin van Christus." Matt. 13:13-16: "Daarom spreek Ek tot hulle in gelykenisse, omdat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie. En aan hulle word die profesie van Jesaja vervul wat sê: Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk, en glad nie sien nie. Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hul oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie. Maar julle oë is gelukkig, omdat hulle sien; en julle ore, omdat hulle hoor." Johannes 8:42-44: "En Jesus sê vir hulle: As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur. Waarom ken julle My spraak nie? Omdat julle na My Woord nie kan luister nie. Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan." Dit is baie duidelik uit hierdie Skrifgedeeltes dat geen mens *uit homself* God kan hoor nie. Daardie vermoë moet deur God aan hom geskenk word. Matt. 16:17: "Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader Wat in die hemele is." Hierdie Skrifgedeeltes saamgevoeg, wys ons dat daar slegs een groep mense is, en dit is 'n baie besondere groep, wat in staat is om in elke eeu te hoor wat die Gees sê. Dit is een spesiale groep wat die openbaring vir elke eeu ontvang. Daardie groep is *van God*, want die groep wat *nie* kan hoor nie is *nie van God nie*. (Johannes 8:42-44) Die groep wat kan hoor en wel hoor wat die Gees sê en wat die openbaring daarvan ontvang, is daardie groep wat in I Kor. 2:6-16 beskryf word. Hulle is diegene wat die Gees van God besit. Hulle is diegene wat uit God gebore is. Hulle word gedoop in die liggaam van die Here Jesus Christus deur Sy Gees. Hulle is gedoop met die Heilige Gees.

Om wat ons nou net gesê het, nog duideliker te stel, en om gebruik te maak van 'n Skrifgedeelte wat in gedagte gehou moet word as ons praat van wie dit is wat met die Heilige Gees

gedoop is, gaan kyk ons na wat Jesus in Johannes 6:45 sê: "Dit is geskrywe in die profete: En hulle sal ALMAL deur God geleer wees." Maar blaai na Jes. 54:13 waaruit hierdie geneem is en daar staan: "En al jou kinders sal deur die Here geleer wees." *Die ALMAL van God is die KINDERS van God.* Dus is dit so dat die bewys dat 'n mens 'n ware kind van God is (een tot wie die Gees gekom het en in wie die Gees woon) weereens aangedui word as een aan wie die Woord geleer is deur die Heilige Gees.

U kan nou begin sien waarom die spreek van tale nie die bewys is dat 'n persoon met die Heilige Gees gedoop is nie. In geen eeu word gesê dat "hy wat in tale kan spreek, laat hom sê wat die Gees sê" nie. Dit stel die spreek van tale, die uitleg daarvan, en profesie, ens., tersyde as bewys. Die bewys is HOOR wat die Gees sê. Die Gees spreek. Ja, die Gees leer. Dit is presies wat Jesus gesê het wat Hy sou doen as Hy kom. Johannes 14:26: "Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." En dit is net wat gebeur het. Dit is hoe die Evangelies geskryf is. Daardie manne het deur die werking van die Heilige Gees in hul gedagtes die presiese Woorde onthou wat Jesus gespreek het. Dit is waarom die Evangelies so akkuraat is. Hulle is perfek. Die Gees het nie slegs alles tot hul gedagte gebring nie, maar het hulle verder ook geleer aangaande die waarheid wat hulle reeds besit het. Dit is hoe Paulus sy openbaringe ontvang het. Daaromtrent het hy gesê: "Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die Evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie. Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus." Gal. 1:11,12. Hy is geleer deur die Heilige Gees.

Eendag toe Jesus op aarde gewandel het, het 'n sekere belangrike man Hom kom besoek. Die man het gesê: "Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het." Maar u sal opmerk dat Jesus hom reg gehelp het. Hy het Hom tot Nikodemus gewend en die woorde wat Hy gespreek het, kan soos volg omskrywe word: "Ek is NIE 'n leraar nie. Ek is die Offerlam vir sonde. Ek maak die Wedergeboorte moontlik deur My Gees, maar daar kom Een Wat die Leraar is. Hy is die Heilige Gees." Toe Jesus op aarde was, het Hy gekom as die Lam en as die Profeet. Toe Hy teruggekeer het in die kerk, het Hy die Leraar geword deur Sy Gees.

En aan elke eeu hoor ons dieselfde waarheid: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê." Maar slegs 'n Geesvervulde man kan die openbaring vir daardie eeu hoor. Niemand anders kan nie. O nee. Hulle kan nie, want dit is presies wat Paulus in I Kor. 2:6–16 gesê het.

Nou hierin behoort u u te verheug. Daar is 'n besonder eienaardige leerstelling wat rondgaan wat baie misverstand en

kwaadwillige gesindhede veroorsaak. Wanneer die Pinkstermense sê dat ’n mens in tale MOET spreek of anders nie met die Heilige Gees gedoop kan wees nie, ontken hulle óf dat groot manne soos Knox, Moody, Taylor, Goforth en andere die Heilige Gees ontvang het, óf hulle impliseer dat hulle almal in die geheim in tale gespreek het en dat hulle nie bewus was wat aangegaan het nie. Dit is nie waar nie. O nee. Dit is ’n growwe fout. Tale is nie die bewys van Geesvervuldheid nie. Dit is slegs een van die nege manifestasies wat in I Kor. 12 vermeld word. Daar is geen Skrifgedeelte wat sê dat jy die Heilige Gees ontvang wanneer jy in tale praat nie, of dat jy die Heilige Gees ontvang deur in tale te praat nie. Maar daar staan wel dat “*Nadat* hulle met die Heilige Gees vervul is, het hulle in ander tale gespreek,” en dit sê later dat hulle geprofeteer het.

Onder baie mense word dit vandag vanselfsprekend aanvaar dat almal wat daarop aanspraak maak dat hulle die Heilige Gees ontvang deur in tale te spreek, ’n egte Geestelike taal spreek. Dit is nie so nie, want baie mense spreek ’n bekende taal maar onder die invloed van ’n verkeerde gees. Kom ons sê nou ons is by ’n byeenkoms en mense praat almal in tale. Hoe gaan u weet watter taal is uit die Gees en watter is uit die duiwel? Ek was tussen die heidene gewees waar hul towenaars bloed uit ’n skedel gedrink het, in tale gespreek, dit uitgelê het en geprofeteer het. Hulle kan selfs in tale skryf. As tale dan *DIE* bewys van die ontvangs van die Heilige Gees is, dan moet elke taal uit God wees. Maar selfs diegene wat aanhangers is van die bewys van tale, erken dat daar ware en valse tale is, want God besit die ware en Satan die valse. Dus is my vraag: “Wie weet wat eg is? Wie het die taal verstaan om te weet wat gespreek is? Wie het die gawe van onderskeiding om te kan weet?” Wanneer ons die antwoorde op die vrae het, sal ons iets hê om mee voort te gaan; maar tot dan moet ons maar net wonder oor die oorsprong van die tale. U kan nou al sommer sien dat, as u die bewys van tale onderskryf en u weet nie wat gesê word nie, u uiteindelik tot die slotsom moet kom dat alle tale van God is. Dit sal daartoe lei dat ons glo dat die duiwel nie in tale kan spreek nie. Dit is nie so nie; vir geen oomblik nie. Enige ware sendeling in die vreemde weet maar te goed dat die duiwel in ander tale spreek, net soos ek dit uit ervaring weet.

Pinkster teoloë erken dat hulle geen Skrif het wat dit bevestig dat mense in tale spreek wanneer hulle deur die Heilige Gees gedoop word nie. Hulle erken dat hulle dit aflei uit die ervaringe wat in die boek Handelinge uiteengesit word waar mense drie uit vyf keer in tale gespreek het. Hulle sê ook, sonder enige Skrif, dat daar twee soorte tale is. Een is die taal waarin jy spreek terwyl jy die Heilige Gees ontvang en dit is die ‘bewys’; terwyl, as jy glo, jy later die gawe van tale kan

ontvang waardeur jy dikwels kan spreek. Hulle sê egter dat, as mens eers in tale gespreek het as bewys van ontvangs, dit moontlik is dat mens nooit weer sal spreek nie. Weereens sal ons graag wil weet waar dit in die Woord gevind word. As dit nie daar is nie dan het God dit nie gespreek nie, en bewaar hom wat by daardie Woord byvoeg. *Maar daar is tog iets in die Woord oor hierdie einste onderwerp wat hulle totaal ignoreer*. I Kor. 13. Daarin word tale van mense en engele gemeld. Hierdie sou bekende en onbekende tale wees. Moderne Pinkstermense beweer dat hulle die Heilige Gees kan ontvang deur in onbekende of engeletale te spreek. Hulle span die kar voor die perde, want in Handelinge 2 het die mense 'n perfekte dialek gepraat wat selfs ongelowiges gehoor en verstaan het.

Nou wanneer God swyg, moet ons liewer ook swyg. Maar waar Hy gespreek het, moet ons ook spreek en sê wat Hy reeds gesê het. Hy het die bewys aan ons meegedeel van wat sou gebeur nadat ons met die Heilige Gees gedoop is, naamlik dat die Leraar sou kom en ons alle waarheid sou leer. Maar daardie Leraar was 'n INNERLIKE leraar, nie 'n uiterlike leraar nie. As die Gees nie binne-in was nie, sou u nie die waarheid hoor en dit deur openbaring ontvang nie, al sou u dit elke oomblik van die dag hoor. Dit was die teken van die inwonende Gees in die dae van Paulus. Diegene wat vervul was met die Heilige Gees het die Woord gehoor, dit ontvang en daarvolgens gelewe. Diegene wat nie die Gees gehad het nie, het dit slegs gehoor as vleeslike mense; 'n verkeerde vertolking daaraan geheg, en in sonde verval.

In elke eeu (en elke eeu is, vir die ware gelowige, die eeu van die Heilige Gees) — sê ek, in elke eeu was die bewys dieselfde. Diegene wat die Gees gehad het, die Leraar, het die Woord gehoor, en daardie Gees in hulle het die Woord geneem en dit geleer (dit openbaar) aan hulle; en hulle was van die groep wat die boodskapper en sy boodskap gehoor, dit aangeneem, en uitgeleef het.

Ek weet die versoeking is groot om terug te verwys na die dag van Pinkster en ook na die dag toe die Heilige Gees uitgestort is in die huis van Cornelius, en om dan daardie twee soortgelyke ervaringe voor te hou as bewys van die Doop met die Heilige Gees. Maar by elke geleentheid is die tale deur die luisteraars verstaan. Daar is 'n groot verskil tussen dit en die moderne babelse verwarring by Pinkster-byeenkomste. En as dit nie genoeg is om ons te oortuig om so 'n redenasie te laat vaar nie, wat sal ons doen as ons gekonfronteer word met die feit dat mense wat nog nooit in tale gespreek het nie, wel sommige van die ander agt manifestasies in hulle lewens besit, soos die woord van wysheid, die onderskeiding van geeste, 'n woord van kennis, geloof, genesing en self wonders? En hierdie waarneming is selfs nog meer interessant in die lig daarvan dat

tale die geringste van die nege gawes is; wanneer ons dus mense sien wat nie in tale spreek of dit nog nooit gedoen het nie, dat hulle nog groter gawes gebruik as hulle wat wel in tale spreek, moet ons so ’n leerstelling selps nog meer buite rekening laat.

U kan dus nou sien dat ons nie kan bekostig om nie te sê wat die Bybel sê nie. As die Skrif ons leer dat die werke van die Heilige Gees, en die manifestasie van daardie Geseënde Persoon, is om die waarheid van elke eeu te bring aan die ware saad van daardie eeu, dan weet ons dat die Gees in die persoon moet woon anders kan hy nie die waarheid vir daardie tyd ontvang nie. Amen. Dit is presies reg. En as hierdie eeue enigiets uitbring, dan bring hulle sekerlik hierdie waarheid na vore.

Voordat ons nou van hierdie onderwerp afstap, wil ek myself baie duidelik stel wat die Doop van die Heilige Gees is volgens die Woord. Dit is nie volgens my en nie volgens u nie. Dit moet in ooreenstemming met ‘So spreek die Here’ wees, of ons word valslik gelei. Amen.

Om mee te begin sal u opmerk dat by my byeenkomste, wanneer ek ’n evangelistiese diens klaar gepreek het, of ’n boodskap van lering, ek die net uitgooi en ’n reaksie vra van die gehoor. Ek vra hulle om vorentoe te kom en die Heilige Gees te ontvang. Wanneer my Pinkstervriende hoor dat ek dit doen, glo hulle dat ek die mense uitnooi om vorentoe te kom om gedoop te word met die Heilige Gees, want hulle is reeds wedergebore. Dus wanneer ek diegene wat met die Gees vervul is uitnooi om te kom, om met diegene te deel wat vorentoe gekom het om die Gees te ontvang, kom hierdie liewe mense na vore en deel met die mense op ’n wyse wat hulle aanspoor om hulle aan God oor te gee en te glo in die spreek van tale. Dit het baie verwarring geskep en ek wil u presies vertel wat ek bedoel. Ek bedoel dat die sondaar na vore moet kom om wedergebore te word, wat beteken om gedoop te word in die liggaam van Christus deur die Heilige Gees; wat presies is wat by Pinkster plaasgevind het toe die kerk ontstaan het. Met ander woorde, om uit die Gees gebore te word beteken om waarlik met die Heilige Gees gedoop te wees. Dit is een en dieselfde.

Ek besef nou dat daar hier ’n oomblik verwarring kan wees, soos meeste mense weet was ek ’n Baptiste-prediker georden en ek het nog altyd onwrikbaar verklaar dat die Baptiste dit mis het deurdat hulle sê dat mens die Heilige Gees ontvang WANNEER mens glo, want dit is nie so nie. U ontvang Hom “SEDERT u geglo het”. Handelinge 19:2-6: “En hulle het gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe (sedert) julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar ’n Heilige Gees is nie. En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van

Johannes. Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een Wat na hom kom, dit is in Christus Jesus. En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus. En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer." Daar staan dit. Paulus het gevra: "Het julle ontvang SEDERT, NIE TOE julle gelowig geword het nie." En daar is 'n groot verskil, want dit is NADAT ons glo dat ons ontvang. Ef. 1:13 is 'n woordelikse herhaling van wat in Éfese gebeur het volgens Handelinge 19: "In wie julle ook, NADAT julle die Woord van die waarheid, die Evangelie van julle redding, gehoor het, in Wie julle, NADAT julle ook geglo het (nie *toe* julle geglo het nie) verseël is met die Heilige Gees van die belofte." Hier is nou my punt. Te veel van ons moderniste en selfs ons fundamentele vriende (sogenaamd) glo tot redding op 'n sekere bepaalde tydstip wat in baie gevalle "die neem van 'n besluit" genoem word en dit was genoem om Christus te ontvang of om wedergebore te word. Nou: Om Christus te ontvang, beteken om Sy Gees te ontvang. Om Sy Gees te ontvang is om wedergebore te word. Om Sy Gees te ontuang, is om gedoop te word met die Heilige Gees. Amen. Hierdie mense glo. Dit is wonderlik. *Maar hulle hou daar op*. U ontvang die Heilige Gees *NADAT u glo*. Dit was nog altyd so en so sal dit altyd wees. Die eerste woord van voorskrif aan die mense is deur Petrus by Pinkster gegee en hy het gesê: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep."

Hierdie voorskrifte het as 'n direkte antwoord van Petrus gekom met betrekking tot wat werklik by Pinkster gebeur het. Wat gebeur het was dat God, volgens Joël, die beloofde Heilige Gees op alle vlees uitgestort het. Hy is nie voor daardie tyd uitgestort of voor daardie tyd gegee nie. Dit was dit. DIT sou voortaan net kom deur tot bekering te kom en gedoop te word in die Naam van die Here Jesus Christus, en dan was God gebonde om diegene wat kom, te vervul. Nie Petrus, of enige van die apostels het ooit gesê: "Julle moet wedergebore word en dan met die Gees vervul word nie."

Dat hierdie die patroon van ervaring relatief tot die ontvangs van die Heilige Gees is, let noukeurig op na die volgende keer toe die Gees op die mense geval het. Handelinge 8:5–17: "En Filippus het afgekom in 'n stad van Samaria en Christus aan hulle verkondig. En die skare het eendragtig ag gegee op die woorde van Filippus toe hulle dit hoor, en die tekens sien wat hy doen. Want uit baie van die wat onreine geeste gehad het, het die geeste uitgegaan terwyl hulle met 'n

groot stem skreeu; en baie wat lam en kreupel was, het gesond geword. En daar was groot blydskap in daardie stad. En ’n sekere man met die naam van Simon het vantevore in die stad met towery omgegaan en die bevolking van Samaria verbyster deur te sê dat hy iets besonders was. En almal, klein en groot, het hom aangehang, en gesê: Hy is die groot krag van God. En hulle het hom aangehang, omdat hy hulle ’n geruime tyd deur sy towerye verbyster het. *Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die Evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue*. En Simon het ook self gelowig geword, en nadat hy gedoop was, gedurig by Filippus gebly; en hy was verbaas toe hy die tekens en groot kragte sien gebeur. En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaria die Woord van God aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur. Hulle het afgekom en vir hulle gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, *want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die Here Jesus. Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang*. Volgens vers 12 HET HULLE DIE WOORD *GEGLO*. Hulle is toe gedoop in die Naam van die Here Jesus. *Maar volgens vers* 16, *ten spyte van alles, het hulle NOG NIE DIE HEILIGE GEES ONTVANG NIE*. Dit was slegs NADAT hulle geglo het en nadat hulle reg gedoop was dat hulle die Heilige Gees ontvang het. Dit is die presiese patroon soos uiteengesit deur Petrus in Handelinge 2:38-39.

Nog ’n skrif wat wonderbare lig hierop werp is Gal. 3:13-14: “Vervloek is elkeen wat aan ’n hout hang - sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.” Daar kan geensins gesê word dat die “seën van Abraham” die wedergeboorte is, en dat die “belofte van die Gees”, die Doop met die Heilige Gees is, as twee verskillende gebeurtenisse nie. Want die Skrif lees so: “Jesus het aan die kruis gesterf en deur daardie dood en opstanding het die seën van Abraham na die heidene gekom, en die Jode verlaat. Dit het gebeur sodat die Gees vir die heidene beskikbaar kon word.”

Om te verstaan wat ek so pas gesê het, is om op te klaar waarom kenners nog nooit kon vind dat Paulus ooit gesê het: “Word wedergebore en word DAN vervul met die Gees” nie. Hulle het afgelei dat dit daar is, en het hul eie betekenis daaraan geheg om dit te maak sê, MAAR DIE SKRIF SÊ NIE SO NIE. Jesus het dit ook nooit gesê nie. Kyk na Johannes 7:37-39 en lees dit nou met insig. “En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom om te drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die GEES wat die sou

ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie." Hier staan daar duidelik en nadruklik dat die gelowige, as hy drink deur in die geloof tot Jesus te kom, strome van lewende water sal hê wat uit sy binneste vloei. En dit plaas hierdie ervaring by Pinkster. Nou met hierdie in gedagte lees ons Johannes 4:10 & 14: "As jy die gawe van God geken het en geweet Wie Hy is Wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het. Maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe." Dieselfde lewende water word genoem, maar die keer word dit nie 'n stroom genoem nie, maar 'n fontein. Dit is waar mense 'n fout maak. Omdat dit 'n fontein en 'n rivier genoem word, dink hulle dat, in die een geval, dit die ewige lewe is wat deur die Gees gegee word, en in die ander geval waar dit 'n rivier genoem word (groter dinamika impliseer) moet dit die Gees wees wat nou gegee word as 'n skenking van krag. Nie so nie. Dit is een en dieselfde. Dit is die Gees wat lewe en krag gee, en dit het by Pinkster gekom.

Wat is dit wat hierdie misverstand veroorsaak het? Die antwoord is "ERVARING". Ons het gegaan volgens ervaring en nie volgens die Woord nie. Weg met ervaring as u maatstaf. Daar is slegs een riglyn, slegs een maatstaf, en dit is die WOORD. Let nou mooi op en verstaan: Petrus het gesê: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." Paulus het gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang SEDERT julle gelowig geword het?" Hier is ons hele probleem. Mense het berou oor hul sondes, hulle word in water gedoop. MAAR HULLE GAAN NIE VERDER EN ONTVANG DIE HEILIGE GEES NIE. U GLO *TOT OP* DIE ONTVANGS VAN DIE HEILIGE GEES. Geloof in Jesus is 'n stap in die regte rigting, wat 'n stap na die Heilige Gees is, maar daar hou die mense op. Hulle kom tot by die water en dan stop hulle. Hulle glo, en gaan nie verder nie. Die Bybel sê nie dat u ontvang WANNEER u glo nie. Daar staan: "Het julle die Heilige Gees ontvang SEDERT julle gelowig geword het?" Die presiese en letterlike vertaling is: "Het julle, wat voorheen geglo het, die Heilige Gees ontvang?" Die mense glo en gaan dan nie verder nie. U ontvang nie die Heilige Gees wanneer u AAN Hom glo, toe u tot bekering gekom het nie. U gaan aan en ontvang dan die Heilige Gees. Begryp u dit? Dit is die fout met die fundamentaliste. Hulle het geen krag nie, want hulle hou op voor hulle by Pinkster uitkom.

Hulle is soos die kinders van Israel wat uit Egipte gekom het en tot halt gekom het voor die Beloofde Land. Nou daardie

kinders van Israel het Egipte verlaat omtrent twee miljoen sterk. Hulle het almal gereis, almal het die wonders van God gesien, almal het geëet van dieselfde manna en gedrink van dieselfde water uit die geslane rots, almal het dieselfde wolk bedags en dieselfde vuurkolom snags gevolg, maar SLEGS TWEE het die Beloofde Land bereik. SLEGS TWEE WARE EN OPREGTE GELOWIGES. Dit is korrek, want die Woord vertel ons dat die res gesterf het vanweë ongeloof; *en as gevolg van ongeloof kon hulle nie ingaan nie.* (Heb. 3:19) Aangesien dit dan so is, en slegs TWEE INGEGAAN het, was die res dus nie ware gelowiges nie. Wat het die verskil gemaak? Twee het by die Woord gehou. Josua en Kaleb het nie teruggedeins toe die moed van die tien spioene hulle by Kades Barnea begewe het nie, want hulle het die Woord geglo en het gesê: "Ons is meer as bekwaam om die land in te neem." Hulle het geweet hulle kon, want God het gesê: "Ek het die land vir julle gegee." Nadat daardie Israeliete al die mag en die goedheid en die verlossing van God gesien het, het hulle nog nie die rus, wat 'n tipe van die Heilige Gees is, binnegegaan nie. Dus kan u sommer nou al sien dat baie min mense ooit al die pad sal glo tot weer hulle die Gees van God sal ontvang.

Goed, ons het nou sover gekom. Nou wil ek nog verder gaan en as ek dit doen weet ek dat ek mense emosioneel gaan omkrap. Dit is egter iets waarvoor ek nie verantwoordelik is nie. Ek is slegs verantwoordelik teenoor God en Sy Woord en teenoor die mense na wie God my gestuur het. Ek moet getrou wees in alles wat Hy my gee om te sê.

In Johannes 6:37 & 44 staan daar: "Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie. Niemand kan na My toe kom as die Vader Wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag." Johannes 1:12–13: "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, MAAR UIT GOD gebore is." Ef. 1:4,5: "Soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as Sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van Sy wil." Sonder om nou te betrokke te raak in die onderwerp van die oppermag van God (want dit op sigself sal 'n boek vereis) wil ek hier net daarop wys dat, volgens hierdie Skrifgedeeltes, Jesus Christus Sy eie bruid uitkies, net soos 'n man vandag sy bruid kies. Die bruid vandag besluit nie sommer dat sy 'n bepaalde man as eggenoot gaan neem nie. O nee. Dit is die bruidegom wat besluit en wat 'n sekere vrou as bruid kies. (Johannes 15:16: "Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies.")

Nou volgens die Woord van God is die bruid gekies voor die grondlegging van die wêreld. Hierdie keuse van die bruid het Hy in Homself voorgeneem. Ef. 1:9. En in Rom. 9:11 sê dit: "Dat die voorneme van God volgens die *verkiesing* kon bly staan." Jy kan dit nie anders lees nie. Die hartsvoorneme van God, die ewige voorneme van God was om 'n bruid van Sy EIE keuse te neem, en daardie voorneme was in Homself, en, omdat Hy ewig is, is dit bepaal voor die grondlegging van die wêreld.

Let noukeurig op hierna en verstaan dit. Voordat daar 'n spikkeltjie kosmiese stof was; voor God God was (God is 'n voorwerp van aanbidding en daar was niemand om Hom te aanbid nie dus was Hy op daardie tydstip slegs potensieel God.) en Hy slegs bekend was as ewige Gees, was die bruid reeds in Sy gedagtes. Ja, sy was. Sy het in Sy gedagtes bestaan. En wat van daardie gedagtes van God? Hulle is ewig, is dit nie?

Die ewige gedagtes van God! Laat my u vra: "Is die gedagtes van God, ewig?" As u dit kan insien, sal u baie dinge sien. God is onveranderlik biede in wese en optrede. Ons het dit bestudeer en dit reeds bewys. God se vermoëns is oneindig, dus moet Hy, as God, alwetend wees. As Hy alwetend is dan leer Hy nie nou nie, nog pleeg Hy met Homself oorleg, nog voeg Hy ten enige tyd by Sy kennis. As Hy by Sy kennis kon byvoeg, is Hy nie alwetend nie. Die beste wat ons kan sê is dat Hy eendag alwetend sal wees. Dit is nie volgens die Skrif nie. Hy IS alwetend. Hy het nog nooit oor enigiets van gedagte verander nie omdat Hy nog altyd al Sy gedagtes gehad het en hulle altyd sal hê, en Hy ken die einde van die begin af, want Hy is God. DUS IS DIE GEDAGTES VAN GOD EWIG. HULLE IS 'n WERKLIKHEID. Hulle is nie slegs soos 'n man met 'n bloudruk wat hy opgestel het en wat eendag oorgesit sal word in vorm en werklikheid nie; maar hulle is reeds werklik en ewig, en deel van God.

Kyk hoe dit werk. God het altyd Sy gedagtes vir Adam gehad. Adam, as Sy gedagtes, het nog nie 'n uitdrukking gevind nie. Psalm 139:15–16 sal u 'n klein aanduiding daarvan gee: "My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde. U oë het my ongevormde klomp gesien; en in U boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie." Dit, soos ek gesê het, handel nie oor Adam nie, maar dit dui aan en gee u die idee en wete dat die gedagte daar in Sy gedagtes was, en daardie gedagte was ewig en moes verwesentlik word. Dus, toe Adam gevormeer was uit die stof van die aarde en sy geestelike wese geskep was deur God, het Adam 'n verwesentliking van God se gedagtes geword en was daardie *ewige gedagtes* nou gemanifesteer.

Voort deur die eeue kan ons gaan. Ons vind 'n Moses, 'n Jeremia, 'n Johannes die Doper, en elkeen van hulle was God

se ewige gedagte wat op sy tyd verwesentlik is. Dan kom ons by Jesus, die LOGOS. Hy was die volmaakte en volkome GEDAGTE wat verwesenlik is en Hy het bekend geword as die Woord. Dit is wat Hy IS, en *altyd* SAL WEES.

Nou sê dit dat: "Soos Hy ons IN HOM (Jesus) uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld." Dit beteken dat ons daar BY Hom was in die denke en gedagtes van God, voor die grondlegging van die wêreld. Dit gee daardie EWIGE kwaliteit aan die uitverkorenes. Dit kan nie betwis word nie.

Laat my toe om hier 'n gedagte in te voeg. Selfs ons natuurlike geboorte is op uitverkiesing gebaseer. Die eierstokke van die vrou produseer talle eiertjies, maar waarom is dit dat, op 'n sekere tydstip, een eier afgeskei word en nie 'n ander nie? Dan, tussen die spermselle van die man, om een of ander onbekende rede, heg slegs een saadselletjie hom aan die ovum vas, terwyl ander, wat hulself net so maklik kon vasgeheg het of 'n beter geleentheid gehad het om dit te doen, dit nie gedoen het nie, en tot niet gaan. Daar skuil 'n intelligensie daaragter, want wat anders sou bepaal of die baba 'n seun of 'n dogter is, lig of donker kleur van die oë, ens. Hou dit in gedagte en dink aan Josua en Kaleb. Het Jesus nie in Johannes 6:49 gesê: "Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe," nie? Daardie ouers wat gesterf het, was nodig as die voorvaders van die mense met wie Jesus gepraat het. Hulle het gesterwe, maar hulle was op natuurlike wyse in die uitverkiesing van God soos Josua en Kaleb dit Geestelik was.

Om voort te gaan, hierdie uitverkorenes was nie slegs die ewige gedagtes van God wat op die regte tyd in die vlees geopenbaar is nie; hierdie selfde uitverkorenes word ook 'n ander naam genoem. Rom. 4:16: "Daarom is dit uit die geloof, sodat dit volgens genade kan wees en die belofte kan vasstaan vir die hele *nageslag (saad)*; nie alleen vir die wat uit die wet is nie, maar ook vir die wat uit die geloof van Abraham is, die vader van ons almal." Rom. 9:7–13: "Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag (saad) is, is hulle almal kinders nie; maar: in Isak sal jou nageslag (saad) genoem word. Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag (saad). Want dit is die woord van die belofte; Omtrent hierdie tyd sal Ek kom, en Sara sal 'n seun hê. En nie alleen dit nie, maar Rebekka was swanger uit een, naamlik Isak, ons vader. Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie – dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werk nie, maar uit Hom wat roep – is vir haar gesê: Die oudste sal die jongste dien. Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat." Gal. 3:16: "Nou is aan Abraham die belofte toegesê en aan sy

saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus." Gal. 3:29: "En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag (saad) van Abraham en volgens die belofte erfgename." Volgens Rom. 4:16, vind ons dat God 'n Vaste Belofte gemaak het vir die AL die saad van Abraham en Paulus plaas homself en alle gelowiges in daardie kategorie, want hy sê: "Abraham, wie die vader van ons ALMAL is." Dan gaan hy voort, nie slegs om sy definisie meer bepaald te maak nie, maar om dit te finaliseer, want in Gal. 3, identifiseer hy die SAAD (enkelvoud) as Jesus en ag hy "die saadkinders" as die kinders van die belofte, en die belofte as handelende met "uitverkiesing" of "die keuse van God." En dit is presies wat ons gesê het. Diegene wat uit die Koninklike Geslag kom is die *uitverkorenes* van God: die *voorbestemdes,* die *voorafgekendes* van God, en hulle was in die *wete* van God en Sy *gedagtes*. Eenvoudig gestel was die Ware Bruid van Christus ewiglik in God se gedagtes gewees, hoewel nie tot verwesentliking gebring alvorens elkeen na vore gekom het in die bepaalde verordineerde seisoen nie. Soos elke *ledemaat* na vore gekom het, het dit VERWESENTLIKING GEVIND en sy plek in die liggaam ingeneem. So is hierdie bruid die letterlike GESPROKE WOORDSAADBRUID. Alhoewel sy as vroulik aangedui word, word sy ook genoem die "liggaam van *Christus*." Dit is baie duidelik dat sy so genoem moet word, want sy is in Hom voortbestem, het dieselfde oorsprong, was ewig met Hom gewees, en manifesteer nou God in 'n veelledige liggaam terwyl God eens in EEN LIGGAAM gemanifesteer is, onse Here Jesus Christus.

Nou kom ons hier tot 'n slotsom. Soos die ewige Logos (God) in die Seun gemanifesteer was, en in Jesus die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon het, en die Ewige Een die Vader was wat in die vlees gemanifesteer was, en daardeur die titel van Seun verkry het, net so word ons, ewig in Sy gedagtes, op ons beurt die veelledige Gesproke Woordsaad, gemanifesteer in die vlees, en daardie ewige gedagtes wat nou in die vlees gemanifesteer is, is die seuns van God, soos ons ook genoem word. ONS HET NIE DEUR DIE WEDERGEBOORTE SAAD GEWORD NIE; ONS WAS SAAD EN DAAROM IS ONS WEDERGEBORE, WANT SLEGS DIE UITVERKORENES KAN WEDERGEBORE WORD. Die feit dat ons SAAD WAS is die rede waarom ons lewend gemaak kon word. In NIE-SAAD is daar niks wat opgewek kan word nie.

Hou dit mooi in gedagte. Neem nou die volgende stap. Verlos beteken om terug te koop. Dit herstel aan die oorspronklike eienaar. God, deur Sy dood, het met gestorte bloed SY EIE TERUGGEKOOP. Hy het die Gesproke Saadwoordbruid teruggekoop. "My skape hoor My stem (Woord) en volg My." U was altyd 'n skaap. U was nooit 'n

vark of ’n hond wat in ’n skaap verander is nie. Dit is onmoontlik, want elke soort lewe bring dieselfde soort voort en daar is geen verandering in die spesie nie. Aangesien ons in die gedagtes van God was en toe in die vlees tot uiting gebring is, moes daar ’n dag kom dat ons Sy stem (die Woord) sou hoor en, as ons daardie stem hoor, bewus daarvan sou word dat ons Vader ons roep en besef dat ons die seuns van God is. Ons het Sy stem gehoor en soos die verlore seun uitgeroep: “Red my, o my Vader. Ek keer terug na U.”

Dit kan lank neem vir ’n seun van God om te besef dat hy ’n seun van God is. In der waarheid, daar is baie Christene wat is soos die verhaal van die arend wat onder ’n hen uitgebroei is. U weet dat die arend ’n voorbeeld van die ware gelowige is. Wel, ’n plaasboer het ’n eier uit die nes van ’n arend geneem en dit onder ’n hen geplaas. Mettertyd het al die eiers onder die hen uitgebroei. Dit kuikentjies het uitstekend met die hen oor die weg gekom, maar daardie klein arend kon nie dink wat al die gekloek en rondskrop vir kos in die mishoop beteken nie. Hy het daarin geslaag om aan die lewe te bly maar hy was baie verward oor alles gewees. Maar eendag, daar bo uit die lug, het die moederarend wat die eier gelê het, daardie klein arendjie op die grond raakgesien. Sy het teen ’n geweldige spoed afgeduik en so hard as wat sy kon vir hom geskree om op te vlieg na haar toe. Hy het nog nooit die geroep van ’n arend gehoor nie maar toe hy daardie eerste skree hoor het daar iets in hom geroer en het hy gehunker om die geroep tegemoet te gaan. Maar hy was te bang om te probeer. Weer het die moeder vir hom geskree om op te styg in die wind en haar te volg. Hy het teruggeskree dat hy bang was. Weereens het sy uitgeroep en geskree dat hy moet probeer. Hy het sy vlerke geklap en homself die lug ingewerp en, in antwoord op die roep van sy moeder het hy opgestyg na die blou lug. U sien, hy was altyd ’n arend gewees. Vir ’n kort rukkie het hy soos ’n hoender opgetree, maar hy was nie tevrede nie. Maar toe hy die roepstem van die magtige arend gehoor het, het hy sy eie plek gevind. En as ’n ware seun van God eenmaal die roep van die Gees deur die Woord hoor, sal hy ook besef wie hy is en gaan na die Groot Arendprofeet en vir ewig by Hom bly in die hemelse plekke in Christus Jesus.

NOU KOM ONS SEËVIERENDE HOOFSTEEN op die Doping met die Heilige Gees. Gal. 4:4–7: “Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit ’n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. En omdat julle kinders is, het God die Gees van Sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba Vader! Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus.” Daar is dit. Jesus Christus

is uitgestuur, het gesterf aan die kruis, en het Verlossing bewerkstellig (herstel aan die oorspronklike eienaar deur middel van terugkoop, of betaling van die prys) en daardeur ONS AS SEUNS GEPLAAS. *Hy het ons nie seuns gemaak nie, want ons was reeds Sy seuns, maar Hy het ons as seuns geplaas; want solank ons in die wêreld was, in die vlees, kon ons nie as Sy seuns herken word nie. Ons is deur die duiwel gevange gehou. Ons was nietemin seuns.* En luister nou mooi: EN OMDAT JULLE KINDERS *IS*, HET GOD DIE GEES VAN SY SEUN IN U HARTE UITGESTUUR EN HY ROEP: VADER, VADER." Op wie het die Gees by Pinkster neergedaal? Seuns. En by Korinthe? Op seuns terwyl hulle DIE WOORD GEHOOR HET.

Wat is die Doop met die Heilige Gees? Dit is die Gees wat u Doop binne-in die liggaam van Christus. Dit is die nuwe geboorte. Dit is die Gees van God wat in u kom en u vervul nadat u u bekeer het (nadat u Sy Woord gehoor het) en met water gedoop is as antwoord van 'n rein gewete tot God.

Wat ons nou net hier uiteengesit het, sal baie makliker vir almal wees om te verstaan as almal geglo het in die leerstelling van die eenheid van die Godheid. Want daar is nie drie persone in daardie Godheid nie, maar EEN. Dus word ons NIE wedergebore deur die Gees van die Lewe van Jesus wat ons binnegaan en daarna deur die Heilige Gees wat in ons kom woon om ons krag te gee nie. As dit waar was, waarom sou ons die Vader misken deur Hom nie 'n deel te gee in ons volkome redding nie? Want as redding van die Here is, en daar drie Heres is, dan moet HY (Vader) ook iets te doen hê. 'n Mens kan tog sekerlik sien dat Jesus dit baie duidelik gemaak het dat dit Hy en slegs Hy is Wat God is en dat dit Hy is en net Hy Wat in die gelowige kom woon. In Johannes 14:16 staan daar dat die Vader 'n ander Trooster sal stuur. Maar vers 17 sê dat Hy (Jesus) by hulle bly en later IN hulle sou wees. In vers 18 sê Hy dat Hy na hulle sal kom. In vers 23, terwyl Hy met die dissipels praat, sê Hy: "Ons (Vader en Seun) sal na hom toe kom." Dus is dit die Vader, Seun en Heilige Gees wat almal inkom op die een tydstip, want DIT IS EEN PERSOON wat die Godheid uitmaak. Daardie gebeurtenis het by Pinkster plaasgevind. Daar is nie twee komste van die Gees nie, net een. Die probleem is dat mense nie die regte waarheid ken nie en hulle glo eenvoudig in Jesus vir vergewing van sondes, maar hulle gaan nooit verder en ontvang die Gees nie.

Voordat ek van die onderwerp afstap, weet ek dat daar 'n vraag is wat in u gedagtes bestaan. U sal wil weet of ek glo in die leerstelling van voorafbestaan. Ek glo so min in daardie Mormoonse leerstelling van die voorafbestaan van siele as wat ek glo in reïnkarnasie of die sielsverhuising. Wees versigtig hier en sien dit. Dit is nie die persoon wat, voorbestem ewiglik

van God kom nie; DIT IS DIE WOORD, OF SAAD. Dit is dit. Ver terug, so lank gelede dat die menseverstand dit nie kan begryp nie, het die Ewige God met ewige gedagtes, gedink en bepaal: "JAKOB HET EK LIEFGEHAD MAAR ESAU HET EK GEHAAT (Rom. 9:13) EN NIE EEN WAS GEBORE NIE EN HET NIE KWAAD OF GOED GEDOEN NIE." Sien, dit was die GEDAGTE, en toe het daardie gedagte tot verwesentliking gekom en God het Jakob teruggekoop want alleen Jakob was SAAD. Slegs Jakob het die saad gehad; dit is waarom hy eerbied gehad het vir die geboortereg en die verbond van God. As u ware saad is, sal u daardie Woord hoor; die Gees sal u in die liggaam van Christus doop en u vervul en u krag gee en u sal die Woord vir u dag en eeu ontvang. Sien u hoe duidelik die ware bewyse word wanneer die Woord aan u geopenbaar word? Let weer daarop dat Jesus die Koninklike Saad was. Hy het in 'n menslike liggaam gewoon. Toe die Gees na Hom geroep het, (die Woord gemanifesteerde Gedagte) het Hy na die Jordaan gegaan en is Hy daar in water gedoop. Toe Hy die Woord gehoorsaam het, het die Heilige Gees op Hom gekom en die stem het gesê: "Dit is My geliefde Seun, luister na Hom." Die Stem het nie gesê: "Die het My Seun geword" nie, Jesus WAS die Seun. Die Heilige Gees het Hom voor almal as daardie Seun gestel. Toe, aldus vervul, (en dieselfde patroon bly staan van Pinkster af en ewiglik daarna) het Hy in betoning van krag voortgegaan en die volle openbaring deur God en van God vir daardie eeu ontvang.

Nou sê ons nog die hele tyd dat die ware bewys van die doop van die Heilige Gees daarin lê *dat die gelowige die Woord ontvang vir die eeu waarin hy leef.* Laat ek u dit duidelik aantoon.

Die Sewe Eeue soos uiteengesit in Openb. Hfst. 2 & 3 bevat die hele omvang van die Volheid van die Heidene, of die hele tydperk, waartydens God met die Heidene handel tot hulle saligheid. *In elke enkele eeu, sonder uitsondering,* word dieselfde gesê aan die begin en by die afsluiting van die boodskap vir elke eeu. "Skryf aan die *engel* van die (Éfese, Smirna, Pérgamus, Thiatíre, Sardis, Filadelfía, Laodicéa): Dit sê Hy, ens. ens . . . ", "Wie 'n oor het, laat hom (enkelvoud) hoor wat die Gees aan die gemeentes sê." Let hier op dat Jesus (deur die Gees) slegs tot EEN PERSOON spreek relatief tot die Woord vir DAARDIE eeu. Slegs EEN boodskapper vir elke kerkeeu ontvang wat die Gees vir daardie eeu te sê het, en daardie ENKELE BOODSKAPPER is die boodskapper vir die ware kerk. Hy spreek namens God deur openbaring aan die "kerke", beide ware en valse. Die boodskap word dan aan almal uitgestuur. Maar alhoewel dit uitgestuur word vir almal wat binne bereik van die boodskap kom, word daardie boodskap individueel ontvang deur slegs 'n sekere

gekwalifiseerde groep, op 'n bepaalde manier. Elke individu in daardie groep is *een wat die vermoë besit om te hoor wat die Gees deur die boodskapper spreek*. Hulle wat hoor, ontvang nie hulle eie, afsonderlike openbaring nie, nog ontvang 'n groep 'n kollektiewe openbaring: maar ELKE PERSOON HOOR EN ONTVANG WAT DIE BOODSKAPPER REEDS VAN GOD ONTVANG HET.

Moet dit nou nie eienaardig vind dat dit die geval is nie; want Paulus het hierdie patroon gestel onder die hand van God. Paulus alleen het die volle openbaring vir sy dag ontvang soos bewys word deur sy konfrontasie met die ander apostels wat erken het dat Paulus die Profeet-Boodskapper vir die Heidene was in sy dag. Let ook op deur die werklike illustrasie in die Woord dat, toe Paulus na Asië toe wou gaan, God hom verbied het, want die skape (Sy kinders) was in Macedonië en hulle (die Macedoniërs) sou hoor, wat die Gees te sê het deur Paulus, terwyl die mense in Asië dit nie sou hoor nie.

In elke eeu het ons presies dieselfde patroon. Dit is waarom die lig deur 'n Godgegewe boodskapper kom in 'n *sekere gebied* en dan van daardie boodskapper word die lig deur die bediening van andere, wat getrou geleer is, versprei. Maar natuurlik leer almal wat uitgaan nie altyd hoe nodig dit is om SLEGS te spreek wat die boodskapper gespreek het nie. (Onthou, Paulus het die mense gewaarsku om slegs te sê wat hy gesê het, I Kor. 14:37: "As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, BEVELE VAN DIE HERE IS. Of het die Woord van die Here van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom?") Hulle voeg hier by, laat daar uit, en gou is die boodskap nie meer suiwer nie en die herlewing sterf weg. Hoe versigtig moet ons nie wees om net EEN stem te hoor nie, want die Gees het maar een stem wat die stem van God is. Paulus het hulle gemaan om te sê wat hy gesê het, net soos Petrus gedoen het. Hy het hulle gewaarsku dat SELFS HY (PAULUS) nie een woord kon verander van wat hy deur openbaring verkondig het nie. O, hoe belangrik is dit om die stem van God deur Sy boodskappers te hoor en dan te sê wat aan hulle gegee is om aan die gemeentes oor te dra.

Ek hoop dat u dit nou begin sien. Miskien kan u nou begryp waarom ek nie saamgaan met die fundamentaliste en die Pinkstermense nie. Ek moet by die Woord hou soos die Here dit geopenbaar het. Ek kan nie nou alles behandel nie. Dit sal 'n afsonderlike boek verg, maar, met die hulp van die Here, sal ons talle preke en bandopnames en boodskappe oor al hierdie onderwerpe kry om u te help om die Skrif te verstaan en inmekaar gevoeg te sien.

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes van elke eeu sê." In elke eeu was dit dieselfde

roepstem. Luister wat die Gees sê. As u ’n Christen is, sal u terugkeer tot wat die Gees leer, naamlik die Woord van hierdie eeu. Elke boodskapper aan elke eeu sal daardie Woord verkondig. Elke vars en ware herlewing sal plaasvind omdat die mens teruggekeer het tot die Woord vir hulle dag. Die uitroep van elke eeu is die teregwysing: “Julle het die Woord van God verlaat. Bekeer julle en keer terug tot die Woord.” Van die eerste boek van die Bybel (Génesis) tot die laaste (Openbaring) is daar slegs een rede vir die misnoë van God — verlating van die Woord; en daar is slegs een middel om Sy guns te herwin — terug na die Woord.

In die Efésiese eeu, en in hierdie eeu, en in elke eeu wat ons in oënskou sal neem, sal ons sien dat dit waar is. En in die laaste eeu, wat ons eeu is, sal ons die verduistering van die Woord vind, die algehele afvalligheid, wat eindig in die groot verdrukking.

As u die ware saad is, as u waarlik gedoop is met die Heilige Gees, sal u Sy Woord ag bo u daaglikse brood en sal u smag om volgens ELKE Woord te leef wat uit die mond van God kom.

Dit is my opregte gebed vir ons almal; mag ons hoor wat die Gees vandag vir ons uit die Woord bring.

HOOFSTUK VYF

DIE PÉRGAMEENSE KERKEEU

Openbaring 2:12–17

En skryf aan die engel van die gemeente in Pérgamus: Dit sê Hy Wat die skerp tweesnydende swaard het: Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan My Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas My getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon. Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om ’n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer. So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat. Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van My mond. Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee ’n wit keursteen, en op die steen ’n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.

PÉRGAMUS

Pérgamus (outydse naam) was geleë in Misia, in ’n distrik wat deur drie riviere gevoed is, en het deur een van die riviere ’n kommunikasieweg tot die see gehad. Dit is beskryf as die glansrykste stad in Asië. Dit was ’n kultuurstad met ’n biblioteek wat slegs oortref is deur dié in Alexandrië. Tog was dit ’n sondige stad, oorgegee aan die wellustige rites van die aanbidding van Aesculapius wat hulle aanbid het in die vorm van ’n lewende slang wat in die tempel gevoer en gehuisves was. In hierdie pragtige stad van besproeide bosse, openbare wandelpaadjies en parke het daar ’n klein groepie toegewyde gelowiges gewoon wat nie deur die oppervlakkige skoonheid om die bos gelei is nie en wie die Sataniese aanbidding wat die plek vervul het, verafsku het.

DIE EEU

Die Pérgameense Eeu het ongeveer driehonderd jaar geduur, van 312 tot 606 nC.

DIE BOODSKAPPER

Deur gebruik te maak van ons Godgegewe reël vir die bepaling van die boodskapper na elke eeu, kies ons naamlik,

die een wie se bediening die naaste gekom het aan die van die eerste boodskapper, Paulus, en verklaar ons sonder huiwering dat die Pérgameense boodskapper Martin was. Martin is in 315 in Hongarye gebore. Maar het sy lewenstaak in Frankryk vervul waar hy in en om Tours as biskop gearbei het. Hy het in 399 gesterf. Hierdie groot heilige was die oom van ’n ander wonderlike Christen, naamlik St. Patrick van Ierland.

Martin is bekeer tot Christus terwyl hy die loopbaan van beroepsoldaat gevolg het. Dit was terwyl hy nog die beroep gevolg het, wat die mees merkwaardige wonderwerk plaasgevind het. Dit is oprekord geplaas dat ’n bedelaar siek gelê het in die strate van die dorp waar Martin diens gedoen het. Die winterkoue was meer as wat hy kon verduur, want hy was onvoldoende geklee. Niemand het op sy behoeftes ag geslaan totdat Martin daar verby gekom het nie. Hy het die arme man se treurige toestand raakgesien, maar het nie ’n ekstra kledingstuk gehad nie en het dus sy oorkleed uitgetrek en dit in twee gesny met sy swaard en die kledingstuk om die bevrore man gedraai. Hy het hom versorg so goed hy kon en verder gegaan. Daardie nag het die Here Jesus in ’n gesig aan hom verskyn. Hy het daar gestaan, soos ’n bedelaar, toegedraai in die helfte van Martin se kleed. Hy het met hom gepraat en gesê: “Martin, al is hy net ’n geloofsleerling, het My beklee met hierdie kledingstuk.” Sedert daardie tyd het Martin gestrewe om die Here met sy hele hart te dien. Sy lewe het ’n reeks wonders geword waarin die krag van God gemanifesteer is.

Nadat hy uit die leer getree het en ’n leier in die kerk geword het, het hy ’n baie militante standpunt teenoor afgodediens ingeneem. Hy het die boomstamme afgekap, die beelde gebreek en die altare omgestoot. Toe die heidene hom oor sy dade konfronteer, het hy hulle uitgedaag, op byna dieselfde manier as wat Elia die Baälprofete uitgedaag het. Hy het aangebied dat hulle hom aan die onderkant van ’n boom vasbind sodat, as dit afgekap word, dit hom sou vermorsel tensy God tussenbeide sou tree en die boom sou omdraai as dit val. Die uitgeslape heidene het hom vasgebind aan ’n boom wat teen die kant van ’n koppie gegroei het, verseker daarvan dat die natuurlike swaartekrag die boom só sou laat val dat dit hom sou vasdruk. Net toe die boom begin val, het God dit omgeswaai sodat dit berg-op geval het, teenstrydig met alle natuurwette. Die vlugtende heidene is vermorsel toe die boom op verskeie van hulle geval het.

Geskiedkundiges erken die feit dat hy minstens drie keer, deur die geloof in Jesus se Naam dooies opgewek het. In een geval het hy vir ’n dooie baba gebid. Soos Elísa het hy hom op die baba uitgestrek en gebid. Dit het lewend en gesond geword. By ’n ander geleentheid is hy ingeroep om ’n broeder te bevry wat, in ’n tyd van groot verdrukking, geneem is om gedood te

word. Teen die tyd dat hy opgedaag het, was die arme man reeds dood. Hulle het hom aan ’n boom opgehang. Sy liggaam was leweloos en sy oë het uit hul kaste gepeul. Maar Martin het hom afgehaal en nadat hy gebid het, het die man gelewe en is hy teruggegee aan sy verheugde gesin.

Martin het nooit die vyand gevrees nie, ongeag wie dit was. So het hy persoonlik gegaan om ’n goddelose keiser, wat vir die dood van vele Geesvervulde heiliges verantwoordelik was, te konfronteer. Die keiser wou hom nie te woord staan nie, dus het Martin gegaan om ’n vriend van die keiser, ene Damasus, ’n wrede biskop van Rome, te gaan spreek. Maar hierdie biskop, ’n Christen slegs in naam en uit die valse wynstok, wou nie tussenbeide tree nie. Martin het teruggegaan na die paleis, maar teen die tyd was die hekke gesluit en wou hulle hom nie binnelaat nie. Hy het op sy aangesig gelê voor die Here en gebid dat hy in staat gestel moet word om die paleis binne te gaan. Hy het ’n stem gehoor wat hom gebied het om op te staan. Toe hy dit doen het hy gesien hoe die hekke vanself oopgaan. Hy het die paleis binnegestap, maar die verwaande heerser wou nie omdraai om met hom te praat nie. Weer het Martin gebid. Skielik het ’n vuur spontaan op die sitplek van die troon ontstaan en die ongelukkige keiser vinnig uit sy stoel laat opstaan. Ja, die Here verneder hulle wat trots is en verhoog die nederiges.

Hy was so ywerig in sy diens vir die Here dat die Satan baie ontstoke geword het. Die vyande van die waarheid het sluipmoordenaars gehuur om Martin om die lewe te bring. Hulle het stilletjies na sy huis gegaan en toe hulle op die punt was om hom dood te maak, het hy opgestaan en sy keel vir die swaard ontbloot. Toe hulle vorentoe spring, het die krag van God hulle skielik teruggeslinger dwarsoor die vertrek. Hulle was so oorstelp in daardie heilige en eerbiedige atmosfeer dat hulle op hande en knieë teruggekruip en om vergifnis gesmeek het vir die aanslag op sy lewe.

Dit gebeur heel dikwels dat, wanneer mense merkwaardig deur die Here gebruik word, hulle hul verhef tot hoogmoed. Dit was nie die geval met Martin nie. Hy het altyd die nederige dienskneg van God gebly. Een aand, terwyl hy hom voorberei het om na die preekstoel te gaan, het ’n bedelaar na sy studeerkamer gekom en klere gevra. Martin het die bedelaar na sy hoofdiaken verwys. Die hoogmoedige diaken het hom beveel om te trap. Hy het toe teruggegaan na Martin toe. Martin het opgestaan en sy eie pragtige kleed vir die bedelaar gegee en die diaken versoek om hom ’n ander kleed, van swakker gehalte, te bring. Daardie aand, terwyl Martin die Woord verkondig het, het die kudde van God ’n sagte wit lig om hom waargeneem.

Hy was werklik ’n groot man, ’n ware boodskapper vir daardie eeu. Hy het niks nagestreef nie behalwe om God te

dien en het ’n mees toegewyde lewe gelei. Hy is nooit oorgehaal om te preek nie tensy hy eers gebid het en in so ’n geestelike toestand was en insig gehad het en gereed was om die volle raad van God te verkondig deur die Heilige Gees uit die hemel gestuur. Hy het dikwels die mense laat wag terwyl hy om algehele sekerheid gebid het.

’n Mens sou miskien kon dink dat die vervolging van die heiliges afgeneem het as ’n mens net kennis dra van Martin en sy magtige bediening. Nie so nie. Hulle was nog deur die duiwel vernietig deur die werkinge van die bose. Hulle was op die brandstapel verbrand. Hulle was aan balke vasgespyker met die gesig na onder en wilde honde is by hulle losgelaat sodat die honde die vlees en ingewande kon uitskeur, só laat hulle die slagoffers om te sterf in ’n verskriklike marteling. Babas is uit verwagtende moeders geruk en vir die varke gegooi. Vroue se borste is afgesny en hulle is verplig om regop te staan terwyl elke hartslag die bloed laat uitstroom het, totdat hulle dood inmekaargesak het. Die tragedie is nog groter wanneer ’n mens besef dat al hierdie dinge nie net die werk van die heidene was nie maar dat dit dikwels gepleeg is deur sogenaamde Christene wie gevoel het dat hulle God ’n guns bewys deur hierdie lojale soldate van die kruis, hulle wie gestaan het vir die Woord en gehoorsaamheid aan die Heilige Gees, uit te wis. Johannes 16:2: “Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom ’n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy ’n diens aan God bewys.” Matt. 24:9: “Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van My Naam.”

Deur tekens en wonders, deur die krag van die Gees, was Martin waarlik bekragtig as die boodskapper vir daardie eeu. Maar hy was nie alleen toegerus met ’n magtige bediening nie, maar hy was self ook altyd getrou aan die Woord van God. Hy het organisasie beveg. Hy het die sonde in hoë plekke teengestaan. Hy was ’n kampvegter vir die waarheid in woord en daad en het ’n vol lewe van Christelike oorwinning gelei.

’n Biograaf het só oor hom geskryf: “Niemand het hom ooit kwaad of omgekrap gesien nie, of gesien dat hy treur of lag nie. Hy was altyddeur dieselfde en dit het gelyk asof hy bokant verganklikheid geleef het en op sy gelaat was ’n uitdrukking van hemelse vreugde. Nooit was enige iets anders op sy lippe behalwe Christus nie en in sy hart was slegs vroomheid, vrede en medelye. Hy het dikwels geween oor die sondes, selfs oor dié van sy lasteraars wie, terwyl hy stil en afwesig was, hom aangeval het met venynige lippe en giftige tonge. Talle mense het hom gehaat omdat hy deugde gehad het wat hulle nie besit het nie en wat hulle hom nie kon naboots nie, en helaas! sy bitterste aanvallers was biskoppe gewees.”

DIE BEGROETING

Openb. 2:12b: "Dit sê Hy Wat die skerp tweesnydende swaard het."

Die boodskap aan die derde kerkeeu is op die punt om voort te kom. Die derde toneel van hierdie ontvouende drama van "Christus te midde van Sy kerk" is op die punt om geopenbaar te word. Met 'n stem soos die klank van 'n basuin word die Weergalose Een deur die Gees voorgestel: "Hy Wat die skerp tweesnydende swaard het!" Hoe geweldig verskil hierdie voorstelling nie van dié toe Pilatus die Lam van God, geklee in 'n purper spotkleed, gegésel, en gekroon met dorings, voorgestel het en gesê het: "Aanskou jul Koning!" Nou staan die verrese Here, 'Christus, die Krag van God', koninklik geklee en gekroon met heerlikheid.

In hierdie woorde 'Hy Wat die skerp tweesnydende swaard het' lê nog 'n openbaring van die Godheid. U sal onthou dat, in die Efésiese Eeu, Hy aangetoon is as die Onveranderlike God. In die Smirniese Eeu het ons Hom gesien as die EEN WARE God en buiten Hom was geen ander nie. Nou, in hierdie Pérgameense Eeu is daar 'n verdere openbaring van Sy Godheid, aangedui deur Sy verwantskap met die skerp tweesnydende swaard, wat die Woord van God is. Heb. 4:12: "Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige twee-snydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart." Ef. 6:17: "En neem die . . . swaard van die Gees dit is die Woord van God." Openb. 19:13 & 15: "En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en Sy Naam is: Die Woord van God. En uit Sy mond gaan daar 'n skerp swaard." Johannes 1:1-3: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy (die Woord) was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie." I Johannes 5:7: "Want daar is drie wat getuig in die Hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is EEN."

Nou kan ons Sy verwantskap met die Woord sien. HY IS DIE WOORD. Dit is Wie Hy is. *DIE WOORD* IN SY NAAM.

In Johannes 1:1 waar daar geskryf staan "In die begin was die Woord", is die oorspronklike woord waaruit ons die vertaling van 'Woord' kry, 'Logos', wat 'die gedagte of begrip' beteken. Dit het die dubbele betekenis van 'gedagte' en 'spraak'. Nou 'n gedagte wat uitgespreek word is 'n 'woord', of 'woorde'. Is dit nie wonderbaarlik en pragtig nie? Johannes sê dat die begrip van God in Jesus uitgedruk is. En Paulus sê presies dieselfde in Heb. 1:1-3: "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die

profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun (Logos) Wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur Wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, Wat die afskynsel is van Sy heerlikheid en die afdruksel van Sy wese en alle dinge dra deur die woord van Sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte." God het Homself uitgebeeld in die persoon van Jesus Christus. Jesus was die Afgedrukte Beeld van God. Weer in Johannes 1:14: "En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon." Die werklike *volle wese* van God het vlees geword en onder ons kom woon. Die groot Gees-God, Wat deur geen mens genader kon word nie, Wat geen mens gesien het of kon aanskou nie, het 'n vleestabernakel geword en onder die mense kom woon en die volheid van God aan die mens uitgebeeld. Johannes 1:18: "Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun Wat in die boesem van die Vader is, Die het Hom verklaar." God, Wat by geleenthede Sy teenwoordigheid gemanifesteer het deur die wolk of die vuurkolom wat die hart van die mens bevrees gemaak het; hierdie God, Wie se hartshoedanighede slegs deur openbaring van woorde deur die profete bekend gemaak is, het nou Emmanuel geword, (God met ons), en Homself verklaar. Die woord 'verklaar' in die oorspronklike Grieks vertaal ons dikwels as eksegese wat beteken om deeglik te verduidelik en duidelik te maak. Dit is wat die Lewende WOORD, Jesus, gedoen het. Hy het God tot ons gebring, want Hy was God. Hy het God met soveel duidelikheid aan ons openbaar dat Johannes van Hom kon sê in I Joh. 1:1-3: "Wat van die begin af was, Wat ons gehoor het (Logos beteken spraak) Wat ons met ons oë gesien het, Wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die Lewe; (en die Lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die Ewige Lewe Wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is;) Wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met Sy Seun, Jesus Christus." Toe God waarlik geopenbaar is, is Hy in die vlees geopenbaar. "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien."

Nou terug in Heb. 1:1-3 het ons opgelet dat Jesus die afgedrukte beeld van God was. Hy was God wat Homself uitbeeld in mens tot mens. Maar daar is nog iets om na op te let in hierdie verse, veral verse een en twee. "Nadat God baie maal op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun." Ek wil hê dat u moet oplet in die kantlyn van u Bybel, daar sal u 'n regstelling sien. Die woord 'deur' is nie 'n korrekte vertaling nie. Dit moet 'IN' wees, nie 'deur' nie. Dit lees dan gekorrigeerd: "God het in die ou tyd gespreek tot die vaders IN die profete deur middel van die Woord." I Sam. 3:21:

"Want die Here het Hom geopenbaar aan Samuel in Silo deur die Woord van die Here." Dit bring dan I Johannes 5:7 volmaak: "Die Gees en die Woord is EEN." Jesus het die Vader geopenbaar. Die Woord het die Vader geopenbaar. Jesus was die Lewende Woord. Prys God, Hy is vandag nog daardie Lewende Woord.

Toe Jesus op aarde was, het Hy gesê: "Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader Wat in My bly, Hy doen die werke." Joh. 14:10: Hier word dit baie duidelik gestel dat die volmaakte openbaring van God in die Seun deur die inwonende Gees was wat in Woord en werke gemanifesteer is. Dit is presies wat ons nog die hele tyd verkondig. Wanneer die bruid sal terugkeer en weer 'n Woordbruid sal word, sal sy dieselfde werke voortbring wat Jesus voortgebring het. Die Woord is God. Die Gees is God. Hulle is almal EEN. Een kan nie afsonderlik van die ander werk nie. As 'n mens waarlik die Gees van God het, het hy die Woord van God. Dit is hoe dit met die profete was. Hulle het die inwonende Gees van God gehad en die Woord het tot hulle gekom. Dit was die geval met Jesus gewees. Die Gees was sonder mate in Hom gewees, en die Woord het tot Hom gekom. (Jesus het begin werke doen en LEER. "My leer is nie Myne nie, maar van Hom Wat My gestuur het." Handelinge 1:1; Joh. 7:16.)

Onthou nou, Johannes die Doper was beide die profeet en die boodskapper van sy tyd. Hy is in die moederskoot deur die Heilige Gees vervul. Toe hy besig was om in die Jordaan te doop, het die Woord van God (Jesus) na hom gekom. Die Woord kom altyd na hulle wat waarlik deur die Gees vervul is Dit is die bewys dat mens vervul is met die Heilige Gees. Jesus het gesê dit sal die bewys wees. Hy het gesê: "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid Wat die wêreld nie kan ontvang nie." Nou weet ons wat die Waarheid is. "U Woord is die Waarheid." Johannes 17:17. En ook Johannes 8:43: "Waarom ken julle My spraak nie? Omdat julle na My Woord nie kan luister nie." Het u gemerk dat Jesus gesê het dat die wêreld nie die Heilige Gees kon ontvang nie? Wel, volgens hierdie skrifgedeelte wat ek nou net aangehaal het, kon hulle ook nie die Woord ontvang nie. Hoekom? Omdat die Gees en die Woord een is, en as u die Heilige Gees besit, soos die profete, sal die Woord na u toe kom. U sal dit ontvang. Johannes 14:26: "Maar die Trooster, die Heilige Gees, Wat die Vader in My Naam sal stuur, Hy sal julle alles LEER en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." Hier vind ons weereens die Woord wat kom as gevolg van die Gees van God. Weer in Johannes 16:13: "Maar wanneer Hy gekom het,

die Gees van die Waarheid (Woord), sal Hy julle in die hele waarheid lei (U Woord is waarheid); want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor (die Woord van God), sal Hy spreek (Woord) en die toekomstige dinge aan julle verkondig" (Die Gees bring die Woord van Profesie). Ek wil hê dat u baie mooi moet oplet dat Jesus nie gesê het dat die bewys dat mens met die Heilige Gees gedoop is daarin geleë is dat mens in tale spreek, of uitlê, of profeteer, of skree of dans nie. Hy het gesê dat die bewys daarin sou lê dat u in die WAARHEID sou wees; u sal in die Woord van God vir u eeu wees. Die bewys het te doen met die ontvangs van daardie Woord.

In I Kor. 14:37: "As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die Here is." Sien dit nou. Die bewys van die inwonende Gees was om te erken en NA TE VOLG wat die profeet van God in sy eeu oorgedra het soos hy die kerk in orde geplaas het. Paulus het vir diegene wat op 'n ander openbaring aanspraak gemaak het, gesê (vers 36): "Of het die Woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom?" Die bewys van 'n Geesvervulde Christen is nie om die waarheid (Woord) te produseer nie, maar om die waarheid (Woord) te *ontvang,* dit te glo, en dit te gehoorsaam.

Het u opgelet in Openb. 22:17: "En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom!" Sien u, die bruid spreek dieselfde Woord wat die Gees spreek. Sy is 'n Woordbruid wat bewys dat sy die Gees besit. *In elke kerkeeu hoor ons die woorde: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. "Die Gees gee die Woord. As u die Gees het, sal u die Woord vir u eeu hoor, net soos daardie ware Christene die Woord vir hul eeu aangeneem het.*

Het u hierdie laaste gedagte gesnap? Ek herhaal, elke kerkeeu eindig met dieselfde vermaning: "Wie 'n oor het, laat hom ('n individu) hoor wat die Gees aan die gemeentes sê." *Die Gees gee die Woord.* Hy het die waarheid vir elke eeu. Elke eeu het sy eie uitverkorenes, en daardie uitverkore groep het altyd 'die Woord gehoor' en dit ontvang en sodoende bewys dat hulle die Saad in hulle gehad het. Johannes 8:47: "Die wat uit God is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie." Hulle het geweier om die Woord (Jesus) en Sy Woorde vir hulle tyd te aanvaar, maar die ware saad het die Woord ontvang omdat hulle uit God was. "En AL jou kinders sal deur die Here geleer wees." (Heilige Gees) Jes. 54:13. Jesus sê dieselfde in Johannes 6:45. Om EEN TE WEES MET DIE WOORD bewys of u uit God is en vervul is met die Gees. Geen ander maatstaf nie.

Maar wat is die spreek van tale, en uitlegging, en die ander

gawes? Hulle is manifestasies. Dit is wat die Woord leer. Lees dit in I Kor. 12:7: "Maar aan elkeen word die MANIFESTASIES van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is." Dan noem Paulus daardie manifestasies.

Nou weet ek daar kom 'n baie goeie vraag wat u almal graag wil vra: Waarom is die manifestasie nie 'n bewys van die doop met die Heilige Gees nie; mens kan tog sekerlik nie die Heilige Gees manifesteer tensy mens werklik met die Gees vervul is nie? Ek wens nou ek kon sê dat dit so is, want ek hou nie daarvan om mense seer te maak of om hul leerstelling te vertrap nie; maar ek sou nie 'n ware dienaar van God wees as ek nie die volle raad van God aan u verkondig nie. Dit is reg, is dit nie? Kom ons kyk bietjie na Bileam. Hy was godsdienstig gewees en het God aanbid. Hy het die regte manier geken om offerandes te bring en tot God te nader, maar hy was nie 'n Ware Saad-profeet nie, want hy het die loon van die ongeregtigheid aanvaar en die ergste van alles, die volk van God gelei in die sondes van hoerery en afgodediens. Tog wie durf ontken dat die Gees van God deur hom gemanifesteer is in een van die pragtigste gedeeltes van absolute akkurate profesie wat die wêreld nog ooit gesien het? Maar hy het nooit die Heilige Gees gehad nie. Nou dan, wat dink u van Kajafas, die hoëpriester? Die Bybel vertel ons dat hy geprofeteer het watter soort dood die Here sou sterf. Ons weet almal dat daar nêrens opgeteken is dat hy 'n man was wie met die Gees vervul en deur die Gees gelei is, soos daardie dierbare ou Simeon of die toegewyde heilige, genaamd Anna, nie. Tog het hy 'n ware manifestasie van die Heilige Gees ontvang. Dit kan ons nie ontken nie. So, waar kom manifestasie dan in as bewys? Dit bestaan nie. As u werklik vervul is met die Gees van God sal u die bewys van die WOORD in u lewe hê.

Kom ek wys u hoe diep ek hieroor voel en hoe ek hierdie waarheid begryp deur 'n openbaring wat God my gegee het. Voordat ek dit vertel wil ek dit sê: Baie van u glo dat ek 'n profeet is. Ek sê nie dat ek een is nie. U het dit gesê. Ons weet almal dat die gesigte wat God my gee, NOOIT FAAL NIE. NIE EEN KEER NIE. As enigeen kan bewys dat 'n gesig ooit gefaal het, wil ek daarvan weet. Noudat u my so ver gevolg het, hier is my verhaal.

Baie jare gelede, toe ek die eerste keer die Pinkstermense teëgekom het, was ek by een van hul kampdienste waar daar veel manifestasie van tale, uitlegging van tale, en profesie was. Veral twee predikers het meer in hierdie rigting gedoen as enige van die ander broeders. Ek het die dienste geweldig geniet en was werklik geinteresseerd in die verskeie manifestasies, want hulle het 'n klank van werklikheid gehad. Dit was my ernstige begeerte om alles wat ek kon omtrent die gawes te wete te kom, en ek het dus besluit om daaroor met die

twee manne te gesels. Deur die gawe van God in my, het ek daarna gestreef om die gees van die eerste man te onderskei, of hy werklik uit God was of nie. Na 'n kort gesprek met daardie liewe, nederige broeder, het ek geweet dat hy 'n opregte, soliede Christen was. Hy was eg. Die ander jong kêrel was glad nie soos die eerste een nie. Hy was windmakerig en trots, en terwyl ek met hom gepraat het, het ek 'n gesig gesien en gesien dat hy met 'n blonde vrou getroud was maar saam met 'n donkerkop geleef het by wie hy twee kinders gehad het. As daar nou ooit 'n skynheilige was, was hy een.

Nou laat ek julle sê: Ek was geskok. Hoe kon ek nie wees nie? Hier was twee manne, een 'n ware gelowige en die ander 'n sondige nabootser. TOG HET ALBEI GAWES VAN DIE GEES GEMANIFESTEER. Ek was bekommerd oor hierdie verwarring. Ek het die vergadering verlaat om God om 'n antwoord te vra. Ek het alleen na 'n geheime plek gegaan en daar met my Bybel het ek gebid en op God gewag op die antwoord. Onwetend watter Skrifgedeelte om te lees het ek die Bybel sommer net op 'n plek in Matthéüs oopgemaak. Ek het 'n ruk lank gelees en toe die Bybel neergelê. Eensklaps het daar 'n wind in die kamer gewaai en die bladsye van die Bybel geblaai na Hebreërs, hoofstuk ses. Ek het dit deurgelees en daardie eienaardige Skrifgedeeltes het 'n besondere indruk op my gemaak, Heb. 6:4–9: "Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie Woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het – om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak. Want die grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val, en nuttige plante voortbring ter wille van hulle vir wie dit ook bewerk word, het deel aan die seën van God. Maar as dit dorings en distels oplewer, deug dit nie en is naby die vervloeking – die einde daarvan is verbranding. Maar, geliefdes, ons is omtrent julle van beter dinge oortuig, dinge wat saamhang met die saligheid, al spreek ons ook so."

Ek het die Bybel toegemaak en dit neergelê, 'n ruk lank gepeins en nog gebid. Nog het ek geen antwoord gehad nie. Ek het weereens die Bybel doelloos oopgemaak, maar nie gelees nie. Skielik het die wind weer in die kamer gewaai en weereens is die bladsye tot by Heb. ses oopgewaai en het dit daar oop gebly nadat die wind opgehou waai het. Weer het ek daardie woorde gelees en toe ek dit gedoen het, het die Gees van God die kamer binnegekom en ek het 'n gesig gesien. In die gesig het ek 'n man gesien, geklee in die suiwerste wit, wat uitgegaan het in 'n vars geploegde land en graan gesaai het. Dit was 'n helder dag en die saad is in die oggend gesaai. Maar laat in die

nag, nadat die saaier in wit geklee weggegaan het, het ’n man, geklee in swart, gekom en heimlik nog saad gesaai tussen die wat die saaier in wit gesaai het. Die dae het verbygegaan — die son en die reën het die aarde geseën; en eendag het die graan verskyn. Hoe pragtig was dit nie. Maar ’n dag later het die onkruid hul verskyning gemaak.

Die koring en die onkruid het saam gegroei. Hulle het gedeel in dieselfde voeding uit dieselfde grond. Hulle het dieselfde son en reën ontvang.

Toe eendag, het die lug soos geelkoper geword en die plante het almal begin verwelk en sterf. Ek het gehoor hoe die koring hul hoofde ophef tot God en om reën smeek. Die onkruid het hul stem ook verhef en om reën gepleit. Toe het die lug donker geword en die reën het gekom, en weer het die koring, nou vol krag, hul stem verhef en in aanbidding uitgeroep: “Loof die Here.” En tot my verbasing het ek gehoor hoe die verfrisde onkruid ook opkyk en sê: “Halleluja!”.

Ek het toe die waarheid van die kampdienste en die gesig begryp. Die gelykenis van die Saaier en die Saad, die sesde hoofstuk van Hebreërs, en die duidelike manifestasie van Geestelike gawes in ’n gemengde gehoor — alles het wonderbaarlik duidelik geword. Die saaier in wit was die Here. Die saaier in swart was die duiwel. Die ploegland was die aarde. Die saad was mense, uitverkorenes en verworpelinge. Beide het dieselfde voeding gedeel, water en son. Albei het gebid. Albei het hulp van God ontvang, want Hy laat Sy son en reën neerdaal op beide goed en kwaad. En alhoewel hul albei dieselfde wonderbaarlike manifestasies gehad het, WAS DAAR STEEDS DAARDIE EEN GROOT VERSKIL, HULLE WAS VAN VERSKILLENDE SAAD.

Hier was dan ook die antwoord op Matt. 7:21–23: “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van My Vader Wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in U Naam geprofeteer en in U Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!” Jesus ontken nie dat hulle magtige dade verrig het wat slegs deur die Heilige Gees se toedoen deur mense verrig kon word nie. Maar Hy het ontken dat Hy hulle *ooit geken* het. Hierdie mense was nie teruggevallenes gewees nie. Hulle was goddelose, onwedergebore verworpelinge. Hulle was die saad van die Satan.

En daar is dit. Jy kan NIE daarop aanspraak maak dat manifestasie die bewys is om uit die Gees gebore en deur die Gees vervul te wees nie. O nee. Ek sal toegee dat ware manifestasie die bewys is van die Heilige Gees wat magtige

dade verrig, maar dit is NIE die bewys dat die individu met die Gees vervul is nie, al sou die individu ’n oorvloed van daardie manifestasies hê.

Die bewys van die ontvangs van die Heilige Gees is vandag nog dieselfde as wat dit in die dae van ons Here was. Dit is om die Woord van waarheid vir die dag waarin u lewe te ontvang. Jesus het nooit die belangrikheid van die Werke soveel beklemtoon as die Woord nie. Hy het geweet dat as die mense die WOORD het, die werke sou volg. Dit is Bybels.

Nou het Jesus geweet dat daar ’n verskriklike wegdwaling weg van die Woord sou wees in die Pérgameense Eeu wat op daardie tydstip twee honderd jaar verder in die toekoms gelê het as die Patmos gesig. Hy het geweet dat daardie wegdwaling hulle in die Donker Eeue sou inlei. Hy het geweet dat die manier waarop die mens oorspronklik afgedwaal het van God, was deur eers Sy Woord te verlaat. As u daardie Woord verlaat, het u God verlaat. Daarom toon Hy Homself aan die kerk in Pérgamus, en inderdaad tot alle kerke van alle eeue: “Ek is die Woord. As julle Godheid in jul midde wil hê, verwelkom en ontvang dan die Woord. Moenie dat iets of iemand tussen julle en daardie Woord kom nie. Dit wat Ek julle gee (die Woord) is ’n openbaring van Myself. EK IS DIE WOORD. Onthou dit!”

Ek wonder of ons genoegsaam beïndruk is met die Woord in ons midde. Laat my hier ’n gedagte by u te laat. Hoe bid ons? Ons bid in Jesus se Naam, dan nie?” Elke gebed is in Sy Naam, andersins is daar geen antwoord nie. Tog, in I Johannes. 5:14 word aan ons gesê: “En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.” Nou vra ons: “Wat is die wil van God?” Daar is slegs EEN MANIER om Sy wil te ken, en dit is deur die WOORD VAN GOD. Klaagl. 3:37: “Wie spreek daar, en dit gebeur? Het die Here dit nie beveel nie?” Daar is dit. As dit nie in die Woord is nie, kan u dit nie kry nie. Dus kan ons nie vra tensy dit in die Woord is nie en ons kan nie versoek of vra tensy dit in Sy Naam geskied nie. Daar is dit weer. JESUS (die Naam) is die WOORD (wil). U kan God en die Woord nie skei nie. Hulle is EEN.

Hierdie Woord wat Hy op die gedrukte bladsy agtergelaat het, is deel van Hom wanneer u dit deur geloof aanvaar in ’n Geesvervulde lewe. Hy het gesê dat Sy Woord lewe is. Johannes 6:63b. Maar dit is presies wat Hy is: Johannes 14:6: “Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe.” Rom. 8:9b: “As iemand die Gees van Christus nie het nie, die behoort nie aan Hom nie.” Daar is dit, Hy is Gees en Hy is Lewe. Dit is presies wat die Woord is; dit is presies wat Jesus is. Hy is die Woord. Dus, wanneer ’n Geesgebore, Geesvervulde man in geloof

daardie Woord in sy hart inneem en dit op sy lippe plaas, is dit dieselfde as wanneer die Godheid spreek. Elke berg moet gaan. Die Satan kan nie voor daardie man staan nie.

As die kerk, destyds, in daardie derde eeu, maar net vas gehou het aan die openbaring van die lewende Woord in hulle midde, sou die krag van God nie verflou het soos dit in daardie Donkereeue gedoen het nie. En vandag ook, wanneer die kerk in die geloof tot die Woord terugkeer, kan ons sonder twyfel sê dat die heerlikheid van God en die wonderlike handelinge van God weer in haar midde sal wees.

Een aand, terwyl ek die Here gesoek het, het die Heilige Gees my beveel om my pen op te neem en te skryf. Terwyl ek die pen geneem het om te skryf, het Sy Gees my 'n boodskap vir die kerk gegee. Ek wil dit aan u bring. . . Dit het te doen met die Woord en die bruid.

"*Hier is wat ek u probeer vertel. Die voortplantingswet bepaal dat elke spesie sy eie soort voortbring selfs volgens Gen. 1:11: "En God het gesê: Laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat, volgens hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde: en dit was so". Watter lewe ook al in die saad was het 'n plant geword en dan 'n vrug. Presies dieselfde wet geld vandag in die kerk. Die saad waaruit die kerk ontstaan het, sal uitkom en soos die oorspronklike saad wees omdat dit dieselfde saad is. In hierdie laaste dae sal die ware Bruidskerk (Christus se saad) na die Hoeksteen kom, en sy sal die superkerk wees, 'n superras, soos sy Hom nader. Hulle in die bruid sal in so 'n mate soos Hy wees dat hulle selfs Sy beeltenis sal wees. Dit is sodat hulle met Hom verenig kan wees. Hulle sal een wees. Hulle sal die einste manifestasie van die Woord van die lewende God wees. Denominasies kan dit nie voortbring nie (verkeerde saad). Hulle sal hul geloofsbelydenisse en hul dogmas voortbring, vermeng met die Woord. Hierdie verbastering skep 'n verbasterde produk.*

Die eerste seun (Adam) was die gesproke saad-Woord van God. Aan hom is 'n bruid gegee om homself weer voort te plant. Dit is waarom die bruid aan hom gegee is sodat hy voortgeplant kon word; om nog 'n seun van God te verwek. Maar sy het geval. Sy het geval deur verbastering. Sy het sy dood veroorsaak.

Die tweede Seun (Jesus), ook 'n gesproke Saad-Woord van God, is ook 'n bruid gegee soos in Adam se geval. Maar voordat Hy met haar kon trou, het sy ook tot 'n val gekom. Sy, soos Adam se vrou, is aan die toets onderwerp, naamlik of sy in die Woord van God sou glo en lewe, of die Woord betwyfel en sterf. Sy het getwyfel. Sy het die Woord verlaat. Sy het gesterf.

Uit 'n klein groepie, bestaande uit die ware saad van die Woord, sal God aan Christus 'n geliefde bruid skenk. Sy is 'n maagd van Sy Woord. Sy is 'n maagd, want sy ken geen mensgemaakte geloofsbelydenisse of dogmas nie. Deur, en deur middel van lidmate van die bruid sal alles volbring word, soos God beloof het, wat in die maagd gemanifesteer sal word.

Die woord van belofte het tot die maagd Maria gekom. Maar daardie Woord van belofte was Hyself, wat geopenbaar sou word. God is geopenbaar. Hy het Self toe opgetree en Sy eie Woord van belofte in die maagd volbring. Dit was 'n engel wat aan haar die boodskap gebring het. Maar die boodskap van die engel was die Woord van God. Jes. 9:5. Hy het alles wat toe van Hom geskryf was volbring, want sy het Sy Woord aan haar aanvaar.

Die lidmate van die maagdelike bruid sal Hom bemin, en hulle sal Sy potensiale hê, want Hy is hulle hoof en alle mag behoort aan Hom. Hulle is onderhewig aan Hom soos die ledemate van ons liggame onderworpe is aan ons hoofde.

Let op die harmonie van die Vader en die Seun. Jesus het nooit iets gedoen alvorens die Vader Hom dit getoon het nie. Johannes 5:19. Dié harmonie sal nou bestaan tussen die Bruidegom en Sy bruid. Hy openbaar aan haar Sy Woord van die lewe. Sy ontvang dit. Sy betwyfel dit nooit. Niks kan haar dus kwaad aandoen nie, selfs nie die dood nie. Want as die saad geplant word, sal die water dit weer laat opkom. Hier is die geheim hiervan. Die Woord is in die bruid (soos dit in Maria was). Die bruid besit die begrip van Christus want sy weet wat Hy met die Woord gedoen wil hê. Sy voer die bevele van die Woord in Sy naam uit, want sy besit "so spreek die Here." Dan word die Woord deur die Gees opgewek en tot volvoering gebring. Soos 'n saad wat geplant en natgelei word, word dit ryp en word dit geoes, en dien so sy doel.

Diegene in die bruid voer slegs God se wil uit. Niemand kan hulle anders laat doen nie. Hulle besit 'so spreek die Here' of hulle bly stil. Hulle weet dat dit God in hulle moet wees wat die werke doen en Sy eie Woord volbring. Hy het nie al Sy werke voltooi terwyl Hy in Sy aardse bediening gestaan het nie en daarom werk Hy nou in en deur die bruid. Sy weet dit, want dit was nog nie die tyd gewees vir Hom om sekere dinge te doen wat Hy nou moet doen nie. Maar nou sal Hy daardie werk wat Hy vir hierdie bepaalde tyd gelaat het, deur die bruid volbring.

Kom ons staan nou vas soos Josua en Kaleb. Ons beloofde land kom in sig soos hulle s'n. Josua beteken "Jehova, Verlosser", en hy versinnebeeld die leier wat in die laaste dae in die kerk sal kom, net soos Paulus as die oorspronklike leier gekom het. Kaleb versinnebeeld diegene wat saam met Josua

getrou gebly het. Onthou, God het Israel soos 'n maagd met Sy Woord begin. Maar hulle wou iets anders gehad het. So ook die kerk van die eindtyd. Let daarop dat God Israel nie laat trek het of die beloofde land laat binnegaan het voor die tyd wat Hy bepaal het nie. Nou kon die volk druk op Josua, die leier, uitoefen het en gesê het: "Die land is ons s'n, kom ons gaan neem dit. Josua, dit is klaar met jou, jy moes jou amp verloor het, jy het nie meer die mag wat jy gehad het nie. Jy kon altyd van God gehoor het, en God se wil geken het, en vinnig opgetree het. Iets is met jou verkeerd.' Maar Josua was 'n God gestuurde profeet en hy het God se beloftes geken en dus daarvoor gewag. Hy het gewag vir 'n duidelike beslissing van God en toe die tyd gekom het om te trek, het God die volle leierskap in die hande van Josua geplaas omdat hy by die Woord gehou het. God kon Josua vertrou, maar nie die ander nie. So sal dit in hierdie eindtyd herhaal word. Dieselfde probleem, dieselfde druk.

Neem die voorbeeld wat ons sien in Moses. Hierdie magtige gesalfde profeet van God het 'n besonderse geboorte gehad in die sin dat Hy op die regte tyd gebore is om Abraham se saad van Egipte te bevry. Hy het nie in Egipte gebly om met hulle oor die Skrif te argumenteer of met die priesters gelol nie. Hy het na die wildernis gegaan totdat die volk gereed was om hom te ontvang. God het Moses na die wildernis geroep. Daar is nie gewag as gevolg van Moses nie, maar omdat die volk nie gereed was om hom te ontvang nie. Moses het gedink dat die volk sou verstaan, maar hulle het nie.

Dan is daar Elia tot wie die Woord van die Here gekom het. Toe hy klaar was met die prediking van die waarheid en daardie groep wat die voorloper is van die Amerikaanse Isébel-groep, wou nie die Woord ontvang nie, het God hom uit die bediening geneem en daardie geslag geteister omdat hulle die profeet en die God-gegewe boodskap verwerp het. God het hom na die wildernis geroep en hy het nie uitgekom selfs vir die koning nie. Diegene wat probeer het om hom te oorreed, het gesterf. Maar God het met Sy getroue profeet gespreek deur visioen. Hy het uit sy wegkruipplek gekom en die Woord na Israel teruggebring.

Toe was daar Johannes die Doper, die getroue voorloper van Christus, die magtige profeet van sy tyd. Hy het nie na sy vader se skool gegaan nie, ook nie na die skool van die Fariseërs nie—hy het na geen denominasie gegaan nie maar na die wildernis, geroep deur God. Daar het hy gebly totdat die Here hom uitgestuur het met die boodskap: 'Die Messias kom.'

Kom ons slaan nou hier ag op 'n Skriftuurlike waarskuwing. Was dit nie in die dae van Moses, wat deur God geregverdig is, dat Korag opgestaan het en daardie magtige profeet weerstaan het nie? Hy het met Moses 'n geskil

aangeknoop en daarop aanspraak gemaak dat hy net soveel van God gekry het om die volk te lei en dat andere, soos Moses, ook deel gehad het in die Goddelike openbaring. Hy het Moses se gesag ontken. Ek sê, dat daardie mense, nadat hulle die ware Woord gehoor het en goed vertroud was met die feit dat 'n ware profeet deur God geregverdig is, onder die invloed van Korag en sy teësprake gekom het. Korag was nie 'n Skriftuurlike profeet gewees nie, maar die volk met hulle leiers het hom in groot getalle aangehang. Net soos die evangeliste van vandag met hulle goue-kalf-planne soos dié van Korag s'n. Hulle lyk goed vir die mense, soos Korag destyds goed gelyk het. Hulle het bloed op hul voorhoofde, olie aan hulle hande, en vuurballe op die verhoog. Hulle aanvaar vrouepredikers, laat vroue toe om hulle hare te sny, langbroeke en kortbroeke te dra, en omseil die Woord van God vir hulle eie geloofsbelydenisse en dogmas. Dit wys watter soort saad in hulle is. Maar nie die hele volk het teen Moses gedraai en die Woord van God verwerp nie. Nee. Die uitverkorenes het by hom gestaan. Dieselfde gebeur vandag. Baie verwerp die Woord van God, maar daar is diegene wat daarby hou. Maar hou in gedagte die gelykenis van die koring en die onkruid. Die onkruid moet in bondels gebind word om verbrand te word. Hierdie afvallige kerke raak meer en meer verbind met mekaar, gereed vir die vuur van God se oordeel. Maar die koring gaan versamel word vir die Meester.

Nou wil ek hê u moet baie versigtig hier wees en dit sien. God het belowe dat aan die voleinding van die tyd Maleági 4 volbring sal word. Dit moet so wees, want dit is die deur die Gees gegewe Woord van God, gespreek deur die profeet Maleági. Jesus het daarna verwys. Dit is net voor Christus die tweede keer kom. Teen die tyd wat Jesus kom, moet die hele Skrif vervul wees. Die Heidense bedeling sal in sy laaste kerkeeu wees wanneer daardie boodskapper van Maleági kom. Hy sal reg saam met die Woord wees. Hy sal die hele Bybel neem van Génesis tot Openbaring. Hy sal begin by die saad van die slang en aangaan tot by die boodskapper in die laat reën. Maar hy sal deur die denominasies verwerp word.

Hy moet wees, want dit is die geskiedenis wat homself herhaal van die tyd van Agab af. Israel se geskiedenis onder Agab is besig om hier in Amerika plaas te vind waar die profeet van Maleági verskyn. Soos Israel Egipte verlaat het om in vryheid te aanbid, die inboorlinge uitgedryf het, 'n nasie tot stand gebring het met leiers soos Dawid, ens., en toe 'n Agab op die troon geplaas het met 'n Isébel agter hom om leiding te gee, so het ons presies dieselfde in Amerika gedoen. Ons voorvaders het na hierdie land gekom om in vryheid te aanbid en te leef. Hulle het die inboorlinge teruggedryf en die land ingeneem. Groot manne soos Washington en Lincoln het na vore gekom, maar na 'n tyd het ander manne van swak kaliber daardie

waardige manne opgevolg sodat 'n Agab heel gou die presidentstoel ingeneem het, met Isébel agter hom om leiding te gee. Dit is op so 'n tydstip soos hierdie dat die boodskapper van Maleági moet kom. Dan sal daar in die laat reën 'n Berg Karmel–kragmeting kom. Let nou versigtig op om dit in die Woord te sien. Johannes was die voorloper van Mal. 3. Hy het die vroeë reën daargestel en was verwerp deur die organisasies van sy tyd. Jesus het gekom en 'n kragmeting gehad op die Berg van Verheerliking. Die tweede voorloper van Christus sal vir die laat reën saai. Jesus sal die kragmeting tussen die denominasies en die geloofsbelydenisse wees, want Hy sal kom om Sy Woord te steun en Sy bruid in die wegraping te neem. Die eerste kragmeting was die Berg Karmel; die tweede, die Berg van Verheerliking; en die derde sal die Berg Sion wees.

Die eienaardige optrede van Moses, Elia en Johannes deur hulle van die volk te onttrek en in afsondering te woon, het baie verwar. Hulle het nie besef dat dit was omdat hulle boodskappe verwerp was nie. Maar die saad was gesaai, die planttyd was verby. Oordeel was volgende. Hulle het hulle doel gedien as 'n teken aan die volk, so die oordeel was volgende.

Ek glo volgens Openb. 13:16 dat die bruid sal moet ophou preek, want die dier eis die merk aan die hand of voorhoof voordat toestemming verleen word om te preek. Denominasies sal die merk aanvaar, of verplig word om hul prediking te staak. Dan sal die Lam kom om Sy bruid te haal en die groot hoer te oordeel.

Onthou nou dat Moses gebore is om 'n sekere taak te verrig, maar dat hy nie sy werk kon doen alvorens hy die gawes ontvang het wat hom in staat sou stel om die werk te doen nie. Hy moes uitgaan in die woestyn en daar wag; God het 'n vasgestelde tyd gehad. Daar moes 'n sekere Farao op die troon wees, en die volk moes smeek om die brood van die lewe, voordat God hom kon terugstuur. Dit is waar vir vandag.

Maar wat het ons in hierdie, òns dag? 'n Menigte mense verrig tekens sodat ons 'n geslag het van mense wat net tekens soek en niks of feitlik niks weet van die Woord of 'n ware beweging van die Gees van God nie. As hulle bloed, olie en vuur sien, is hulle tevrede; dit maak nie saak wat in die Woord staan nie. Hulle sal enige teken ondersteun, selfs onskriftuurlike tekens. Maar God het ons daaromtrent gewaarsku. In Matt. 24 het Hy gesê dat in die laaste dae die twee geeste so na aan mekaar sal wees dat slegs die uitverkorenes hulle sal kan onderskei, want slegs die uitverkorenes sal nie mislei word nie.

Hoe kan u die geeste uitken? Gee hulle net die Woordtoets. As hulle nie daardie Woord spreek nie, is hulle uit die bose. Soos die bose die eerste twee bruide mislei het, sal hy probeer

om die bruid van hierdie laaste dae te mislei deur haar tot verbastering te oorreed deur middel van geloofsbelydenisse of bloot deur van die Woord af te wyk na enige teken wat haar pas. Maar God het nooit tekens voor die Woord geplaas nie. Tekens volg die Woord, soos toe Elia aan die weduwee gesê het om eers 'n broodkoekie vir hom te maak, volgens die Woord van die Here. Toe sy gemaak het soos die Woord gesê het, het die regte teken gekom. Kom eers na die Woord en aanskou dan die wonderwerk. Die saad-Woord word deur die Gees in werking gestel.

Hoe kan enige boodskapper deur God gestuur, slegs 'n deel van die Woord glo en 'n deel daarvan verwerp? Die ware profeet van God in hierdie laaste dae sal die hele Woord verkondig. Denominasies sal hom haat. Sy woorde mag so kras wees soos die van Johannes die Doper wat hulle adders genoem het. Maar die uitverkorenes sal hoor en gereed wees vir die wegraping. Die Koninklike Saad van Abraham, gelowig soos Abraham, sal met hom die Woord aankleef want hulle is saam uitverkore.

Die boodskapper in die laaste dae sal verskyn op die tyd deur God bepaal. Nou is die eindtyd, soos almal weet, want Israel is in die tuisland. Hy sal nou enige tyd kom volgens Maleági. Wanneer ons hom sien sal hy toegewy wees aan die Woord. Hy sal aangekondig word (uitgewys in die Woord. Openb. 10,7.) en God sal sy bediening bekragtig. Hy sal die waarheid verkondig SOOS *Elia dit gedoen het en hy sal gereed wees vir die Sionsberg kragmeting.*

Vele sal hom misverstaan omdat hulle die Skrif geleer het op 'n sekere wyse wat hulle as die waarheid beskou. Wanneer hy daarteen kom, sal hulle hom nie glo nie. Selfs ware predikers sal die boodskapper misverstaan omdat bedrieërs soveel dinge die waarheid van God genoem het.

Maar hierdie profeet sal kom, en soos die voorloper van die eerste koms uitgeroep het: "Aanskou die Lam van God wat die sonde van die wêreld weggeneem het", so sal hy ongetwyfeld uitroep: "Aanskou die Lam van God wat kom in heerlikheid." Hy sal dit doen, want net soos Johannes vir die uitverkorenes die boodskapper van die waarheid was, so is die een die laaste boodskapper vir die uitverkorenes en die Woordgebore bruid."

CHRISTUS PRYS DIE KERK

Openb. 2:13: "Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan My Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas My getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon."

"*Ek ken jou werke.*" Hierdie is die identiese woorde wat geuiter was aan elk van die sewe boodskappers relatief tot die mense van God in elke eeu. Aangesien hulle tot die twee lote spreek, (die valse en die ware), sal hulle vreugde en jubeling in die harte van een groep bring, maar hulle behoort die harte van die ander te vervul met vrees. Alhoewel ons deur genade gered word, afgesien van werke, sal die ware verlossing werke of dade voortbring wat God sal behaag. I Joh. 3:7: "My kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid DOEN, is regverdig soos Hy regverdig is." As hierdie skrifgedeelte iets beteken, beteken dit dat 'n mens dit IS wat hy DOEN. Jak. 3:11: . . . "'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie?" Rom. 6:2: "Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" Matt. 12:33-35: "Julle moet of die boom goed maak en sy vrugte goed, of julle moet die boom sleg maak en sy vrugte sleg; want aan die vrugte word die boom geken. Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want uit die oorvloed van die hart praat die mond. Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn." As 'n mens uit die Woord gebore is (Wedergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die Lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly. I Pet. 1:23) sal hy die Woord voortbring. Die vrug of werke van sy lewe sal 'n produk wees van die soort saad of lewe wat in hom is. Sy werke, dus, sal Skriftuurlik wees. O, watter beskuldiging gaan hierdie waarheid nie teen die Pérgameense Eeu wees nie. Daar staan die Een sonder Weerga, met die skerp tweesnydende swaard in Sy hand, die Woord van God. En daardie Woord sal ons in die laaste dag oordeel. Selfs nou oordeel die Woord reeds, want dit is die beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. Dit skei die vleeslike van die geestelike. Dit maak ons lewende briewe wat gelees en geken word deur alle mense, tot heerlikheid van God.

"*Ek ken jou werke.*" As iemand bevrees is dat hy nie vir God sal behaag nie, laat hom dan die Woord volbring. As iemand wonder of hy die woorde sal hoor: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg," laat hom die Woord van God in sy lewe volbring en hy sal sekerlik daardie prysenswaardige woorde hoor. Die Woord van waarheid was destyds die maatstaf en is dit vandag nog. Daar bestaan geen ander standaard nie; daar is geen ander loodlyn nie. Soos die wêreld deur een Jesus Christus geoordeel gaan word, net so gaan dit deur die Woord geoordeel word. As 'n persoon wil weet hoe hy vorder, laat hom doen wat Jakobus aan die hand gedoen het: "Kyk in die spieël van God se Woord."

"*Ek ken jou werke.*" Soos Hy daar gestaan het met die Woord en hul lewens ondersoek het in die lig van die

oorspronklike plan wat Hy vir hulle opgestel het, moes Hy baie tevrede gewees het, want hulle, soos die ander wat hulle voorafgegaan het, het die vervolging van die onregverdige verduur en het nog vreugdevol vasgeklem aan die Here. Alhoewel dit somtyds moeilik was om die Here te dien, het hulle Hom nogtans gedien en in Gees en in waarheid aanbid, maar dit was nie die geval met die valse wynstok nie. Hulle het die lewe wat op die Woord gebou is, verwerp, en was besig om verder en verder van die waarheid af te dwaal. Hulle handelinge het gespreek van die dieptes waartoe hulle gedaal het.

JY HOU VAS AAN MY NAAM

"Na wie kan ons gaan? U alleen het die woorde van die ewige lewe!" Hulle het toe vas gehou en het nou ook vas gehou, maar nie met die fatalistiese vrees soos mense wat onvrugbare lewens lei nie. Hulle het vas gehou in Sy krag, in die sekerheid van die Gees dat hulle in Hom een was. Hulle het die seker wete van sonde vergifnis gehad en hulle het die naam 'Christen' ter getuienis daarvan gedra. Hulle het daardie Naam bo elke naam geken en liefgehad. Hulle knieë het gebuig vir daardie Naam. Hul tonge het dit bely. Wat hulle ookal gedoen het, het hulle alles gedoen in die Naam van die Here Jesus. Hulle het daardie Naam gespreek en van die bose gewyk, en nadat hul standpunt ingeneem het, was hulle nou gereed om vir daardie Naam te sterf met die sekerheid van 'n beter opstanding.

Neem die Naam van Jesus saam,
Kind van sorge en van pyn.
Dit sal jou troos en vreugde gee.
Neem dit waar jy ook al gaan.
Dierbare Naam, O so soet,
Hoop der wêreld, vreugd' der hemel.

Reeds in die tweede eeu het daardie woorde "Vader, Seun en Heilige Gees," die "Drie-eenheid" gedagte by baie mense tuisgebring, en die veelgodedom idee van drie gode het 'n leerstelling in die valse kerk geword. Dit sou nie lank wees voor die Naam weggeneem is nie soos inderdaad in hierdie Eeu gebeur het, en die *titels* van die EEN GROOT GOD het die NAAM, *Here Jesus Christus* vervang. Terwyl die meerderheid afvallig geword het en 'n drie-eenheid aangehang het en gedoop het met die titels van die Godheid, het die Klein Kudde nog gedoop in die Naam van Jesus Christus en so by die waarheid gehou.

Met so baie wat God oneer aandoen, Hom tot drie gode maak, en Sy genadige Naam tot titels verander, sou mens wonder of die tekens en wonders wat saamgaan met so 'n groot Naam nog onder die mense besoek doen. Inderdaad is daardie

tekens op kragtige en wonderbaarlike wyse gemanifesteer, maar beslis nie in die valse wynstok nie. Manne soos Martin is grootliks, in Sydiens gebruik, en God het saam met hulle getuig beide deur tekens en wonders en gawes van die Heilige Gees. Daardie Naam het nog krag gedra soos dit altyd was en altyd sal wees waar die heiliges Hom eer bring deur die Woord en die geloof.

JY HET MY GELOOF NIE VERLOËN NIE

In Handelinge 3:16 toe Petrus gevra is hoe die magtige wonder plaasgevind het van die kreupele by die Skone Poort, het hy dit so verduidelik: "En deur die geloof in Sy (Jesus) Naam het Sy (Jesus) Naam hierdie man (voorheen kreupel), wat julle sien en ken, sterk gemaak en die geloof wat deur (van) Hom (Jesus) is, het hom (die man) hierdie volkome gesondheid gegee in die teenwoordigheid van julle almal." Sien, daar is dit. Jesus se Naam en Jesus se Geloof het die wonderwerk teweeggebring. Petrus het nie daarop aanspraak gemaak dat dit sy eie menslike geloof was nie, net so min soos hy daarop aanspraak gemaak het dat dit sy eie naam was. Hy het gesê dat Jesus se Naam, wat aangewend is in die geloof wat van Jesus is, daardie groot werk verrig het. Hierdie geloof is waarvan die Here gespreek het in Openb. 2:13. Dit was SY geloof. Dit was nie geloof IN Hom nie, maar dit was SY EIE geloof *wat Hy aan die gelowiges gegee het*. Rom. 12:3: "Na die maat van geloof soos God dit aan elkeen (volgens vs. 1 is elkeen BROEDERS) toebedeel het." Ef. 2:8: "Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit (Geloof) nie uit julleself nie: Dit is die gawe van God." Dit sê ook in Jakobus 2:1: "My broeders (let op hier praat hy ook met BROEDERS) laat julle geloof VAN (nie in nie) onse Here Jesus Christus nie wees met aanneming van die persoon nie."

In hierdie Pérgameense Eeu waar die mense besig was om verlossing te beskou asof uit die mens; waar hulle hul weggekeer het van die waarheid dat "Saligheid van die Here is" — nadat die leerstelling van die uitverkiesing omvergewerp is en die kerkdeure en hulle gemeenskap vir een en elkeen oopgestel is, wat met hulle leerstellings saamgestem het (ongeag van die Woord); in hierdie eeu van snelle ontaarding, was daar, nog die enkeles wat die maat van die geloof van ons Here Jesus Christus gehad het en wat daardie geloof nie net gebruik het om groot magswonders te doen nie maar ook diegene weerstaan het wat durf sê het dat hulle gered was bloot op grond van die feit dat hulle by 'n kerk aangesluit het. Hulle het geweet dat geen mens waarlik aan die ewige lewe en die regverdigheid van God kon glo sonder die mate van geloof van die Here Jesus Self nie. Net soos die kerke vandag vol is

met intellektuele gelowiges wat die maagdelike geboorte, die uitgestorte bloed, kerkbywoning en die neem van nagmaal onderskryf, maar wat glad nie wedergebore is nie, net so was dieselfde probleem in daardie derde eeu. Menslike geloof was toe nie genoeg nie en is nou nie genoeg nie. Dit vereis die geloof van die Seun van God om in 'n mens se hart te kom sodat hy die Here van die heerlikheid in die tempel wat nie met hande gemaak is nie, kan ontvang.

Dit was 'n lewende geloof. "Ek leef deur die geloof van die Seun van God." Paulus het nie gesê dat hy geleef het deur geloof IN die Seun van God nie. Dit was die geloof van die Seun van God wat hom die lewe gegee het en wat hom in Christelike oorwinning laat leef het.

Nee, hulle het nie ontken dat redding bonatuurlik was van begin tot end nie. Hulle het die waarheid van Sy Naam en Sy Geloof lewend gehou en hulle is deur die Here geseën en is Hom waardig geag.

ANTIPAS MY GETROUE GETUIE

Daar is geen ander aantekening van hierdie broer in die Woord of in die nie-kerklike geskiedenis nie. Maar dit is sekerlik nie nodig nie. Dit is meer as genoeg dat hy voorafgeken was en bekend was by die Here. Dit is meer as genoeg om sy getrouheid aan die Here in die lewende Woord opgeteken te sien. Hy was 'n Christen gewees. Hy het die Naam van Jesus besit. Hy het die geloof van onse Here Jesus Christus gehad en hy was een van die wat daarvolgens gelewe het. Hy het gereageer op die woorde van Jakobus: "Laat julle geloof van onse Here Jesus Christus nie wees met aanneming van die persoon nie." Vol van die Heilige Gees en geloof, soos Stefanus, het hy niemand ontsien nie, niemand gevrees nie; en toe die doodstraf uitgespreek is oor almal wat daardie Naam aanneem en in die geloof van Jesus Christus wandel, het hy sy stand geneem by hulle wat nie teruggedraai het nie. Ja, hy het gesterf, maar, soos Abel, het hy 'n getuienis van God verkry (sy naam is geskryf in die Woord) en, hoewel hy dood is, spreek sy stem nog in die bladsye van Gods Heilige Rekord. Nog 'n getroue martelaar het na sy rusplek gegaan. Die Satan het nie toe die oorwinning behaal nie, net soos hy nie getriomfeer het toe hy die Vredevors gedood het nie; want net soos die Satan by die kruis beroof is, sal die bloed van Antipas uitroep tot nog honderde mense wat hul kruis sal opneem en Hom volg.

WAAR SATAN WOON

Die rede waarom hierdie deel van die aanprysing van die Gees is, is omdat daardie dapper soldate van die kruis besig

was om die Satan daar in sy eie troonkamer te oorwin. Hulle was besig om die stryd te wen deur die Naam en Geloof van Jesus, daar in die kamp van die leier van die duisternis. Watter geweldige lofprysing. Soos die magtige manne van Dawid wat die kamp van die vyand binnegegaan het om vir Dawid dorslessende water te kry, so het hierdie reuse van die geloof die gebied van Satan se aardse vesting binnegeval en deur prediking en vermaning die water van redding gebring vir hulle wat in die skaduwee van die dood gelewe het.

Nou, net soos hierdie woorde aangaande die troon en gebied van die Satan deel is van God se aanprysing vir Sy uitverkorenes, het hulle inderwaarheid ook die voorbereiding getref vir die veroordeling van die bose wat in die kerk oppermagtig geword het.

PÉRGAMUS: *Die Troon en Woonplek van die Satan.* Vir baie mense is hierdie uitdrukkings slegs beeldend en nie werklik geskiedkundig nie, maar hulle het werklik bestaan en die geskiedenis toon dit aan. Pérgamus was inderdaad die troon en woonplek van die Satan. Dit het so gebeur:

Pérgamus was nie oorspronklik die woonplek van die Satan (wat menslike sake betref) nie. Babilon was altyd letterlik en figuurlik sy hoofkwartiere. Dit was in die stad Babilon waar die Satansaanbidding sy oorsprong gehad het. Gen. 10:8–10: "Kus was ook die vader van Nimrod. Hy het begin om 'n geweldenaar op aarde te wees. Hy was 'n geweldige jagter voor die aangesig van die Here. Daarom sê hulle: Soos Nimrod, 'n geweldige jagter voor die aangesig van die Here. En die begin van sy ryk was Babel en Ereg en Akkad en Kalne in die land Sínear." Gen. 1 1:1–9: "En die hele aarde het dieselfde taal gehad en een en dieselfde woorde. En toe hulle wegtrek na die ooste, vind hulle 'n laagte in die land Sínear; en daar het hulle gaan woon. Daarop sê hulle vir mekaar: Kom, laat ons stene vorm en dit goed brand. Hulle gebruik toe die bakstene vir bousteen en die lymgrond vir klei. En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie. Toe daal die Here neer om die stad en die toring te besien waaraan die mensekinders gebou het. En die Here sê: Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie. Kom, laat ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie. So het die Here hulle dan daarvandaan oor die hele aarde verstrooi; en hulle het opgehou om die stad te bou. Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het die Here die taal van die hele aarde verwar, en daarvandaan het die Here hulle oor die hele aarde verstrooi."

Babel is die oorspronklike naam vir Babilon. Dit beteken verwarring. Dit is letterlik deur Kus gestig, die seun van Gam, maar is deur sy seun, Nimrod, die magtige jagter, opgebou tot 'n groot en sterk koninkryk. Nimrod, volgens Génesis elf en ook volgens nie-kerklike geskiedenis, was van voorneme om drie dinge uit te voer. Hy wou 'n sterk nasie bou, wat hy wel gedoen het. Hy wou sy eie godsdiens propageer, wat hy ook gedoen het. Hy wou vir homself naam maak, wat hy ook reggekry het. Dit wat hy verrig het, was so monumentaal dat die koninkryk van Babilon die hoof van goud genoem is onder al die wêreldse regerings. Die feit dat sy godsdiens prominensie verkry het, word bewys deur die feit dat die Skrif dit volkome met die Satan vereenselwig soos in Jes. Hfst. 14 en in Openb. Hfst. 17-18. Deur die geskiedenis kan ons bewys dat dit die hele wêreld ingeneem het en die grondslag vorm van elke stelsel van afgodediens, en die tema van die mitologie (godeleer) vorm, alhoewel die name van die gode varieer in die verskillende dele van die land volgens die taal van die mense. Dat hy vir hom en sy volgelinge naam gemaak het, is nie te betwyfel nie, want so lank as die huidige eeu duur (totdat Jesus Homself aan Sy broeders openbaar) sal hy aanbid en vereer word, weliswaar onder 'n ander naam as Nimrod en in 'n tempel wat effens anders is as die een waarin hy aanvanklik verafgod is.

Aangesien die Bybel nie in besonderhede die geskiedenis van ander nasies behandel nie, sal dit nodig wees om die ou nie-kerklike rekords na te gaan om die antwoord te vind op die vraag waarom Pérgamus die setel van die Sataniese godsdiens in Babilon geword het. Die hoofinligtingsbronne is die rekords van die Egiptiese en die Griekse kultuur. Die rede hiervoor is dat Egipte sy wetenskap en wiskunde van die Galdeërs ontvang het; Griekeland, op sy beurt, het dit weer van die Egiptenare gekry. Aangesien die priesters in bevel was wat die onderrig in daardie wetenskappe betref, en aangesien daardie wetenskappe gebruik was as deel van die godsdiens, het ons reeds die sleutel tot die rede waarom die Babiloniese godsdiens so van krag tot krag gegaan het in daardie twee lande. Dit is ook waar dat, waar ookal 'n nasie deur 'n ander nasie oorwin is, die godsdiens van die oorwinnaar mettertyd die godsdiens van die oorwonne geword het. Dit is welbekend dat die Grieke dieselfde tekens van die Diereriem as die Babiloniërs gehad het; en daar is in die ou Egiptiese rekords gevind dat die Grieke hul kennis van politeïsme van die Egiptenare gekry het. So het die geheime van Babilon van nasie tot nasie versprei totdat dit verskyn het in Rome, in China, in Indië, en selfs in Noord- en Suid-Amerika vind ons dieselfde basiese aanbidding.

Die ou geskiedenisse stem ooreen met die Bybel dat die Babiloniese godsdiens sekerlik nie die oorspronklike godsdiens van die vroeë bewoners van die aarde was nie. Dit was die

eerste om af te dwaal van die oorspronklike geloof, maar was nie self die oorspronklike godsdiens nie. Historici soos Wilkinson en Mallett het onweerlegbaar uit die ou dokumente bewys dat al die mense op aarde in een stadium in EEN GOD geglo het, oppermagtig, ewig, onsigbaar, Wat deur die Woorde van Sy mond alle dinge tot bestaan gespreek het en Wat in Sy karakter liefdevol en goed en regverdig was. Maar soos die Satan altyd alles sal besmet waar hy kan, vind ons dat hy die gedagtes en harte van die mens bederf sodat hulle die waarheid verwerp. Aangesien hy altyd poog om aanbid te word asof hy God is en nie die dienskneg en skepping van God nie, het hy aanbidding van God weggelei sodat hy dit self kon ontvang en so verhef kon word. Hy het sekerlik sy wens vervul om sy godsdiens deur die hele wêreld te versprei. Dit word deur God gestaaf in die Boek Romeine: "Alhoewel hulle God geken het, het hulle Hom nie as God verheerlik nie maar hulle het dwaas geword in hulle oorlegginge en in hul onverstandige hart het hulle 'n bedorwe godsdiens aanvaar tot die mate dat hulle skepsels en nie die Skepper nie, aanbid het." Onthou, die Satan was 'n skepsel van God (Seun van die Daeraad). So vind ons dat, waar die waarheid eens onder die mense versprei was, en almal by daardie een waarheid gehou het, daar later 'n dag gekom het dat 'n groot groep mense hulle van God weggedraai het en 'n duiwelse vorm van godsdiens oor die aarde versprei het. Die geskiedenis bewys dat diegene uit die stam van Sem, wat gehou het by die onveranderlike waarheid, in direkte opposisie gestaan het tot dié van Gam wat die waarheid verlaat en die leuens van die duiwel aanvaar het. Daar is geen tyd hier om in te gaan op 'n bespreking hiervan nie; dit word slegs geopper sodat u kan sien dat daar twee godsdienste was, net twee, en dat die bose een wêreldwyd geword het.

Monoteïsme het in Babilon verander in politeïsme. Die leuen van die duiwel en die geheime van die duiwel het in daardie stad in opstand gekom teen die waarheid van God en die geheimenisse van God. Die Satan het waarlik die god van hierdie wêreld geword en aanbidding afgedwing van diegene wat deur hom bedrieg is, en hulle laat glo dat hy waarlik die Here was.

Die politeïstiese godsdiens van die vyand het begin met die leer van die drie-eenheid. Die idee van "een God in drie persone" het destyds al ontstaan. Hoe eienaardig is dit dat ons moderne teoloë dit nie raakgesien het nie; maar, klaarblyklik net so om die bos gelei deur die Satan as wat hul voorsate was, glo hulle nog in drie persone in die Godheid. Laat ons net een plek in die Skrif gewys word wat enige gesag aan daardie leerstelling verleen word. Is dit nie eienaardig nie dat, terwyl die afstammelinge van Gam hul weg gegaan het in Sataniese aanbidding wat 'n basiese konsep van drie gode behels het,

daar geen teken is dat die afstammelinge van Sem, so iets geglo het of dat hulle enige vorm van seremoniële aanbidding gevolg het, wat selfs enige tipe daarvan daarby betrek het nie? Is dit nie eienaardig nie dat die Hebreërs geglo het "Hoor, o Israel, die Here jou God is EEN God", as daar drie persone in die Godheid was? Abraham, die afstammeling van Sem, het in Gen. 18 slegs EEN God gesien, met twee engele.

Nou hoe is hierdie drie-eenheid uitgedruk? Dit is deur 'n gelyksydige driehoek voorgestel, net soos dit vandag nog in Rome uitgebeeld word. Eienaardig: die Hebreërs het nie so 'n konsep gehad nie. Wie is nou reg? Is dit die Hebreërs of die Babiloniërs? In Asië het die politeïstiese idee van drie-gode in een, na vore gekom in 'n beeld van drie hoofde op een liggaam. Hy word uitgebeeld as net drie intelligensies. In Indië was dit in hulle harte om hom uit te beeld as een god in drie vorms. Dit is nou werklik goeie, moderne teologie. In Japan is daar 'n reuse-Boedha met drie koppe, soos ons reeds beskrywe het. Maar die duidelikste van almal is daardie wat die Trinitariese konsep van God uiteensit in 'n drie-enige vorm van: (1) Die hoof van 'n ou man wat God die Vader simboliseer; (2) 'n Sirkel wat in die geheime geskrifte "Saad" uitbeeld en op sy beurt die Seun beteken; (3) Die vlerke en stert van 'n voël (duif). Hier was die leer van die Vader, Seun, en Heilige Gees, drie persone in die Godheid, 'n ware drie-eenheid. Dieselfde ding kan in Rome gesien word. Laat my nog weereens vra, is dit nie eienaardig nie dat die duiwel en sy aanbidders 'n groter openbaring ontvang het as die vader van die geloof (Abraham) en sy afstammelinge? Is dit nie eienaardig nie dat die aanbidders van die Satan meer van God geweet het as die kinders van God? Dit is nou wat moderne teoloë ons probeer vertel as hulle van die drie-eenheid praat. Onthou net een ding van nou af: hierdie rekords is feite, en dit is 'n feit — die Satan is 'n leuenaar en die vader van leuens, en wanneer hy ookal enige lig werp, is dit nog 'n leuen. Hy is 'n moordenaar, en sy leer van die drie-eenheid het die menigtes vernietig en sal dit doen tot Jesus kom.

Volgens die geskiedenis het dit nie lank geneem voordat daar 'n verandering gekom het in die konsep van 'n Vader en 'n Seun en die Heilige Gees nie. Die Satan het hulle stappie-vir-stappie weggelei van die waarheid af. Die afgeleide konsep van die Godheid was nou: 1. Die ewige vader, 2. Die Gees van God beliggaam in 'n MENSLIKE moeder. (Laat dit u dink?) 3. 'n Heilige Seun, die vrug van daardie beliggaming (Saad van die vrou).

Maar die duiwel is nie tevrede nie. Hy het nog nie aanbidding vir homself verkry nie, behalwe op indirekte wyse. Dus lei hy die mense nog verder van die waarheid af weg. Deur sy geheimenisse openbaar hy aan die mense dat, aangesien die groot, onsigbare vader God hom nie met die sake van die mens

besig hou nie, maar wat hulle betref, stilbly, beteken dit dat hy wel in stilte aanbid kan word. In werklikheid beteken dit om hom so veel as moontlik, indien nie heeltemal nie, te ignoreer. Hierdie leer het ook deur die wêreld versprei en selfs vandag in Indië kan mens sien dat tempels ter ere van die groot skepper, die stille god, merkwaardig min is.

Aangesien dit nie nodig was om die skepper-vader te aanbid nie, was dit slegs natuurlik dat aanbidding oorgegaan het tot "Moeder en Kind" as die voorwerpe van aanbidding. Dieselfde kombinasie van moeder en kind is ook in Egipte aangetref, naamlik Isis en Osiris. In Indië was dit Isi en Iswara. (Let op die ooreenkoms selfs in die name.) In Asië was dit Sibele en Deoius. In Rome en Griekeland het dieselfde gegeld. En in China. Wel, verbeel u die verbasing van Rooms-Katolieke sendelinge toe hulle in China gekom het en daar 'n Madonna en Kind gevind het met ligstrale wat straal uit die hoof van die kind? Die beeld kon net sowel verruil geword het vir een in die Vatikaan, behalwe vir sekere gelaatstrekke.

Dit is nou gepas dat ons die oorspronklike moeder en kind opspoor. Die oorspronklike godin-moeder van Babilon was Semiramis, wat Rhea genoem is in die oostelike lande. In haar arms het sy 'n seun gehou wat, hoewel hy 'n baba was, beskryf is as lank, sterk, aantreklik, en wat veral betowerend vir vroue was. In Eseg. 8:14 word hy Tammus genoem. Deur die klassieke skrywers is hy Bacchus genoem. Vir die Babiloniërs was hy Ninus. Die rede vir die feit dat hy as 'n baba verteenwoordig is maar nogtans beskryf is as 'n groot, magtige man, is daarin geleë dat hy bekend staan as die "Eggenoot-Seun". Een van sy name was "Eggenoot van die Moeder" en in Indië, waar die twee bekend is as Iswara en Isi, word hy (die eggenoot) verteenwoordig as die baba aan die bors van sy eie vrou.

Ons kan bevestig dat hierdie Ninus die Nimrod van die Bybel is deur die geskiedenis met die weergawe in Génesis te vergelyk. Pompeius het gesê: "Ninus, koning van Assirië, het die ou, *gematigde* lewenswyse verander deur sy begeerte tot verowering. HY WAS DIE EERSTE EEN WAT OORLOG TEEN SY BURE GEMAAK HET. Hy het alle nasies oorwin, van Assirië tot Libië, want daardie manne het nie die kuns van oorlogvoering geken nie." Diodorus sê: "Ninus was die vroegste van die Assiriese konings wat in die geskiedenis vermeld word. Hy was oorlogsugtig van geaardheid en het baie jongmanne straf opgelei in die kuns van oorlogvoering. Hy het Babilonië aan hom onderdanig gemaak toe daar nog nie 'n stad Babilon was nie." Dus sien ons dat hierdie Ninus begin het om grootheid te bereik in Babilon, hy het Babel gebou, Assirië ingeneem en die koning daarvan geword en toe voortgegaan om reuse gebiede te verower waar die bevolking onopgelei was in die kuns van oorlogvoering en waar hulle 'n *gematigde lewe*

gelei het, soos Pompeius gesê het. Nou in Gen. 10, waar melding gemaak word van die koninkryk van Nimrod, staan daar: "En die begin van sy ryk was Babel en Ereg en Akkad en Kalne in die land Sínear. Uit daardie land het hy getrek na Assur en gebou: Ninevé en Kalag ens." Maar die vertalers het hier 'n fout begaan deur Assur as 'n naamwoord te vertaal, want dit is 'n werkwoord, en in Chaldees beteken dit 'om sterk te maak'. Dus is dit Nimrod wat, nadat hy sterk gemaak is (hy het sy ryk gevestig deur die wêreld se eerste leër op te bou wat hy opgelei het deur driloefeninge en die ontberings van die jagtogte), nog verder gegaan het as Sínear met sy magtige leër, en nasies onderdruk het en stede gebou het soos Ninevé, wat na hom vernoem is, want selfs vandag nog word 'n groot deel van die ruïnes van daardie stad Nimroud genoem!

Aangesien ons nou ontdek het wie Ninus was, is dit nou nodig dat ons nagaan wie sy vader was. Geskiedkundig was dit Bel, die stigter van Babilon. (Daar moet op gelet word dat Bel dit gestig het in die sin dat hy die hele beweging aan die gang gesit het; maar dit was die seun, Ninus, wat dit gevestig het en die eerste koning was, ens.) Maar volgens die Skrif was Kus die vader van Nimrod: "Kus was ook die vader van Nimrod". Nie slegs was dit so nie, maar ons vind ook dat Gam die vader van Kus was. In die Egiptiese kultuur vind ons nou dat Bel die naam Hermes gehad het, en Hermes beteken "DIE SEUN VAN GAM". Volgens die geskiedenis was Hermes die groot profeet van die afgodediens. Hy was die woordvoerder van die gode. 'n Ander naam waaronder hy bekend was, was Mercurius (lees Handelinge 14:11–12).

Higinus sê die volgende van daardie god wat ook bekend was as Bel, Hermes, Mercurius, ens,: "Vir baie jare het die mens gelewe onder die heerskappy van Jahwe (nie die Romeinse Jupiter nie, maar Jehova van die Hebreërs wie die Romeinse geskiedenis voorafgaan) sonder stede en sonder wette, en almal het dieselfde taal gepraat. Maar nadat daardie Mercurius (Bel, Kus) die toesprake van mense geinterpreteer het (waarna 'n tolk 'n Hermeneut genoem word) het dieselfde individu die nasies verstrooi. Toe het onenigheid begin." Hieruit kan gesien word dat hierdie Bel of Kus, die vader van Nimrod, die oorspronklike voorbok was wat die mense weggelei het van die ware God en, as "woordvoerder van die gode" die mense aangemoedig het om 'n ander vorm van godsdiens te aanvaar. Hy het hulle aangemoedig om voort te gaan met die toring, wat sy seun toe gebou het. Hierdie aanmoediging het die verwarring en verdeling van die mense bewerkstellig, sodat hy beide "vertolker en verwarrer" was.

Kus was dus die vader van die politeïstiese stelsel en, toe mense deur die mens verafgod is, het hy natuurlik die vader van die gode geword. Nou Kus was ook Bel genoem. En Bel, in

die Romeinse mitologie, was Janus. Hy word afgebeeld met twee gesigte en 'n knuppel waarmee hy mense verwar en "uitmekaargejaag" het. Ovid skryf dat Janus van homself gesê het: "Die mense van die ou volke het my Chaos genoem." So vind ons dat die Kus van die Bybel, die oorspronklike rebel teen monoteïsme, onder andere Bel, Belus, Hermes, Janus, ens. genoem is deur die oervolke. Hy het voorgegee dat hy die gode vir die mense kon openbaar en vertolk. Sodoende het hy die toorn van God verwek om die mense uitmekaar te dryf, waardeur verdeling en verwarring ontstaan het.

Tot hier toe het ons nagegaan waarvandaan politeïsme of die aanbidding van vele gode kom. Het u opgemerk dat ons ook gevind het dat daar gepraat is van 'n man genaamd Kus, wat die titel van "die vader van die gode" ontvang het? Het u hier die ou tema van die ou mitologië agtergekom, naamlik dat die gode hulself met mense identifiseer? Dit is waar voorvader-aanbidding vandaan kom. Ons kan dus net soveel die geskiedenis nagaan om meer omtrent voorvader-aanbidding te wete te kom. Wel, daar is uitgewys dat Kus 'n drieledige gode-aanbidding ingestel het, naamlik van die vader, seun en gees. Drie gode wat almal gelyk was. Maar hy het geweet van die saad van die vrou wat sou kom en dus moes hy 'n vrou en haar saad in die prentjie inbring. Dit was teweeggebring toe Nimrod gesterf het. Sy vrou, Semiramis, het hom vergoddelik, en haarself dus die moeder van die seun en ook die moeder van die gode gemaak. (Presies net soos die Roomse Kerk vir Maria vergoddelik het. Hulle voer aan dat sy sonder sonde was en die Moeder van God was.) Sy (Semiramis) het Nimrod "Seroasta" genoem, wat beteken "die vrou se beloofde saad".

Dit was nie te lank voor die vrou begin het om meer aandag as die seun te trek nie, en sommer gou is sy uitgebeeld as die een wat die slang vertrap. Hulle het haar die "koningin van die hemel" genoem en haar goddelik gemaak. Is dit nie net soos vandag nie, waar Maria, die moeder van Jesus, verhef is tot onverganklikheid en waar die Vatikaan nou vanaf September 1964 probeer om aan Maria 'n hoedanigheid toe te skryf wat sy nie besit nie, want hulle sou haar graag wou noem "Maria die Bemiddelaarster", "Maria die Moeder van Alle Gelowiges", of "Moeder van die Kerk." As daar ooit Babiloniese voorvader-aanbidding in 'n godsdiens was, is dit te vind in die godsdiens van die Kerk van Rome.

Afgesien van voorvader-aanbidding wat in Babilon sy oorsprong gehad het, is die aanbidding van die natuur ook daar gebore. Dit was in Babilon waar die gode met die son, maan, ens. vereenselwig is. Die hoofvoorwerp in die natuur was die son wat lig-en hittegewende eienskappe besit en vir die mens soos 'n vuurbal in die hemele lyk. Dus sou die hoofgod die songod wees, wat hulle Baäl genoem het. Die son is dikwels

uitgebeeld as ’n vlammesirkel en sommer gou het daar om die vlam ’n slang verskyn. Dit was nie lank voor die slang ’n simbool van die son geword het en gevolglik aanbid is nie. So is die wens van die Satan se hart verwesenlik. Hy is as God aanbid. Sy troon is gevestig. Sy slawe het hulle voor hom neergebuig. Daar in Pérgamus is hy aanbid in die vorm van ’n lewende slang. Die boom van die Kennis van Goed en Kwaad, nou gesimboliseer in die vorm van ’n lewende slang, het nie slegs vir Eva verlei nie, maar die meerderheid mense.

Maar hoe het Pérgamus die troon van die Satan geword as Babilon die troon was? Weereens vind ons die antwoord in die geskiedenis. Toe Babilon voor die Mede en die Perse geswig het, het die priesterkoning, Attalus, uit die stad gevlug en na Pérgamus gegaan, met sy priesters en heilige geheime. Daar het hy sy koninkryk opgerig buite die Romeinse Ryk, en daar gefloreer onder die sorg van die duiwel.

Hierdie is ’n baie kort oorsig van die geskiedenis van die Babiloniese godsdiens en dié se koms in Pérgamus. Sonder twyfel is daar nog talle vrae wat onbeantwoord is en ongetwyfeld kon daar nog baie geskryf gewees het om ons in te lig; maar hierdie is nie bedoel om ’n studie van die geskiedenis te wees nie, dit is eerder bedoel om te help met ’n studie van die Woord.

DIE VEROORDELING

Openb. 2:14–15: “Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om ’n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer. So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat.”

In hierdie Pérgameense Eeu veroordeel die Here twee leerstellings wat Hy haat: 1. Die leerstelling van Bileam wat afgodsdiens en sondige oordadigheid tot Israel gebring het by Baäl-Peor; en 2. Die leerstelling van die Nikolaïete, wat in die Efésiese Eeu maar nog slegs dade was. Voeg ons nou hierdie veroordeling by die feit dat Hy dit benadruk het dat Pérgamus die woonplek van die Satan was, is dit baie maklik en geregverdig om tot die slotsom te kom dat die godsdiens van Babilon op een of ander wyse verstrengel geraak het met die Christelikheid.

Nou is dit nie slegs ’n veronderstelling nie, maar ’n historiese feit, wat ons sal bewys deur die geskiedenis na te gaan tot ongeveer 36 nC en dan weer verder tot die Raad van Nicea van 325. Toe die Christene (hoofsaaklik Jode van geboorte) uit Jerusalem verdrywe is, het hulle die Evangelie oral verkondig, veral in die sinagoges. So, binne drie jaar, of

ongeveer 36 nC, is die Evangelie deur Junias en Andronicus wat, volgens Rom. 16:7, apostels was, na Rome geneem. ’n Aantal jaar lank het die werk daar vooruitgegaan totdat die alewige rusies van die Jode onder mekaar die Keiser Claudius genoop het om hulle uit Rome te verban. Met die Jode uit daardie stad verban, is die ruggraat van daardie klein kerk feitlik gebreek. Miskien was selfs die ouderlinge Jode gewees en sou hulle dus moes weggaan. Die kudde sou sonder sorg gelaat gewees het, en aangesien die Woord nog nie geskrywe was om as gids te dien nie, sou dit baie maklik wees vir die klein kudde om die pad byster te raak of om oorweldig te word deur die filosowe en heidene van daardie dae. Met kwaadwillige wolwe op die jag, en met die gees van die antichris vrygelaat, vind ons in die geskiedenis dat hierdie klein gemeente in Rome heeltemal verval het en begin het om heidense seremonies onder Christelike titels in te voer.

Aangesien die tydperk van verbanning 13 jaar geduur het, het die stigters, Junias en Andronicus nie teruggekom voor die jaar 54 nC nie. Stel u hul skok en afsku voor om ’n kerk te vind met ’n Christelike tìtel, maar wat betreurenswaardig heidens was. Daar was altare in die kerk waarop hulle wierook gebrand het en heidense rituele uitgevoer het. Die gevestigde leiers van daardie kerk kon nie genader word nie, dus het hulle, saam met die handjievol wat probeer het om getrou te bly, ’n nuwe kerk, of die Tweede Kerk van Rome, begin. God het genadiglik onder hulle gearbei en tekens en wonders verrig sodat ’n derde kerk begin is, en alhoewel die Eerste Kerk berispe is dat dit heidens was en NIE Christelik in sy aanbidding nie, wou hy nie sy titel aflê nie en het dit gebly, en IS NOG STEEDS, die Eerste Kerk van Rome — Die Rooms-Katolieke Kerk.

Nou verkeer die meerderheid van ons onder die wanindruk dat almal wat hulself Christene noem die skyf sou wees van die duiwel en gevolglik die spit sou afbyt van staatsonderdrukking. Maar nie so nie. Hierdie eerste kerk het so vooruitgegaan en talryk geword dat die keisers en verskeie regeringsamptenare in werklikheid om politieke redes daardie kerk begunstig het. Dus toe die leiers van die Eerste Kerk in Rome hulle in ’n gunstige posisie bevind het, het hulle van die geleentheid gebruik gemaak om die regering teen die ware gelowiges te draai en op hul vervolging aan te dring tensy hulle in hulle kamp inkom. Een so ’n biskop van die Eerste Kerk van Rome was Anicetus gewees, wat in die tweede eeu geleef het en ’n tydgenoot van Polycarp was. Toe die eerbiedwaardige Polycarp verneem dat die Eerste Kerk van Rome betrokke was by heidense seremonies en die waarheid van die Evangelie verontreinig het, het hy soontoe gegaan om hulle te smeek om te verander. Hy het gesien hoe hulle hulself neerbuig voor beelde wat na apostels en heiliges vernoem is. Hy het gesien hoe hulle kerse opsteek en

wierook op die altaar brand. Hy het gesien dat hulle die Pasga vier onder die naam Paasfees, waar hulle die skyfvormige brood ter ere aan die songod verhef het en dan die wyn uitgestort het as drankoffer tot die gode. Maar hierdie bejaarde heilige wat 1500 myl ver gereis het, kon nie daarin slaag om hul insinking stop te sit nie. God het deur hom gespreek toe hy op die punt was om te vertrek: "Efraim is gekoppel aan die afgode: laat hom staan!", Hos. 4:15. Polycarp het nooit weer teruggegaan nie.

Die opvolger van Anicetus was die bose biskop van Rome by name Victor. Hy het seremonies en feestelikhede wat selfs nog meer heidens was in die Eerste Kerk ingevoer en het ook sy bes probeer om die ware Christelike kerke te oorreed om dieselfde idees te aanvaar. Hulle wou nie doen soos hy gevra het nie en hy het dus by regeringsamptenare aangedring om die gelowiges te vervolg en hulle hof toe te neem, in die tronk te gooi en selfs talle om die lewe te bring. So 'n voorbeeld van sy bose dade word in die geskiedenis gevind waar die Keiser Septimus Severus deur Callistus (die vriend van Victor) aangepor is om 7,000 by Thessalonica om die lewe te bring omdat hulle hierdie ware gelowiges die Pasga gevier het volgens die Here Jesus en nie volgens die aanbidding van Astarte nie.

Die valse wynstok het toe reeds begin om sy woede teen die lewende God te laat geld deur die uitverkorenes om die lewe te bring, net soos sy voorsaat, Kain, vir Abel om die lewe gebring het.

Die ware kerk het aangehou probeer om die Eerste Kerk tot bekering te bring. Dit wou dit nie doen nie. Dit het toegeneem in grootte en invloed. Dit het 'n veldtog van stapel gestuur om die ware saad te diskrediteer te bring. Hulle het daarop aanspraak gemaak dat hulle, en hulle alleen, die ware verteenwoordigers van die Here Jesus Christus was, en het gespog met die feit dat hulle die oorspronklike kerk in Rome was en dat hulle alleen die Eerste Kerk was. Hulle was inderdaad die Eerste Kerk en INDERDAAD IS HULLE.

Dus, teen die tyd van hierdie derde kerkeeu het ons twee kerke met dieselfde naam gehad, maar met 'n bitter verskil tussen hulle. Een het afgedwaal van die waarheid en met afgode getrou en het geen lewe in haar nie. Sy het haarself verbaster en die tekens van die dood (nie lewe nie) volg haar na. Sy is magtig met baie lidmate. Sy geniet die guns van die wêreld. Die ander is 'n klein, vervolgde groepie. Maar sy volg die Woord en die tekens volg haar. Die siekes word gesond gemaak en die dooies word opgewek. Sy is lewendig met die Lewe en die Woord van God. Sy het haar eie lewe nie lief nie maar hou vas aan Sy Naam en Sy geloof, selfs tot die dood toe.

En so het die verskriklike vervolging van amptelike Rome op die ware gelowige neergekom totdat Konstantyn opgestaan

en vryheid van aanbidding toegestaan het. Dit kom voor of daar twee redes is waarom hierdie vryheid toegestaan is. In die eerste plek was daar verskeie goeie keisers wat nie vervolging toegelaat het nie, maar soos hulle gesterf het, is hulle opgevolg deur diegene wat wel Christene om die lewe gebring het. Dit was so sinneloos dat dit uiteindelik tot die publiek deurgedring het dat die Christene alleen gelaat behoort te word. Die tweede, en aanneemlikste rede is dat Konstantyn 'n baie moeilike stryd voor hom gehad het in sy oorname van die ryk. Een aand in 'n droom het hy 'n wit kruis voor hom gesien verskyn. Hy het gevoel dat dit 'n teken vir hom was dat, as die Christene vir sy oorwinning sou bid, hy die slag sou wen. Hy het hulle vryheid belowe indien hy as oorwinnaar sou uittree. Hy was toe die oorwinnaar gewees en die vryheid van aanbidding is toe in die Edik van Nantes toegestaan in 312 nC.

Maar hierdie vryheid van vervolging en dood was nie so grootmoedig soos dit met die eerste oogopslag wou voorkom nie. Konstantyn was nou die beskermheer. As beskermheer was sy belange groter as die van 'n waarnemer, want hy het besluit dat die kerk sy hulp in kerksake nodig gehad het. Hy het gesien dat hulle verskil aangaande aangeleenthede; waarby ene Arius, Biskop van Alexandrië, betrokke was, wat sy volgelinge geleer het dat Jesus nie waarlik God was nie, maar 'n ondergeskikte wese, omdat Hy deur God geskape is. Die Westerse Kerk het die teenoorgestelde mening gehuldig en het geglo dat Jesus die ware wese van God was, of, soos hulle gesê het: "Mede-gelyk met die Vader." Met sulke sake in gedagte en tesame met die indringing van heidense seremonies in die erediens, het die keiser die Raad van Nicea byeengeroep in 325 met die gedagte dat hy al die groepe bymekaar sou bring om hul verskille uit te stryk en tot 'n gemeenskaplike verstandhouding kom en verenig word. Is dit nie eienaardig nie dat, hoewel die idee sy oorsprong by Konstantyn het, dit nie weggesterf het nie maar inderdaad vandag nog baie aktief is as die "Wêreldraad van Kerke"? En waar hy nie werklik daarin kon slaag om dit te bereik nie, sal dit vandag bereik word deur die ekumeniese beweging.

Hierdie inmenging van die staat met die kerk is 'n dwase ding, want die wêreld verstaan nóg die waarheid gevind in die Woord, nóg die wyse van die kerk. Tog, dieselfde beslissing wat deur die Raad bereik is, dat Arius verkeerd was, is twee jaar later deur die keiser herroep en vir baie jare lank was daardie valse leer op die volk afgesmeer.

Maar dat die kerk en staat sou verenig was waarlik vooruit bekend aan die Here. Selfs die naam Pérgamus beteken "deeglik getroud". En inderdaad was die kerk en staat verbind; politiek en godsdiens is verenig. Die afstammelinge van daardie samekoms was nog deurgaans die afskuwelikste

kruisings wat die wêreld nog ooit geken het. Die waarheid is nie in hulle nie; maar die bose weë van Kain (die eerste baster), is.

Nie slegs is die staat en die kerk in hierdie eeu getroud nie, maar die Babiloniese godsdiens is nou amptelik met die Eerste Kerk verenig. Die Satan het nou toegang tot die Naam van Christus gehad en hy was gekroon as God in aanbidding. Met behulp van die staat, het die kerke pragtige geboue verkry wat gevul is met altare van wit marmer en afbeeldings van afgestorwe heiliges. En reg in hierdie eeu is wanneer die "Dier van Openb. 13:3 wat dodelik gewond was" (die heidense Romeinse Ryk) herlewe het tot lewe en mag as die "Heilige Romeinse Ryk". Rome as 'n materiële nasie het baie aftakeling ondergaan en sou binnekort heeltemal afgetakel word; maar dit het nie nou saak gemaak nie, want haar godsdiensryk sou haar aan die hoof van wêreld oorheersing hou, regerend van binne, waar dit van buite nie so sou lyk nie.

Laat my die presiese Skriftuurlike waarheid van die saak aantoon, want ek wil nie hê dat enigeen moet dink dat ek besig is om 'n openbaring van my eie te gee nie — een wat nie in die Skrif gevind word nie. Dan. 2:31-45: "U, o koning, het 'n gesig gehad kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik. Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei. U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het. Dit is die droom; sy uitlegging sal ons nou voor die koning sê: U, o koning, koning van die konings, aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het, en in wie se hand Hy in die hele bewoonde wêreld die mensekinders, die diere van die veld en die voëls van die hemel gegee het, sodat Hy u as heerser oor hulle almal aangestel het - u is die hoof van goud. En na u sal daar 'n ander koninkryk opstaan, geringer as die van u; daarna 'n ander, 'n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers; en die vierde koninkryk sal hard wees soos yster, juis omdat yster alles fynstamp en verpletter; en soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fynstamp en vergruis. En dat die voete en die tone, soos u gesien het, deels van pottebakkersklei en deels van yster was - dit sal 'n verdeelde koninkryk wees, en van die hardheid van die yster sal daarin

wees, omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het. En dat die tone van die voete deels van yster en deels van klei is – 'n gedeelte van die koninkryk sal hard en 'n gedeelte sal bros wees. Dat u die yster gemeng het kleigrond gesien het – hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aan mekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie. Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan – net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande 'n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar." Hierin word 'n presiese weergawe van toekomstige, onvervulde geskiedenis geopenbaar wat volgens profesie op die aarde sou kom van die tyd van Daniël af tot Jesus sou kom en regeer as die Seun van Dawid. Dit is bekend as die "Tyd van die Heidene". Daarbinne was vier historiese afdelings wat bekend was aan die oorheersende ryk in elke afdeling: Die Babiloniese die Mede en Perse, die Griekse en die Romeinse. Die grootste en mees absolute monargie was dié van die Babiloniese wat weergegee was as die hoof van goud. Die volgende in glansrykheid was dié van die Mede en Perse wat, soos die geskiedenis bewys het, inderdaad minder glansryk was en wat aangedui is as die bors en arms van silwer. Toe het daar die Griekse eeu gevolg, wie se koning die briljantste militêre leier was wat die wêreld nog ooit geken het en wat paslik uitgebeeld is as die middel en dye van koper. Dit was minder glansryk as die twee voorafgaande ryke. Uiteindelik was daar die laaste koninkryk, wat die Romeinse Ryk was, uitgebeeld as die bene en voete. Terwyl die vorige ryke uitgebeeld is as suiwer metale (suiwer goud, silwer, koper) was hierdie laaste ryk suiwer yster slegs in die bene, want die voete was 'n mengsel van yster en klei; yster en klei meng net nie en kan nie bestendigheid en krag lewer nie. Maar nie slegs was dit die geval nie maar, nog meer verbasend, is die feit dat hierdie laaste ryk (Romeinse) sou bly staan in sy eienaardige 'gemengde toestand' tot die dag dat Jesus terugkeer.

Die Romeinse Ryk van yster (yster beduidend mag en geweldige vernietigende krag teen opposisie) sou in twee hoofdele gemaak word, en dit het dan ook gebeur, want die ryk is letterlik in twee geskeur – Oos en Wes. Beide was baie magtig en het alles voor hulle vertrap.

Maar soos die glorie en mag van alle ryke tot 'n einde kom, het hierdie ryk ook begin val. Dus *het Rome geval*. Heidense Imperïele Rome was nie meer yster nie. Sy het verkrummel. Sy

is gewond tot die dood toe. Rome kon nou nie regeer nie. Dit was alles verby. So het die wêreld gedink. Maar hoe verkeerd was die wêreld nie, want daardie hoof (Rome) alhoewel gewond, was nie dodelik gewond nie. (Wuest, vertaling van Openb. 13:3: "En dit het *gelyk* of een van sy koppe dodelik gewond was, met die keel gesny. En sy doodsteek is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die Wilde Dier aangegaan.")

Mense kyk na Rome. Hulle kyk na die volk van Italië. En terwyl hulle kyk, besef hulle nie dat Rome, met haar streng neergelegde grense, waarin die pous inderdaad 'n gebied van sy eie het, letterlik 'n *nasie binne 'n nasie* is nie, sy het ambassadeurs en ontvang ambassadeurs. DIE POUSLIKE, VALSE CHRISTELIKE ROME (sy word selfs die ewige stad genoem — hoe godslasterlik) BEHEER NOU, DEUR GODSDIENS MET NOG GROTER BEVOEGDHEID AS IN DIE DAE TOE DIE HEIDENSE IMPERïELE ROME MET DIE SUIWER YSTER VAN GEWELD DIE BEHEER UITGEOEFEN HET. Rome het 'n nuwe lewensduur ontvang toe Konstantyn die kerk en staat saamgevoeg en die verbintenis met geweld gerugsteun het. Die gees wat die heidense Rome gemotiveer het, is dieselfde gees wat nou die valse Christelike Rome motiveer. U kan sien dat dit die geval is, want u weet nou dat die vierde ryk nooit tot niet gegaan het nie; dit het net van uiterlike tekstuur verander.

Toe die Raad van Nicea eers die mag van politieke Rome na die kant van die kerk geswaai het, het dit gelyk of daar geen beperkings was aan wat die Eerste Christelike Kerk sou doen nie. Die naam, Christen, wat eers vervolging op die hals gehaal het, het nou die naam van die vervolgers geword. Dit was in hierdie tyd dat Augustinus van Hippo (354 - 430) die beginsel verkondig het dat die kerk geweld behoort te en MOET gebruik, indien nodig, om haar kinders in die kudde terug te bring, en dat dit in harmonie was met die Woord van God om die ketters en afvalliges om die lewe te bring. In sy twisgeskrif met die Donatiste het hy geskryf. . . "Dit is inderdaad beter dat mense gelei word om God te aanbid deur onderwysing as dat hulle deur vrees vir straf of pyn daartoe gedryf word; maar dit beteken nie dat, omdat met die eersgenoemde weg beter resultate behaal word, diegene wat hulle nie oorgee, oor die hoof gesien moet word nie. Want baie (soos ons al bewys het en daagliks nog bewys deur wetlike ondervinding) het voordeel ondervind deur eers verplig te word deur vrees of pyn sodat hulle later mag beïnvloed word deur lering sodat hulle mag uitlewe en handel wat hulle alreeds geleer het in woord. . . alhoewel diegene wat deur die liefde reg gelei word, beter mense is, is diegene wat deur vrees tot ander insigte gebring is, sekerlik meer talryk. Want wie kan ons meer liefhê as Christus, Wat Sy lewe vir die skape neergelê het? Nogtans, nadat Hy

Petrus en die ander apostels tot Hom geroep het deur Sy woorde alleen, het Hy, toe Hy Paulus tot Hom geroep het, hom nie slegs met Sy stem gedwing nie maar hom selfs teen die aarde gewerp met Sy krag; en ten einde hom, wat verwoed te kere gegaan het in die duisternis van ongeloof, met dwang daartoe te beweeg om die lig van die hart te begeer, het Hy hom eers met fisiese blindheid geslaan. Waarom, dan, sou die Kerk nie geweld gebruik om haar verlore seuns te verplig om terug te kom nie? Die Here Self het gesê: 'Gaan uit op die paaie en na die lanings en dwing hulle om in te kom'. Daarom, as die mag wat die Kerk op sy tyd deur goddelike vasstelling verkry het deur die godsdienstige inbors en geloof van konings, die instrument is waardeur hulle wat op die paaie en lanings aangetref word — dit wil sê in kettery en verdeeldheid — gedwing word om in te kom, laat hulle dan nie fout daarmee vind om gedwing te word nie."

Die, dors na bloed het met rasse skrede gegroei. Die valse wynstok in Spanje het nou vir Keiser Maximus oorreed om deel te neem aan die aanval op die ware gelowiges wat die Woord en die tekens en die wonders onder hulle gehad het. So is 'n aantal Priscillianiste deur Biskop Ithacus (385) na Trier gebring. Hy het hulle van heksery en ontugtigheid beskuldig, en baie is tereggestel. Martin van Tours en Ambrosius van Milaan het hierteen geprotesteer en tevergeefs gepleit dat daar 'n einde aan die vervolging gemaak moet word. Toe die vervolging voortgesit is, het hierdie twee biskoppe geweier om in broederskap met Biskop Hidatus en andere soos hy te lewe. Eienaardiglik het die Sinode in Trier die moorde goedgekeur.

Van daardie tyd af, en veral in die Donkereeue, sal ons sien hoedat die kinders van die vlees die kinders van die Gees vervolg en vernietig, alhoewel beide een Vader aanroep, soos in die geval van Isak en Ismael. Die duisternis van geestelike bedorwenheid sal groter word en die ware lig van God sal verflou totdat dit getalsgewys baie dof sal gloei. Nogtans sal die belofte van God waar bly: "Want die lig skyn uit die duisternis en die duisternis kan dit nie oorweldig nie."

Tot dusver het ek nog nie daardie aspek in die geskiedenis behandel soos ek beloof het nie, naamlik die vermenging van die godsdiens van Nimrod en die Christelike godsdiens. U sal u herinner dat Attalus uit Babilon gevlug het na Pérgamus ten einde sy koninkryk buite bereik van die Romeinse Ryk te stig. Deur die jare het dit gefloreer, gevoed deur die god van hierdie wêreld. 'n Reeks priester-konings het Attalus opgevolg tot die heerskappy van Attalus III wat, om redes wat slegs in God se soewereiniteit bekend is, die koninkryk aan Rome bemaak het. Julius Caesar het toe die fisiese en geestelike koninkryk oorgeneem, want hy het toe Pontifex Maximus van die Babiloniese godsdiens geword en was daarom die priester-

koning gewees. Hierdie titel is aan die volgende keisers oorgedra tot die tyd van Maximus III wat dit geweier het. Volgens Stevens se 'History' was dit toe dat die Pous die leierskap wat die keiser verwerp het, oorgeneem het, en vandag is daar nog 'n pontifex in die wêreld, en hy is waarlik Pontifex Maximus. Hy dra 'n driedubbele kroon en woon in Rome. En in Openb. 17 verwys God nie meer na Pérgamus as die woonplek van die Satan nie, nóg sê Hy dat dit daar is waar die Satan woon. Nee, die troonkamer is nie meer in Pérgamus nie, maar dit is Babilon, die VERBORGENHEID. Dit is nie in Babilon nie, maar in Babilon die VERBORGENHEID. Dit is in 'n stad op sewe heuwels. Die hoof daarvan is antichris want hy het hom die plek van Christus toegeëien, Hy Wat alleen bemiddelaar is en Wat alleen sondes kan vergewe. Ja, Pontifex Maximus is vandag met ons.

DIE LEER VAN DIE NIKOLAÏETE

Openb. 2:1 5: "So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat."

U sal onthou dat ek in die bespreking van die Efésiese Eeu verduidelik het dat die woord *Nikolaïete* afkomstig is van twee Griekse woorde: *Nikao,* wat beteken *om te onderwerp,* en *Lao,* wat *lekedom* beteken. Nikolaïtisme beteken dus "*om die lekedom te onderwerp*". Nou waarom is dit nou so 'n verskriklike ding? Dit is verskriklik omdat God nooit Sy kerk in die hande van 'n verkose leierskap geplaas het wat beweeg het met 'n politieke gesindheid nie. Hy het Sy kerk geplaas in die sorg van God-bestemde, Geesvervulde, Woorduitlewende manne wat die mense lei deur hulle te voed op die Woord. Hy het nie die mense in klasse geskei sodat die massa deur 'n heilige priesterdom gelei word nie. Dit is waar dat die leierskap heilig moet wees, maar so ook moet die hele gemeente dit wees. Verder vind ons nêrens in die Woord waar priesters of predikante of sulke middelaars tussen God en die mense is nie, en daar is ook nie 'n aanduiding dat hulle geskei word in hul aanbidding van die Here nie. God wil hê dat almal Hom moet liefhê en Hom saam dien. Nikolaïtisme vernietig daardie beginsels en in plaas daarvan skei dit die bedienaars en die volk en maak dit die leiers here en meesters in plaas van dienaars. Nou hierdie leer het in der waarheid sy oorsprong in 'n daad in die eerste eeu. Dit blyk dat die probleem gesetel was in twee woorde: 'ouderlinge' (priesters) en 'opsieners' (biskoppe). Alhoewel die Skrif wys dat daar verskeie ouderlinge in elke kerk is, het sommige persone (onder andere Ignatius) begin om te leer dat die idee van 'n biskop was dat hy voorkeur of gesag en beheer oor die ouderlinge het. Nou in der waarheid dui die woord 'ouderling' op wie die persoon is, terwyl die woord

'biskop' die amp van dieselfde persoon aandui. Die ouderling is die man. Biskop is die amp van die man. 'Ouderling' het nog altyd, en sal altyd, dui op 'n man se chronologiese ouderdom in die Here. Hy is 'n ouderling, nie omdat hy verkose of bevestig ens., is nie, maar omdat hy OUER IS. Hy is meer ryp, opgelei, nie 'n beginner nie, betroubaar weens sy ervaring en lang beproefde bewys van sy Christelike ondervinding. Maar nee, die biskoppe het nie gehou by die sendbriewe van Paulus nie; hulle het hulle liewer gewend tot Paulus se verslag in die tyd waarin hy die ouderlinge van Éfese na Milite herroep het in Handelinge 20. In vers 17 staan daar dat 'ouderlinge' laat roep is en dan in vers 28 word hulle 'opsieners'(biskoppe) genoem. En hierdie biskoppe, (ongetwyfeld polities-geïnspireerd en gretig vir mag) het volgehou dat Paulus aangedui het dat 'opsiener' meer beteken het as die plaaslike ouderling met 'n amptelike hoedanigheid slegs in sy eie kerk. Vir hulle was 'n biskop nou 'n persoon met uitgebreide gesag oor talle plaaslike leiers. So 'n konsep was nog Skriftuurlik nóg histories en nogtans het 'n man soos Polycarp na sodanige organisasie oorgeleun. So is dit, wat begin het as 'n daad in die eerste eeu, 'n letterlike leerstelling gemaak en so is dit vandag nog. Biskoppe maak nog aanspraak op magte om mense te beheer en om met hulle te handel soos hulle wil en om hulle in die bediening te plaas waar hulle wil. Dit misken die leierskap van die Heilige Gees Wat gesê het: "Sonder nou Barnabas en Paulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het". Dit is anti-Woords en anti-Christus. Matt. 20:25-28: "Maar Jesus het hulle na Hom geroep en gesê: Julle weet dat die owerstes van die nasies oor hulle heers en die groot manne oor hulle gesag uitoefen; *maar so moet dit onder julle nie wees nie;* maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie" Matt. 23:8-9: "Maar julle, laat jul nie Rabbi noem nie, want Een is julle leermeester: Christus, en julle is almal broeders. En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want Een is julle Vader, Hy Wat in die hemele is."

Ten einde dit nog duideliker te stel, laat my die Nikolaïtisme so verduidelik. U sal onthou dat daar in Openb. 13:3 staan: "En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan." Ons weet nou dat die gewonde kop die heidense Romeinse Ryk was, daardie groot, politieke wêreldmag. Hierdie kop het weer herrys as die "Rooms-Katolieke geestelike ryk". Let nou noukeurig hierna op. Wat het die politieke, heidense Rome gedoen wat die grondslag van haar sukses gevorm het? Sy het "verdeel en oorwin". Dit was die saad van Rome — verdeel en

oorwin. Haar ystertande het verskeur en verorber. Wat sy verskeur en verorber het, kon nie herrys nie, soos toe sy Carthago vernietig en verstrooi het. Dieselfde saad van yster het in haar gebly toe sy as die valse kerk herrys het, en haar beleid het dieselfde gebly — verdeel en oorwin. Dit is wat Nikolaïtisme is, en God haat dit.

Nou dit is 'n welbekende historiese feit dat, toe hierdie dwaling in die kerk ingesluip het, mense begin het om mee te ding om die amp van biskop te beklee, met die gevolg dat hierdie posisie aan die meer geleerde en materieel vooruitstrewende en polities gesinde manne, gegee was. Menslike kennis en programme het begin om die plek van die Goddelike wysheid in te neem, en die Heilige Gees was nie meer in beheer nie. Dit was inderdaad 'n tragiese euwel want die biskoppe het begin aanvoer dat dit nie meer nodig was om 'n deursigtige Christelike karakter te hê ten einde die Woord of die kerkplegtighede te bedien nie, aangesien dit die elemente en die seremonie was wat getel het. Dit het bose manne (verleiers) die kans gegee om die kudde uitmekaar te skeur.

Met die mensgemaakte leerstelling van die verheffing van biskoppe tot 'n posisie wat nie in die Skrif aan hulle toegeken is nie, was die volgende stap die toekenning van gegradeerde titels wat 'n godsdienstige hiërargie ten gevolg gehad het; want sommer gou was daar aartsbiskoppe oor biskoppe en kardinale oor die aartsbiskoppe en teen die tyd van Bonifacius die derde was daar 'n pous oor almal – 'n *Pontiff*.

So met die Nikolaïtiese leer en die samesmelting van die Christelike en Babiloniese godsdiens, was die gevolg wat Eségiël gesien het in Hoofst. 8:10: "Ek gaan toe in en kyk – en daar was allerhande afbeeldings van afskuwelike kruipende en viervoetige diere, en allerhande drekgode van die huis van Israel wat al rondom op die muur uitgesny was." Openb. 18:2–3: "En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery."

Nou hierdie Nikolaïtiese leerstelling, hierdie reël wat in die kerk vasgestel is, het nie sonder meer by baie mense byval gevind nie, want hulle kon die enkele briewe of besprekings van die Woord lees wat deur die een of ander godvresende persoon geskryf is. So wat het die kerk dus gedoen? Dit het die regverdige leermeesters geëkskommunikeer en die perkamentrolle verbrand. Hulle het gesê: "Dit verg spesiale opleiding om die Woord te lees en te verstaan. Tog, selfs Petrus het gesê dat baie dinge wat Paulus geskryf het, moeilik was om te verstaan." Nadat hulle die Woord weggeneem het van die

mense, was dit nie lank nie of die mense kon slegs luister na wat die priester te sê gehad het en kon hulle slegs doen wat hy hulle gesê het om te doen. Hulle het dit God en Sy heilige Woord genoem. Hulle het die verstand en lewens van die volk oorgeneem en hulle die dienaars van ’n despotiese priesterskap gemaak.

As u nou bewyse wil hê vir die stelling dat die Katolieke Kerk die lewe en verstand van mense eis, luister net na die edik van Theodosius X. *Die Eerste Edik van Theodosius*.

Hierdie edik is uitgevaardig onmiddelik nadat hy deur die Eerste Kerk van Rome gedoop is. “Ons drie keisers wil hê dat ons onderdane onwrikbaar hou by die godsdiens wat deur Petrus aan die Romeine geleer is, wat getrou deur tradisie bewaar is en wat nou bely word deur die pous, Damasus van Rome, en deur Petrus, biskop van Alexandrië, ’n man van Apostoliese heiligheid volgens die instellinge van die Apostels en die leer van die Evangelie; laat ons glo in een Godheid van die Vader, die Seun, en die Heilige Gees, van gelyke majesteit in die Heilige Drie-eenheid. *Ons beveel dat die volgelinge van hierdie geloof Katolieke Christene genoem word; ons brandmerk al die sinnelose volgelinge van die ander godsdienste met die skandnaam van ketters en verbied dit dat hul geheime samekomste die naam van kerke verkry.* Afgesien van die verdoeming deur die goddelike geregtigheid, moet hulle ook die swaar straf verwag wat ons gesag, gelei deur goddelike wysheid, paslik sal ag. . . ”

Die vyftien strafwette wat hierdie keiser in soveel jaar uitgevaardig het, het die evangeliste alle regte ontneem om hul godsdiens te beoefen, alle staatsposte van hulle ontneem, en hulle gedreig met boetes, beslaglegging, verbanning en selfs, in sekere gevalle, die dood.

Weet u wat? Ons stuur vandag weer vinnig daarop af.

Die Rooms-Katolieke Kerk noem haarself die Moederkerk. Sy noem haarself die eerste of oorspronklike kerk. Dit is absoluut korrek. Sy was die oorspronklike Eerste Kerk van Rome wat teruggeval het in sonde. Sy was die eerste om te organiseer. In haar word die dade en dan die leer van die Nikolaïete aangetref. Niemand sal ontken dat sy ’n moeder is nie. Sy is ’n moeder en het dogters voortgebring. Nou,’n dogter kom voort uit ’n vrou. ’n Vrou, gekleed in skarlaken, sit op sewe heuwels van Rome. Sy is ’n hoer en het dogters gebaar. Daardie dogters is die Protestante kerke wat uit haar voortgekom het en toe weer heeltemal teruggegaan het in organisasie en Nikolaïtisme. Hierdie Moeder van die dogterkerke word ’n hoer genoem. Dit is ’n vrou wat ontrou is aan haar huweliksbeloftes. Sy was met God getroud en het toe gaan hoereer met die duiwel en in haar hoerery het sy dogters

voortgebring wat net soos sy is. Hierdie moeder en dogter verbinding is anti-Woord, anti-Gees en gevolglik anti-Christus. Ja, ANTICHRIS.

Nou voordat ek verder gaan, wil ek net noem dat daardie vroeë biskoppe van mening was dat hulle bo die Woord gestaan het. Hulle het mense vertel dat hulle hul sondes kon vergewe as daardie sondes bely word. Dit was nooit die waarheid nie. In die tweede eeu het hulle begin om babas te doop. Hulle het, inderdaad, die doop tot wedergeboorte beoefen. Geen wonder, dan, dat mense vandag verwar is nie. As hulle destyds, so kort na Pinkster, reeds verwar was, is hulle vandag, 2000 jaar na die oorspronklike waarheid, in ’n desperate situasie.

O, Kerk van God, daar is slegs een hoop. Keer terug tot die Woord en bly daarby.

DIE LEERSTELLING VAN BILEAM

Openb. 2:14: “Dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om ’n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.”

Nou jy kan net nie ’n Nikolaïtiese stelsel in die kerk hê sonder dat hierdie ander leerstelling ook in die prentjie kom nie. U sien, as mens die Woord van God en die leiding van die Gees as ’n wyse van aanbidding wegneem (hulle wat My aanbid, moet My aanbid in Gees en in waarheid) moet aan die mense ’n ander vorm van aanbidding as plaasvervanger gegee word, en plaasvervanging spel Bileamisme.

As ons wil verstaan wat die leer van Bileam in die Nuwe-Testamentiese kerk beteken, moet ons teruggaan en kyk wat dit in die Ou-Testamentiese kerk was, dit toepas op daardie derde eeu, en dit dan deurvoer tot vandag.

Die verhaal is opgeteken in Númeri hoofstukke 22 tot 25. Nou weet ons dat Israel die uitverkore volk van God was. Hulle was die Pinkstergroep van hul tyd. Hulle het skuiling onder die bloed gevind, hulle was almal in die Rooi See gedoop en hulle het uit die waters opgestaan in die Gees, en gedans met die energie van die Heilige Gees, terwyl Miriam, die profetes, haar tamboeryn gespeel het. Wel, nadat hulle ’n tyd lank getrek het, het die kinders van Israel by Moab gekom. U onthou wie Moab was. Hy was die seun van Lot by een van sy eie dogters, en Lot, op sy beurt, was ’n neef van Abraham, dus was Israel en Moab familie. Ek wil hê dat u dit moet insien. Die Moabiete het die waarheid geken, of hulle nou daarvolgens gelewe het of nie.

Israel het dus by die grense van Moab gekom en boodskappers na die koning gestuur om te sê: “Ons is broers. Laat ons deur jou land trek. As ons mense of diere enigiets eet

of drink, sal ons met graagte daarvoor betaal". Maar Koning Balak het baie opgewonde geword. Die hoof van daardie Nikolaïtiese groep was nie van plan om die kerk te laat deurgaan met al sy tekens en wonders en verskillende openbarings van die Heilige Gees nie, met hul aangesigte wat skyn met die heerlikheid van God nie. Hy kon dit nie waag nie, want hy sou moontlik van sy groep verloor. Dus het Balak deurgang aan Israel geweier. Hy was inderdaad so bang vir hulle dat hy 'n gehuurde profeet, Bileam, gestuur het om as middelaar tussen hom en God op te tree en om die Almagtige te versoek om Israel te vervloek en hulle magteloos te maak. En Bileam, gretig om deel te neem aan politieke sake en om 'n gesiene man te word, was maar te bly om dit te doen. Maar wetende dat hy tot God moes nader en toestemming van Hom moes verkry om die volk te vervloek, aangesien hy dit nie uit homself kon doen nie, het hy gegaan om van God toestemming te vra of hy kon gaan. Nou is dit nie net soos die Nikolaïete wat ons vandag by ons het nie? Hulle vervloek almal wat nie hul weg wil gaan nie.

Toe Bileam God om toestemming gevra het om te gaan, het God hom afgewys. Goeiste, dit het seergemaak! Maar Balak het aangedring en hom selfs groter belonings en eer beloof. Dus het Bileam teruggegaan na God toe. Nou een antwoord van God behoort genoeg te gewees het. Maar nie vir die eiesinnige Bileam nie. Toe God sy hardkoppigheid aanskou, het Hy vir hom gesê om op te staan en te gaan. Hy het gou sy donkie opgesaal en gery. Hy behoort te besef het dat dit slegs God se toelaatbare wil was en dat hy nie in staat sou wees om hulle te vervloek nie, al sou hy twintig keer gaan en twintig keer probeer. Hoe mense vandag net soos Bileam is! Hulle glo in drie gode, word gedoop in drie titels in plaas van die NAAM, en nogtans sal God die Gees vir hulle stuur, soos met Bileam, en hulle sal voortgaan om te glo dat hulle presies reg is; in hierdie opsig is hulle perfekte Bileamiete. Sien, die leerstelling van Bileam. Gaan in elk geval voort. Doen dit op jou manier. Hulle sê: "Wel, God het ons geseën. Alles is seker reg." Ek weet dat Hy u geseën het. Ek ontken dit nie, maar dit is dieselfde organisatoriese weg wat Bileam gevolg het. Dit is uittarting van God se Woord. Dis valse leer.

Dus het Bileam halsoorkop in die pad geval, totdat 'n engel van God sy weg versper het. Maar daardie profeet (biskop, kardinaal, voorsitter, president en algemene opsiener) was so verblind, wat Geestelike dinge betref, deur die gedagte aan eer en glorie en geld, dat hy nie die engel met die ontblote swaard kon raaksien nie. Daar het hy gestaan om die ontstoke profeet te versper. Die klein donkie het hom gesien en kruis en dwars gekoes totdat hy uiteindelik Bileam se voet teen 'n klipmuur gestamp het. Die donkie het gaan staan en wou nie verder gaan

nie. Hy kon nie. Dus het Bileam afgespring en hom begin slaan. Die donkie het toe met Bileam begin praat. God het daardie donkie in ’n taal laat praat. Daardie donkie was nie ’n baster gewees nie; hy was oorspronklike saad. Hy het vir die verblinde profeet gesê: “Is ek nie jou donkie nie, en het ek jou nie getrou gedra nie?” Bileam het geantwoord: “Ja, ja, jy is my donkie, en jy het my getrou vervoer, tot nou toe; en as jy nie nou loop nie, gaan ek jou doodmaak . . . whoa! wat is hierdie gepraat met ’n donkie? Dis snaaks; ek dog ek hoor die donkie praat en ek het hom terug geantwoord.”

God het altyd in ’n taal gespreek. Hy het by Bélsasar se fees gespreek, en ook by Pinkster. Hy doen dit weereens vandag. Dit is ’n waarskuwing van spoedig komende oordeel.

Eers toe was die engel sigbaar gemaak vir Bileam. Hy het vir Bileam gesê dat as dit nie vir die donkie was nie, hy dood sou gewees het omdat hy God versoek het. Bileam het toe belowe om terug te gaan en is teruggestuur met die waarskuwing om slegs te sê wat God hom sou gee om te sê.

Dus het Bileam afgegaan en sewe altare gebou vir die rein offerdiere. Hy het ’n ram geslag as teken van die komende Messias. Hy het geweet wat om te doen om tot God te nader. Hy het die meganika presies reg gehad; maar nie die dinamika nie; net soos vandag. Kan u dit nie insien nie Nikolaïete? Daar was Israel, daar in die vallei, besig om dieselfde offerande te offer en dieselfde dinge te doen, maar slegs een het die tekens gehad wat hom gevolg het. Slegs een het God in hulle midde gehad. Vorm sal u nêrens bring nie. Dit kan nie die plek van Geestelike manifestasie inneem nie. Dit is wat by Nicea gebeur het. Hulle het die leer van Bileam verkondig, nie die leer van God nie. En hulle het gestruikel; ja, hulle het geval. Hulle het dooie manne geword.

Nadat die offer gebring is, was Bileam gereed om te profeteer, maar God het sy tong gebind en hy kon hulle nie vervloek nie. Hy het hulle geseën.

Balak was baie kwaad, maar Bileam kon niks omtrent die profesie doen nie. Dit was gespreek deur die Heilige Gees. Dus het Balak vir Bileam aangesê om af te gaan in die vallei, na hulle agterbuurtes, om te sien of daar nie moontlik een of ander manier was waardeur hy hulle kon vervloek nie. Die taktiek wat Balak gebruik het, is dieselfde taktiek wat hulle vandag gebruik. Die groot denominasies sien neer op die kleiner groepe en enigiets wat hulle daar vind om ’n skandaal van te maak, gryp hulle aan en basuin dit uit. As modernes in sonde leef, sê niemand iets daarvan nie; maar laat een van die uitverkorenes net in die moeilikheid kom en elke koerant basuin dit uit oor die land. Ja, Israel het sy agter (vleeslike) buurtes gehad. Daar was die sy wat onprysenswaardig was,

maar ten spyte van hul onvolmaaktheid, deur die doel van God wat deur uitverkiesing werk, deur genade en nie deur werke nie, HET HULLE BEDAGS DIE WOLK EN SNAGS DIE VUURKOLOM GEHAD, DIE GESLANE ROTS, DIE KOPERSLANG EN DIE TEKENS EN WONDERS. Hulle was bekragtig — nie in hulself nie, maar in God.

God het geen respek vir daardie Nikolaïete gehad met hul PHD's en LLD's en DD's en hul puik organisasies en alles waaroor 'n mens kon spog nie; maar Hy het Israel gerespekteer, want hulle het die bekragtigde Woord in hulle midde gehad. Israel het sekerlik nie te aanskoulik gelyk nie, deurdat hulle pas halsoorkop uit Egipte gevlug het; maar sy was nogtans 'n geseënde volk. Al wat sy vir 300 jaar geken het, was om skape op te pas, landerye te bewerk en as slawe te werk in vrees van die dood onder die Egiptenare. Maar sy was nou vry. Sy was 'n geseënde volk deur die soewereiniteit van God. Moab het sekerlik op haar neergesien. Al die ander nasies het, ook. Organisasie sien altyd neer op die ongeorganiseerde en sal altyd laasgenoemde met vasberadenheid óf in die organisasie intrek óf hulle vernietig as hulle nie in die organisasie wil inkom nie.

Nou kan iemand my wel vra: "Broer Branham, wat laat u dink dat Moab georganiseer was en Israel nie? Waar kry u daardie idee?" Ek kry dit net hier in die Bybel. Dit is alles hier uitgebeeld in tipes. Alles wat in die Ou Testament in verhaalvorm geskrywe staan, is geskrywe vir ons ter vermaning sodat ons daaruit kan leer. Hier staan dit in Númeri 23:9: "Want van die top van die rotse af sien ek hom, en van die heuwels af aanskou ek hom. Kyk, 'n volk wat AFGESONDERD woon en hom NIE TOT DIE NASIES REKEN NIE." Daar is dit. God kyk af van die rotse af, nie in een of ander vallei om hul slegte hoedanighede te sien en hulle te veroordeel nie. God sien hulle soos Hy hulle wou sien — vanuit die hoogte van liefde en genade. Hulle het AFGESONDERD gewoon en hulle was nie georganiseerd nie. Hulle het nie 'n koning gehad nie. Hulle het 'n profeet gehad, en daardie profeet het God in hom gehad deur die Gees; en die Woord het tot die profeet gekom en die Woord het tot die volk uitgegaan. Hulle het nie aan die V.N. behoort nie. Hulle was nie lid van die Wêreldraad van Kerke, of die Baptiste, of die Presbiteriane, of die Gemeente van God, of enige ander groep nie. Hulle hoef nie te behoort het nie. Hulle was verenig met God. Hulle het geen raad van enige raadsorganisasie nodig gehad nie — hulle het "So spreek die Here" in hulle midde gehad. Halleluja!

Ten spyte van die feit dat Bileam die regte benadering tot God geken het en in staat was om 'n openbaring van die Here te bring deur 'n spesiale vergunning van krag, was hy nogtans, ten spyte van alles, 'n biskop van die valse groep. Want wat het hy nou gedoen om die guns van Balak te wen? Hy het 'n plan

beraam waardeur God verplig sou wees om Israel met die dood te straf. Net soos die Satan geweet het dat hy vir Eva kon verlei (haar in vleeslike sonde laat verval) en sodoende veroorsaak dat God Sy beloofde straf vir die sonde, naamlik die dood, uitvoer, so het Bileam geweet dat, as hy Israel sover kon kry om sonde te pleeg, God hulle met die dood sou moes straf. Dus het hy 'n plan beraam om hulle oor te lok om te kom deelneem aan die sonde. Hy het uitnodigings uitgestuur na die fees van Baäl-Peor (kom oor en kom aanbid saam met ons). Nou, Israel het ongetwyfeld die feeste van die Egiptenare gesien en het dus nie gevoel dat dit te verkeerd was om net te gaan toekyk en miskien saam met die mense te eet nie. (Wat is in elk geval verkeerd met gemeenskap? Ons is mos veronderstel om hulle lief te hê, nie waar nie, of hoe kan ons hulle dan wen?) Om vriendelik te wees het niemand nog ooit kwaad aangedoen nie — altans, so het hulle gedink. Maar toe daardie seksbehepte Moabitiese vroue begin dans en ontklee terwyl hulle rondgedraai en hulle ruk en rol en kinkeldans gedoen het, het wellus in die Israeliete opgewel en hulle tot owerspel gedryf; en God, in wraak, het twee-en-veertig duisend van hulle met die dood getref.

Dit is wat Konstantyn en sy opvolgers gedoen het by Nicea en na Nicea. Hulle het die mense van God uitgenooi om die kongres by te woon. En toe die kerk gaan sit het om te eet, en opgestaan het om te speel (deel te neem aan kerkformuliere, seremonies, en heidense feeste wat na Christelike rites vernoem is) was sy vasgevang; sy het owerspel gepleeg. En God het uitgestap.

Wanneer enige mens hom wegdraai van die Woord van God en by 'n kerk aansluit in plaas daarvan om die Heilige Gees te ontvang, sterf daardie mens. Dood! Dit is wat hy is. Moenie lid word van 'n kerk nie. Moenie in organisasie verstrengel raak en met leerstellings en tradisies of enigiets wat die plek van die Woord of die Gees inneem nie, of u is dood. Alles is verby. U is dood. Vir ewig geskei van God!

Dit is wat sedertdien in elke kerkeeu gebeur het. God verlos die mense. Hulle word vrygemaak deur die bloed, geheilig deur die Woord, gaan deur die waters van die doop en word vervul met die Gees; maar na 'n tyd verflou die eerste liefde en kry iemand die plan dat hulle behoort te organiseer ten einde hulself te bewaar en 'n naam te maak; en dan organiseer hulle hulself terug tot in die tweede geslag en selfs verder terug. Hulle besit nie meer die Gees van God nie, net 'n vorm van aanbidding. Hulle is dood. Hulle het hulself verbaster met leringe en vorm, en daar is geen lewe in hulle nie.

So het Bileam vir Israel owerspel laat pleeg. Weet u dat fisiese hoerery gepleeg word in presies dieselfde gees wat die grondslag van georganiseerde godsdiens vorm? Ek sê die gees

van hoerery is die gees van organisasie. Alle hoereerders sal hul plek vind in die poel van vuur. Dit is wat God van organisasie dink. Ja gewis, die hoer en haar dogters sal in die poel van vuur beland.

Denominasies is nie van God nie. Hulle was nog nooit en sal dit nooit wees nie. Dit is ’n verkeerde gees wat die mense van God in hiërargie en lekedom verdeel; en dit is derhalwe ’n verkeerde gees wat die mense van die mense skei. Dit is wat organisasie en denominasies doen. Deur te organiseer skei hulle hulself van die Woord van God en betrek hulle hulself in geestelike owerspel.

Let nou op dat Konstantyn spesiale feeste vir die volk gehou het. Dit was ou heidense feeste met nuwe name wat uit die kerk geneem is, of in sommige gevalle is Christelike rites geneem en met heidense seremonies misbruik. Hy het die aanbidding van die songod geneem en dit verander na aanbidding van die Seun van God. In plaas daarvan om dit op 21 Des. te vier, wat die datum is waarop hulle altyd die fees van die songod gevier het, het hulle die datum verskuif na 25 Des. en dit die verjaarsdag van die Seun van God genoem. Ons weet dat Hy in April gebore is, wanneer die lewe voortkom, nie in Desember nie. En hulle het die fees van Astarte geneem en dit die Paasfees genoem waarby die Christen veronderstel is om die dood en opstanding van die Here te gedenk. In werklikheid was dit ’n heidense fees ter ere van Astarte.

Hulle het altare in die kerk geplaas. Hulle het beelde ingebring. Hulle het die sogenaamde apostoliese geloofsbelydenis aan die mense gegee, alhoewel jy dit nie in die Bybel sal vind nie. Hulle het die mense die aanbidding van afgestorwenes geleer en sodoende die Roomse Katolieke Kerk die grootste spiritistekerk ter wêreld gemaak. Elke haatlike voël was in daardie kou. ’n Mens vind dat die Protestante, met hul organisasie, dieselfde ding doen.

Hulle het dinge geëet wat aan afgode geoffer is. Hiermee bedoel ek nou nie dat hulle letterlik vleis geëet het wat aan afgode geoffer is nie. Alhoewel Jerusalem se raad hom teen sulke dinge uitgespreek het, het Paulus nie soveel daarvan gemaak nie, want hy het gesê dat die afgode niks was nie. Dit was net ’n gewetensaak, behalwe waar dit ’n swakker broeder gekrenk het, en dan is dit nie toegelaat nie. Verder het hierdie Openbaring te doen gehad met die Heidene en nie met die Jode nie, aangesien hierdie Heidense kerke is. Ek beskou dit in dieselfde lig waarin ek die woorde van die Here beskou: “As julle nie My vlees van die Seun van die Mens eet en My bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. Die mens sal nie van brood alleen lewe nie maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.” U kan sien dat eet in werklikheid deelname beteken in die geestelike sin. Dus, toe hierdie mense

hulle neergebuig het voor die beelde, kerse aangesteek het, heidense vakansiedae aanvaar het, hul sondes aan mense bely het (wat alles tot die duiwelse godsdiens behoort) was hulle deelgenote saam met die duiwel en nie van die Here nie. Hulle was in afgodediens, of hulle dit nou wou erken of nie. Hulle kan praat soveel as hulle wil dat die altare en die reukwerk slegs daar is om hulle aan die gebede van die Here te herinner, of wat hulle ookal dink dit beteken; en hulle kan sê dat as hulle voor 'n beeld bid, dit slegs gedoen word om die gebede te beklemtoon; en dat, wanneer hulle voor die priester bieg, hulle dit regtig in hul hart voor God doen, en wanneer hulle sê dat die priester hulle vergewe, hy dit slegs in die Naam van die Here doen; hulle kan sê wat hulle wil, maar hulle neem deel aan die welbekende Babiloniese, Sataniese godsdiens, en hulle het hulleself verbind aan afgode en hulle het geestelike owerspel gepleeg, wat die dood beteken. Hulle is dood.

So is die kerk en die staat getroud. Die kerk het haarself met afgode verbind. Met die mag van die staat agter hulle, het hulle nou gevoel dat "die koninkryk gekom het en dat God se wil toegepas is op die aarde." Geen wonder dat die Rooms-Katolieke Kerk nie wag op die wederkoms van die Here Jesus nie. Hulle is nie milleniumiste nie. Hulle het hul millenium net hier. Die pous heers op die oomblik en God regeer in hom. Dus wanneer Hy kom, volgens hulle, moet dit wees wanneer die nuwe hemel en die nuwe aarde voorberei word. Maar hulle is verkeerd. Die pous is die hoof van die valse kerk en daar gaan 'n millenium wees, maar wanneer dit plaasvind, sal hy nie daar wees nie. Hy sal êrens anders wees.

DIE WAARSKUWING

Openb. 2:16: "Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van My mond."

Wat anders kan Hy sê? Kan God die sonde van hulle wat Sy Naam tevergeefs gedra het, oorsien? Daar is slegs een manier om genade in die uur van sonde te bekom, BEKEER. Bely dat u verkeerd is. Kom na God vir vergifnis en vir die Gees van God. Dit is 'n opdrag van God. Om ongehoorsaam te wees, is die dood, want Hy sê: "Ek sal oorlog voer met jou met die swaard van My mond." Die dier het met die heiliges oorlog gevoer, maar God sal teen die dier oorlog voer. Diegene wat teen die Woord geveg het, sal eendag vind dat die Woord hulle beveg. Dit is 'n ernstige saak om weg te neem van, of by te voeg by, die Woord van God. Want wat anders as dood en vernietiging sal die einde wees van hulle wat dit verander het om hulle te pas? Maar nogtans roep die genade van God: "Bekeer." O, hoe soet is die gedagtes van bekering. Niks bring ek in my hande, slegs aan U kruis kleef ek. Ek bring my

verdriet. Ek bely dat ek is wat ek is, en wat ek gedoen het. Nou is dit die bloed en niks anders as die Bloed van Jesus nie. Wat sal dit wees? Bekering, of die swaard van die dood? Die keuse is u sin.

DIE BELONINGS

Openb. 2:17: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op die steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang."

Elke boodskap aan elke eeu hou 'n aansporing in vir die gelowige, wat hom aanmoedig om te oorwin en om daardeur deur die Here beloon te word. In hierdie eeu belowe die Gees die verborge manna en 'n nuwe naam wat op 'n wit keursteen geskrywe is.

Aangesien elk van hierdie boodskappe tot die 'engel' – (menslike boodskapper) gerig is, rus daar 'n baie groot verantwoordelikheid op hom sowel as 'n wonderlike voorreg wat sy deel is. God maak spesiale beloftes aan hierdie manne, soos in die geval van die twaalf apostels wat op twaalf trone sit en die twaalf stamme van Israel in die oordeel bring. Onthou ook dat 'n spesiale belofte aan Paulus gemaak is, naamlik dat hy die mense van die bruid van sy tyd aan Christus kan voorstel: 2 Kor. 11:2 "Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel". So sal dit wees met elke boodskapper wat getrou was aan die Woord van sy uur en eeu. So sal dit wees in die laaste dae. Dit sal dieselfde spesiale beloning wees wat aan Paulus gegee is. Ek dink meeste van u onthou dat ek altyd gesê het dat ek altyd bang was om te sterf uit vrees dat ek die Here sal ontmoet en Hy ontevrede met my sal wees omdat ek Hom so dikwels gefaal het. Wel, ek het een oggend in die bed daaraan gelê en dink en skielik was ek opgeneem in 'n mees eienaardige gesig. Ek sê dit was eienaardig, want alhoewel ek al duisende gesigte gesien het, en nie eenmaal het dit gelyk of ek my liggaam verlaat nie, maar daar was ek opgeneem, ek het teruggekyk om my vrou te sien, en ek het my liggaam langs haar sien lê. Toe bevind ek my in die pragtigste plek wat ek nog ooit gesien het. Dit was 'n paradys. Ek het 'n menigte van die pragtigste en gelukkigste mense gesien wat ek nog gesien het. Almal het so jonk gelyk – om en by 18 tot 21 jaar oud. Nie een het 'n grys haar of 'n plooi of enige misvormdheid gehad nie. Die jong vroue se hare het almal in hul middel gehang en die jong manne was so aantreklik en sterk. O, hoe het hulle my verwelkom. Hulle het my omhels en my hul lieflingbroer genoem en my die hele tyd

vertel hoe bly hulle was om my te sien. Terwyl ek gewonder het wie al daardie mense was, het een langs my gesê: "Hulle is jou mense."

Ek was so verbaas dat ek gevra het: "Is hulle almal Branhams?"

Hy het gesê: "Nee, hulle is jou bekeerlinge." Hy het na een dame gewys en gesê: "Sien jy daardie jong dame wat jy netnou so bewonder het? Sy was 90 jaar oud toe jy haar vir die Here gewen het."

Ek het gesê: "O goeiste, om te dink ek was hiervoor bang."

Die man het gesê: "Ons rus hier terwyl ons op die koms van die Here wag."

Ek het geantwoord: "Ek wil Hom sien."

Hy het gesê: "Jy kan Hom nie nou sien nie; maar Hy kom binnekort, en wanneer Hy kom sal Hy eers na jou toe kom, en jy sal geoordeel word volgens die Evangelie wat jy gepreek het, en ons sal jou onderdane wees."

Ek het gevra: "Bedoel jy dat ek vir al die mense verantwoordelik is?"

"Vir elkeen", het hy geantwoord. "Jy was 'n gebore leier."

Ek het hom gevra: "Sal elkeen verantwoordelik wees? Wat van Paulus?"

Hy het my geantwoord: "Hy sal verantwoordelik wees vir sy tyd."

"Wel," het ek gesê, "ek het dieselfde Evangelie gepreek wat Paulus gepreek het". En die menigte het uitgeroep: "Dit is waarop ons, ons *berus.*"

Ja, ek kan sien dat God Sy boodskappers wat die verantwoordelikheid wat Hy op hulle geplaas het, getrou uitgevoer het, spesiaal sal beloon. As hulle die openbaring van die Woord vir daardie eeu ontvang het en dit getrou in hulle tyd verkondig het, en uitgelewe het wat hulle moet, sal hulle 'n groot beloning ontvang.

Hou dit in gedagte en kyk nou weer na die vers: "Ek sal hom gee om te eet van die verborge manna." Ons weet almal dat die manna engelevoedsel was; dit was wat God vir Israel op die gras gestuur het tydens hulle omswerwinge. Dit was volmaakte voedsel. Dit was verbasend hoe daardie klein korrels voedsel hulle volmaak gesond gehou het. Nie een het siek geword nie. Dit was al wat hulle nodig gehad het. Nadat die ark gemaak is, het hulle van die manna daarin gesit, toe is die ark agter die voorhangsel geplaas en slegs die hoëpriester durf dit nader en dan moes hy die offerbloed gehad het. Die Brood uit die hemel, deur manna gesimboliseer, het eendag uit

die hemel neergedaal en die Lewe geword vir almal wat in Hom glo. Hy het gesê: "Ek is die brood van die lewe. Ek is die lewende brood uit die hemel, en elkeen wat van hierdie brood eet, sal ewig lewe." Hy het vir ons Sy Woord agtergelaat toe Hy weggegaan het: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat deur die mond van God uitgaan".

Sy Woord was brood. Dit was die volmaakte manna en as 'n mens daarvan leef, sal hy nooit sterf nie. Maar onmiddellik na die dood van die vaders het dit gelyk of niemand die presiese waarheid ken nie en in 'n kort tydjie het dit gelyk of hierdie manna vir die mense verborge geraak het. Maar in elke eeu het God begin om, deur openbaring, terug te gee dit wat verborge was, totdat, in hierdie laaste dag, volgens Openb. 10:7, 'n profeet sal kom en al die geheimenisse openbaar en dan sal die Here kom. Nou sê ek dat, in elke eeu, die boodskappers die verborge waarheid ontvang het, maar hulle het dit nie slegs vir hulself ontvang nie. Dit is soos dit was toe die dissipels gevra is om brood en vis vir die menigte te gee: Jesus het die gebroke voedsel aan hulle gegee, en op hulle beurt het hulle dit weer aan die mense gegee. God gee Sy verborge manna aan die oorwinnaar. Dit kan nie anders nie. Hy sal nie Sy skatte gee aan diegene wat verwerp wat reeds geopenbaar is nie.

Daar is 'n tipe van wat ek omtrent die boodskapper vir elke eeu sê, dat hy van God 'n deel van die oorspronklike waarheid van Pinkster ontvang, in die Ou Testament, waar Moses gebied was om drie-en-'n-half pinte manna op te neem en dit in 'n goue houer agter die voorhangsel van die Allerheiligste te plaas. Daar kon die hoëpriester van elke geslag binnegaan met offerbloed. Hy kon dan 'n bietjie van die manna neem (want dit het nie sleg geword nie) wat deel was van die oorspronklike, en dit eet. Nou in elke eeu, het die boodskapper van die Here aan daardie eeu die openbaring van God ontvang vir daardie bepaalde tydperk. Die boodskapper eens verlig deur die waarheid, het daardie waarheid aan die mense verkondig. En hulle wie se ore deur die Gees geopen is, het daardie waarheid gehoor, geglo, en daarvolgens geleef.

Nou dan, daar is ook die gedagte van die toekomstige deelname aan die verborge manna. Ek dink dit sal die ewige deelname wees van die openbaring van Jesus Christus in die ewige eeue wat kom. Hoe anders kan ons begin om die ondeurgrondelike rykdomme van Sy eie Wese te ken'? Alles wat ons graag wou weet, al ons onbeantwoorde vrae, dit alles sal geopenbaar word. Dit sal van Christus, Wie ons lewe is, wees wat ons dit ontvang. O, ons dink somtyds dat ons 'n bietjie van Hom te wete kom en van Sy Woord, hier op aarde, en dit is so wonderlik, dit laat ons juig; maar eendag, wanneer ons vlees verander, sal Hy en daardie Woord word wat ons nooit in ons drome moontlik gedink het nie.

Dit sê ook hier dat Hy aan die oorwinnaar ’n wit keursteen sal gee waarin (nie op nie) ’n nuwe naam geskrywe is wat slegs die eienaar ken. Nou die idee van ’n nuwe naam is ’n bekende een. Abram is na Abraham verander, Sarai na Sara, Jakob na Israel, Simon na Petrus en Saulus na Paulus. Daardie name het óf ’n verandering teweeggebring óf is gegee as gevolg van ’n verandering. Dit was slegs nadat Abram en Sarai se name deur die Here verander is, dat hulle gereed gemaak is om die komende seun te ontvang. In Jakob se geval moes hy eers oorwin en daarna is hy ’n prins genoem. In die geval van Simon en Saulus het die verandering eers gekom nadat hulle die Here ontvang het. Vandag het elkeen van ons ware gelowiges ’n naamsverandering ondergaan. Ons is Christene. Dit is ons almal se gemeenskaplike naam. Eendag sal ons ’n verdere verandering ondergaan; ons sal sekerlik ’n nuwe naam ontvang. Dit kan wel wees dat daardie naam ons ware en oorspronklike naam is wat in die Boek van die Lewe van die Lam opgeskrywe staan van die grondlegging van die aarde af. Hy ken die naam, maar ons ken dit nie. Eendag, volgens Sy goeie wil, sal ons ook weet.

’n Wit keursteen. Hoe pragtig. Hier is nog ’n prentjie van die heilige wat vir sy beproewinge hier op aarde sy beloning uit die hand van God ontvang. U weet dat, na Konstantyn, die valse kerk in ’n posisie was om geld uit die staatskas te neem en daarmee pragtige geboue, vol pragtige beeldhouwerke, op te rig. Hierdie beelde, van wit marmer, was in werklikheid Romeinse afgode wat herbenaam is as heiliges. Die kerke en hul versiering was buitengewoon mooi, soos mens selfs vandag nog kan sien, maar God was nie met hulle nie. Waar was God? Hy was met Sy heiliges in een of ander klein huisie, of in ’n grot, of in ’n ongetemde berggebied waar hulle vir lede van die valse kerk weggekruip het. Hulle het nie pragtige geboue, lieflike geklede kore, mooi klere of ander wêreldse aantreklikhede gehad nie, maar nou, in hierdie spesiale belofte aan die ware gelowiges van alle eeue, verklaar God aan hulle dat Hy vir hulle belonings van groot skoonheid en van ewige duur sal gee. Laat die rykes maar neersien op die armes. Laat hulle groot bedrae geld aan die kerk gee sodat die kerk, op sy beurt, die skenker kan eer deur ’n marmergedenkplaat of een of ander beeldhouwerk in die openbaar oprig tot hulle eer sodat almal hulle kan prys. Eendag sal die God Wat alles sien en hoor weereens die weduwee prys omdat sy gegee het alles wat sy het, al is dit maar twee pennings, en Hy Self sal beloon met die skatte van die hemel.

Ja, verborge manna en ’n nuwe naam in ’n wit steen. Hoe goed is die Here nie vir ons nie, om ons so wonderbaarlik te beloon en ons so onverdienstelik. O, ek wil ten alle tye gereed wees om Sy wil te doen en om skatte in die hemel bymekaar te maak.

HOOFSTUK SES

DIE THIATÍRIESE KERKEEU

Openbaring 2:18–29

En skryf aan die engel van die gemeente in Thiatíre: Dit sê die Seun van God Wat oë het soos ’n vuurvlam, en Sy voete is soos blink koper:

Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.

Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy die vrou Isébel, wat haarself ’n profetes noem, toelaat om te leer en My diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.

En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.

Kyk, Ek werp haar neer op ’n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in ’n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.

En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is Wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.

En Ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie.

Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom.

En aan hom wat oorwin en My werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met ’n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van My Vader ontvang het.

En Ek sal hom die môrester gee.

Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

THIATÍRE

Histories, was die stad Thiatíre die minste noemenswaardig van al die sewe stede van die Openbaring. Dit was geleë op die grens van Misië en Ionië. Dit was omring deur talle riviere, maar hulle was vol bloedsuiers. Sy prysenswaardigste kenmerk was die feit dat dit ’n ryk stad was as gevolg van die gildes van pottebakkers, looiers, wewers, kleurders, kleremakers, ens. Lydia, die purperverkoopster, was van daardie stad. Sy was Paulus se eerste Europese bekeerling.

Nou die rede waarom die Gees hierdie stad gekies het as die een wat alreeds die geestelike elemente van die vierde eeu bevat het, was weens die godsdiens van die stad. Die hoofgodsdiens van Thiatíre was die aanbidding van Apollo Tyrimnaios, wat saamgegaan het met die kultus van keiser-aanbidding. Apollo was die songod en slegs Zeus, sy vader, het meer mag as hy gehad. Hy was bekend as die 'afwender van boosheid'; hy het geheers oor die godsdienswet en boetedoening (wyse van versoening om te vergoed vir kwaad of sonde wat gedoen is). Plato het van hom gesê: "Hy verduidelik aan die mens die instelling van tempels, offerandes en diens aan gode, afgesien van rites wat verbonde is met die dood en die hiernamaals." Hy het deur middel van godsprake en profete sy kennis van 'die toekoms' en sy 'vader se wil' aan die mense oorgedra. In Thiatíre is hierdie ritueel deur 'n profetes waargeneem wat op 'n driepootstoel gesit het en die boodskappe oorgedra het terwyl sy in 'n beswyming verkeer.

Die houvas wat hierdie godsdiens op die mense gehad het, was merkwaardig. Die gedugte mag daarvan is nie uitsluitlik aan die geheimsinnigheid daarvan toe te skryf nie, maar ook aan die feit dat niemand kon behoort het aan die gildes wat 'n lewensbestaan aan die mense gebied het nie, tensy hulle behoort het aan die tempel-aanbidding van Apollo. Enigeen wat geweier het om aan die afgodsfeeste en sedelose drinkpartye deel te neem, was lidmaatskap verbied van hierdie eerste-eeuse verenigings. Ten einde deel te hê aan die sosiale en handelslewe, moes mens 'n praktiserende heidense afgodsdienaar wees.

Dit is beslis opmerkingswaardig dat die naam Thiatíre beteken "Dominerende Vrou". Dus word hierdie eeu gekenmerk deur 'n oorheersende mag, 'n mag wat onverbiddelik alles inneem, alles oorwin, en op despotiese wyse beheer uitoefen. 'n Dominerende vrou is die grootste vloek in die wêreld. Die wysste man wat die wêreld nog ooit gesien het was Salomo en hy het gesê: "Ek het my daartoe gewend en my hart gerig om te weet en na te speur, en wysheid en 'n slotsom te soek, en om so die goddeloosheid as dwaasheid en die dwaasheid as onverstandigheid te leer ken en ek het iets uitgevind BITTERDER AS DIE DOOD: DIE VROU wat strikke is, haar hart nette, *haar hande boeie;* hy wat goed is voor die aangesig van God, sal van haar vryraak, maar die SONDAAR word deur haar gevang. Kyk, dit het ek uitgevind, sê die Prediker, deur die een by die ander te voeg, om 'n slotsom te vind wat my siel lank gesoek het, maar wat ek nie gevind het nie: een man uit duisend het ek gevind, maar 'n vrou het ek onder soveel nie gevind nie." Pred. 7:25-28. Paulus het gesê: "Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man TE HEERS nie." Sedert die tyd van die Tuin van Eden het die vrou gedurig en met sukses probeer om die man te oorheers, en vandag is dit die wêreld van

die vrou, met die godin van Amerika as ’n naakte vrou. Net soos die vroulike afgod wat uit die lug geval het (onthou, haar arms was ysterstawe) die eerste, of Efésiese Eeu, gekenmerk het, so het haar mag groter geword tot dat sy absolute gesag aanvaar het, welke gesag sy uitoefen deur te heers as gevolg van haar ystere geaardheid.

’n Vrou is nie bedoel om ’n geaardheid soos yster te hê nie. Volgens die Heilige Skrif moet sy aan die man onderdanig wees. Sy word daartoe beveel. ’n Vrou wat werklik vroulik is, in alle opsigte vroulik, sal van so ’n geaardheid wees. Nie ’n vloerlap nie. Geen ware man maak van ’n vrou ’n vloerlap nie. Sy sal onder sy gesag wil staan en nie die man oorheers nie, want hy is die hoof van die huis. As sy daardie beeld wat God vir haar geskep het, verbreek, is sy verdraaid. Enige man wat toelaat dat die vrou gesag oorneem, het ook daardie beeld verbreek en is ook verdraaid. Dit is waarom ’n vrou NIE KAN DRA WAT BY ’n MAN HOORT, OF HAAR HARE SNY NIE. Sy moet nooit kledingstukke dra wat by ’n man hoort of haar hare sny nie. As sy dit doen, maak sy inbreuk op die terrein van die man, aanvaar gesag en verdraai sy haarself. Wanneer ’n vrou die preekstoel inneem, WAT SY BEVEEL IS OM *NIE* TE DOEN NIE, openbaar sy van watter gees sy is. Dit is antichristies om ’n dominerende vrou te wees en die saad van die Rooms-Katolieke Kerk is in haar, hoewel sy dit ten sterkste mag ontken. Maar wanneer dit BY DIE WOORD KOM, *Laat God waar wees en elke mens se woord ’n leuen. Amen.*

Kom ons gaan terug na die begin. In die oorspronklike, fisiese skepping, soos ons dit vandag ken, het God alles in pare gemaak, manlik en vroulik. Daar was twee hoenders — haan en hen. Daar was twee beeste, die koei en die bul. En deurgaans was dit so. Maar toe dit by die mens kom, was daar net een. Daar was nie ’n paar nie. Adam is geskape na die beeld van God. Hy was ’n seun van God. As ’n seun van God kon hy nie versoek en tot ’n geval gebring word nie. Dit sou onmoontlik wees. Dus het God ’n byproduk van die man geneem om die sondeval te veroorsaak. Die vrou het nooit oorspronklik na vore gekom as ’n ware produk van God nie. Sy is uit die man gemaak. En toe God haar uit die man gemaak het, was sy heeltemal anders as die ander vroulike geslagte wat Hy geskape het. Sy kon verlei word. Geen ander lid van die vroulike geslag in die skepping kan onsedelik wees nie, maar die menslike vrou kan feitlik enige tyd aangeraak word. Daardie swakheid in haar het die Satan in staat gestel om haar deur die slang te verlei en het die vrou in ’n uiters eienaardige posisie geplaas voor God en Sy Woord. Sy is die tipe van alles wat vulgêr, smerig en afskuwelik is, aan die een kant, en aan die ander kant is sy ’n tipe van alles wat rein en mooi en heilig

is, as die ontvanger van die Gees en seëninge van God. Aan die een kant word sy hoer genoem wat dronk is van die wyn van haar ontugtigheid. Aan die ander kant word sy die Bruid van Christus genoem. Aan die een kant word sy die Misterieuse Babilon genoem, ’n gruwel voor God; en aan die ander kant word sy die Nuwe Jerusalem, ons moeder, genoem. Aan die een kant is sy so verfoeilik en goddeloos en ontugtig dat sy sonder meer in die poel van vuur gewerp word as die enigste geskikte plek vir haar; en aan die ander kant is sy verhef tot die hemel en deel sy die troon van God wat die enigste plek is wat so ’n koningin pas.

En in hierdie Thiatíriese Kerkeeu is sy ’n DOMINERENDE VROU. Sy is Misterieuse Babilon. Sy is die groot hoer. Sy is Isébel, die valse profetes. WAAROM? Omdat die ware vrou onderdanig is aan God. Christus is haar hoof. Sy het geen woorde behalwe Syne nie, geen gedagtes behalwe Syne nie, geen leiding behalwe Syne nie. Maar wat omtrent die kerk? Die kerk het die Woord uitgewerp en die Bybels en verdienstelike geskrifte van die godvresendes, vernietig. Sy het diegene wat die waarheid sou preek, om die lewe gebring. Sy het konings, prinse en nasies oorgeneem — beheer krygsmagte en hou vol dat sy die ware liggaam van Christus is en dat haar pouse die plaasvervangers van Christus is. Sy is totaal deur die duiwel verlei totdat sy, op haar beurt, die verleidster van andere geword het. Sy is die bruid van die Satan en het basterkind-godsdienste voortgebring.

Reg deur die Donker Eeue het sy oorheers. Vir meer as negehonderd jaar het sy geplunder en vernietig. Sy het die kunste laat sterf, die wetenskappe vernietig, en niks behalwe die dood voortgebring nie, totdat die lig van die Waarheid feitlik geblus was tot slegs die kleinste ligstraaltjie oorgebly het. Die olie en wyn het feitlik opgehou vloei; maar alhoewel sy die wêreld koninkryke oorheers het en vereis het dat alle mense hul burgerskap in haar moet setel, was daar ’n klein groepie wat aan God behoort het en wie se burgerskap in die hemel was; en hulle kon sy nie vernietig nie. God het Sy klein kudde bewaar; hulle kon nie vernietig word nie. Hierdie Kerk van Rome was net so heidens en goddeloos as Koningin Atalia wat probeer het om al die koninklike saad te vernietig en byna daarin geslaag het; maar GOD HET EEN BEWAAR, en uit hom het daar meer gelowiges voortgekom. So het God ’n klein kudde in daardie lang, donker nag bewaar, en uit hul waarheid het daar uiteindelik ’n Luther opgestaan.

Enigiemand wat enigiets van die Rooms-Katolieke Kerk en dié se vorm van aanbidding weet, kan vertel waarom hierdie stad, Thiatíre, deur die Gees uitgekies is om die kerk tydens die Donker Eeue te verteenwoordig. Daar is dit, oop en bloot voor ons.

DIE KERKEEU

Die Thiatíriese Eeu het die langste van almal geduur, ongeveer 900 jaar, van 606 tot 1520.

DIE BOODSKAPPER

Die kerk was lank reeds in twee groepe verdeel: 'n Westelike en 'n Oostelike deel. Elke nou en dan het 'n hervormer na vore gekom in een of albei dele, en 'n tydlank 'n segment van die kerk tot 'n dieper verhouding met God gelei. Een van diesulkes in die Weste was Francis van Assisi. Werklik suksesvol vir 'n tyd, is sy werk uiteindelik tot niet gemaak deur die hiërargie van Rome. Petrus Waldo van Lyons, 'n handelaar wat sy alledaagse lewe prysgegee het, het baie aktief geword in die diens van die Here en het talle na Hom gebring; maar hy is in sy werk gedwarsboom en deur die pous geëkskommunikeer. Daar was nóg in die Westelike nóg in die Oostelike groep 'n man wie, wanneer ons dit in die lig van die Skrif ontleed, die boodskapper vir hierdie eeu kon wees. Daar was egter twee manne in die Britse Eilande wie se bediening in Woord en daad die toets van die waarheid kon deurstaan. Hulle was St. Patrick en St. Columba. Die lot van boodskapper het op St. Columba geval.

Hoewel St. Columba die boodskapper vir die Thiatíriese Eeu was, wil ek bietjie oor die lewe van St. Patrick uitwei as 'n voorbeeld vir ons en asook om 'n leuen te bewys dat die Roomse Kerk sê dat St. Patrick een van haar mense was, net so min soos Jeanne d'Arc dit was. Patrick was die seun van die suster van St. Martin wat gebore was in die klein dorpie Bonavern aan die wal van die rivier Clyde. Een dag, terwyl hy op die kuslyn saam met sy twee susters gespeel het, het seerowers gekom en al drie ontvoer. Niemand weet wat van die susters geword het nie, maar Patrick (sy van was Succat) is verkoop aan 'n hoofman in Noord-Ierland. Sy pligte was om die varke op te pas. Hiervoor het hy honde opgelei. Sy honde was so goed geleer dat talle mense van heinde en verre gekom het om hulle te koop. In sy eensaamheid het hy hom tot God gewend en is hy gered. Toe het die dringende begeerte by hom posgevat om te ontsnap en terug huis toe te gaan na sy ouers toe. Hy het 'n plan beraam waarin sy bekwaamheid as afrigter tot groot voordeel aangewend kon word. Hy het sy honde geleer om bo-op hom te lê en sy liggaam heeltemal te bedek en om nie te beweeg totdat hulle daartoe beveel word nie. Vervolgens het hy eendag, toe sy eienaar 'n aantal honde verkoop het, die honde die bevel gegee, almal behalwe die leier van die trop, om in die boot te klim. Die leierhond, vir wie Patrick toe 'n geheime teken gegee het, het weggehardloop en geweier om aan boord te gaan. Terwyl die meester en die koper

gepoog het om die hond in die hande te kry, het Patrick in die boot geklim en die honde beveel om hom te bedek. Met ’n fluit bring hy toe die leier van die trop in die boot bo-op hom. Aangesien Patrick nêrens te sien was nie, het die koper sy seile gespan en seewaarts gevaar. Nadat hy seker gemaak het dat die kaptein te ver van die kus was om te kan terugdraai, het Patrick weereens ’n teken aan die honde gegee wat hulle oproerig gemaak het. Hy het toe vorentoe getree en vir die kaptein gesê dat, tensy hy hom by sy huis aflaai, hy die honde bevel sou gee om aan te hou met hul oproerigheid en hy sou dan die boot oorneem. Die kaptein was egter ’n Christen en toe hy die seun se verhaal hoor, het hy hom met graagte by sy huis afgelaai. Daar het Patrick ’n Bybelskool bygewoon en teruggekeer na Ierland toe waar hy met vele tekens en wonders deur die Woord en die krag van God, duisende na die Here gebring het. Hy het nooit na Rome gegaan nie, nóg is hy deur Rome gemagtig. Die waarheid van die saak is dat, toe Rome uiteindelik ’n houvas op die eiland gekry het en gesien het dat die tyd ryp was, hulle meer as 100,000 Christene om die lewe gebring het wat deur die jare gegroei het uit die oorspronklike groep wat deur St. Patrick na die Here gebring is.

Omtrent 60 jaar na die dood van St. Patrick, is Columba in County Donegal, in Noord-Ierland, uit die koninklike familie van Fergus gebore. Hy het ’n briljante toegewyde leerling geword, en die grootste deel van die Skrif uit sy hoof geken. God het hom in ’n hoorbare stem geroep om ’n sendeling te word. Nadat hy die stem van God gehoor het, kon niks hom keer nie; en sy wonderbaarlike bediening het talle historici genoop om hom naas die apostels te plaas. Sy bediening was so geweldig, met die bonatuurlike tekens wat dit gevolg het, dat sommige (veral studente in Rome) gedink het dat die verhale wat hulle gehoor het, oordryf was.

Op een van sy sendingreise, terwyl hy ’n ommuurde stad genader het, het hy gevind dat die poorte vir hom gesluit was. Hy het sy stem in gebed verhef dat God tussenbeide moes tree en hom toegang tot die mense verleen sodat hy vir hulle kon preek. Maar terwyl hy gebid het, het die towenaars van die stad hom luidrugtig begin terg. Hy het toe begin om ’n psalm te sing. Terwyl hy gesing het, het God sy stem se volume so vergroot dat dit die uitroepe van die heidene uitgedoof het. Skielik het die poorte vanself oopgebars. Hy het die stad binnegegaan en die Evangelie gepreek en baie mense tot die Here bekeer.

By ’n ander geleentheid toe hy ook uit ’n dorpie uitgesluit was, terwyl hy omgedraai het om weg te gaan, het die seun van die hoofman skielik ernstig siek geword, selfs tot die dood toe. St. Columba is gou gesoek en teruggeroep. Toe hy die gebed van die geloof gebid het, het die seun onmiddellik gesond geword. Die dorpie is toe oopgestel vir prediking van die Evangelie.

Die suiwer Evangelie wat deur Columba en sy medewerkers gepreek is, het deur die hele Skotland versprei en dit tot God gekeer. Dit het ook verder versprei na Ierland en oor Noord-Europa. Die wyse waarop hy die Evangelie versprei het, was om, sê maar twaalf manne onder 'n leier in 'n nuwe gebied te stuur en letterlik daar 'n Evangelie-gerigte dorp te bou. Onder die twaalf manne was daar skrynwerkers, onderwysers, predikers, ens., almal uitnemend vertroud met die Woord en heilige lewenswandel. Hierdie klein kolonie was deur 'n muur omring. Sommer gou was hierdie kolonie omring deur studente en hul gesinne en hul eie woonplekke, almal besig om die Woord te leer en besig om hulle voor te berei om uit te gaan en die Here te dien as sendelinge, leiers en predikers. Die mans was vry om te trou, alhoewel baie dit nie gedoen het nie ten einde God beter te kon dien. Hulle was onafhanklik van staatshulp en kon daardeur uit die politiek uitbly. In plaas daarvan dat hulle ander godsdienste aangeval het, het hulle die waarheid geleer, want hulle het geglo dat die waarheid 'n sterk genoeg wapen was om die doelwit te bereik wat God vir hulle in gedagte gehad het. Hulle was heeltemal onafhanklik van Rome gewees.

St. Columba was die stigter van 'n groot Bybelskool op die eiland Hy, (aan die Suidwestelike kus van Skotland). Toe hy daarheen gegaan het, was die eiland so kaal en klipperig dat dit nie genoeg voedsel vir almal kon lewer nie. Columba het saad geplant met die een hand terwyl hy die ander hand omhoog gehou het in gebed. Vandag is die eiland een van die vrugbaarste ter wêreld. Van hierdie Bybel-gesentreerde eiland het magtige geleerdes uitgegaan wat toegerus was met wysheid en die krag van God.

Terwyl ek die verhaal van hierdie groot dienaar van God en die wonderlike werk wat hy verrig het, gelees het, het dit my hart swaarmoedig gemaak om te vind dat die pouslike mag, smagtende om alle mense aan sy gesag te onderwerp, gekom het en uiteindelik daardie sendingvelde geskend en die waarheid vernietig het soos dit deur Columba geleer is.

DIE BEGROETING

Openb. 2:18: "Dit sê die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam, en Sy voete is soos blink koper".

Die openbaring van die Godheid aan die Thiatíriese Eeu is dat Jesus die Seun van God is. Eens, in die dae van Sy vleeswording, was Hy bekend as die Seun van die Mens. Nou ken ons Hom nie meer na die vlees nie. Hy is nie meer die Seun van die Mens, die Groot Profeet, Wat in Homself alle profesieë byeengebring het nie. Die Eniggebore is terug in die boesem

van die Vader. Nou ken ons Hom in die krag van Sy opstanding. Hy het opgestaan en tot Homself Sy magtige krag geneem en Hy is bo alles en oor alles tot lof van Sy eie heerlikheid. Sy heerlikheid sal Hy met niemand anders deel nie. Sy leierskap oor die kerk sal Hy aan niemand anders afstaan nie.

Hy kyk neer op Thiatíre en hier sien Hy hoe, in daardie stad en in daardie vierde eeu, die eer wat aan Hom alleen behoort, aan 'n ander gegee word. Sy oë vlam met die vuurvlam van wraak en oordeel terwyl Hy sien dat Apollo as die Seun van God vereer word terwyl Hy alleen die Eniggebore van die Vader is. Hoe verskriklik moet Sy oordeel nie wees op die godsdiens van die Thiatíriese Eeu nie, waarin die lidmate van die kerk, soos die heidense aanbidders van die seun van god (Apollo, seun van Zeus) 'n menslike heerser in aanbidding verhef, gerugsteun deur die mag van die staat. Want dit is presies wat Hy gesien het. Die Rooms-Katolieke Kerk, ten volle gedompel in afgodsaanbidding gebaseer op die seremonies van die songod (Apollo) het 'n mens (die pous) tot werklike godheid verhef deur middel van die huwelik van die kerk met die staat. Thomas Aquinas en Alverus Pelagius het die volgende geformuleer en verklaar: "Vir diegene wat die Pous met die geestelike oog aanskou, blyk hy 'n God te wees en nie net 'n mens nie. Daar is geen perke aan sy gesag nie. Hy kan enigiets wat hy wil, korrek en reg verklaar, en kan, na goeddunke, enigeen se regte ontneem. *Om hierdie universele mag te betwyfel, beteken om van redding uitgesluit te wees*. Die groot vyande van die kerk is die ketters wat nie die juk van ware gehoorsaamheid wil dra nie".

"Daar is een middelaar tussen God en die *mense,* die mens Christus Jesus (die Seun van God)" I Tim. 2:5. Maar die pous van Rome het egter die Woord verander. Hy het dit gemaak: "een middelaar tussen God en die mens" (nie mense nie). Dus tree hy (die pous) nou as middelaar op tussen die middelaar en die mense. Maar daar is geen ander middelaar behalwe die Seun nie. Die pous verklaar dat daar saligheid is deur die kerk van Rome. Maar daar is geen saligheid behalwe deur die Seun van God nie. Geen wonder dat die oë in vurige oordeel vlam nie. Geen wonder dat die voete soos blink koper is nie, soos Hy gereed staan om die goddelose koninkryke van hierdie wêreld tot stof te vertrap. Dank God vir daardie sterk voete van koper. Hulle het deur die oordeel vir ons gegaan. Hulle is nou ons fondament, want wat Hy bereik het, is ons s'n. Ons staan geïndentifiseer met Hom, Jesus, die Seun van God.

Dit was in hierdie eeu dat ons die opkoms van die Mohammedanisme gesien het wat die Seun van God verloën het en bepaal het dat almal moet sterf wat hulself Christene noem.

Dit was ook in hierdie eeu dat die valse kerk die eerste gebod van die Almagtige God openlik teëgestaan het en hom gou daarop toegespits het om die tweede gebod te oortree, want hulle het hulle pous in die plek van Jesus Christus gestel en afgodediens ingestel en afgedwing, in so 'n mate dat dit die dood beteken het vir hulle wat die beelde 'n plek in die kerk geweier het. Gedurende die bewind van die Keiserin Theodora alleen van 842 tot 867 is meer as 100,000 heiliges om die lewe gebring omdat hulle die beelde van nul en gener waarde geag het.

Hierdie eeu moet sekerlik tot bekering kom, of alles verloor. Daar staan die Here van die heerlikheid, God, ware God — Sy Woord verwerp, Sy persoon verwerp; maar mensehande en menseharte kan Hom nie onttroon nie. Laat hulle Hom verloën, Hy bly getrou. "Vrees nie, klein kudde; dit behaag jul Vader om die koninkryk aan julle te gee. En wanneer Ek kom met voete van koper en vlammende oë sal Ek vergelding laat toekom; My kom die wraak toe, Ek sal vergeld" spreek die Here.

DIE LOFSPRAAK

Openb. 2:19: "Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste."

Hier vind ons weereens dieselfde inleidende opmerkings, "Ek ken jou werke." Die Seun van God het Self gesê: "Glo My, terwille van die werke self." Hy het nadruk op Sy werke geplaas terwyl Hy op aarde was. Die werke wat Hy gedoen het, is deur God verordineer om ons geloof in Hom te inspireer. Dit het 'n groot deel van Sy bediening uitgemaak. Sy Heilige Gees in die apostel Paulus het gesê: "Want ons is Sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel." Ef. 2:10. Hierdie werke sou geloof in Hom aanwakker aangesien hulle daardie verhouding tot Hom sou aantoon wat Paulus beskrywe het as "geskape in Hom".

Nou werke sal nooit die plek van geloof in God in ons verlossing inneem nie. Maar werke sal ons geloof wat ons alreeds in Hom geplaas het, aantoon. Goeie werke sal u nie red nie, maar hulle sal voortvloei uit 'n verloste lewe as vrug tot die Here. Ek glo in goeie werke. Selfs al is iemand nie gered nie, behoort hy goeie werke en die beste van sy vermoë te doen. Wat'n afskuwelikheid in die oë van die God is dat mense bose werke doen en dan sê dat hulle die wil van die Here doen. Dit is wat die biskoppe en pouse en die hiërargie van Rome besig was om te doen. Hulle was besig om, in die Naam van die Here, dood te maak, te vermink, en alle soorte kwaad te verrig. Hulle het lewens gelei in direkte teëstelling met wat die Woord leer. In daardie bose dag het daardie ware gelowiges geskyn soos 'n

lig in ’n donker plek, soos wat hulle voortdurend goeie werke gedoen het; want hulle het vervloeking beantwoord met seënwense en het die waarheid gedoen om God te vereer, selfs al het baie daarvoor gesterf.

In hierdie vers prys Hy Sy kinders omdat hulle veranderde lewens gelei het. Hulle werke het getuig van ’n nuwe Gees in hulle. Die mense het hul goeie werke gesien en God geprys. O ja, as u ’n Christen is, gaan u doen wat reg is. U werke sal wys of u hart reg is. En dit sal nie iets wees wat u uit aansittery sal doen nie, want u sal Sy wil uitvoer wanneer niemand behalwe God u sien nie, en u sal Sy wil uitvoer selfs al kos dit u, u lewe.

“*Ek ken jou liefde, diens, geloof en lydsaamheid.*” U sal opmerk dat hul liefde tussen ‘werke’ en ‘diens’ geplaas word, en dit is die regte plek daarvoor, want sonder liefde is nóg ons werke nóg ons diens vir God aanvaarbaar. Paulus het aan die Korinthiërs gesê: “Sonder die liefde is ek niks nie, en daar is geen voordeel in wat ek ook al doen as dit nie in liefde gedoen word nie.” Dit is sommer hier al duidelik dat daardie gelowiges nie soos die Nikolaïete was wie werke verrig het om saligheid te bekom of om deur die mense bewonder te word nie. Hulle het hulle werke verrig uit liefde vir God wat in hulle harte uitgestort is deur die Heilige Gees. Daardie liefde in hul harte was God se liefde vir Sy eie. Jesus het gesê: “Hieraan sal almal weet dat julle MY dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.” Die heidene wat die lewens van die vroeë Christene gesien het, het gesê: “Kyk hoe lief het hulle mekaar.” Johannes het gesê: “Elkeen wat liefhet, is uit God gebore.” I Johannes 4:7.

Ek wil sommer hier ’n waarskuwing rig. In verband met die laaste dae staan daar geskrywe dat, omdat die ongeregtigheid vermeerder word, die liefde van die meeste sal verkoel. In die Laodicense, of laaste eeu, sal die selfliefde en liefde vir materiële dinge die plek van die ware liefde vir God inneem. Ons moet waak teen die mag van die sonde in hierdie laaste dae. Soveel mense word so verhard omdat hulle nie die effek van hierdie gees van die laaste dae besef het nie. Dit is tyd om tot God te nader sodat hy ons lewens met Sy liefde kan vul; anders sal ons die koudheid van die kerk van die laaste dae voel en die waarheid van God verwerp wat alleen in staat is om ons te help.

In daardie donker en verskriklike jare het die ware wynstok sy liefde vir God en liefde vir die broeders behou. Hiervoor het God hulle geprys.

“*Ek ken jou diens.*” Jesus het gesê: “Hy wat die grootste van almal is, is die dienaar van almal.” ’n Wyse man het kommentaar hieroor gelewer. Dit is wat hy gesê het: “Slegs die

geskiedenis sal die waarheid van daardie stelling bewys." Daardie man was reg. Al die werklike groot manne in die geskiedenis was dienaars. Hulle wie geëis het om bedien te word, hulle wie onderdruk het; hulle wie gesmag het om altyd aan die hoof te wees, het almal in skande ondergegaan. Selfs hulle wat baie ryk was, is deur God veroordeel as hulle nie hul rykdom reg bestee het nie. Maar kyk in die geskiedenis en u sal vind dat hulle wat waarlik groot was, diegene was wat ander gedien het. Die geskiedenis kan nie diegene aanprys vir wie baie gedoen is nie, maar sal altyd diegene aanprys wat baie gedoen het vir andere. Nou laat ons dit op onsself toepas. Soos die Seun van die Mens gekom het om te dien, nie om gedien te word nie, so moet ons daardie voorbeeld volg. Aanskou Hom waar Hy Hom oor die voete van die dissipels neerbuig en hulle moeë, vuil voete was. Hy het gesê: "Wat Ek doen begryp jy nie nou nie, maar jy sal dit hierna verstaan. Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen." Hy het 'n dienskneg geword sodat God Hom tot die hoogste hoogtes kon verhef, en eendag, in die oordeel van die heiliges, sal ons Hom hoor sê: "Mooi so, goeie en getroue DIENSKNEG; gaan in in die vreugde van die Here." Dit is moeilik om altyd 'n dienskneg te wees. Hulle wie hulle lewe bestee en deurbring vir ander, sal eendag met Hom in Sy troon sit. Dan sal dit alles die moeite werd wees. "Laat ons arbei vir die Meester, tot die son hier ondergaan, En vertel Sy wonderwerk aan ons gedaan, As ons dan ons lewe aflê en van arbeid word ontslaan, En die rol daar afgelees word is ons daar."

"*Ek ken jou geloof*" Hy sê nie hier, soos Hy aan die gemeente in Pérgamus gesê het nie "jy hou vas aan MY geloof" nie. Hy praat nie nou van Sy geloof nie, maar Hy prys hulle vir *hul* geloofsgetrouheid. En terwyl Hy dit doen, meld Hy ook hul 'lydsaamheid'. Geloofsgetrouheid en lydsaamheid gaan saam. Inderwaarheid, lydsaamheid is die uitvloeisel van geloofsgetrouheid; want daar staan in Jak. 1:3: "Die beproewing van julle geloof bewerk lydsaamheid." Daar is absoluut geen ander manier om lydsaamheid te bekom nie. Dit moet kom deur beproewing van ons geloof. Rom. 5:3: "Verdrukking werk lydsaamheid." Daar kan gesien word hoe hoog God hierdie uitvloeisel van ons lydsaamheid ag uit Jak. 1:4: "Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie." God se wil vir ons is Volmaaktheid, en daardie volmaaktheid is lydsaamheid – wagtende *op* God en wagtende *vir* God. Dit is die proses van karakterontwikkeling. Hoe hoog het God hierdie heiliges van die Donkereeue nie aangeprys nie. Geduldig soos skape wat na die slagting gelei word was hulle; liefderyk en met getrouheid het hulle God gedien. Dit is al wat hulle in die lewe wou gehad het, net diens aan hulle Here. Hoe groot sal hulle beloning nie wees nie.

"*Ek ken jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.*" Dit is sekerlik merkwaardig. Soos die donkerte van die eeu vermeerder; soos die ererol van die martelare dag na dag langer geword het, het hulle al hoe harder gewerk, en het hulle al hoe meer gedien en hulle geloof het toegeneem. Hoe tragies was dit dat liefde in die Efésiese Eeu afgeneem het. En in werklikheid is daar niks gesê van die toename in arbeid van liefde in die ander eeue nie; maar in hierdie eeu, die donkerste van al die eeue, dien hulle Hom selfs meer. Wat 'n les is dit nie. Daar is geen einde aan hierdie goedwillige diens van liefde aan die Here nie, maar eerder 'n vermeerdering daarvan. Dit is die geheim. Laat die vyand probeer om ons diens aan die Here te dwarsboom — ons antwoord is vermeerdering van diens. Wanneer die swakkelinge in vrees uitroep, dit is die tyd om die oorwinningskreet uit te roep.

"*Ek ken jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.*" Soos ons reeds gesê het, word hierdie eeu die Donker Eeue genoem, omdat dit inderdaad die donkerste tydperk in die hele geskiedenis was. Dit was die eeu van Pous Innocent III wat daarop aanspraak gemaak het dat hy die "plaasvervanger van Christus — opperheerser oor die kerk en die wêreld" was en wat die INKWISISIE ingestel het waartydens, onder sy leiding, daar meer bloed vergiet is as gedurende enige ander tyd behalwe tydens die Hervorming. Dit was die eeu van Pornokrasie, die heerskappy van hoere. Sagarius III het 'n minnares gehad en het die "pouslike koor gevul met minnaresse en buite-egtelike seuns en die pouslike paleis omgeskep in 'n spelonk vir rowers." Anastasius III is deur Marozia, minnares van Sagarius, versmoor. Johannes XI was Marozia se onegte seun. Johannes XII was die kleinseun van Marozia en hy het "weduwees en maagde onteer en is in die daad van owerspel deur die vrou se woedende eggenoot doodgemaak." Dit was die eeu van die Pouslike Skisma want twee reekse pouse (een wat regeer het uit Rome en die ander uit Avignon) het mekaar vervloek en teen mekaar oorlog gemaak. Nie alleen was hierdie pouse skuldig aan immorele seksdade nie (vaders van talle buite egtelike kinders, pleging van sodomie, homoseksualiteit, ens.,) maar hulle het hulle ook skuldig gemaak aan die verkoop van priesterlike ampte aan die hoogste bieërs.

Dit was die eeu waarin die lig maar dof geskyn het; tog het die handjievol gelowiges met nog groter toewyding gewerk namate die duisternis toegeneem het totdat, teen die einde van die eeu, daar baie tevoorskyn gekom het met pogings om hervormings te bewerkstellig. Hul arbeid was so vurig dat hulle die weg gebaan het vir die hervorming wat sou volg. Daarom sê die Woord aangaande daardie eeu: "jou laaste (einde van die eeu) werke is meer as die eerste."

Die woord Thiatíre het verskillende betekenisse, onder andere "Voortdurende Offerande". Baie glo dat dit 'n profesie is rakende die gebruik van die Mis wat 'n deurlopende aanbieding van die offer van Christus is. Dit is 'n uitstekende gedagte, maar dit kan ook beteken die volgehoue offer van die lewe en werk van die ware gelowiges van die Here.

Daardie Thiatíriese heiliges was sekerlik die room van die oes, vervul met die Heilige Gees en die geloof, geskep om goeie werke te doen; hulle het Sy lofspraak uitgeleef en hul lewens nie vir hulself dierbaar geag nie maar met graagte alles gegee as 'n geurige offer aan die Here.

DIE BESTRAFFING

Openb. 2:20: Maar Ek het enkele dinge teen jou, dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat (verdra) om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet."

Nou saam met hierdie vers wil ek hê dat u vers 23 moet lees en die bewys sien van 'n groot waarheid wat ek nog al die tyd onder u aandag gebring het. "En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek." Ek sê nog al die tyd dat daar in werklikheid twee kerke is, alhoewel die Gees met hul albei praat in elke eeu, asof daar net *een* is. Hier word dit duidelik gestel dat daar *kerke* is, en word net so duidelik gestel dat sommige van daardie kerke baie beslis NIE weet dat Hy die Een is wat die niere en harte deursoek nie. Hy gaan aan hulle bewys dat dit so is. Nou dan, watter kerke sal daardie wees wat nie hierdie waarheid ken nie? Natuurlik is dit die valse wynstok groep, want die ware gelowiges weet verseker dat die oordeel by die huis van God begin, en omdat hulle Godvresend is, oordeel hulle hulself sodat hulle nie geoordeel word nie.

Nou waarom noem God al hierdie kerke Sy kerke, selfs al is hulle die valse wynstok? Die waarheid van die saak is dat hulle Christene is. Maar hulle is nie Christene van die Gees nie. Hulle is Christene van die vlees. Hulle dra die Naam tevergeefs. Markus 7:7: "Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is." Hulle is inderdaad Christene want wat anders kan hulle wees? 'n Mohammedaan is 'n Mohammedaan. Dit is sy godsdiens, ongeag van hoe hy dit uitleef, want in teorie onderskryf hy wat die Koran leer. Net so is 'n Christen 'n Christen solank as hy die feit onderskryf dat Jesus die Seun van God is, gebore uit 'n maagd, gekruisig, gestorwe en weer opgestaan het, dat Hy die Saligmaker van die mensdom is, ens. *(Om die waarheid te sê, in die Laodicense Eeu sal daar diegene wees wat hulself Christene noem omdat hulle die goeie hoedanighede van Jesus onderskryf terwyl hulle*

die reg voorbehou om Sy Godheid te ontken. Lede van die Christian Science-kerk het dit reeds gedoen asook 'n menigte mense wat 'n Sosiale Evangelie verkondig.) Hy is in naam 'n Christen en behoort aan die kerk. Maar hy is nie 'n WARE of Geestelike gelowige nie. Daardie soort gelowige is een wat in die liggaam van Christus gedoop is en is deel van Hom. Nietemin, God se orde bepaal dat die onkruid saam met die koring moet opgroei en nie uitgetrek moet word nie. Dit is die bevel van God. Hulle dag om bymekaar gemaak en verbrand te word, kom nog; maar nie nou al nie.

Dus spreek die Gees tot hierdie gemengde groep. Aan die een kant prys Hy; aan die ander kant bestraf Hy. Hy het vertel wat reg is wat die ware gelowige betref. Hy waarsku nou wat die valse wynstok moet doen indien dit geregverdig voor die Here sou wil staan.

DAARDIE VROU ISÉBEL

Die apostel Jakobus het vir ons die weg van die sonde aangetoon. Jak. 1:14-15: "Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort." Nou dit is 'n presiese weergawe van wat in die kerkeeue gebeur. Net soos die sonde sy oorsprong gehad het in niks anders as 'n gevoel nie, so het die dood in die kerk begin in die eenvoudige, skaars merkbare dade van die Nikolaïete. Die dade het oorgegaan tot 'n leerstelling. Vanaf die leerstelling het dit die mag van die staat en die instelling van heidendom omhels. In hierdie eeu, gaan dit nou na sy eie profetes (leermeesteres) en so gaan dit voort totdat dit ditself in die poel van vuur sal bevind, want dit is presies waar dit gaan eindig in die tweede dood.

Nou die hele uitroep van God teen hierdie vierde eeu word gevind in Sy veroordeling van hierdie profetes, Isébel. En ten einde presies te verstaan waarom Hy haar so veroordeel, sal ons haar geskiedenis in die Bybel moet nagaan; en wanneer ons uitvind wat sy daar gedoen het, sal ons weet wat nou in hierdie tyd aangaan.

Die eerste en baie belangrike ding wat ons omtrent Isébel leer, is dat sy NIE 'n dogter van Abraham is nie, nóg was haar inlywing in die stamme van Israel 'n geestelike toelating soos in die geval van Rut, die Moabitiese vrou. O nee. Hierdie vrou was die dogter van Etbaäl, koning van Sidon (I Kon. 16:31) die Astarte-priester. Hy het die troon bekom deur sy voorganger, Feles, te vermoor. Ons sien dus dadelik dat sy die dogter van 'n moordenaar was. (Dit herinner ons sekerlik aan Kain.) En die wyse waarop sy deel van Israel geword het, was nie deur die

geestelike kanale wat God neergelê het vir toelating van Heidene nie; maar sy het deel geword deur haar HUWELIK met Agab, die koning van die tien stamme van Israel. Hierdie verbintenis, soos ons gesien het, was nie Geestelik nie; dit was polities. So het hierdie vrou, met 'n agtergrond van afgodsdiens, geen wens hoegenaamd gehad om 'n aanbidder van die Een Ware God te word nie, inteendeel, sy het gekom met die uitgesproke doelstelling om Israel van die Here weg te keer. Nou Israel (die tien stamme) het reeds geweet wat dit beteken om die goue kalf te aanbid, maar tot dusver het hulle hul nog nie aan afgodsdiens oorgegee nie, want God is aanbid en die wette van Moses is erken. Maar vanaf die tyd van Agab se huwelik met Isébel, het afgodsdiens op dodelike wyse vooruitgegaan. Dit was toe hierdie vrou 'n priesteres in die tempels geword het, wat sy ter ere van Astarte (Venus) en Baäl (songod) opgerig het, dat Israel die krisispunt in haar lewe bereik het.

Wanneer ons dit in gedagte hou kan ons nou begin insien wat die Gees van God uiteensit in hierdie Thiatíriese Eeu. Hier is dit. Agab het Isébel getrou in 'n politieke set om sy koninkryk te versterk en te beveilig. Dit is presies wat die kerk gedoen het toe dit onder Konstantyn getroud is. Hulle het albei byeengekom, om politieke redes, alhoewel hulle 'n skyn van geestelikheid daaraan geheg het. Nou niemand kan my oortuig dat Konstantyn 'n Christen was nie. Hy was 'n heiden met wat gelyk het soos Christelike tooisel. Hy het wit kruise op die skilde van die soldate laat aanbring. Hy was die opsteller van die Ridders van Columbus. Hy het 'n kruis laat aanbring op die toring van die St. Sofia en daardeur 'n tradisie aan die gang gesit.

Dit was Konstantyn se idee om almal byeen te bring, heidene, nominale Christene, en ware Christene. Aanvanklik het dit gelyk of hy hierin sou slaag, want die ware gelowige het gekom om te kyk of hulle nie diegene wie die Woord verlaat het, kon terugbring nie. Toe hulle gesien het dat hulle hul nie kon terugbring in die waarheid in nie, was hulle verplig om weg te breek van die politieke liggaam. Toe hulle dit gedoen het, is hulle ketters genoem en is hulle vervolg.

Laat my sommer hier sê dat ons presies dieselfde ding het wat vandag aan die gang is. Die mense kom almal byeen. Hulle skryf 'n Bybel wat elkeen sal pas, of hy nou Jood, Katoliek of Protestant is. Hulle het hul eie Raad van Nicea maar hulle noem dit die Ekumeniese Raad. En weet u wie dit is teen wie al hierdie organisasies veg? Hulle beveg die ware Pinkster groep. Ek bedoel nie die organisasie wat Pinkster genoem word nie. Ek bedoel diegene wat Pinkster is omdat hulle vervul is met die Heilige Gees en die tekens en gawes in hul midde het omdat hulle in waarheid wandel.

Toe Agab om politieke redes met Isébel getroud is het hy sy geboortereg verkoop. As u aansluit by ’n organisasie, broer, verkoop u, u geboortereg, of u dit nou wil glo of nie. Elke Protestante groep wat ooit daar uitgekom het en toe weer daarheen teruggegaan het, het sy geboortereg verkoop, en as u, u geboortereg verkoop, is u net soos Esau — u kan weeklaag en berou hê soveel as u wil, maar dit sal u niks help nie. Daar is slegs een ding wat u kan doen, naamlik: “Kom uit haar uit my volk; sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê nie!” Nou indien u dink dat ek nie reg is nie, beantwoord net hierdie een vraag. Kan enige lewende mens my vertel watter kerk of watter beweging van God ooit ’n herlewing gehad en teruggekeer het nadat sy georganiseer en ’n denominasie geword het? Lees u geskiedenisboeke. U kan nie een vind nie — nie eens een nie.

Dit was die middernaguur vir Israel toe sy haar by die wêreld aangesluit en die Geestelike vir die politieke verlaat het. Dit was die middernaguur by Nicea toe die kerk dieselfde gedoen het. Dit is ook nou die middernaguur, noudat die kerke byeenkom.

Nou toe Agab met Isébel getrou het, het hy haar toegelaat om die staatsgeld te gebruik om twee reuse tempels op te rig vir aanbidding van Astarte en Baäl. Die een wat ter ere van Baäl opgerig is, was groot genoeg vir die hele Israel om daar te aanbid. Toe Konstantyn en die kerk getrou het, het hy geboue vir die kerk gegee en altare en beelde opgerig en die hiërargie, wat reeds vorm aangeneem het, georganiseer.

Dit was toe Isébel die mag van die staat agter haar gekry het, dat sy haar godsdiens op die volk afgedwing en die profete en priesters van God om die lewe gebring het. Dit het so erg geword dat Elia, die boodskapper van sy tyd, gedink het dat hy die enigste oorblywende een was; maar God het nog ’n verdere 7000 gehad wat nie die knie voor Baäl gebuig het nie. En nou ook, tussen daardie denominasies van Baptiste, Metodiste, Presbiteriane, ens., is daar sommige wat daaruit sal kom en terugkeer tot God. Ek wil hê u moet weet dat ek nie nou of ooit voorheen teen die mense was nie. Dit is die denominasie — die organisasiestelsel waarteen ek is. Ek moet daarteen wees, want God haat dit.

Kom ons staan nou ’n oomblik stil en hersien wat ons oor die aanbidding in Thiatíre uitgewys het. Ek het gesê dat hulle Apollo aanbid het (die songod) saam met die keiser. Nou Apollo was bekend as die ‘afwender van die bose’. Hy het die bose weggekeer van die mense af. Hy het hulle geseën en was vir hulle ’n werklike god. Hy was veronderstel om die mense te leer. Hy het verduidelikings verstrek aangaande aanbidding, die tempelrites, diens aan gode, offerandes, die dood, en die lewe na die dood. Dit het hy gedoen deur ’n profetes wat op ’n

driepootstoel gesit het. Goeiste! Sien julle dit? Hier is daardie profetes, Isébel, en sy leer die mense. En haar leringe verlei die dienaars van God en dryf hulle tot hoerery. Hoerery beteken 'afgodsdiens'. Dit is die geestelike betekenis daarvan. Dit is 'n onwettige samesmelting. Agab se verbintenis en Konstantyn se verbintenis was albei onwettig. Albei bet geestelike hoerery gepleeg. Elke hoereerder sal sy einde vind in die poel van vuur. God het so gesê.

Nou dan, die lering van die Katolieke Kerk (die kerk is vroulik, dit is 'n vrou) ontken die Woord van God. Die pous wie letterlik Apollo in moderne voorstelling is het die mense geleer om hul met afgode te verenig. Die Romeinse Kerk het nou 'n valse profetes vir die mense geword want sy het die Woord van die Here van die mense weggeneem en haar eie idees aangaande die vergewing van sonde en die seëninge van God verkondig; en die priesters het so ver gegaan dat hulle dit kategories stel dat hulle nie slegs in die lewe nie, maar ook in die dood, mag het. Hulle leer, op hul eie, dat daar 'n vagevuur is, maar u kan dit nie in die Woord vind nie. Hulle leer dat gebed en die Mis en geld u uit die vagevuur sal red en in die hemel sal bring. Die hele stelsel wat op hul lering gebaseer is, is vals. Dit is nie op die vaste fondament van die openbaring van God in Sy Woord gebaseer nie, maar staan op die bewegende, sinkende sand van sy eie diaboliese onwaarhede.

Die kerk het reguit van organisasie tot denominasie oorgegaan en vandaar na valse leerstellings. Dit is korrek. Die Rooms-Katolieke glo nie dat God in Sy Woord is nie. O nee. Mits dit so was, sou hulle hul moes bekeer en terugstaan, maar hulle sê dat God in Sy kerk is. Dit maak die Bybel die geskiedenis van die Katolieke Kerk. Dit is nie so nie. Kyk maar net wat hulle met die waterdoop aangevang het. Hulle het dit van 'n Christelike Doop in 'n heidense doop met titels verander. Laat ek u vertel van 'n ervaring wat ek met 'n Katolieke priester gehad het. 'n Meisie wie ek eenkeer gedoop het, het Katoliek geword, en die priester wou met my oor haar gesels. Hy het gevra watter soort doop sy ondergaan het. Ek het hom gesê dat ek haar in die Christelike Doop gedoop het, wat, sover ek weet, die enigste Soort is. Ek het haar begrawe in die water in die Naam van die Here Jesus Christus. Die priester het opgemerk dat die Katolieke Kerk dit ook eens op 'n tyd gedoen het. Ek het hom onmiddellik gevra wanneer die Katolieke Kerk dit gedoen het, want ek het hulle geskiedenisse gelees en kon nie daarin vind wat hy my vertel nie. Hy het my vertel dat dit in die Bybel gevind word, en dat Jesus die Katolieke Kerk georganiseer het. Ek het hom gevra of hy dink dat Petrus waarlik die eerste pous was. Hy het nadruklik verklaar dat dit wel so was. Ek het hom gevra of die misse in Latyn gelees was ten einde te verseker dat hulle korrek was en

nooit sal verander nie. Hy het gesê dat dit waar was. Ek het hom gesê dat ek van mening was dat hulle ver afgedwaal het van wat hulle in die begin gehad het. Ek het hom laat verstaan dat as die Katolieke Kerk werklik in die Boek Handelinge geglo het, ek 'n ouderwetse Katoliek was. Hy het vir my gesê dat die Bybel die rekord van die Katolieke Kerk is en dat God in die kerk is. Ek het met hom verskil, want God is in Sy Woord. Laat God waaragtig wees maar elke mens 'n leuenaar. Indien u sou wegneem, of byvoeg by daardie Boek, het God belowe dat Hy plae sal byvoeg aan diegene wat byvoeg en hulle deel sal wegneem uit die Boek van die Lewe as hulle dit sou waag om iets daaruit weg te neem. Openb. 22:18,19.

Laat my net aantoon hoe die Rooms-Katolieke Kerk glo dat God in die kerk is in plaas van in die Woord. Hier is 'n uittreksel uit die dagboek van Pous Johannes die 23ste: "My ondervinding gedurende daardie drie jaar as Pous, sedert ek met 'vrees en bewing' die amp aanvaar het in suiwer gehoorsaamheid *van die Here se Wil, aan my oorgedra deur die Heilige Kollege van Kardinale in geheime sitting,* getuig van hierdie grondstelling en is 'n treffende en voortdurende rede vir my om daaraan getrou te bly; volkome vertroue in God, in alles wat die huidige aangaan, en in volmaakte gemoedsrus wat die toekoms betref." Hierdie pous stel dit dat God deur die kerk spreek en so Sy wil openbaar. Hoe vals. God is in Sy Woord en spreek deur die Woord terwyl Hy Sy wil openbaar. Hy het ook gesê dat hy volkome vertroue in die woord van mense het en daardeur dit met gemoedsrus gehoorsaam het. Dit klink so pragtig maar is so vals. Net soos die verdraaiing in die Tuin van Eden.

Kom ons gaan nou na Openb. 17 en betrag hierdie vrou, die kerk, wie lewe op grond van valse profesieë en nie die Woord van God nie. In vs. 1 noem God haar die groot hoer. Waarom is sy 'n hoer? Omdat sy in afgodsdiens is. Sy het die mense in dieselfde ding ingesleep. Wat is die geneesmiddel vir afgodsdiens? Die Woord van God. Dus is hierdie vrou 'n hoer omdat sy die Woord verlaat het. Daar sit sy op baie waters, wat 'n menigte mense beteken. Dit moet sekerlik die valse kerk wees, want die kerk van God is klein — daar is min wat dit vind.

Let op wat sy in die oë van God is, ongeag hoe pragtig sy vir die mense lyk en hoe filosofies sy klink. Sy is afskuwelik dronk in haar ontugtigheid. Nou was sy dronk van die bloed van die martelare. Net soos Isébel wat die profete en priesters om die lewe gebring het en die mense van God wat hulle nie wou neerbuig en Baäl aanbid nie, vernietig het. En dit is presies wat die Katolieke Kerk gedoen het. Hulle het diegene om die lewe gebring wat hulle nie wou neerbuig voor die pouslike heerskappy nie. Diegene wat die Woord van God gesoek het in plaas van die woorde van mense, is doodgemaak, gewoonlik op

wrede maniere. Maar hierdie kerk wat die dood uitgedeel het, was self dood, en het dit nie geweet nie. Daar was geen lewe in haar nie, en geen tekens het haar ooit gevolg nie.

RUIMTE VIR BEKERING

Openb. 2:21: "En ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie." Besef u dat hierdie kerk in der waarheid meer goddeloos was as Agab? Weet u dat hy hom vir 'n tydlank bekeer het en versigtig voor God gewandel het? Jy kan dit nie van die Rooms-Katolieke Kerk sê nie. O nee. Sy het haar nog nooit bekeer nie, maar het koppig almal vernietig wat probeer het om haar te help om te bekeer. Dit is geskiedenis. Nou nie alleen het God aangehou om in elke eeu boodskappers op te rig nie, maar Hy het ook wonderlike helpers opgerig om daardie boodskappers by te staan. Hy het aan elke eeu 'n aantal wonderbaarlike manne van God geskenk en hulle het alles in hul vermoë gedoen om die kerk terug te bring na God. God het haar sekerlik die geleentheid en alle hulp gebied om tot bekering te kom. Het sy haar ooit bekeer en dit aangetoon deur haar vrugte? O nee. Sy het nooit en sy sal nooit. Sy is dronk. Sy het haar sinne in geestelike dinge verloor.

Moet nou nie verwar raak en begin dink dat die Kerk van Rome bekeer het oor haar slagting van die heiliges omdat sy probeer om met die Protestante te verenig deur haar leerstelling in ooreenstemming te bring met die Protestante Leerstellings nie. Sy het nog nooit verskoning aangebied en gesê dat sy verkeerd was met haar massamoorde nie. En sy sal ook nie. Dit maak nie saak hoe sagsinnig en beminlik sy op hierdie tydstip voorkom nie; sy sal nogtans weer opstaan om dood te maak, want daar is moord in haar bose en onbekeerbare hart.

OORDEEL OOR DIE HOER GEVEL

Openb. 2:22-23: "Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en dié wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie. En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke."

Wat? Het hierdie vrou kinders gehad? En sy, 'n hoer? As dit so is dat sy kinders verkry het uit haar owerspel, dan moet sy met vuur verbrand word, soos die Woord gesê het. Dit is presies waar. Dit is haar einde, want sy sal in die vuur brand. Haar einde is in die poel van vuur, maar wag 'n oomblik en dink aan daardie kinders. 'n Vrou is die een uit wie die kinders

kom. Dit is duidelik dat hierdie vrou kinders gehad het wat uit haar gekom het maar hulle het dieselfde gedoen as sy. Wys vir my een kerk wat ooit uit organisasie gekom het en wat nie direk weer daarin verval het nie. Daar is nie een nie. Nie een nie. Die Lutherane het uitgekom en hulself toe weer terug georganiseer en vandag is hulle kop in een mus met die ekumeniese beweging. Die Metodiste het uitgekom en hulleself weer terug georganiseer. Die Pinkster groepe het uitgekom en hulleself weer terug georganiseer. Daar sal nog een wees wat sal uitkom, en, prys God, hulle sal nie terug organiseer nie, want hulle ken die waarheid. Daardie groep sal die bruid van die laaste dag wees.

Nou daar word hier gesê dat hierdie hoer kinders gehad het. Nou wat was hulle? Hulle was dogters, want hulle was kerke net soos sy. Hier is nou ’n baie interessante punt. Isébel en Agab het ’n dogter gehad. Daardie dogter het met Jehóram getrou, die seun van Jósafat, en in 2 Konings 8:16 staan daar dat “Jehóram gewandel het in die weg van sy skoonvader”. Deur hierdie huwelik het hy in tot afgodsdiens gegaan. Hy het die Godvresende en God-aanbiddende Juda in afgodsdiens ingebring. Dit is presies wat al hierdie dogterkerke gedoen het, soos ek vir u uitgewys het. Hulle begin in die waarheid en trou dan met organisasie en verlaat die Woord vir tradisie, geloofsbelydenisse, ens. Nou laat my dit by u tuisbring. In Heb. 13:7 staan daar: “Gedenk julle voorgangers wat die Woord van God aan julle verkondig het.” Dit is die Woord wat ons regeer, nie mense nie. ’n Man, as eggenoot, is die hoof van die vrou. Hy heers oor haar. Maar die kerk is ook ’n vrou, en haar heerser is die Woord. Jesus is die Woord. As sy die Woord verwerp en enige ander heerskappy aanvaar, is sy ’n owerspeelster. Noem nou vir my een kerk wat nie die Woord prysgegee het vir tradisie en geloofsbelydenisse nie. Hulle is almal owerspeelsters — soos die moeder is, so is ook die dogters.

Wat sal die straf wees vir die hoer en haar kinders? Wel, dit sal tweevoudig wees. Ten eerste het Hy gesê: “Ek werp haar neer op ’n bed”. Volgens die laaste gedeelte van vers 22 sal dit ’n bed van verdrukking wees, of die groot verdrukking. Dit is presies wat Jesus gesê het in Matt. 25:1-13. Daar was tien maagde. Vyf was verstandig en vyf was dwaas. Die vyf verstandiges het olie gehad (die Heilige Gees) maar die ander vyf nie. Toe die geroep weerklink het: “Daar kom die Bruidegom”, moes die vyf dwase maagde gaan olie soek terwyl die vyf verstandige maagde ingegaan het na die bruilof. Die vyf wat buite agtergebly het, is gelaat in die groot verdrukking. Dit is wat sal gebeur met almal wat nie opgaan in die wegraping nie. Dit is wat oor die hoer en haar dogters sal kom. Tweedens sê dit dat Hy hulle om die lewe sal bring met die dood of soos ’n letterlike vertaling dit stel: “Laat hulle gedood word met die

dood". Dit is 'n eienaardige gesegde. Ons mag wel sê: "Laat 'n man gedood word deur hom te hang of deur elektriese skok of op 'n ander wyse". Maar hierdie sê dit: "Laat hulle gedood word deur die dood." Dood opsigself is die oorsaak van hulle dood. Ek wil hê julle moet dit duidelik insien, dus sal ek weer ons illustrasie neem van die dogter van Isébel wat getrou het in die huis van Juda in en dit daardeur in afgodsdiens laat verval het en die oorsaak was dat God vir Juda oorgelewer het aan die dood. Dit is ook wat Bileam gedoen het. Hier, dus, is Isébel met haar heidendom. Daar is Juda, wat God behoorlik aanbid en onder die Woord lewe. Toe laat Isébel haar dogter met Jehóram trou. Die oomblik toe dit gebeur, het Jehóram veroorsaak dat die volk afgodsdienaars word. Die oomblik toe daardie huwelik plaasgevind het, was Juda dood. Geestelike dood het ingetree. Die oomblik toe die eerste kerk van Rome georganiseer het, het dit gesterf. Die oomblik toe die Lutherane georganiseer het, het die dood ingetree en het hulle gesterf. Laastens het die Pinkster groepe gekom en hulself georganiseer. Die Gees het hulle verlaat, hoewel hulle dit nie glo nie. Maar Hy het. Daardie huwelik het die dood veroorsaak. Daarna het die lig van Eenheid van die Godheid gekom. Hulle het georganiseer en ook gesterf. Daarna, nadat die vuur van God op die Ohio-rivier geval het in 1933, het 'n genesings herlewing deur die wêreld getrek, maar dit het nooit deur enige organisasie plaasgevind nie. God het buite die Pinkster-groepe gegaan, uit organisasie uit, en wat Hy in die toekoms gaan doen, gaan ook buite organisasie geskied. God kan nie deur dooies werk nie. Hy kan alleenlik deur die LEWENDE lidmate werk. Daardie lewende lidmate is buitekant Babilon.

Sien u dus, "Dood" of "Organisasie" het gekom, en die kerk het gesterf; of, om dit duideliker te stel, die dood het 'n inwoner geword waar kort tevore slegs die LEWE geheers het. Soos die oorspronklike Eva die dood vir die mens gebring het, só het organisasie nou die dood gebring, want organisasie is die produk van die tweevoudige verleiers, Nikolaïtisme en Bileamisme, voortgeplant deur die priesteres, Isébel. Eva moes saam met die slang verbrand gewees het as gevolg van hulle afskuwelike daad, maar Adam het tussenbeide getree en haar haastig vir homself geneem sodat sy gered is. Wanneer hierdie Sataniese godsdiens die volle weg van die kerkeeue gegaan het, sal daar niemand wees om tussenbeide te tree nie en sal sy saam met haar verleier verbrand word, want die hoer en haar kinders en die antichris en die Satan sal almal hul plek in die poel van vuur vind.

Net hier gaan ek nou miskien bietjie vooruit en miskien moet ek hierdie bewaar vir die boodskap vir die laaste eeu, maar dit lyk tog reg om dit hier te meld omdat dit so duidelik met organisasie verband hou en wat daardeur teweeggebring

gaan word. En ek wil u waarsku. Openb. 13:1-18: "En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering. En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote soos die van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag. En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer? En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen. En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om Sy naam en Sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster. Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie. En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die Boek van die Lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie. As iemand 'n oor het, laat hom hoor. As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word. Hier is die lydsaamheid en die geloof van die heiliges. En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vry-mense en die slawe, 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; Sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het. Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens; en sy getal is seshonderd-ses-en-sestig."

Hierdie hoofstuk toon die mag van die Rooms-Katolieke Kerk aan en wat sy deur organisasie sal vermag. Onthou, dit is die valse wynstok. Laat haar die Naam van Here noem, dit

geskied slegs in ’n leuen. Die hoofskap daarvan is nie van die Here nie, maar van die Satan. Uiteindelik word dit volkome met die dier geïdentifiseer. Die hoer wat ry op die skarlaken dier wys duidelik dat haar mag kom van die god van geweld (Satan) en nie ons God, die Here Jesus Christus nie.

In vs. 17 word daar nadruklik aangedui dat sy absolute beheer oor die wêreldhandel sal verkry, want niemand kan, sonder haar, koop of verkoop nie. Dit word gestaaf in Openb. 18:9–17 wat haar betrokkenheid aantoon met konings, prinse, handelaars, wat almal te doen het met Rome en die handel.

In Openb. 13:14 vind ons dat die dier sy invloed uitbrei deur die beeld wat vir hom geskep is. Die beeld wat geskep is, is ’n wêreldwye ekumeniese raad waarin al die georganiseerde kerke byeenkom met die Rooms-Katolieke (hulle doen dit nou reeds). Dit is heeltemal moontlik dat hierdie samesmelting sal plaasvind ten einde die mag van die kommunisme te stuit. Maar aangesien kommunisme, soos Nebukadnésar, opgerig was om die vlees van die hoer te verbrand, sal Rome oorwin en vernietig word. Let daarop dat, oral waar die Roomse kerk gegaan het, kommunisme gevolg het. Dit moet so wees. Laat ek u nou waarsku: moenie dink dat kommunisme u enigste vyand is nie. O nee. Dit is die Katolieke Kerk ook en nog meer so.

Kom ons lees nou Openb. 13:1–4 en vergelyk dit met Openb. 12:1–5. Openb. 13:1–4: “En ek het ’n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe ’n naam van godslastering. En die dier wat ek gesien het, was soos ’n luiperd, en sy pote soos die van ’n beer, en sy bek soos die bek van ’n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag. En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?” Openb. 12:1–5: “En ’n groot teken het in die hemel verskyn: ’n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof ’n kroon van twaalf sterre; En sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood. En ’n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was ’n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; En sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. En sy het ’n manlike kind gebaar, wat al die nasies met ’n ystersepter sou regeer, en haar kind is weggeruk na God en Sy troon.” Satan en sy Sataniese godsdiens is in albei hierdie diere. In Openb. 14 is die dier wat gewond was tot die dood toe; maar weer lewendig geword het,

imperiële heidense Rome wat geval het voor die aanvalle van die barbare en daardeur haar tydelike mag verloor het. Maar wat sy weer in pouslike Rome herwin het. Sien u dit? Die nasie wat regeer het deur alles te vergruis en wat die sterkste ryk van alle tye geword het, is uiteindelik gewond tot die dood toe. Haar fisiese krag, om te heers deur middel van leërs, is vernietig. Maar onder Konstantyn het sy teruggekeer tot die lewe, want pouslike Rome het die hele wêreld geïnfiltreer en haar mag is absoluut. Sy maak gebruik van konings en handelaars en deur middel van haar dodelike godsdienstige en finansiële mag, regeer sy as die godin van die huidige eeu. Sy is ook die draak wat gestaan en wag het om die manlike kind te verslind. Herodus het probeer om die Here Jesus om die lewe te bring, en misluk. Later is Jesus deur Romeinse soldate gekruisig maar is nou opgeneem na die troon.

Nou gepaard met wat ek so pas gesê het, dink terug aan die gesig van Daniël. Die laaste gedeelte van die beeld, die laaste wêreldmag, was in die voete. Dit was yster en klei. Sien die yster is die Romeinse Ryk. Maar dit is nou nie meer soliede yster nie. Daar is klei daarby gemeng. Dit bestaan nogtans en dit beheer wêreldsake in die demokratiese nasies en in die meer despotiese nasies. Die Roomse kerk is in elke nasie. Dit is vermeng in dit alles.

Laat ek u iets vertel aangaande die yster en klei. Onthou u toe Krushchev sy skoen op die lessenaar geslaan het by die V.V.O.? Wel, daar was vyf Oosterse nasies daar en vyf Westerse. Krushchev het namens die Ooste gepraat en Pres. Eisenhower namens die Weste. Krushchev beteken klei in Russies, en Eisenhower beteken yster. Die twee hoofleiers van die wêreld, die twee groottone van die voete van yster en klei, was naas mekaar. Ons staan aan die einde van alles.

In vs. 4 word daar gevra: "Wie kan teen die dier oorlog voer?" Daar is tans 'n aantal groot name in die wêreld. Daar is ook magtige nasies, maar tans gee Rome die toon aan. Die pous is in die bestuurderstoel. En sy mag gaan toeneem. Niemand kan teen hom oorlog voer nie.

Vs. 6: "En hy het sy mond oopgemaak om te laster." (Deur leringe te leer wat die gebooie van mense is, roekeloos, verwaand, liefhebbers van genot, wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën). Hy het die Naam van God gelaster — daardie Naam verander na titels en weier om anders op te tree.

Vs. 7: "Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges." Vervolging — dood vir die ware gelowige en alles in die Naam van die Here ten einde die Naam van God te belaster, soos dit ook in Rusland is as gevolg van wat die Katolieke godsdiens daar gedoen het.

Vs. 8: "En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die Boek van die Lewe van die Lam wat geslag het, geskrywe is nie."

Dank God dat die skape hom nie sal aanbid nie. Almal behalwe die werklike uitverkorenes sal mislei word. Maar hulle sal nie mislei word nie. Want hulle hoor die Herder se stem en hulle volg Hom.

Let dan nou op na wat ons probeer het om vir u aan te toon. Hierdie saad van die dood wat in die eerste eeu sy begin gehad het — hierdie saad van organisasie, het uiteindelik die boom geword waarin alle haatlike voëls versamel. Ten spyte van haar aanspraak dat sy die gewer van lewe is, is sy die gewer van die dood. Haar vrugte is die DOOD. Diegene wat deel aan haar het, is dood. Hierdie magtige wêreld-kerk-stelsel wat die wêreld mislei dat sy fisiese en geestelike redding bied, verlei en vernietig die menigte. Maar sy is nie slegs die verpersoonliking van die dood nie, maar hierdie dooie, aasagtige skepsel sal self gedood word met die dood wat die poel van vuur is. O, dat mense sal besef wat hul uiteinde sal wees deur in haar te bly. "Kom uit haar uit; want waarom sal u sterf?"

'N FINALE WAARSKUWING

Openb. 2:23: "En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke."

God kyk na die hart. Dit het nooit verander nie. Dit sal ook nooit verander nie. Hier, soos in al die eeue, is daar twee groepe, wat albei daarop aanspraak maak dat hul openbaring van God afkomstig is en wat hulle beroem op hul verhouding met God. "Nietemin, die fondament van God staan vas met hierdie seël: *Die Here ken die wat Syne is."* 2 Tim. 2:19: "Die Here deursoek die niere." Die woord 'deursoek' beteken 'opspoor' of om 'op te volg'. Die Here deursoek ons gedagtes; (niere). Hy weet wat in ons harte lê. Hy sien ons werke wat 'n besliste manifestasie is van dit wat in ons is. Dit is vanuit die hart waar regverdigheid of goddeloosheid voortkom. Ons motiewe, ons bedoelinge - alles is aan Hom bekend, terwyl Hy let op elke handeling. Elke handeling, elke woord, sal in die oordeel gebring word wanneer ons rekenskap van ons lewens gee. Daar was geen vrees vir God by die valse wynstok nie, en hulle sal duur betaal. Laat elkeen wat Sy Naam noem, só leef soos dit die heiliges betaam. Ons kan miskien die mense om die bos lei, maar ons kan nie die Here bedrieg nie.

DIE BELOFTE IN DAARDIE DONKER DAE

Openb. 2:24–25: "En Ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie. Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom." Voordat ons nou op die belofte ingaan, laat my weer aantoon dat die kerk wat deur die Gees in hierdie boek aangespreek word, twee wynstokke het wie se ineengestrengelde takke dit saamstel. "En Ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie." Daar is dit. Hy praat met die twee groepe. Een het die leer, die ander nie. Daar is hulle, versprei deur die nasies, met elkeen se leer teenstrydig met die ander s'n: een is uit God en ken Sy diepte, die ander is uit die Satan en ken die dieptes van die Satan.

"*Ek sal op julle geen ander las lê nie.*" Die woord vir las is gewig of drukking. Die druk van die Donker Eeue was óf buig óf breek. Buig of sterf. Dit was die inkwisisie, die mag van die ryk wat Sataniese godsdiens gerugsteun het. Wees georganiseer of betaal met jou lewe. Elke eeu het sy druk gehad. In die laaste eeu word druk byvoorbeeld uitgeoefen deur rykdom, gemaklike leefwyse, en senuspanning in 'n ingewikkelde tydperk waarin ons nie geskik lyk om te leef nie. Die druk in hierdie vierde eeu was duidelik. Dit was om Rome te trotseer, op te kom vir die Woord, selfs tot die dood toe.

"*Hulle het die dieptes van die Satan nie leer ken nie.*" Dit lyk asof hierdie vers deur die verklaarders uitgelaat is omdat hulle nie in staat was om te bepaal watter lering of welke ervaringe met hierdie gedeelte bedoel word nie. In werklikheid is dit eenvoudig om te weet wat bedoel word. Laat ons eers weet wat die diepte van God is, en die teenoorgestelde sal dan waar wees vir die diepte van die Satan. Ef. 3:16: "Dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van Sy heerlikheid om met krag versterk te word deur Sy Gees in die innerlike mens, sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God." Nou volgens hierdie verse, wanneer 'n man die diepte van God in sy lewe ervaar, is dit 'n werklike, persoonlike ervaring van die Gees van God wat in hom woon, en sy verstand is verlig deur die wysheid en kennis van God deur die Woord. Maar die diepte van Satan lê daarin dat hy sal probeer om dit te vernietig. Hy sal soos altyd probeer om 'n plaasvervanger vir hierdie werklikheid van God te skep. Hoe sal hy dit doen? Hy sal die kennis van die waarheid van God

wegneem — die Woord vernietig deur sy eie in die plek daarvan te stel, "Ja, het God gesê?". Hy sal dan die persoonlike Christus in ons gees vervang. Hy sal dit doen, soos hy met Israel gemaak het - deur middel van 'n mens wat as koning regeer in plaas van God. Die ervaring van die wedergeboorte sal verwerp word ten gunste van aansluiting by 'n kerk. Die dieptes van Satan is in daardie eeu binnegegaan. En die vrug van daardie diepte van die Satan wat leuens, moord en afgryslike misdade is, het daaruit voortgevloei.

DIE BELONINGS

Openb. 2:26-29: "En aan hom wat oorwin en My werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, En hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. En Ek sal hom die môrester gee. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

"*Hy wat oorwin en My werke tot die einde toe bewaar.*" Dit is baie duidelik uit die opmerkings van die Gees oor werke dat die Here probeer om Sy eie, Sy mening van regverdige werke te laat insien. Hy noem werke vier keer. En nou sê Hy dat hy wat aanhou om getrou Sy werke te doen tot die einde toe, mag oor nasies sal ontvang, en 'n sterk, bekwame, ferm heerser sal wees wie enige situasie so kragdadiglik die hoof sal kan bied dat selfs die mees vasbeslote vyand vernietig sal kan word as dit nodig is. Sy demonstrasie van magsheerskappy sal selfs wees soos die van die Seun. Dit is baie verbasend. Maar kom ons beskou hierdie belofte in die lig van die eeu. Magtige Rome wat, met staatssteun, en deur middel van konings en leërs en wetgewers, verbreek en vergruis alles wat voorkom. Sy het miljoene doodgemaak en smag daarna om nog miljoene dood te maak wat nie voor haar wil buig nie. Sy stel konings onverdraagsaam aan bewind of onttroon hulle wanneer sy kan. Ja, haar inmenging het inderdaad nasies tot 'n val gebring omdat sy haar ten doel gestel het om die uitverkorenes van God te vernietig. Haar werke is die werke van die duiwel want sy moor en lieg net soos hy. Maar die dag kom wanneer die Here sal sê: "Bring My vyande voor My en maak hulle dood." Dan sal die regverdiges by hulle Heer wees wanneer Sy regverdige toorn op die lasteraars neerkom. Die regverdiges wat met Hom in heerlikheid kom, sal diegene wat die aarde vernietig het, en wat verwoesting gesaai het onder die heiliges van God, vernietig. Dit was die eeu van die ander wang keer, van verskriklike nood; maar die dag kom wanneer die waarheid sal oorwin; en wie sal in die vuur daarvan staan en veilig wees? Net die verlostes van die Here.

"*En Ek sal hom die môrester gee.*" Volgens Openb. 22:16 en 2 Pet. 1:19, is Jesus die Môrester. "Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester." "Totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte." Die Gees maak dus 'n belofte aan die uitverkorenes van die Donker Eeue relatief tot Homself en dan in die eeue wat kom.

Soos ons reeds gesê het, identifiseer Jesus Homself met die boodskappers van elke eeu. Van Hom ontvang hulle die openbaring van die Woord vir elke tydperk. Hierdie openbaring van die Woord bring die uitverkorenes van God uit die wêreld en in volkome eenheid met Jesus Christus. Hierdie boodskappers word sterre genoem omdat hulle skyn met die geleende of weerkaatste lig van die Seun, Jesus. Hulle word ook sterre genoem omdat hulle 'lighouers' is in die nag. So, in die donkerte van die sonde, bring hulle die lig van God aan Sy mense.

Hierdie is die Donker Eeue. Dit is besonder donker, want die Woord van die Here is feitlik heeltemal verberg vir die mense. Kennis van die Allerhoogste bestaan feitlik nie. Die dood het groot getalle van die gelowiges getref totdat hulle geweldig uitgedun is. Die dinge van God het 'n laagtepunt bereik en dit het gelyk of die Satan sekerlik die volk van God sou oorwin.

As mense ooit 'n belofte nodig gehad het wat die land waar geen donkerte heers nie, was dit die mense van die Donker Eeue. En dit is waarom die Gees hulle die môrester belowe. Hy vertel hulle dat die Hoofster, Jesus, Wat woon in Lig wat geen mens kan nader nie, hulle in die toekomstige koninkryk sal verlig met Sy eie persoonlike teenwoordigheid. Hy sal dan nie meer die sterre (boodskappers) gebruik om die lig in die duisternis in te neem nie. Dit sal Hy, Jesus, Self wees wat van aangesig tot aangesig met hulle sal praat terwyl Hy Sy koninkryk met hulle deel.

Dit is die môrester wat sigbaar is wanneer die sonlig begin skyn. Wanneer ons Son, (Jesus) kom, sal boodskappers nie meer nodig wees nie, Hy sal Sy boodskaap van vreugde Self bring, en soos Hy heers oor Sy koninkryk, en ons in Sy teenwoordigheid leef, sal die lig van die Woord helderder en helderder word in ons volmaakte dag.

Wat anders kan ons bo Jesus Self begeer? Is Hy nie alles, selfs Volmaak Alles, nie?

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Amen. Net so, Here God, laat ons U waarheid hoor deur U Gees.

HOOFSTUK SEWE

DIE SARDIESE KERKEEU

Openbaring 3:1–6

En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dit sê Hy Wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood.

Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie.

Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos ’n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.

Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.

Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die Boek van die Lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor My Vader en voor Sy engele. Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

SARDIS

Sardis was die hoofstad van eertydse Lidië. Dit het hande verwissel van die Lidiaanse konings na die Perse en toe na Alexander, die Grote. Dit is deur Antiochus die Grote geplunder. Die konings van Pérgamus het toe deur opvolging in beheer gekom totdat die Romeine oorgeneem het. In die tyd van Tiberius is dit deur aardbewings en plae verwoes. Vandag is dit ’n klomp ruïnes, en onbewoon.

Op handelsgebied was die stad eens op ’n tyd baie belangrik. Plinius het gesê dat die kuns om wol te kleur, daar ontdek is. Dit was die middelpunt van wolkleurwerk en mat weefwerk. Daar was ’n goeie hoeveelheid silwer en goud in die omgewing en daar word vertel dat goue muntstukke eerste daar gemunt is. Dit het ook ’n slawemark gehad.

Die godsdiens van hierdie stad was die onsuiwer aanbidding van die godin Sibele. Die massiewe ruïnes van die tempel kan nog gesien word.

U sal onthou dat, in die Pergameense Eeu, ek daarvan melding gemaak het dat die Babiloniese begrip van “moeder en seun”, bekend as Semiramis en Ninus, die Sibele en Deoius van Asië geword het. Die hoedanighede wat aan hierdie twee toegeskryf word, is mees insiggewend as ons hulle naas mekaar bekyk.

Hy was die songod; sy was die maangodin.

Hy was die heer van die hemel; sy was die koningin van die hemel.

Hy was die openbaarder van goedheid en waarheid; sy van sagsinnigheid en genade.

Hy die middelaar; sy die bemiddelaarster.

Hy met die sleutel wat die poorte van die onsigbare wêreld oop- en toesluit; sy met 'n identiese sleutel wat dieselfde doen.

Hy as regter van die dode; sy wat aan sy sy staan.

Hy is doodgemaak, het opgestaan en opgevaar na die hemel; sy is liggaamlik soontoe gedra deur die seun.

Nou in Rome, is aan hierdie selfde god die titel van ons Here gegee: hy word die Seun van God genoem en sy die moeder van God.

Nou dit is wat ons daar gevind het in die ander twee eeue, waar die 'moeder en seun'- begrip sulke geweldige afmetings aangeneem het. Maar let nou op, net soos in Babilon van ouds, dat die aanbidding van die seun mettertyd begin afneem het ten gunste van die aanbidding van die moeder, sodat sy letterlik die plek van die seun begin inneem het. Ons sien in hierdie eeu dat die heidense aanbidding van Sardis die aanbidding van die vrou was. Dit is slegs Sibele, nie Sibele en Deoius nie. Die moeder het letterlik die plek van die Seun ingeneem en aan haar is toegevoeg die eer van die Godheid. Al wat mens hoef te doen is om haar verskeie titels na te gaan en die lieflike hoedanighede in herinnering te roep wat deur die Roomse Kerk aan Maria toegedig word ten einde te begryp waar die godsdiens van hierdie eeu vandaan gekom het.

Daar was twee dinge wat my geweldig getref het toe ek ingegaan het op hierdie aanbidding van Sibele. Een was die feit dat sy 'n sleutel gedra het, soos Janus, wat haar dieselfde gesag as Janus verleen het (die sleutel tot die hemel en aarde en die verborgenhede) en die feit dat die aanbidders hulself met swepe slaan totdat die bloed uit hul liggame spuit, wat vandag ook deur die Katolieke gedoen word wat voel dat hulle soos die Here ly.

Die feit dat hierdie die eeu is waarin die eerste werklike wegbreekbeweging, weg van pouslike Rome af, gefloreer het, het ongetwyfeld tot gevolg gehad dat die Isébel profetes haar lering van Maria-aanbidding gekonsolideer en beklemtoon het, in regstreekse opposisie tot die Protestante wat haar enige plek hoegenaamd in die Reddingsplan ontsê het, afgesien van haar guns in die oë van God as draer van die Kind. Soos Luther die leer van regverdigmaking deur die geloof laat uitkristalliseer het, het hulle gebly by werke, boetedoening, gebed en ander onskriftuurlike metodes. Net soos die bevryde Christene die

Seun verheerlik het, het die Rooms-Katolieke hul vergoddeliking van Maria verder gevoer, totdat, in die twintigste eeu, Pous Pius letterlik vir Maria verhef het tot verheerliking in ’n verrese liggaam (in teenkanting met die meeste hooggeplaasde Roomse teoloë). Daardie leer is volkome die Babiloniese een van die seun wat die moeder liggaamlik tot in die hemel voer.

Geen wonder nie dat hierdie vyfde eeu saamgaan met al die ander eeue en dit sal aanhou doen totdat dit eindig in die poel van vuur waar die hoer en haar kinders in die tweede dood gedood word. Daar is dit, Maria-aanbidding, die aanbidding van Sibele. Terloops, het u geweet dat Sibele die Astarte was van wie Isébel die priesteres was en wat Israel laat struikel het deur die losbandige seremonies wat sy uitgevoer het? Ja, dit is wie sy in die Bybel was.

DIE EEU

Die Sardiese, of vyfde eeu, het geduur van 1520 tot 1750. Dit word gewoonlik die Eeu van die Hervorming genoem.

DIE BOODSKAPPER

Die boodskapper vir hierdie eeu is die bekendste boodskapper van al die eeue. Hy was Martin Luther. Martin Luther was ’n briljante student met ’n minsame natuur. Hy was besig om hom as prokureur te bekwaam toe die uitgerekte siekte en dood van ’n boesem vriend hom ernstig laat dink het oor die geestelike toestand van sy eie lewe. In 1505 het hy sy intrek geneem in die Augustynse klooster by Erfurt. Daar het hy wysbegeerte bestudeer, asook die Woord van God. Hy het ’n lewe van uiterste boetedoening gelei maar al die uiterlike handelinge kon nie sy skuldgevoel van die sonde verban nie. Hy het gesê: “Ek het my tot die dood toe gepynig om vrede te maak met God, maar ek was in die duisternis en kon dit nie vind nie.” Die vikaris-generaal van sy orde, Staupitz, het hom gehelp om die insig te verkry dat sy redding die ervaring van ’n innerlike werking moet wees eerder as ’n ritueel. Met hierdie aanmoediging het hy verder na God gesoek. Later het hy ’n priester geword. Tot nog toe was hy nie gered nie. Hy het ’n ywerige en diepsinnige student van die Woord geword en van nog bestaande groot teologiese werke. Hy was ’n gesogte onderwyser en prediker weens sy diepgaande kennis en uiterste opregtheid. Ten einde ’n belofte wat hy aan homself gemaak het, gestand te doen, het hy na Rome gegaan. Daar het hy die nutteloosheid van die kerk se opgelegde werke, wat saligheid moes bring, raakgesien, en die Woord van God het tot sy hart deurgedring, “Die regverdiges sal deur geloof lewe.” By sy

terugkeer het die evangeliese waarheid van hierdie skrifgedeelte sy gedagte oorheers en hy is vrygemaak van die sonde en gebore in die koninkryk van God. Kort hierna het hy Doktor in Godgeleerdheid geword met die opdrag "om sy hele lewe aan studie te wy en om die heilige Skrif getrou uit te lê en te verdedig." Dit het hy gedoen, met sodanige gevolg dat sy hart en die harte van almal om hom diep gevestig is op die waarheid van die Woord. Baie gou het die Woord in openlike konflik gekom met die wanpraktyke van kerkgeloofsbelydenisse en dogmas.

Dus, toe Leo X pous geword het, en Johannes Tetzel gekom het om sonde-aflaatbriewe te verkoop, het Luther geen keuse gehad nie as om hierdie anti-Skriftuurlike lering teë te gaan nie. Eers het hy met mening vanuit die kansel daarteen gepreek en toe het hy sy beroemde 95 stellings geskryf wat hy op 31 Oktober 1517 vasgespyker het aan die deur van die Kasteelkerk.

In 'n kort tydjie was Duitsland in rep en roer, en die Hervorming was aan die gang. Nou daar moet onthou word dat Martin Luther nie die enigste een was wat teen die Rooms-Katolieke Kerk geprotesteer het nie. Hy was maar een van vele. Andere het die pouse se selftoegeëiende wêreldlike en geestelike mag weerspreek, en selfs onder die pouse was daar klein, tydelike hervormings gewees. Ja, daar was baie ander wat sake te vore gebring het, maar in die geval van Luther het God die tydstip reg geag vir 'n besliste beweging wat die begin van die herstel van die kerk sou wees tot die uitstorting van die Heilige Gees op 'n veel later tydstip.

Nou Martin Luther, self, was 'n sensitiewe, Geesvervulde Christen. Hy was beslis 'n man van die Woord, want hy het nie net 'n diepgaande voorliefde gehad om dit te bestudeer nie, maar ook om dit aan almal beskikbaar te stel sodat almal daarvolgens kon lewe. Hy het die Nuwe Testament vertaal en aan die volk gegee. Hierdie veeleisende werk het hy self gedoen en gedeeltes tot twintig keer verbeter. Hy het om hom 'n groep Hebreeuse geleerdes byeengebring, onder wie Jode was, en die Ou Testament vertaal.

Hierdie monumentale werk van Luther is nou nog steeds die werk waarop alle daaropvolgende Skrifwerke in Duitsland gebaseer is.

Hy was 'n magtige prediker en leermeester van die Woord gewees en het, veral in sy eerste jare van openbare aansien, aanhoudend beklemtoon dat die Woord die enigste maatstaf is. Dus was hy gekant teen werke as middel tot saligheid en die doop as middel tot wedergeboorte. Hy het die middelaarskap van Christus, nie die mens nie, geleer, soos die oorspronklike en Pinksterbegrip was. Hy het baie gebid en het besef dat, hoe

meer werk hy gehad het om te doen en hoe meer beperk sy tyd was, hy meer van sy tyd aan God gegee het in gebed ten einde bevredigende resultate te verseker. Hy het geweet wat dit beteken om met die duiwel stryd te voer en daar word vertel dat die Satan eenkeer sigbaar aan hom verskyn het waarop hy die inkpot na hom gegooi en hom gebied het om weg te gaan. By 'n ander geleentheid het twee dwepers na hom toe gekom om hom om te praat om hom by hulle aan te sluit om alle priesters en Bybels in die ban te doen. Hy het die gees in hulle onderskei en hulle weggestuur.

In Sauer se "History", Vol. 3, bl. 406, is daar opgeteken van Dr. Martin Luther dat hy "'n profeet, evangelis, spreker in tale en uitlegger van tale, in een persoon, toegerus met al nege gawes van die Gees was."

Wat sy hart deur die Heilige Gees geroer het, en wat die groen halmpie was wat daarop gedui het dat die Pinksterwaarheid aan die terugkeer was in die kerk, was die leer van regverdigmaking: redding deur genade, afgesien van werke. Ek erken dat Dr. Luther nie net in regverdigmaking geglo het en dit gepredik het nie, maar dit was sy hooftema, soos dit inderdaad moes wees, want dit is die basiese lering van die waarheid van die Woord. Hy sal altyd bekend wees as die instrument in die hand van God wat hierdie waarheid laat herleef het. Hy was die vyfde boodskapper en sy boodskap was: "DIE REGVERDIGE SAL UIT DIE GELOOF LEWE". Ons erken sekerlik dat hy geweet en geleer het dat ons van geloof tot geloof moet gaan. Sy wonderbaarlike begrip van soewereiniteit, uitverkiesing, vooruitbeskikking en ander waarhede toon hom as 'n groot man in die Woord, maar ek sê weer, soos die geskiedkundiges, dat God hom gebruik het om God se weerstand teen werke aan die mense te bring – "Die regverdige sal uit die geloof lewe".

Nou soos ek reeds gemeld het, is hierdie eeu deur historici die Tydvak van die Hervorming genoem. Dit is presies reg. Dit is wat dit was. Dit moes so gewees het, want Martin Luther was 'n hervormer, nie 'n profeet nie. Ek weet dat die geskiedenisboek hom 'n profeet noem, maar dit beteken nie dat die geskiedenisboek korrek is nie, want daar is geen rekord wat aantoon dat Martin Luther as 'n ware profeet van God kwalifiseer in die Skriftuurlike sin van die woord nie. Hy was 'n uitstekende leermeester met sommige van die manifestasies van die Gees in sy lewe, en ons prys God daarvoor. Dus was hy nie in staat om die kerk terug te lei tot die hele waarheid nie, soos 'n man soos die apostel Paulus, wat beide apostel en profeet was, wel kon doen nie.

Ons vind nou dat met verloop van tyd daar 'n groot verandering ingetree het in die wyse waarop hy die sake behartig het waarby hy betrokke was. Aanvanklik was hy so

saggeaard, so onbevrees, so geduldig, en hy het altyddeur op God gewag om die probleme op te los. Maar later aan het groot getalle mense hom begin volg. Hulle doel was nie 'n suiwer geestelike een nie; inteendeel, daar was politieke motivering daaragter. Hulle wou die juk van die pous verbreek. Hulle het nie daarvan gehou om geld na Rome te stuur nie. Dwepers het te voorskyn gekom. Gou is hy ingesleep in politieke aangeleenthede en in beslissings wat eintlik buite die werksaamhede van die kerke behoort het behalwe dat die kerk, deur gebed, prediking en orde, 'n standaard mag stel om op ag te slaan. Hierdie politieke probleme het groter geword totdat hy in die onhoudbare posisie gedryf is om as tussenganger tussen landeienaars en landbewoners op te tree. Sy beslissings was so verkeerd dat 'n opstand ontketen is waartydens duisende gedood is. Hy het dit goed bedoel, maar toe hy eers toegelaat het dat hy in 'n Kerk-Staat-Evangelie betrokke raak, moes hy die storm maai.

Ten spyte van alles, het God vir Martin Luther gebruik. Laat dit nie gesê word dat sy bedoelings verkeerd was nie. Laat dit net gesê word dat sy oordeel hom in die steek gelaat word. Waarlik, as die Lutherane net kon terugkeer tot sy leringe en God dien soos hierdie begenadigde broeder Hom gedien het, sal hulle sekerlik tot krediet en lof staan van die groot God en Saligmaker, Jesus Christus.

DIE BEGROETING

Openb. 3:1: "En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dit sê Hy Wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het."

Weereens, soos in die voorafgaande vier eeue, openbaar die Gees ons genadige Here aan ons deur Sy wonderlike hoedanighede uiteen te sit. Dié keer, soos Hy in die midde van die kerk staan, sien ons Hom as die Een met die sewe Geeste van God en die sewe sterre. Ons weet wie die sewe sterre is, maar ons moet uitvind waarna die sewe Geeste verwys.

Dieselfde sinsnede word vier keer in die Boek Openbaring aangetref. Openb. 1:4: "Van die sewe Geeste Wat voor Sy troon is." Openb. 3:1 "Dit sê Hy Wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het." Openb. 4:5: "En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan, en sewe vuurfakkels (lampe) wat die sewe Geeste van God is, het voor die troon gebrand." Openb. 5:6: "En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde."

Om mee te begin, weet ons met sekerheid dat hierdie Skrifgedeeltes nie ’n nuwe lering verkondig wat teenstrydig is met Johannes 4:24 nie: “God is (een) Gees”. Maar is soos I Kor. 12:8–11 waarin ons EEN Gees vind wat Hom op NEGE maniere openbaar. Dus weet ons dat die sewe Geeste van God beteken dat dit een en dieselfde Gees is wat op sewevoudige wyse na vore tree. Nou in Openb. 4:5 word daardie selfde sewe Geeste “vuurfakkels” lampe genoem wat voor die Here brand. Aangesien Johannes slegs Ou-Testamentiese simbole in die Openbaring gebruik het, blaai ons terug na die Ou Testament en vind daar in Spreuke 20:27: “die gees van die mens is ’n lamp van die Here.” Ons vind dus dat hierdie sewe Geeste met die mens vereenselwig word. Johannes die Doper, in Johannes 5:35, is ‘die lamp wat brand en skyn’ genoem. Wat in werklikheid vertaal behoort te word as ‘brandende lamp’. Weer, in Openb. 5:6 word die sewe Geeste geïdentifiseer as sewe oë. In Sag. 4:10: “Want wie verag die dag van klein dinge? terwyl daardie sewe, die oë van die Here wat die ganse aarde deurloop – met blydskap die skietlood aanskou in die hand van Serubbábel?” Dit is baie duidelik dat “daardie” hier verwys na manne. Dus sien ons dat die oë van die Here in hierdie geval manne is – hulle sal natuurlike gesalfde manne wees, vervul met die Heilige Gees, want God se bediening is nie in die krag van mense nie maar van die Heilige Gees. *Voeg ons nou ons Skriftuurlike ontdekkings saam, is dit duidelik dat die sewe Geeste van God verwys na die aaneenlopende bediening van dieselfde Heilige Gees in die lewens van sewe manne met wie God Hom baie nou vereenselwig*. Hulle is Sy oë, en hulle is Sy lampe. Wie hierdie sewe manne is, kan baie maklik gesien word, want die volgende sinsnede noem hulle die sewe sterre wat reeds aan ons bekend is as die sewe boodskappers vir die sewe eeue. Hoe pragtig is dit nie. Ons sien dat die ster bedoel was om snags lig te weerkaats, want die son is weg. Net so moes die boodskapper (gesimboliseer as ’n ster) aan elke eeu die lig van die Seun weerkaats. *Hulle het dit almal gedoen deur die Heilige Gees*.

Paulus was die eerste boodskapper en hy het in Gal. 1:8, gesê, dat, al sou ’n engel, enige boodskapper, enige vikaris, wie ook al – ’n evangelie verkondig in stryd met die wat Paulus verkondig het, laat hom ’n vervloeking wees. Paulus het geweet dat, na sy vertrek, wrede wolwe sou inkom. Hy het geweet dat die Satan self as ’n engel van die lig kon verskyn, so hoeveel te meer nie sy dienaars nie. Hy waarsku dus dat hierdie Evangelie altyd dieselfde sal wees. Nou Paulus het in Jesus Naam gedoop en mense oorgedoop wie nie so onderdompel was nie. Hy het die kerk in orde geplaas en die behoorlike gebruik van die gawes van die Gees verkondig en bevestig dat hulle in die kerk moet bly totdat Jesus kom. So sou die volgende boodskappers, die oorblywende ses, deur

dieselfde Heilige Gees brand met dieselfde vuur en dieselfde lig van die Evangelie van Jesus Christus en die tekens sou hulle volg. Het Irenaeus gekwalifiseer? Ja. Het Martin? Ja. En Columba? Ja. Martin Luther? Ja, baie beslis. Het Wesley? Ja, hy het ’n groot bediening gehad en selfs vir sy perd gebid om gesond te word en die perd het. Daar het u dit. Sewe kerkeeue en sewe boodskappers wat eenders was; en Paulus het ’n vloek uitgespreek oor enigeen wat sou sê dat hy ’n boodskapper is maar wat ’n ander evangelie verkondig en in ’n ander lig lewe.

Nou strook hierdie laaste stelling van my met die res van die Woord? Ja. Dit sê dat as enige mens iets by hierdie boek voeg of iets daarvan wegneem, sal vir hom plae bygevoeg word en sal hy deur God veroordeel word. God het gesê: ‘Ek sal oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is of ek sal sy deel wegneem uit die Boek van die Lewe.” Openb. 22:18.

Ons sien dus dat die Sewe Geeste in der waarheid verwys na die Een Gees van God Wat die wil en Woord van God in verskillende geslagte uitvoer. Ek wil dit graag uit die Woord illustreer. Die Gees van God was sterk op Elia. Daarna het dieselfde Gees met ’n dubbelmaat op Elisa neergedaal. Toe eeue later, het dieselfde Gees Wat ons die Gees van Elia noem ten einde Sy bediening te beskryf, teruggekeer op Johannes die Doper. Eendag sal daardie selfde Gees, uitkenbaar deur dieselfde wyse van bediening, neerdaal op ’n man vir die einde van die Heidense kerkeeu. Weer: die Skrif sê dat God vir Jesus van Nasaret gesalf het met die Heilige Gees en met krag en dat Hy uitgegaan het om goeie werke te doen en almal gesond te maak wat van die duiwel besete was. Met die hemelvaart van Jesus, het Hy vir Sy dissipels gesê om te wag tot Pinkster, wanneer dieselfde Gees wat op Hom was, sou terugkeer en op hulle uitgestort word en hulle sou vervul. Daarna sou daardie ‘uitgeroepe’ liggaam (die kerk) in Sy plek op aarde wees, en omdat dieselfde Gees Wat in Hom was, in hulle sou wees, sou hulle dieselfde werke doen. Enige groep mense wat waarlik die Liggaam van Jesus Christus is (die ware kerk) sal dieselfde werke as Jesus en die Pinksterkerk manifesteer omdat dieselfde Gees in hulle sal wees. Enige ander kerk wat nie die Gees en die manifestasies besit nie, sal aan God rekenskap moet gee.

Dit sê ook hier dat daardie sewe sterre, of sewe boodskappers vir die sewe eeue, in Sy hand is. Hy hou hulle vas. U weet dadelik dat, as hulle in Sy hand gehou word, hulle geassosieer word met Sy krag. Dit is wat die hand beteken. Dit dui op die krag van God! Die gesag van God. Nie een van die hulle het in eie krag of gesag gekom nie. Dit is wat Paulus gesê het. Geen man sou dit durf doen nie. Dit verg die gesag van

God en die krag van die Heilige Gees. Die Evangelie word gepreek deur die gesag van God in die krag van die Gees. Hierdie manne is almal gemagtig deur die Heilige Gees. Hulle het weerstand gebied teen die wêreld. Hulle kon dit doen. Hulle was vol van God. Hulle is GESTUUR of deur God gemagtig, NIE deur hulself of ander manne nie.

Nou hulle het gehad wat die wêreld nie kon besit nie. Jesus het gesê dat, wanneer Hy weggaan, Hy Sy Gees sou stuur Wat die wêreld nie kon ontvang nie. Dit is reg. Die wêreld, of wêreldstelsels, kon Hom nie ontvang nie. Dit is wat organisasie is - dit is wêreldstelsel. Wys my 'n wêreldstelsel-kerk wat vervul is met die Heilige Gees. Ek wil dit sien. As u so 'n kerk vir my kan wys, vind u 'n fout in die Woord. O nee. Nie een van daardie boodskappers was georganiseerd nie. Hulle is óf verwerp óf het self padgegee omdat hulle oortuig was van die sonde van organisasie. Hoe kan die Heilige Gees hoegenaamd in 'n organisasie wees wanneer dit organisasie is wat die plek van die Gees inneem en denominasies die plek van die Woord? Onthou, "Organisasie" is "DOOD". Dit kan net nie anders wees nie. As die wêreld oorneem, gee die Gees pad.

Ja, die Gees is nie sewe Geeste nie, maar EEN. Hy sal altyd dieselfde wees en dieselfde optree. Die sewe boodskappers sal dieselfde Gees hê en dieselfde Woord leer en dieselfde krag hê. En as die kerk die ware kerk is, sal dit dieselfde Gees en Woord en magtige handelinge hê wat hulle by Pinkster gehad het. Deur ervaring sal dit 'n Pinksterkerk wees; en daar sal tale wees, en interpretasie, en profesie, en genesings. God sal in haar midde wees en God sal Hom te midde van haar verklaar net soos Hy altyd gedoen het. Halleluja! Sy sal ONgeorganiseerd wees. Moet dit nie vergeet nie.

Ons kan dus nou sien dat Jesus Christus Hom deur die eeue openbaar deur Sy Gees in die boodskappers. Hulle is soos Moses vir die kinders van Israel was. Net soos hy die openbaring vir sy tyd gehad het, so het elke boodskapper God se openbaring en bediening vir sy tyd. Dus, wanneer ons sien dat die boodskappers in Sy hand is, sien ons dat die Here Hom met daardie manne identifiseer en Sy krag aan hulle skenk. Dit is nie genoeg dat Hy Hom met die kerk as geheel geassosieer het nie, waar ons Hom gesien staan het tussen die sewe goue kandelaars, nog is die vyfvoudige bediening wat ons in Efésiërs 4 sien (apostels, profete, evangeliste, herders en leraars) genoeg. Want in elke eeu kom die kerkeeu op 'n dwaalspoor, en nie slegs die lekedom nie, maar die groep predikers ook — die herders en die skape is beide verkeerd. Dan verskyn God self op die toneel as die Groot Herder in die bediening van daardie sewe manne om Sy mense tot die waarheid en tot die oorvloedige krag van daardie waarheid terug te lei. God is in Sy mense — al Sy mense, want as iemand nie die Gees van

Christus het nie, is hy nie Syne nie. En Hy is die Woord. Dit sal die herkenbare Woord in die mense wees. Hy het 'n besondere leierskap geplaas op die skouers van hierdie manne van Sy keuse en deur die onwankelbare raadsplan van Sy wil. Hulle verskyn een keer in elke eeu. Dit is dieselfde Gees Wat in hulle is. Hoe grootliks verskil dit nie van die kettery van Rome nie. Hulle het 'n man van hul eie keuse — een na die ander — van wie nie een die krag van God toon nie — nie een wat in die Woord van God bly nie — elkeen verskil van die een voor hom en voeg by soos hy wil, asof hy God is. God is nie daarin nie. Maar Hy is in Sy boodskapper, en hy wat die volheid van God wil besit sal die boodskapper volg omdat die boodskapper 'n volgeling van die Here is deur Sy Woord.

"*Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het.*" Openb. 3:1. Net soos dieselfde Here Homself met die mens vereenselwig in die vleeswording, identifiseer Hy Homself weer met die mens deur Sy Gees in die mens. "Hierdie is Myne" spreek die Here. Die sewe Geesvervulde boodskappers is die Here s'n. Hulle mag verwerp word. Hulle mag bevraagteken word. Inderdaad, wat die menslike verstand betref, mag dit voorkom of hulle nie eens kwalifiseer nie — maar nietemin is hulle die boodskappers vir hul eeue. God het 'n Abraham gebruik (wat gelieg het), Hy het 'n Moses gebruik (wat in opstand gekom het), 'n Jona (wat ongehoorsaam was), 'n Simson (wat gesondig het), 'n Dawid (wat moord gepleeg het). Hy het ook 'n Josua en 'n Josef gebruik. Hulle met ernstige tekortkominge is talryker as diegene wie se geskiedenis onbevlek voorkom. ALMAL WAS, EN IS, SYNE. Niemand durf dit ontken nie. Hy het hulle deur die Heilige Gees gebruik Wat Hy in hulle geplaas het. Vir hulle eie Meester het hulle gestaan of geval. En die soewereine wil van God is in hulle almal volbring. Laat uiterlike geskiedenis dit probeer weerlê, dit sal so bly staan. Die Ewige God wandel steeds tussen die goue kandelaars en stuur steeds Sy boodskappers deur Sy Gees met die Woord aan die mense van elke eeu.

DIE VEROORDELING

Openb. 3:1: "Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood." Openb. 3:2b: "Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie." Nou hierdie is inderdaad iets baie vreemd. Tot by hierdie punt het die Gees in elke eeu ten eerste die ware gelowiges aangeprys en dan die valse wynstok veroordeel. In hierdie tydvak is daar klaarblyklik so 'n moedswillige verontagsaming van die Here en Sy Woord, dat die hele boodskap aan die vyfde eeu weerklink van veroordeling.

"*Ek ken jou werke.*" Wat was hierdie werke wat voor die Here opgekom en Sy misnoeë veroorsaak het? Wel, u weet dat

elke eeu daaropvolgende eeu effens oorvleuel het, dus vind ons 'n voortsetting van die werke van die vierde eeu in die vyfde. Soos julle wel bewus is, was hierdie werke die volgende:

1. Die leierskap van die Heilige Gees is vervang deur 'n menslike hiërargie.

2. Die suiwer Woord van God en die vrye voordeel daarvan, vir alle mense, is verwerp ter wille van geloofsbelydenisse, dogmas, kerklike opdragte, ens.

3. Die aanbidding in die Gees en Gawes van die Gees, en alles wat betrekking het op ware gemeenskaplike broederskap van die heiliges, is opsygeskuif ter wille van seremoniële studie en letterlike afgodsaanbidding, heidense feeste, ens.

4. Maria-aanbidding was besig om 'n groter plek in die Christelike aanbidding in te neem, totdat sy werklik 'n posisie van Godheid ingeneem het; en die Seun is van Sy verhewe plek oor alles en almal verlaag tot 'n onderdaan van 'n mens wat homself as die pous en die plaasvervanger van Christus genoem het.

Diegene wat teen hierdie verskriklike antichristelike kerk geveg het, is vernietig. Diegene wat by die kerk gebly het, het hulleself verpand aan die kerk bevind, of hulle nou armes of konings was. Hul lewens was nie hulle eie nie en hul lewens was ook nie Christus s'n nie, maar hulle het na liggaam, siel en gees behoort aan die Kerk van Rome. Hulle het gepraat van die bloed van Christus maar het hul saligheid met geld gekoop en met goud of boetedoening betaal vir vergewing van sondes. Vir die rykes was dit 'n bevredigende situasie waar Pous Leo X hulle toegelaat het om vergewing te koop vir sondes wat nog nie gepleeg is nie, sodat hulle met gesuste gewete hul afskuwelike misdade kon beplan en dan uitvoer in die wete dat die pous hul reeds hul sondes kwytgeskeld het. Die Woord van God is van hulle weerhou, wie kon dus die waarheid ken! Aangesien die waarheid slegs uit die Woord kom, was die mense toegesluit in 'n tronk van die Rooms-Katolieke Kerk, wagtend op die dood, en na die dood, die oordeel. Maar die groot hoer, dronk van die bloed van martelare, en sonder enige gedagte aan die oordeel, het barbaars voortgegaan om mense geestelik en fisies om die lewe te bring.

Nou teen die einde van die vierde eeu wat ook die aanvang van die vyfde eeu sou wees, het die inval van Konstantinopel deur die Turke, die geleerdes van die Ooste, met hul Griekse manuskripte na die Weste gestuur. Die suiwerheid van die Woord en die leringe van ware gelowiges is sodoende versprei. En nie alleen was hierdie uitstekende leermeesters van groot belang nie, maar ook die uitvinding van die drukpers, wat die basis van ons moderne drukkerye geword het, is ontdek wat die produksie van boeke vergemaklik het. Dus vind ons dat die

groot hunkering na en aanvraag vir die Bybel bevredig kon word. God het talle magtige manne opgewek, waarvan Luther een was. Calvyn en Zwingli was twee ander sulke liggewers en behalwe hulle was daar nog baie, baie meer wat nie so welbekend is nie. Alhoewel dit alles nie tevergeefs was nie, is die magtige werk van God egter deur hierdie selfde manne belemmer. Hulle het, om een ding te noem, NIE die Kerk-Staat-huwelik van die Raad van Nicea teëgestaan nie, maar inderdaad daardie samesmelting aangemoedig. Die verdediging van die Evangelie deur die staat is verwelkom, alhoewel daar geen bevestiging in die Woord daarvoor is nie. Alhoewel ons die "wraak van mense in die aanprysing van God" kan sien in gebeurtenisse soos dié waar Hendrik die Agste vir die hervorming opkom, en die verwerping van die pouslike gesag, was dit nog nie naby die waarheid van Pinkster en die beskerming van 'n alwetende God nie.

Ten spyte van Luther se aanhoudende prediking teen inmenging van buite in plaaslike kerksake, was hy nie in staat om die begrip van "Biskop, Aartsbiskop" in die kerkregering uit die mense se gedagtes te kry nie. So het die kerk een tree in die regte rigting geneem maar nogtans geboei gebly en sodoende is sy sommer gou weer ingekerker in dieselfde tronk waaruit sy probeer ontsnap het.

Nog was die beker van afskuwelike werke nie vol nie. Luther het nie slegs deur swak oordeel, onluste ontketen en daardeur die dood van talle veroorsaak nie, maar Zwingli se volgelinge het die vrome Dr. Hubmeyer tot in die tronk vervolg, en alhoewel hulle hom nie tot die brandstapel veroordeel het nie, was hulle in 'n groot mate vir sy uiteindelike dood deur vuur verantwoordelik. Calvyn het dieselfde gedoen, want hy het die arrestasie van Servetus, wat die *eenheid* van die Godheid verkondig het, geëis. Die Staat het hierdie broeder toe verhoor, en, tot Calvyn se ontsteltenis, is hy op die brandstapel verbrand.

As daar ooit 'n tydperk van entoesiasme vir denominasies was, was dit in hierdie tragiese tydperk. Die woorde van Comenius beskryf heelwat van hierdie era. Comenius het die "DIE EEN NOODSAAKLIKE DING, geskryf. Hy vergelyk die wêreld met 'n doolhof en toon aan dat die weg daaruit gevind word deur weg te doen met die onnodige en die een ding wat noodsaaklik is, te kies — Christus. Hy sê dat die groot getal leermeesters die rede is vir die groot getal sektes, waarvoor ons binnekort nie meer name sal oorhê nie. Elke kerk ag homself die ware kerk, of minstens die suiwerste, getrouste deel daarvan, terwyl hulle mekaar onderling vervolg met die bitterste haat. Geen versoening tussen hulle kan in die vooruitsig gestel word nie; hulle loop vyandigheid tromp-op met onversoenbare vyandiggesindheid. Hulle formuleer hul

afsonderlike geloofsbelydenisse uit die Bybel; en die leringe is hul verskansing waaragter hulle hulself verskuil en alle aanvalle weerstaan. Ek sou nie sê dat hierdie geloofsbelydenisse — want ons kan in baie gevalle erken dat dit wel so is — op sigself verkeerd is nie. Hulle word egter verkeerd omdat hulle die vuur van vyandigheid voed; slegs deur hulle heeltemal tersyde te stel, sou dit moontlik wees om te begin om die wonde van die Kerk te genees. "Tot hierdie doolhof van sektes en verskillende belydenisse behoort daar nog een: die liefde vir redetwis... Wat word daardeur bereik? Is 'n enkele dispuut al ooit tussen geleerdes opgelos? Nee, nooit. Hulle getalle het net toegeneem. Satan is die grootste drogredenaar van almal; hy is nog nooit geklop in 'n woordestryd nie...In die Erediens word die woorde van mense gewoonlik meer gehoor as die Woord van God. Elkeen praat soos hy wil, of verwyl die tyd met geleerde uiteensettings of deur die sienswyse van andere te weerlê. Van die wedergeboorte en hoe 'n mens verander moet word in die ewebeeld van Christus om deelgenote aan die Goddelike Natuur te word (2 Pet. 1:4) word feitlik niks gesê nie. Wat die krag van die sleutels betref, het die Kerk feitlik die mag om saam te bind, verloor; slegs die mag om te ontbind, bly oor... Die sakramente, gegee as simbole van eenheid, van liefde en van ons lewe in Christus, is die oorsaak gemaak van die bitterste konflik, 'n oorsaak van wedersydse haat, 'n fokuspunt van sekteywer...Kortom, die Christendom het 'n doolhof geword. Die geloof is verdeel in 'n duisend klein deeltjies, en u word 'n ketter as daar een is wat u nie aanvaar nie...Watter hulp is daar? Slegs die een noodsaaklike ding, keer terug tot Christus, kyk op na Christus as die enigste Leier, en volg in Sy voetstappe met verwerping van alle ander weë totdat ons die doelwit bereik en gekom het tot die eenheid van die geloof (Ef. 4:13). Soos die hemelse Meester alles op grond van die Skrif gebou het, so behoort ons al die besonderhede van ons spesifieke belydenisse te verlaat en tevrede te wees met die geopenbaarde Woord van God wat aan ons almal behoort. Met die Bybel in ons hand, moet ons uitroep: Ek glo wat God in hierdie Boek geopenbaar het; ek sal gehoorsaam Sy gebooie onderhou; ek hoop op dit wat Hy belowe het. Christene, luister! Daar is net één lewe, maar die Dood kom tot ons op 'n duisend maniere. Daar is net één Christus, maar 'n duisend Antichriste...Dus weet u, O Christendom, wat die een noodsaaklike ding is. Óf u keer u terug tot Christus, òf u gaan vernietiging tegemoet soos die Antichris. As u wys is en wil leef, volg die Leier van die Lewe.

Maar u, Christene, verheug u in u wegraping...luister na die woorde van julle Hemelse Leier: 'Kom na My toe'... Antwoord uit een stem: 'Net so, ons kom'".

Nou ek het so pas gesê dat daar in hierdie era ’n geweldige groei verleen is aan die denominasie gees. As die Korinthiese houding “Ek is van Paulus, ek van Céfas” ooit tentoongestel was, was dit nou. Daar was Lutherane, Hussiete, Zwingliane, ens. So ’n versnippering van die Liggaam was betreurenswaardig. Hulle het ’n naam uitgeleef, maar was dood. Hulle was sekerlik dood. Hulle het gesterf die oomblik toe hulle begin organiseer het. Die groot groepe het georganiseer en hulself in die eg verbind met die staat. Dit het dit gedoen. Dit was hulle einde. Daar was daardie Lutherane wat die Roomse Kerk gekritiseer het. Hulle het die ongeregtigheid van politieke en geestelike samesmeltings geken — tog het Luther (soos toe Petrus deur Jode van balans gestoot is) voortgegaan en die staat, in plaas van God, die verdediger van die geloof gemaak. Hierdie is die eerste denominasie van naam wat uit die hoer voortgekom het, maar toe Luther gesterf het, was dit nie lank nie of dit het ’n hiërargie gehad soos die een waarteen dit gestry het. Hierdie beweging van God was, teen die tyd van die tweede geslag, weer heeltemal terug onder die vlerk van haar moeder. Sy het teruggegaan en dit nie eens geweet nie. Hulle het hul eie naam aanvaar bó Sy Naam. Ook het hulle hul eie naam uitgeleef. Al die denominasies doen vandag presies dieselfde. Hulle leef hul eie naam uit en nie die Naam van die Here Jesus Christus nie. Dit is ooglopend, want elke kerk word geken aan die manier waarop dit aanbid, maar nie een word geken deur die krag van God nie. Daar is u toets. En ek wil hê u moet daarop let dat hierdie era nie die wonders en tekens onder hulle gehad het nie. Hulle het die krag van God opgesê vir die krag van die staat. Hulle het vasgeklou aan hulle eie naam; hulle het hul eie name belangrik gemaak. Dit was daardie ou gees om almal in sy kudde te kry. Vandag wil die Baptiste hê dat die Metodiste moet oorgaan na die Baptiste toe. Die Metodiste probeer om die Presbiteriane te bekeer. Die Pinkster mense wil almal hê. Elkeen maak daarop aanspraak dat hy die meeste aan te bied het en dat sy kerk die meeste hoop inhou — ’n soort van deur tot die hemel, of, op die minste, die weg tot ’n meer oorvloedige ingang. Hoe tragies is dit alles nie.

Hierdie denominasie-gees het veroorsaak dat al die denominasies hul eie leerboeke skryf en hul eie geloofsbelydenisse verkondig, ampte instel en kerkregerings saamstel; en dan maak elkeen daarop aanspraak dat sy, en slegs sy alleen waarlik namens God spreek omdat sy die beste kwalifikasie het. Is dit nou nie presies net wat die pous en die Roomse Kerk kerk doen nie! Hulle is weer reg terug daar by hul moeder, die hoer, en hulle weet dit nie.

Ter afsluiting van ons kommentaar op hierdie vers: “Dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood”, kan ek dit nie sterk genoeg beklemtoon nie dat hierdie eeu, alhoewel dit die

hervorming opgelewer het, ten sterkste deur God bestraf is in plaas daarvan dat dit geprys is, WANT DIT HET DIE SAAD VAN DENOMINASIE GESAAI WAT DEUR ORGANISASIE TERUGGEGAAN HET NA DIE HOER, *nadat God 'n deur van ontsnapping geopen het*. Terwyl die beweging weg van die Katolieke Kerk af plaasgevind het, was dit as geheel nie werklik Geestelik nie maar meer polities geörienteerd. Meeste mense het die Protestantisme aanvaar omdat, soos ek gesê het, hulle die Roomse stelsel van politieke en finansiële gebondenheid gehaat het. Dus, in plaas daarvan dat dit 'n groot Geestelike beweging was met al die kenmerke van die invloed van die Heilige Gees, soos toe God van suiwer Geestelike middele gebruik gemaak het om Sy doel by Pinkster te bereik, was dit inderdaad 'n WERK WAARIN DIE WRAAK VAN DIE MENS GOD GEPRYS HET; en die resultaat was soos in die geval van Israel toe hy Egipte verlaat het en in die woestyn geswerf het sonder om Kanaän te bereik. Daar is egter baie tot stand gebring omdat, al was dit net gedeeltelik, die juk van Rome afgewerp is en die mense toe die Woord van God kon ontvang en hul oorgee aan die invloed van die Gees sonder om so 'n groot vrees soos voorheen te hê. Dit het die weg gebaan tot die groot sendingeeu wat gevolg het.

Die Isébel van Thiatíre was nie in die bui om haar houvas op die mense te laat vaar nie, en so sien ons haar dogter, Atalia, wat na vore tree in die Sardiese Eeu in die hoop dat sy die ware saad sou kon doodsmoor met haar organisasieskemas.

DIE WAARSKUWING

Openb. 3:2: "Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie."

Ek wens daar kan gesê word dat die Sardiese Eeu 'n tydperk van herstelling in plaas van hervorming was. Ek kan dit nie sê nie. Die Woord noem dit nie 'n herstelling nie maar noem dit seer sekerlik 'n hervorming. As dit 'n herstel was, sou daardie een nog 'n Pinkstereeu gewees het. Maar dit was nie. Die beste wat daarvan gesê kon word, was "Versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe". Daar het iets ontbreek. Goeiste, ja, daar het beslis. Hierdie eeu het regverdigmaking besit, maar dit het heiligmaking en die Doping met die Heilige Gees misgeloop. Dit is wat die oorspronklike plan van God was. Dit is wat hulle by Pinkster gehad het. Hulle was geregverdig, hulle was geheilig, en hulle was vervul met die Heilige Gees. Tog, luister na my, die rede vir regverdigmaking en heiligmaking is sodat jy gedoop mag word met die Heilige Gees. Dit is die rede waarom daar 'n kerk is. Dit is die tempel van God, vervul met God, ja die Heilige

Gees. Dieselfde Gees wat in Jesus hier op aarde was en Hom die magtige werke laat verrig het, het teruggekeer op die kerk by Pinkster sodat hulle die werke gedoen het wat Hy gedoen het. Hierdie eeu het nie daardie werke gehad nie. O, hulle het die geskrewe Woord gehad (maar nie die geopenbaarde Woord nie). Dit was die hervormingstydperk. Vrees nie, klein kudde, het God gesê, "Ek sal herstel"; en hierdie hervorming sou die begin daarvan wees. Hy sou (volgens Sy belofte) die kerk terugvoer uit die dieptes van die Satan in die Donker Eeue tot die Diepte van God wat hulle by Pinkster gehad het en tydens die eerste klompie jare van die kerk se bestaan.

Wees nou versigtig, en begryp mooi. Daar staan in die tweede vers wat ek gelees het, "want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie". Weet u wat '*nie volkome nie*' regtig beteken? Dit is '*onvervuld*'. Hierdie eeu was 'n onvervulde eeu. Dit was net die begin van die terugkeer. Dit is waarom ek gesê het dat die Bybel dit die *Hervorming* noem — nie die herstel nie. Dit het sy begin gehad in die leer van regverdigmaking, wat beteken dat saligheid geheel en al uit God is. O, hoe het Luther die soewereiniteit van God en die uitverkiesing verkondig. Hy het geweet dat dit alles uit genade was. Hy het die kerk geskei van oorheersing deur die kerklike hiërargie. Hy het die afgodsbeelde afgebreek. Hy het die belydenis aan die priesters uitgewerp. Hy het die pous veroordeel. Dit was wonderbaarlik goed, die manier waarop hy begin het, maar God het 1500 jaar vantevore gesê: "Luther, jy gaan dinge aan die gang sit, maar jou eeu sal dit nie vervuld sien nie, Ek laat dit vir later." Halleluja, onse God regeer! Hy ken die begin en die einde. Ja, Luther was Sy boodskapper. Dit lyk nie so as ons al die gebreke ondersoek nie. Daar was 'n man genaamd Jona, hy het ook gebreke gehad. Hy was 'n profeet, al wil u en ek dit miskien nie erken op grond van sy handelinge nie. God weet wie Syne is en Sy wil geskied net soos in die geval van Jona. Hy het Sy wil laat geskied deur Luther in daardie eeu en Sy wil sal geskied tot die voleinding van alle dinge.

Nou hierdie was 'n onvervulde eeu. Dit was 'n eeu van hervorming, maar dit is soos God dit wou gehad het. Ek wil dit graag vir u illustreer soos ek dit gedoen het vir 'n wonderlike Lutherse broeder wat die president is van 'n uitstekende kweekskool in die Weste. Ek is uitgenooi om by hom te gaan eet en om met hom te gesels oor die Heilige Gees. Hy was verward oor baie dinge en het vir my gesê: "Wat het ons Lutherane?"

Ek het gesê: "Wel, julle het Christus."

Hy het gesê: "Ons wil die Heilige Gees hê. Dink jy ons het Dit?"

Ek het gesê: "Julle glo potensieel Daaraan."

Hy het gesê: "Wat bedoel jy, potensieel? Ons honger na God. Ons het 'n boek oor Pinkster en die gawes van die Gees gelees, en 'n paar van ons het na Kalifornië gevlieg om met die skrywer te gesels. Toe ons daar aangekom het, het hy ons vertel dat, alhoewel hy die boek geskryf het, hy nie die gawes besit nie. Nadat ons die werking van die gawes in u bediening gesien het, wou ons met u praat, want u moet iets van hulle weet."

Nou die kweekskool van hierdie broeder is op die platteland en omring deur morge plaasgrond waarop studente kan werk en sodoende vir hul kollege betaal. Hy het ook fabrieke, saam met die plaas, wat nog meer werkgeleenthede skep. Dus, deur gebruik te maak van sy landerye ten einde my saak te verduidelik, het ek gesê: "Daar was eens 'n man wat uitgegaan het op sy eie grond om 'n land koring te plant. Hy het die boomstompe uitgetrek, die klippe weggedra, geploeg en ge-eg en toe sy koring geplant. Elke môre het hy oor sy landerye gekyk; maar eendag, in plaas van die barre aarde, het hy talle klein halmpies sien uitkom. Hy het gesê: 'Prys God vir my koringland!" Toe het ek hom gevra: "Het die man koring gehad?"

Hy het gesê: "Wel, in een opsig, ja."

Ek het gesê: "Potensieel, ja; en dit was julle Lutherane in die hervorming wat julle halmpies uitgesteek het, sien? Die koring het begin groei. (Nadat dit tydens die Donker Eeue in die grond verrot het.) Nadat die stam 'n paar litte gekry het, het pragtige koringare verskyn en toe eendag het 'n klossie baard verskyn. Daardie klossie baard het afgekyk op die halmpies en gesê: "Julle ou formele Lutherane het niks. Kyk na ons, ons is die telers, die groot sendelinge. Ons dag is die tydperk van die sendelinge." Daardie baardklossie-tydvak was die Wesley Eeu. Hulle was die grootste sendelinge van almal en het selfs vir ons in ons eeu oortref. Wat het daardie eeu gedoen? Dit het versprei soos stuifmeel in die wind.

"Wat was nou die volgende stap? Logies gesproke sou ons dink dat dit die werklike vorming en oes van die graan is — die voltooide siklus. Maar nie so nie. Daar is nog 'n stadium. Daardie stadium is wanneer die doppie of kaf gevorm word om die saad te bedek. En dit is presies wat in hierdie Geestelike siklus plaasgevind het. By die draai van die twintigste eeu, die begin van die Laodicense Eeu was daar 'n wyd verspreide geloof dat die Heilige Gees besig was om te val presies soos die geval by Pinkster was. Mense het in tale gespreek en het daarop aanspraak gemaak dat hulle met die Heilige Gees gedoop was en as bewys die spreek in tale aangevoer. Maar ek het talle kere in die graanland gewandel en daar, in die laat somer, het ek die koringare gepluk en dit in my hande gevryf

om graan te kry en ek het tot my verbasing ontdek dat daar *GEEN GRAAN* IN DAARDIE KAF WAS NIE, ALHOEWEL DIT SEER SEKERLIK GELYK HET OF DAAR WEL GRAAN WAS. Dit is 'n volmaakte voorbeeld van die sogenaamde Pinkster beweging. Dat dit 'n bewese feit is, is daarin te vinde dat hierdie mense GEORGANISEER HET OP 'n LEERSTELLING, en hulself net weer verbind het soos die voorafgaande organisasie; en daardeur het hulle bewys dat hulle nie die ware saad was nie, maar die kaf of beskermende omhulsel vir die graansaad wat sou kom. Hierdie kaf of doppie-stadium was die gevaartydperk waarvan Jesus gespreek het in Matt. 24:24: "mislei selfs die uitverkorenes as dit moontlik was." O, die mens het gemeen dat hierdie dop, hierdie sogenaamde Pinkster Eeu, die ware saad was. Maar dit het bewys slegs die draer te wees van die lewe oor na hierdie eeu waarin die ware herstel plaasvind en die Koringbruid gemanifesteer word in die krag gespreek in Eségiël spreek in hoofstuk 47:2-5: "En hy het my uitgebring deur die noordpoort en my buitekant om laat gaan na die buitenste poort wat na die ooste kyk; en kyk, die waters het gekabbel uit die regtersymuur uit. Toe die man na die ooste uitgegaan het met 'n meetsnoer in sy hand, het hy duisend el gemeet; en hy het my deur die waters laat deur gaan - waters tot aan die enkels. Toe het hy nog duisend gemeet en my deur die waters laat deurgaan - waters tot aan die knieë; en hy het nog duisend gemeet en my laat deurgaan - waters tot aan die heupe. Verder het hy nog duisend gemeet - 'n stroom wat ek nie kon deurgaan nie! Want die waters het opgerys, waters om in te swem, 'n stroom waar 'n mens nie deur kan loop nie."

"En die wyse waarop dit gedoen is, is deur God se volmaakte wil en beplanning. Die Lutherane het, potensieel, die Heilige Gees gehad onder regverdigmaking; die Metodiste potensieel onder heiligmaking; en vandag word Dit teruggebring, 'n herstelling — die Heilige Gees is hier."

"*Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe.*" Nou die idees wat uitgedruk word in die woorde "wees wakker" en "versterk", is die volgende. Om wakker te wees bevat nie slegs die idee om nie aan die slaap te wees nie, maar om waaksaam te wees. Om dit nié te wees nie, insinueer gevaar en verlies. Om te versterk beteken meer as om net krag te gee, dit beteken vasheg en vestig met die oog op permanentheid. Hierdie twee gebooie verwys na wat oorbly van die WAARHEID, wat op sigself reg of "op die punt" staan om dood te gaan. Hierdie uitdrukking van die Gees kom voor my as 'n illustrasie: 'n Groep slawe, fisies en geestelik in algehele gevangeskap, het gerebelleer en ontsnap van hulle gevangenemers. (Inderdaad is dit wat Sardis beteken: die ontsnaptes.) Hulle is vervolg en al hulle groot en glorieryke

gewin, is feitlik verlore. Hulle is nie weer herower nie, maar omtrent al wat gesê kan word, is dat hulle ontsnap het — nie skotvry weggekom het, soos sommige wel volgens die Woord gedoen het nie. Hulle het baie van hul vryhede verloor. Nou sê die Here: "Julle is potensieel weer in slawerny; sorg dat julle nie teruggaan nie. Om te verhoed dat julle teruggaan, moet julle wakker wees en altyd waaksaam wees wat die dinge van julle gevangeneskap betref, of julle sal alles verloor. Versterk julle nou in dit wat julle nog oorhou, op só 'n wyse dat dit wat julle het, permanent gevestig word; en verseker sodoende teen toekomstige verlies. Dit sal julle geleentheid wees om te volbring wat julle nie volbring het nie." Het hulle voortgegaan? O nee. Hulle het nie na die stem van die Gees geluister nie en nog 'n eeu het in gevangeneskap verval, en dus het God andere opgewek wat Sy wil sou uitvoer. God het die Lutherse denominasie oor die hoof gesien soos Hy met al die ander gedoen het, en hulle sal nooit terugkom nie. God moes voortgaan en verdere waarheid in 'n nuwe eeu bring vir nog verdere herstel.

OORDEEL

Openb. 3:3: "Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie."

Ek wil 'n ander vertaling (Wuest) van hierdie vers lees: "Onthou altyddeur dan op welke manier jy dit ontvang het (die waarheid as 'n blywende onderpand) en op welke manier jy (dit) gehoor en (dit) bewaak het en ondergaan dadelik 'n verandering van gedagte." Dit blyk baie duidelik uit hierdie vers dat God die waarheid aan hulle gegee het as 'n blywende onderpand. Dit was ontvang en is onherroeplik hulle s'n. Daar moet nou gekyk word wat hulle daarmee sal doen, of hulle daarop sal ag slaan of nie. En dit is waar. Aan hulle is die basiese waarheid van die hele Evangelie gegee. "Die regverdiges sal uit die geloof lewe", "Die saligheid is van die Here". Hulle het die waarheid van die Bybel gehoor wat die leerstellinge van Rome uitgewerp en alle pouslike gesag tot niet gemaak het. Hulle het die waarheid geken dat die kerk nie red nie. Hulle het die Avondmaal begryp. Hulle het lig gehad op die waterdoop. Hulle het beelde verwerp. Waarheid? Daar was nooit 'n eeu met meer manne met soveel lig om te laat skyn nie. Hulle het genoeg lig gehad om die ou stelsel heeltemal te hernu of om van nuuts af te begin en toelaat dat God hulle reël op reël en gebod op gebod lei. Hulle het die waarheid ontvang. Hulle wou dit gehad het en het dit gehoor. Maar die vraag is, hoé het hulle dit gehoor? Het hulle dit gehoor om daarop te

bou, of was dit met dieselfde houding soos baie van die Grieke geopenbaar het—iets om te bespreek en oor te teoretiseer? Klaarblyklik was die ryke Woord van die waarheid aangehoor op akademiese wyse liewer as om die praktiese toepassing daarvan, want God het 'n verandering van gedagte geëis. As hierdie die Woord van God is, wat dit inderdaad is, moet dit gehoorsaam word. Om dit nie te gehoorsaam nie, sou die oordeel meebring. Toe die wagte van die heilige tempel aan die slaap gevind was, is hulle geslaan en hul kledingstukke verbrand. Wat sal die Here met diegene doen wat in hierdie kerkeeu hul waaksaamheid verslap het?

"*Ek sal op jou afkom soos 'n dief:*" Die eertydse Sardis was gedurig gepla deur rowers wat vanuit die berge gekom en die mense geplunder het. Hulle het al te goed geweet wat die Gees gesê het, toe Hy gesê het dat die koms van die Here is soos 'n dief. Waaksaamheid en voorbereiding alleen sal genoeg wees om gereed te wees vir Sy koms. Ons weet nou dat hierdie 'n boodskap vir die valse wynstok is, want die koms van die Here sal wees soos dit was in die dae van Noag. Die agt wat gered is, was wel deeglik bewus van die dreigende vloed, en, omdat hulle daarvan bewus was, was hulle daarop voorbereid en is hulle dus gered. Maar die wêreld van die goddelose is vernietig. Alhoewel hulle daagliks met die regverdiges verkeer het en die waarheid gehoor het, het hulle dit opsygeskuif totdat dit te laat was. Daardie volkome vleeslike mense in daardie ou tydperk, is 'n volmaakte tipe van vandag se Christene in naam wie se lewens vervul is met aardse dinge en wat genot tot so 'n mate daaruit put dat hulle glad nie 'n begeerte na die Geestelike het nie en is geensins bewus van, of voorbereid vir Sy verskyning nie.

DIE LOFSPRAAK

Openb. 3:4: "Maar jy het enkele persone [name - Engelse vertaling] ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is."

Die woord 'name' beteken eintlik 'persone' soos dit in Handelinge 1:15 sê aangaande diegene in die oppersaal, "die skare van persone (name - Engelse vertaling) daar bymekaar was omtrent 120." Maar vir my gaan dit veel dieper as net die aanduiding van persone; dit bring daardie waarheid uit wat in elke eeu voortgesit word waarna ons Here met groot nadruk verwys. Dit is dit: die kerkstelsels van hierdie eeue bestaan uit twee lote, die valse wynstok en die ware wynstok. God het hulle in Sy soewereine raadsplan saamgevoeg en hulle die kerk genoem. Let daarop hoedat Hy hulle in hierdie eeu bestraf het: "aan die gemeente in" — nie "gemeentes" in Sardis nie maar

groepeer hulle saam — "die gemeente in" "Ek ken jou werke. . .jy is dood. . . jou werke is onvervul. . ." En dan gaan Hy voort: — "Jy (hierdie gemeente in Sardis) het 'n paar persone in jou wat reg is, en nie verkeerd is soos die meerderheid nie. Hulle wandel in skoon klere en hulle is My waardig." Nou hierdie mense wie die ware heiliges van God was, het gewandel "waardig in die Here". Hul klere was skoon. U sien, in daardie dae het die klere op die grond gesleep en vuil geword. Hulle was versigtig hoe hulle geloop het sodat hulle nie deur die wêreld besoedel sou raak nie. Hulle was in die Gees en het in die Gees gewandel. Hulle was heilig en sonder blaam voor Hom. Dus het hulle hul doel verwesenlik, want dit is wat Ef. 1:4 sê God se doel met ons is, "om heilig en sonder gebrek voor Hom te wees."

Nou uit hierdie vers wat aantoon dat die uitverkorenes van God "Enkele Persone" was, kan u duidelik sien wat ons aangaande hierdie eeu geleer het. Dit was chaoties. Dit was ONVERVULD. Dit het baie versplinter en God het dit feitlik in sy geheel bestraf. Dit was swak en sieklik en op die punt om te sterf. Dit was nie die glorieryke era soos vleeslike denkende Protestante historici dit probeer voorhou het nie. Dit is met een oogopslag duidelik dat daardie boom kankeragtig en verskroei was, sonder blare en sonder vrugte behalwe vir 'n paar misvormde, wurmgevulde vrugte wat vinnig besig was om af te val. Maar wag 'n bietjie! Kyk van naderby. Daar, in die top, in die lig van die son, was daar 'n paar 'eerste vrugte' — "Enkele Persone" — volmaak in Hom, want hulle was uit Hom gebore, met Hom vervul, wandelende met Hom deur Sy Woord. Dank die Here vir 'daardie enkeles'.

"*En hulle sal saam met My wandel*". Dit is wat God sê wat Hy aan hulle wat in opregtheid wandel sal skenk. Dit is deel van hul erfenis wat Hy vir hulle bewaar het. As hulle gewillig was om met Hom deur die geswoeg en valstrikke van die lewe te wandel en Hom tot eer te strek, sou Hy hulle beloon. Hy vergeet nie ons liefdesarbeid nie. God sal ons altyd vergoed vir ons pogings om Hom te behaag.

Ja, hulle het deur die wêreld gewandel en nie deel daarin gehad nie. Hulle het nie toegelaat dat wêreldstelsels hulle oorwin nie. Toe die beroemde name van daardie eeu toegegee het aan die vleiery van die staat en politieke gesindheid verkies het bo die Geestelike gesindheid, en op pad terug was in die wêreld, het daardie enkeles gestaan vir die Woord van God en daardeur die Here geëer. Hy sou hulle nou op Sy beurt eer. Want, hulle, geklee in wit, sal met Hom wandel. Hulle het hul met Hom vereenselwig op aarde, en Hy sal Hom met hulle vereenselwig in die Nuwe Jerusalem. Hoe wonderbaarlik sal daardie vereenselwiging nie wees nie! Dit laat my jubel, en tog laat dit my ook ween om te dink aan Sy vernedering, want u

sal opmerk dat Hy nie anderskleurige klere as die heiliges dra, soos aardse leiers sou doen nie. Nee, hulle is soos Hy; Hy is soos hulle. Hulle is soos Hy, soos Johannes gesê het; want hulle "sien Hom soos Hy is".

"*Omdat hulle dit waardig is.*" Besef u Wie dit sê? Dit is Jesus, die Waardige Een, Self. Dit is die Enigste Een Wat waardig geag word om die boek uit die Een se hand te neem Wat op die troon sit. Nou sê hierdie Waardige Een aan Sy heiliges: "Julle is waardig." Hier is hierdie Een, die enigste Een bekwaam om te oordeel (inderdaad word alle oordeel aan Hom toegesê) en Hy sê: "Julle is waardig." Hierdie woorde is net so verstommend soos die woorde in Rom. 8:33: "God sê ek is regverdig" (Way - Vert.). Daar in die wit lig van God se regverdigheid, luister na die soet stem van Jesus as Hy sê: "Hulle is Myne. Hulle is regverdig. Hulle is waardig. Hulle sal met My in wit klere wandel."

DIE BELOFTE AAN DIE OORWINNAAR

Openb. 3:5: "Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die Boek van die Lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor My Vader en voor Sy engele."

"*Wie oorwin, sal beklee word met wit klere.*" Hierdie is eintlik 'n herhaling van vs. 4, waarin daar verwys word na die enkele persone wat nie hulle klere besoedel het nie. Ons het jare gelede 'n gesegde gehad wat ongetwyfeld van hierdie vers afgelei is. Dit was "Hou jul klere skoon". Dit het beteken: moenie betrokke raak by dinge wat bevraagteken kan word nie; andere sal betrokke wees en u kan miskien in die versoeking gelei word om ook betrokke te raak, of iemand kan selfs probeer om u te betrek; maar bly weg daarvan deur u paadjie weg daarvandaan te kies. Nou God gaan diegene beloon wat hierdie raad volg. Hulle sal in wit klere geklee word net soos Hy in wit geklee is. Petrus, Jakobus en Johannes het Hom op die Berg van Verheerliking gesien en Sy klere was wit soos lig. Dit is hoe die heiliges geklee sal wees. Hul klere sal blink wees, buitengewoon wit.

U weet dat ons in die eindtyd leef. Dit is in hierdie eeu dat die kerke gaan saamsmelt. Net soos hulle nou reeds die wêreldpolitiek beheer, sal hulle binnekort die finansies van die wêreld beheer. Dan, as u nie aan die wêreldorganisasie van kerke behoort nie, sal u nie kan koop of verkoop nie. U sal alles verloor. Hulle wat getrou bly aan God en nie hulle klere besoedel met die besoedeling van hierdie 'wêreldstelsel' van kerkordes nie, sal fisies beroofd wees. Daar sal 'n groot versoeking hulle aangebied word om in te gee. Predikers sal ingee met die verskoning dat hulle God sal dien binne die raamwerk van die antichris dierstelsel. Hulle sal swig voor die

vleiery en die verleidelikheid van die hiërargie. En die mense sal hierdie valse herders volg reg in die slagting in. In die oordeel sal hulle almal naak gevind word. Daardie wit klere sal nie aan hulle gegee word nie, ook sal hulle nie met Hom wandel nie. U kan nie in die besmette klere van die wêreld wandel en hier handjies vashou met die duiwel en dan verwag om met God te wees nie. Dit is tyd om wakker te word en om die stem van God te hoor wat uitroep: "Gaan uit haar (georganiseerde godsdiens) uit, My volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie." Amen. God spreek. Vermy die godsdienste van hierdie wêreld soos u die pes sal vermy. Moenie met die wêreld wandel nie en maak u klere wit deur bekering en die bloed van die Lam. Doen dit nou, want môre is dit miskien te laat.

"*Wie oorwin, sy naam sal ek nooit uitwis uit die Boek van die Lewe nie.*" Weereens kom ons by 'n baie moeilike gedeelte in die Woord. Hierdie vers, oppervlakkig beskou, sal deur die Arminiane en deur die Calviniste gebruik word om aan hulle doelstellings te voldoen. Die Arminiane verklaar dat hierdie Skrifgedeelte beslis Joh. 6:37–44 ongeldig maak: "Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie. Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag. En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag. Toe murmureer die Jode oor Hom, omdat Hy gesê het: Ek is die brood wat uit die hemel neergedaal het. En hulle sê: Is Hy nie Jesus, die seun van Josef, Wie se vader en moeder ons ken nie? Hoe sê Hy dan: Ek het uit die hemel neergedaal? En Jesus antwoord en sê vir hulle: Moenie onder mekaar murmureer nie. Niemand kan na My toe kom as die Vader Wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag." Die Arminiane beskou die wil van die Vader nie as 'n soewereine doelstelling nie, maar bloot as 'n selfvoldane begeerte om terug te staan en te sien wat die mens met Sy goeie en genadige gawes en selfs met die ewige lewe doen.

Die Calviniste beskou dit nie so nie. In hierdie vers sien hulle 'n groot vertroosting vir die lydende, belaste heiliges, naamlik dat, ongeag hoe boos die tye, hoe verskriklik die vervolging is, want die oorwinnaar is iemand "wat glo dat Jesus die Christus is" en Hy sal nie sy naam laat uitwis uit daardie boek nie. Sommige sê ook dat hierdie 'Boek van die Lewe' nie die 'Boek van die Lewe van die Lam' is nie. Maar soos gewoonlik, as iemand 'n vers slegs oppervlakkig beskou kan hy slegs oppervlakkig verstaan.

Die moontlikheid van die uitwissing van ’n naam uit die rekords van God verdien meer as bloot terloopse studie, want tot nou toe het die meeste studente van bloot tot die slotsom gekom dat God die name van die wedergeborenes inskryf in die Boek van die Lewe van die Lam wanneer hulle weergebore word; en dat, indien ’n naam om enige rede geskrap moet word, die spasie op die rekordblad slegs ’n blanko spasie sal wees soos dit was voordat daar ’n naam ingeskryf was. *Dit is honderd persent die teenoorgestelde van wat die Woord werklik leer.*

Laat dit sommer by die aanvang van ons studie bekend wees dat daar NIE EEN Skrif is wat leer dat God *tans* ’n rekord van name *saamstel nie*. Dit was alles gedoen vóór die grondlegging van die wêreld, soos ons verder aan sal aantoon. Dit is ook nie bloot ’n kwessie dat ons betrokke raak met twee groepe mense nie, wie beide die geleentheid gehad het om die ewige lewe te ontvang, waar die een groep dit ontvang het en hul name op die rekord geplaas is, terwyl die ander wat geweier het, nie hul name op die rekord geplaas gekry het nie. Ons sal inderdaad uit die Skrif aantoon dat menigtes wie selfs nie eens weergebore is nie, die ewige lewe sal beërwe. Hoe eienaardig dit ookal mag klink, dit is werklik waar. Ons sal ook aantoon dat daar ’n groep mense is wie se name, wat voor die grondlegging van die wêreld op daardie rekord geplaas is, ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE UITGEWIS KAN WORD NIE; maar ons sal ook aantoon dat ’n ander groep, WIE SE NAME IN DAARDIE REKORD VERSKYN HET VOOR DIE GRONDLEGGING VAN DIE WERELD, *SE NAME UITGEWIS SAL WORD*.

Om mee te begin; is daar geen grond vir die bewering dat die ‘Boek van die Lewe van die Lam’ nie dieselfde as die ‘Boek van die Lewe’ is nie. Die Boek van die Lewe kan die Boek van die Lewe van die Lam genoem word, of Christus se Boek van die Lewe, of selfs U Boek en Boek van die Lewende. Slegs name is daarin geskryf. Openb. 13:8: “En al die bewoners van die aarde sal hom (die dier) aanbid, almal wie se *name* nie van die grondlegging van die wêreld af in die Boek van die Lewe van die Lam Wat geslag is, geskrywe is nie.” Openb. 17:8: “Die dier wat jy gesien het, was en is nie en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se *name* nie *van die grondlegging van die wêreld af* in die Boek van die Lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.” Openb. 20:12–15: “En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en ’n ander boek, die Boek van die Lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode

gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens hulle werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die Boek van die Lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp." U kan sien dat, alhoewel daar ander boeke genoem word, daar altyd verwys word na EEN boek wat name bevat. In Openbaring word dit die 'Boek van die Lewe van die Lam' of die 'Boek van die Lewe' genoem.

Nou waar is hierdie boek gehou? Lukas 10:17-24: "En die sewentig het met blydskap teruggekom en gesê: Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in U Naam. Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val. Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; niks sal julle ooit skade doen nie. Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly *dat julle name in die hemele opgeskrywe is*. In dieselfde uur het Jesus Hom in die Gees verheug en gesê: Ek Loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, want so was dit u welbehae. Alles is aan My oorgegee deur My Vader: en niemand weet Wie die Seun is nie, behalwe die Vader, en Wie die Vader is nie, behalwe die Seun en hy aan wie die Seun dit wil openbaar. En Hy het Hom omgedraai na Sy dissipels en afsonderlik aan hulle gesê: Salig is die oë wat sien wat julle sien; want Ek sê vir julle, baie profete en konings het gewens om te sien wat julle sien, en het dit nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor, en het dit nie gehoor nie." Die Boek van die Lewe is beslis in die hemel en sal te voorskyn kom by die Wit-Troon-oordeel. In hierdie Skrifgedeeltes het Jesus gesê dat hul NAME in die hemele opgeskrywe is. Hulle is geskrywe in die Boek van die Lewe, want dit is waar name aangeteken is. Jesus het met die sewentig (vs. 17) gepraat, maar Hy het Hom terselfdertyd tot die twaalf gerig (vs. 23). Hulle het hulle almal verbly dat die duiwels aan hulle onderworpe was in Jesus Naam. Christus se teenantwoord: "Moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar liewer omdat julle name in die hemel (Boek van die Lewe) opgeskrywe is." Julle sal opmerk dat Judas een van dié was wat duiwels in Jesus Naam uitgedryf het, maar ons weet dat hy 'n duiwel was, die seun van die verderf. Johannes 6:70-71: "Jesus antwoord hulle: Het Ek nie julle twaalf uitverkies nie? En een van julle is 'n duiwel! En Hy het bedoel Judas Iskáriot, die seun van Simon; want hy sou Hom verraai, hy wat een van die twaalf was." Joh. 17:12: "Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in U Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word." Joh. 13:10-11,18:

"Jesus sê vir hom: Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is heeltemal rein; en julle is rein, maar nie almal nie. Want Hy het geweet wie Hom sou verraai. Daarom het Hy gesê: Julle is nie almal rein nie. Ek spreek nie van julle almal nie Ek weet wie Ek uitverkies het – maar dat die Skrif vervul kan word: Hy wat saam met My brood eet, het sy hakskeen teen My opgelig." Nou, as taal iets beteken, moet ons erken dat Judas deur Jesus gekies was (Joh. 13:18), tog was hy nie rein nie. (Joh. 13:10–11), *Judas is ook aan Jesus gegee deur die Vader*. Joh. 17:12. (Let hier daarop dat "gekies" en "gegee" presies naas mekaar lê soos in die voorbeeld van Moses en Farao, Jakob en Esau, want alhoewel Esau en Farao vooraf geken is, was hulle albei vooruitbestem tot wraak, terwyl die uiteinde van Moses en Jakob verheerliking was. I Pet. 2:8–9a wys dat beide verworpenes en uitverkorenes "vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die Woord ongehoorsaam is, *waarvoor hulle ook bestem is*. Maar Julle is 'n uitverkore geslag.") Judas het getel as een van die twaalf en het inderdaad met hulle gedeel in die bediening voor Pinkster. Handelinge 1:16–17: "Broeders, hierdie Skrif moes vervul word wat die Heilige Gees voorspel het deur die mond van Dawid aangaande Judas wat die leier was van dié wat Jesus gevange geneem het; *want hy is saam met ons getal gereken en het die lot van hierdie bediening verkry."* Die deel wat Judas onder die twaalf verkry en toe verloor het, was nog minderwaardig wat betref die bediening van die ander elf, nòg was dit 'n duiwelse, vreemde bediening wat tussen die bediening van die ander ingedruk is. Handelinge 1:25: "Om die lot van *hierdie bediening* en apostelskap te verkry, waarvan Judas afgewyk het om heen te gaan na sy eie plek" Judas, 'n duiwel, het 'n God-gegewe bediening in die Heilige Gees, verloor, en homself om die lewe gebring en GEGAAN NA SY EIE PLEK. *Sy naam was selfs opgeteken in die Boek van die Lewe, maar sy naam was uitgewis*.

Voordat ons nou hierdie gedagte oor Judas verder voer, kom ons gaan terug na die Ou Testament en kyk waar God dieselfde ding gedoen het. In Gen. 35:23–26 word die seuns van Jakob aangegee as twaalf in getal, met die volgende name: Ruben, Simeon, Levi, Juda, Issaskar en Sébulon; Josef en Benjamin; Dan en Naftali; Gad en Aser. Die afstammelinge van hierdie twaalf seuns het die twaalf stamme van Israel geword, met die uitsondering dat 'n stam nie na Josef vernoem is nie, want in die voorsienigheid van God sou daar dertien stamme wees en twee seuns van Josef het die eer ontvang om die twaalf dertien te maak. Julle weet natuurlik dat dit nodig was, want Levi is vir God afgesonder vir die priesterskap. Dus, toe Israel Egipte verlaat het en God vir hulle die tabernakel in die woestyn gegee het, vind ons dat die stam van Levi die bediening aan die twaalf stamme waargeneem het, naamlik die

stamme van Ruben, Simeon, Issaskar, Juda, Sébulon, Benjamin, Dan, Naftali, Gad, Aser, Efraim en Manasse. Hul orde word so weergegee in Num. 10:11-28. Daar is geen melding van Josef of Levi nie. As ons gaan na Openb. 7:4-8 waar daar staan "honderd-vier-en-veertigduisend verseëldes uit AL die stamme van Israel", vind ons hulle soos volg genoem: Juda, Ruben, Gad, Aser, Naftali, Manasse, Simeon, Levi, Issaskar, Josef, Benjamin. Ons is weer terug by die twaalf stamme met Levi en Josef wat vermeld word, maar sonder Dan en Efraim.

Die vraag ontstaan nou: Waarom is dié twee stamme weggelaat? Die antwoord is opgesluit in Deut. 29:16-20: "Want julle weet self hoe ons in Egipte-land gewoon en hoe ons dwarsdeur die nasies getrek het waardeur julle getrek het. En julle het hulle verfoeisels en hulle drekgode, hout en klip, silwer en goud, by hulle gesien, sodat daar onder julle geen man of vrou of geslag of stam mag wees wat sy hart vandag van die Here onse God afwend om die gode van dié nasies te gaan dien nie, sodat daar onder julle geen wortel mag wees wat gif en wilde-als dra nie, en as hy die woorde van hierdie eedswering hoor, homself dan in sy hart gelukkig prys deur te sê: Dit sal met my goed gaan alhoewel ek in die verhardheid van my hart wandel - om so die bewaterde saam met die dorstige weg te ruk! Die Here sal hom nie wil vergewe nie, maar dan sal die toorn van die Here en sy ywer teen dié man rook, en die hele vloek wat in hierdie boek geskrywe is, sal op hom rus; en die Here sal sy naam onder die hemel uitdelg." Hier word die vloek op afgodsdiens, of geestelike hoerery, uitgespreek. Die stam wat hom tot afgodsdiens gewend het, se naam sou uitgewis word. Die geskiedenis van die twee stamme wie se name uitgewis is omdat hulle hul tot afgodsdiens gewend het, word gevind in I Kon. 12:25-30: "En Jeróbeam het Sigem op die gebergte van Efraim gebou en daarin gewoon, en daanvandaan uitgetrek en Pnuel gebou. En Jeróbeam het in sy hart gesê: Nou sal die koningskap na die huis van Dawid terugkeer: as hierdie volk opgaan om offers te bring in die huis van die Here in Jerusalem, dan sal die hart van hierdie volk terugkeer na hulle heer, na Rehábeam, die koning van Juda, en hulle sal my om die lewe bring en teruggaan na Rehábeam, die koning van Juda. Daarom het die koning raad gehou en twee goue kalwers gemaak en aan hulle gesê: Julle het lank genoeg opgegaan na Jerusalem - hier is, o Israel, jou gode wat jou uit Egipteland laat optrek het! En die een het hy in Bet-el opgerig en die ander in Dan opgestel. En hierdie saak het tot sonde geword; ja, die volk het voor die een gaan aanbid tot by Dan." Hos. 4:17: "Efraim is gekoppel aan die afgode: laat hom staan!"

Let veral daarop dat die straf vir afgodsdiens was dat die naam van daardie stam 'onder die hemel' uitgedelg sou word. Deut. 29:20. Dit sê nie dat dit 'in die hemel' uitgedelg word nie,

maar 'onder die hemel'. Dit is presies soos dit is, want nou is Israel terug in Palestina en binnekort sal die Here 144,000 van hulle verseël, maar Dan en Efraim sal nie in daardie getal wees nie.

Openb. 7:48: "En ek het die getal van die verseëldes gehoor: honderd-vier-en-veertigduisend verseëldes uit AL die stamme van die kinders van Israel - uit die stam van *Juda* twaalfduisend verseëldes; uit die stam van *Ruben* twaalfduisend verseëldes; uit die stam van *Gad* twaalfduisend verseëldes; uit die stam van *Aser* twaalfduisend verseëldes; uit die stam van *Naftali* twaalfduisend verseëldes; uit die stam van *Manasse* twaalfduisend verseëldes; uit die stam van *Simeon* twaalfduisend verseëldes; uit die stam van *Levi* twaalfduisend verseëldes; uit die stam van *Issaskar* twaalfduisend verseëldes; uit die stam van *Sébulon* twaalfduisend verseëldes; uit die stam van *Josef* twaalfduisend verseëldes; uit die stam van *Benjamin* twaalfduisend verseëldes." (Let daarop dat Dan en Efraim ontbreek). Kyk dan nou ook na Dan. 12:1 wat verwys na die verseëling van hierdie honderd-vier-en-veertigduisend gedurende die sesde seël en in die tyd van die Groot Verdrukking of die benoudheid van Jakob: "En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; *maar in die tyd sal jou volk gered word, ELKEEN WAT IN DIE BOEK OPGESKRYWE STAAN."*

Nogtans na hierdie tydperk van verdrukking (tydens die duisendjarige vrederyk) soos gesien deur Eségiël in 48:1-8 en 22-29, sien ons weereens die stamme terug in Goddelike orde. Vanaf die tyd dat Efraim en Dan hulle aan die afgode gekoppel het, het hulle gesterf, en het daardie stamme geen erkenning meer nie. Ek besef nou dat, sedert die vernietiging van Jerusalem, alle rekords van al die stamme verlore geraak het, sodat niemand met sekerheid kan sê uit watter stam hy stam nie, MAAR GOD WEET. Daardie grote God Wat Israel terugbring na Palestina weet presies uit watter stam elke ware Israeliet kom; en Efraim en Dan sal nie onder die versamelde honderd-vier-en-veertigduisend wees nie.

Hier is die stamme van Israel. Eseg. 48:1-8 en 22-29: "En dit is die name van die stamme. Aan die noordekant langs die weg van Hetlon na die ingang van Hamat en Hasar-Enan aan die grens van Damaskus, na die noorde toe langs Hamat - hy moet die ooste en die westekant hê - *Dan* een deel. En naas die gebied van Dan, van die oostekant af tot by die westekant; *Aser* een deel. En naas die gebied van Aser, van die oostekant af tot by die westekant: *Naftali*, een. En naas die gebied van Naftali, van die oostekant af tot by die westekant: *Manasse,* een. En naas die gebied van Manasse, van die oostekant af tot

by die westekant: *Efraim,* een. En naas die gebied van Efraim, van die oostekant af tot by die westekant: *Ruben,* een. En naas die gebied van Ruben, van die oostekant af tot by die westekant: *Juda*, een. En naas die gebied van Juda, van die oostekant af tot by die westekant, ets. En van die besitting van die *Leviete* en die besitting van die stad af, wat in die middel lê van wat die vors s'n is, tussen die grens van Juda en die grens van *Benjamin*, moet alles aan die VORS behoort. Verder die ander stamme. Van die oostekant af tot by die westekant: Benjamin een deel. En naas die gebied van Benjamin, van die oostekant af tot by die westekant: *Simeon,* een. En naas die gebied van Simeon, van die oostekant af tot by die westekant: *Issaskar*, een. En naas die gebied van Issaskar, van die oostekant at tot by die westekant: *Sébulon*, een. En naas die gebied van Sébulon, van die oostekant af tot by die westekant: *Gad*, een En naas die gebied van Gad, aan die suidekant na die suide toe, ens.

Nog 'n voorbeeld wat ons mag neem is die verhaal van Israel wat Egipte verlaat het om na Kanaän te gaan. *God se doel in die eeu was om Israel UIT te neem en hulle IN te neem sodat hulle Hom kon dien.* Dus, toe hulle Egipte verlaat het, het hulle ALMAL uitgegaan onder die bloed van die offerlam; hulle het ALMAL deur die doopwater van die Rooi See gegaan; hulle het ALMAL die magtige wonders gesien; ALMAL het manna geëet; ALMAL het van die water uit die rots gedrink; en in so verre duidelike, uiterlike manifestasies en seëninge betref, het hulle ALMAL in gelyke mate daarin gedeel. Maar toe hulle by Moab gekom het, het almal wat deelgeneem het aan die fees van Baäl-Peor gesterf. Hul lyke het in die woestyn geval, want dit was daar waar hulle die Woord van God geweier het en hulle daarvan weggedraai het. Dit is dit waarvan daar in Heb. 6:1-9 gepraat word, wat so versigtig na vore gebring is in die Pérgameense Eeu. *U kan nie net met 'n deel van die Woord saamgaan nie; u moet die HELE Woord aanvaar.* Daar is mense wat lyk of hulle feitlik honderd persent betrokke is by die dinge van God. Hulle is soos Judas. Niemand behalwe Jesus het presies geweet watter soort mens Judas was nie. Dus het die dag aangebreek toe Judas presies gedoen het wat Israel by Baäl-Peor gedoen het. Hy het besluit dat hy hom wou aansluit by die magte van die valse wynstok — om 'n deel te hê in die finansiële, politieke organisasie van die anti-Woordse anti-Christelike, godsdiens; en hy het dit gedoen. Hy was bedrieg! Die ander elf was nie. Hulle kon nie wees nie, want hulle was van die ware uitverkorenes. Dus toe Judas weggegaan het en die Here verraai het, is sy naam verwyder uit die Boek van die Lewe. (Openb. 22:19)

Ek is daarvan oortuig dat u opgemerk het dat diegene wie se name in die Boek van die Lewe verskyn het, 'n deel was van

die godsdienstige orde van daardie tyd wat gesentreer was om die ware God en aanbidding van Hom, alhoewel hulle nie volgens die Waarheid (Woord) aanbid het nie. Soos Judas, het hulle nie die hele pad gegaan nie. Kyk hoe Judas deur God uitverkies is. Hy is in waarheid ondernig. Hy het gedeel in die kennis van die geheimenisse. Hy het 'n bediening van krag gehad wat aan hom gegee was en hy het siekes gesond gemaak en in Jesus se Naam duiwels uitgedryf, maar toe die finale toets kom, het hy alles prysgegee vir goud en politieke mag. Hy het nie opgegaan tot by Pinkster om die Gees van God te ontvang nie. Hy het nie die Gees gehad nie. Moet geen fout daaromtrent maak nie: iemand wat waarlik deur die Heilige Gees gedoop is in die liggaam van Christus en wat die volheid van die Gees ontvang, sal AL DIE PAD IN DIE WOORD WEES. Dit is die bewys van die doping met die Heilige Gees. Judas het gefaal. Menigtes faal net daar. En wanneer hulle faal om voort te gaan in daardie Woord, word hul name afgehaal van die Boek van die Lewe.

Ten einde hierdie verwydering van 'n naam uit die Boek van die Lewe duideliker te stel, moet ons ons gedagtes laat gaan na Israel in die tyd van Moses. Eks. 32:30–34: "En die volgende dag het Moses aan die volk gesê: Júlle het 'n groot sonde begaan; maar nou sal ek na die Here opklim: miskien kan ek vir julle sonde versoening doen. En Moses het na die Here teruggegaan en gesê: Ag, hierdie volk het 'n groot sonde begaan en vir hulle goue gode gemaak. Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit U boek wat U geskryf het! Toe het die Here Moses geantwoord: Wie teen My gesondig het, *die sal Ek uitdelg uit My boek*. Maar gaan nou en lei die volk waarheen Ek jou gesê het. Kyk, My Engel sal voor jou uit gaan. Maar die dag as Ek besoeking doen, dan sal Ek hulle sonde oor hulle besoek." Dit is meer as duidelik dat *name* uit die Boek van die Lewe *verwyder is en verwyder sal word* voor tyd nie meer sal wees nie. In hierdie besondere plek is dit gedoen weens afgodsdiens, soos toe Dan en Efraim hul reg as stamme verloor het omdat hulle die goue kalwers aanbid het. Almal wat die afgode aanbid het, se name is verwyder uit die Boek van die Lewe.

Toe Israel die leiding van God in die vuurkolom verwerp het, en begin het om die goue kalwers te aanbid, is hulle name uit die Boek van die Lewe verwyder. Eks. 32:33 (Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit My boek.) As so 'n wending tot afgode die straf van verwydering van name uit die Boek van die Lewe vereis, sou Israel se verwerping van Jesus Christus as die Messias seer sekerlik net so 'n swaar straf vereis. Dit is presies die geval. In Psalm 69 waarin die vernedering van Jesus uitgebeeld word, staan daar in vs. 22–29: "En hulle het aan My gal gegee as My spys, en vir My dors het

hulle My asyn laat drink. Laat hul tafel voor hulle ’n vangnet wees en vir hulle wat sorgeloos is, ’n strik. Laat hulle oë duister word, sodat hulle nie sien nie; en maak dat hulle heupe altyddeur wankel. Stort oor hulle U grimmigheid uit, en laat U toorngloed hulle inhaal. Laat hulle laer woes word, laat in hulle tente geen bewoner wees nie. Want hulle vervolg Hom Wat deur U swaar getref is, en vertel van die smart van U gewondes. Voeg skuld by hulle skuld, en laat hulle nie in U geregtigheid kom nie. *Laat hulle uitgedelg word uit die Boek van die Lewe en nie saam met die regverdiges opgeskrywe word nie.”* Toe die Jode vir Jesus verwerp het, was daar ’n letterlike wegdraai van God weg van hulle tot die Heidene. Handelinge 13:46–48: “Maar Paulus en Barnabas het vry uitgespreek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die Woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie kyk, ons wend ons tot die Heidene. Want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het U ’n lig van die nasies gemaak, sodat U tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde. En toe die Heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die Woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe.”

Dit wil nie te kenne gee dat daar geen name uit die stamme van Israel in die Boek van die Lewe sal agterbly nie, want baie van hulle (maar nie menigtes nie) sal, deur die beginsel van verkiesing, in die Heidense kerkeeu inkom en ingaan in die liggaam van Jesus Christus en sodoende aantoon dat hul name inderdaad in die Boek van die Lewe gebly het. Verder, soos ons sal aantoon, volgens die vyfde seël, sal menigte van Joodse martelare wit klere gegee word en die ewige lewe van die Here ontvang. Ook sal die honderd-vier-en-veertigduisend met Sy koms verseël word, wat bewys dat hulle name ook nie geskrap is nie. Soos uiters akkuraat in Psalm 69 uiteengesit word, sal die bose of onregverdige verwerpers van Christus en die vernietigers van Sy mense, se name verwyder word.

Net soos die meerderheid van Israel (die uitverkore volk van God) hul regte in die Boek van die Lewe opgesê het deur Jesus te verwerp, so sal die meerderheid van die Heidense kerk ook in die oordeel kom met die gevolglike verwydering van hul name uit die Boek van die Lewe as gevolg van hul verwerping van die Woord en die daarmee gepaardgaande deelname aan die ekumeniese wêreldbeweging wat die beeld is wat vir die dier opgerig is.

Hier is nog ’n punt om na op te let. In die groot Wit-Troon-oordeel sal daar ’n skeiding van mense wees. Die Boek van die Lewe sal oopgemaak word en ’n ander boek sal oopgemaak word. Matt. 25:31–46: “En wanneer die Seun van die Mens in Sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal

Hy op Sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan Sy regterhand en die bokke aan Sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan Sy regterhand is, sê: Kom julle geseëndes van My Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee, Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. Dan sal die regverdiges Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, *vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.* Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie bedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. *En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe."*

Openb. 20:11–15: "En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor Wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die Boek van die Lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens hulle werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die Boek van die Lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp." In hierdie oordeel sal die regverdiges en die goddelose teenwoordig wees. Dit sê so. HIERDIE REGVERDIGES SAL NIE DIE BRUID WEES NIE, WANT DIE BRUID SIT SAAM MET HOM IN DIE OORDEEL. I Kor.

6:2–3: "Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge? Openb. 3:21: "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit in My troon, soos Ek ook oorwin het en saam met My Vader in Sy troon gaan sit het." Sien u, die bruid is met Hom in die troon. Aangesien sy die wêreld moet oordeel, moet sy in die oordeel saam met Hom sit. Dit is presies wat Daniël gesien het. Dan. 7:9–10: "Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; Sy kleed was wit soos sneeu en die hare van Sy hoof soos skoon wol; Sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; *duisend maal duisende het Hom gedien,* en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen." Sien u, dit is dieselfde toneel, want die duisend maal duisende wat Hom gedien het is die bruid, want wie anders as die vrou bedien die man?

Die vraag ontstaan nou: waarom is hierdie regverdiges in die oordeel? Daar is geen ander plek waar hulle kan verskyn nie, want daar is net twee opstandings en aangesien hulle nie vir die eerste opstanding kon kwalifiseer nie, moet hulle nou verskyn in die tweede, wat 'n opstanding tot oordeel is. Diegene wat kwalifiseer vir die eerste opstanding (die bruid) is nie in die oordeel nie. Johannes 5:24: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie My Woord hoor en Hom glo Wat My gestuur het, *het die ewige lewe* (dit wil sê die gelowige is alreeds die ontvanger van die ewige lewe wat hy nou in sy besit het) en sal nie veroordeel wordnie, kom nie in die oordeelnie, is wat dit eintlik sê, maar het oorgegaan (permanent) uit die dood in die lewe." Let nou versigtig op. Jesus moet nog 'n verdere groep in gedagte hê wat met 'n sekere opstanding die ewige lewe sal ontvang. Hulle sal dit by die opstanding ontvang EN HET DIT NIE VANTEVORE ONTVANG AS LID VAN DIE BRUID NIE. Joh. 5:28–29: "Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer ALMAL *wat in die grafte is,* Sy stem sal hoor en sal uitgaan, *die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling."* Ons weet almal dat Joh. 5:28–29 NIE DIE WEGRAPING IS NIE, want slegs die wat in Christus gesterf het sal dan opstaan uit die graf saam met die lewende bruid wat nog op die aarde is. I Thes. 4:16–17: "Want die Here Self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees." Dit sê in Joh. 5:28–29 dat ALMAL wat in *die grafte is sal uitgaan.* Dit is

presies dieselfde opstanding waarvan melding gemaak word in Openb. 20:11–15 waar DIE DODE voor die Here gebring is en *volgens hul werke* geoordeel is en almal wie se name nie in die Boek van die Lewe is nie, in die poel van vuur gewerp word.

Ons kom nou te staan voor die vraag waarom aan hulle die ewige lewe by die oordeel gegee moet word, aangesien die Sendbriewe klaarblyklik so onweerlegbaar daarop wys dat mens die Gees van Christus moet besit of vergaan. Alhoewel dit so lyk, moet ons nie die woorde van Jesus, Wat baie spesifiek daarop wys dat daar sommige in die Boek van die Lewe gevind is wat die ewige lewe *óf voor óf na* die algemene opstanding sal ontvang, verontagsaam nie. Paulus ontwyk nie hierdie waarheid nie, want hy sê baie duidelik in Fil. 3:11 "of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik". Hierdie is 'n baie eienaardige verklaring. Ons weet almal dat ons ALMAL in 'n opstanding gaan wees, of ons nou wil wees of nie. Almal sal opgewek word. Paulus kon nouliks gesê het: "of ek op ENIGE WYSE 'n opstanding uit die dode kan bereik." Die waarheid van die saak is dat hy nie dit sê nie. Die letterlike is, "of ek op enige wyse die 'uit-opstanding' van uit die dode kan bereik." Hierdie is nie 'n bereiking van die algemene of die tweede opstanding nie, maar na die bereiking van die eerste opstanding, waarvan gesê word: "Salig en Heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom regeer duisend jaar lank." Die eerste opstanding het niks met die tweede dood te doen nie. Dit is aan die einde van die duisend jaar wanneer AL DIE RES van die dode weer sal lewe. En in daardie dag sal daar diegene wees wat sal voortkom tot die ewige lewe en daardie ander wat gevang word in die tweede dood. Nou ons het nie nodig om te raai omtrent diegene wie in die tweede opstanding die lewe ontvang nie. Ons word gesê dat dit aan hulle gegee word op grond daarvan dat hulle welwillend en goed was vir die "Broeders". Hulle wat opstaan en in die poel van vuur gewerp word, sal so behandel word vanweë hul slegte behandeling van die "Broeders". Aangesien hierdie die Woord van God is, aanvaar ons dit eenvoudig. Daar bestaan geen argument hier nie, net 'n eenvoudige stelling van 'n feit.

Om dit verder te verduidelik, let spesifiek op na die woorde van Matt. 25:31–46. Daar staan nie dat 'n herder letterlik die bokke van die skape skei nie maar dit sal gedoen word SOOS 'n herder bokke en skape skei. Hierdie is nie skape in hierdie bepaalde tydperk nie (Wit-Troon-oordeel). Die skape is in Sy kraal, hulle het Sy stem (Woord) gehoor en Hom gevolg. HULLE BESIT REEDS DIE EWIGE LEWE EN KAN NIE IN DIE OORDEEL KOM NIE. Hierdie het NIE die ewige lewe nie, en hulle is in die oordeel. Hulle word *toegelaat* om die ewige

lewe BINNE TE GAAN. Maar op grond waarvan gaan hulle die ewige lewe binne? Sekerlik nie op grond van die feit dat hulle reeds Sy lewe besit soos in die geval van die bruid nie; maar hulle ontvang dit omdat hulle goed gedoen het aan Sy broers. *Hulle is nie Sy broeders nie*: dit sou hulle mede-erfgename met Jesus maak. Hulle is NIE erfgename van enigiets behalwe die lewe nie. Hulle deel geen troon ens. met Hom nie. HUL NAME MOES IN DIE BOEK VAN DIE LEWE GEWEES HET EN WAS NIE VERWYDER NIE. Nou, vanweë hul liefde vir die mense van God, word hulle erken en gered. Dit ly geen twyfel dat hulle die kinders van God gehelp en gedien het nie. Miskien, soos Nikodemus en Gamaliël, het hulle die kinders in 'n tyd van moeilikheid bygestaan.

As dit klink na "herstelling", kyk nou mooi: want die goddelose word NIE herstel nie maar word in die poel van vuur gewerp. Die name van baie van hulle wat vernietig is, was ook in die Boek van die Lewe opgeskrywe; maar hulle name is geskrap omdat hulle gefaal het om die mense van God te eer wie die lewende, gemanifesteerde Woord (lewende briewe) in hul tyd was.

Nou laat ons hier baie duidelik wees. Hierdie is nie nasies wat geoordeel word en die millennium binnegaan omdat hulle die Jode gehelp en geherberg het nie. Dit blyk baie duidelik uit die afsluiting van hierdie verse. "En hulle (die goddelose) sal weggaan in die ewige straf (poel van vuur), maar die regverdiges in die ewige lewe." Daar is geen rekord van TWEE oordele waar die goddelose in die poel van vuur gewerp sal word nie. Slegs die dier en die valse profeet word geoordeel aan die einde van die groot verdrukking. Nee, hierdie is die Wit-Troon-oordeel, en hulle word geoordeel volgens wat in die boeke geskrywe staan.

Dit is die tweede opstanding waar die "siele onder die altaar", soos uiteengesit in die vyfde seël (Openb. 6:9-11), wit klere ontvang en ook natuurlik die ewige lewe, anders sou daar geen doel vir wit klere gewees het nie. "En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is terwille van die Woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle mededienskneghte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle voltallig sou wees." Let nou spesifiek op dat nie een van hulle onder die altaar gedood is terwille van getuienis vir Jesus nie. Hulle was nie soos Antipas wat om die lewe gebring is omdat hy Sy Naam aangehang het nie. Hierdie is nie wedergeborenes met die ewige lewe as hul besitting nie. Hulle

staan op in die opstanding en ontvang die lewe as gevolg van hul stand op die Woord. En let op hoe hulle uitroep om wraak. Hulle is nie van die stoffasie van die Bruid nie. Die bruid keer die ander wang en roep uit: "Vergewe hulle, Vader, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Hierdie is Jode. Hulle moet wees, want hulle is in die vyfde seël, en in die vierde seël is die Heidense bruid weggeraap. Dus is hierdie Jode nie uit Sy Gees gebore nie. Hulle glo nie eens dat Jesus die Messias is nie, *maar omdat hulle deur God verblind is om die ontwil van die Heidene,* het God aan hulle die ewige lewe gegee op grond daarvan dat, alhoewel hulle nie tot Hom kon kom nie, hulle waarlik getrou was aan die hele Woord wat hulle geken het en daarvoor gesterf het, soos menigtes gesterf het onder Hitler, Stalin, ens., en nog sal sterf.

Dit is in die tweede opstanding waarin die vyf dwase maagde opstaan. Let op dat hulle maagde was. Hulle het nie die Heilige Gees gehad nie en was dus nie in die bruid nie, terwyl die vyf wyses wat die olie gehad het, deel van die bruid geword het. Hierdie mense, wie afgesonderde, Godliewende mense is wie probeer om in die Woord te bly volgens wat hulle daarvan geweet het, en wie 'n hulp in die werk van die Here was, sal aan die einde van die tyd opstaan. Hulle sal die millennium misloop; wat u, deur hierdie waarhede, kan begin insien baie belangriker en wonderliker is as wat ons ooit gedink of geglo het.

Al hierdie mense se name was in die Boek van die Lewe opgeteken en hul name het daarin gebly. Maar wie se name het nie gebly nie? Dié van die wêreldstelselkerke wat die bruid beveg het, sal hulle wees wie se name verwyder is. Dit is hulle wat sal verlore gaan. Hulle sal in die poel van vuur gewerp word.

Kom ons gaan nou 'n stappie verder, maar voor ons dit doen, laat ons eers ons saak tot dusver in oënskou neem. Ten eerste weet ons verseker dat die doel van God in uitverkiesing vasstaan. Hy het dit in Homself voorgeneem. Dit was die doel van God om 'n volk voort te bring wat soos Hy is wat 'n Woord-bruid sou wees. Sy was voor die grondlegging van die wêreld IN HOM uitverkies. Sy was vooruitgeken en bemin voordat sy nog ooit voortgebring is gedurende die eeue op aarde. Sy is verlos deur Sy bloed en kan NOOIT veroordeel word nie. Sy kan nooit in die oordeel wees nie, want sonde kan nie aan haar toegereken word nie. Rom. 4:8: "Welgeluksalig is die man aan wie die Here die sonde nie toereken nie." Sy sal inderdaad met Hom op Sy oordeelstroon sit en die wêreld en selfs engele oordeel. Haar naam (elk van haar lidmate) is ingeskryf in 'n gedeelte van die Boek van die Lewe van die Lam voor die grondlegging van die wêreld. Tweedens, is daar nog 'n groep. Hulle name is ook in die Boek van die Lewe en

hulle sal in die tweede opstanding opstaan. Sodaniges is die dwase maagde en die regverdiges wat gemeld word in Matt. 25. In hierdie groep is ook diegene wie nie die dier aanbid of betrokke raak by die antichristelike stelsel nie, maar wie sterf vir hul geloof alhoewel hulle nie in die bruid is nie omdat hulle nie wedergebore is nie. Maar hulle sal in die tweede opstanding opstaan en die ewige lewe binnegaan. Derdens is daar die grenslyn-Christene soos wat ons in Israel gesien het toe hulle Egipte verlaat het. Hulle name was in die Boek van die Lewe en hul werke in die boeke ingeskrywe. Hierdie mense, wat gefaal het om God gehoorsaam te wees en wat nie die Gees gehad het nie, alhoewel die tekens en wonders tussen hulle plaasgevind het, se name sal uit die Boek van die Lewe geskrap word. Onder hierdie groep sal diegene wees, soos Judas, wat, alhoewel geheel en al sonder die Gees, maar wat wel godsdienstig is, sal manifestasies in hul lewens hê en, hoewel hul in die boeke verskyn, nie IN HOM uitverkies is nie. Diegene wat soos Bileam is sal ook in dié groep wees. Vierdens en laastens is daar diegene wie se name nog nooit in die boeke geskrywe is of sal word nie. Hulle word aangetref in Openb. 13:8 en Openb. 17:8: "En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die Boek van die Lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie. Die dier wat jy gesien het, was en is nie en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die Boek van die Lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is." Jesus het gesê dat 'n bepaalde groep iemand sal aanvaar *wat in sy eie naam kom.* Daardie *een* is die antichris. Dit is presies wat van hulle gesê word in Openb. 13:8 en 17:8. Hulle was deur God bestem maar nie tot uitverkorenes nie. Saam met hierdie groep is diegene wat soos Farao is. Daar word van hom gesê: "Juis *vir hierdie selfde doel* het Ek jou opgerig. Voorwerpe van wraak, geskik vir vernietiging." Rom. 9:17 en 22. Nie een van hulle sal op die register van die lewe geplaas word nie. Ek sê nie dat daar geen rekord van hulle bestaan nie. Daar is ongetwyfeld een of ander rekord van hulle, maar nie in die REGISTER VAN DIE LEWE NIE. Ons het in breë trekke na hul doel van bestaan verwys in die res van hierdie boek, maar ons kan nog twee Skrifte daarby voeg. Spreuke 16:4: "Alles het die Here gemaak vir Sy doel, ja, vir die dag van onheil." Job. 21:30 "Dat die kwaaddoeners gespaar word vir die dag van ondergang, dat hulle weggelei word op die dag van grimmigheid."

Aangesien hierdie gedeelte van die Woord moeilik is vir die menslike verstand om te begryp, moet dit in die geloof aanvaar en geglo word. Sommige sal aanstoot neem aan dit wat ek uiteengesit het omdat hulle nie die soewereiniteit van God

begryp wat bepaal dat GOD GOD IS nie, *en omdat Hy God is, kan mens nie Sy raadsplanne verydel of Sy wil en doel dwarsboom nie; maar Hy, Wie Almagtig is, regeer in ALLE sake en doen soos Hy wil met Sy hele skepping, omdat alles geskape is vir Sy welgevalle.* Daarom, soos Paulus sê: "As God 'n klomp klei sou neem en uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer maak, wie kan aanstoot neem en teen Hom antwoord?" Dat Hy die reg het om dit te doen, slegs op grond van die skepping alleen, kan ons nie ontken nie. Hy het selfs verder gegaan, want volgens Rom. 14:7-9 het ons die onweerlegbare bewys dat Jesus die losprys vir die hele wêreld betaal het en dat Hy dus met Sy eie kan doen wat Hy wil. "Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie. Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here. *Want hiervoor het Christus ook gesterwe en opgestaan en weer lewend geword, om (OOR DODE SOWEL AS LEWENDE) te heers."* (Eienaarskap, NIE verwantskap nie, word hier bedoel) Dit word ook in Joh. 17:2 uiteengesit: "Soos U Hom mag OOR ALLE VLEES gegee het, *sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee.*"

Nou as ons alwetenheid aan God toeskryf, moet ons ook aanvaar dat Hy volmaak is in wysheid en regverdigheid. Hierdie plan van uitverkiesing en verwerping is die wysheid van God, in alle eeue geopenbaar, soos geskrywe is in Ef. 1:3-11 "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus Wat ons geseën het met alle Geestelike seëninge in die hemele in Christus, soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as Sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van Sy wil, tot lof van die heerlikheid van Sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde. In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van Sy genade, wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle WYSHEID en verstand, deurdat Hy aan ons die verborgenheid van Sy wil bekend gemaak het na Sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het, om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig - in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het *nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom Wat alles werk volgens die raad van Sy wil"* Dus, as God dit só beplan het dat daar diegene moet wees wie se name geplaas is in 'n gedeelte van die Boek van die Lewe van die Lam en wie se name nie uitgewis kan word nie omdat hulle die name van Sy bruid is, dan moet ons dit aanvaar. Daarom as daar ook staan dat daar diegene is wie se

name in die Boek van die Lewe geplaas was, maar wie in die voorkennis van God tot 'n val sou kom en hul name geskrap Sou word, moet ons dit aanvaar. Dus as daar diegene is wie se name NOOIT op 'n rekord van lewe geplaas is nie, moet ons dit ook aanvaar, en as daar diegene is wat die ewige lewe sal binnegaan na die Wit-Troon-oordeel, slegs op grond daarvan dat hulle goed, liefdevol en regverdig was teenoor die uitverkorenes van God, wat Sy broers is, dan kan ons nie anders as om dit ook te aanvaar nie. "WANT WIE HET DIE SIN VAN DIE HERE GEKEN DAT HY HOM SOU KAN ONDERRIG"? Laat ons ons liewer in die geloof aan Hom Wat ons Vader is, onderwerp, en leef.

Om hierdie onderwerp nog duideliker te verstaan, sal dit wys wees as ons dit benader van die standpunt van die kerk deur die eeue. Tot nog toe het ons gedink in terme van die verwydering van die name van individue. Ons wil nou aandag gee, nie aan die individue nie, maar aan die groepe wat in die kerk verteenwoordig is, en om dit te doen, sal ons die kerk deur die eeue vergelyk met die koringplant. 'n Koringkorrel word geplant met die doel dat 'n enkele koringkorrel homself sal voortbring en vermenigvuldig deur 'n bepaalde proses in 'n bepaalde tyd. Daardie enkele saad sal sterf, maar, deur te sterf, sal die lewe wat daarin was, opkom as 'n plant wat, op sy beurt, die draer sal wees van daardie lewe wat sal terugkeer tot die oorspronklike in 'n vermenigvuldigde vorm. Jesus, die groot Koninklike Saad, het gesterf. Daardie weergalose Een Wat die lewe van die kerk is, staan in die midde van die kerk gedurende al sewe kerkeeue en gee Sy lewe aan die kerk (die draer) ten einde dat Sy lewe voortgebring sal word in liggame soos Syne in die opstanding. Dit is by die opstanding waar die Koninklike Saad talle *koninklike sade* sal sien soos Hy is, en hulle sal wees soos Hy is, want Johannes sê: "Ons sal wees soos Hy." Dit is waarna Johannes die Doper verwys het toe hy gesê het dat Jesus die koring in die skuur sal bymekaar maak. Dit was die opstanding waar die verlostes wat uitverkies was tot die ewige lewe, inkom.

Nou dan, die register van hierdie koringplant, waarvan die einddoel is om die oorspronklike saad in groot getalle voort te bring, is die BOEK VAN DIE LEWE. Ek herhaal: Die geskiedenis of register van hierdie koringplant is die Boek van die Lewe waarvan 'n deel van die Boek van die Lewe die REGISTER VAN DIE EWIGE LEWE IS. ('n Gedeelte van die Boek van die Lewe.) Dit word oortuigend bewys as ons na die koringplant kyk. 'n Enkele saadjie word gesaai. Gou is 'n blaartjie sigbaar. Dit is nog nie die koring nie. Dan groei dit in 'n stammetjie. Dit is nog nie koring nie. Lewe is daar, maar nog nie koring nie. Dan, op die punt van die stam, is 'n klein skerp puntjie wat 'n aartjie uitstuur. Dit is steeds 'n koringplant,

maar nog nie koring nie. Dan word die plant bestuif, en ons sien hoe die doppe groei. Dit lyk sommer baie na die koring, maar dit is nog nie saad nie. Dan vorm die koring in die dop. Dit is nou weer wat dit oorspronklik was. Die ryp koring word nou geoes.

Jesus Christus het gesterf, Hy het Sy lewe gegee. Daardie lewe sou weer terugkeer op die kerk en talle seuns in die opstanding tot heerlikheid bring soos Hy is. Net soos die koringsaad 'n draer moet hê om die menigvuldige koringsade voort te bring, so moes daar 'n kerk wees wat die draer van die lewe van Christus sou wees. Net soos die halmpie, stammetjie, aartjie en doppe die draers van die saad was maar NIE die saad self nie, so was die liggaam van die kerk die draer van die ware SAAD deur die eeue, maar nie die Saad self nie. Dit is waarom ons kan sê dat die Boek van die Lewe die HELE KORINGPLANT is.

Kom ons gaan dit weer oor. Hier is die oorspronklike saad wat geplant is. Dit het 'n halmpie voortgebring. Dit was nie dit dit nie. Dit het 'n stam voortgebring wat ook nie dit was nie. Hier kom die doppe of kaf waarin die koring gevorm sou word. Dit is nie die dit nie. Die aartjie verskyn. DAN VAL STUIFMEEL OP DAARDIE STAMPERS. 'N DEEL VAN DAARDIE PLANT IS TOT LEWE VERWEK. IETS VAN DAARDIE OORSPRONKLIKE SAAD WAT OPGEKOM HET DEUR DIE RES VAN DIE PLANT, VERANDER IN SAAD. Waarom het die hele plant nie saad geword nie? Omdat dit vir daardie doel geskep is. Net 'n deel van daardie plant kan terugkeer tot saad want slegs 'n deel van daardie KORINGPLANT IS EWIGE LEWE KORING.

U het 'n perfekte voorbeeld daarvan in Israel se vertrek uit Egipte. Hulle het uitgetrek, omtrent twee miljoen in getal. ALMAL het deur die offerbloed ontsnap. ALMAL is in die Rooi See gedoop. ALMAL het uit die water gekom en Heilige Gees manifestasies en seëninge geniet. ALMAL het engelekos geëet. ALMAL het water uit die rots gedrink wat hulle gevolg het. Met die uitsondering van 'n paar, was hulle slegs draers vir die kinders wat hulle sou volg en wat die land Kanaän sou binnegaan. Die hele Israel is NIE Israel nie. En almal, behalwe 'n klein minderheid, se name is uitgewis uit die Boek van die Lewe.

Ons het presies dieselfde vandag in die kerk. Name gaan uitgewis word uit die Boek van die Lewe. Geen name sal uitgewis word uit die Boek van die Ewige Lewe nie, want dit is 'n ander register alhoewel dit vervat is in die Boek van die Lewe. HIERDIE IS DIE REGISTER: GOD HET AAN ONS DIE EWIGE LEWE GEGEE EN HIERDIE LEWE IS IN SY SEUN. HY WAT DIE SEUN HET, HET DIE (EWIGE) LEWE EN HY WAT NIE DIE SEUN HET NIE, HET NIE DIE

(EWIGE) LEWE NIE. *Hulle wat daardie lewe besit, was in HOM voor die grondlegging van die wêreld.* HULLE IS IN HOM GEKIES VOOR DIE GRONDLEGGING VAN DIE WERELD. Daardie GROOT KONINKLIKE SAAD, Jesus Christus, was geplant (Hy het gesterf) en daardie lewe wat in Hom was, het opgekom deur die koringplant en word voortgebring in ’n menigte koringsade met dieselfde lewe in hulle en hulle is soos die Oorspronklike omdat hulle deur die Gees oorspronklik is.

Nou kan ons sien waarom die verloste (teruggekoop deur die oorspronklike eienaar) bruid (sy was in Hom soos Eva in Adam was) kan nooit die ’name van haar lede’ uit die register kan verwyder kry nie. Sy is deel van Hom. Sy is op die troon. Sy kan nooit geoordeel word nie. Elkeen in die bruid is ’n lid van Hom en Hy verloor geeneen nie. Maar dit is nie die posisie wat “die almal” in die Boek van die Lewe betref nie. Want onder hulle is daar diegene soos Judas ens. wat deel het in die register, maar hul name is geskrap. Ons kan diegene sien wat in die laaste dae kom en nadat hulle wonderlike dade verrig het, sal Jesus sê dat Hy hulle nooit geken het nie. Dit is nie dat Hy nie van hulle bewus was nie. Sy alwetenheid sluit dit uit; maar hulle was nie vantevore geken soos hulle in die bruid was nie, en hulle was ook nie vantevore geken soos die regverdiges in die tweede opstanding nie. Hulle het geen vrugte gedra nie (omdat hulle buite die Woord gestaan het - nie daarby gebly nie) en dus, is hulle, ter dood veroordeel. Soos ons dan voorheen aangedui het, is daar diegene wat by die bruid gestaan het en wat ’n hulp en troos vir haar was. Hulle name is in die Boek van die Lewe behou en hulle gaan die ewige lewe binne. Dan is daar diegene soos Farao wie se name nooit in die Boek van die Lewe verskyn het nie en hulle word ook in die poel van vuur gewerp.

Dus is die koringkorrel wat ’n plant vir die oestyd geword het, die rekord van die kerk. En net soos die hele koringplant nie koringsaad is nie, en soos die hele plant nie vir die oes gebruik word nie so is dit met die kerk: — die hele kerk is nie die bruid nie en almal word ook nie die ewige lewe gegee nie; maar ’n DEEL daarvan word in die skuur versamel en ’n DEEL daarvan word gehou sodat dit die ewige lewe in die tweede opstanding mag binnegaan, en ’n DEEL daarvan wat as kaf geag word, word verbrand in die poel van vuur. En dit is presies wat Johannes die Doper en Jesus gesê het, want Johannes het gesê dat die koring byeengebring sal word en die kaf verbrand word. Jesus het gesê: “Bind die onkruid en versamel dan die koring.” Die ekumeniese beweging sal die onkruidkerke saambind, want die onkruid moet EERS gebind word en, alhoewel hul einde verbranding is, word hulle nie verbrand wanneer hulle saamgebind word nie, maar word

bewaar vir ’n later datum, wat aan die einde van die duisend jaar is, of die tweede opstanding. As die onkruid eers gebind is, kan die wegraping plaasvind en sal plaasvind op ’n tydstip tussen die samebinding en die openbaring van die antichris. Dan sal die dag kom wanneer ALMAL versamel sal staan soos ons in Daniël sien. Die Koning sal daar wees met Sy bruid en daar voor hulle sal die menigtes wees wat geoordeel moet word. Ja. ALMAL is daar. Al die boeke word geopen. ’n Finale rangskikking van ALMAL word gemaak. Die oes is inderdaad verby. Die boeke, eens geopen, word toegeslaan.

Ter afsluiting van hierdie onderwerp, laat my verwys na ’n stelling wat ek aan die begin gemaak het toe ek gesê het dat daar nie een Skrifgedeelte is wat meld dat die Here TANS ’n Iys van name opstel nie. Dit is inderdaad so. Daar is egter ’n Skrifgedeelte wat dui op ’n toekomstige samestelling. Dit is in die sewe-en-tagtigste Psalm. Hierdie Psalm spreek van die Here Wat die name opskrywe van almal wat in Sion gebore is. Onder geen omstandighede kan daar veronderstel word dat God moet wag tot die einde van die eeue of daardie periode van tyd wat met Sion handel ten einde te weet wie almal in Sion gebore mag word nie. Weer sou dit alwetenheid uitsluit. Hy weet tog sekerlik uit wie daardie getal bestaan. Maar wat is dit? Is dit nie maar eenvoudig die hersiene rol waarin God eenvoudig op ’n nuwe register die name plaas wat oorgebly het na die tweede opstanding en wat op Sion betrekking gehad het nie? Dit is sekerlik wat dit is.

“*En Ek sal sy naam bely voor My Vader en voor Sy engele*.” Aflesing van die rol in die hemel! “As ’n mens sterwe, sal hy weer lewe? Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom; U sou roep, en ek sou U antwoord, na die maaksel van U hande sou U verlang.” Die Groot Herder roep Sy skape op hul naam. Die skeppende stem van God roep hulle uit die stof of verander hul atome, al het hulle nog nie aan die slaap geraak nie. Dit is die wegraping. Dit is die groot Bruilofsmaal van die Lam en Sy bruid.

Die wegraping is nie die enigste aflesing van die rol nie. Daar by die tweede opstanding, by die groot Wit-Troon-oordeel, sal name voor die Vader en Sy engele bely word. Daar is aan my vertel deur diegene wat weet, dat die soetste naam wat ’n mens se oor kan hoor, sy eie naam is. Hoe hou mense tog nie daarvan om hul name in die openbaar genoem te hê nie! Hoe lief is hulle vir toejuiging. Geen aardse stem sal ooit u naam so soet laat klink as die stem van God as u naam in die Boek van die Lewe staan en daar bly om voor die heilige engele geopenbaar te word nie. Wat ’n wonderlike dag as ons Jesus hoor sê: “Vader, hulle het My Naam bely voor die mense in die dae van hul aardse pelgrimstog. Nou sal Ek hul name voor U bely en voor al die hemelse engele.”

"*Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.*" Weereens het die Gees gespreek. Weereens het ons die verslag nagegaan van wat die Gees tot 'n ander eeu gespreek het. Ons het die verslag korrek gevind. Nog 'n eeu het verbygegaan en dit is vervul presies soos Hy gesê het dit sou wees. Wat 'n troos is dit vir ons wat hoop om die bruid van die laaste dae te wees, want dit laat ons harte jubel van vreugde dat Hy getrou is en elke belofte van Hom sal uitvoer. As Hy getrou en waar was aan hulle van die Sardiese Eeu, dan is Hy net so getrou en waar aan hierdie eeu van ons. As hulle, deur Sy genade en krag, deur Hom ontvang en aangeprys sal word, sal dit ook met ons gebeur. Laat ons dus volmaaktheid nastreef en die Here in die lug ontmoet en vir ewig by Hom wees.

HOOFSTUK AGT

DIE FILADELFIESE KERKEEU

Openbaring 3:7–13

En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dit sê die Heilige, die Waaragtige, Wat die sleutel van Dawid het, Wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie; Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het My Woord bewaar en My Naam nie verloën nie. Kyk, Ek sal maak dat hulle van die sinagoge van dié Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg – Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. Omdat jy die Woord van My lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie. Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van My God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die Nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van My God neerdaal, en My nuwe Naam. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

FILADELFÍA

Filadelfía was vyf-en-sewentig myl suidoos van Sardis. Dit was die tweede grootste stad in Lidië. Dit was gebou op verskeie heuwels in 'n beroemde wyn produserende distrik. Op sy muntstukke was die kop van Bacchus en die figuur van 'n Baccante (priesteres van Bacchus). Die bevolking van die stad het ingesluit Jode, Christene van Joodse oorsprong en bekeerlinge uit die heidendom. Die stad was dikwels getref deur aardbewings maar het nogtans langer bestaan as enige van die sewe stede van Openbaring. Om die waarheid te sê, die stad bestaan nog onder die Turkse naam Alasehir, of Stad van God.

Die afbeeldings op die munte dui daarop dat die god van die stad Bacchus was. Bacchus is dieselfde as Ninus of Nimrod. Hy is die 'betreurde een', alhoewel meeste van ons aan hom dink in terme van brassery en dronkenskap.

Watter helderheid bring dit nie tot ons verstand nie. Hier is 'n muntstuk met die god aan die een kant en die priesteres of profetes aan die ander. Skiet nou 'n muntstuk op. Maak dit saak hoe dit afkom? O nee. Dis nog dieselfde muntstuk. Dit is die Roomse godsdiens van Jesus en Maria.

Maar ons dink nie slegs aan Rome nie. Nee, daar is nie alleen net die groot hoer nie. Seer seker nie; want sy, deur haar hoerery, het 'n moeder geword. Haar dogters is nou muntstukke van dieselfde munt. Daar op die een kant van die muntstuk het hulle 'n aanbidding van Jesus afgebeeld en aan die ander kant het hulle ook hul priesteres of profetes en sy skrywe haar geloofsbelydenisse en dogmas en leerstellings en sy verkoop dit aan die mense vir saligheid en hou vol dat sy en sy alleen die ware lig besit.

Hoe treffend is die feit dat hierdie eeu deur die muntstuk gekenmerk word. Want die moeder en dogters koop almal hul pad na die hemel. Geld, en nie bloed nie, is die koopprys. Geld, en nie die Gees nie, is die krag wat hul voortdryf. Die god van hierdie wêreld (mammon) het hulle oë verblind.

Maar hulle transaksies in die dood sal gou tot 'n einde kom, want hierdie is die eeu waarin die Gees uitroep: "Kyk, ek kom gou". Ag, Here Jesus, kom gou!

DIE KERKEEU

Die Filadelfiese Kerkeeu het geduur vanaf 1750 tot ongeveer 1906. Hierdie eeu, as gevolg van die naam van die stad, is al genoem die Eeu van Broederliefde, aangesien Filadelfía "liefde van broeders" beteken.

DIE BOODSKAPPER

Sonder twyfel was die boodskapper vir hierdie eeu John Wesley gewees. John Wesley is gebore in Epworth op 17 Junie 1703 en was een van negentien kinders van Samuel en Susanna Wesley. Sy vader was 'n kapelaan in die Anglikaanse Kerk, maar dit is meer as waarskynlik dat die godsdienstige ommekeer van John se gedagte meer gebaseer was op sy moeder se voorbeeldige lewe as op sy vader se teologie. John was 'n briljante student. Dit was terwyl hy in Oxford was dat hy en Charles deel geword het van 'n groep wie geestelik geoefen was om te aanbid op die basis van om deur ondervinding die waarheid uit te leef, eerder as om leerstelling hul standaard te maak. Hulle het 'n geestelike gids van werke opgestel, soos om te gee aan die armes en die siekes en gevangenes te besoek. As gevolg hiervan is hulle Metodiste en ander spottende name genoem. Nou John was genoegsaam besiel met sy siening van die noodsaaklikheid van godsdiens vir die volkere van die wêreld dat hy na Amerika (Georgia) gegaan het om as sendeling onder die Indiane te arbei. Op pad daarheen het hy ontdek dat baie van die passasiers op die skip Morawiërs was. Hy was diep beïndruk deur hul sagmoedigheid, vrede en moed onder alle omstandighede. Ten

spyte van selfontberings en harde werk was sy arbeid in Georgia 'n mislukking. Hy het teruggekeer na Engeland met die uitroep: "Ek het na Amerika gegaan om die Indiane te bekeer maar o! wie sal my bekeer?"

Terug in Londen het hy weer die Morawiërs ontmoet. Dit was Peter Boehler wat hom die weg tot saligheid gewys het. Hy was waarlik wedergebore tot die groot ontsteltenis en duidelike toorn van sy broer Charles, wie nie kon verstaan hoe so 'n geestelike man soos John kon sê dat sy verhouding met God voorheen nie reg was nie. Nie lank daarna nie is Charles egter ook deur genade gered.

Wesley het nou begin om die Evangelie te verkondig in daardie kansels in Londen waartoe hy voorheen toegang gehad het; maar gou is hy uitgewerp. Dit was toe dat sy ou vriend, George Whitefield, hom goed van pas gekom het, want hy het John uitgenooi om hom te kom help met veldprediking waar duisende mense na die Woord geluister het. Wesley was eers skepties om in die opelug te preek in plaas van in 'n gebou, maar toe hy die gedrang van mense en die werking van die Evangelie in die krag van die Gees sien, het hy hom heelhartiglik tot dié wyse van prediking gewend.

Die werk het spoedig sulke afmetings aangeneem dat hy begin het om talle lekepredikers uit te stuur om die Woord te verkondig. Dit het skynbaar vergelyk met Pinkster waar die Gees manne feitlik oornag opgeroep het met krag om die Woord te verkondig en te leer.

Daar was hewige teenkanting teen sy werk maar God was met hom. Die werking van die Gees is op magtige wyse geopenbaar en dikwels het so 'n gees van oortuiging die mense beetgepak dat hulle krag hulle verlaat het en hulle op die grond geval en in groot nood uitgeroep het oor hul sondes.

Wesley was 'n merkwaardige sterk man gewees. Hy vertel van homself dat hy nie kon onthou dat hy geestelik afgemat gevoel het selfs vir 'n kwartier van sy geboorte af nie. Hy het nooit meer as ses uur per dag geslaap nie, opgestaan om te begin preek teen vyfuur feitlik elke dag van sy bediening; en het tot vier keer per dag gepreek sodat hy gemiddeld per jaar oor die 800 preke gelewer het.

Hy het derduisende myle gereis; so ook sy lekepredikers, wat die Woord wyd en syd versprei het. Wesley het inderdaad 4500 myl per jaar te perd afgelê.

Hy het geglo in die krag van God en het met groot geloof en wonderlike resultate vir die siekes gebid.

By talle van sy byeenkomste is Geestelike gawes gemanifesteer.

Wesley was nie ten gunste van organisasie nie. Sy medewerkers het wel 'n "Vereniging" gehad; hulle was, "'n groep manne wat die vorm besit en die krag van godsvresendheid nagestreef het, verenig ten einde saam te bid, om die Woord van vermaning te ontvang, en om oor mekaar te waak in liefde sodat hulle mekaar kan help om hul saligheid uit te werk." Die enigste voorwaarde wat gestel is vir hulle wat wou toetree was dat hulle van diegene moes wees "wat 'n begeerte het om te vlug van die toorn wat kom en om gered te word van hul sondes." Mettertyd het hulle 'n streng stel reëls uitgewerk vir gebruik in selfdissipline en die heil van hul siele. Wesley het ingesien dat, na sy dood, die beweging georganiseer sou kon word en die Gees van God hulle verlaat sodat slegs 'n dooie vorm sou oorbly. Hy het eenkeer opgemerk dat hy nie bang was dat die naam Metodis van die aarde sou verdwyn nie, maar dat die Gees Sy vlug sou neem.

Hy kon groot rykdom gedurende sy leeftyd versamel het, maar hy het nie. Sy gunsteling-gesegde oor die onderwerp van geld was: "Bekom alles wat jy kan, spaar alles wat jy kan, en gee alles wat jy kan." Hoe vreemd sal dit nie vir Wesley wees om terug te kom en die denominasie wat die naam 'Metodis' voer, vandag te sien nie. Hulle is ryk — skatryk, maar die lewe en die krag van John Wesley is nie daar nie.

Daar moet ook gemeld word dat Wesley nooit begeer het om 'n werk te bou wat gegrond is op 'n denominasie of 'n sektariese grondslag nie. Alhoewel hy 'n Arminiër in sy geloof was, wou hy hom nie van sy broeders skei op grond van lering nie. Hy was 'n goeie kandidaat vir Jakobus gewees: Hy het sy ewige lewe gebaseer op geloof en werke, of liewer om die lewe uit te leef, eerder as om eenvoudig net 'n geloofsbelydenis of doktrinêre stelling te aanvaar.

John Wesley het gesterf in die ouderdom van 88 jaar nadat hy God gedien het op 'n wyse wat weinig mense selfs sou dink hulle kon.

DIE BEGROETING

Openbaring 3:7, "En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dit sê die Heilige, die Waaragtige, Wat die sleutel van Dawid het, Wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie."

O, hoe pragtig is hierdie woorde nie. Hoe majestueus is selfs die klank daarvan. Hoe aangrypend om te dink dat al daardie hoedanighede aan een persoon toegeskryf kan word. Wie behalwe Jesus Christus, die Here van Heerlikheid, durf sulke dinge van homself sê? Ek glo die sleutel tot die presiese interpretasie van wat elk van daardie wonderbaarlike beskrywende frases beteken, gevind word in vers nege: "Kyk,

Ek sal maak dat hulle van die sinagoge van die Satan, van dié wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg - Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het." Ek sê hierdie skrifgedeelte is die sleutel, want dit handel oor die Jode wat hulself altyd die kinders van God genoem het, met uitsluiting van alle ander mense. Hulle het die Here Jesus Christus gekruisig en gedood. Hulle verskriklike daad het eeue lank hul eie bloed op hul eie hoofde gebring. Dit alles omdat hulle Jesus as hul Messias, wat Hy inderdaad was, verwerp het. Vir hulle was Hy nie die Een Wat Kom, of die Seun van Dawid nie; wat hulle betref was Hy Beëlsebub, of een of ander onregverdige persoon wat slegs geskik was om vernietig te word. Maar nie so nie. Hy was inderdaad Emmanuel, God geopenbaar in die vlees. Hy is inderdaad, Messias. Hy was presies soos Hy Hom *nou* toon om te wees. Daar is Hy, DIESELFDE JESUS — Jesus Christus, dieselfde gister, en vandag, en vir altyd. Daardie Heilige Een te midde van die kandelare is dieselfde Jesus Wat die oewers van die meer van Galilea bewandel het, Wat siekes genees het, Wat die dode opgewek het, en Wat, ten spyte van onomstootlike bewyse, gekruisig en gedood is. Maar Hy het weer opgestaan en Hy sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte.

Die Jode het Hom nie toe heilig genoem nie. Hulle noem Hom ook nie nou nie. Maar Hy is die HEILIGE EEN. Psalm 16:10, "Want U sal My siel aan die doderyk nie oorgee nie; U sal nie toelaat dat U gunsgenoot HEILIGE EEN verderwing sien nie."

Hulle het hul regverdiging volgens die wet gesoek en ellendig gefaal, want deur die wet kan geen vlees geregverdig wees nie. Deur die wet kan geen mens heilig gemaak word nie. Heiligheid is van die Here. I Korinthiërs 1:30, "Maar deur HOM is julle in Christus Jesus, Wat vir ons geword het wysheid uit God en *geregtigheid* en heiligmaking en verlossing." II Korinthiërs 5:21, "Sodat ons kan word die *geregtigheid van God in Hom"* Dit was óf Christus óf sterf, en hulle het tot niet gegaan want hulle het Hom verwerp.

Manne van daardie eeu, net soos vandag, het dieselfde fout gemaak. Net soos die Jode hul toevlug gesoek het in die sinagogevorm van aanbidding, só, in die Filadelfiese Eeu, het hulle hul toevlug in die kerk gesoek. Dit is nie om by 'n kerk aan te sluit wat tel nie. Die lewe is nie in die kerk nie. Die lewe is in Christus. "En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in Sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie." Die mens word heilig gemaak deur die Gees. Dit is die Gees van Heiligheid wat Jesus opgewek het uit die dode wat in ons woon en ons heilig maak met Sy Heiligheid.

Daar staan Hy, die HEILIGE EEN. En ons sal saam met Hom staan, geklee in Sy geregtigheid, heilig met Sy heiligheid.

Nou hierdie eeu is die sesde eeu. In die oë van God beweeg die tyd nou tot 'n einde. Hy sal spoedig terugkeer. Gou sal die uitroep weerklink terwyl Hy kom: "En wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word en laat die heilige nog heiliger word." Openb. 22:11.

O, ek is so bly dat my heiligheid nie uit myself kom nie. Ek is bly dat ek in Christus is, met al Sy wonderlike hoedanighede van geregtigheid toegereken, *ja, aan my gegee.* Geloofd sy God vir altyd!

"*Dit sê die Waaragtige."* Nou, hierdie woord 'waaragtig', is 'n wonderbaarlike woord. Dit beteken nie net 'waar' as die teenoorgestelde van 'valse' nie. Dit druk die Volmaakte Verwesentliking van 'n idee uit in teenstelling met 'n Gedeeltelike Verwesentliking. Ons herinner ons byvoorbeeld dat Jesus in Johannes 6:32 gesê het: "Dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar My Vader gee julle die *ware* brood uit die hemel." Johannes 15:1, "Ek is die *ware* wynstok." Hebreërs 9:24, "Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die *ware* nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn." I Johannes 2:8, "Want die duisternis gaan verby en die *waaragtige* lig skyn alreeds."

Aangesien hierdie woord inderdaad Volmaakte Verwesenliking uitdruk teenoor die idee van Gedeeltelike Verwesentliking, soos uitgebeeld in hierdie Skrifgedeeltes, kan ons nou, soos nooit tevore nie, anti-tipe teenoor tipe en werklikheid teenoor skadu verstaan. Neem nou die voorbeeld van die manna uit die hemel. God het engele-brood uit die hemel vir Israel gestuur. Maar daardie brood het nie bevredig nie. Dit het slegs 'n dag gehou. Hulle wie daarvan geëet het, was die volgende dag weer honger. As dit laat lê is, het dit sleg geword. Maar Jesus is die WARE brood uit die hemel, waarvan manna net 'n tipe was, en as enige mens van daardie BROOD uit die hemel eet, sal hy nooit weer honger kry nie. Hy hoef nie terug te kom en weer te eet nie. Die oomblik toe hy deelgeneem het, het hy die ewige lewe gehad. Hier was inderdaad WERKLIKHEID. Die skadu is nie meer nodig nie. Daar is geen nodigheid vir gedeeltelike saligheid nie. Hier is die ALLES daarvan. Net soos Jesus nie 'n deel van God is nie; Hy IS God.

Niemand kan ontken dat Israel lig gehad het nie. Hulle was die enigste volk wat, as nasie, lig gehad het. Dit was soos in Egipte, toe dit so donker was dat die duisternis tasbaar was. Maar in die huise van die Israeliete was daar lig. Maar nou het *ware* lig gekom. Die lig van die wêreld is Jesus. Moses en die profete het die lig gebring deur middel van die Skrif met

betrekking tot die Messias. Dus het Israel lig gehad. Maar nou het die Vervulling van die lig gekom en wat slegs gloeiende Woord was, het nou vorendag getree in die Helderheid van God gemanifesteer onder Sy mense. Soos die vuurkolom snags lig verskaf het, wat wonderbaarlik was, is die lig en lewe nou geopenbaar in die volheid van die Godheid liggaamlik.

Israel het altyd die rooi vers geneem en haar op die altaar geoffer ter vergewing van sondes. Vir 'n jaar lank is die sonde van die skuldige dan bedek, maar daardie bedekking kon nie die begeerte om te sondig, wegneem nie. Dit was nie 'n volmaakte offer nie. Dit was slegs 'n skaduwee totdat die egte gekom het. So het die persoon elke jaar sy offer gebring en elke jaar teruggekom omdat hy nog steeds dieselfde begeerte gehad het om te sondig. Die lewe van die dier het gedien as boetedoening vir sy sonde, maar omdat dit dierebloed was wat vergiet is en dierelewe was wat gegee is, kon dit nie tot die persoon terugkom nie. As dit sou terugkom, sou dit tog nie gehelp het nie, maar toe Christus, die volmaakte plaasvervanger, gegee is, en Sy bloed vergiet is, het die lewe wat in Christus was teruggekeer tot die berouvolle sondaar en omdat daardie lewe die volmaakte lewe van Christus is, sonder sonde, en regverdig, kon die skuldige vrygaan want hy het geen begeerte om te sondig meer gehad nie. Die lewe van Jesus het tot hom teruggekeer. Dit is wat bedoel word in Rom. 8:2, "Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood."

Maar die Jode destyds, in die tyd van Jesus, wou egter nie daardie offerhande aanvaar nie. Die bloed van bulle en bokke het niks volmaak gemaak nie. Eens op 'n tyd was dit die metode wat deur God ingestel is. Maar nou het Christus in die vlees verskyn en deur die vergieting van Sy eie bloed het Hy die sonde weggeneem en deur Homself te offer, ons volmaak gemaak. Die Jode wou dit nie aanvaar nie. Maar wat van daardie Filadelfiese Eeu en, ja, die ander eeue ook? Het hulle waarlik hierdie werklikheid in Christus aanvaar? O nee. Al het Luther die waarheid van regverdigmaking verkondig, het die Roomse Kerk en haar ewebeeld in die Ooste, die Ortodokse Kerk, nog vasgeklou aan werke. Nou daar is niks verkeerd met werke nie, maar werke kan u nie red nie. Hulle maak u nie volmaak nie. Dit is óf Christus óf sterf. En dit is selfs nie eens Christus EN werke nie. Dit is Christus alleen. Hierdie eeu het die jare van Arminianisme begin wat nie in Christus as die WERKLIKHEID glo nie. Dit sing nie "Niks behalwe die Bloed" nie, want dit sing "Niks behalwe die bloed EN my eie gedrag". Nou, ek glo aan goeie gedrag. As u gered is, sal u die regte dinge doen. Ons het dit reeds bespreek. Laat ek u nou vertel: Saligheid is NIE Jesus PLUS iets nie. Dit is Jesus ALLEEN. SALIGHEID IS VAN DIE HERE. Van begin tot end

is dit alles GOD. Laat Sy lewe in my wees. Laat dit Sy bloed wees wat my reinig. Laat dit Sy Gees wees wat my vervul. Laat dit Sy Woord wees in my hart en in my mond. Laat dit Sy wonde wees wat my genees. Laat dit Jesus wees, en Jesus alleen. Nie deur regverdige werke wat ek verrig het nie. O nee. Christus is my lewe. Amen.

Ek voel ek kan net voortgaan en voortgaan aangaande hierdie waarhede, maar ek gee u nog één meer gedagte. Dit is oor daardie wonderlike lied wat A.B. Simpson geskrywe het:

"Eers was dit 'n seëning,
Nou is dit die Heer.
Eers was dit 'n gevoel,
Nou is dit Sy Woord.
Eers het Sy Gawe begeer,
Nou besit ek die Gewer.
Eers het ek gesoek na genesing,
Nou net na Hom alleen.
Als in Als vir altyd,
Gesus sal ek sing.
Als in Gesus,
En gesus als."

Daar is niks in hierdie lewe nie, hoe bevredigend dit ookal mag wees, so goed en gaaf soos dit mag wees, maar u sal algehele volmaaktheid in Christus vind. Naas Hom verdof alles tot onbenulligheid.

"*Hy Wat die sleutel van Dawid het.*" Hierdie pragtige frase volg en vloei voort uit die voorafgaande frase: "Hy, wat Waaragtig is." — Christus, die Volmaakte Verwesenliking, teenoor Gedeeltelike Verwesenliking. Hier is dit. Moses was *'n* profeet van God, maar Jesus (soos Moses) was *DIE* Profeet van God. Dawid ('n man na God se hart) was koning van Israel, maar Jesus is die Groter Dawid, Koning van die Konings en Here van die Here, God ware God. Nou Dawid is gebore uit die stam van Juda waaruit geen priesters gekom het nie, tog het hy geëet van die toonbrood wat vir die priesters opsygesit is. Hy was die groot vegsman wat die vyand oorwin het, die volk gevestig het; as koning het hy op die troon gesit. Hy was 'n profeet. Hy was 'n wonderlike tipe van Christus gewees. Daar staan in Jesaja 22:22, "En Ek sal die sleutel van die huis van Dawid op Sy skouer lê; en Hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en Hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie." Die Gees gebruik hierdie Ou-Testamentiese verwysing betreffende die Here Jesus Christus en Sy bediening in die kerk. Dit waarop die sleutel van Dawid destyds gedui het, is blote skaduwee, wat nou vervul is met Jesus Wat staan in die midde van die kandelare. Dit handel oor ons Here NA Sy opstanding en nie oor Sy aardse pelgrimstog nie. Maar waarop dui hierdie sleutel? Die antwoord lê in die POSISIE van die sleutel. Dit is NIE in Sy hand nie. Dit

word nie om Sy nek gedra nie. Dit word nie in die hande van ander mense geplaas nie, of die skrifgedeelte sou nie kon sê DAT HY ALLEEN DIE GEBRUIK VAN DIE SLEUTEL HET NIE — WANT SLEGS HY SLUIT OOP OF TOE, EN *GEEN MENS* besit daardie reg nie behalwe Jesus Self. Is dit nie so nie? Nou waar is die sleutel? DIT IS OP SY SKOUER. Wat het SKOUER daarmee te doen? Lees Jesaja 9:5, "En die heerskappy is op Sy skouer." Maar wat kan dit beteken? Die antwoord is die volgende. Die sinsnede "heerskappy op Sy skouer", kom uit die huwelikseremonie van die Ooste. Wanneer die bruid aan die bruidegom toegesê is, verwyder sy haar sluier en plaas sy dit oor die bruidegom se skouers wat daarop dui dat sy nie alleen onder sy heerskappy val nie - dat sy haar regte aan hom oorgedra het - dat hy die hoof is - maar ook dat hy verantwoordelikheid en die sorg dra en dat HY EN HY ALLEEN - NIEMAND ANDERS NIE - GEEN ANDER MAN NIE - GEEN ANDER KRAG NIE - ENIGE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEID BESIT NIE. En dit, geliefdes, is die SLEUTEL van Dawid. God, omdat Hy soewerein is, het deur Goddelike bepaling vooraf geweet presies wie in Sy bruid sou wees. Hy het haar gekies. Sy het Hom nie gekies nie. Hy het haar geroep. Sy het nie uit haar eie gekom nie. Hy het vir haar gesterf. Hy het haar gewas in Sy eie bloed. Hy het die prys vir haar betaal. Sy behoort aan Hom en aan Hom alleen. Sy is totaal tot Hom verbind en Hy aanvaar die verpligting. Hy is haar hoof, want Christus is die hoof van Sy kerk. Net soos Sara vir Abraham "heer" genoem het, so is die bruid tevrede dat Hy haar Heer is. Hy spreek en sy gehoorsaam, want dit is haar vreugde.

Maar het die mens ag geslaan op hierdie waarheid? Het hulle Sy Persoonlikheid geag, Hy Wat alleen die volle, soewereine gesag oor Sy kerk het? Ek sê "NEE". Want in elke eeu is die kerke deur 'n hiërargie regeer — 'n priesterskap — 'n apostoliese opvolging wat die deur van genade en seën sluit vir wie dit wil en wat, in plaas daarvan om die liefde en verantwoordelikheid teenoor die kerk te aanvaar, met, geldgierige wellus op die kerk jag gemaak en haar vernietig. Die geestelikes het in weelde geleef terwyl die arme kerk moes bestaan op die leë doppe van hulle misbruike. En geen eeu het anders gedoen nie. Elke eeu het hom tot organisasie verbind en die regering op mense geplaas en die kerk met daardie regering verbind. Sou die mense dit waag om in opstand te kom was hulle wreed onderdruk of uitgewerp. Elke denominasie het dieselfde gees. Elke denominasie sweer dat dit die sleutel tot die regering van die kerk besit. Elke denominasie maak daarop aanspraak dat dit die deur open. Maar dit is nie waar nie. Dit is Jesus en Jesus alleen. Hy plaas die lede in die Liggaam. Hy rus hulle toe met hul bedieninge. Hy plaas die gawes tot haar beskikking. Hy sorg en lei haar. Sy is Sy alleen-eiendom en Hy het niemand anders behalwe vir haar nie.

Hoe ver verwyder van die werklikheid is hierdie kerkeeu waarin ons lewe. En eendag, binnekort, sal hierdie manne wat tans voorgee dat hulle namens die kerk spreek, na vore tree in die ekumeniese beweging om 'n lewende antichris aan die hoof van hul organisasie te plaas wat die Here uitwerp; en ons sal Hom (Christus) buite die kerk vind en Hy sal sê: "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My." Openbaring 3:20.

Maar laat my dit sê. Onse Here is nie oorwonne nie. Mense maak daarop aanspraak dat hulle die deur tot God oopmaak en daardie deur toemaak, maar hulle is leuenaars. Alles wat die Vader aan Hom gegee het, sal na Horn toe kom, en hy wat na Hom toe kom sal nooit uitgewerp word nie; Hy sal NIE EEN van hulle verloor nie. Johannes 6:37-39. Wanneer daardie laaste uitverkore lid van die liggaam van Christus inkom, sal ons Here verskyn.

Die sleutel van Dawid. Was Dawid dan nie die koning van Israel — die hele Israel nie? En is Jesus nie die Seun van Dawid, op grond van die feit dat Hy op die troon van Dawid sal sit in die millennium en oor Sy erfenis sal regeer nie? Sekerlik. Dus dui die sleutel van Dawid daarop dat dit Jesus is Wat die millennium sal inlui. Hy Wat die sleutel tot die dood en die doderyk het, sal Sy eie opwek, sodat hulle kan deel in Sy bewind van regverdigheid op aarde.

Hoe wonderbaarlik is dit nie dat onse Here oor al die antwoorde beskik nie. Waarlik, in Hom is al die beloftes van God volbring. Waarlik, deur IN Hom te wees, is ons erfgename van wat Hy vir ons gekoop het.

Ja, daar staan Hy, die Here van die Heerlikheid. Eens, as die Vader, was Hy omring deur die engele, die aartsengele, gérubs en sérafs, en die hemelse menigte, wat uitroep: "Heilig, Heilig, Heilig is die Here God van die Leërskare." Sy heiligheid was sodanig dat niemand Hom kon nader nie. Nou sien ons Hom in die kerk, en Hy deel Sy eie heiligheid met ons, totdat, in Hom, ons die regverdigheid van God word. Ja, en daar staan Hy, "Jesus, Volmaakte Alles", — Lelie van die Dale, die Blink Môre-ster, die Uitnemendste van Tienduisend, Alfa en Oméga, Wortel en Geslag van Dawid, Vader, Seun en Heilige Gees — die Alles en in Alles. Jesaja 9:5, "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors." In Hom is volkome vervulling. Hoewel ons Hom eens nie geag het nie, het ons Hom nou lief met 'n onbeskryflike vreugde en vol heerlikheid. Hy staan in Sy kerk en ons sal Sy lof sing, want Hy, die Magtige Oorwinnaar, is hoof van die kerk wat Sy bruid is. Hy het

daardie bruid gekoop. Hy besit haar. Sy is Syne en slegs Syne en Hy sorg vir haar. Hy is ons koning en ons is Sy koninkryk, Sy ewige besitting.

Nou u sal onthou dat ek aan die begin van vs. 7 gesê het dat vs. 9 ons sou help om dit te verstaan. Ek hoop dat u gesien het wat ek bedoel het. Jesus het gesê Hy is die Een Wat heilig en waaragtig (die enigste werklikheid) is, die Een met die sleutel van Dawid, die Een Wat oopmaak en toesluit. En dit is presies waar. Daardie sinsnedes beskrywe Hom perfek. Nogtans het die Jode in Sy tyd Hom en wat Hy was, nie aanvaar nie. Hulle het hul Saligmaker en alles wat Hy vir hulle beteken het, verwerp, en die nominale Christen het nou dieselfde gedoen. Hulle het presies gedoen wat die Jode gedoen het. Die Jode het Hom gekruisig en toe die ware gelowige aangeval. Die nominale Christen het Hom opnuut gekruisig en die ware kerk aangeval om dit te vernietig. God is getrou, en Hy Wat bo alles is, sal nog terugkeer, en wanneer Hy dit doen, sal Hy aantoon Wie die enigste Heerser is. Wanneer Hy Hom aan die wêreld bewys, en die hele wêreld voor Sy voete buig, sal die hele wêreld ook buig voor die voete van die heiliges en daardeur bewys dat hulle reg was deur by Hom te staan. Geseënd sy God vir ewig!

DIE EEU VAN DIE GEOPENDE DEUR

Openbaring 3:8: "Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het My Woord bewaar en My Naam nie verloën nie."

Die eerste sinsnede van hierdie vers, "Ek ken jou werke", word in die res van die vers ontleed, want hul werke het te doen met 'die oop deur', 'min krag', 'die Woord en die Naam'.

Ten einde die rykdom van betekenis te begryp wat opgesluit lê in "Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie," moet ons nou onthou wat gesê is omtrent elke eeu wat 'n ander eeu oorvleuel. Daar is 'n oorvleueling, 'n samesmelting of oorgaan in, eerder as 'n skielike einde en 'n duidelike begin. Hierdie eeu, in die besonder, loop oor in die volgende eeu. En nie alleen vloei hierdie kerkeeu oor in die laaste eeu nie, maar die laaste eeu is, in baie opsigte, eenvoudig net 'n voortsetting van die sesde eeu. Die sewende eeu ('n baie kort eeu), versamel in ditself vir een Vinnige werk, al die kwaad van elke eeu, en tog al die werklikheid van Pinkster. Wanneer die Filadelfiese Eeu feitlik verby is, volg die Laodicense Eeu vinnig en bring beide die onkruid en die koring tot die oes. "Maak eers die onkruid bymekaar om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in My skuur." Mattheüs 13:30. Onthou asseblief dat die

Sardiese Eeu die hervorming begin het wat steeds moet voortgaan totdat die graan wat by Pinkster geplant is, die hele siklus van plant, natmaak, voeding, ens., deurgegaan het totdat dit terugkeer tot die oorspronklike saad. Terwyl dit aan die gang is, moet die onkruid ook hul siklus deurgaan en ook geoes word. Dit is presies wat ons sien gebeur. As u net aan die seisoene dink, sal u 'n goeie beeld hiervan kry. Die plant wat u sien wat met volle krag in die somer groei, lyk skielik of dit saad maak. 'n Mens kan nie presies sê wanneer somer oorgaan in herfs nie — dit verdwyn geleidelik daarin. Dit is hoe die eeue is, en veral hierdie laaste twee.

Dit is aan hierdie eeu wat Jesus sê: "Ek kom GOU" vs. 11. Dit maak die laaste eeu baie kort. Laodicéa is die eeu van die *vinnige werk*. Dit word kortgeknip.

Ons sal nou meer bepaald die GEOPENDE DEUR behandel wat niemand kan sluit nie. Ten eerste wil ek uitwy aangaande die geopende deur as beduidend op die geweldige sendingpoging van daardie eeu. Paulus het 'n nuwe sendingpoging vir die Here 'n geopende deur genoem. II Korinthiërs 2:12: "Maar toe ek in Troas gekom het om die Evangelie van Christus te verkondig, hoewel 'n deur vir my in die Here geopen was." Dus kan ons sien, deur die vergelyking van die Skrifte, dat hierdie geopende deur gedui het op die grootste verspreiding van die Evangelie wat die wêreld nog ooit gesien het.

Ek wil hê u moet hier iets raaksien. God werk in drieë, nie so nie? Dit was in die derde, of Pérgameense Eeu, dat kerk en staat verenig het. Die dade van die Nikolaïete het die leerstelling van die Nikolaïete geword. Daardie eeu was die GEOPENDE DEUR vir die valse wynstok. Toe dit eers gerugsteun is deur die mag van die staat het dit in der waarheid 'n wêreldstelsel geword alhoewel dit die naam Christen, gedra het. So het dit soos 'n veldbrand versprei. Maar nou, drie eeue later, na 'n lang en harde stryd, van die geloof, kom die GEOPENDE DEUR vir die waarheid. Die Woord van die Here het nou Sy dag. Natuurlik het die vyfde eeu die weg gebaan vir hierdie magtige gebeurtenis, aangesien daardie eeu aan ons ontdekkingsreise, kolonisasie, die boekdrukkuns, ens., gegee het.

Dit sou wonderlik gewees het as hierdie 'geopende deur' die Goddelike patroon van Pinkster gevolg het soos uiteengesit in Hebreërs 2:1–4: "Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie. Want as die Woord deur engele gespreek, onwankelbaar was, en elke oortreding en ongehoorsaamheid regverdige vergelding ontvang het, hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid verontagsaam wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur dié wat dit gehoor het: terwyl God ook

nog saam getuig het deur tekens en wonders en allerhande kragtige dade en bedelinge van die Heilige Gees volgens sy wil?" U weet nou dat dit die patroon is, want Jesus het Self so gesê. Markus 16:15-20: "En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word. Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God. Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die Woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Amen."

Hy het nooit vir hulle gesê om uit te gaan in die hele wêreld en Bybelkolleges te stig nie; Hy het hulle ook nie aangesê om leesstof uit te deel nie. Daardie dinge is goed, maar wat Jesus hulle aangesê het om te doen, was OM DIE EVANGELIE TE VERKONDIG — bly by die WOORD — en dan sal die tekens volg. Die heel eerste inleiding wat ons het van hoe die Koninkryk van God verkondig moes word, vind ons waar Hy die twaalf uitgestuur het. In Mattheüs 10:1-8 het Hy hulle soos volg opdrag gegee en vermaan: "En Hy het Sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees. En dit is die name van die twaalf apostels: die eerste Simon wat Petrus genoem word, en Andréas, sy broer; Jacobus, die seun van Sebedéüs, en Johannes, sy broer; Filippus en Bartholoméüs; Thomas en Matthéüs, die tollenaar; Jakobus, die seun van Alféüs, en Lebbéüs wat genoem word Thaddéüs; Simon Kananítes en Judas Iskáriot, die een wat Hom verraai het. Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie; maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel. En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom. Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee." Hierdie bediening wat Hy aan hulle gegee het, het in der waarheid neergekom daarop dat Hy Sy eie bediening met hulle gedeel het, want daar staan in Mattheüs 9:35-38: "En Jesus het by al die stede en dorpe rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees. En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie. Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur."

Nou baie mense is onder die indruk dat slegs die apostels hierdie bediening besit het wat aan hulle geskenk is deur onse Here Jesus en dus dat, toe hulle dood is, die bediening verby was. Dit is nie so nie. Hier in Lukas 10:19 vind ons dat Hy tydens sy verblyf op aarde reeds bedieninge van krag gegee het aan Sy mense: "En na hierdie dinge het die Here weer sewentig ander aangestel, en hulle twee-twee voor Hom uit gestuur na elke stad en plek waar Hy sou kom, Hy sê toe vir hulle: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes dat Hy arbeiders in sy oes uitstuur. Gaan dan; kyk, Ek stuur julle soos lammers onder wolwe. Moenie 'n beurs of 'n reissak of skoene dra nie, en groet niemand op die pad nie. En in watter huis julle ook al mag ingaan, sê eers: Vrede vir hierdie huis! En as daar 'n man van vrede is, sal julle vrede op hom rus; anders sal dit tot julle terugkeer. Bly dan in daardie selfde huis en eet en drink wat hulle het, want die arbeider is sy loon werd. Moenie van huis tot huis gaan nie. En in watter stad julle ook al mag ingaan en hulle jul ontvang, eet wat aan julle voorgesit word. En maak die siekes gesond wat daarin is, en sê vir hulle: Die koninkryk van God het naby julle gekom."

Wie durf die magtige bediening van Filippus ontken? Wie durf die magtige bedieninge van Irenaeus, Martin, Columba, Patrick en van talle ander ontken wat deur God gesalf is?

Ja. Die Bybel is die ware weg van die geopende deur, en ek wil my eie getuienis hierby voeg. Die rede waarom ek dit moet doen, is omdat ek slegs met sekerheid kan praat oor wat God in my eie lewe gedoen het. Dus, as u hier 'n persoonlike opmerking sal verskoon, sal ek u vertel hoedat ek met sekerheid weet dat Jesus dieselfde is gister, vandag en tot in alle ewigheid, en dat die krag van God nog beskikbaar is vir hulle wat sal glo en ontvang.

Tydens my sendingtog na Suid-Afrika, het God dit so geseën dat, toe ek in Durbin gekom het, die enigste plek wat al die mense kon huisves, die reuse perderesiesbaan was, wat die tweede grootste ter wêreld is. Die skare was heelwat oor 100,000. Ten einde wet en orde te handhaaf, moes hulle heinings oprig om die verskillende stamme te skei. Honderde polisiemanne is uitgeplaas om die skare stil te hou. Daardie honger siele het van myle ver gekom. 'n Koningin uit Rhodesië het gekom met 'n trein van 27 waens vol inboorlinge. Hulle het met moeite hul weg deur die veld en oor die berge gebaan en myle ver 'n geliefde up hul rug gedra wat hulp nodig gehad het. Die hele land was aangegryp deur die magtige werke wat deur die Heilige Gees gemanifesteer is.

Een agtermiddag, toe ek die evangelie begin bedien het, het een van die duisende Mohammedane na die verhoog gekom. Terwyl sy voor my gestaan het, het 'n sendeling onder die Mohammedane saggies begin om die Here te smeek: "O, vir

daardie kosbare siel. O, vir daardie kosbare siel." Hy was reeds jare lank daar gewees en volgens sy eie getuienis het hy slegs EEN Mohammedaan gesien wie gekom het om Jesus Christus as Saligmaker te aanvaar. Hulle was oorspronklik die Mede-Perse gewees, wie se wette nie verander nie. Dit is so moeilik om hulle te wen. Dit kom voor of "eens 'n Mohammedaan, altyd 'n Mohammedaan" 'n wet onder hulle is. Wel, terwyl sy voor my gestaan het, het ek, deur 'n tolk, met haar en met die duisende begin praat. Ek het gesê: "Is dit nie so dat die sendelinge u vertel het van 'n JESUS Wat gekom het om u te red nie?" U moes gesien het hoe die mense mekaar aangekyk het toe ek dit gesê het. Nadat hulle geantwoord het dat ek reg was, het ek voortgegaan en gesê: "Maar het die sendelinge vir u uit hierdie Boek (ek het my Bybel omhoog gehou vir hulle om te sien) gelees dat hierdie selfde Jesus 'n magtige geneesheer was, en dat Hy in Sy mense sou leef, deur die eeue, totdat Hy weer kom om hulle tot Homself te neem? Het hulle u vertel dat, omdat dieselfde Gees in hulle was Wat in Jesus was, hulle in staat sou wees om magtige werke te verrig net soos Jesus gedoen het? Het hulle u vertel dat u gesond gemaak kan word, net soos u gered kan word? Hoeveel van u wil graag sien dat hierdie selfde Jesus onder ons neerdaal en dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het toe Hy lank gelede hier op aarde was?" Hulle almal wou dit gehad het. Dit was die een ding waaroor hulle sekerlik saamgestem het.

Ek het voortgegaan: "As Jesus deur Sy Gees sal doen wat Hy gedoen het toe Hy op aarde was, sal u dan Sy Woord glo?" En hier was daardie Mohammedaanse vrou voor my. Die Gees het deur my begin werk.

Ek het vir haar gesê: "U weet dat ek u nie ken nie. Ek kan nie eens u taal praat nie." Sy het dit erken. Ek het gesê: "Wat u genesing betref, weet u dat ek dit nie kan doen nie. Maar u het vanmiddag die boodskap gehoor en my verstaan." Haar Indiër-tolk het namens haar geantwoord dat sy verstaan, want sy het die Nuwe Testament gelees.

Nou, die Mohammedane is afstammelinge van Abraham. Hulle glo in Een God, maar hulle verwerp Jesus as die Seun van God en in plaas daarvan aanvaar hulle Mohammed as Sy profeet. Hulle sê dat Jesus nooit gesterf en weer opgestaan het nie. Hulle word dit geleer deur hul priesters en hulle glo dit.

Ek het gesê: "Maar Jesus het gesterf en weer opgestaan. Hy het Sy Gees teruggestuur in die kerk. Daardie Gees Wat in Hom was, is presies dieselfde Gees Wat nou in die kerk is en Dit kan en sal voortbring wat Jesus voortgebring het. Hy het in Johannes 5:19 gesê: "Die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so." Nou, dan, as Jesus kom en aan my

openbaar wat u probleem is of waarvoor u hier is — as Hy my kan vertel wat u verlede is, kan u sekerlik ook vir die toekoms glo?"

Deur haar tolk het sy gesê: "Ja, ek kan."

Ek het gesê: "Nou maar goed. Mag Hy dit doen."

Daardie Mohammedane het aandagtig gesit en kyk. Hulle het almal vorentoe geleun om te sien wat gebeur.

Toe het die Heilige Gees gespreek: "U man is 'n kort, swaar gesette man, met 'n swart snor. U het twee kinders, U was omtrent drie dae gelede by die dokter gewees en hy het u ondersoek. U het 'n sweer op die baarmoeder."

Sy het haar kop laat sak en gesê: "Dit is waar."

Ek het haar gevra: "Hoe is dit dat u na my, 'n Christen kom? Waarom het u nie na u Mohammedaanse profeet gegaan nie?"

Sy het gesê: "Ek dink u kan my help."

Ek het gesê: "Ek kan u nie help nie, maar as u vir Christus Jesus as u Saligmaker aanvaar, Hy wat nou hier is, en alles van u af weet, sal Hy u help."

Sy het gesê: "Ek aanvaar Jesus as my Saligmaker." Dit het die deurslag gegee. Sy het gesond geword en omtrent tien duisend Mohammedane het op daardie dag tot Christus gekom omdat die Evangelie verkondig was in Woord en krag. God het nooit gesê 'n man moet dertig jaar lank werk en niks oes nie. Hy het aan ons die geopende deur van Woord en krag gegee en dit is wat ons veronderstel is om te gebruik. Dit is wat aan Paulus sy groot en doeltreffende bediening gegee het. I Korinthiërs 2:4: "En my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag."

Luister nou na my. Op dieselfde reis, terwyl ek aan boord 'n vliegtuig gegaan het in Salisbury, Rhodesië, het ek 'n groep van vier mense gesien met Amerikaanse paspoorte. Ek het na hulle toe gegaan en gesê: "Wees gegroet, ek sien julle het Amerikaanse paspoorte. Is u op pad êrens heen?"

Die jong man het my geantwoord: "Nee, ons is almal sendelinge hier."

"Hoe mooi," het ek geantwoord. "Is u op u eie of werk u vir een of ander organisasie?"

"Ons is Metodiste. Ons kom van Wilmore, Kentucky, af," het hy gesê.

"Wel, dit is feitlik in my agterplaas," het ek geantwoord.

"U is nie miskien daardie Broer Branham wat van daardie geweste kom nie, is u?"

Ek het gesê: "Ja, dis reg." Dit het hom genees. Hy wou verder niks sê nie en die manier waarop hy en die drie meisies na mekaar gekyk het. Dus het ek gesê: "Net 'n oomblik, seun, ek wil graag met u gesels oor 'n paar beginsels, siende dat ons almal Christene is en hier is met 'n groot doel. Nou u sê dat u al vier reeds twee jaar hier is. Kan u in die Naam van Jesus sê dat u, u vinger kan lê op een siel wat u weet u vir die Here gewen het?" Hulle kon dit nie doen nie.

Ek wil nie u gevoelens seermaak nie, meisies," het ek gesê, "maar u behoort almal by die huis te wees besig om u moeders te help met die skottelgoed. U het niks in die sendingveld te doen nie, tensy u vervul is met die Heilige Gees en die ware Evangelie verkondig in betoning van die krag van die Heilige Gees. As u nie die resultate sien wat Jesus gesê het u sal sien nie, verkondig u nie die Ware Evangelie nie."

Laat my 'n stappie verder gaan en vir u aantoon presies hoe sake in die sendingveld kan wees. Ek sê nie dit is alles so nie, maar ek is bevrees te veel daarvan is. Dit was tydens dieselfde reis, terwyl ek met die burgemeester in Durban rondgetoer het, het ek 'n inboorling gesien met 'n kenteken om sy nek; hy het 'n afgodsbeeldjie saam met hom gedra. Ek het my vriend gevra waarvoor die kenteken was, en hy het gesê dat, wanneer 'n inboorling die Christelike geloof aanvaar, 'n kenteken om sy nek gehang word. Dit het my werklik verbaas, want hier was 'n man wat homself 'n Christen genoem het en 'n afgodsbeeldjie rondgedra het, dus het ek hom gevra hoe dit moontlik was.

Hy het gesê: "Ek kan sy taal praat. Kom ons gaan gesels met hom."

Dus het ons oorgestap en die burgemeester het as my tolk opgetree. Ek het die inboorling gevra of hy 'n Christen was. Hy het bevestig dat hy inderdaad 'n Christen was. Toe het ek hom gevra waarom hy die afgodsbeeldjie ronddra as hy dan 'n Christen was. Hy het geantwoord dat dit 'n afgodsbeeldjie was wat sy vader altyd gedra en toe vir hom nagelaat het. Toe ek hom vertel dat geen Christen afgodsbeeldjies behoort rond te dra nie, het hy geantwoord dat hierdie bepaalde afgodsbeeldjie van groot nut vir sy vader gewees het. Ek was nuuskierig om te weet op welke wyse en hy het gesê dat sy vader eenkeer deur 'n leeu bekruip is, hy het toe 'n vuur gemaak en met die afgodsbeeldjie gepraat soos hy deur die toordokter geleer is. Die leeu het toe weggegaan. Ek het hom meegedeel dat die vuur die leeu afgeskrik het, aangesien vuur alle wilde diere bangmaak. Ek sal nooit sy antwoord vergeet nie. Hy het gesê: "Wel, die saak staan so: as Amoyah (die Gees) misluk, dan sal hierdie afgodsbeeldjie nie."

('n Volledige relaas van die Afrika veldtog kan gevind word in die boek: "A Prophet Visits Africa".)

Dit is feitlik al die krag wat die Christen-menigtes het, want die Woord is nie aan hulle gebring deur die oorspronklike geopende deur van Pinkster nie.

Om nou terug te keer tot die geopende sendingdeur van die Filadelfiese Eeu. Dit het nie die oop deur van krag gehad wat dit behoort te gehad het nie. Let op, in dieselfde vers noem Hy hierdie geopende deur. Hy sê: "Jy het min krag." Dit is reg. Die KRAG van die Gees het in daardie eeu ontbreek. Die Woord was goed verkondig. Dit was heeltemal in staat om siele in te lig aangaande die verkryging van saligheid. Maar die groot krag van God wat Sy magtige werke aangetoon het, wat Sy arm ontbloot het ten bate van Sy eie, het ontbreek, behalwe onder verspreide groepies. Maar, prys God, dit was besig om te groei en het toegeneem vergeleke met wat hulle tydens die Hervorming gehad het.

Dit was in hierdie eeu dat die man wat ons dikwels die vader van die sending noem, William Carey, uitgegaan het. Hy was William Carey 'n skoenmaker in 'n klein dorpie en prediker van die Particular Baptiste Kerk in Mouton, Engeland, en het die mense geweldig aangespoor deur te preek oor "of die opdrag wat aan die Apostels gegee is om alle nasies te onderrig, nie bindend was op alle daaropvolgende predikers tot aan die voleinding van die wêreld nie, aangesien die daarmee gepaardgaande belofte dieselfde omvang gehad het." Hy was beveg deur die Calviniste wat die leerstelling van die uitverkiesing tot die uiterste gevoer en geglo het dat almal wat gered sal word, wel gered SAL word, en dat sending werk teen die werk van die Gees sou wees. Maar Andrew Fuller het Mnr. Carey gehelp deur sy prediking en fondsinsameling. Die gevolg hiervan was sodanig dat 'n vereniging in 1792 gestig is om die Evangelie aan alle nasies te bring. Hierdie vereniging het Carey uitgestuur en hy is besonderlik deur God geseën in die wen van siele in Indië. In 1795 het 'n ontwakende Christendom die Londense Sendinggenootskap gestig wat, soos ons wel weet, miljoene ponde ingesamel het, en, deur die jare, duisende sendelinge uitgestuur het om die wense van die Here te volbring. Die Gees van God was vaardig en "Ander Skape" kon wel die uitroep van die hart van daardie opregte gelowiges gewees het.

"*Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee.*" Ek wil weereens hierdie woorde nagaan. Dié keer, hoewel ek hulle nie van die sending gaan skei nie, gaan ek vir u 'n gedagte oordra wat tot ver in die laaste eeu oorgaan. Soos ek reeds gesê het, smelt hierdie eeu weg in die laaste eeu. Dit was in hierdie eeu dat Jesus gesê het "Ek kom gou" (vers 11) en van die laaste eeu dat Hy "volbring 'n saak, en verkort dit in geregtigheid, omdat die Here 'n saak wat verkort is, op die aarde sal doen." Romeine 9:28. Let op hoe hierdie verse van Openbaring 3:8 lui: "geopende

deur — min krag, Woord, Naam." Daardie geopende deur het te doen met al drie. Nou waarop dui die deur? In Johannes 10:7 staan daar: "Jesus het toe weer vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, EK IS DIE DEUR VAN DIE SKAPE." Dit is reg: "EK IS" *IS* die deur van die skape. Nou, dit is nie slegs 'n eienaardige uitdrukking nie. Dit is werklik so. Let op in Johannes 10 waar Jesus die gelykenis gee, noem Hy Homself die herder. Dan noem Hy Homself die deur, en dit is wat die herder vir die skape is. Hy is inderdaad hulle deur.

Terwyl ek in die Ooste was, het ek gesien hoe die herder saans al sy skape bymekaar maak. Hy bring hulle in die kraal. Dan tel hy hulle. Wanneer hy seker is dat hulle almal daar is, gaan hy in die oop deur van die kraal lê en word letterlik die deur van die kraal. Niemand kan inkom of uitgaan behalwe verby hom nie. Hy is die deur. Die volgende dag terwyl ek saam met 'n vriend in 'n jeep ry merk ek dat 'n herder sy kudde in die stad begin inlei. Onmiddellik het alle verkeer tot stilstand gekom sodat die skape kon deurgaan. Nou die stede in die Ooste is nie soos die stede hier nie. Ons hou al ons handelsware binnekant; maar daar is dit soos 'n groot boeremark met al die handelsware op die sypaadjie sodat verbygangers dit kan sien en koop. Ek het gedink: "O wêreld, nou gaan die poppe dans. Wag net totdat daardie skape al daardie kos sien." Maar soos die herder vooruit gaan, het al daardie skape hom presies in pas gevolg. Hulle het na al daardie goed gekyk, maar geen skaap het aan iets geraak nie. Ag, as ek net hulle taal kon verstaan het, sou ek self alle verkeer tot stilstand gebring het en 'n preek gelewer het oor wat ek pas gesien het.

As julle skape is wat aan die Groot Herder behoort, volg julle net in Sy voetspore, net soos daardie skape gedoen het. Julle sal nie in die versoeking gebring word om af te dwaal vir een of ander groot blom van 'n kerk nie, of te luister na die stem van een of ander D.D. of Ph.D. of L.L.D. nie, maar julle sal by die Herder bly. Die Bybel sê dat die skape Sy stem ken en HOM volg, maar die stem van 'n vreemdeling sal hulle laat vlug en hulle agter hul ware Herder laat aanhardloop. Prys die Heer.

Maar dit is nie al wat ek daar gesien en geleer het nie. Eendag het ek begin nadink oor manne wat ek in die weiveld gesien het wat verskillende soorte diere oppas. Een kêrel het na die varke omgesien, 'n ander die bokke, 'n ander 'n klompie kamele, 'n ander 'n paar muile, ens. So ek het toe 'n vriend wat daar bly gevra wat hierdie manne genoem word. "O" het hy gesê, "hulle is herders."

Dit kon ek nie aanvaar nie. "Jy bedoel tog nie dat hulle ALMAL herders is nie. Herders pas net skape op, dan nie?"

"Nee," het hy gesê: "'n herder is 'n weier of 'n wagter, so enigiemand wat diere laat wei is 'n herder."

Wel, dit het my verbaas, maar ek het 'n verskil agtergekom tussen daardie herders en die wat skape oppas. Wanneer dit aand word, het almal behalwe die herder van die skape sy diere in die veld gelos en huis toe gegaan. Die herder het sy skape saam met hom geneem, hulle in die kraal gebring, homself neergelê, en die deur van die skape geword. O, prys God, ons Herder sal nooit van ons weggaan of ons verlaat nie. As dit nag word, wil ek in Sy kraal wees. Ek wil in Sy sorg wees.

Nou dus kan ons sien dat JESUS DIE DEUR IS. Hy is die deur van die skape. Let op dat daar melding gemaak word van die OOPMAAK VAN 'n DEUR. Wat is dit anders as 'n openbaring van Homself? En daardie openbaring gaan oop om vir ons *Krag* te gee, om die Woord te verlig en om Sy Naam te verheerlik. Dit was in die middel van die twee laaste eeue dat die Openbaring van die Godheid van Jesus Christus voor ons uitgebloei het. Ja, ons het geweet dat Hy God was. Hoe anders kan Hy ons Saligmaker wees? Maar om te weet dat Hy NET GOD was, OF GOD ALLEEN, dat Hy die Alfa en die Oméga was, dat hierdie "Jesus BEIDE HERE EN CHRISTUS was — WAT HOM HERE JESUS CHRISTUS GEMAAK HET, DIE VADER, DIE SEUN EN DIE HEILIGE GEES, ALMAL EEN PERSOON — dit was verlore sedert die eerste eeue, maar nou sien ons dit weer. Die openbaring van WIE HY WAS, het terug gekom. Die Godheid is inderdaad nie 'n drie-persoon God met een persoonlikheid nie, want dit verg persoonlikheid om 'n persoon te maak. As daar EEN persoonlikheid is, is daar slegs een persoon. Maar diegene wat glo in drie persone het 'n drie-god-Godheid en is skuldig aan oortreding van die eerste gebod.

Maar die openbaring van die Godheid is terug. Nou kan die ware kerk weer in sterkte bou. Na al hierdie tyd weet sy uiteindelik Wie haar Here is. Weereens DOOP ONS IN DIE NAAM VAN DIE HERE JESUS, net soos hulle by Pinkster gedoen het.

Laat ek u vertel van 'n Godgegewe droom wat ek gehad het oor die drie-enige doop. Dit was nie 'n gesig nie, maar 'n droom. Weet u, ek is seker daarvan dat dit een van die seëninge van die kerkeeue was om drome deur die Heilige Gees te ontvang, net soos mens in staat gestel word om gesigte te sien. Dit was ongeveer 3 nm. op 'n Saterdagoggend. Ek het pas opgestaan om vir Joseph 'n glas water te gaan haal. Toe ek weer gaan lê het, het ek dadelik aan die slaap geraak en hierdie droom gedroom. Ek het 'n man gesien wat ek veronderstel het my vader was. Hy was 'n groot, stewig geboude man. Ek het ook 'n vrou gesien wat veronderstel was om my moeder te wees, maar sy het nie na haar gelyk nie, net soos die man nie na my vader gelyk het nie. Hierdie man was baie wreed teenoor sy vrou. Hy het 'n groot

driekantige knuppel gehad. U weet as mens ’n stomp hout neem en dit regop neersit en dit met ’n byl kap, dan kry mens ’n driekantige, wigvormige stuk vuurmaakhout. Dit het so gelyk. Hy het hierdie knuppel opgeneem en haar daarmee platgeslaan. Terwyl sy daar lê en huil, het hy rondgestap met sy bors uitgestoot en met ’n trotse spoggerige uitdrukking op sy gesig sodat dit gelyk het of hy besonder trots en tevrede was omdat hy ’n arme klein vroutjie geslaan het. Elke keer wanneer sy probeer opstaan, het hy haar geslaan. Ek het nie gehou van wat hy besig was om te doen nie, maar terwyl ek oorweeg het om hom te keer, het ek gedink: “Ek kan nie daardie man aanpak nie — hy is te groot. Ook is hy veronderstel om my vader te wees.” Maar hier diep binne-in my het ek geweet dat hy nie my vader was nie en ek het geweet dat geen man die reg het om ’n vrou so te behandel nie. Ek het na hom toe gegaan en hom aan die kraag gegryp en hom omgedraai en gesê: “Jy het *geen reg* om haar te slaan nie.” En nadat ek dit gesê het, het my spiere uitgeswel en het ek soos ’n reus gelyk. Die man het hulle gesien en was bang vir my. Ek het gesê: “Slaan haar weer en jy sal met my te doen kry.” Hy het gehuiwer om haar weer te slaan, en toe het die droom my verlaat.

Ek het onmiddellik na die droom wakker geword. Ek het gedink hoe eienaardig dit was. Ek het gewonder waarom ek van daardie vrou gedroom het, toe Hy skielik gekom het en ek van God se teenwoordigheid bewus geword het en die uitlegging van die droom van Hom ontvang het. (Nou julle mense weet dat ek nie slegs u drome presies uitgelê het nie, maar ek het al baie kere vir u vertel wat u gedroom het, sodat u nie nodig gehad het om my te vertel wat u gedroom het nie.) Die vrou verteenwoordig die kerk van die wêreld vandag. Ek is reg in hierdie gemors ingebore — die gemors waarin sy is. Sy was veronderstel om ’n soort van moeder te wees (sy is die moeder van hoere). Haar man is die denominasies wat haar regeer. Die driekantige blok hout is die valse drie-enige doop tot ’n drie-eenheid. Elke keer as sy probeer om op te staan (dit beteken dat die gemeentes begin het om die waarheid aan te neem), het hy haar weer neergeslaan met daardie valse leerstelling. Hy was so groot dat ek aanvanklik vir hom bang was, maar toe ek my teen hom verset, het ek gevind dat ek groot en sterk spiere het. Hulle was GELOOFSPIERE. Die uitslag van die droom was dat, “aangesien God met my is, en my soveel krag kan gee, laat my dan opstaan vir haar teen die denominasiemag van die wêreld en hom laat ophou om haar te slaan.”

Nou probeer ek nie om ’n leerstelling op ’n droom te bou nie. Ook probeer ek nie om enige leerstelling waarin ek glo met ’n droom te verdedig nie. Eenheid van die Godheid word aangedui van Genesis 1:1 tot by Openbaring 22:21. Maar die mense is verblind deur ’n onskriftuurlike dogma van ’n drie-

eenheid en daardie dogma word so universeel aanvaar dat om te probeer om 'n "Een Persoon God" te sien, feitlik onmoontlik is. As mense nooit die WAARHEID van die Godheid kan sien nie, maar altyd daarteen stry, kan hulle nooit die res van die waarheid sien nie want die OPENBARING IS JESUS CHRISTUS IN SY KERK *EN* SY WERKE IS IN DIE MIDDE VAN DIE KERK VIR DIE SEWE EEUE. Het u dit gesnap? Ek is nou seker dat u verstaan.

"*Jy het min krag en jy het My Woord bewaar en My Naam nie verloën nie.*" Nou ons het reeds gemeld hoe die krag besig was om terug te keer. Dit was so. Die krag van die inkwisisie het afgeneem. Mense het hul vaderland verlaat en vryheid van aanbidding geëis. Die juk van die hiërargie was aan die verbrokkel. Die regerings het dit gerade geag om nie een groep bo 'n ander te stel nie. In der waarheid, was mense wat dit goed bedoel het maar onder swak leierskap gestaan het, gewillig om oorlog te voer om hul godsdiensregte te verdedig. Miskien is die grootste vertoning van die mag van die godsdiens in hierdie eeu die feit dat, hoewel Frankryk in rewolusie ten gronde gegaan het, die groot Wesley herlewing die rewolusie uit Groot Brittanje geweer en haar gered het om vir vele glorieryke jare 'n instrument in die hand van God te wees.

Die prediking van die Woord was nooit groter nie. Terwyl die Satan sy hordes van vrydenkers opgewek het, terwyl die skeppers van die kommunisme na vore getree het, terwyl liberale teoloë hul vieslike ware versprei het, het God magtige vegters van die geloof laat verrys; en die grootste werke van die Christelike literatuur en lering en prediking kom uit hierdie era. Die predikers en leraars van hierdie tydvak is nooit en sal nooit geëwenaar word nie. Die Spurgeons, Parkers, McClarens, die Edwardse, Bunyans, Meullers, Brainards, Barnese, Bishops, almal kom uit hierdie era. Hulle het die Woord verkondig, geleer en geskryf. Hulle het Sy Naam verheerlik.

DIE OORDEEL VAN DIE VALSE JOOD

Openb. 3:9: "Kyk, Ek salmant dat hulle van die sinagoge van die Satan, van dié wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg – Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het."

Nou ons merk dadelik dat hierdie probleem van die valse Jood of valse gelowiges reeds in die tweede eeu bestaan het. Diegene wat hulself valslik Jode genoem het, het te voorskyn gekom net na die eerste uitstorting in die eerste eeu en nou maak hulle weer hul verskyning in die tweede eeu na die hervorming. Dit is nouliks per ongeluk; dit is inderdaad glad nie per ongeluk nie. Dit is 'n beginsel van die Satan. Daardie beginsel is om te organiseer en aanspraak te maak op oorspronklikheid en dus

geregtig te wees op spesiale regte en voorregte. Laat ek u wys. Destyds in die Smirniese Eeu het hierdie mense gelieg en gesê dat hulle waarlik Jode (of gelowiges) was terwyl hulle dit beslis nie was nie. Hulle was van die sinagoge van die Satan. Hulle was die Satan se georganiseerde groep want dit was in daardie eeu dat ons gesien het hoedat manne begin het om hulleself op ongeoorloofde wyse leierskap toe te ëien in die bediening oor hul broeders in die bediening. (Biskoppe is oor ouderlinge in distrikte geplaas.) Wat ons daarna gesien het, was dat daar in die derde eeu, definitief 'n plek genaamd "Die Setel van die Satan" was. Daardie eeu het ons die huwelik van die staat en kerk gegee. Met die mag van die staat agter haar, was die kerk letterlik fisies onoorwinlik. Maar God het daardie houvas verbreek ten spyte van die mag van die staat, en die hervorming het baie lig gebring. Maar wat het gebeur? Die Lutherane het georganiseer en verenig met die staat en weereens sien ons die sinagoge van die Satan in die sesde eeu gemanifesteer. Nou natuurlik sou hierdie sinagoge-groep nie sê dat hulle van die Satan is nie. O nee. Hulle sê hulle is van God. Maar hulle lieg. Want hy wat 'n ware Jood is (dit is wat hulle verklaar dat hulle is) is 'n Jood van binne — in die Gees. Dus, as hulle valse Jode is, beteken dit dat hulle is soos Judas 19 sê, "mense wat die Gees NIE het nie". Kinders van God word gebore uit die Gees. Hierdie mense het nie die Gees nie en is derhalwe NIE kinders van God nie, maak nie saak hoe hewig hulle beswaar maak en tot watter uiterstes hulle gaan om dit te probeer bewys nie. Hulle is DOOD. Hulle is kinders van die organisasie en die ware vrugte ontbreek. Hulle is gegrond op hul eie geloofsbelydenisse, dogma en leerstellings en die waarheid is nie in hulle nie, want hulle het hul eie raad aanvaar bokant die Woord van God.

Laat ek u wys wat ek nog die hele tyd probeer om u te leer omtrent die twee wynstokke wat uit twee verskillende geeste kom. Neem die voorbeeld van Jesus en Judas hierdie keer. Jesus was die Seun van God. Judas was die seun van die verderf. God het in Jesus ingegaan. Die Satan het in Judas ingegaan. Jesus het 'n volle Heilige Gees bediening gehad want: "Met betrekking tot Jesus van Nasaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was." Handelinge 10:38. Daar staan: "Want hy (Judas) is saam met ons getal gereken en het die LOT van hierdie bediening verkry." Handelinge 1:17. Mattheüs 10:1, "En Hy het Sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle die mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees."

Daardie gees wat in Judas was, het saamgegaan regdeur die bediening van Jesus. Toe het albei by die kruis gekom. Jesus is gehang aan die kruis en het met blydskap Sy Lewe vir

sondaars gegee en Sy Gees aan God toevertrou. Sy Gees het na God gegaan en is by Pinkster uitgestort in die kerk. Maar Judas het homself gehang en sy gees het teruggekeer na die Satan, maar na Pinkster het daardie selfde gees wat in Judas was, teruggekeer na die valse wynstok wat langs die ware wynstok groei. Maar let op dat Judas se gees nooit by Pinkster uitgekom het nie. Dit het nooit opgegaan om die Heilige Gees te ontvang nie. Dit kon nie. Maar waarvoor het daardie Judas gees hom beywer? Dit was vir die sak met goud. Hoe lief het dit die geld gehad. Dit het nog steeds geld lief. As dit rondgaan in die Naam van Jesus en magtige dinge doen en reuse-vergaderings hou, stel dit nog geld en geboue en opleiding en alle materiële begrippe bo alles. Let net op na daardie gees wat op hulle is en moenie om die bos gelei word nie. Judas het rondgegaan as een van die twaalf en hy het ook wonderwerke verrig. Maar hy het NIE die Gees van God as sy eie besit nie. Hy het 'n bediening gehad. Hy het nooit by Pinkster uitgekom nie, aangesien hy nie ware saad was nie. Hy was nie 'n ware kind van God nie. O, nee. En dit is nou ook die geval in die sinagoge van die Satan. Moenie mislei word nie. U sal nie mislei word as u van die ware uitverkorenes is nie. Jesus het gesê u sal nie mislei word nie.

Ja, hierdie mense sê dat hulle Christene is, maar hulle is dit nie.

"*Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.*" I Korinthiërs 6:2: "Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie?" Daar sal nie alleen twaalf apostels op twaalf trone wees wat die twaalf stamme van Israel oordeel nie, maar die heiliges sal ook die wêreld oordeel. Dit is wanneer diegene wat daarop aanspraak maak dat hulle aan God behoort en dat God hulle liefhet, presies sal uitvind wie die kind van God is en wie deur die Seun bemin word. Ja, daardie dag kom wanneer dit gemanifesteer sal word. Diegene wat nou die wêreld in 'n mate regeer en wat gedurende die laaste eeu 'n beeld vir die dier sal oprig waardeur hulle inderdaad die wêreld sal regeer, sal eendag verneder word wanneer Jesus en Sy heiliges sal kom om die wêreld in regverdigheid te oordeel. Dit is presies wat ons in Matt. 25 gesien het wanneer "AL" diegene wat die eerste opstanding misgeloop het, voor die Regter en Sy bruid sal staan.

DIE LOFSPRAAK EN DIE BELOFTE

Openb. 3:10: "Omdat jy die Woord van My lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel."

Wat word bedoel met die "Woord van Sy lydsaamheid?" Hebreërs 6:13-15: "Want toe God aan Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer en gesê: Voorwaar, Ek sal jou ryklik seën en jou grootliks vermeerder. En so het hy die belofte verkry nadat hy geduldig gewag het." U sien dus die Gees praat van die Woord van God wat aan ons gegee is. Om te wag op die vervulling van daardie Woord het lydsaamheid geverg, soos in die geval van Abraham. Hy het volhard asof hy Hom Wat onsigbaar is, gesien het. Hy was geduldig en toe is die Woord uiteindelik vervul. Dit is die manier waarop God Sy mense geduld leer. Dink net, as Hy Sy Woord in fisiese manifestasie vervul die oomblik wanneer 'n mens bid, sal 'n mens nooit geduld leer nie, maar 'n mens sal selfs meer ongeduldig met die lewe word. Laat my u hierdie waarheid nog meer duidelik uitbring. Hebreërs 11:17: "Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes (die Woord van God) ontvang het, het sy eniggebore geoffer." Daar is dit: Abraham is op die proef gestel NADAT hy die Woord van Belofte ontvang het. Meeste mense dink dat sodra hulle in Jesus Naam bid om die goeie beloftes van God, daar geen beproewing kan wees nie. Maar hier staan dit dat Abraham op die proef gestel is nadat hy die belofte ontvang het. Dit is heeltemal korrek volgens die Psalmis waar hy verwys na Josef, 105:19: "Tot op die tyd dat sy woord uitgekom het, *die Woord van die Here hom beproef verklaar het."* God gee aan ons uitermate groot en kosbare beloftes. Hy het belowe om hulle te vervul. Hy sal. Maar van die tyd dat ons bid tot die tyd dat ons die antwoord ontvang, moet ons leer om geduld in ons siele te ontvang, want slegs deur geduld besit ons die lewe. Mag God ons help om hierdie les te leer soos ons weet die mense van die sesde eeu geduld geleer het. Ons lees die lewensgeskiedenis van hierdie groot Christene; wat 'n teëstelling sien ons nie tussen hul lewens en ons s'n nie, want hulle was so geduldig en so stil, en vandag is ons feitlik oorweldig deur ongeduld en oorhaastigheid.

Voorts sê Hy vir hulle: "Omdat jy My Woord bewaar het en dit uitgeleef het en daardeur geduldig geword het, sal Ek jou bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel." Hier sien ons weereens die oorvleueling van die twee eeue; want hierdie belofte het te make met die einde van die Heidense tydperk wat die toppunt in die Groot Verdrukking bereik.

"*Sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel."* Hierdie vers is nie 'n verklaring dat die ware kerk in en deur die verdrukking sal gaan nie. As dit dit beteken het, sou dit daar gestaan het, maar daar staan: "Ek sal jou bewaar in die uur van verdrukking." Hierdie versoeking is

presies soos die versoeking in Eden. Dit sal ’n baie aanloklike voorstel wees, voorgehou in direkte teenstelling met die bevel van God se Woord, en tog, uit die standpunt van menslike redenasie sal dit so reg, verlig en lewegewend wees dat dit die wêreld sal mislei. Slegs die ware uitverkorenes sal nie mislei word nie. Die versoeking sal soos volg kom. Die ekumeniese beweging, wat begin het op so ’n op die oog af pragtige en geseënde beginsel (die vervulling van Christus se gebed dat ons almal een moet wees), word op politieke gebied so sterk dat sy druk op die regering uitoefen om almal te verplig om hulle by haar te skaar, of direk of deur te bly by beginsels wat deur wet neergelê word, sodat geen groep mense as ’n kerk erken sal word nie, tensy hulle direk of indirek deur hierdie raad oorheers word. Klein groepies sal regte, voorregte, ens. verloor totdat hulle alle eiendom en geestelike regte onder die mense verloor. Op die, oomblik is dit byvoorbeeld die geval dat ’n mens in baie, indien nie die meeste stede, nie ’n gebou kan huur vir godsdienstige byeenkomste sonder die goedkeuring van die plaaslike predikers-vereniging nie. Om kapelaan in die weermag, hospitale, ens. te word, is dit vandag feitlik noodsaaklik om erken te word deur die trinitariese ekumeniese groepe. Namate hierdie druk toeneem, en dit sal, sal dit moeiliker word om dit te weerstaan, want om te weerstaan is om voorregte te verloor. So vele sal in die versoeking kom om toe te gee, want hulle voel dat dit beter is om God in die openbaar te dien binne die raamwerk van hierdie organisasie as om God glad nie in die openbaar te dien nie. Maar hulle is verkeerd. Om die leuen van die duiwel te glo beteken om die Satan te dien, alhoewel jy hom Jehova wil noem. Maar die uitverkorenes sal nie mislei word nie.

Voorts; sal die uitverkorenes nie alleen behou word nie, maar, namate hierdie beweging die “BEELD OPGERIG VIR DIE DIER” word, sal die heiliges weggeneem wees in die wegraping. En hierdie beminlike en bekoorlike beweginkie wat in broederskap in Éfese begin het, sal die monster van die Satan word wat die hele wêreld besmet en mislei. Want die gesamentlike kerkstelsel van die Rooms-Katolieke en die Protestante, sal die geldrykdom van die wêreldstelsel beheer en die hele wêreld in sy godsdienstige valstrik dwing, of om die lewe bring deur hulle die voorreg van koop en verkoop te ontneem waardeur hulle ’n bestaan maak. Dit sal op heel eenvoudige wyse vermag word, want die dogters van die hoer het feitlik almal na haar teruggekeer. Intussen het Rome feitlik al die goudvoorrade bekom. Die Jode het die verbande en al die papier. Op die regte tyd sal die hoer die huidige monetêre stelsel vernietig deur al die papier in te roep en goud te eis. Sonder goud sal die stelsel tot ’n val kom. Die Jode sal in die lokval loop en die verbond sluit, en die hoerkerk sal die hele wêreld oorneem.

DIE BELOFTE AAN SY EIE

Openb. 3:11-12: "Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie. Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van My God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van My God skrywe en die naam van die stad van My God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemele van My God neerdaal, en My nuwe Naam.

Ons hoef nie kommentaar te lewer oor die gedagte dat Hy gou kom nie. Ons weet dat Hy kom, want ons is nou aan die einde van die laaste dae, is ons nie? Maar hy gaan voort en sê: "Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie."

Jesus kom in die midde van 'n tyd van groot onrus en beroering. En met Sy koms is daar 'n opstanding. Vele sal voortkom uit die stof en opvaar met hulle wat nog lewe maar wat wag op Sy wederkoms. En aan hulle sal krone gegee word. Waarom? Omdat hulle Seuns van God is. Hulle is saam met Hom konings. Hulle regeer saam met Hom. Dit is wat die kroon aandui — heers en regeer met die Groot Koning Self. Dit is die belofte aan almal wat saam met Hom hier op aarde ly — al diegene wat geduldig verdra het, wetende dat God, die Regverdige Regter hulle sal beloon. Hulle wat alles vir Hom opgeoffer het en alles aan Hom toevertrou het, sal in Sy troon sit en Sy glorieryke koninkryk deel.

O, hier is 'n woord vir ons almal in hierdie tyd. Dit is 'hou vas' — volhard. Moenie ingee nie. Trek die hele wapenrusting van God aan — gebruik elke wapen wat Hy aan ons gegee het — gebruik elke gawe tot ons beskikking en gaan die toekoms met vreugde binne, want ons gaan deur Hom gekroon word, Hy Wat die Koning van die Konings en die Here van die Here is.

Nou Hy deel nie slegs krone uit nie, maar Hy sê dat hulle wat in die bruid is, pilare in die tempel van God gemaak sal word. Maar wat is die tempel van God? Jesus het na Sy liggaam verwys as die tempel. Dit was. Dit was inderdaad die tempel van God. Maar nou dat ons Sy liggaam is, is die ware kerk die tempel van God deur die Heilige Gees binne-in ons. Nou gaan Hy die oorwinnaar 'n pilaar in daardie tempel maak. Maar wat is 'n pilaar? 'n Pilaar is in der waarheid 'n deel van die fondament want dit stut die bo-struktuur. Prys God, dit sit die oorwinnaar reg saam met die apostels en die profete, want daar staan in Éfesiërs 2:19-22: "So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar mede-burgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees." Ja, daardie vers 22 sê dat ons

saam opgebou word met hulle. Alles het deur die DEUR (Jesus) gegaan en is ’n deel van daardie liggaam of tempel. Nou wanneer God ’n mens in die tempel as ’n pilaar plaas en hom deel maak van daardie fondamentgroep, wat doen Hy? Hy gee aan hom die openbaring van die Woord en van Homself, omdat dit presies is wat die apostels en die profete gehad het. Matt. 16:17. Daar is hy in daardie Woord. Daar staan hy. Niemand kan hom daaruit kry nie.

Dink bietjie na oor daardie woord “oorwin”. Johannes vra die vraag: “Wie is hy wat oorwin?” en die antwoord is dadelik daar: “Hy wat glo dat Jesus die Christus is.” Hy sê nie dat die oorwinnaar dié een is wat in “’n” Jesus en in “’n” Christus glo nie, maar wat glo dat Jesus *DIE CHRISTUS IS* — EEN persoon — nie twee nie. Hy is die een wat gedoop is in die Naam van die Here Jesus Christus.

God praat hier van die bruid. Wil u ’n voorstelling van die kerk sien? Dit is in Openbaring 7:4-17, “En ek het die getal van die verseëldes gehoor: honderd-vier-en-veertigduisend verseëldes uit al die stamme van die kinders van Israel - uit die stam van Juda twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Ruben twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Gad twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Aser twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Naftali twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Manasse twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Simeon twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Levi twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Issaskar twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Sébulon twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Josef twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Benjamin twaalfduisend verseëldes. Na hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was ’n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met ’n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam! En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê: Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen. Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom? En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan. Hulle sal nie meer honger en meer dors hê

nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee." Jesus het gekom. Hy het die 144,000 verseël. Hy het 12,000 uit elke stam geneem. Maar daar is 'n verdere groep wat nie tot hierdie 144,000 hoort nie wat ons aantref in verse 9–17. Wie is hulle? Hulle is in die bruid geneem van onder die Heidene. Hulle is dag en nag voor Sy troon. Hulle dien Hom in die tempel. Hulle val onder die spesiale sorg van die Here. Hulle is Sy bruid.

Die bruid gaan waar die Bruidegom is. Sy sal nooit deur Hom verlaat word nie. Sy sal nooit Sy sy verlaat nie. Sy sal die troon met Hom deel. Sy sal gekroon word met Sy glorie en Sy eer.

En Ek sal op hom die Naam van My God skrywe en die naam van die stad van My God. En wat is die Naam van God? Wel, Hy was God met ons, of Emmanuel, maar dit was nie Sy gegewe Naam nie. "Julle sal Hom Jesus noem." Jesus het gesê: "Ek het gekom in die Naam van My Vader, en julle het My nie aangeneem nie." Dus is die Naam van God, JESUS, want dit is die Naam waarmee Hy gekom het. Hy is die HERE JESUS CHRISTUS. En watter naam neem 'n vrou aan wanneer sy die man trou? Sy neem sy naam aan. Dit sal Sy Naam wees wat aan die bruid gegee word wanneer Hy haar tot Homself neem.

Openb. 21:1–4, "En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, voorberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon en hulle sal Sy volk wees; en God Self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan." Hoe wonderlik. Al God se wonderlike beloftes is vervul. Alles sal verby wees. Die verandering sal voltooi wees. Die Lam en Sy bruid, vir ewig gevestig in al die volmaakthede van God. Beskryf dit? Wie kan dit doen? Niemand nie. Daaraan dink? Daarvan droom? Lees wat die Woord daarvan sê? Ja, dit kan ons alles doen, maar nogtans kan ons slegs 'n oneindige klein deeltjie daarvan ken totdat dit werklikheid word by die eerste opstanding.

"*En Ek sal op hom My NUWE Naam skrywe.*" My Nuwe Naam. Wanneer ALLES vernuwe word, dan sal Hy 'n nuwe Naam aanneem en daardie Naam sal ook die Naam van die bruid wees. Niemand durf gis oor wat daardie Naam is nie. Dit sal 'n openbaring moet wees, gegee deur die Gees, op so 'n

onweerlegbare wyse dat niemand dit durf ontken nie. Maar sonder twyfel sal Hy daardie openbaring laat tot die dag wanneer Hy besluit om daardie Naam bekend te maak. Dit is genoeg om te weet dat dit nog wonderliker sal wees as wat ons, ons kan indink.

DIE FINALE VERMANING AAN DIE KERKEEU.

Openbaring 3:13: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê." Elke eeu eindig met dieselfde waarskuwing. Dit is die aanhoudende pleidooi dat die gemeentes na die stem van die Here sal luister. In hierdie eeu is die pleidooi selfs nog meer dringend as in die vorige eeue, want in hierdie eeu is die koms van die Here waarlik naby. Die vraag sou miskien ontstaan: "As daar nog 'n verdere eeu na hierdie een is, waarom dan die dringendheid?" Die antwoord lê hierin. Die laaste eeu sal 'n kort een wees — 'n vinnige werk van voltooiing. Nie net dit nie, maar 'n mens moet ook altyd onthou dat, in die oë van God, die tyd snel verbygaan; ja, 'n duisend jaar is slegs 'n dag. En as Hy binne 'n paar uur, soos Hy tyd ag, kom, moet Hy ons sekerlik met dringendheid waarsku en Sy stem moet gedurig in ons harte weerklink om gereed te wees vir daardie koms.

O, daar is so baie stemme in die wêreld — soveel probleme en behoeftes wat uitroep om aandag; maar daar sal nooit 'n stem wees wat so belangrik en soveel aandag waardig is as die stem van die Gees nie. Dus: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

HOOFSTUK NEGE

DIE LAODICENSE KERKEEU

Openbaring 3:14–22

En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God:

Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!

Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.

Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.

Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.

Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.

Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op My troon, soos Ek oorwin het en saam met My Vader op sy troon gaan sit het.

Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

DIE STAD LAODICÉA

Die naam, Laodicéa, wat beteken “menseregte” was baie algemeen en is aan verskeie stede gegee ter ere van koninklike dames met die naam. Hierdie stad was op politieke gebied een van die mees belangrikste en finansieël een van die florerendste in Klein-Asië. Geweldige hoeveelhede eiendom is deur prominente burgers aan die stad nagelaat. Dit was die setel van ’n groot mediese skool. Sy inwoners het hulle onderskei in die kuns en wetenskap. Dit is dikwels die ‘hoofstad’ genoem aangesien dit die distriksetel vir vyf-en-twintig ander stede was. Die heidense god wat daar aanbid is, was Zeus. Die stad was inderdaad op ’n tyd Diopolis (Stad van Zeus) genoem ter ere aan hul god. In die vierde eeu is ’n

belangrike kerkvergadering daar gehou. Herhaaldelike aardbewings het uiteindelik veroorsaak dat die stad heeltemal ontruim is.

Hoe paslik het die eienskappe van hierdie laaste eeu die tydperk verteenwoordig waarin ons nou leef. Hulle het byvoorbeeld een god, Zeus, aanbid, wat die hoof en vader van die gode was. Dit voorspel hierdie twintigste eeu se 'een God, vader-van-ons-almal' godsdienstige uitgangspunt wat die broederskap van die mens aandui en wat selfs nou die Protestante, Katolieke, Jode, Hindoes, ens. byeenbring met die bedoeling dat 'n gesamentlike vorm van aanbidding ons liefde, begrip en besorgdheid vir mekaar sal verhoog. Die Katolieke en Protestante streef selfs nou na en vorder, met hierdie vereeniging met die uitgesproke doelwit dat andere sal volg. Hierdie einste houding was duidelik gesien in die Verenigde Volkere Organisasie toe die wêreldleiers geweier het om enige enkele konsep van geestelike aanbidding te erken maar aanbeveel het dat al daardie afsonderlike konsepte tersyde gestel word in die hoop dat alle godsdienste tot een sal saamsmelt, want almal begeer dieselfde doelwitte, almal het dieselfde bedoeling en almal is basies reg.

Let op na die naam, Laodicéa, 'die mense se regte' of 'regspleging van die volkere.' Was daar ooit 'n eeu soos die twintigste eeu se kerkeeu wat ALLE nasies in opstand sien kom het en gelykheid eis, sosiaal en finansieël? Hierdie is die eeu van die kommuniste waarin alle mense veronderstel is om gelyk te wees, hoewel dit slegs teoreties so is. Hierdie is die eeu van politieke partye wat hulself Christen-Demokrate noem, en Christen-Sosialiste, Christen Gemenebes Federasie, ens. Volgens ons liberale teoloë was Jesus 'n sosialis gewees en het die vroeë kerk onder leiding van die Gees sosialisme beoefen, en dus behoort ons dit vandag te doen.

Toe die ou volke Laodicéa die hoofstad genoem het, het hulle die enkele wêreldregering in die vooruitsig gestel het wat ons nou besig is om in te stel. Wanneer ons dink aan daardie stad wat die setel van 'n groot kerklike raad was, sien ons die voorspel tot die ekumeniese beweging wat vandag plaasvind en waarin ons binnekort al die 'sogenaamde' Christene sal sien bymekaarkom. Inderdaad is die kerk en staat, godsdiens en politiek, besig om te verenig. Die onkruid word gebind. Die koring sal binnekort gereed wees vir die graanskuur.

Dit was 'n stad van aardbewings, aardbewings van so 'n aard dat dit uiteindelik daardeur vernietig is. Hierdie eeu sal sy einde vind deurdat God die hele wêreld sal skud wat weggegaan het om gemeenskap met die ou hoer te hê. Nie alleenlik sal wêreldstelsels verbrokkel nie, maar die aarde self sal geskud word en dan hernu word vir die duisendjarige heerskappy van Christus.

Die stad was ryk met skenkings van die rykes. Dit was 'n kultuurstad. Die wetenskap het toegeneem. Net soos vandag. Die kerke is ryk. Die aanbidding is pragtig en formeel, maar koud en dood. Kultuur en opvoeding het die plek ingeneem van die Gees-gegewe Woord, en die geloof is oortref deur die wetenskap, sodat die mens 'n slagoffer van materialisme geword het.

Elke eienskap van eertydse Laodicéa is hergebore in die twintigste-eeuse Laodicense Eeu. In die genade van God, mag diegene wie 'n oor het om te hoor uit haar uit kom, sodat hulle nie deelgenote is in haar sondes en die gevolglike oordeel nie.

DIE LAODICENSE EEU

Die Laodicense Eeu het 'n aanvang geneem om en by die begin van die Twintigste Eeu, moontlik 1906. Hoe lank sal dit duur? As 'n dienaar van God wat menige gesigte gesien het, waarvan NIE EEN ooit gefaal het nie, voorspel ek (ek het nie gesê profeteer nie, maar voorspel) dat hierdie eeu ongeveer 1977 tot 'n einde sal kom. As u 'n persoonlike aanmerking hier sal verskoon, ek baseer hierdie voorspelling op sewe vername aaneenlopende gesigte wat een Sondagoggend in Junie 1933 tot my gekom het. Die Here Jesus het met my gepraat en gesê dat die koms van die Here besig was om nader te kom, maar dat, voor Hy kom, sewe baie belangrike gebeurtenisse eers sou plaasvind. Ek het hulle almal neergeskryf en daardie oggend het ek die openbaring van die Here oorgedra. Die eerste gesig was dat Mussolini Ethiopië sou binneval en dat daardie nasie "voor hom sou swig". Daardie gesig het beslis reaksies veroorsaak en sommige mense was baie woedend toe ek dit sê en wou dit nie glo nie. Maar dit het so gebeur. Hy het net daar ingestap met sy moderne wapens en oorgeneem. Die inboorlinge het nie 'n kans gestaan nie. Maar die gesig het ook gesê dat Mussolini tot 'n aaklige einde sou kom deur sy eie mense wat teen hom sou draai. Dit het gebeur presies soos gesê is.

Die volgende gesig het voorspel dat 'n Oostenryker by name Adolf Hitler sou opstaan as diktator oor Duitsland en dat hy die wêreld in 'n oorlog sou insleep. Dit het die Siegfried-linie aangetoon en hoe ons troepe 'n verskriklike tyd sou hê om dit te oorwin. Dit het ook aangetoon dat Hitler tot 'n geheimsinnige einde sou kom.

Die derde gesig was op die gebied van wêreldpolitiek, want dit het my getoon dat daar drie groot ISMES sou wees, Fascisme, Nazisme en Kommunisme, maar dat die eerste twee verswelg sou word in die derde. Die stem het gewaarsku: "HOU RUSLAND DOP, HOU RUSLAND DOP. Hou jou oë op die Koning van die Noorde."

Die vierde gesig het die groot vooruitgang aangetoon wat die wetenskap na die tweede wêreldoorlog sou beleef. Die toppunt was ’n gesig van ’n motor met ’n koepeldak van plastiek, wat met pragtige hoofpaaie langs ry, onder afstandbeheer, sodat dit gelyk het of die mense in die motor sonder stuurwiel gesit het en een of ander speletjie gespeel het om hulself te vermaak.

Die vyfde gesig het te doen gehad met die morele probleem van ons eeu en was hoofsaaklik om die vrou gesentreer. God het aan my getoon dat die vrou uit haar plek begin raak het met die vergunning van stemreg. Toe het hulle hul hare afgesny, wat daarop gedui het dat hulle nie meer onder die gesag van die man gestaan het nie, maar aangedring het, of op gelyke regte, of, in die meeste gevalle, meer as gelyke regte. Sy het oorgegaan tot die dra van mansklere en het ’n toestand van ontkleding betree, totdat ek in die laaste deel van die gesig ’n vrou gesien het, nakend, behalwe vir ’n klein soort van vyeblaarvoorskoot. Met hierdie gesig het ek die verskriklike verdraaiing en treurige morele toestand van die hele wêreld gesien.

Toe in die sesde gesig, het daar toe in Amerika ’n beeldskone maar wrede vrou verrys. Sy het die volk in haar algehele mag gehou. Ek het geglo dat dit die opkoms van die Rooms-Katolieke Kerk was, hoewel ek geweet het dat dit moontlik ’n gesig kon wees van een of ander vrou wat ’n groot magsposisie bereik het as gevolg van die populêre stem van die vroue.

Die sewende en laaste gesig was waarin ek die geweldigste ontploffing gehoor het. Ek het omgedraai om te kyk, en niks behalwe puin, kraters en rook oor die hele land van Amerika gesien nie.

Op grond van hierdie sewe gesigte, tesame met die snelle veranderinge wat oor die wêreld gekom het in die afgelope vyftig jaar, VOORSPEL ek (ek profeteer nie) dat hierdie gesigte almal teen 1977 vervul sal wees. Alhoewel baie van mening kan wees dat dit ’n onverantwoordelike stelling is in die lig van die feit dat Jesus gesê het: “Van die dag en die uur weet niemand nie,” bly ek nog, na dertig jaar, by hierdie voorspelling, want Jesus het NIE gesê dat niemand kan weet van jaar of maand of week waarin Sy koms voltooi sal word nie. Ek wil herhaal dat ek opreg glo en hou vol, as ’n private student van die Woord, tesame met Goddelike inspirasie, dat 1977 ’n einde aan die wêreldstelsels behoort te maak en die millennium sal inlui.

Nou laat my dit sê: Kan enigeen bewys dat enige van hierdie gesigte verkeerd is? Is hulle nie almal vervul nie? Ja, elkeen is vervul, of is nou in die proses van vervulling.

Mussolini het geslaag met sy inval in Ethiopië, tot 'n val gekom en alles verloor. Hitler het 'n oorlog begin wat hy nie kon klaarmaak nie en hy het geheimsinnig gesterf. Kommunisme het altwee die ander ISMES oorgeneem. Die koepelvormige plastiese motor is gebou en wag slegs op 'n beter netwerk van paaie. Vroue is feitlik kaal en dra nou reeds baaipakke sonder bostuk. En net die ander dag het ek in 'n tydskrif dieselfde rok gesien (as mens dit 'n rok kan noem) wat ek in die visioen gesien het. Dit was 'n plastiese, deurskynende soort stof met drie donker kolle wat die borste minimaal bedek het met 'n donker plek soos 'n klein voorskoot onder. Die Katolieke Kerk is aan die opkom. Ons het reeds een Katolieke president gehad en sal ongetwyfeld weer een hê. Wat bly oor? Niks nie, behalwe Heb. 12:26: "Toe het Sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe." Weereens sal God die aarde laat skud en daardeur alles losskud wat geskud kan word. Dan sal Hy dit vernuwe. Net verlede Maart 1964, op Goeie Vrydag, het daardie aardbewing in Alaska die hele wêreld geskud, hoewel dit nie die wêreld van balans af geruk het nie, maar God het deur daardie wêreldwye skudding 'n waarskuwing gegee van wat Hy binnekort op groter skaal sal doen. Hy gaan hierdie sonde-vervloekte wêreld skud en verwoes, my broer, my suster, en daar is slegs een plek wat die skok kan weerstaan en dit is in die kudde van die Here Jesus. En ek versoek u ernstig, terwyl God se genade nog aan u beskikbaar is, gee u hele lewe sonder voorbehoud oor aan Jesus Christus Wie, as die getroue Herder, u sal red en vir u sal sorg en u sonder smet bekend sal stel met buitengewone groot vreugde in heerlikheid.

DIE BOODSKAPPER

Ek twyfel baie sterk of enige eeu werklik geweet het wie die boodskapper was wat God in daarnatoe gestuur het, behalwe in die eerste eeu toe Paulus die boodskapper was. En selfs in daardie eeu het baie hom nie as die boodskapper erken nie.

Nou die eeu waarin ons nou leef gaan 'n baie kort een wees. Gebeure gaan baie snel plaasvind. Dus moet die boodskapper vir hierdie Laodicense Eeu nou reeds hier wees, hoewel ons moontlik nog nie weet wie hy is nie. Maar die tyd moet sekerlik aanbreek dat hy bekend word. Nou ek kan dit bewys omdat ons Skrif het wat sy bediening beskryf.

Ten eerste, daardie boodskapper gaan 'n profeet wees. Hy sal die amp van profeet beklee. Hy sal die profetiese bediening hê. Hy sal stewig op die Woord gegrond wees want, wanneer hy profeteer of 'n gesig sien, sal dit altyd "Woord-gerig" wees en

dit sal ALTYD gebeur. Hy sal as profeet bewys word weens sy akkuraatheid. Die bewys dat hy ’n profeet is, word aangetref in Openb. 10:7: “Maar in die dae van die stem van die sewende boodskapper wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan Sy diensknegte, die profete.” Hierdie persoon, wie in hierdie vers ’n ‘engel’ genoem word, in die King James vertaling is NIE ’n hemelse wese nie. Die sesde engel, met die basuin, wie ’n hemelse wese is, is in Openb. 9:13, en die sewende volgens dieselfde orde is in Openb. 11:15. Hierdie een hier in Openb. 10:7 is die sewende eeu boodskapper en is ’n man, en moet ’n boodskap van God bring, en sy boodskap en bediening sal die verborgenheid van God volbring soos dit verkondig is aan Sy diensknegte, die profete. God gaan hierdie laaste boodskapper as ’n profeet behandel WANT HY IS ’n PROFEET. Dit is wat Paulus in die eerste eeu was, en hierdie laaste eeu het ook een. Amos 3:6–7: “Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar ’n onheil in die stad voorval as die Here dit nie bewerk het nie? Want die Here doen niks tensy Hy Sy raadsbesluit aan Sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.”

Dit was in die tydperk van die laaste dae dat die sewe donderslae van Jesus hul stemme laat hoor het. Openb. 10:3–4: “En Hy het met ’n groot stem uitgeroep soos ’n leeu wat brul, en toe Hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor. En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het ’n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie.” Dit wat in daardie donderslae was, weet niemand nie. Maar dit is nodig dat ons weet. En dit sal ’n profeet verg om die openbaring te ontvang, want God het geen ander metode om Sy Skriftuurlike openbaringe bekend te maak behalwe deur middel van ’n profeet nie. Die Woord het altyd deur ’n profeet gekom en dit sal altyd so wees. Dat dit die wet van God is, is duidelik selfs uit ’n oppervlakkige nagaan van die Skrif. Die onveranderlike God met onveranderlike weë het sonder uitsondering Sy profeet in elke eeu waarin die mens afgedwaal het van die Goddelike bestel, gestuur. By afdwaling van die Woord deur beide die teoloë en die mense, het God altyd Sy dienskneg na daardie mense gestuur (afsonderlik van die teoloë) ten einde valse leringe reg te stel en die mense terug te lei na God.

Dus sien ons dat ’n sewende eeu boodskapper kom, en hy is ’n profeet.

Ons vind nie slegs die koms van hierdie boodskapper hier in Openb. 10:7 nie, maar ons vind ook dat die Woord praat van Elia wat kom voor Jesus terugkeer. In Matt. 17:10–11: “En Sy dissipels vra Hom en sê: Waarom sê die Skrifgeleerdes dan dat

Elia eers moet kom?" En Jesus antwoord en sê vir hulle: "Dis waar, Elia kom eers en sal alles herstel." Voor die koms van onse Here moet Elia terugkom om die werk van restorasie in die kerk te bewerkstellig. Dit is wat daar in Mal. 4:5–6 staan: "Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie." Daar bestaan absoluut geen twyfel dat Elia voor die koms van Jesus moet terugkeer nie. Hy het 'n spesifieke taak om te vervul. Daardie taak is deel van Mal. 4:6 wat sê "hy sal die hart van die kinders terugbring tot hulle vaders." Die rede waarom ons weet dat dit sy spesifieke taak is om in daardie tyd te verrig, is omdat hy reeds die deel voltooi het wat sê "hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders" toe die bediening van Elia op aarde in Johannes die Doper was. Lukas 1:17: "En hy sal voor Hom uitgaan in die Gees en die krag van Elia, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei." In die bediening van Johannes is die "harte van die vaders teruggebring tot die kinders." Ons weet dit want Jesus het so gesê. Maar dit sê nie dat die harte van die kinders tot hul vaders teruggebring is nie. Dit moet nog plaasvind. Die harte van die kinders van die laaste dae sal teruggebring word tot die Pinkstervaders. Johannes het die vaders voorberei vir Jesus om die kinders in die kudde te verwelkom. Nou sal hierdie profeet op wie die Gees van Elia val, die kinders voorberei om Jesus terug te verwelkom.

Jesus het Johannes die Doper, Elia genoem. Matt. 17:1 2: "Maar Ek sê vir julle dat Elia al gekom het, en hulle het hom nie erken nie, maar aan hom alles gedoen wat hulle wou." Die rede waarom Hy Johannes Elia genoem het, was omdat dieselfde Gees Wat op Elia was, teruggekeer het op Johannes, net soos daardie Gees teruggekom het op Elisa na die bewind van Koning Agab. Nou weereens, sal daardie Gees terugkeer in 'n ander man, net voor die koms van Jesus. Hy sal 'n profeet wees. Hy sal as sodanig deur God aangewys word. Aangesien Jesus nie Self in die vlees hier sal wees om hom aan te wys nie (soos Hy met Johannes gemaak het), sal dit gedoen word deur die Heilige Gees sodat hierdie profeet se bediening gepaard sal gaan met groot en wonderbaarlike manifestasies. As 'n profeet sal elke openbaring geregverdig wees, want elke openbaring sal vervul word. Wonderbaarlike handelinge van krag sal op sy bevele in die geloof geskied. Dan sal die boodskap wat God in die Woord aan hom gegee het, na vore kom om die mense te laat terugkeer tot die waarheid en die ware krag van God. Sommige sal luister, maar die meerderheid sal optree soos wat van hulle verwag kan word en hom verwerp.

Aangesien hierdie profeet-boodskapper van Openb. 10:7 dieselfde sal wees as dié in Mal. 4:5-6, sal hy van nature soos Elia en Johannes wees. Albei was manne wat afgesonder was van die aanvaarde godsdienstige skole van hul tyd. Albei was manne van die wildernis. Albei het slegs opgetree as hulle "So spreek die Here" direk van God deur openbaring ontvang het. Albei het te velde getrek teen die godsdienstige ordes en leiers van hul tyd. Nie alleen was dit so nie, maar hulle het ook te velde getrek teen almal wat besoedel was of andere sou besoedel. En let op, albei het baie teen onsedelike vroue en hul handelinge geprofeteer. Elia het sy stem verhef teen Isébel, en Johannes het vir Herodias, die vrou van Filippus, bestraf.

Hoewel hy nie populêr sal wees nie, sal hy deur God geregverdig wees. Net soos Jesus vir Johannes bekragtig het, en die Heilige Gees vir Jesus bekragtig het, kan ons wel verwag dat hierdie man eerstens deur die Gees bekragtig sal word wat dan in sy lewe werk in handelinge van krag wat nie betwis kan word en wat nêrens anders aangetref sal word nie; en Jesus Self sal hom bekragtig in Sy terugkeer net soos Hy vir Johannes bekragtig het. Johannes het getuig dat Jesus kom — en so sal hierdie man, soos Johannes, getuig dat Jesus kom. En die werklike terugkeer van Christus sal bewys lewer dat hierdie man inderdaad die voorloper van Sy tweede koms was. Hierdie is die finale bewys dat hierdie man inderdaad die profeet van Mal. 4 is, want aan die einde van die Heidense tydperk, sal Jesus Self verskyn. Dan sal dit te laat wees vir diegene wat hom verwerp het.

Ten einde ons voorstelling van hierdie profeet van die laaste dae nog duideliker te stel, laat ons veral oplet dat die profeet van Matt. 11:12, Johannes die Doper was, wat die een was soos geprofeteer in Mal. 3:1: "Kyk, Ek stuur My boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na Sy tempel kom die Here na Wie julle soek, naamlik die Engel van die Verbond, na Wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die Leërskare." Matt. 11:1-12: "En toe Jesus klaar was met bevele aan sy twaalf dissipels te gee, het Hy daarvandaan weggegaan om te leer en te preek in hulle stede. En Johannes het in die gevangenis gehoor van die werke van Christus, en twee van sy dissipels gestuur en vir Hom gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag? En Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien: blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die Evangelie verkondig. En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie. En toe hulle vertrek, begin Jesus vir die skare aangaande Johannes te sê: Wat het julle uitgegaan om in die woestyn te aanskou? 'n Riet wat deur die wind beweeg word? Maar wat

het julle uitgegaan om te sien? 'n Man met sagte klere aan? Kyk, die wat sagte klere dra, is in die huise van konings. Maar wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Profeet? Ja, Ek sê vir julle, ook baie meer as 'n profeet! Want dit is hy van wie daar geskrywe is: Kyk, Ek stuur My boodskapper voor U aangesig, wat U weg voor U uit sal regmaak. Voorwaar Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie; maar die kleinste in die koninkryk van die hemele is groter as hy." Dit het alreeds plaasgevind. Dit het gebeur. Dit is verby, maar let nou op in Mal. 4:1-6: "Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie. Maar vir julle wat My Naam vrees, sal die Son van Geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder Sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal. En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die Here van die leërskare. Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel - insettinge en verordeninge. Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie." Sien u, onmiddellik na die koms van HIERDIE Elia sal die wêreld met vuur gereinig word en sal die goddelose tot as verbrand. Dit het natuurlik NIE gebeur in die tyd van Johannes (die Elia van sy tyd) nie. Die Gees van God Wat geprofeteer het van die koms van die boodskapper in Mal. 3:1 (Johannes) was slegs besig om Sy vorige profetiese stelling van Jes. 40:3, wat minstens drie eeue tevore gemaak was, te herhaal. "'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die Here: maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God!" Johannes het, deur die Heilige Gees, beide Jesaja en Maleági in Matt. 3:3 uitbasuin: "Want dit is hy van wie deur die profeet Jesaja gespreek is toe hy gesê het: Die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here, maak Sy paaie reguit!" Ons kan dus duidelik uit hierdie Skrifgedeeltes sien dat die profeet in Mal. 3, wat Johannes was, NIE die profeet van Mal. 4 was nie, *alhoewel Johannes en hierdie profeet van die laaste dae inderdaad dieselfde Gees gehad het Wat op Elia was*.

Nou hierdie boodskapper van Mal. 4 en Openb. 10:7 gaan twee dinge doen. Een: Volgens Mal. 4 sal hy die harte van die kinders tot hulle vaders terugbring. Twee: Hy sal die verborgenheid van die sewe donderslae in Openb. 10 openbaar, wat die openbarings is soos vervat in die sewe seëls. Dit sal

hierdie Goddelike geopenbaarde 'verborge waarhede' wees wat letterlik die harte van die kinders sal laat terugkeer tot die Pinkstervaders. Presies so.

Maar hou dit ook in gedagte. Hierdie profeet-boodskapper sal in sy geaardheid en optrede wees soos Elia en Johannes. Die mense in die dae van hierdie profeet-boodskapper sal wees soos in die tyd van Agab en van Johannes. Aangesien dit "SLEGS DIE KINDERS" is wie se harte teruggebring sal word, sal dit slegs die kinders wees wat sal luister. In die tyd van Agab was daar slegs 7,000 Israeliete uit die ware saad gevind. In die tyd van Johannes was daar ook maar baie min. Die massa mense van beide eeue was in die hoerery van afgodsdiens.

Ek wil nog een vergelyking tref tussen die Laodicense profeet-boodskapper en Johannes, die profeet-boodskapper wat Jesus se eerste koms vooruitgegaan het. Die mense in die tyd van Johannes het hom met die Messias verwar. Joh. 1:19-20: "En dit is die getuienis van Johannes, toe die Jode uit Jerusalem priesters en Leviete gestuur het om hom te vra: Wie is u? En hy het erken en nie ontken nie, maar erken: Ek is nie die Christus nie." Hierdie profeet-boodskapper van die laaste dae sal soveel krag voor die Here hê dat daar mense sal wees wat hom vir die Here Jesus sal aansien. (Daar sal, in die eindtyd, 'n gees in die wêreld wees wat sommige mense sal verlei en hulle dit laat glo. Matt. 24:23-26: "Want daar sal valse Christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn - moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer - moet dit nie glo nie.") Maar u moet dit nie glo nie. Hy is nie Jesus Christus nie. Hy is nie die Seun van God nie. HY IS EEN VAN DIE BROEDERS, 'n PROFEET, 'n BOODSKAPPER, 'n DIENSKNEG VAN GOD. Hy het nie nodig dat groter eer aan hom geskenk word as wat Johannes ontvang het toe hy die stem was wat uitgeroep het: "Ek is nie Hy nie, MAAR HY KOM NA MY."

Voordat ons hierdie afdeling oor die boodskapper van die Laodicense Eeu afsluit, moet ons ernstige aandag aan die twee gedagtes skenk. Eerstens, hierdie kerkeeu sal EEN Profeet-Boodskapper hê. Openb. 10:7 sê: "Wanneer hy (enkelvoud) met die basuin sal blaas." Daar was nog nooit 'n eeu waarin God twee hoof profete tegelyk vir Sy mense gegee het nie. Hy het Henog (alleen) gegee; Hy het Noag (alleen) gegee; Hy het Moses (wat alleen die Woord gehad het, alhoewel andere geprofeteer het) gegee; Johannes die Doper het ALLEEN gekom. In hierdie laaste dae sal daar 'n PROFEET wees (nie 'n profetes nie — hoewel daar in hierdie eeu meer vroue as mans is wat voorgee

dat hulle God se openbaring bring), en die onfeilbare Woord sê dat *hy* (die profeet) die verborgenheid aan die mense van die eindtyd sal openbaar, en die harte van die kinders sal terugbring tot die vaders. Daar is diegene wat sê dat God se mense byeengebring sal word deur 'n *kollektiewe openbaring*. Ek betwis daardie stelling. Dit is 'n aanmatigende, ongeldige veronderstelling in die lig van Openb. 10:7. Ek ontken nou nie dat mense in hierdie laaste eeu sal profeteer en dat hul bediening reg kan en sal wees nie. Ek ontken nie dat daar profete sal wees nie, net soos in die tyd van Paulus daar "'n profeet met die naam Agabus was wat geprofeteer het dat daar 'n groot hongersnood sou wees." Ek stem saam dat dit so is. MAAR EK ONTKEN, OP GROND VAN DIE GETUIENIS VAN DIE ONFEILBARE WOORD, DAT DAAR MEER AS EEN BELANGRIKE PROFEET-BOODSKAPPER IS WAT DIE GEHEIMENISSE SAL OPENBAAR WAT IN DIE WOORD VERVAT IS, EN WAT DIE BEDIENING HET OM DIE HARTE VAN DIE KINDERS TERUG TE BRING TOT DIE VADERS. "So spreek die Here" staan deur Sy onfeilbare Woord, en sal bly staan en bewys word. Daar is een profeet-boodskapper vir hierdie eeu. Op grond van menslike gedrag alleen, weet enige een dat waar daar baie mense is, daar selfs verskil is in opinie aangaande minderwaardige punte van 'n belangrike leerstelling wat hulle gesamentlik aanhang. Wie sal dan die mag van onfeilbaarheid hê wat in hierdie laaste eeu herstel sal word, want hierdie laaste eeu sal terugkeer tot die manifestasie van die Suiwer Woord Bruid? Dit beteken dat ons weereens die Woord sal hê soos dit volmaak gegee is en volkome begryp is in die dae van Paulus. Ek sal u sê wie dit sal hê. Dit sal 'n profeet wees wat so deeglik, of selfs meer deeglik bevestig is as enige profeet van die dae van Henog tot vandag toe, want hierdie man sal noodwendig die hoofsteen profetiese bediening hê, en God sal hom aanwys. Hy sal nie nodig hê om vir homself te spreek nie, God sal vir hom spreek, deur die stem van die teken. Amen.

Die tweede gedagte wat in ons harte ingeprent moet word, is dat die sewe kerkeeue begin het met die gees van die antichris en ook met die Heilige Gees Wat geseënd is vir altyd. I Joh. 4:1: "Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan." Het u dit raakgesien? Die antichris-gees word vereenselwig met valse profete. Die eeue het met valse profete begin en sal met valse profete eindig. Natuurlik gaan daar 'n WERKLIKE VALSE PROFEET wees in die ware sin van daardie man wat in die Openbaring vermeld word. Nou reeds, voor sy openbaring, gaan daar baie valse profete verskyn. Matt. 24:23-26: "As iemand dan vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! - moet dit nie glo nie. Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot

tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn - moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer - moet dit nie glo nie." Hierdie valse profete word vir ons aangetoon in verskeie ander Skrifgedeeltes, soos die volgende: 2 Petrus 2:1-2, "Maar daar was, ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here Wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring; en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word." 2 Tim. 4:3-4, "Want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels." I Tim. 4:1, "Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang." U sal nou in elke geval opmerk dat 'n valse profeet een is wat buite die Woord is. Net soos ons vir julle aangetoon het dat 'antichris' 'anti-Woord' beteken, so kom hierdie valse profete die Woord verdraai en gee hulle dit 'n betekenis wat hul eie duiwelse doelstellings pas. Het u al ooit opgelet dat diegene wat andere verlei, hul tot hulle bind deur vrees? Hulle sê dat as die mense nie doen wat hulle sê nie, of as hulle weggaan, vernietiging sal volg. Hulle is valse profete, want 'n ware profeet sal mens altyd tot die Woord lei en die mense aan Jesus Christus verbind, en hy sal nie die mense vertel om hom en wat hy praat te vrees nie, maar om te vrees wat die Woord sê. Let op dat hierdie mense, soos Judas, daarop uit is om geld te maak. Hulle laat u alles verkoop wat u het om dit vir hulle en hul planne te gee. Hulle bestee meer tyd aan offerandes as aan die Woord. Diegene wat poog om gawes te opereer, sal gebruik maak van gawes wat tot 'n mate reeds foutief is, en die Woord verwaarloos en sê dat dit van God is. Mense sal na hulle toe gaan en hulle verdra en hulle ondersteun en hulle glo, sonder om te weet dat dit die weg van die dood is. Ja, die wêreld is vol vleeslike nabootsers. In daardie laaste dae sal hulle probeer om die profeet-boodskapper na te boots. Die sewe seuns van Skeva het probeer om vir Paulus na te boots. Simon die towenaar het probeer om vir Petrus na te boots. Hul verpersoonlikings sal vleeslik wees. Hulle sal nie in staat wees om voort te bring wat die ware profeet voortbring nie. Wanneer hy sê dat die herlewing verby is, sal hulle rondgaan en aanspraak maak op 'n groot openbaring en sê dat wat die mense het, presies reg is, en dat God nog groter en wonderliker dade onder die mense gaan verrig. En die mense sal dit aanvaar. Daardie selfde valse profete sal sê dat die boodskapper van die laaste dae nie 'n

teoloog is nie en dus nie na geluister behoort te word nie. Hulle sal nie in staat wees om voort te bring wat die boodskapper voortbring nie; hulle sal nie deur God bekragtig word soos die profeet van die laaste dae nie; maar met hulle groot welluidende woorde en met die gewig van hul wêreldwye bekendheid sal julle die mense waarsku om nie na daardie man (boodskapper) te luister nie en hulle sal sê dat hy verkeerde dinge leer. Hulle volg presies in die voetspore van hul vaders; die Fariseërs, wat uit die duiwel was, want hulle het aangevoer dat beide Johannes en Jesus dwaling verkondig het.

Nou waarom kom hierdie valse profete teen die ware profeet te staan en waarom wil hulle sy leringe in onguns bring? Omdat hulle getrou handel volgens die patroon soos ook hulle voorvaders gedoen het toe hulle, in die tyd van Agab, vir Miga teëgestaan het. Daar was vierhonderd van hulle *en hulle het almal saamgestem met mekaar, en omdat hulle almal dieselfde ding gesê het, het hulle die volk om die bos gelei.* Maar EEN profeet — *net een* — was reg gewees en die res was verkeerd, want God het die openbaring NET AAN EEN toevertrou.

Pas op vir die valse profete, want hulle is roofsugtige wolwe.

As u nog enigsins hieroor twyfel, vra God deur Sy Gees om u te vervul en te lei, WANT DIE UITVERKORENES KAN NIE BEDRIEG WORD NIE. Begryp u? Daar is niemand wat u kan bedrieg nie. Paulus sou nie een van die uitverkorenes kon bedrieg het as hy verkeerd was nie. En in daardie eerste Efésiese Eeu kon die uitverkorenes nie om die bos gelei word nie, want hulle het die valse apostels en profete getoets en hulle leuenaars bevind en hulle verwerp. Halleluja. SY skape hoor Sy stem en hulle volg HOM. Amen. Ek glo dit.

DIE BEGROETING

Openb. 3:14, "Dit sê die Amen, die Getroue en Waaragtige Getuie, die Begin van die Skepping van God."

Ag, is dit nie 'n wonderbaarlike beskrywing van die hoedanighede van ons lieflike Here en Saligmaker, Jesus Christus nie? Hierdie woorde laat my jubel. Hulle bring so 'n gees van werklikheid in my hart. Net om hulle te lees, sonder om selfs te wag op 'n deeglike openbaring van die Gees, vervul my met opwinding.

Jesus gee ons hierdie beskrywing van Homself in verhouding tot die laaste eeu. Die tyd van genade is besig om tot 'n einde te kom. Hy het van die eerste eeu af tot by die twintigste eeu gekyk, en het ons alles aangaande hierdie eeue vertel. Voordat Hy die eienskappe van hierdie laaste eeu aan

ons openbaar, skenk Hy ons een finale insig in Sy eie genadige en oppermagtige Godheid. Dit is die *hoofsteen openbaring* van Homself.

Dit sê die "AMEN". Jesus is die Amen van God. Jesus is die "Laat Dit So Wees" van God. Amen staan vir finaliteit. Dit staan vir goedkeuring. Dit staan vir blywende beloftes. Dit staan vir onveranderlike beloftes. Dit staan vir die seël van God.

Ek wil hê dat u noukeurig moet oplet en iets sien wat werklik wonderlik en pragtig is. Ek het gesê dat hierdie Sy eindtyd openbaring van Homself is. Wanneer die dag van genade afsluit, kom die millenium baie gou daarna, nie so nie? Wel, lees Jes. 65:16-19 saam met my. "Sodat hy wat homself seën in die land, hom sal seën by die God van waarheid; en hy wat sweer in die land, sal sweer by die God van waarheid, omdat die vorige benoudhede vergeet is en verborge in my oë. Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie. Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep; want kyk, Ek skep Jerusalem om te juig, en sy mense om bly te wees. En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor My volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geween of die stem van geskreeu nie." Dit is in verband met die Nuwe Jerusalem. Dit is die millennium. Maar soos ons die millennium ingaan, luister wat Hy sê watter soort God Hy sal wees, vers 16: "Sodat hy wat homself seën in die land, hom sal seën by die God van waarheid." Ja, dit is waar, maar die regte vertaling is nie "God van waarheid" nie. Dit is "God van die AMEN." Dus moet ons lees: "hom sal seën by die God van die AMEN; en hy wat sweer in die land, sal sweer by die God van die AMEN, omdat die vorige benoudhede vergeet is en verborge vir My oë. Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie. Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep; want kyk, Ek skep Jerusalem om te juig, en sy mense om bly te wees. En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor My volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geween of die stem van geskreeu nie." Halleluja. Hier is Jehova van die Ou Testament, die "God van die Amen." Hier is Jesus van die Nuwe Testament, "die God van die Amen." Hoor, O Israel, die Here jou God is EEN God. Daar is dit weer, die Jehova van die Ou Testament is die Jesus van die Nuwe. "Hoor, O Israel, die Here jou God is EEN God." Die Nuwe Testament openbaar nie 'n ANDER God nie, dit is 'n verdere openbaring van EEN EN DIESELFDE GOD. Christus het nie neergedaal om Homself bekend te maak nie. Hy het nie gekom om die Seun te openbaar nie. Hy het gekom om die Vader te openbaar en

bekend te maak. Hy het nooit van twee Gode gepraat nie; Hy het van EEN God gepraat. Nou, in hierdie laaste eeu, het ons teruggekeer na die hoofsteen openbaring, die belangrikste openbaring van Godheid in die hele Bybel, dit is, JESUS IS GOD, HY EN DIE VADER IS EEN: DAAR IS SLEGS EEN GOD, *EN SY NAAM IS DIE HERE JESUS CHRISTUS*.

Hy is die God van die Amen. Hy verander nooit nie. Wat Hy doen, verander nooit nie. Hy sê dit en dit bly staan. Hy doen dit, en dit is vir altyd gedoen. Niemand kan wegneem van wat Hy sê of iets daarby voeg nie. *Laat dit so wees. Amen. Laat dit so wees*. Is u nie bly dat u so 'n God dien nie? Ons weet presies waar ons met Hom staan, ter enige tyd en altyd. Hy is die AMEN God en sal nie verander nie.

"*Dit sê die AMEN*." Ek hou daarvan. Dit beteken dat wat Hy ookal sê, finaal is. Dit beteken dat wat Hy ookal vir die eerste eeu en vir die tweede eeu en vir al die eeue gesê het in verband met Sy eie ware kerk en omtrent die valse wynstok, presies reg is en dat dit nie sal verander nie. Dit beteken dat dit waarmee Hy in Génesis 'n aanvang gemaak het, Hy in die Openbaring sal voltooi. Hy moet, want Hy is die Amen, LAAT DIT SO WEES. Nou kan ons weereens sien waarom die duiwel die Boeke van Génesis en Openbaring haat. Hy haat die waarheid. Hy weet dat die waarheid sal oorwin. Hy weet wat sy einde gaan wees, en hy veg hard daarteen, maar ons is aan die wenkant. Ons (ek bedoel slegs diegene wat Sy Woord glo) is aan die Amen kant.

"*Dit sê die Getroue en Waaragtige Getuie.*" Ek wil nou vir u wys wat ek in die gedagte van "getrou" vind. U weet ons praat dikwels van die groot onveranderlike God, Wie se Woord nie verander nie, en as ons in daardie lig van Hom praat, skep dit dikwels vir ons die indruk dat Hy baie onpersoonlik is. Dit is asof God die heelal en al die wette wat daarop van toepassing is, gemaak het, en toe teruggestaan het en 'n groot onpersoonlike God geword het. Dit is asof God 'n weg tot saligheid vir die verlore mens gemaak het, daardie weg synde die kruis, en toe, toe die dood van Christus ons sondes versoen het, en Sy opstanding aan ons 'n oop deur tot Hom gebied het, God net Sy arms gevou en teruggestaan het. Dit is asof ons die klem daarop lê om te glo in 'n Skepper Wat, nadat Hy geskape het, persoonlike belangstelling in Sy skepping verloor het. Ek sê dat te veel mense geneig is om dit te dink. Maar dit is verkeerd om so te dink, want God REGEER OP HIERDIE OOMBLIK DIE SAKE VAN DIE MENS. HY IS BEIDE SKEPPER EN INSTANDHOUER. Kol. I:16–17, "Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – *alle dinge is deur Hom* en tot Hom *geskape*. En Hy is voor alle dinge, en *in Hom hou*

alle dinge stand." Hy is 'n Soewereine God. Deur Sy eie raad het Hy die saligheidsplan van Sy eie uitverkorenes, wie Hy vooraf geken het, voorgeneem. Die Seun het aan die kruis gesterf om die weg tot Saligheid te bewerkstellig, en die Heilige Gees voer die wil van die Vader noukeurig uit. Hy verrig alle dinge op hierdie oomblik ooreenkomstig die doel van Sy eie wil. Hy is reg in die middel van alles. Hy is in die midde van Sy kerk. Hierdie groot Skepper, Saligmaker-God, werk nou getrou onder Sy eie op hierdie oomblik as die groot Herder van die skape. Sy hele bestaan is vir Sy eie. Hy het hulle lief en Hy sorg vir hulle, Sy oog is altyd op hulle. Wanneer die Woord sê dat "julle lewe is saam met Christus verborge in God", beteken dit presies wat dit sê. O, ek is so bly dat my God getrou bly. Hy is getrou aan Homself, Hy sal nie lieg nie. Hy is getrou aan die Woord, Hy sal dit steun. Hy is getrou aan ons, Hy sal nie een van ons verloor nie, maar sal ons opwek in die laaste dag. Ek is bly dat ek rus in Sy getrouheid. Fil. 1:6, "Omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy Wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die Dag van Jesus Christus."

"*Hy is die Getroue Getuie."* Hierdie woord, *getrou,* is dieselfde woord wat ons daar in Openb. 3:7 aangetref het. U sal u herinner dat dit nie 'waar' in teenstelling met 'vals' beteken nie. Dit het by verreweg 'n voller, dieper betekenis. Dit druk volkome verwesentliking teenoor gedeeltelike verwesentliking uit. Daar in die Filadelfiese Eeu, was die koms van die Here besig om nader te kom. Watter groot liefde het daardie eeu nie vir Hom geopenbaar nie. Dit herinner my aan daardie pragtige woorde van I Pet. 1:8, "Vir Wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in Wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap." Met hulle verbly ons ons ook. Ons het Hom nie gesien nie, maar ons het Hom gevoel. Ons ken Hom nou soveel as wat ons beperkte sintuie ons toelaat. Maar eendag sal dit van aangesig tot aangesig wees. *Dit is vir hierdie eeu. Hy kom aan die einde van hierdie eeu.* Gedeeltelike Verwesentliking sal PERFEKTE VERWESENTLIKING, VOLKOME VERWESENTLIKING gemaak word. Halleluja! Ons het deur 'n spieël in donkerte gekyk, maar binnekort sal dit van aangesig tot aangesig wees. Ons het van heerlikheid tot heerlikheid gegaan, maar binnekort sal dit reg in die heerlikheid wees; en in SY HEERLIKHEID SAL ONS SKYN. ONS SAL SOOS HY WEES, WONDERBAARLIK SOOS HY, JESUS, ONS HEMELSE VERLOSSER! Is dit nie wonderlik nie? Ons is volmaak in Hom. Dit is waar. Hy sal nie daaroor vir ons lieg nie, maar eendag sal ons in die atome verander word. Ons sal beklee word met onsterflikheid. Ons sal opgeneem word in die lewe. Dan sal ons VERWESENTLIKING VERWESENLIK.

"*Hy is die Getroue en Waaragtige Getuie.*" Nou dink ons aan daardie woord 'getuie'. Wel, daardie woord is die woord waarvan ons die woord 'martelaar' kry. Die Bybel praat van Stefanus en van Antipas en andere as martelare. Hulle was martelare; hulle was ook getuies. Jesus was 'n getroue martelaar. Die Heilige Gees is die getuie daarvan. Die Gees bevestig dit. Die wêreld het vir Jesus gehaat. Dit het Hom om die lewe gebring. Maar God het Hom liefgehad en Hy het na die Vader gegaan. Die bewys dat Hy na die Vader gegaan het, is die feit dat die Heilige Gees gekom het. As Jesus nie deur die Vader ontvang was nie, sou die Gees nie gekom het nie. Lees daarvan in Johannes 16:7-11, "Maar Ek sê vir julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie, *en van geregtigheid, omdat Ek na My, Vader gaan* en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is." Die teenwoordigheid van die Heilige Gees in hierdie wêreld, in plaas daarvan dat Jesus hier is, bewys dat Jesus regverdig was en na die Vader gegaan het, maar daar staan ook in Johannes 14:18, "Ek sal julle nie as wese (Troosteloos) agterlaat nie; Ek *kom* weer na julle toe." Hy het die Trooster gestuur. Hy WAS DIE TROOSTER. Hy het in die GEES teruggekeer op die ware kerk. Hy is die getroue en waaragtige GETUIE in die midde van die kerk. Maar eendag sal Hy weer in die vlees terug kom. Hy sal dan bewys Wie die enigste wyse heerser is — dit is Hy, Jesus Christus, die Here van die Heerlikheid.

Getroue en Waaragtige Getuie, Skepper en Instandhouer, Volkome Verwesenliking, die Amen van God.

O, hoe lief het ek Hom, hoe aanbid ek Hom. Jesus die Seun van God. Ek wil my gedagtes oor hierdie gedeelte van die begroeting afsluit met die woorde van 2 Kor. 1:18-22, "So waar as God getrou is - ons woord tot julle was nie ja en nee nie! Want die Seun van God, Jesus Christus, wat deur ons onder julle verkondig is, deur my en Silvanus en Timótheüs, was nie ja en nee nie, maar was ja in Hom. Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom Amen, tot heerlikheid van God deur ons. Maar Hy wat ons saam met julle bevestig in Christus en ons gesalf het, is God, wat ons ook verseël het en die Gees as onderpand in ons harte gegee het."

"*Die begin van die skepping van God*" Dit is Wie die Here Jesus sê Hy is. Daardie woorde beteken nie presies dit waarna dit vir ons klink nie. Deur dit op te neem soos wat dit klink, het die sommige mense (inderdaad 'n menigte mense) die idee laat vorm dat Jesus die eerste skepping van God is, wat Hom

dan benede die Godheid sou plaas. Daarna het hierdie eerste skepping die res van die heelal en alles wat daarin is, geskape. Dit is nie korrek nie. U weet dat dit nie ooreenstem met die res van die Bybel nie. Die woorde is "Hy is die BEGINNER of die BEWERKER van die skepping van God." Ons weet verseker dat Jesus God, God Self, is. Hy is die Skepper. Johannes 1:3, "Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie." Hy is die Een van Wie gesê is, Gen. 1:1, "In die begin het God die hemele en die aarde geskape." Ook staan daar in Eks. 20:11, "Want in ses dae het die Here die hemel en aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus." Kyk, daar is geen twyfel dat Hy die Skepper is nie. Hy was die Skepper van 'n VOLTOOIDE FISIESE SKEPPING.

Ons kan nou sekerlik sien wat hierdie woorde beteken. Om enige ander interpretasie daarvan te hê, sou beteken dat God vir God geskape het. Hoe kon God geskape gewees het as Hy, Self, die Skepper is?

Maar nou staan Hy in die midde van die kerk. Soos Hy daar staan en in hierdie laaste eeu openbaar Wie Hy is, noem Hy Homself die "Beginner van die skepping van God." Hierdie is 'n ANDER SKEPPING. Dit het met die kerk te doen. Dit is 'n spesiale aanduiding van Homself. Hy is die SKEPPER van daardie kerk. Die hemelse Bruidegom het Sy eie bruid geskape. As die Gees van God het Hy neergedaal en in die maagd Maria die selle geskape waaruit Sy liggaam gebore is. Ek wil dit herhaal. Hy het die einste selle in die skoot van Maria vir daardie liggaam geskape. Dit was nie voldoende vir die Heilige Gees om slegs lewe te skenk aan 'n menslike ovum wat deur Maria verskaf is nie. Dit sou daarop neergekom het dat die sondige mensdom 'n liggaam voortbring. Dit sou nie die "Laaste Adam" voortgebring het nie. Van Hom is gesê: "Kyk, 'n liggaam het U (Vader) vir My berei." God (nie Maria nie) het daardie liggaam voorsien. Maria was die menslike broeikas en sy het daardie Heilige Kind gedra en tot geboorte gebring. Dit was 'n God-mens. Hy was die Seun van God. Hy was van die NUWE skepping. Die mens en God het ontmoet en verenig; Hy was die eerste van hierdie nuwe ras. Hy is die hoof van hierdie nuwe ras. Kol. 1:18, "En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy Wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees." 2 Kor. 5:17, "Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n *nuwe skepsel*; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword." Daar kan u sien dat, alhoewel die mens van die OU ORDE of skepping was, nou, VERENIG MET CHRISTUS, het hy die NUWE SKEPPING van God geword. Ef. 2:10, "Want ons is Sy maaksel, GESKAPE IN CHRISTUS JESUS tot goeie werke." Ef. 4:24, "En julle met die NUWE MENS moet beklee wat na God geskape is in ware

geregtigheid en heiligheid." Hierdie Nuwe Skepping is nie die ou skepping wat oorgedoen is nie, of dit sou nie 'n nuwe skepping genoem kon gewees het nie. Dit is presies wat dit sê dit is, "NUWE SKEPPING." Dit is 'n ander skepping, apart van die oue. Hy handel nie meer deur middel van die vlees nie. Dit was hoe Hy met Israel gehandel het. Hy het vir Abraham gekies en Abraham se nageslag deur die goddelike geslag van Isak. Maar nou het Hy Hom 'n nuwe skepping ten doel gestel uit elke volk stam en nasie. Hy is die eerste van daardie skepping. Hy was God, geskape in die vorm van 'n mens. Nou, deur Sy Gees, skep Hy baie Seuns vir Homself. God die skepper skep Homself as 'n deel van Sy skepping. Dit is die ware openbaring van God. Dit was Sy voorneme. Hierdie voorneme het gestalte verkry deur die uitverkiesing. Dit is waarom Hy deur al die eeue tot die laaste een, wanneer alles verby sou wees, kon kyk en Homself nog in die midde van die kerk sien as die Leidsman van hierdie Nuwe Skepping van God. Sy Soewereine mag het dit tot stand gebring. Deur Sy eie bevel het Hy die lede van hierdie Nuwe Skepping uitverkies. Hy het hulle verordineer tot die aanneming van kinders volgens Sy welbehae. Deur Sy alwetenheid en almagtigheid het Hy dit tot stand gebring. Hoe anders kon Hy geweet het dat Hy in die midde van die gemeente sou staan en lof ontvang van Sy broeders as Hy nie seker gemaak het nie? Hy het alle dinge geken en Hy het alle dinge uitgewerk volgens wat Hy geweet het, ten einde Sy voorneme en welbehae tot uitvoer te bring. Ef. 2:11, "In Hom in Wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom *Wat alles werk volgens die mag van Sy wil.*" Halleluja! Is u nie bly dat u aan Hom behoort nie!

DIE BOODSKAP AAN DIE LAODICENSE EEU

Openb. 3:15–19, "Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou."

Terwyl ons saam hierdie gedeelte deurgelees het, is ek seker dat u opgemerk het dat die Gees nie een goedige woord van hierdie eeu gesê het nie. Hy maak twee beskuldigings daarteen en spreek dan Sy vonnis oor hulle uit.

(1) Openb. 3:15,16, "Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug."

Ons gaan noukeurig hierop ingaan. Dit sê dat hierdie Laodicense kerkeeu-groep lou is. Hierdie louheid verg 'n straf van God. Die straf is dat hulle uit Sy mond uitgespuug sal word. Hier moet ons nie die spoor byster raak soos baie mense doen nie. Hulle sê, heeltemal onverstandiglik, dat God 'n mens uit Sy mond kan spuug, en dat dit bewys dat daar geen waarheid in die leer van die volharding van die Heiliges steek nie. Ek wil sommer nou u gedagtes hier regstel. Hierdie vers word nie tot 'n individu gerig nie. Dit word tot die kerk gerig. Hy praat met die kerk. Verder, as julle net die Woord in gedagte sal hou, sal u, u herinner dat daar nêrens staan dat ons in die MOND van God is nie. Ons is gegraveer op Sy handpalms. Ons word gedra in Sy boesem. Destyds, in die onbekende eeue voor die begin van die tyd, was ons in Sy gedagtes. Ons is in Sy kudde, in Sy weivelde, maar *nooit* in Sy mond nie. Maar wat is in die mond van die Here? Die Woord is in Sy mond. Matt. 4:4, "Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat deur die mond van God uitgaan." Die Woord is veronderstel om ook in ons monde te wees. Nou weet ons dat die kerk Sy liggaam is. Dit is hier en neem Sy plek in. Wat sal in die mond van die kerk wees? Die WOORD. I Pet. 4:11, "As iemand spreek, laat dit wees soos Woorde van God." 2 Pet. 1:21, "Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek." Wat is dan verkeerd met hierdie mense van die laaste dae? HULLE HET DIE WOORD VERLAAT. HULLE IS NIE MEER VURIG DAAROMTRENT NIE. HULLE IS LOU DAAROMTRENT. Ek gaan dit sommer nou bewys.

Die Baptiste het hul geloofsbelydenisse en dogmas, gebaseer op die Woord, en jy kan hulle nie roer nie. Hulle sê die apostoliese dae van wonders is verby en dat, na bekering, daar geen Doop met die Heilige Gees is nadat u geglo het nie. Die Metodiste sê (gebaseer op die Woord) dat daar geen waterdoop is nie (besprinkeling met water is geen doop nie) en dat heiligmaking die Doop met die Heilige Gees is. Die "Kerkvan Christus" beklemtoon die regenerasie-doop en alte dikwels vind ons gevalle waar droë sondaars ingedompel word en as nat sondaars opkom. Tog maak hulle daarop aanspraak dat hul leer op die Woord gegrond is. Gaan op die ry af tot by Pinkster. Besit hulle die Woord? Onderwerp hulle aan die Woordtoets en kyk. Hulle sal feitlik elke keer die Woord verraai ter wille van sensasie. As u 'n manifestasie kan

voortbring soos olie en bloed en tale en ander tekens, of dit nou in die Woord is of nie, en of dit behoorlik vanuit die Woord geïnterpreteer word of nie, sal die meerderheid daarvoor val. Maar wat het met die Woord gebeur? Die Woord is tersyde gestel, dus sê God: "Ek gaan teen julle almal. Ek sal julle uit My mond spuug. Dit is die einde. Vir sewe uit die sewe eeue het Ek niks gesien nie behalwe mense wat hul eie woorde bo die Myne plaas. Dus, aan die einde van hierdie kerkeeu gaan Ek julle uit My mond spuug. Dit is alles verby. Ek gaan beslis spreek. Ja, Ek is hier te midde van die kerk. Die Amen van God, getrou en waaragtig, sal Hom openbaar en dit sal DEUR MY PROFEET GESKIED." O ja, dit is so. Openb. 10:7, "En in die dae van die stem van die sewende boodskapper, wanneer hy met die basuin sal blaas, sal die verborgenheid van God volbring word soos Hy verkondig het aan Sy diensknegte, die profete." Daar is dit. Hy stuur 'n bekragtigde profeet. Hy stuur 'n profeet na bykans tweeduisend jaar. Hy stuur iemand wat so ver van organisasie, geleerdheid en die wêreld van godsdienste verwyder staan soos Johannes die Doper en Elia van ouds, dat Hy net van God sal hoor en "so spreek die Here" sal hê en namens God sal spreek. Hy sal God se mondstuk wees en HY, SOOS VERKLAAR WORD IN MAL. 4:6, SAL DIE HARTE VAN DIE KINDERS LAAT TERUGKEER TOT DIE VADERS. Hy sal die uitverkorenes van die laaste dae terugbring en hulle sal 'n bekragtigde profeet die presiese waarheid hoor weergee soos in die geval van Paulus. Hy sal die waarheid herstel soos hulle dit gehad het. Daardie uitverkorenes met hom in daardie dag sal diegene wees wat waarlik die Here manifesteer, wat Sy Liggaam en Sy stem sal wees en Sy werke sal verrig. Halleluja! Sien u dit?

'n Vlugtige oorsig van die kerkgeskiedenis sal aantoon hoe akkuraat hierdie gedagte is. In die Donker Eeue was die Woord feitlik geheel en al verlore vir die gewone mens. Maar God het Luther met die WOORD gestuur. Die Lutherane het destyds namens God gepraat, maar hulle het georganiseer en weer het die suiwer Woord verlore geraak, want organisasie lei tot dogma en geloofsbelydenisse en nie net die eenvoudige Woord nie. Hulle kon nie meer namens God praat nie. Daarna het God vir Wesley gestuur, en hy was die stem met die Woord in sy dag. Die mense wie sy openbaring van God aangeneem het, het die lewende briewe geword, gelees en geken deur alle mense van hulle geslag. Dit was toe die Metodiste misluk het, dat God andere opgewek het, en so het dit deur die jare voortgegaan totdat in hierdie laaste dag weer 'n ander volk in die land is wie, onder leiding van hul boodskapper, die finale stem aan die finale eeu sal wees.

O ja. Die kerk is nie meer langer die "mondstuk" van God nie. Sy is haar eie mondstuk. Daarom draai God Hom teen

haar. Hy sal haar deur die profeet en die bruid beskaamd maak, want die stem van God sal in haar wees. Ja, dit is, want daar staan in die laaste hoofstuk van Openbaring vers 17 dat "Die Gees en die bruid sê: Kom!" Weereens sal die wêreld direk van God hoor, soos by Pinkster; maar natuurlik sal daardie Woordbruid verwerp word, soos in die eerste eeu.

Nou Hy het teenoor hierdie laaste eeu uitgeroep: "Julle het die Woord. Julle het meer Bybels as ooit voorheen, maar julle doen niks omtrent die Woord nie behalwe om dit te verdeel en dit in stukke te kap en julle aanvaar wat julle wil en julle laat uit wat julle nie wil hê nie. Julle stel nie daarin belang om dit TE LEEF nie, maar dit te debatteer. Ek sou liewer wou sien dat julle óf koud óf warm was. As julle koud was en dit verwerp het, sou Ek dit kon verdra. As julle witwarm sou word om te weet dis die waarheid en dit uitleef, sou Ek julle daarvoor geprys het. Maar as julle eenvoudig My Woord neem en dit nie eer nie, moet Ek op My beurt weier om julle te eer. Ek sal julle uitspuug, want julle walg My."

Elkeen weet dat louwarm water 'n mens naar op jou maag maak. As mens 'n braakmiddel nodig het, is louwarm water omtrent die beste ding om te drink. 'n Louwarm kerk het God naar gemaak en Hy het verklaar dat Hy dit sal uitspuug. Dit laat ons dink aan hoe Hy gevoel het net voor die sondvloed, is dit nie?

Ag, voor God, as die kerk maar koud of warm was. Beste van alles, as sy moet vurig (warm) wees. Maar sy is nie. Oordeel is gevel. Sy is nie meer die stem van God aan die wêreld nie. Sy sal volhou dat sy is, maar God sê nee.

O, God het nog 'n stem vir die mense van die wêreld, net soos Hy 'n stem aan die bruid gegee het. Daardie stem is in die bruid, soos ons gesê het, en ons sal later meer hieroor sê.

(2) Openb. 3:17–18, "Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie geopenbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien."

Kyk nou na die eerste frase van hierdie vers, "*want jy sê*." Sien, hulle was besig om te praat. Hulle het gepraat as die mondstuk van God. Dit bewys presies wat ek gesê het vers 16–17 beteken. Maar hoewel hulle dit sê, maak dit dit nog nie reg nie. Die Katolieke Kerk sê sy praat namens God en sê sy is die seker stem van die Here. Hoe enige mense geestelik so boos kan wees, gaan my verstand te bowe; maar hulle bring voort volgens die saad wat in hulle is en ons weet waar daardie saad vandaan kom, dan nie?

Die Laodicense kerk sê: "Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie." Dit was haar waardering van haarself. Sy het na haarself gekyk en dit is wat sy gesien het. Sy het gesê: "Ek is ryk," wat beteken dat sy ryk is aan die dinge van hierdie wêreld. Sy spog in die lig van Jakobus 2:5-7. "Luister, my geliefde broeders;—het God nie die armes van hierdie wêreld uitverkies as die rykes in die geloof en erfgename van die koninkryk wat Hy beloof het aan die wat Hom liefhet nie? Maar julle het die arm man oneer aangedoen. Is dit nie juis die rykes wat julle oorweldig en julle voor die regbanke sleep nie? Is dit nie hulle wat die edele Naam belaster wat oor julle aangeroep is nie?" Ek sê NIE dat 'n ryk persoon nie Geestelik kan wees nie, maar ons weet almal dat die Woord sê dat weinig dit is. Dit is die armes wat in die meerderheid is in die ware kerk. Dus, as die kerk ryk en verryk word, weet ons slegs een ding; "Ikabod" staan oor haar poorte geskryf! U kan dit nie ontken nie, want dit is die Woord.

Praat van rykdom in die kerk — nog nooit was daar so 'n vertoon van rykdom gewees nie. Die pragtige heiligdomme vermeerder soos nog nooit vantevore nie. Die onderskeie groepe wedywer om te sien wie die grootste en mooiste kerke kan bou, en hulle bou opvoedkundesentrums wat onskatbare miljoene werd is en daardie geboue word net 'n uur of twee per week gebruik. Dit sou nie so vreeslik gewees het nie, maar hulle verwag dat hierdie kort tydjie wat deur die kinders in die opvoedkundige inrigting deurgebring word, die plek moet inneem van die ure se opleiding wat veronderstel is om tuis gegee te word.

Geld het die kerk binnegestroom sodat die verskillende denominasies aandele, fabrieke, oliebronne en versekeringsmaatskappye besit. Hulle het groot somme geld in welsynswerk en pensioenfondse gestort. Dit klink goed, maar dit het 'n strik vir die bedieners van die Woord geword, want as hulle besluit om hul groep te verlaat vir meer lig, of terwille van die liefde van God, verbeur hulle hul pensioen. Meeste van hulle kan dit nie staan nie en bly by hul drukgroepe.

Moet nou nie vergeet dat hierdie die laaste eeu is nie. Ons weet dat dit die laaste kerkeeu is, want Israel het na Palestina teruggekeer. As ons glo dat Hy waarlik kom, dan moet daar iets fout wees met diegene wat so geweldig bou. Dit laat mens dink dat hierdie mense beplan om vir ewig hier te bly, of dat die koms van Jesus nog honderde jare in die toekoms lê.

Weet u dat godsdiens vandag bekend is as groot besigheid? Dit is 'n onbetwiste feit dat hulle sakebestuurders in die kerke aanstel om finansies te beheer. Is dit wat God verlang? Het Sy Woord ons nie in die Boek Handelinge geleer dat sewe manne, vervul met die Heilige Gees en geloof, die

Here in sake-aangeleenthede gedien het nie? Julle kan sekerlik insien waarom God gesê het: "JY sê jy is ryk; Ek het nie so gesê nie."

Daar is radioprogramme, televisieprogramme, en talle kerkpogings wat miljoene en miljoene dollars kos. Rykdom stroom en stroom in die kerk in, lidmaatskap neem toe saam met die geld; tog word die werk nie gedoen soos dit gedoen was toe daar geen geld was nie, maar manne het alleenlik staatgemaak op hul bekwaamhede wat aan hulle deur die Heilige Gees geskenk is.

Daar is betaalde predikers, betaalde assistente, betaalde meesters in musiek en opvoeding, betaalde kore, betaalde opsigters, programme en vermaak wat alles groot bedrae geld kos, maar ten spyte daarvan neem die krag af. Ja, die kerk is ryk, maar die krag is nie daar nie. God werk deur Sy Gees, nie deur die geld van die kerk of die talente in die kerk nie.

Ek wil u nou wys hoe diabolies hierdie drang na geld geword het. Die kerke werp alles in die stryd om meer lidmate te werf, veral onder die rykes. Oral is daar die uitroep om godsdiens so aanloklik en bekoorlik moontlik te maak sodat die ryk en gekultureerde mense en almal wat wêreldse prestige besit, sal aansluit en aktief aan kerksake sal meedoen. Kan hulle nie verstaan dat, as rykdom die maatstaf van geestelikheid is, die wêreld God reeds besit nie, alles van God, en dat die kerk niks het nie?

"*Want jy sê: Ek het verryk geword.*" Dit beteken letterlik: 'ek besit Geestelike rykdom.' Dit klink soos die millennium met strate van goud en die teenwoordigheid van God. Maar ek wonder of dit so is. Is die kerk werklik ryk aan die Geestelike dinge van God? Laat ons hierdie Twintigste-eeu Laodicense aanspraak ondersoek in die lig van die Woord.

As die kerk werklik Geestelik ryk was, sou haar invloed op gemeenskapslewe gevoel geword het. Maar watter soort lewens leef hierdie sogenaamde geestelike en invloedryke manne van die gemeenskap presies? In die voorstede, in die meer gegoede omgewings, word daar hoogty gevier in vroue-omruilery, prostitusie en kinderbendes wat partytjies verwoes, hoogty, met 'n geweldige tol in eiendomskade. Onsedelikheid het 'n toppunt in vrylik gemengde geslagsdade, dwelmverslaafdheid, dobbelary, diefstal en allerhande kwaad bereik. En die kerk gaan voort om te sê hoe edel hierdie geslag is, hoe vol die kerke is en selfs hoe ontvanklik die inboorlinge in die sendingveld is. Die kerk het die mens oorgegee aan die geneeshere, veral die psigiaters. Hoe dit kan roem van Geestelik ryk wees, gaan my verstand te bowe. Dit is net nie waar nie. Hulle is bankrot en weet dit nie.

Kyk mooi om u heen. Neem die mense in oënskou soos wat hulle verbystap. Kan u diegene wat die voorkoms van Christene het, uitken in die menigtes? Kyk hoe hulle aantrek, kyk na hul optrede, luister na wat hulle sê, kyk waarheen gaan hulle. Daar moet tog seker ’n mate van egte bewys van die *wedergeboorte* wees onder al diegene wat ons sien verbygaan. Maar daar is baie min. Tog vertel die fundamentele kerke ons vandag dat hulle miljoene mense het wat gered is, en selfs met die Gees vervul is. Geesvervuld? Kan u vroue Geesvervuld noem wat rondgaan met kroes, kortgeknipte hare, kort- en slenterbroeke, halterhals-klere en kort rokkies, geverf soos Isébel? Sou hierdie versiering die behoorlike drag wees soos dit Christelike vroue betaam, wil ek nie dink hoe dit sal wees om ’n vertoon van onbehoorlike drag te moet aanskou nie.

Nou ek weet dat die vroue nie die modes skep nie. Hollywood doen dit. Maar luister, dames, daar word nog rokmateriaal en naaimasjiene verkoop. U hoef nie te koop wat in die winkel is en dit as verskoning aanvoer nie. Hierdie is ’n doodernstige saak waarop ek hier ingaan. Het u nie in die Skrif gelees dat, wanneer ’n man ’n vrou aanskou en haar in sy hart begeer, hy reeds met haar in sy hart owerspel gepleeg het nie? Veronderstel nou dat u op so ’n wyse aantrek dat u dit veroorsaak? Dit maak u sy metgesel in die sonde, al sou u totaal onbewus daarvan wees, al is u ’n ware maagd met geen sodanige begeertes nie. Tog hou God u verantwoordelik, en u sal geoordeel word.

Nou ek weet dat u dames nie van hierdie soort prediking hou nie, maar, suster, u is heeltemal verkeerd in wat u doen. Die Bybel verbied u om u hare af te sny. God het dit aan u vir ’n bedekking gegee. Hy het ’n opdrag gegee dat u dit lank moet dra. Dit is u eer. Wanneer u, u hare sny, dui u aan dat u die hoofskap van u man opgesê het. Soos Eva, het u uitgestap en u eie weg gegaan. U het stemreg gekry. U het manswerk begin doen. U het opgehou om vrou te wees. U behoort u te bekeer en terug te keer tot God. Asof dit nog nie erg genoeg was nie, het ’n menigte van u die idee aanvaar dat u die preekstoel kan binnedring en kerkampte beklee wat God vir die man en net vir die man voorbehou het. O, daar het ek nou ’n teer sakie aangeroer, het ek nie? Wel, wys vir my een plek in die Bybel waar God enige vrou verordineer het om te preek of om die gesag oor die man te voer, en ek sal om verskoning vra vir wat ek gesê het. U kan nie vind dat ek verkeerd is nie. Ek is reg, want ek staan by die Woord en in die Woord. Sou u Geestelik ryk wees, sou u geweet het dat dit waar is. Niks is waar behalwe die Woord nie. Paulus het gesê: “Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie.” Dit is onmoontlik vir u om ’n plek in die vyfvoudige bediening van Ef. 4 in te neem en nie gesag oor ’n man uit te oefen nie.

Suster, u beter luister na daardie Woord. Dit was nie die Gees van God Wat in 'n Geesvervulde lewe geopenbaar is wat u aangesê het om te preek nie, want die Gees en die Woord is EEN. Hulle sê dieselfde ding. Iemand het 'n fout gemaak. Iemand is verlei. Word wakker voordat dit te laat is. Satan het vir Eva, u moeder, verlei en hy doen dit nou met die dogters. Mag God u help.

"*Ek het aan niks gebrek nie*." Nou, as enigiemand sê: "Ek het niks nodig nie", kan hy net so wel sê: "Ek het alles," of "Ek wil niks meer hê nie, want ek is nou versadig." U kan dit op enige manier uitdruk, maar dit kom altyd neer daarop dat die kerk selfvoldaan is. Sy is tevrede met wat sy het. Sy is óf van mening dat sy alles het óf dat sy genoeg het. En dit is presies wat ons vandag aantref. Watter denominasie maak nie daarop aanspraak dat DIT die openbaring en die mag en die waarheid besit nie? Luister na die Baptiste, en hulle het dit alles. Luister na die Metodiste, en hulle het dit alles. Luister na die "Kerk van Christas" en almal is verkeerd behalwe hulle. Luister na wat Pinkster sê en hulle besit die volheid van die volheid. Nou hulle weet dat ek die waarheid van hulle praat, want nie een van hul handleidings stel dit anders nie. Hulle het alles so netjies uiteengesit en hul naam daaraan geheg en dit beklink. God het net niks meer nie. En daar is diegene wat net nie meer wil hê nie. Hulle glo nie in genesing nie en wil dit nie hê nie, alhoewel dit in die Woord is. Daar is diegene wat nie die Heilige Gees sal aanvaar al open God die hemele en gee hulle 'n teken nie.

Nou hulle sê almal, en probeer dit bewys, dat hulle alles besit of dat hulle genoeg het. Tog is dit die waarheid? Vergelyk hierdie Twintigste-eeuse kerk met die kerk van die eerste eeu. Gaan voort. Doen dit. Waar is die krag? Waar is die liefde? Waar is die gereinigde kerk wat die sonde weerstaan en in die geloof tot Jesus gegaan het? Waar is die eenheid? U kan dit nie vind nie. Indien hierdie kerk alles het wat dit nodig het, waarom het hulle meer van God gevra in die boek Handelinge asof hulle tog nie alles gehad het nie, en tog het hulle veel meer gehad as wat hulle vandag het?

GOD SE DIAGNOSE

Nou wat God gesien het, was heel anders as wat hulle gesê hulle gesien het. Hulle het gesê dat hulle ryk was in goedere asook Geestelik ryk. Hulle het gearriveer. Hulle het aan niks meer gebrek gehad nie. Maar God het dit anders gesien. Hy het gesê: "Jy weet dit nie, maar jy is ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak." Wanneer 'n groep mense so is, veral naak, en hulle DIT NIE WEET NIE, is daar iets verskrikliks verkeerd. Daar moet sekerlik iets besig wees om plaas te vind.

Is dit nie dat God hulle oë verblind het soos Hy met die Jode gedoen het nie? Keer die Evangelie terug na die Jode? Herhaal die geskiedenis homself? Ek sê dit is.

God sê dat hierdie kerk van die Laodicense Eeu "ellendig" is. Daardie woord is afkomstig van twee Griekse woorde wat 'verdra' en 'beproewing' beteken. En dit het niks met die beproewinge wat 'n ware Christen ondergaan te doen nie, want God beskryf 'n Christen in beproewing as "geseënd", en sy houding is een van vreugde, terwyl hierdie beskrywing geformuleer word as "ellendig en beklaenswaardig." Hoe eienaardig tog. In hierdie eeu van volop, in hierdie eeu van vooruitgang, in hierdie eeu van oorvloed, hoe kan daar beproewinge wees? Wel nou, dit is eienaardig, maar in hierdie eeu van oorvloed en geleenthede, terwyl almal soveel het en daar soveel meer te bekom is; met al die uitvindings om ons werk te doen en soveel dinge om ons genot te verskaf; SKIELIK vind ons dat geestesongesteldheid soveel slagoffers eis dat dit die nasie verontrus. Wanneer almal gelukkig behoort te wees, met in der waarheid niks om oor ongelukkig te wees nie, drink miljoene mense snags kalmeermiddels, opwekpille in die oggend, hardloop hulle na geneeshere toe, word hulle in inrigtings opgeneem, en probeer hulle allerhande onbekende vrese met alkohol verjaag. Ja, hierdie eeu spog met sy geweldige voorrade wêreldsgoed, maar die mense is ongelukkiger as ooit tevore. Hierdie eeu spog met sy geestelike kundighede, maar die mense is meer onseker van hulself as ooit tevore. Hierdie eeu spog met hoër morele waardes, en dit is meer bedorwe as enige eeu sedert die vloed. Dit praat van sy kennis en wetenskap, maar dit veg 'n verlore stryd op alle gebiede, want die menslike verstand en siel en gees kan nie begryp en tred hou met al die veranderinge wat oor die wêreld gekom het nie. In een geslag het ons van die perd-en-kar-eeu tot die ruimte-eeu gevorder, en ons is trots daarop en spog graag daarmee, maar binne-in ons is 'n donker, leë spelonk wat uitroep in foltering, en SONDER ENIGE BEKENDE REDE beswyk mense se harte van vrees; en die wêreld is so verdonker dat hierdie eeu met reg die eeu van senusiekes genoem kan word. Dit spog, maar kan dit nie ondersteun nie. Dit roep vrede uit, maar daar is nie vrede nie. Dit spog dat dit 'n oormaat van alles het, tog brand dit van begeerte soos 'n onversadigbare vuur! "Daar is geen vrede nie" sê my God aan die bose.

"*Jy is beklaenswaardig*". Dit beteken dat hulle voorwerpe is om jammer te kry. Jammer kry? Hulle smaad medelye. Hulle is vol trots. Hulle roem op wat hulle besit. Maar dit wat hulle het, sal nie die toets van die tyd deurstaan nie. Hulle het op dryfsand gebou, eerder as op die rots van die openbaring van God se Woord. Gou sal die aardbewing kom. Binnekort sal die storms van die wraak van die God in die oordeel kom. Dan kom skielike

vernietiging en ten spyte van al hul wêreldse voorbereidings, sal hulle nogtans onvoorbereid wees op wat oor die aarde gaan kom. Hulle is diegene wat, ten spyte van hul wêreldse pogings, hulself in der waarheid opponeer sonder dat hulle daarvan bewus is. Voorwerpe van bejammering, is hulle inderdaad. Bejammer die arme mense wat in hierdie ekumeniese beweging in hierdie laaste dae is, want hulle noem dit die beweging van God, terwyl dit van die Satan is. Bejammer diegene wat nie die vloek van organisasie ken nie. Bejammer diegene wat soveel pragtige kerke het, sulke mooi pastorieë, sulke deftige opgeleide kore, so 'n vertoon van rykdom en so 'n besadigde en eerbiedige vorm van aanbidding het. Bejammer hulle, moenie jaloers wees op hulle nie. Terug na die ou stoorgeboue, terug na die dofverligte kamers, terug na die kelders, terug na minder van die wêreld en meer van God. Bejammer hulle wat groot aansprake maak en praat oor hul gawes. Betuig meegevoel met hulle as voorwerpe van bejammering, want hulle sal binnekort voorwerpe van wraak wees.

"*Jy is arm.*" Nou dit beteken natuurlik Geestelik arm. Die teken van hierdie eeu, namate dit tot 'n einde kom, is groter en beter kerke, met meer en meer mense, met al hoe meer manifestasies van wat veronderstel is om demonstrasies van die Heilige Gees te wees. Maar die vol altare, die gawes van die Gees in werking, die merkwaardige bywoningsyfers, is nie God se antwoord nie, want diegene wat na die altare kom, bly baie selde om met God voort te gaan, en nadat die groot dienste verby is, waar is al die mense is wat na vore gekom het? Hulle het geluister na 'n man, hulle het aan 'n oproep gehoor gegee, hulle het in die net gekom, maar hulle was nie visse nie, en, soos waterskilpaaie, het hulle teruggekruip na hul eie waters.

Dan is daar al die gepraat oor die talespraak — dit is veronderstel om die bewys te wees van die Doop van die Heilige Gees; en die mense dink dat ons in die middel van 'n groot herlewing staan. Die herlewing is verby. Amerika het haar laaste kans in 1957 gehad. Die tale is God se teken van 'n dreigende ramp, soos dit was toe hulle verskyn het op die muur by Bélsasar se fees. Weet u nie dat baie in die laaste dae gaan kom en sê: "Here, Here, het ons nie in U Naam baie kragte gedoen en self duiwels uitgedrywe nie?" En Hy sal sê: "Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk! Ek het julle nooit geken nie." Matt. 7:22-23. Jesus het gesê dat hulle werkers van ongeregtigheid is. Nogtans kry 'n mens 'n man wat kan kom en vir die siekes bid, wat olie en bloed in die gemeente laat verskyn, profesieë laat voortkom voort en allerhande soorte bonatuurlike dinge, en die mense sal om hom saamdrom en sweer dat hy van die Here is, al is hy net besig om 'n geldmaak-slenter van godsdiens te maak en in sonde lewe. Die enigste antwoord wat hulle het, is die totaal onbybelse een van:

"wel, hy behaal resultate, dus moet hy van God wees." Hoe verskriklik. Inderdaad, hoe arm is hierdie eeu aan die Gees van God en die arme, behoeftige mense weet nie eens daarvan nie.

"*Jy is blind en naak*." Nou dit is werklik desperaat. Hoe kan enigeen blind en naak wees en dit nie weet nie? Tog sê dit dat hulle blind en naak is en hulle kan dit nie sien nie. Die antwoord is dat hulle geestelik blind en geestelik naak is. Onthou u toe Elisa en Gehasi omsingel was deur die leër van die Siriërs? U onthou dat Elisa hulle met blindheid geslaan het deur die krag van God. Tog was hul oë wyd oop en hulle kon sien waar hulle gaan. Die blindheid was eienaardig in die sin dat hulle sekere dinge kon sien, maar sekere dinge, soos Elisa en die dienaar en die kamp van Israel, kon hulle nie sien nie. Wat hierdie leër wel kon sien het hulle niks gehelp nie. Wat hulle nie gesien het nie, het tot hul gevangeneskap gelei. Nou wat beteken dit vir ons? Dit beteken presies dieselfde as wat dit destyds in die aardse bediening van Jesus beteken het. Hy het probeer om hulle die waarheid te leer maar hulle wou nie luister nie. Johannes 9:40–41, "En dié van die Fariseërs wat by Hom was, het dit gehoor en vir Hom gesê: Is ons dan ook blind? Jesus antwoord hulle: As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie; maar nou sê julle: Ons sien! Daarom bly julle sonde." Die houding van hierdie eeu is presies wat dit toe was. Mense het alles. Hulle weet dit alles. Hulle kan niks geleer word nie. As 'n punt van waarheid uit die Woord opkom en 'n man probeer om sy siening te verduidelik aan iemand wat die teenoorgestelde siening huldig, luister die luisteraar nie met die doel om iets te leer nie, maar hy luister net om te kan weerspreek wat gesê word. Ek wil nou 'n redelike vraag vra. Kan Skrif, Skrif beveg? Weerspreek die Bybel die Bybel? Kan daar twee leerstellings van waarheid in die Woord wees wat mekaar weerspreek of mekaar opponeer? NEE. DIT KAN NIE SO WEES NIE. Tog hoeveel van God se mense se oë is wel oop vir hierdie waarheid? Nie eers een persent, sover as ek weet, het geleer dat die HELE Skrif deur God ingegee is en dat ALLES nuttig gebruik kan word tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, ens. nie. As die hele Skrif so gegee is, sal elke vers inpas as dit 'n geleentheid gegee word. Maar hoeveel is daar wat glo in predestinasie tot uitverkiesing en verwerping tot vernietiging? Sal hulle wat nie glo nie, ooit luister? Nee, hulle sal nie. Maar tog is albei in die Woord, en niks sal dit verander nie. Maar om daarvan te leer en om die waarheid van sodanige leerstellings te versoen met oënskynlike weersprekende waarhede, daarvoor sal hulle nie die tyd afstaan nie. Maar hulle stop hulle ore toe, hulle kners op die tande, en hulle verloor daarby. Aan die einde van hierdie eeu sal daar 'n profeet kom, maar hulle sal blind wees vir alles wat hy doen en sê. Hulle is so seker dat hulle reg is; en in hul blindheid sal hulle alles verloor.

Nou God sê dat hulle naak en blind is. Ek kan my niks indink wat so tragies is as 'n man wat blind en naak is en dit nie weet nie. Daar is slegs een antwoord — hy is van sy kop af. Hy is reeds diep in die vergetelheid. Sy vermoëns is daarmee heen, geestelike geheueverlies het ingetree. Wat anders kan dit beteken? Kan dit beteken dat die Heilige Gees die kerk van hierdie laaste dae verlaat het? Kan dit beteken dat die mens vir God so uit sy denke geweer het tot so 'n mate dat dit weer gebeur soos wat in Rom. 1:28 uiteengesit is, "En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie." Dit lyk tog wel of so iets gebeur het. Hier is mense wat sê dat hulle van God is en dat hulle God ken en sy Heilige Gees besit, en tog is hulle naak en blind en weet hulle dit nie. Hulle is ALREEDS MISLEI. HULLE HET DIE VERKEERDE GEES. DIE UITVERKORENES KAN NIE MISLEI WORD NIE, MAAR DIT IS DUIDELIK DAT HIERDIE ANDER MISLEI IS. Hulle is diegene wat blind geword het omdat hulle die Woord van God geweier het. Hulle is diegene wat hulself nakend gestroop het deurdat hulle God se sorg en beskerming verlaat het en gestreef het om hul eie weg tot die saligheid te bou, hul eie toring van Babel, deur organisasie. O, hoe lieflik en hoe pragtig aangetrek kom hulle in hul eie oë voor as hulle hul algemene byeenkomste en rade ens., vorm. Maar God stroop dit nou alles af, en hulle is nakend, want hierdie organisasies het hulle niks minder as gelei binne-in die kamp van die antichris en binne-in die onkruidveld gelei, tot by die binding en verbranding daarvan nie. Hulle is inderdaad voorwerpe van medelye. Ja, bejammer hulle, waarsku hulle, smeek hulle, maar nog gaan hulle, hul weg, halsoorkop, tot vernietiging; en hulle verwerp toornig alle pogings om hulle as brandhout van die verbranding te red. Hulle is inderdaad beklaenswaardig, tog weet hulle dit nie. Dikvellig en sonder hoop, roem hulle hul op wat in der waarheid hul skande is. Opstandig teen die Woord, maar eendag sal hulle daardeur geoordeel word en die prys van sy verskriklike aanklagte betaal.

DIE FINALE RAAD VAN DIE EEUE

Openb. 3:18-19, "Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou."

Die raad van God is bondig. Dit is tot die punt. Hy verwys hierdie kerk van die laaste dae na 'n enkele hoop. Daardie hoop is HOMSELF. Hy sê: "Kom na My toe en koop." Dit blyk

duidelik uit hierdie sinsnede, "koop van My", *dat die Laodicense Eeu glad nie met Jesus onderhandel vir die Geestelike produkte van die Koninkryk van God nie*. Hulle transaksies kan nie Geestelik wees nie. Hulle dink miskien dat hulle Geestelik is, maar hoe kan hulle wees? Die werke in hul midde is beslis nie soos Paulus sou gesê het nie: "Want dit is God Wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae." Fil. 2:13. Dus, wat van al hierdie kerke, skole, hospitale, sendingondernemings, ens.? God is nie in hulle solank hulle saad en gees van denominasies en nie die Saad en Gees van God is nie.

"*Koop van My goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word.*" Nou hierdie mense het baie goud gehad, maar dit was die verkeerde soort. Dit was daardie goud wat menselewens gekoop en vernietig het. Dit was die goud wat die mensekarakter verdraai het, want die liefde daarvoor was die wortel van alle kwaad. Openb. 18:1-14, "En na hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid. En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid. *En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, My volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie*. Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou. Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het. Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie - daarom sal haar plae op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel. En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien, terwyl hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging en sê: Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in een uur het jou oordeel gekom. En die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar, omdat niemand hulle koopware meer koop nie, koopware van goud en silwer en edelgesteente en pêrels en fyn linne en purper en sy en skarlaken; en allerhande geurige hout en allerhande voorwerpe van ivoor en allerhande voorwerpe van die kosbaarste hout en van koper en yster en

marmer en kaneel en reukwerk en salf en wierook en wyn en olyfolie en fynmeel en koring en grootvee en skape; en van perde en waens en slawe en mensesiele. En die vrugte wat jou siel begeer, het van jou gewyk, en al die blinkende en skitterende dinge het van jou gewyk, en jy sal dit nooit weer kry nie." *Dit is presies die georganiseerde kerke van die laaste dae, want dit sê in vers 4: "Gaan uit haar uit*, MY VOLK." Die wegraping het nog nie plaasgevind nie. Die bruid is nog nie weg terwyl hierdie verskriklike toestande in hierdie valse, ryk kerk bestaan nie.

Maar daar is ook die goud van God. I Pet. 1:7, "Sodat die beproewing van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan." God se goud is 'n karakter soos die van Christus en is geskep in die vurige brandoond van beproewing. Dit is die regte soort goud.

Maar watter soort goud besit die kerk vandag? Dit het slegs die wêreldse goud wat sal vergaan. Dit is ryk. Dit is selfvoldaan. Dit het welvarendheid as die hoofmaatstaf van geestelikheid gestel. Die bewys van God se seën en die suiwerheid van leerstellings, ens., word nou gebaseer op die getal ryk mense wat daarin betrokke is.

"Jy moet kom voor dit te laat is" sê die Here, "en koop van My goud wat deur vuur gelouter is en dan sal jy waarlik ryk wees." Verstaan ons dit? Luister na my: "Nakend (fisies) het ons in die wêreld gekom, maar ons sal dit NIE nakend (geestelik) verlaat nie." O nee, ons gaan iets met ons saamneem. Wat daardie iets is, is AL wat ons kan saamneem, niks minder en niks meer nie. Dus moet ons nou versigtig wees en toesien dat ons iets saamneem wat ons regverdig voor God sal maak. Dus, dan, wat sal ons met ons saamneem? Ons sal ons KARAKTER saamneem, broer, dit is wat ons sal saamneem. Nou watter soort karakter sal u met u saamneem? Sal dit wees soos SYNE, Wie se karakter deur lyding gevorm is in die vuuroond van beproewing, of sal dit wees die lamsakkigheid van hierdie karakterlose mense van Laodicéa? Dit is 'n individuele keuse, want op daardie dag sal elke persoon sy eie las dra.

Nou ek het gesê dat die stad Laodicéa 'n ryk, welvarende stad was. Dit het goue munte gemunt met inskripsies aan beide kante. Goue munte was die karaktertrekke van daardie eeu – 'n florerende handel het as gevolg daarvan bestaan. Vandag is die tweekantige goudmuntstukke met ons. Ons koop onsself uit en ons koop onsself in. In die kerk probeer ons om dieselfde te bereik. Ons koop onsself los van die sonde en ons koop onsself in die hemel in — altans so beweer ons. Maar God sê nie so nie.

Die kerk besit sulke fenominale rykdomme dat sy op enige gegewe tydstip die hele handelstelsel van die wêreld kan oorneem, en 'n leier in die Wêreldraad van Kerke het

inderdaad openlik voorspel dat die kerk dit in die afsienbare toekoms moet, kan en sal doen. Maar hul goue toring van Babel sal in duie stort. Slegs die goud wat in vuur gelouter is, sal stand hou.

En dit is wat die kerk konstant deur die eeue gedoen het. Sy het die Woord van God verlaat en haar eie leringe en dogmas aangeneem; sy het georganiseer en haar by die wêreld aangesluit. Dus is sy naak, en God oordeel haar onsedelikheid. Die enigste manier waarop sy uit hierdie vreeslike situasie kan kom, is deur die Here te gehoorsaam en terug te keer na Sy Woord. Openb. 18:4, "Gaan uit haar uit, My volk," 2 Kor. 6:14–18, "Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Belial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige." Daar is 'n prys te betaal vir daardie klere, en dit is die prys van afsondering.

"*En salf om jou oë te salf sodat jy kan sien.*" Hy sê nie dat jy hierdie salf moet koop nie. O, nee. Daar is geen prysetiket op die Heilige Gees nie. "Het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?" Gal. 3:2 Sonder die Doop van die Heilige Gees kan julle nooit julle oë geopen kry om 'n ware Geestelike openbaring van die Woord te sien nie. 'n Man sonder die Gees, is blind vir God en Sy waarheid.

Wanneer ek dink aan hierdie oogsalf wat mense se oë open, dink ek altyd terug aan die dae toe ek 'n klein seuntjie in Kentucky was. Ek en my broer het op 'n strooimatras in die solder geslaap. Die krake in die huis het die wind laat deurtrek. Somtyds in die winter het dit so koud geword dat ons in die oggende wakker geword het met sulke koue in ons oë, dat ons oë styf toe was met inflammasie. Ons sou moeder roep, en sy het boontoe gekom met warm oogsalf wat sy dan aan ons oë gevryf het totdat die hardgeworde afskeiding weg was, en dan eers kon ons sien. U weet, daar het darem 'n hele aantal vreeslike koue trekke in hierdie geslag oor die kerk gewaai, en ek is bevrees dat haar oë soort van toegevries is en dat sy blind is vir wat God haar aanbied. Sy het van die warm olie van die Gees van God nodig om haar oë te open. Tensy sy die Gees van God ontvang, sal sy voortgaan met die

plaasvervanging van program in plek van krag en geloofsbelydenis in die plek van die Woord. Sy sien getalle aan vir sukses, eerder as om op te let na die vrugte. Die doktore in die teologie het die deur tot geloof gesluit en almal verbied om binne te gaan. Hulle gaan nie in nie, en laat ook niemand anders toe om in te gaan nie. Hulle teologie kom uit 'n sielkunde-handboek, geskryf deur een of ander ongelowige. Daar bestaan 'n handboek oor sielkunde wat ons almal nodig het: dit is die Bybel. Dit is deur God geskryf en bevat God se sielkunde. Jy het geen dokter nodig om dit vir jou te verduidelik nie. Ontvang u net die Heilige Gees en laat die verduideliking aan Hom oor. Hy het die Boek geskryf en Hy kan u vertel wat daarin staan en wat dit beteken. I Kor. 2:9-16, "Maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God. Want wie, van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het. Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leef, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk. Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word. Maar die geestelike mens beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie. Want wie het die sin van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die sin van Christus."

Nou indien al die dinge waarteen die Gees uitroep, waar is van hierdie eeu, het ons iemand nodig om op die toneel te verskyn, soos Johannes die Doper, en die kerk uit te daag soos nog nooit tevore nie. En dit is presies wat na ons eeu kom. 'n Ander Johannes die Doper sal kom, en hy sal sy stem verhef, presies soos die eerste voorloper. Ons weet hy sal, na aanleiding van wat die volgende vers vir ons sê.

"*Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.*" Openb. 3:19. Dit is dieselfde boodskap as wat Johannes gebring het toe hy uitgeroep het in die Geestelike woestyn van Fariseërs, Sadusseërs en heidene. "BEKEER JULLE!" Daar was toe geen ander weg nie; en daar is nou geen ander weg nie. Daar was geen ander manier om terug te keer tot God nie, en daar is ook nou geen ander manier nie. Dit is BEKERING. Verander u plan. Draai om. BEKEER u, want waarom wil u sterf?

Kom ons ondersoek die eerste sinsnede: "almal wat Ek liefhet." In die Grieks is die klem op die persoonlike naamwoord "Ek". Hy sê nie, soos baie dink Hy moet sê, "almal wat MY liefhet" nie. O nee. Ons moet nooit probeer om vir Jesus die VOORWERP van menseliefde in hierdie vers te maak nie. Nee! Dit is die ALMAL wat die GELIEFDES van God is. Dit is SY liefde wat hier betrokke is, NIE ons s'n nie. Weereens vind ons onsself verheug in Sy verlossing, Sy doel en Sy plan, en ons is selfs nog sterker in die waarheid van die leerstelling van die Soewereiniteit van God bevestig. Soos Hy gesê het in Rom. 9:13, "Jakob het Ek liefgehad." Beteken dit dan nou dat Hy onder ALMAL DIEGENE insluit wat Hy wel liefhet, is Hy daarom in 'n staat van selftevredenheid in afwagting op die liefde van hulle wat nog nie tot Hom genader het nie? Geensins, want Hy sê ook in Rom. 9:13, "Esau het Ek gehaat." En in vers 11 roep die Gees prontuit: "Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie, — DAT DIE VOORNEME VAN GOD VOLGENS DIE VERKIESING KON BLY STAAN, nie uit die werke nie, maar uit Hom Wat roep." Hierdie liefde is "Verkiesingsliefde". Dit is Sy liefde vir Sy uitverkorenes, en Sy liefde vir hulle staan afsonderlik van MENSLIKE MERIETE, want daar staan dat die voorneme van God volgens die verkiesing bly staan, wat in direkte teenstelling staan met werke of enigiets wat die mens in homself besit. Want "TOE DIE KINDERS NOG NIE GEBORE WAS NIE" het Hy REEDS gesê: "Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat."

En Hy sê nou aan Sy eie: "Almal wat Ek liefhet, BESTRAF EN TUGTIG EK." Om te bestraf is om te vermaan. Om te vermaan is 'om te ontbloot met die oog op korreksie'. Tugtig beteken nie om te straf nie. Dit beteken "om te dissiplineer met die oog op verbetering van die persoon". Dit is presies wat ons vind in Heb. 12:5–11, "En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie? Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie. Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie? Want hulle het ons wel 'n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil, sodat ons Sy heiligheid kan deelagtig word. Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is."

Hierin word die liefde van God uiteengesit. Hy het in liefde begeer om ’n familie van Sy eie te hê, ’n familie van seuns — seuns soos Hyself. Daar voor Hom lê die mensdom as EEN stuk klei. Uit daardie selfde stuk sal Hy nou voorwerpe tot eer en tot oneer vorm. Die KEUSE sal Sy eie keuse wees. Dan sal daardie uitverkorenes, gebore uit Sy Gees, geleer word om in hul lewenswandel gelykvormig te word aan Sy beeld. Hy VERMAAN met alle lankmoedigheid, met sagmoedigheid en met genade. Hy TUGTIG met spyker-deurboorde hande. Partykeer moet hierdie Pottebakker die voorwerp waaraan Hy werk, totaal stukkend breek sodat Hy dit kan hervorm presies soos Hy dit begeer. MAAR DIT IS LIEFDE. DIT IS SY LIEFDE. SY LIEFDE KEN GEEN ANDER WEG NIE. DAAR KAN NIE WEES NIE.

Ag, klein kudde, moenie vrees nie. Hierdie eeu kom vinnig tot ’n einde. In die proses sal daardie onkruid saamgebind word en, soos ’n drievoudige koord nie maklik gebreek word nie, sal hulle geweldige drievoudige krag besit politieke, fisiese en geestelike (Sataniese) krag, en hulle sal poog om die bruid van Christus te vernietig. Sy sal ly, maar sy sal staande bly. Vrees nie hierdie dinge wat oor die wêreld kom nie, want Hy “Wat Sy eie mense liefgehad het, het hulle liefgehad tot die einde toe.” Johannes 13:1.

“*Wees dan ywerig en bekeer jou.*” Nou moenie ’n fout maak nie; hierdie valse kerk is ywerig. Haar ywer is letterlik dié van die Jode: “Die ywer vir u huis het My verteer.” Johannes 2:17. Maar dit is ’n verkeerde ywer. Dit is ’n ywer vir ’n huis wat hulle self gebou het. Dit is vir hul eie geloofsbelydenisse, dogmas, organisasies, hul eie regverdigheid. Hulle het die Woord verwerp ten gunste van hul eie idees. Hulle het die Heilige Gees onttroon en mense tot leiers verhef. Hulle het die Ewige Lewe as ’n Persoon verwerp en dit goeie werke gemaak, en selfs gelykvormigheid aan die kerk eerder as goeie werke.

Maar God maak ’n oproep op ’n ander soort ywer. Dit is die ywer om uit te roep: “EK IS VERKEERD”. Nou wie gaan sê dat hy verkeerd is? Wat is dit waarop al hierdie denominasies gegrondves is? — die aanspraak op oorspronklikheid, en dit van God, — die aanspraak dat hulle reg is. Hulle kan nie ALMAL reg wees nie. Inteendeel NIE EEN VAN HULLE, is reg nie. Hulle is witgepleisterde grafte, vol doodsbeendere. Hulle het geen lewe nie. Hulle het geen regverdiging nie. God het Homself nooit in enige organisasie bekend gemaak nie. Hulle sê dat hulle reg is omdat hulle diegene is wat dit sê; maar omdat hulle dit sê, maak dit nie so nie. Hulle het die suiwer “So spreek die Here” van God nodig, en hulle het dit nie.

Nou laat ek dit hier sê. Ek glo nie dat God se oproep tot bekering slegs vir die valse kerk is nie. In hierdie vers spreek Hy tot Sy uitverkorenes. Hulle het ook heelwat belydenis om

te doen. Baie van Sy kinders is nog in daardie valse kerke. Hulle is diegene van wie daar in Ef. 5:14 gesê word: "Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn." Om aan die slaap te wees beteken nie om dood te wees nie. Hulle slaap tussen die dooies. Hulle is daar in die dooie denominasies. Hulle dryf saam met hulle rond. God roep uit: "ONTWAAK! Bekeer jou van jou dwaasheid." Hier bied hulle hul invloed en skenk hulle tyd en hul geld, in werklikheid hul hele lewe, aan hierdie anti-christelike organisasies, terwyl hulle dink dat alles reg is. Dit is hulle wat nodig het om hulle te bekeer. Hulle moet hulle bekeer. Hulle het 'n gedagte verandering nodig, sodat hulle hul tot die waarheid kan keer.

Ja, hierdie is die eeu wat die nodigste het om hom te bekeer. Maar sal dit? Sal dit die Woord terugbring? Sal dit weer die Heilige Gees op die troon plaas in die lewe van die mens? Sal dit weer vir Jesus eer as die ENIGSTE Saligmaker? Ek sê nee, want die volgende vers openbaar die verbasende en skokkende waarheid van die einde van hierdie eeu.

CHRISTUS BUITEKANT DIE KERK

Openb. 3:20-22. "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op My troon, soos Ek oorwin het en saam met My Vader op Sy troon gaan sit het. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

Daar bestaan baie verwarring oor hierdie vers, want soveel persoonlike werkers gebruik dit in persoonlike evangelisasie asof Jesus by die deur van die hart van elke sondaar staan en klop om toegelaat te word. Daar word dan gesê dat, as die sondaar die deur sou oopmaak, die Here sal inkom, maar hierdie vers spreek nie tot individuele sondaars nie. Hierdie hele boodskap word opgesom soos elke boodskap vir elke eeu. In vers 22 staan daar: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die GEMEENTES sê." Dus is hierdie die boodskap aan die kerk van die laaste tydperk. *Dit is die toestand van die Laodicense kerk namate dit sy einde nader. Dit is nie 'n persoonlike boodskap aan een persoon nie*; dit is die Gees Wat aan ons vertel waar Jesus is. CHRISTUS HET DIE KERK VERLAAT. Is dit nie die logiese gevolg of eindresultaat waar die Woord opsy gestoot word vir gelofsbelydenis nie, waar die Heilige Gees onttroon word om plek te maak vir pouse, biskoppe, presidente, raadgewers, ens., waar die Saligmaker eenkant toe gestoot word om vervang te word deur 'n werksprogram, of kerklidmaatskap, of een of ander wyse van

gelykvormigheid aan ’n kerkstelsel nie? Wat meer kan nog teen Hom gedoen word? Dit is die geloofsversaking! Dit is die afvalligheid! Dit is die geopende deur vir die antichris, want as Een (Jesus) in Sy Vader se Naam (Jesus) gekom het en nie aangeneem is nie, maar verwerp is, dan sal daar ’n ander een kom in sy eie naam (leuenaar, ’n huigelaar) en hy sal aangeneem word, Johannes 5:43. Die man van die sonde, daardie seun van die verderf, sal oorneem.

Matt. 24, maak melding van tekens in die hemele in verband met hierdie laaste dae net voor die koms van Jesus. Ek wonder of julle onlangs so ’n hierdie laaste dae net voor die koms van Jesus. Ek wonder of julle onlangs so ’n teken opgemerk het wat tot vervulling gekom het en wat die waarheid uitbeeld van wat ons nou net bespreek het. Daardie waarheid is dat Jesus geleidelik eenkant toe geskuif is totdat, in hierdie laaste eeu, Hy tot buitekant die kerk gestoot is. Dink daaraan dat, in die eerste eeu, was die kerk amper die volle kringloop van die waarheid, maar tog was daar ’n klein foutjie aanwesig, naamlik die dade van die Nikolaïete, wat verhoed het dat die sirkel ’n voltooide sirkel was. Daarna, in die volgende eeu, het meer donkerte ingesluip, totdat die ligbol minder gegloei het, en die donkerte ’n groter deel van die sirkel bedek het. In die derde eeu was die verduistering nog groter, en in die vierde eeu, wat die Donker Eeue was, het die lig feitlik verdwyn. Dink nou hieraan. Die kerk skyn in die weerkaatste lig van Christus. Hy is die SON. Dit kerk is die MAAN. Dus is hierdie ligsirkel die maan. Dit het verminder van feitlik volle maan in die eerste eeu, tot net ’n ligstraaltjie in die vierde eeu. Maar in die vyfde eeu het dit begin groter word. In die sesde eeu het dit ’n groot voorwaartse stap van groei geneem. Vir ’n gedeelte van die sewende eeu was dit nog besig om te groei toe die groei skielik tot ’n vroeë stilstand gekom en die lig feitlik heeltemal afgeneem het sodat, in plaas van lig, daar slegs die duisternis van afvalligheid oorgebly het, en teen die einde van die eeu het dit heeltemal opgehou skyn, want die duisternis het oorgeneem. Christus was nou buitekant die kerk. Hier is die teken in die hemel. Die laaste verduistering van die maan was ’n totale verduistering. Dit het in sewe stadia sy glans verloor tot totale duisternis. In die sewende stadium het die algehele duisternis aangebreek toe die Pous van Rome (Paulus die Sesde) na Palestina gegaan het om ’n heilige toer van Jerusalem te onderneem. Hy was die eerste pous wat ooit na Jerusalem gegaan het. Die pous is genoem Paulus die Sesde. Paulus was die eerste boodskapper, en hierdie man gaan onder daardie naam. Let op daarna dat dit die sesde of die getal van ’n mens is. Dit is meer as blote toeval. Terwyl hy na Jerusalem gegaan het, is die maan of die kerk algeheel verduister. Hier is dit. Dit is die einde. Hierdie geslag sal nie verbygaan totdat alles vervul is nie. Ja kom, Here Jesus, kom gou!



1



2



3



4

5



6

Die totale maansverduistering toe die Pous Jerusalem besoek het.

Nou kan ons sien waarom daar twee wynstokke was, die een die ware en die ander vals. Nou kan ons sien waarom Abraham twee seuns gehad het, een uit die vlees die een wat vir Isak vervolg het en die een uit die belofte. Nou kan ons sien hoedat, uit dieselfde ouers, twee seuns voortgekom het as 'n tweeling, een wat die dinge van God geken en liefgehad het, en die ander wat baie van dieselfde waarheid geken het maar nie van dieselfde Gees nie en dus die uitverkore kind vervolg het. God het nie verwerp net met die doel om te verdoem nie. Hy het verwerp ter wile van die uitverkorenes. UITVERKORENES KAN NIE uitverkorenes vervolg nie. UITVERKORENES KAN NIE uitverkorenes kwaad aan doen nie. Dit is die verworpelinge wat die uitverkorenes vervolg en vernietig. O, maar daardie verworpelinge is godsdienstig. Hulle is baie slim. Hulle stam uit die geslag van Kain, die saad van die slang. Hulle bou hulle Babels, hulle bou hul stede, hulle bou hul koninkryke; terwyl hulle, hulle die hele tyd op God beroep. Hulle *haat* die ware saad en hulle sal alles in hul vermoë doen (selfs in die Naam van die Here) om die uitverkorenes van God te vernietig. Maar hulle is nodig. "Wat het die kaf met die koring te doen?" Geen kaf, geen koring. Maar wat gebeur op die ou end met die kaf? Dit word verbrand met vuur wat onuitblusbaar is. En die koring? Waar is dit? Dit word byeengebring in Sy skuur. Dit is waar Hy is.

Pasop, o uitverkorenes van God. Studeer deeglik. Wees versigtig. Werk jul saligheid uit met vrees en bewing. Vertrou op God en wees sterk in Sy krag. Julle teëstander, die duiwel, loop nou rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Waak deur middel van gebed en wees standvastig. Hierdie is die eindtyd. Beide die ware en die valse wynstok kom tot volwassenheid, maar voor die koring ryp word, moet daardie onkruid saamgebind word om verbrand te word. Sien, hulle sluit almal aan by die Wêreldraad Van Kerke. Dit is die saambinding. Binnekort kom die insameling van die koring. Maar tans is die twee geeste besig om te arbei in die twee wynstokke. Kom uit tussen die onkruid. Begin om te oorwin sodat u prysenswaardig beskou kan word vir u Here en geskik om saam met Hom te regeer.

DIE TROON VAN DIE OORWINNAAR

Openb. 3:21, "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op My troon, soos Ek oorwin het en saam met My Vader op Sy troon gaan sit het."

Nou wat moet ons oorwin? Dit is die normale vraag om hier te vra. Maar dit is nie die eintlike gedagte wat in hierdie vers opgesluit lê nie, want dit is nie soseer WAT ons moet oorwin

nie, maar HOE ons moet oorwin. Dit is logies, want maak dit veel saak WAT ons oorwin, solank ons weet HOE om te oorwin?

'n Vlugtige kykie na daardie Skrifgedeeltes wat handel oor die Here Jesus Wat oorwin, sal die waarheid van hierdie stelling bewys. In Matt. 4, waarin Jesus deur die duiwel versoek word, het Hy die persoonlike versoekinge van die Satan deur die Woord oorwin, en met die Woord alleen. In elk van die drie hoofbeproewinge, wat presies ooreenstem met die versoeking in die Tuin van Eden, nl. die begeerlikheid van die vlees, die begeerlikheid van die oë, en die trots van die lewe, het Jesus oorwin deur die Woord. Eva het tot 'n val gekom voor die persoonlike versoeking van die Satan, deur nie die Woord te gebruik nie. Adam het tot 'n val gekom as gevolg van direkte ongehoorsaamheid aan die Woord, maar Jesus het deur die Woord oorwin. Laat my sommer nou hier sê dat dit die enigste manier is om 'n oorwinnaar te wees; dit is ook die enigste manier waarop 'n mens kan weet of jy besig is om te oorwin, want die Woord KAN NIE faal nie.

Let nou weer op hoe Jesus die wêreldstelsels van godsdiens oorwin het. Terwyl Hy keer op keer deur die teoloë van Sy tyd versoek is, het Hy voortdurend die Woord toegepas. Hy het slegs gespreek wat die Vader Hom gegee het om te spreek. Dit het nie een keer gebeur dat die wêreld nie uiters verwar gestaan het voor Sy wysheid nie, want dit was die wysheid van God.

In Sy eie persoonlike lewe, in stryd met Homself, het Hy oorwin deur gehoorsaamheid aan die Woord van God. In Heb. 5:7 staan daar: "Hy Wat in die dae van Sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan hom geoffer het Wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs; Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword." Waaraan was Hy gehoorsaam? Die Woord van God.

Nou, daar sal nie een persoon wees wat in die troon van die Here Jesus Christus sal sit tensy hy in daardie Woord gelewe het nie. U gebede, u vastye, u berou — ongeag wat u vir God aanbied — niks daarvan sal vir u die voorreg bied om in daardie troon te sit nie. Dit sal slegs gegee word aan die WOORD-bruid. Net soos die troon van die koning gedeel word deur die koningin omdat sy met hom verenig is, so sal slegs hulle wat uit die Woord is, soos Hy uit daardie Woord is, daardie troon deel.

Onthou u ons het duidelik aangetoon, deur die eeue, dat, net soos Adam en Eva tot 'n val gekom het omdat hulle die Woord verlaat het, so het die Efésiese Eeu tot 'n val gekom deur effens weg te draai van die Woord, totdat, met die voortdurende wegdraai van elke eeu, ons nou 'n finale verwerping van die

Woord deur die Wêreldkerk-stelsel het. Hierdie Laodicense Eeu eindig met 'n verduistering van die Woord en veroorsaak daardeur die verlating van die Here uit hulle midde. veroorsaak. Hy staan buitekant en roep na Sy eie wat Hom volg in gehoorsaamheid aan die Woord. Na 'n kort en kragtige demonstrasie van die Gees, sal hierdie klein, gejagte en vervolgde groepie gaan om by Jesus te wees.

DIE VOLEINDING VAN DIE HEIDENSE EEUE

Hierdie eeu is die laaste van die sewe kerkeeue. Wat in die eerste of Efésiese Eeu 'n aanvang geneem het, moet en sal tot volle rypheid en oes kom in hierdie laaste, of Laodicense, Eeu. Die twee wynstokke sal hul finale vrug lewer. Die twee geeste sal hul manifestasies beëindig in elk van hulle onderskeie finale bestemmings. Die saai, die natmaak, die groei, is alles verby. Somer het geëindig. Die sekel is nou ingesteek in die oes.

In verse vyftien tot agtien wat ons nou net bestudeer het, lê die ware prentjie van die rypgeworde valse wynstok-, valse gees-, valse kerkmense. "Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie geopenbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien." Nog nooit is 'n bitterder beskuldiging en oordeel in woorde uitgedruk nie, en geen trotse en verwaande godsdienstige groep mense het dit ooit meer verdien nie. Tog, in vers een-en-twintig: "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op My troon, soos Ek ook oorwin het en saam met My Vader op Sy troon gaan sit het," vind ons die ware wynstok, ware Gees, ware Kerkmense verhef tot die troon van God met die grootste kompliment wat ooit aan 'n nederige, standvastige Geestelike groep gemaak is.

Die woorde van Johannes die Doper wie so akkuraat die verhouding van die Christus tot die ware en vals kerk uiteengesit het, word nou volbring. Matt. 3:11-12, "Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy Wat na my kom, is sterker as ek, Wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur. Sy skop is in Sy hand, en Hy sal Sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en Sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitblusbare vuur verbrand." Christus, die Groot Oes-insamelaar, oes nou die vrug van die aarde. Hy bring die

koring in die skuur saam deur te kom vir Sy eie en ontvang hulle vir ewig vir Homself. Dan keer Hy terug om die bose met onuitblusbare vuur te vernietig.

Die geheimenis van die koring en die onkruid in Matt. 13:24–30 is ook nou vervul: "'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: "Die koninkryk van die hemele is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het; maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan. En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die onkruid ook. En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan? En hy antwoord hulle: 'n Vyandige mens het dit gedoen. Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaarmaak? Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie. Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in My skuur."

Die koring en die onkruid, wat sedert die eerste eeu tot nou toe langs mekaar gegroei het, word geoes. Wat Nicea mee begin het, het uiteindelik tot vervulling gekom. Met al die mag van organisasie draai die valse kerk hom weg van enige greintjie van die waarheid en met politieke mag versterk sy haarself met staatsondersteuning en begin sy om die ware gelowige vir altyd uit te wis. Maar net soos sy op die punt is om haar lafhartige komplot met sukses te bekroon, word die koring bymekaargemaak in die skuur. Die koring en die onkruid sal nie langer saam groei nie. Die onkruid sal nie langer die Seën van God ontvang weens die teenwoordigheid van die koring nie, want die koring sal weg wees en die wraak van God sal uitgestort word in die sesde seël wat sal eindig in die totale vernietiging van die bose.

Ek het netnou gesê dat die valse wynstok tot volle rypheid kom in hierdie eeu. Haar vrug sal volwassenheid bereik en ryp word. Dit is reg. Hierdie bose gees vervulde kerk, vol ongeregtigheid, sal geopenbaar word as die mosterdsaad wat 'n boom geword het waarin al die onreine voëls van die lug hul tuiste gemaak het. Die antichris sal dan haar hoof wees, die verborgenheid van die ongeregtigheid. Dit is alles waar. En as dit waar is, moet dit ook waar wees dat die Bruidskerk volwassenheid sal bereik, en haar rypheid sal 'n identifisering met haar Here wees deur middel van die Woord, en haar Hoof Wie na haar sal kom is die Verborgenheid van die Godheid, wat inderdaad Christus is. En soos die valse kerk op geslepe wyse en met duiwelse krag saamgestel uit politieke mag, fisiese mag en die geeste van die duisternis teenoor hierdie ware

wynstok te staan kom, sal die ware wynstok in die volheid van die Gees en die Woord daardie selfde kragtige dade doen wat Jesus verrig het. Dan, namate sy haar Hoofsteen nader en soos Hy word deur die Woord, sal Jesus kom, sodat die bruid en die Bruidegom vir altyd verenig kan wees.

Die sigbare manifestasies van wat ek julle vertel het, is reeds om ons te sien. Die ekumeniese beweging van die onkruid is ’n feit. Dit is ook ’n feit dat die profeet vir die laaste eeu ’n boodskap van God moet bring wat die wederkoms van die Here sal vooruitloop, want deur sy boodskap sal die harte van die kinders teruggebring word tot die Pinkster-vaders, en met die herstel van die Woord sal daar ook ’n herstelling van die krag kom.

Watter kritieke tye is hierdie waarin ons leef. Hoe versigtig moet ons nie wees om getrou te bly aan hierdie Woord en om nie daarby te voeg of daarvan weg te neem nie, want die een wat spreek waar God nie gespreek het nie, maak Hom tot leuenaar. Wat wat ek meer bepaald in gedagte het, is dit: Om en by die begin van die eeu het die honger na God wat opgewek is in die Filadelfiese Eeu, ’n uitroep laat ontstaan na die Gees van God. En toe die roepstem deur God beantwoord was, deur die uitstuur van die manifestasie van tale, interpretasie en profesie, het ’n groep onmiddellik, en mees teenstrydig met die Woord, ’n leerstelling opgestel nl. dat spreek in tale die bewys van die doop met die Heilige Gees was. Tale was ver van ’n bewys af. Hulle was manifestasies, nie bewyse nie. Die valsheid van die leerstelling kan nie alleen gesien word deur ’n gebrek aan Skrifte om dit te staaf nie, maar diegene wat die leerstelling gesteun het, het onmiddellik begin organiseer op grond van die leerstelling en daardeur bewys dat hulle nie in die waarheid was soos hulle graag sou wou hê mense moes glo nie. O, dit het goed voorgekom. Dit het gelyk of dit die terugkeer tot Pinkster was. Dit is bewys dat dit nie die geval was nie. Dit kon nie wees nie, want dit het georganiseer. Dit is die dood, nie lewe nie. Dit het so na aan die egte gelyk, dat menigtes mislei is. As dit dan nie die egte was nie, wat was dit dan? Dit was die doppe, die kaf. In die groen, sagte skedevorm, het dit gelyk of dit die egte ding was. Net soos mens ’n land kan instap en sien wat presies soos koring lyk maar tog net die dop of kaf is (want die koringsaad is nog nie gevorm nie), was hierdie slegs die sagte dop wat gelyk het soos die ware koring wat nog moes kom. Die oorspronklike koringsaad van Pinkster sou terugkeer in die laaste eeu. Dit was by Nicea begrawe. In Sardis het dit ’n plantjie opgestoot. Dit het ’n baardklossie gegroei in Filadelfía, en dit sou rypword in die Laodicéa. Dit kon nie terugkeer na die oorspronklike totdat die Woord herstel is nie. Die profeet het nog nie op die toneel verskyn nie. Maar nou, volgens die

tydvak waarin ons staan in die Laodicense Eeu, moet die 'Profeet-Boodskapper' van Openb. 10:7 reeds hier wees. Weereens moet 'So spreek die Here' hier wees, gereed om gemanifesteer te word met onfeilbare bevestiging. Dus is die Ware Saad reeds besig om ryp te word en DAN KOM DIE OESTYD.

Oestyd. Ja, oestyd. Die twee wynstokke wat saam gegroei en hul takke ineengestrengel het, gaan nou geskei word. Die vrugte van daardie wynstokke wat so verskillend was, sal in afsonderlike skure byeengebring word. Die twee geeste sal na hul afsonderlike bestemmings gaan. Dit is nou die tyd om ag te slaan op die finale roepstem wat slegs tot die Koringbruid kom: 'Gaan uit haar uit, My volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en dat julle (koring) nie van haar (onkruid) plae (die groot verdrukking van die sesde seël en van Matt. 24) ontvang nie.'

DIE LAASTE WAARSKUWING VAN DIE GEES

Openb. 3:22, "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

Dit is die LAASTE waarskuwing. Daar sal nie nog een wees nie. Die troonkamer is opgerig. Die twaalf fondamente is gelê. Die strate van goud is uitgelê. Die hekke van reuse pêrels is opgetel en klaar gehang. Soos 'n piramiede staan sy, skoon en glansryk. Die hemelwesens wat haar voorberei het, staan ademloos en kyk, want sy glinster en skyn met 'n bonatuurlike heerlikheid. Elke faset van haar skoonheid vertel die verhaal van oneindige genade en die liefde van Jesus. Sy is 'n stad, voorberei vir 'n voorbereide volk. Sy wag slegs op haar inwoners, en binnekort sal hulle in haar strate in vreugde saamdrom. Ja, hierdie is die laaste oproep. *Die Gees sal nie in 'n verdere eeu spreek nie*. Die eeue is verby.

Maar dank God, op hierdie oomblik is hierdie eeu nog nie verby nie. Hy roep steeds uit. En Sy oproep word nie slegs deur Sy Gees gebring in die geestelike ore van mense nie; maar daar is weereens 'n profeet op aarde. Weereens sal God die waarheid openbaar soos aan Paulus. In die dae van die sewende boodskapper, in die tyd van die Laodicense Eeu, sal die boodskapper die geheimenisse van God openbaar soos geopenbaar aan Paulus. Hy sal alles prontuit verklaar en diegene wat die profeet in sy eie naam aanvaar, sal die voordelige effek van daardie profeet se bediening ontvang, en hulle wat hom hoor sal geseënd wees en sal deel word van daardie bruid van die laaste dae wat in Openb. 22:17 vermeld word. "Die Gees en die bruid sê: Kom!" Die koringkorrel (die Bruidskoring) wat in die grond geval het by Nicea het weereens teruggekeer tot die oorspronklike Woordgraan. Prys

God vir altyd. Ja, luister na die geloofwaardige profeet van God wat in hierdie laaste eeu verskyn. Wat hy van God sê, dit sal die bruid ook sê. Die Gees en die profeet en die bruid sal dieselfde dinge sê. En wat hulle sal sê, is alreeds in die Woord gesê. Hulle sê dit nou, "Kom onder hulle uit en sonder julle af." Die wekroep het weerklink. Die wekroep weerklink nou. Hoe lank sal die stem uitroep? Ons weet nie, maar een ding weet ons wel; dit sal nie vir lank wees nie, want hierdie is die laaste kerkeeu.

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die Gees het gespreek. Die ondergaande son is op die punt om te verdwyn in die ewigheid vir die kerkeeue. Dan sal dit alles oor wees. Dan sal dit te laat wees om te kom. Maar indien God êrens deur Sy Gees in hierdie reeks met u gedeel het, mag u, u nou tot Hom wend in bekering en u lewe aan Hom gee sodat Hy, deur Sy Gees, aan u die ewige lewe mag skenk.

HOOFSTUK TIEN

’N SAMEVATTING VAN DIE EEUE

As gevolg van die feit dat ons bespreking ’n vers-vir-vers-uiteensetting was van daardie Skrifte wat oor die sewe eeue handel, het ons, nie ’n deurlopende geskiedkundige patroon uiteengesit in so verre as wat ons veronderstel was om te doen nie. Dit is dus nou ons doel om, in hierdie hoofstuk, met die Efésiese Eeu te begin en die geskiedenis van die kerk deur die eeue na te spoor soos dit aan Johannes gegee is deur die Gees van God. Ons sal nie soseer nuwe materiaal byvoeg, as wat ons sal saamvat dit wat ons reeds het nie.

Uit ons studies het ons reeds geleer dat heelwat van die Openbaring heeltemal misverstaan word, omdat ons nie voorheen geweet het dat die ‘kerk’, van en met wie daar gepraat word in hierdie boek, nie na die suiwer ‘ekklesia’, die ‘uitverkorenes’, die ‘liggaam van Christus’, die ‘bruid’ verwys nie, maar dit spreek tot die hele groep mense wat Christene genoem word, of hulle nou eg of slegs in naam is. Net soos die hele Israel NIE Israel is nie, so is alle Christene NIE Christene nie. So het ons geleer dat die kerk uit twee wynstokke bestaan, die ware en die valse. Die twee wynstokke word deur twee soorte geeste gemotiveer: een het die Heilige Gees, terwyl die ander een met die gees van die antichris aangedoen is. Albei maak daarop aanspraak dat hulle God ken en deur God geken word. Albei gee voor dat hulle namens God spreek. Albei glo in sekere eg basiese waarhede en verskil oor ander. Maar aangesien albei die Naam van die Here dra, deurdat hulle *Christ*-ene genoem word en deur so ’n naam te dra klaarblyklik aanspraak maak op ’n verwantskap met Hom (God noem dit huwelik), hou God hulle albei verantwoordelik aan Hom en spreek dus tot beide.

Ons het verder geleer dat hierdie twee wynstokke sy-aan-sy sou groei tot die einde van die eeue wanneer albei tot rypheid kom en geoes word. Die valse wynstok sal nie die ware wynstok oorwin en vernietig nie, maar, aan die ander kant, sal die ware wynstok ook nie in staat wees om die valse wynstok te bring tot ’n reddende verhouding met Jesus Christus nie.

Ons het die mees verbasende waarheid geleer dat die Heilige Gees kon, en sou, neerdaal op die onwedergebore Christene van die valse wynstok en kragtig gemanifesteer word in verskillende tekens en wonders, net soos Judas ’n besliste bediening in die Heilige Gees gehad het alhoewel hy, self as ’n duiwel verklaar was.

Met hierdie beginsels in gedagte begin ons om die kerk deur die verskillende sewe eeue heen na te speur.

Die geboorte van die kerk was by Pinkster. Net soos die eerste Adam ’n bruid vars uit die hand van God ontvang het en

vir ’n kort tydperk onbesmet was, so is aan Christus, die laaste Adam, ’n bruid, rein en vars, gegee met Pinkster; en sy het vir ’n tyd lank afgesonderd en onbesmet gebly. “En daar was niemand van die ander wat dit gewaag het om hom by hulle te voeg nie” (Handelinge 5:13), en “Die Here het daagliks by die gemeente gevoeg dié wat gered is.” Handelinge 2:47. Hoe lank dit geduur het, weet ons nie, maar eendag, net soos Eva deur die Satan versoek en verlei is, so is die kerk besoedel deur die binnekoms van ’n antichris gees. “En dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.” 1 Johannes 4:3, en Jesus het aangaande Sy bruid in daardie eerste eeu gesê: “Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het en bekeer jou.” Openb. 2:4–5. Reeds in daardie eerste eeu was die kerk al ’n ‘gevalle vrou’. Net soos Satan voor Adam by Eva gekom het, het Satan ook nou die kerk, die bruid van Christus, verlei nog voor die ‘bruilofsmaal van die Lam’. En wat was, spesifiek, in haar midde wat die val veroorsaak het? Wat anders as Openb. 2:6, “DIE WERKE VAN DIE NIKOLAIETE.” Alreeds het daardie eerste eeu weggedraai van die navolging van die suiwer Woord van God. Hulle het hul weggedraai van God se vereiste van ’n kerk wat absoluut van Hom afhanklik is (in volle vertroue op God om Sy Woord van begin tot einde te volbring, sonder enige menslike oorheersing) tot Nikolaïtisme, wat ’n menslike heerskappy in die kerk organiseer, wat soos alle regerings doen, wette neerlê vir die volk. Hulle het presies gedoen wat Israel gedoen het. Hulle het die gerief van menslike regering aangeneem in plaas van die Woord en die Gees.

Dood het ingetree. Hoe weet ons? Hoor ons nie die stem van die Gees wat verhef word in daardie eerste eeu vir almal wat wil hoor terwyl Hy roep: “Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die *Boom van die Lewe* wat binne-in die paradys van God is.” Die kerk het reeds te diep van die boom van die dood ingedrink (of die denominasionale valse wynstok) wie se einde die poel van vuur is. Daar is nie nou gérubs met vlammende swaarde om die Boom van die Lewe te bewaak nie. God onttrek nie nou uit die kerk uit soos Hy uit Eden onttrek het nie. O nee, Hy sal altyd te midde van Sy kerk wees tot die laaste eeu toe. En tot dan roep Hy almal om te kom.

Laat ons nou asseblief versigtig wees hier. Hierdie boodskap aan die engel van die gemeente wat in Éfese is, is nie ’n boodskap aan die werklike plaaslike Efésiese gemeente nie. Dit is ’n boodskap aan die EEU. En daardie eeu het die saad van die waarheid en die saad van die sonde in hom gehad presies soos uiteengesit is in die gelykenis van die koring en die onkruid. Die kerkeeue is die landerye en daarin is daar koring en onkruid. Die valse kerk het georganiseer, en die heerskappy en Woord, gehumaniseer, en die ware Christen beveg.

Onkruid floreer altyd sterker as koring of enige gekweekte plant. In hierdie eerste eeu het die onkruidkerk vinnig gegroei. Maar die koringkerk het ook floreer. Teen die einde van die eerste eeu het die dade van die Nikolaïete floreer in die plaaslike valse wynstokkerke met toenemende pogings om hul invloed verder as hul eie gemeenskap te versprei. Daardie invloed het 'n uitwerking gehad in die ware kerk, want manne soos die eerbiedwaardige Polycarp het hulself biskoppe genoem met 'n verwysing na daardie titel wat nie gepas was daarvoor volgens die Woord nie. Die ware kerk het ook in daardie eeu haar eerste liefde verloor. Daardie liefde is getipeer as die liefde van bruid en bruidegom by hul huwelik en eerste jare van getroude lewe. Daar was 'n afkoeling van daardie volkome liefde en oorgawe aan God.

Maar let op. Openb. 2:1 beskrywe die Here Jesus as te midde van Sy kerk en Hy hou die boodskappers in Sy regterhand. Omdat hierdie bruid geval het, omdat die verenigde kerkliggaam nou 'n mengsel van die ware en die valse is, verlaat Hy dit nie. Dit is Syne. En volgens Rom. 14:7–9 is dit heeltemal reg. "Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie. Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here. *Want hiervoor het Christus ook gesterwe en opgestaan en weer lewend geword, om oor dode sowel as lewende te heers*." Hy het die HELE mensdom aan die kruis gekoop. Hulle is Syne. Hy is die Here van die lewende en die dode. (Wat eienaarskap betref, en NIE verwantskap nie.) En Hy wandel te midde van daardie liggaam wat die lewe en die dood daarin het.

Wat in die eerste eeu geplant is, sal ontwikkel in die tweede eeu en daaropvolgende eeue totdat dit tot rypheid en oes kom. Ons verwag dus in die Smirniese Eeu 'n vergrote en verligte geskiedenis van die verenigde kerkliggaam deur 'n openbaring van die Gees.

In hierdie eeu neem die haat van die valse wynstok toe. Sien, hulle het (Vs. 9) hulself afgesonder van die gemeenskap van die ware wynstok. Hulle het van hulle uitgegaan. Hulle was leuenaars. Hulle het hulself genoem wat hulle nie was nie. Het God hulle vernietig? Nee. "Laat albei saamgroei tot die oes toe."

"Maar, Here, hulle moet vernietig word want hulle vernietig U volk. Hulle maak hulle dood."

"Nee, laat hulle staan. Maar aan My bruid sê Ek: 'Wees getrou tot die dood toe. Bemin My selfs meer.'"

Ons verneem op geen onsekere wyse nie dat hierdie valse wynstok die wynstok van die Satan is nie. Hulle samekoms is deur hom (Satan). Hulle kom byeen in die Naam van God en lieg

dat hulle aan Christus behoort. Hulle preek, hulle onderrig, hulle doop, hulle aanbid, hulle neem deel aan verskeie gebruike wat deur Christus aan die kerk gegee is, nogtans is hulle nie van God nie. Maar omdat hulle sê dat hulle is, sal God hulle verantwoordelik hou en in elke eeu spreek Hy van en met hulle. Hulle herinner ons presies aan Bileam. Hy het die profetiese amp beklee. Hy het die regte benadering tot God geken, soos bewys word in die offer van die rein diere. Hy was nogtans nie 'n ware WOORDPROFEET nie, want toe God hom gemaan het om nie eer aan Balak te betoon deur sy teenwoordigheid nie, wou hy nogtans gaan omdat hy gedryf was deur sy wellus na goud en prestige. Dus het God hom laat gaan. Die volmaakte wil van God het plek gemaak vir die toelaatbare wil van God vanweë die "hartsbegeerte" van Bileam. God het inderdaad gesê: "Gaan voort." Het God Sy gedagte verander? O nee. God se wil is steeds gehandhaaf, ongeag die feit dat Bileam gegaan het. Bileam het nie die wil van God tot niet gemaak nie. God het nietemin Sy wil uitgevoer. Bileam was die verloorder, want hy het die Woord omseil. Ons het vandag die einste ding. Vrouepredikers, organisasie, valse leerstellings, ens., en mense wat God aanbid terwyl hulle deur die Gees manifesteer en soos Bileam voortgaan en daarop aanspraak maak dat God met hulle gespreek het, al is die opdrag wat ontvang is ook die teenoorgestelde van die geopenbaarde Woord. Ek sal nie ontken dat God met hulle gepraat het nie. Maar dit was net soos toe Hy die tweede keer met Bileam gepraat het. Net soos Hy geweet het dat Bileam sy eie hartsbegeerte bo die Woord verkies het, en Hy hom dit toegestaan het maar nogtans op die ou end SY EIE wil laat geld het; net so laat God die mense vandag toe om in hulle eie hartsbegeertes voort te gaan, want hulle het alreeds die Woord verwerp. MAAR DIE WIL VAN GOD SAL, NIETEENSTAANDE, GESKIED. Amen. Ek hoop u sien dit. Dit sal nie net baie dinge wat in alle eeue waargeneem word, verklaar nie, maar sal veral help in hierdie laaste eeu waarin daar soveel manifestasies en uiterlike seëninge is terwyl die hele tydperk so teen die 'Woordgeopenbaarde Wil' van God is.

As daar ooit 'n eeu was wat die boodskap luid en duidelik ontvang het, was dit hierdie eeu. Dit was, en is, daardie Ou-Testamentiese waarheid: "Die seun van die slavin sal die seun van die vrye kwel totdat die seun van die slavin uitgewerp word." Dit gee ons te kenne dat die haat en lastering van die Satan teen die ware Christen uiting sal vind deur 'n groep wat vals en slegs Christene in naam is, en dit sal toeneem totdat God daardie valse wynstok ontwortel aan die einde van die Laodicense Eeu.

Die derde eeu het deur die Gees van profesie geopenbaar dat die wêreldsgesinde kerk die doktrine van die Nikolaïete sou aanvaar as leerstelling. Die verwydering tussen die

geestelikes en die lekedom het gegroei uit die Bybelse waarheid van die ouderlinge (herders van plaaslike kuddes) wat die kudde deur die Woord regeer, tot die 'werke van die Nikolaïete' waarin die geestelikes hulself in rangordes opgestel het, een bo die ander, welke onskriftuurlike formule toe ontwikkel het in 'n priesterskap wat die geestelikes tussen God en die mens geplaas het en aan die geestelikes sekere regte toegesê het terwyl die lekedom hul God-gegewe regte ontneem is. Dit was wederegtelike inbesitneming. In hierdie eeu het dit 'n leerstelling geword. Dit is in die kerk gevestig as die versekerde Woord van God, wat dit inderdaad nie was nie. Maar die geestelikes het dit die Woord van God genoem en dus was die doktriene antichristelik.

Vanweë die feit dat menslike regering eenvoudig net suiwer politiek is, het die kerk in die politiek betrokke geraak. Hierdie betrokkenheid is deur 'n keiser-diktator verwelkom; hy het kerkpolitiek en staatspolitiek saamgevoeg en met mag die valse kerk (die valse godsdiens van die Satan) as die ware godsdiens bevestig. En deur verskillende dekrete van verskillende keisers vind ons dat die valse kerk, gerugsteun deur die mag van die staat, die ware wynstok met nog groter entoesiasme vernietig het.

Jammer om te sê dat die ware wynstok nie heeltemal onvatbaar uir hierdie leerstelling was nie. Daarby bedoel ek nie dat die ware wynstok ooit die idees van die Nikolaïete as leerstelling bevestig het nie. Ver daarvandaan. Maar daardie klein wurm van die dood het aangehou suig aan die ware wynstok in die hoop dat dit sou val. Selfs binne die ware kerk het manne wat deur God as opsieners geroep is, daardie titel beskou as iets meer as net plaaslike verantwoordelikheid. Die duidelike begrip van Paulus het nie in hierdie tyd in die kerk bestaan nie. Want Paulus het gesê: "En hulle het God in my verheerlik." Ongeag die gesag wat Paulus gehad het, het hy die mense na God laat opkyk van Wie alle gesag kom. Maar die 'geestelikes' het gedurig opgekyk na Goddelike Leierskap PLUS MENSLIKE, en deur eer te gee waar eer nie toegekom het nie, vind ons dus dat die ware kerk bevlek is met menslikheid. Met die Nikolaïete gevestig — apostoliese opvolging — aangestelde predikante — pastore wat hul poste deur stemming verkry het, ens., was dit slegs een tree vir die valse kerk na Bileamisme. Die tweede stap tot die 'diepte van die Satan' was nou in volle swang.

Die tweede stap was die leerstelling van Bileam (beskrywe in Openb. 2:14) waarin Bileam vir Balak geleer het om die kinders van Israel te laat struikel by wyse van 'n 'gesamentlike byeenkoms'. Daar sou die gaste twee verdere dinge doen wat teen die Woord van God ingedruis het. U sal onthou dat Balak hulp nodig gehad het om sy koninkryk te behou. Hy het die

mees vooraanstaande geestelike figuur van sy tyd ingeroep, naamlik Bileam. Bileam het die raad gegee wat Israel vasgevang en vernietig het. Dit was, eerstens, om aan die hand te doen dat hulle bymekaar moet kom en dinge uitpraat, en saam eet en sake uitstryk. Dit help tog darem baie as mense mekaar verstaan. As ons dit eers bereik het, kan ’n mens daarvandaan voortgaan. Die volgende stap sou wees om saam te aanbid en, natuurlik, ’n bietjie druk van die kant van die gasheer, laat die gaste gewoonlik heelwat verder gaan as wat hulle van plan was om te doen. Dit het nou nie slegs met God se kerk daar in die Ou Testament gebeur nie maar dit het ook met die kerk van die Nuwe Testament gebeur, want daar was ’n keiser wat, soos Balak, hulp nodig gehad het om sy koninkryk te beveilig. Dus het Konstantyn die sogenaamde Christene uitgenooi, die Eerste Christenkerk van Rome, om hom te help om die Christene agter hom geskaar te kry, aangesien hulle talryk was. Dit het die Raad van Nicea van 325 tot gevolg gehad. Daar het die Christene, die wares en dié in naam, byeengekom op Konstantyn se uitnodiging. Die ware Christene het geen reg gehad om selfs na die vergadering te gaan nie. Ten spyte van alles wat Konstantyn by magte was om te verrig om hulle almal te verenig, het die ware gelowiges geweet dat hulle nie ingepas het nie en het hulle weggegaan. Aan hulle wat gebly het, het Konstantyn geld uit die staatskas gegee tesame met politieke en fisiese mag. Die mense is voorgestel aan afgodsaanbidding en spiritisme, want standbeelde met die name van heiliges is in geboue geplaas en die volk is geleer om met die dode gemeenskap te hê of tot die heiliges te bid, wat niks meer en niks minder as spiritisme is nie. In plaas van die voedsel wat die mens werklik nodig het, die Woord van God, het hulle geloofsbelydenisse en dogmas en rituele ontvang wat deur die staat afgedwing is; en bowendien is daar aan hulle drie gode gegee, met die drievoudige saamgestelde naam van die Een Ware God, en die waterdoop in die Naam van die Here Jesus Christus het plek gemaak vir die heidense doop met drie titels.

Die ware gelowiges moes nie daarheen gegaan het nie. Hulle het reeds baie van die waarheid verloor en nou sou ook hulle die begrip van die Godheid verloor en name vir titels prysgee wat die waterdoop betref.

Let nou baie versigtig op na die leerstelling van Bileam. Let veral daarop dat dit ’n doelbewuste maneuver van korrupte geestelikes is om die volk aan hulle te verbind, deur die mense doelbewus in die sonde van ongeloof in te lei. Die leerstelling van die Nikolaïete was die korrupsie van die geestelikes onderwyl hulle onder mekaar gewedywer het om politieke mag, terwyl Bileamisme die onderwerping van die mense aan hulle stelsel van geloofsbelydenisse en aanbidding

behels ten einde 'n houvas op hulle te kry. Let nou versigtig hierna op. Wat was dit wat die mense aan die sogenaamde kerk gebind het en hulle daardeur vernietig het? Dit was die geloofsbelydenisse en dogmas wat tot kerkbeginsels verhef is. Dit was die leerstelling van die Rooms-Katolieke Kerk. Hulle was nie die ware voedsel, die Woord, gegee nie. Hulle was voedsel gegee wat afkomstig was van afgodsaanbidding, Babiloniese heidendom, toegedraai met Christelike terminologie. En daardie selfde gees en leerstelling is onder al die Protestante te vind en word DENOMINASIE genoem. Nikolaïtisme is organisasie wat die leierskap van die kerk vermenslik en daardeur die Gees onttroon. Bileamisme is denominasionalisme wat die kerkleerstellingboek in plaas van die Bybel aanvaar. En tot vandag toe word baie van die mense van God gevang in die vangstrik van die denominasionalisme en God roep tot hulle uit: "Gaan uit haar uit, My volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie." U sien, hulle is onkundig. Maar as die wegraping nou sou plaasvind, sou onkunde geen reg op appél teen die oordeel van God bied omdat 'n mens in die verkeerde geledere is nie.

Die organisering van die geestelikes in 'n stelsel van rangordes totdat hulle uiteindelik onder leierskap van 'n president staan, is 'n manifestasie van die antichris gees, ongeag hoe goed en nodig dit mag voorkom. Dit is niks anders as menslike redenasie wat die plek van die Woord inneem nie. En enige persoon wat in die georganiseerde denominasies staan, is reg in die midde van 'n antichris stelsel. Laat ek dit nou hier baie duidelik stel: EK IS NIE TEEN DIE MENSE NIE. EK IS TEEN DIE STELSEL.

Met die vereniging van die kerk en die staat, is die toneel ingerig vir die Donker Eeue. En inderdaad het die kerk, omtrent 'n 1000 jaar lank, die dieptes van die duisternis betree en die dieptes van Satan geken. As enige godsdienstige volk beide die Nikolaïtisme en Bileamisme aanhang en oor die politieke, finansiële en fisiese mag beskik om dit te rugsteun, kan hulle slegs een rigting inslaan. Daardie rigting is reg in die Isébel leerstelling in. Waarom sê ons dit nou? Omdat, soos ons aangetoon het in die studie van die vierde eeu, Isébel 'n Sidoniër was, die dogter van Etbaäl, priester-koning van Astarte. Hy was 'n moordenaar. Hierdie vrou het met Agab (koning van Israel) om politieke voordeel getrou. Sy het toe die godsdiens van die volk oorgeneem en die Leviete vermoor en tempels opgerig waarin sy die mense vir Astarte (Venus), en Baäl (songod) laat aanbid het. Sy het die leringe geformuleer en haar priesters dit laat leer en hulle het op hulle beurt die volk dit laat aanvaar. Hierin kan u presies sien wat die sogenaamde kerk in die Donker Eeue was. Hulle het die Woord

van God geheel en al verlaat behalwe wat die name en titels van die Godheid en ’n aantal Skriftuurlike beginsels betref. Dit wat hulle wel uit die Bybel geneem het, het hulle verdraai deur die betekenis daarvan te verander. Hul biskopraad, ens., het lywige verhandelinge geskryf, hul pouse het hulself onfeilbaar verklaar en gesê dat hulle openbaringe van God ontvang en as God tot die volk gespreek het. Dit alles is aan die priesters geleer wat, die mense dit uit vrees laat glo het. Om te verskil het die dood of kerk-verbanning, wat erger as die dood kon wees, beteken. Die kerk, met die stem van selfversekering, het nou oorgeneem en, met ongetemde mag, het hulle die bloed van martelare gedrink totdat die ware Christene feitlik uitgewis was en daar skaars iets van die Woord oorgebly het en weinig openbaring van die Heilige Gees. Maar die ware wynstok het geworstel en oorwin. God was getrou aan die klein kudde en, ten spyte van wat Rome liggaamlik aan hulle kon doen, kon Rome nie die Gees in hulle vernietig nie, en die lig van die Waarheid het voortgeskyn, gerugsteun deur die Heilige Gees en krag.

Dit is hier van pas om ’n verduidelikende opmerking te maak. Kyk. Die dade en leerstellings van die Nikolaïete, die leerstellings van Bileam en die leringe van die valse profetes, Isébel, verteenwoordig nie drie geeste of bestaan nie uit drie geestelike beginsels nie. Die drie is maar net die verskillende manifestasies van dieselfde gees soos dit gaan van diepte tot diepte. Wat dit alles behels is die antichris gees van organisasie in sy drie verskillende stadia. Nadat die geestelikes hulleself eers afgesonder en georganiseer het, het hulle die mense onderdruk deur hulle ook in organisasie in te lei en daaraan te verbind. Hierdie organisasie was gebaseer op die geloofsbelydenisse en dogma wat hulle in plaas van die suiwer Woord van God aan die mense geleer het. Ritueel en seremonie het ’n groter deel van aanbidding geword en spoedig was hierdie hele stelsel ’n militante en diaboliese mag wat sy bes gedoen het om almal te beheer deur oorredende redevoering of daadwerklike geweld. Sy energie het hy ontvang van sy eie valse profesieë en nie van die Woord van God nie. Dit was nou totaal antichristies alhoewel dit in die Naam van Christus gekom het.

Na wat gelyk het na ’n eindelose tyd, waarin die Waarheid sekerlik tot niet moes gaan, het die mense begin protesteer teen die afskuwelikheid van die Rooms-Katolieke Kerk, omdat God selfs nie met die grootste verbeeldingsvlug in enige sulke leringe en optrede kon wees nie. Hierdie besware is of geïgnoreer en het doodgeloop as gevolg van die feit dat dit geen aandag geniet het nie, of is deur Rome onderdruk. Maar God het toe in Sy soewereine genade ’n boodskapper by name Martin Luther gestuur om ’n hervorming te begin. Hy het in

omstandighede gewerk waar die Rooms-Katolieke Kerk soveel kans gegee is dat sy op die punt was om haar eie ondergang te bewerk. Daarom, toe Luther regverdigmaking deur die geloof gepreek het, het die ware wynstok vir die eerste keer in baie eeue begin om weelderig te groei. Waar die sogenaamde kerk gebruik gemaak het van die mag van die staat om haar te rugsteun, het die mag van die staat nou teen haar begin draai. En dit is waar Luther sy fout begaan het, en die ware gelowiges hulle fout begaan het. Hulle het toegelaat dat die staat hulle geldelik steun. Dus het hierdie eeu nie baie ver op die Woord gevorder nie. Dank God dat dit wel so ver gegaan het, as wat dit het, maar omdat dit in 'n groot mate op politieke mag gesteun het, het hierdie eeu in organisasie geëindig en hierdie selfde groep wat in die tyd van Luther se geslag weggebreek het van die valse wynstok, het hom terug gewend en 'n dogter van die hoer geword, want sy het weer teruggekeer tot Nikolaïtisme en Bileamisme. In hierdie era was daar talle partyskappe en mens hoef slegs die geskiedenis te lees om te bewys hoe ver hulle van ware saad af was en om te sien hoe hulle mekaar vervolg het, selfs tot die dood toe in sommige gevalle. Maar daar was 'n *paar name* onder hulle, net soos daar altyd in elke eeu is.

Ons verbly ons in hierdie eeu, vir hierdie een ding. Die Hervorming het begin. Dit was nie 'n opstanding nie, maar 'n hervorming. Dit was ook nie 'n herstel nie. Maar die koringkorrel wat gesterf het by Nicea en verrot het in die Donker Eeue, het nou 'n spruitjie van waarheid uitgestoot wat daarop gedui het dat, êrens in die toekoms, aan die einde van die Laodicense Eeu, net voor die koms van Jesus, die kerk weer 'n Koringsaadbruid sou word terwyl die onkruid geoes en in die poel van vuur verbrand sou word.

Aangesien die vyfde eeu 'n geweldige verspreiding van die Woord meegebring het, as gevolg, van die drukkuns, het die sesde eeu dit gou te baat geneem. Hierdie eeu was die tweede stadium van herstel en, soos ons reeds aangedui het, was dit die baardklossie-eeu. Onderwys het floreer. Dit was die eeu van intellektuele manne wat God liefgehad en Hom gedien het. Sendelinge was in oorvloed en die Woord is oor die aarde versprei. Dit was 'n eeu van broederliefde. Dit was 'n eeu van die oop deur. Dit was die laaste eeu wat lank van duur was en daarna sou die Laodicense Eeu kom wat 'n kort eeu sou wees.

Die ware wynstok het in hierdie eeu gefloreer soos in geen ander nie, as mens dink aan getalle hier en oorsee. Hierdie eeu het heilige manne na vore laat tree. Die ware wynstok het versprei en die valse wynstok het agteruitgegaan. Oral waar die ware wynstok gegaan het, het God lig en lewe en geluk geskenk. Die valse wynstok is geopenbaar vir wat dit was: duisternis, smart, armoede, ongeletterdheid en dood. Net soos

die valse wynstok, in sy dae van mag, die ware wynstok nie kon dood maak nie, kon die ware wynstok nou ook nie die valse wynstok terugbring tot Jesus Christus nie. Maar die valse wynstok het homself ingegrawe, en verskans, wagtende op die laaste gedeelte van die laaste eeu wanneer dit weer alles sou herwin, behalwe daardie klein kudde wat die uitverkore, ware wynstok van God is.

Maar hoe weemoedig laat hierdie eeu ons nie voel wanneer ons besef dat elke groot handeling van God (en daar was baie) nie daarin geslaag het om die leerstelling van die Nikolaïete af te skud nie, want hulle het almal georganiseer en gesterf. Toe het hulle denominasies geword om die geestelike dooies en voedsellose weivelde te hou. Min het hulle geweet dat elke groep besmet was met daardie selfde fout, en wanneer die vuur van herlewing laer gebrand het, het organisasie oorgeneem en mense het denominasies geword. Hulle was slegs Christene in naam alhoewel elke groep met dieselfde sekerheid as die Rooms-Katolieke Kerk daarop aanspraak gemaak het dat hulle reg en al die ander verkeerd was. Die toneel was waarlik ingerig vir die dogters om in die laaste eeu terug te keer na hul tuiste, terug na Rome, onder die moederhen.

En so kom ons by die laaste eeu: die Laodicense Eeu. Dit is ons eeu. Ons weet dat dit die laaste eeu is, want die Jode is terug in Palestina. Maak nie saak hoe hulle daar gekom het nie; hulle is daar. En hierdie is oestyd. Maar voordat daar geoes kan word, moet daar rypwording wees, ’n rypwording van albei die wynstokke.

Die Lutherse Eeu was die lentetyd. Die Wesley Eeu was die somer van groei. Die Laodicense Eeu is die oestyd, die bymekaarmaak van die onkruid om gebind en verbrand te word; en die byeenbring van die koring in die skuur van die Here.

Oestyd. Het u opgelet, in die oestyd, alhoewel die rypwordingsproses vinniger plaasvind, daar ’n gevolglike afname in die groeitempo is totdat daar uiteindelik geen groei meer is nie? Is dit nie presies wat ons nou sien nie? Die valse wynstok verloor menigtes ten gunste van Kommunisme en verskeie ander soorte gelowe. Haar getalle neem nie toe soos sy ons graag wil laat verstaan nie. Haar houvas op die mense is nie meer wat dit was nie en in sovele gevalle is kerkganery net ’n vertoning. En die ware wynstok? Wat van haar? Groei sy? Waar is daardie groot getalle wat altyd na herlewingsbyeenkomste gaan en gehoor gee op altaaroproepe? Is meeste van hulle nie bloot emosioneel in benadering of gretig om iets fisies te ontvang nie, eerder as om dit wat waarlik Geestelik is te begeer, nie? Is hierdie eeu nie soos die dag toe Noag die ark betree het en die deur gesluit is, maar God nogtans Sy oordeel vir sewe dae uitgestel het nie? Niemand was letterlik na God gedraai in daardie dae van stilte nie.

En nogtans is dit die oestyd. Dan moet daar in hierdie eeu diegene op die toneel verskyn wat die koring en die onkruid tot wasdom moet bring. Alreeds word die onkruid baie vinnig ryp onder verdorwe leermeesters wat die mense van die Woord wegkeer. Maar ook die koring moet ryp word. En aan haar stuur God die *Profeet-Boodskapper* met die geregverdige bediening sodat hy deur die uitverkorenes aanvaar kan word. Hulle sal na hom luister soos die eerste kerk na Paulus geluister het en sy sal ryp word in die Woord totdat sy 'n Woord-bruid word en die magtige werke in haar gevind word wat altyd gepaard gaan met die suiwer Woord en geloof.

Die valse kerkgroepe sal byeenkom in 'n wêreldraad van kerke. Hierdie wêreldraad van kerke is die BEELD WAT VIR DIE DIER OPGERIG IS. Openb. 13:11-18, "En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad soos 'n lam en gepraat soos 'n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. Hy doen groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het. En hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens; en sy getal is seshonderd-ses-en-sestig." Onthou nou, dit was die Imperiële Heidense Rome wat geval het deur die swaard. Maar sy was van haar dodelike wond genees toe sy haar by die sogenaamde Christelike kerk van Rome aangesluit het en die heidendom en Christendom verenig het en daardeur die Heilige Romeinse Ryk geword het wat sou voortbestaan tot Jesus sou kom en haar vernietig. Maar Rome gaan nie alleen voort nie. Haar dogters is saam met haar en sy sal die absolute gesag oorneem deur middel van die Wêreldraad van Kerke. Miskien klink dit vergesog vir sommige, maar dit is in werklikheid baie duidelik vir almal om te sien, want juis nou beheer die kerke die politiek en sal op die geleë tydstip openbaar presies hoe groot daardie beheer is. Hierdie ekumeniese beweging sal eindig met Rome aan die spits, al het die mense dit nie so in die vooruitsig gestel nie. Dit is so, want in Openb. 17:3-6 staan daar dat die hoer, Verborge

Babilon op die dier sit. Sy beheer die laaste, of vierde, ryk. Hierdie Roomse Kerk doen dit. Met die wêreldkerkstelsel onder haar beheer, sal Rome alles beheer, en hierdie beeld (kerkstelsel) sal aan Rome gehoorsaam wees want Rome beheer die goud van die wêreld. Dus moet al die mense aan die wêreldkerkstelsel behoort of blootgestel wees aan die genade van die elemente, want hulle kan nie koop of verkoop sonder die merk van die dier aan die hand of hoof nie. Hierdie merk aan die hoof beteken dat hulle die leerstelling van die wêreldkerkstelsel, die drie-eenheidsleer, ens., moet aanvaar; en die merk aan die hand beteken dat hulle die wil van die wêreldkerk moet uitvoer. Met hierdie omvattende mag, sal die kerkstelsels die ware bruid vervolg. Hierdie beeld sal poog om die bruid te weerhou van prediking en onderrig ens. Haar leraars sal verbied word om troos en waarheid te bring aan die mense wat dit nodig het. Maar voordat die antichris (in persoon) hierdie wêreldstelsel van kerke in sy geheel oorneem, sal die ware kerk uit hierdie wêreld geneem word om saam met die Here te wees. God sal Sy bruid wegraap vir die groot Bruilofsmaal van die Lam.

Nou, aangesien die doel van hierdie slothoofstuk gegee was om die twee kerke en die twee geeste na te speur van Pinkster af tot by hulle voleinding, sal ons dit nou finaal in die Laodicense Eeu aantoon.

Hierdie tydperk het begin net na die aanvang van die twintigste eeu. Aangesien dit die tyd sou wees waarin die ware kerk sou terugkeer tot die bruid wat sy by Pinkster was, weet ons dat daar as ’n noodsaaklikheid ’n terugkeer van dinamiese krag moet wees. Die gelowiges het dit aangevoel in hul gees en God begin smeek om ’n nuwe uitstorting soos in die eerste eeu. Wat geskyn het die antwoord te wees, het gekom toe baie mense in tale begin spreek het en gawes van die Gees begin openbaar het. Daar is toe geglo dat dit uiteindelik die langverwagte HERSTEL was. Dit was egter nie, want die laatreën kan slegs val na die vroeë reën wat die lente- of ONDERRIGTINGS-reën is. Die laatreën dan, is die OESreën. Hoe kon dit die ware ding wees as die *ONDERRIGTINGS-reën* nog nie gekom het nie? Die Profeet-Boodskapper wat gestuur is om die mense TE ONDERRIG en die harte van die kinders terug te keer tot die Pinkstervaders, was nog nie daar nie. Dus wat aangesien was vir die herstel en die finale verkwikking vir die wegraping, het nog nie gekom nie. Daarin was ’n mengsel van die onregverdige se deelname aan Geestelike seëninge en manifestasie in die Heilige Gees, soos ons deurgaans vir u aangetoon het. Daarin was ook duiwelsmag betrokke, aangesien daar mense onder die beheer van duiwels was, maar tog het niemand dit blykbaar besef nie. Om te bewys dat dit nie die WARE was nie, het hierdie mense (selfs nog voor die

opkoms van 'n tweede geslag) georganiseer en hul onskriftuurlike leerstellings geskryf en hul eie skeidsmure gebou net soos elke groep voor hulle gedoen het.

Onthou, terwyl Jesus op aarde was, was Judas ook. Elkeen het van 'n ander gees gekom, en toe hulle dood is, het elkeen na sy eie plek gegaan. Die Gees van Christus het later teruggekeer op die ware kerk, en die gees van Judas het teruggekeer op die valse kerk. Dit is net hier in Openb. 6:1–8, "En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin. En toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede lewende wese sê: Kom kyk! En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee. En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand. En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie. En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die, Dood, en die Doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde." Kyk hoe het daardie Judasgees teruggekeer as 'n ruiter op 'n wit perd. Dit was wit. So na aan die ware, net soos wat Judas so na aan Jesus was. 'n Kroon is aan hom (ruiter van die wit perd) gegee. Hoe? Daardie gees was nou in die leier van die Nikolaïtiese stelsel, 'n pous met 'n drievoudige kroon wat sit as God in sy tempel en homself die plaasvervanger van Christus noem. As plaasvervanger van Christus, 'instede van Christus' of 'in plek van' of 'namens God' beteken, dan het die pous homself die Heilige Gees genoem of die Heilige Gees onttroon, of namens Hom gehandel. Dit was die Judasgees in hom wat dit gedoen het. Kyk net hoe het hy oorwin — hy het uitgegaan as oorwinnaar en om te oorwin. Christus het dit nie gedoen nie. Die enigstes wat na Hom toe gekom het, was alreeds vooruitbestem deur die Vader. En so het daardie gees voortgegaan en voortgegaan en eendag sal dit waarlik gestalte vind in 'n man wat aan die spits sal staan van die Wêreldraad van Kerke, net soos ons gesê het. En deur middel van sy goud (onthou, Judas het die beurs gehou) sal hy die hele wêreld beheer, en daardie antichris stelsel sal alles besit en probeer om almal te beheer. Maar Jesus sal terugkeer en hulle almal vernietig met die heerlikheid van Sy koms, en hulle einde sal in die poel van vuur wees.

Maar wat dan van die ware saad? Dit alles sal gebeur net soos ons gesê het. Die mense van God word voorberei deur die Woord van die Waarheid van die boodskapper vir hierdie eeu. In haar sal die volheid van Pinkster wees, want die Gees sal die mense heeltemal terugbring tot waar hulle in die begin was. Dit is "So spreek die Here."

Dit is "So spreek die Here" want dit is wat Joël 2:23–26 sê: "En julle, kinders van Sion, juig en wees bly in die Here julle God, want Hy gee julle die leraar tot geregtigheid en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns, soos voorheen. Dan sal die dorsvloere vol koring wees en die parskuipe van mos en olie oorloop. En Ek sal julle vergoed die jare wat die treksprinkaan, die voetganger, die kaalvreter en die afknyper verslind het - My groot leërmag wat Ek teen julle gestuur het. Dan sal julle oorvloedig eet en versadig wees en die Naam van die Here julle God prys wat wonderbaar met julle gehandel het, en My volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie." Nou dit sê dat God sal herstel (vergoed). Die Lutherse Eeu het nie die kerk herstel nie; dit het 'n hervorming begin. Die Wesley Eeu het nie die kerk herstel nie. Die Pinkstereeu het nie herstel nie. *Maar God moet herstel, want Hy kan nie Sy Woord verloën nie.* Hierdie is nie die opstanding van die kerk nie; dit is die "Herstel". God sal die Kerk terugneem tot Pinkster van die begin. Let nou op dat dit in vers 25 sê waarom ons die herstel nodig het. Die treksprinkaan, die voetganger, die kaalvreter en die afknyper het alles verslind behalwe die wortel en 'n klein stukkie van die stam. Aan ons word nou vertel dat al hierdie insekte een en dieselfde is in verskillende stadia. Dit is reg. Hulle is die antichrisgees soos gemanifesteer in organisasie, denominasie en valse leerstelling deur die eeue. En daardie arme klein worteltjie en stam sal herstel. God gaan nie 'n nuwe Kerk plant nie maar sal Sy oorspronklike planting terugbring tot oorspronklike saad. Hy gaan dit doen soos gestel in vs. 23, deur die voorbereidende, of "vroeë" reën. Dan sal die oesreën of wegrapingsgeloof kom.

Ons is dus, op hierdie tydstip, in die volkome vervulling van Matt. 24:24 dat "as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei". En wie is dit wat sal probeer om selfs die uitverkorenes te mislei? Natuurlik die gees van die antichris in die "valse gesalfdes" van hierdie laaste dae. Hierdie valse persone het reeds in "Jesus Naam" gekom en daarop aanspraak gemaak dat hulle deur God gesalf is vir die laaste dag. Hulle is die valse Messiasse (gesalfdes). Hulle maak daarop aanspraak dat hulle profete is. Maar is hulle *een met die Woord?* Nooit. Hulle het daarby gevoeg of daarvan weggeneem. Niemand ontken dat die Gees van God geopenbaar in gawes nie op hulle is nie. Net soos Bileam, het

hulle almal hul programme, doen hulle 'n oproep om geld, beoefen die gawes, maar hulle weerspreek die Woord of omseil dit uit vrees dat 'n dispuut hul kanse op groter wins sal verminder. Tog verkondig hulle saligheid en verlossing deur die krag van God, net soos Judas, met 'n bediening wat deur Christus aan hulle verleen is. Maar omdat hulle die verkeerde saad is het hulle die verkeerde gees wat hulle motiveer. Godsdienstig? O goeiste! Hulle oortref die uitverkorenes wat inspanning en ywer betref, maar dit is van Laodicéa, nie van Christus nie, want dit soek groot skares, uitgebreide programme en sensasionele tekens onder hulle. Hulle verkondig die wederkoms van Christus maar ontken die koms van die profeet-boodskapper, alhoewel hy hulle, wat krag en tekens en ware openbaring betref, in die skadu stel. O ja, hierdie valse gees wat in hierdie laaste dae so na aan die ware is kan slegs onderskei word deur sy afwyking van die Woord; en sodra hy betrap word in 'n anti-Woordse handeling, beroep hy hom op die een argument wat, soos ons alreeds aangetoon het, vals is: "Ons kry resultate, dan nie? Dus moet ons van God wees."

Voordat ons nou afsluit wil ek hierdie gedagte bring. Ons het al die tyd nog gepraat van die Koringkorrel wat begrawe is en toe twee spruitjies opgeskiet het, toe die baardjie, toe die ware aar. Dit mag sommige laat wonder of ons gesê het dat die Lutherane nie die Heilige Gees gehad het nie omdat hulle basies regverdigmaking verkondig het. Dit mag sommige laat wonder aangaande die Metodiste, ens. O nee, dit is nie wat ons sê nie. Ons praat nie van die individue of mense nie, maar van die EEU. Luther het die Gees van God gehad, maar sy eeu was nie die eeu van volle herstel deur nog 'n uitstorting soos in die begin nie. Dit was ook die geval met Wesley gewees, en met Booth, Knox, Whitefield, Brainard, Jonathan Edwards, Meuller, ens. Hulle was sekerlik vol van die Heilige Gees. Ja, hulle was beslis. Maar die eeu waarin elkeen geleef het, was nie die eeu van herstelling nie, geen eeu was dit gewees nie, behalwe hierdie laaste eeu, die eeu van algehele verduistering as gevolg van afvalligheid. Hierdie is die eeu van afvalligheid, en hierdie is die eeu van herstel, dit is die eeu van die voltooide siklus. Hiermee is alles verby.

Ons sluit dus die Sewe Kerkeeue af, en sê slegs wat die Gees aan elke eeu gesê het: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

Ek glo opreg dat die Gees van God tot ons gespreek het en ons nie alleen die waarhede van die eeue geleer het nie, maar ook getrou met harte gedeel het dat hulle hul tot Hom mag bekeer. Dit is die rede vir alle prediking en onderrig, want dit is deur prediking en onderrig van die Woord dat die skape die stem van God hoor en Hom volg.

Vir geen oomblik bring ek ’n boodskap na die mense sodat hulle my mag volg, of by my kerk aansluit, of ’n sekere genootskap en organisasie begin nie. Ek het dit nog nooit gedoen nie en sal dit nie nou doen nie. Ek het geen belang by daardie dinge nie, maar ek het ’n belang by die dinge van God en mense, en as ek net een ding kan bewerkstellig sal ek tevrede wees. Daardie enkele ding is om ’n ware geestelike verhouding tussen God en mense gevestig te sien, waardeur mense nuwe skepsels in Christus word, gevul met Sy Gees en volgens Sy Woord leef. Ek sou almal uitnooi, bepleit en waarsku om Sy stem te hoor op hierdie tydstip, en u lewens totaal aan hom oor te gee, selfs soos ek vertrou in my hart dat ek my alles aan Hom gegee het. God seën u en mag Sy koms u hart verbly.

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org